D.J. Opperman

J.C. Kannemeyer

bron
J.C. Kannemeyer, *D.J. Opperman*. Human & Rousseau, Kaapstad / Pretoria 1986

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/kann003djop01_01/colofon.php

Let op: boeken en tijdschriftjaargangen die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn. Welke vormen van gebruik zijn toegestaan voor dit werk of delen ervan, lees je in de gebruiksvoorwaarden.

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren



VIR SUGNÈT

Voorwoord

Die werk aan hierdie biografie van D.J. Opperman is begin aan die einde van Maart 1983 en die finale manuskrip is voltooi in Oktober 1985, enkele weke na die digter se dood. As gevolg van sy ernstige siekte na 'n beroerte-aanval in Junie 1981 was dit nie vir my moontlik om onderhoude met hom te voer of inligting van hom te bekom nie. Deur my persoonlike verbintenis met hom, eers as student in die sestigerjare en in die periode 1975-1981 as kollega en vriend, kon ek egter steun op ons veelvuldige gesprekke waarin hy ook heelwat dinge oor homself vertel het, al was daar nie indertyd by my die voorneme om eendag 'n biografie oor hom te skryf nie.

My persoonlike verbintenis met Opperman oor baie jare was dus vir my van onskatbare waarde tydens die skryf van hierdie boek, maar dit het my ook voor 'n probleem laat beland, naamlik hoe om my eie belewenisse met hom weer te gee. In H.B. Thom se deeglike studie *D.F. Malan* (Kaapstad, 1980) het dit my gehinder dat die skrywer enersyds 'n objektiewe biografie met die gebruik van voetnote en dokumentasie lewer, andersyds na die ek-persoon oorslaan en reminisserend ervarings oproep as hy oor sy eie belewenisse met Malan uitwei. Dit is 'n procédé wat aan die werk 'n hibridiese karakter gee en die boek laat aarsel tussen gedokumenteerde geskiedenis en memoires. Daarom het ek besluit om my eie belewenisse met Opperman objektief en onpersoonlik aan te bied en in gevalle waar ek self ter sprake kom, die feite in die derde persoon te stel. Dié werkwyse het die voordeel dat daar nou geen breuk in die aanbod is nie, maar dit het uit die aard van die saak daartoe gelei dat ek om redes van fatsoen my eie belewenisse met Opperman tot 'n minimum moes beperk. Ek hoop egter om by 'n latere geleentheid vollediger - en dan in die ek-vorm - te skryf oor my persoonlike kontak met Opperman.

Vir die werk aan hierdie biografie het ek die welwillende bystand gehad van die Opperman-familie wat alle dokumente vir my toeganklik gemaak het, met uitsondering van die digter se onvoltooide bundel *Sonklong oor Afrika* wat tans

in 'n ontsluitingstadium is en nie geraadpleeg kon word nie. Ek kon egter nie onbeperk uit ongepubliseerde materiaal aanhaal nie. Baie van die ongebundelde gedigte en ander geskrifte waarna ek verwys, is stof wat in 'n eventuele Opperman-bronneboek opgeneem kan word.

Die oorgrote meerderheid van Opperman se manuskripte en dokumente word bewaar in die Manuskripte-afdeling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek. Ek wil graag my dank uitspreek teenoor mevv. Doreen du Plessis en Hannetjie Botha wat my baie behulpsaam was met die opspoor van ontbrekende gegewens, fotokopieë tot my beskikking gestel het en op allerlei wyses my taak aanmerklik makliker en aangenamer gemaak het. Afgesien van dokumente in private besit het ek verder gebruik gemaak van materiaal in die Sentrale Argief van die SAUK, Johannesburg, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, die Jagger-Biblioteek aan die Universiteit van Kaapstad en die Natalse Universiteitsbiblioteek in Pietermaritzburg. Wat laasgenoemde betref, is ek dank verskuldig aan prof. C.J.M. Nienaber wat dokumente aan my bekend gestel het. My dank ook aan die personeel van al hierdie biblioteke wat my tydens die navorsing behulpsaam was.

Naas die gegewens uit dokumente het ek verder geweldig baie inligting verkry uit onderhoude met familie, vriende en kennisse van Opperman. Hier dink ek in die eerste plek aan die besonderhede wat ek uit onderhoude met mev. Marié Opperman en haar drie dogters - mev. Trienke Laurie, mev. Heila Gonin en mev. Diederi Lippstreu - ontvang het. Van die digter se broers en susters was mnre. Koos en Chris Opperman en mev. Liz Theron nog tydens my werk aan die boek in die lewe, en met hulle almal kon ek onderhoude voer. Naas die inligting van mev. Opperman was die onderhoud met mev. Liz Theron en haar man, mnr. Jannie Theron, van onskatbare waarde vir die Natalse fase in die digter se lewe. Uit die Natalse periode wil ek verder in die besonder die inligting noem wat ek van dr. P.R.T. Nel, skool- en universiteitsvriend, en prof. G.S. Nienaber, Opperman se dosent aan die Natalse Universiteitskollege, ontvang het, terwyl prof. C.J.M. Nienaber my aan talle vriende en kennisse uit dié tydvak bekend gestel en self inligting verskaf het. Uit Opperman se jare in Kaapstad was mnre. Johan Spies en Hannes van der Merwe belangrike inligtingsbronne, terwyl prof. Meyer en mev. Suna de Villiers veral oor die Stellenbosse jare en mnr. J.J. Human oor Opperman se verbintenis met Human & Rousseau inligting verskaf het. Oor sowel die Kaapstadse as Stellenbosse fase was prof. Fred en mev. Ria le Roux sleutelpersone wat my van baie materiaal voorsien het. Aan al hierdie persone is ek baie dank verskuldig.

Verder wil ek my dank betuig teenoor die volgende persone met wie ek almal onderhoude kon voer: dr. C.F. Albertyn, mev. Minnie Barnard, mnre. Hein Basson, G.L. Boonstra en R. de G. Boonstra, proff. J.L. Boshoff en Theuns Botha, mevv. Retha Brecher (Meintjes), Bettie Cornell, Sheila Cussons en

Daisy de Jager, mej. Annesu de Vos, mnr. Japie de Villiers, dr. Bertie du Plessis, mnr. Flooi en mev. Doreen du Plessis, mev. Fie du Toit (Schoonees), prof. W.J. du P. Erlank, mevv. Mollie Geldenhuys, Aty Greshoff en Jeanette Grobler (Hanekom), prof. A.P. Grové, mnr. Pieter Harteveld, prof. C.J.D. Harvey, mev. Nakkie Human, mnre. Niel Joubert en Uys Krige, dr. H.E.C. Krüger, mnr. Izak le Roux, mev. Truida Louw, prof. E.J. Marais, mev. Martina Meyer, mnre. George Minnaar en Nico Myburgh, prof. P.J. Nienaber, mev. Ina Noel (Rousseau), prof. Roy Pheiffer, mev. Antoinette Pienaar, mnre. Ben Pienaar en Piet Pienaar, mev. Gertie Pieterse, prof. Edith Raidt, mnre. Leo Rautenbach en Leon Rousseau, mev. Antjie Samuels (Krog), mnr. Jan Scannell, dr. P.J. Schoeman, prof. J. du P. Scholtz, dr. Roswitha Schutte (Geggus), prof. J.P. en mev. Ria Smuts, prof. D.F. Spangenberg, prof. Lina Spies, mnr. Jan Stander, regter Fritz Steyn, mev. Elsa Steytler (Joubert), prof. Leon Strydom, mnr. Jack en mev. Retha Theron, mnre. John van Biljon en Jannie van der Merwe, mev. Bess van der Spuy, prof. Ernst van Heerden, mnre. Danie van Niekerk en Wessel van Niekerk, drs. Helize van Vuuren en Dolf van Zuydam, mnr. Frikkie van Zyl, mev. Gertjie van Zyl (van Rooyen), mnre. Kosie van Zyl en A.F. Vosloo, mev. Letsie Watermeyer, dr. Rialette Wiehahn en mnr. Frans Zwiegers. Enkele persone, soos mnre. P.J. Philander en Wium van Zyl, het navrae van my per brief beantwoord.

Met die voltooiing van die manuskrip gaan my dank uit na mev. Liz Theron wat die deel oor Natal en mev. Marié Opperman wat die hele manuskrip gelees het om die feite te kontroleer. Prof. Ernst Lindenberg en my vrou het albei die manuskrip deurgegaan en waardevolle wenke aan die hand gedoen. Om die uitgawes aan reise, verblyf, fotokopieë en kassette te help bestry, het ek finansiële hulp ontvang uit 'n navorsingstoekenning van die Senaat van die Universiteit van die Witwatersrand, Radio Suid-Afrika se Skrywersfonds en 'n ad hoc-toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Teenoor al hierdie instansies betuig ek my hartlike dank. Menings wat in hierdie werk uitgespreek word of gevolgtrekkings waartoe ek gekom het, is my eie en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Johannesburg
6 Oktober 1985
J.C. Kannemeyer

I Natal
1914-1945

Hoofstuk I
Geboorte, voorgeskiedenis en kinderjare

I

Diederik Johannes Opperman is gebore op 29 September 1914 op die plaas Geduld nr. 2 naby Dannhauser in die distrik Dundee, die oudste kind van sy vader met dieselfde naam en Heila Susanna Magdalena Botha.

In latere jare het Opperman graag na homself verwys as die sewende regstreekse afstammeling van die Oppermans in Suid-Afrika, 'n familie waarvan die oudste lid van elke geslag telkens 'n seun was. In die gedig ‘Nagwaak by die ou man’ in *Negester oor Ninevé* praat hy van ‘sewe selwe in myself gesluit’ en in ‘Dirk der duisende’ in *Komas uit 'n bamboesstok* noem hy sy regstreekse voorsate ‘Dirk se Dirk se Dirk.../ reeds vir die sewende geslag’. Blykbaar was Opperman se inligting oor sy voorgeskiedenis onvolledig, want genealogiese bronne[1] toon onbetwisbaar aan dat hy die oudste lid van die agtste geslag Oppermans in Suid-Afrika is! Daarby tref 'n mens die voorname Diederik Johannes en die noemnaam Dirk eers van die derde geslag aan, sodat die digter die sesde regstreekse afstammeling is wat dié naam dra.

Die stamvader van die Opperman-familie in Suid-Afrika is Godlieb Christia(a)n Opperman(n) wat in 1696 te Krossen in Duitsland gebore is, 'n klein dorpie ongeveer dertig kilometer van Frankfurt-aan-die-Oder en vandag deel van Pole. In 1725 kom hy op die boot *Geertruyda* in die Kaap aan. Aanvanklik was hy as oprigter van die ‘Schuur’ werksaam, maar in 1729 word 'n tak van die brouery onder sy toesig geplaas en kry hy die vergunning om moutbier te verkoop. In 1729 trou hy met Maria Koster, die weduwee van Coenraad Feyt, en uit hulle huwelik word 'n seun en 'n dogter gebore. In 1735 onderneem die gesin 'n reis na Nederland en na hulle terugkeer koop hy 'n pragtige landgoed in die Kaap, nie ver van waar die Van Reenen-broers - wat later bekendheid sou verwerf met hulle ontdekkingsreise - gewoon het nie. Die verhouding tussen die stamvader en sy vrou was nie sonder probleme nie, want in 1737 het Maria 'n egskeidingsgeding teen haar man aanhangig gemaak wat sy later, na 'n versoening, teruggetrek het.[2] In dieselfde jaar,

op die vroeë ouderdom van een en veertig jaar, is Godlieb Christia(a)n oorlede.

Die eerste geslag van die Opperman-familie in Suid-Afrika is Godlieb Rudolphus (1729-1781), burger van Drakenstein en later burger-kommandant. Uit sy twee huwelike is vier seuns en ses dogters gebore. Die oudste, Christiaan Rudolph, gebore in 1755, was 'n burger op Stellenbosch en is in 1775 met Maria Christina Koekemoer getroud. Hierdie Maria Christina se vader het die voornaam Diederik gehad en haar een broer was Diederik Johannes. Op dié wyse het die algemeen gebruikte Koekemoer-voorname in die Opperman-familie gekom, want Christiaan Rudolph en Maria Christina se seun, wat op 2 Februarie 1783 in Kaapstad gebore is en later in Graaff-Reinet gaan woon het, is Diederik Johannes gedoop, 'n naam wat vir die volgende vyf geslagte by die Oppermans voorkom - in die laaste vier geslagte elke keer die naam van die oudste seun. Hierdie Diederik Johannes se derde seun met dieselfde naam is op 2 Oktober 1809 gebore en hy was op sy beurt die vader van 'n seun wat op 29 April 1834 op Cradock die eerste lewenslig aanskou het. Van dié Opperman dra die familie vandag nog kennis, want op gevorderde leeftyd noem die digter in 'n onvoltooide lewenskets dat sy voorouers uit Cradock se wêreld na Natal getrek het, waarskynlik in die sewentigerjare van die negentiende eeu.[3] Hierdie Diederik Johannes was getroud met Jacoba Frederika Beatrix Marais en hulle was die eienaars van Geduld nr. 2 waar die digter later gebore is. Hulle is onderskeidelik in 1910 en 1912 oorlede en albei op die plaas begrawe. Hulle seun, Diederik Johannes, gebore op 28 November 1862, was die erfgenaam van Geduld nr. 2 en die grootvader van die digter.

Die Opperman-voorsate wat in die Kaapkolonie gewoon en hulle later in Natal en Transvaal gevestig het, was vegters en pioniers, geweldige sterk mense wat berge kon versit. Onder hulle was daar 'n veldkornet wat betrokke was by die Slagtersnek-rebellie, 'n Voortrekker wat later in Pretoria gaan woon het, 'n Dorslandtrekker en 'n burger wat aan die oorlog teen Mapog en daarna aan die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het. Christiaan Rudolph Opperman se agterkleinseun is die beroemde generaal Christiaan Rudolph de Wet, die held van die Anglo-Boereoorlog, terwyl Daniel Jacobus Opperman in 1896 help om Jameson te verdryf en aan gevegte by Modderfontein, Dundee en Spioenkop tydens die oorlog van 1899-1902 deelneem. ‘Rooi’ Daniel Opperman veg tydens die Rebellie van 1914 aan die rebelle se kant. Die Diederik Johannes wat in die sestigerjare uit die Kolonie getrek en hom op die plaas Geduld nr. 2 gaan vestig het, moes saam met sy seuns die wêreld van Noord-Natal help skoonmaak, want dit was in daardie stadium nog wilde, ongetemde gebied. Dit is dan ook nie te verwonder nie dat die digter later in ‘Nagwaak by die ou man’ in *Negester oor Ninevé* hierdie vegters en pioniers as ‘voorvaders met ruie baard’ beskryf en by die aanskoue van ‘die strenge blik/van voorgeslagte’ uit die ‘geel portrette’ voel dat

die gloed
wat in hul oë brand, mag in my bloed,
mag in my lende nie sy einde vind,
moet verder veg teen tier, teen hierdie wind.

Onder die heldefigure wat in die familieherinnering hoë aansien geniet en selfs legendariese afmetings aangeneem het, is veggeneraal Jacobus Daniel Opperman, 'n grootoom van die digter. Tydens die Anglo-Boereoorlog was hy een van Louis Botha se manne en het hy aan gevegte by Colenso, Pietershoogte, Barberton, Vryheid en Piet Retief deelgeneem. By die slag van Itala is hy as een van die ‘bekwaamste offisiere’[4] en 'n voortreflike strateeg beskou. Later veg hy in Oos-Transvaal en sneuwel op 4 Januarie 1902 in die ouderdom van een en veertig jaar op die plaas Onverwacht naby Ermelo as 'n koeël hom in die voorkop tref. Onder familielede het die verhaal ontstaan dat die veggeneraal en die Britse offisier albei vooraan hulle linies gery en mekaar gelyktydig doodgeskiet het, maar daar is niks van waar nie. Tydens die oorlog skryf hy etlike briewe aan sy ouers, eggenote en broers en susters waaruit blyk dat hy, ten spyte van 'n gebrekkige skoolopleiding, 'n sekere woordgevoeligheid gehad het en selfs plek-plek 'n rym of twee in sy prosa kon inwerk. In 'n brief van 20 Augustus 1901, wat hy van Boschkrans af aan sy ouers en familie stuur, skryf hy oor al sy wedervaringe en verneem hy na hulle welstand:

> Verder die kinders schryf my dat u allen nu zoo arm is het gaat my niet anders ik heef nog 4 koejen En 2 paarden maar wat alles zal welrecht komt zeg ou Jan Brand ons heef nog mielies En met hom en Thys sal ons kakie wys Syn twak is nat om ons land te vat maar mielies is de ding waar voor ons God die meest moet love.

In die in memoriam-kaartjie wat na sy dood gedruk is, verskyn die volgende aanhaling uit 'n brief wat hy in Augustus 1901 aan sy vrou geskryf het: ‘Ik hoop wij zullen elkaâr spoedig met liefde ontmoeten, doch aan opgeven valt niet te denken en wij moeten aanhouden.’ Onderaan die kaartjie verskyn die woorde: ‘Hij bleef zijn Land en Volk/Getrouw tot den Dood.’[5]

Om 'n heeltemal ander rede het die herinnering aan 'n ander voorsaat in die familie bly voortleef. Die digter se grootvader Opperman was getroud met Louisa Petronella Cronjé, die dogter van Christiaan Jacobus Cronjé (1840-1893) en Anna Jacoba Davel (1846-1929). Hierdie oupagrootjie Cronjé het ongeveer 'n jaar voor sy dood 'n lang lyding gehad as gevolg van kanker van die tong. Omdat hy die laaste maande nie kon praat nie, moes hy 'n lei gebruik waarop hy geskryf het wat hy wou hê. Voedsel kon hy slegs met moeite inneem, maar hy het die lyding bewonderenswaardig deurstaan en was by almal bemind en geag, 'n vrome Christen wat lank as ouderling van die gemeente Newcastle

gedien het. Die digter se vader was ongeveer drie jaar oud toe sy oupa dood is. In sy ongepubliseerde *Eerste herinneringe* vertel hy van die siekte. ‘Gedurende die tyd wat hy nie kon voedsel inneem nie,’ skryf hy, ‘het hy gedroom dat sy oorlede moeder hom gevoed het met vars brood en melk van die anderkant af. Hy het ook geskrywe van die heerlike Stad met strate van goud wat hy sien, van Jesus en Sy engele en hy het eindelik sy hele begrafnis gereel.’[6] Cronjé se dogters het baie van die sinne op die lei opgeteken voordat hulle uitgewis is en só vir die nageslag bewaar. As 'n mens hierdie merkwaardige ‘Nagelaten gespreken (sic!) van onzen dierbare vader’ lees, word jy getref deur die realiteit van die verskriklike lyding, maar ook deur die ootmoedigheid waarmee hy God loof en verheerlik. ‘Het is vreeslyk om van honger en dors te sterf,’ skryf hy. ‘(M)elk kreeg ik nog in met groote moeite en water is er geen kans voor om en te kryge.’ 'n Ander keer: ‘mijn ingewand sterf van honger en dors. O kon ik maar sluk.’ Soms klink hy half ylend, asof sy verstand aangetas is: ‘Myn lyden is zwaar maar geloof mij de allerzwaarste is dat ik tog geen woord kan spreek ja niet met een van myne vriende en de tweede is de zwaare dors heef gy de Engelen niet gezien ik is gedaan.’ Maar dan sien hy reikhalsend uit na God: ‘ik hoop binne kort myn spraak weder terug te krijgen als ik by myn verlosser aanlanden myn spraak is ge heel weg.’ Soms gaan dit oor 'n mistieke ekstase: ‘ziet gij ook de groote schoone straad op de eene en andere hoek van de straat de heerlyke vontein van de water des levens ziet gy dan niet de heelyke gezichte van Engelen rondom mij.’ En: ‘ik droom dat ik myn Moeder ziet en dat zij mij twee bord melk aanwees en zeg drink hier is van alles overvloed wat u nodig heef.’ In die gedig ‘Penwortel’ in *Komas uit 'n bamboesstok* sal sy agterkleinseun hom byna negentig jaar ná sy dood herdenk.

II

Van die vegters en pioniers onder die voorsate, die heldedade van veggeneraal Opperman en die lyding van oupagrootjie Cronjé moes die digter reeds in sy kinderjare gehoor het, maar hierdie mense is almal oorlede voor sy geboorte. Daarteenoor was sy oupa aan vaderskant 'n baie belangrike figuur in die jong seun se lewe, 'n patriarg met 'n sterk persoonlikheid en 'n merkwaardige verstand, ‘'n groot sterk man met 'n wit baard’.[7] Op hoë ouderdom het hy 'n ernstige beroerte-aanval gehad, in so 'n mate dat die familielede nagwake by hom moes hou. Omring van die wildsbokhorings en geel portrette van voorvaders teen die mure en karosse op die vloer het hy op die bed gelê, met sy lam arm in 'n slinger wat met 'n osriem aan een van die balke bo sy kop verbind was. Van die ooms en kleinkinders het juis in hierdie tyd 'n luislang in die veld gevang en - ten spyte van die perde se proteste - in 'n goiingsak huis toe gebring. In sy halfbeswyming en deur sy ylings heen het die nuus van die

luislang tot die oupa deurgedring. In 'n hallusinasie het hy die osriem vir 'n boavel aangesien en daarop aangedring dat hulle die ‘slang’ bo sy bed onmiddellik moes doodmaak! In een van sy belangrikste en groot verse, ‘Nagwaak by die ou man’ in *Negester oor Ninevé*, skryf die digter na aanleiding van hierdie siekbed van sy oupa en noem hy die ‘boavel’ in strofe 2, al word dit by hom deel van die muurversierings. Die oupa is egter nie tydens dié siekte oorlede nie. Hy het nog jare lank met die verlamming geleef en met 'n kierietjie geloop; sy kleinseun Koos - die digter se jongste broer - moes altyd sy pyp stop. Hy is eers op tagtigjarige leeftyd op 15 April 1942 dood en op Vryheid begrawe, 'n besonder hoë ouderdom in 'n familie wat berug daarvoor is dat die manlike lede jonk sterf. In 'n onvoltooide vers uit die *Negester oor Ninevé*-fase gee sy kleinseun 'n beeld van hom op hoë ouderdom:

> Ek sien hom nog met kierie in die hand
> uitsukkel in die laaste dae teen die rand,
> om met sy wit baard skuinsgewaai
> weer waar hy gekap het en gesaai
> met verkleinde waterogies af te meet.

Aanvanklik het grootvader Opperman op die plaas Geduld nr. 2 naby Dannhauser in die distrik Dundee geboer, 'n omgewing waar 'n hele paar van sy swaers en ander lede van die Cronjé-familie ook plase gehad het. Sy vrou, Louisa Petronella Cronjé, was klein, blas en besonder kunssinnig. Haar naam Louisa is deur die kleinkinders omvorm tot Wiesa, en toe die digter sy verstand begin kry, was haar ‘hare wit soos brak’, soos hy later die ou vrou Wiesa in *Joernaal van Jorik* sou beskryf.[8]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is grootvader Opperman deur die Engelse gevange geneem, net om dieselfde aand weer terug te keer omdat hulle nie sy naam op 'n register kon kry nie! Van sy familie is egter later na die konsentrasiekampe geneem en met die sporadiese besoeke van burgers het hy gereeld baie padkos en geld aan hulle gegee. Teen die einde van die oorlog het die Engelse, in ooreenstemming met die ‘verskroeide aarde’-beleid van Kitchener, Geduld nr. 2 met die opstal en landerye tot die grond afgebrand, sodat die hele plaas na afloop van die driejarige stryd van nuuts af opgebou moes word. Met sy deursettingsvermoë en dinamiese karakter het die grootvader, ten spyte van gebrek aan geld en middele, alles weer aan die gang gekry.

As verstandige man het hy besef dat materiële opbou nie genoeg is nie, maar dat hy sy kinders in die geleentheid moet stel om 'n behoorlike skoolopleiding te ontvang. Juis in dié tyd verneem hy toevallig dat die Nederlander Omius van Oostrum - wat later 'n bekende opvoedkundige in Transvaal sou word en baie taalboeke sou skryf - kandidaat is vir 'n pos as hoof van 'n skool in Vryheid. Telegrafies vra Opperman hom om te wag met sy beslissing. In 'n brief daarna sê Opperman dat dit sy voorneme is om 'n skool in sy omgewing te begin en

intussen £10 per maand met vry kos en inwoning vir 'n onderwyser kan aanbied.

In April 1903 aanvaar Van Oostrum die pos op Geduld nr. 2. In sy *Bestendige onbestendigheid: My Suid-Afrikaanse ervaringe*, 'n boek wat hy in 1943 publiseer, skets hy die toestande waarin hy moes werk:

> Mnr. Opperman het vir my 'n kamertjie gehad en in die voorkamer van sy huis moes ek maar voorlopig skoolhou, solank as hy langsaan sy huis 'n skoolkamer bou. Die skool word bygewoon deur sy eie kinders, kinders uit die familie en van omwonende mense, altesame 'n 20-tal, van die grade tot St. IV.

Oor die lewensomstandighede skryf hy:

> Die lewe was maar armoedig: die vernaamste kos was mieliepap, en groen mielies, tot in Junie toe 'n mens perdetande moes hê om dit te kou; verder brood, nou en dan aartappels, 'n bietjie groente, eiers en blikkiesvis; want die oorlog het alles uitgeroei en daar was behalwe 'n paar koeie, 'n span trekosse, 'n klompie skape en hoenders, 'n ryperd en 'n merrie wat ook gery word (ek het haar nog gery die aand voordat sy die volgende môre 'n vul kry), geen ander veediere nie, veel minder slagbeeste. Net op Sondae eet ons 'n stukkie vleis uit die slaghuis by die stasie.[9]

Soos die meeste mense ná die Anglo-Boereoorlog was die Oppermans dus arm en lydend, maar met sy ondernemingsgees het die grootvader voortgegaan met die bou van die skoolkamer om dit vir die onderwyser en kinders geriefliker te maak. Die hoop op 'n skool is egter nie vervul nie, omdat die distrikte Utrecht en Vryheid - wat vroeër by Transvaal ingeskakel was - ná die Anglo-Boereoorlog deel van Natal geword het. Daarby het Van Oostrum na 'n bietjie meer as 'n jaar besluit om tog 'n betrekking by die skool op Vryheid te aanvaar.

Met die hulp van familielede was die landerye op die plaas egter weer mooi bewerk en die diere aan die aanteel. Juis in dié stadium tref 'n verwoestende haelbui en sneeuval die gebied. Die koringoes op Geduld nr. 2 is platgeslaan en die Oppermans was oornag sonder die veestapel wat hulle met groot sorg en moeite weer opgebou het. ‘Eers is ons deur die Engelse vernietig en toe deur God’ is 'n uitspraak wat later in die familie bekendheid verwerf het, al kan dit moeilik aan die grootvader met sy streng (maar menslike) Calvinistiese oortuigings toegeskryf word. Waarskynlik is die kwatryn ‘Hael’ in *Heilige beeste* deur hierdie gebeurtenis ingegee:

> Wat baat gebede, arbeid en gesaai
> waar groter stelsels oor die enkeling draai?
> My goedversorgde koringland word deur
> die wit koeëls van 'n hemel afgemaai.

Die geweldige skade het grootvader Opperman laat besluit om sy plaas te verlaat, af te trek in die rigting van die Swartfoloos naby die warmwaterbronne en saam met sy ses seuns 'n nuwe plaas te begin. Geduld nr. 2 is verkoop aan sy swaer Chrisjan Cronjé wat met sy vrou, kinders en weduwee-moeder daar kom woon het. Sodoende het die plaas bekend en bemind in die familie gebly. Toe die digter se moeder met haar eersteling verwagtend geraak het, is dit gerade geag dat sy vir die bevalling na haar aangetroude oom op Geduld nr. 2 sou gaan, nader aan dokters en hospitale. Daarby was haar man en swaers ten tyde van haar swangerskap weg van die plaas. As Nataller het grootvader Opperman se simpatie tydens die Eerste Wêreldoorlog by Louis Botha en Smuts gelê en het hy van sy seuns verwag om die twee gewese Boeregeneraals met die inval in Duitswes-Afrika militêr te steun.

So het dit dan gekom dat Diederik Johannes Opperman op 29 September 1914 op Geduld nr. 2 gebore is, 'n plaas wat ook later 'n genotvolle uitvlug en vakansieplek vir die Opperman-kinders sou bly. Van die digter se vroegste herinneringe was aan die ooms en tantes, oumagrootjie en neefs en niggies op Geduld, Dannhauser en Hattingspruit. Van sy oumagrootjie Anna Jacoba Cronjé kon hy die groot borde melktert in die rondawel onthou - sy ‘ouma in kaneel’ soos hy haar later in die gedig ‘Sproeireën’ in *Engel uit die klip* sou noem. In die ongepubliseerde biografiese skets herinner hy hom hoe haar kalkoene met skommelende plooilelle oor die werf van Geduld geloop en kloek het. 'n Keer toe hy alleen by sy grootoom-hulle gekuier het, was die verlange huis toe te groot en het die trane begin vloei. Die enigste reaksie van oom Chrisjan - 'n man wat nie met hom laat speel het nie - was om hom 'n pak slae te gee!

Die plaas Stedham in die Swartfoloos-vallei, waarheen grootvader Opperman met sy vrou, ses seuns en ses dogters getrek het, was ongeveer vyftig kilometer suidoos van Vryheid naby die sendingstasie Glückstadt. Vandag is dit in KwaZulu. Anders as die omgewing van Geduld nr. 2 is die vallei besonder ryk aan plantegroei en diere. Langs die Swartfoloos, wat hier noordwaarts vloei, het 'n mens veral die maroela, wildevy en biesies aangetref, met die wag-'n-bietjie, noorsboom, haak-en-steek en kiepersol 'n bietjie verder weg van die rivier af. Tussen die bome het buffels, koedoes, sebras, waterbokke, ribbokke, duikers en steenbokkies rondbeweeg, terwyl die vleiloerie in die moerasse en die hadida en die boskraai, ‘wat soos 'n baba huil’,[10] in die ruigtes gehou het. Veral die hadida met sy onaardse geluid moet 'n groot indruk op die jong seun gemaak het, want die voël het allerlei assosiasies met die dood gewek. Oom Charl - een van die ooms op Stedham - het die kleintjies dikwels gewaarsku: ‘As julle 'n hadida uitkoggel of sy geluid namaak, sal julle bloedvinte op julle rug kry!’

Stedham was omring deur ander plase soos Doornhoek, Hollandia, Oudewerf, Kromplaats, Welgevonden en Uitkyk. Op die plaas Boschhoek, 'n bietjie

noord van Stedham, kon die kinders die borrelende modderpap van die warmwaterbronne besoek, ‘gasse wat die modder stoot,/ laat opswel en plap/ en met die terugstoot van klei in klei/ in skoner lug ontsnap’ soos die digter dit later in ‘Borrel’ in *Heilige beeste* sou stel. Oor die een hoek van Stedham het die Thaka - 'n sytak van die Swartfoloos - gevloei, die plek waar die familie gereeld gaan piekniek hou het en waarvan die naam in die heel eerste gedig in *Heilige beeste* voorkom.[11] Alhoewel die plaas in die vallei lê, het die Oppermans op 'n hoogland gebly. Orlandia, 'n steil berg naby die plaas, moes uitgery word; van daar kon 'n mens afkyk op die rivier. Saans kon jy ‘die naguil en die dikkoppie aan die walle van die Swartfoloos of die Thaka hoor roep as die maan blinkwit oor Hlebe opkom.’[12] Grootvader Opperman het sy huis bo-op die berg gehad, terwyl sy seuns - wie se huise deur middel van voetpaadjies met dié van hulle vader verbind was - rondom in die laagte gewoon het. Tussen die verskillende gronde deur is 'n plaaspad aangelê wat die boere van die omgewing self moes maak en onderhou, want die provinsiale administrasie het nie geld daarvoor beskikbaar gestel nie. Die swak verbinding met die openbare paaie en die afsondering van die plase het meegebring dat die boere nie 'n behoorlike mark vir hulle produkte gehad het nie. Teen die tyd dat hulle hul vrugte in Durban of op Vryheid en ander plekke in Noord-Natal kon besorg, was die helfte van die vrag verlep of verrot. Finansieel was die Oppermans dus nie beter daaraan toe as op Geduld nr. 2 nie. Daarby was grootvader Opperman - ten spyte van sy deursettingsvermoë en sterk karakter - nie werklik 'n suksesvolle boer nie. Die poging om katoen te verbou, was byvoorbeeld 'n mislukking. Die nodige kennis het ontbreek en bolwurms het die oes vernietig.

Tog was die lewe op Stedham vir die jong Opperman 'n avontuur in sy eerste lewensjare en ook later toe hy altyd vir vakansies na die gramadoelas - soos daardie stuk Natalse bosveld genoem is - teruggekeer het. Van sy ouma Louisa kon hy in later jare nog lekkernye onthou soos pampoenpap, doekpoeding en melksnysels met kaneelsuiker. Daar was drie keer per dag vleis op die tafel en hulle het 'n mooi groentetuin gehad. In die voorhuis het 'n groen pluiskleedjie die tafeltjie bedek waarop die familiebybel was, en saans het die gesin tydens die huisgodsdiens gesange en hallelujaliedere om die serafyntjie saamgesing. Die oupa het 'n groot medisynekis met homeopatiese middels gehad waarmee hy siek kleinkinders kon dokter.[13] Van die digter se vroegste herinneringe is hoe hy een aand, toe sy moeder saam met die ander ooms en tantes weg was, by sy oupa in die groot jas aan die slaap geraak het en voortdurend van die sweetreuk bewus was. Alhoewel sy oupa 'n sekere menslikheid, ruimheid en selfs vrysinnigheid besit het, was hy 'n streng Calvinis, ‘'n beoefenaar van 'n godsdiens gevorm tussen die berge en die Bybel’.[14] Tydens die skoolvakansies later, as hy op Stedham gekuier het - só vertel die digter in sy lesing ‘Kuns is boos!’ -

> het ek 'n aantal romans en digbundels gehad wat ek, veral Sondae wanneer 'n mens feitlik niks op die plaas doen en mag doen nie, in die buitekamer gelê en lees het. Op 'n dag het my oupa onverwags by die deur verskyn en my gevra wat ek so lees, en toe ek antwoord dat dit 'n roman is, het hy gesê dat hy ook in sy jeug daardie soort boeke gelees het, maar dat storieboeke ydel, wêrelds en boos is. 'n Mens moet tot heil van jou siel net leersame en stigtelike boeke lees, nie sulke leuens en dinge wat uit die duim gesuig word nie.[15]

Die streng Calvinisme het die jong seun egter nie daarvan weerhou om die lewe te geniet nie, en dit was veral die speletjies wat vir hom besonder aangenaam was. Dikwels het hy sonder broek op die werf rondgekruip en in aanraking gekom met baie ander kinders wat van die omliggende plase op Stedham ter wille van die skoolbywoning was. Dáár ervaar hy sy eerste reënboog, sprinkane en krappe en eet hy sy eerste geelperskes van die paar bome vlak by die plaashuis. Maar veral sy spel met die Zoeloe-seuns was 'n vreugdevolle ervaring. Saam met hulle het hy in die kleisloot gespeel, met kleilatte baklei, kleiosse en saktente gemaak en die voorvaderlike geeste by die moddergate aanbid. Later tydens die vakansies het hulle voëls en kleinwild gejag en erdwurms uitgegrawe om in die rivier mee vis te vang. Hy het graag geluister na hulle vertellings met die bekoorlike herhalings; saans het hy saam met hulle bly ‘waak, groenmielies gebraai, gesels en sterre soek’ soos hy dit later in ‘Vele woninge’ in *Edms. Bpk*. sou stel. Die verhouding met die Zoeloes was baie goed. Die huisbediendes was baie na aan die gesin en hulle het 'n belangrike rol in die opvoeding van die kinders gespeel, terwyl die kontak met die klein Zoeloetjies vir die kinders 'n praktiese leerskool was wat veld en dier betref.[16] Die digter se aangebore handvaardigheid en sy drang om met al sy sintuie die wêreld te ervaar, het hier 'n vroeë en vrye geleentheid gekry om te ontwikkel.

III

Die finansiële nood en uitsigloosheid van die boerdery het die digter se vader - nóg minder van 'n boer as die oupa - uiteindelik laat besluit om 'n ander heenkome te soek, veral toe hy en sy vrou op 30 Maart 1916 'n tweede seun, Hermanus Lambertus (Maans), ryker word. In dié stadium het sy broer Chris reeds op die spoorweë in Ladysmith gewerk en vroeg in 1917 - nadat sy broer Abraham sy stuk grond op Stedham oorgeneem het - sluit hy met sy gesin by Chris in Ladysmith aan.

Vader Opperman is gebore op 5 Junie 1891. Hy was ongetwyfeld 'n skrander man wat as gevolg van sy karige skoolopleiding - hy het net standerd VI geslaag - nie die geleentheid gehad het om sy moontlikhede ten volle te verwesenlik nie. In sy *Eerste herinneringe* gee hy 'n beeld van die leefwyse en ervaringswê-

reld van die Afrikaner rondom die eeuwenteling: die rondtrekkende smouse; die runderpes; die Nagmaalvierings waarvoor daar met die ossewa, spaaider of kar en perde op pad gegaan is; die gewapende burgers tydens die Anglo-Boereoorlog en die ouma en tantes wat uit die konsentrasiekampe terugkeer.

Van 'n rondtrekkende smous het sy vader vir hom sy eerste bontperdjie, Ruby, gekoop. Hy vertel:

> Ek was byna buite myself van blydskap toe ek my eerste eige perdjie kon he, maar my arme klomp tantes het waarlik gedenk daar was iets met my keel verkeerd om die wonderlike geluide wat ek maak, toe ek die aand verneem dat ek die volgende môre saam met my vader na 'n naburige plaas kon gaan, en dit nogal op my eië bontperd.
> Toe kom die vermanings van my liewe welmenende tantes wat my waarsku dat 'n mens van pure blydskap kan dood neerval. Hoe my gesig toe gelyk het tussen blydskap en vrees kan 'n mens jou miskien voorstel. Elke stap wat ek daarna geneem het was voorbedag, deftig en beslis, want ek wou nie sterwe voordat ek die bontperd gery het nie. Na 'n lange nag is ek die volgende more bloots op Ruby se rug, met net 'n riem om sy nek en in sy bek as handperd.
> Maar het ek nie daardie dag geniet nie! Die ou seerplekkie in my broek was nie te vergelyk met die plesier nie. Daardie aand het ek behoorlik twee rye spore geloop. Goed dat die ou mense altyd vet bokke aangehou het.[17]

In sy bundel *Komas uit 'n bamboesstok* skryf die digter oor hierdie voorval uit sy vader se lewe in ‘Pa se eerste perdjie’.

Vader Opperman was 'n onrustige gees, 'n outodidak wat kennis verwerf het oor 'n verskeidenheid vakgebiede. Een van sy groot belangstellings was die ingenieurswese. Deur hom op die hoogte te stel van gevorderde wiskunde het hy in die dertigerjare 'n volledige ontwerp van 'n gasturbine-masjien gemaak wat rewolusionêr van die destyds aanvaarde modelle afgewyk het. Die ontwerp is aan 'n universiteit in die Verenigde State voorgelê en dit is gepatenteer. Hy het 'n sertifikaat daarvoor van die American Inventors' Association ontvang wat in die gang van sy huis gehang het.

Ook in die sterrekunde was hy geïnteresseerd, maar naas die ingenieurswese het hy veral in die godsdiens en die wysbegeerte belanggestel. Alhoewel hy 'n kritiese ingesteldheid teen die blote vormgodsdiens gehad het en geen gereelde kerkganger was nie, blyk dit uit sy menigvuldige ongepubliseerde geskrifte dat hy baie diep oor religieuse sake nagedink en God as die Groot Argitek gesien het. Die geskrifte - wat in 'n pragtige handskrif en met 'n uitstekende beheer oor Afrikaans geskryf is, as 'n mens sy gebrekkige skoolopleiding in ag neem - handel oor sake soos die liefde, die Al-religie in die natuur en die Christelike Kerk, en konsentreer dan veral op lewe ná die dood, geesverskynings en boodskappe tydens séances. Hieruit blyk dat hy 'n oortuigde spiritis was. Hy het dan ook gereeld byeenkomste gehou waartydens mediums met afgestorwenes

in kontak probeer kom het. In sy nagelate geskrifte doen hy verslag oor sy ervarings op dié gebied. In sy boekery was bekende spiritistiese werke, soos Arthur Findlay se *The rock of truth*, Carl A. Wickland se *Thirty years among the dead*, die tydskrif *Psychic News* en *Raymond revised* van sir Oliver Lodge.[18]

Naas hierdie belangstellings was vader Opperman ook baie geïnteresseerd in die skilderkuns. Onder sy skilderye was daar 'n voorstelling van die Slag van Bloedrivier wat sy twee oudste seuns een oggend met trots aan die skoolhoof op Colenso moes gaan oorhandig. Later, in die vroeë veertigerjare, toe hy in Johannesburg woonagtig was, het hy skilderye gemaak van ‘Houghton Drive’ en die Voortrekkermonument waarvan die ontwerp toe reeds bekend was. Naby Dannhauser het hy op 'n keer 'n ontploffing in 'n steenkoolmyn beleef en dit in 'n skildery vasgelê. Jare later het hy dit vir sy seun beskryf en die motief opnuut voortgesit in 'n houtskooltekening waarin hy die mynontploffing met Plinius se beskrywing van die uitbarsting van Vesuvius in verband bring en ‘die bol/ swart as en vlam wat dit die lug instrooi’, sien as ‘'n fontein of 'n verkoolde kiepersol’ - soos die seun later dieselfde motief in ‘Dennebol’ in *Dolosse* sou uitwerk. Vader Opperman het baie geskilder en moes noodwendig sy kuns kommersialiseer en skilderye verkoop so gou as wat hy hulle voltooi het. Hieruit was sy inkomste baie goed en kon hy later vir sy oudste dogter 'n klavier koop. Na alle waarskynlikheid het die digter sy vader se skildersoog geërf, want met sy sterk visuele ingesteldheid kon hy in latere jare sy waarnemings in besonderhede onthou en op verbluffende wyse van hulle verslag doen.

Afgesien van sy belangstelling in die godsdiens en wetenskap en sy beoefening van die skilderkuns was vader Opperman 'n besonder belese man vir iemand sonder universiteitsopleiding. Onder sy boekery was die bekende Afrikaanse literatuur van die tyd, 'n ensiklopedie en *The international library of famous literature* wat met Richard Garnett as hoofredakteur in twintig dele 'n ruim (alhoewel negentiende-eeus gesentreerde) bloemlesing uit die wêreldletterkunde gebied het - 'n ryk bron waarvan sy leesgierige oudste seun later goeie gebruik sou maak. Op elke dorp waar hy hom gevestig het, was hy 'n aktiewe lid van die debatsvereniging, of het hy een gestig as dit nie bestaan het nie. Soms het hy die regie van opvoerings behartig, soos dié van F.W. Boonzaier se *Die spook van Verlatenfontein* waarin van sy eie kinders gespeel het. Op 'n keer moes sy dogter Liz 'n gedig van hom, ‘Welkomsgroet aan Ladysmith’, voordra. Na aanleiding van ‘Die vertrek van die 3e beredene brigade’ op 27 Februarie 1915 na Duitswes-Afrika om die Suid-Afrikaanse magte te versterk, skryf hy op 5 April 1915 'n gedig in Swakopmund. Dit is plek-plek, ten spyte van die onsekerheid oor die korrekte skryfvorm, reeds Opperman-taal by uitstek.[19]

In vergelyking met die dinamiese vader het die digter se moeder, wat self ook 'n intelligente en kunssinnige vrou was, aanvanklik 'n ondergeskikte rol in die

huisgesin gespeel. Sy is op 13 November 1892 gebore as Heila Susanna Magdalena Botha, die dogter van Hermanus Lambertus Botha en Elizabeth Margrita Opperman. Hermanus Lambertus Botha en generaal Louis Botha se vaders het 'n gemeenskaplike oor-oorgrootvader gehad; hulle was dus agterkleinneefs. Heila Susanna Magdalena Botha se moeder was 'n niggie van haar man se vader, met die gevolg dat die ouers van die digter in werklikheid kleinneef en -niggie was. Hierdie tipe ondertrouery het dikwels in afgesonderde streke van Noord-Natal voorgekom en 'n hele paar Oppermans is met eie niggies getroud, iets waarop die gedig ‘Egipties’ in *Komas uit 'n bamboesstok* sinspeel.

Tydens die Anglo-Boereoorlog was Sannie - soos sy in die wandel bekend gestaan het - saam met haar moeder en broertjie in die konsentrasiekamp by Merebank. Oupa Botha, ook 'n boer van beroep en iemand wat as stokperdjie pragtige perdekarre gebou het, was soos sy mede-Afrikaners sterk anti-Engels, maar hy het tog die hoflikheid gehad om 'n Britse polisie-offisier wat ná die anneksasie van Transvaal die plaas besoek het, 'n koppie koffie aan te bied. In die loop van die oorlog het die Bothas getrek en is die nuwe plaashuis op 'n dag deur die Engelse onder aanvoering van dieselfde offisier omsingel. Toe die Engelsman sien dat dit mev. Botha is wat met haar twee kinders in die voordeur staan, was hy baie ontsteld, maar as verantwoordelike offisier kon hy niks aan die situasie doen nie. ‘Mrs. Botha,’ het hy gesê, ‘I am terribly sorry, but I have to do my duty. I am afraid I'll have to take you to the camp.’ Terwyl ander mense egter net kans gehad het om 'n paar besittings bymekaar te skraap, het hy haar die geleentheid gegee om haar en haar kinders se klere rustig in te pak en meer as die toegestane proviand saam te neem. Volgens instruksies moes hy die landerye laat afbrand, maar hy het gereël dat die beeste op vendusie geplaas en die geld na haar in die kamp gestuur word. Op dié wyse kon sy kos en klere en ander artikels koop om haar lotgenote in die kamp te help. Later het mevrou Opperman baiekeer gesê dat die aanprysing van die Afrikanervrou as die wonderlike wese wat byvoorbeeld Leipoldt van haar wou maak, pure bog is - ‘romantiese leuens’[20] sou haar seun so iets later formuleer. In die kamp het sy gesien hoe baie van hulle kop in een mus met die Engelse was en hulle liggame tot die beskikking van die Kakies gestel het. Tog was die verhale oor die kamplewe saam met dié oor veggeneraal Opperman 'n bydraende faktor in die jong seun se historiese belangstelling. Sy intense gevoel van verbondenheid met die lot en bestemming van die Afrikanervolk, 'n motief wat sentraal in sy digkuns sou staan, hou direkte verband met die ervarings van sy eie familielede.

Sannie Opperman was 'n lewenslustige, opgeruimde mens wat goed kon kos maak, heerlike boerebeskuit kon bak en besonder handvaardig was wat kunsnaaldwerk en die maak van leerhandsakke betref. Terwyl haar man by uitstek 'n dromer was wat nie oordeelkundig met geld kon werk nie, het sy met haar

praktiese instelling spaarsaam gelewe en allerlei byverdienstes vir haar gesin besorg. Die gebrek aan geld en die vader se onvoorspelbaarheid met geldsake het soms tot ernstige onmin tussen die ouers gelei. By geleentheid het haar man opgewonde met 'n groot voorraad nuwe grammofoonplate by die huis aangekom, terwyl 'n hele stapel rekeninge onbetaal op die buffet in die eetkamer gelê het. Daarby was die aantreklike, flambojante vader Opperman openlik lief vir die meisies en nie altyd 'n getroue eggenoot nie. Op 'n keer het hy die verregaande versoek tot sy vrou gerig om 'n leerhandsak vir een van sy vriendinne te maak! Ter wille van haar gesin het Sannie nooit 'n egskeiding oorweeg nie, maar die kinders was ontstelde getuies van 'n stormagtige huwelik. In die nag kon hulle luister na die rusies van hulle ouers, hoe hulle stemme rys en val in die donker en hoe hulle soms selfs handgemeen raak. Jare later het die digter - wat sy hele lewe lank 'n baie sterk afkeer van liggaamlike geweld sou hê - in 'n ongepubliseerde gedig geskryf:

> Die rusies van my vader
> het my laat wegkruip
> laat haat en vrees
> en laat besluit
> as ek eendag trou
> sal ek anders wees
> teenoor my vrou.

In die woorde van Lukophroon in *Periandros van Korinthe*[21] het hierdie jeugervaring ook 'n nawerking:

> Maar dan moet almal wat los van sedes is, ook sterf,
> veral ook die getroude man wat aan sy huisgesin
> deur sy losbandigheid pyn en ellende bring,
> bring aan sy vrou wat wag, sy kind wat nie kan slaap
> maar wakker lê en luister hoe sy ouers rusie maak.

As kind het die digter sy moeder gesien as die opofferende vrou wat die een baba na die ander in die wêreld bring en die huishouding met karige middele moet behartig, terwyl die vader die lewe geniet en hom in sy belangstellings verdiep. Daarom was hy baie geheg aan sy moeder en sy aan hom. Met sy rooi hare, vol wange en groen oë het hy op haar getrek.

Die onverskilligheid van die vader ten opsigte van geldsake het 'n blywende indruk op die jong seun gemaak, want hy het telkens ineengekrimp as hy die klomp rekeninge en die bekommerde uitdrukking op sy moeder se gesig sien. In latere jare was die vrees vir armoede, selfs toe hy al 'n baie welgestelde man was, 'n steeds bestendige aanwesigheid en die direkte oorsaak vir sy hiperversigtige hantering van alles wat met geld te make gehad het. Van sy moeder het hy sy praktiese ingesteldheid en helder denke geërf, van sy vader die naspeur-

sin en vermoë om alles in perspektief te sien en van albei die intellektuele vermoë en historiese bewussyn. In sy samestelling was daar dus 'n pragtige verbinding van droom en daad.

IV

Nadat hulle weg is van Stedham, het vader Opperman met sy gesin op Ladysmith in 'n huis langs die Kliprivier gewoon. Daar ervaar Maans en Boet - soos die jong Diederik Johannes deur sy ouers, broer, ooms en tantes genoem is - die eerste keer 'n trein, iets wat vir hom soos 'n houtskaaf gelyk het. Op 'n dag moes die twee seuntjies vir hulle vader kos in 'n blik en koffie in 'n emmertjie neem. Hy waarsku hulle dat as 'n trein aankom, hulle hul vingers in die ore moes druk sodat die lawaai nie hul oortrommels laat bars en doofheid veroorsaak nie. Toe die volgende trein sy verskyning maak, kies albei uit vrees die hasepad en beland hulle - tot die angs en woede van vader Opperman - amper onder die wiele.

Op Ladysmith het die Oppermans nie lank bly woon nie, want in 1918 gaan hulle na Memel in die Oranje-Vrystaat, waar Sannie Opperman se mense gewoon het en waar vader Opperman as grofsmid begin werk. Daar word hulle eerste dogter, Elizabeth Margaretha (Liz), op 25 Junie 1918 gebore. Op Memel belewe die gesin die verskrikking van die wêreldwye griepepidemie. Baie van die vriende en bekendes rondom hulle sterf, maar die gesin self bly gespaar. In die onvoltooide gedig ‘Griepdorpie’, wat hy veel later skryf wanneer hy aan *Komas uit 'n bamboesstok* werk, gee die digter 'n beeld van die toestande tydens die epidemie.

Van Memel af is vader Opperman in 1921 as stasievoorman na New Formosa, 'n klein spoorweghalte naby Estcourt, waar die gesin saam met die Adendorffs, Van Rooyens en Weldons in een van die skakelhuise van die spoorweë gevestig was. Hier, en op die ander plekke waar vader Opperman as spoorwegwerker diens moes doen, het die kinders 'n heerlike, avontuurlike lewe gehad, ten spyte van die knaende geldtekort wat steeds 'n wrede werklikheid was. Maans, Liz en Boet het met die koekepanne berg af gery en klappers op die spoor gesit wat afgegaan het as 'n trein daarop trap. Die naaste groot dorp was Estcourt waarheen die gesin gratis per trein gereis het as hulle wou inkopies doen. Op 'n dag het Boet en Maans op Estcourt moes wag op die trein en gemerk dat mense by die haarkapper ingaan om hulle hare te laat skeer. Hulle gaan toe ook sit, wag hulle beurt af, laat hulle hare skeer, sê baie dankie vir die vriendelike oom en vertrek. Toe hulle terugkom op New Formosa, was Sannie Opperman verslae en is haar man dadelik Estcourt toe om die haarkapper te gaan betaal. ‘O no, Mr. Opperman,’ was sy reaksie, ‘I found it so amusing; I could never charge you something for that!’

Op New Formosa het die Oppermans die skakelhuis gedeel met die Weldongesin. Hulle dogtertjie Rachel met haar een dik wenkbrou en 'Engelse pofferbroekie' (soos hy haar in 'My appelliefie van Inchanga' in *Komas uit 'n bamboesstok* sou beskryf) is op presies dieselfde dag, maand en jaar as Boet gebore en was die eerste nooientjie op wie hy verlief was en oor wie hy sy eerste Engelse rympie, 'My Rose', gekrabbel het.

Saam met Rachel is Boet elke dag per trein na die nabygeleë Estcourt om die Engelstalige skool by te woon, want as lede van spoorwegfamilies kon die kinders gratis reis. Van die onderwysers wat hy in sy eerste skooljare gehad het, kon Opperman veral 'n juffrou Watson onthou. Al die kinders was gek na haar en het op haar staan en wag nadat hulle pouses met hulle toebroodjies klaar was. In sy eerste jaar op skool het die klein Boet op 'n dag sy broekie nat gemaak en die onderwyseres het voorgestel dat hy buite in die sonnetjie gaan sit sodat hy kon droog word. Terwyl hy skaam gesit en huil het, kom 'n prefekdogtertjie verby wat hom die advies gee om wydsbeen te sit sodat sy broekie gouer droog kon raak!

Tydens die vakansies het die Opperman-kinders telkens per trein by die oumas, oupas, ooms en tantes op Geduld nr. 2 en Stedham gaan kuier.[22] Naby Geduld was Hattingspruit waar vader Opperman se neef Gerrie Spies gewoon het. Gerrie Spies was Boet se peetvader en tydens een van die vakansies het Boet en Maans albei op sy dogter Dassie, hulle kleinniggie, verlief geraak.[23]

Op New Formosa het die Opperman-gesin 'n tragiese gebeurtenis beleef. Die tweede dogter in die gesin, Louisa Petronella, is in 1920 nog voor hulle vertrek van Memel gebore en in 1921 op Estcourt dood as gevolg van 'n kombinasie van kindersiektes, onder meer kinkhoes en masels. Terwyl sy sterwend was, het die ouers haar drie dae lank teruggebid uit die dood uit. Die kind het egter verskriklik gely en in 'n gesamentlike gebed het die ouers hulle berus en God versoek dat Sy wil moet geskied. Toe hulle ná die gebed opkyk, was sy dood. In een van sy herinneringe in die ongepubliseerde outobiografiese skets onthou die digter hoe hy, Maans en Liz 'n timmerman van hulle sussie se dood vertel, hoe die man 'n rukkie ophou met skaaf, luister en dan weer voortgaan met sy werk. Die kinders was nie by die begrafnis nie, maar Boet het later onthou hoe hy as gevolg van die gebeurtenis en sy verbeelding nie maklik aan die slaap kon raak nie. Op 12 Junie 1921 is nog 'n dogter, Violetta Susanna (Vi), vir die Oppermans gebore.

Van New Formosa af is die gesin in 1922 na Hart's Hill naby Colenso. Daar het Boet en Maans met hulle Engelse vriende Brian en Budge die slagvelde van die Anglo-Boereoorlog gereeld besoek en bomskerwe en patroondoppies opgetel. Soms het hulle van die skerp patrone in 'n miershoop begrawe, 'n geweldige vuur gemaak en van ver agter kruiwaens en skuilings gekyk 'hoe die verlede ontplof tot rooi stof.'[24]

Van Hart's Hill is die Oppermans in 1923 na Colenso waar hulle aanvanklik

in 'n tydelike sinkplaatwoning van die spoorweë gewoon het totdat hulle splinternuwe huis van rooi bakstene klaar was. Op 23 Januarie 1923 is Louis Petrus, die sesde kind, gebore. Op die toegegroeide grasperk agter die sinkhuis het die kinders winkel-winkel gespeel met gebreekte koppieskerwe as geld en afgebedelde kardoesies suiker, lekkers en kondensmelk as negosieware. Soms was dit skool-skool, soms het hulle om 'n tafel gesit en sing en met lepels gekap, soms is Liz en Vi op 'n kruiwa rondgetrek met Boet en Maans as die twee karperde. Vader Opperman het uit hout pragtige speelgoed vir hulle gemaak, want vir winkelspeelgoed was daar nie geld nie; die kinders is wel by geleentheid 'n vertoning van Pagel se sirkus gegun. Agterna het hulle dit met hulle eie ‘hoenders, katte, duiwe, honde’ en met ‘'n orkes van blikke en potdeksels’[25] nageboots. In al die speletjies het Boet hom laat geld as oudste en leier: hy was die winkelier, die onderwyser, die koorleier. Alleen as hulle speletjies die dag kerkkerk was, het Maans oorgeneem, op 'n kissie geklim, sy stem dik gemaak en soos 'n regte predikant gepreek. Toe hulle groter was, het Boet partykeer, as die ouers saans uit was, vir die ander heerlike ‘coconut-ice’ gemaak, van vader Opperman se plate voorgespeel en hulle gevra om te probeer sê watter assosiasies die musiek by hulle oproep. Die versameling het gewissel van ligte tot klassieke werke - selfs 'n liedjie soos ‘When I die, pickle my bones with alcohol’ was daarby! Soms het Boet 'n konsert gereël en dan het van die vriende en buurkinders na die voorstelling kom kyk. In die agterplaas van die groot erf op Colenso het die Opperman-kinders op 'n dag 'n ‘ontdekkingsreis’ onderneem op soek na 'n skat. As gevolg van die baie duwweltjies het Boet twee sinkplate gebruik: op die een kon hulle met hulle kaal voete trap, terwyl die ander een verskuif is om die reis voort te sit. By die hoek van die erf grawe Boet vir 'n skat en ontdek werklikwaar 'n vuurhoutjiedosie met mansjetknope wat met goud oorgeblaas is. Boet het inderdaad 'n skat gevind! Ná die verskyning van *Komas uit 'n bamboesstok* skryf Liz - sy het haar ook van tyd tot tyd aan die digkuns gewaag - vir haar broer die vers ‘Nog reise, Marco Polo?’ wat op dié gebeurtenis slaan:

> Maar Boet, jy het tog nie vergeet
> van óns reise oor duwweltjies op Colenso?
> Toe jy en Maans en Vi en ek -
> (jy skipper van twee sinkplate) -
> kaalvoet gereis het op soek na 'n skat...
> En jy in die hoek van die erf op 'n ou ashoop
> gegrawe het tot by 'n boksie goldplated stetse,
> wat seker behoort het aan 'n vorige voorman van die S.A.S. & H...
> En hoe ons later gevorder het tot
> stelte van leë jam blikke en
> elkeen
> alleen
> verder

kon
reis
op All Gold.

Op Colenso het Boet en Maans in 'n buitekamer geslaap en moes hulle hard werk om te help met die uitleg van die nuwe tuin. Die erf was taamlik groot, sodat vader Opperman 'n paar koeie aangehou het. Dit was die seuns se taak om die koeie te versorg. Aanvanklik was Maans en Boet - wat sesuur smôrens moes opstaan om te melk - taamlik onhandig met die koeie, maar hulle Indiër-tuinier het die slag gehad om in sy eie taal met 'n koei te praat en sonder spantou te melk. Dieselfde Indiër het met sy gebrekkige gevoelswaarde vir die Engelse woord op 'n dag vir Boet gesê dat hy tydelik teruggaan Indië toe, want ‘the hand that rocked the cradle, kicked the bucket’, 'n uitspraak wat baie jare lank groot vermaak in die gesin besorg het. Met die Indiërs as tuiniers en huishulp kon Boet - soos ook deur sy aanraking met die Zoeloes - 'n ander kultuur en leefwyse leer ken. Die rooi rissies, vrugtemandjies aan bamboese, grondboontjies, piesangs en lemoene wat die Indiërs saam met rolle rooi en pers lap as offer vir die gode in die Tugela gewerp het, kon hy later goed onthou. Op universiteit sou hy met belangstelling na die vertonings van die vuurlopers gaan kyk.

Maar in sy jeug het Boet nie alleen met Zoeloes, Indiërs en Engelse te make gehad nie. Van tyd tot tyd het 'n bruin tuinman uit die Kaap gepraat oor Drakenstein en die Paarl, die ballasmandjies druiwe in die wingerde, die kuns om visse met nette uit te trek en vir die kinders stories oor Jakkals en Wolf vertel. Op die dorp kon die kafee-Griek Massopolous, altyd aan die knoffel kou en gereeld saam met vader Opperman op jag, boeiende verhale uit sy land vertel. Met die Joodse kinders - al die Katze van die winkel - het hulle saamgespeel. Nuuskierig het hulle gekyk na die vreemde kosse - spaghetti bolognaise en macaroni - van die Italiaanse Cantamezza-gesin en die kruistekens wat dié Katolieke geslaan het. Uit 'n onvoltooide vers - eintlik meer voorlopige aantekeninge as werklike teks - geskryf in die *Komas*-fase, praat die digter van homself en sy maats as ‘die klein kosmopoliete van 'n vasteland, /... kinders in één land van wondere, verhale en verlange/ klein swart, bruin, wit burgers van 'n Republiek’.

Reeds met die verskuiwing na Hart's Hill is Dirk en die ander Oppermankinders van Estcourt af oorgeplaas na die skool op Colenso. Die skool het uit ongeveer tweehonderd leerlinge bestaan en die medium van onderrig was, soos op Estcourt, uitsluitlik Engels. Mitchell, die skoolhoof, soldaat in die 1914-oorlog, het soggens voor die skooldeur met die bevel ‘Attention!’ die skoliere tot orde geroep en hulle kordaat laat inmarsjeer. Wills het Engels gedoseer met behulp van die High Road Readers-reeks, wat later in ‘High Roads' Robbery’ in *Komas uit 'n bamboesstok* figureer. Toe Opperman in die veertigerjare ter

wille van 'n ekstra inkomste by die Pietermaritzburgse Tegniese Kollege aandklasse in Afrikaans aangebied het, was Wills een van sy studente.

Boet was elf jaar oud toe hy by die skool siek geword en huis toe gestuur is. By die huis het hy bloed begin opgooi en die dokter het maagkoors gediagnoseer, 'n baie ernstige siekte vir daardie dae en een waarvan weinig pasiënte herstel het. Sannie Opperman het haar seun na die Rooms-Katolieke Hospitaal in Pietermaritzburg geneem, en is dadelik weer per trein terug om die huishouding te versorg. Boet was dodelik siek. Geleidelik, met die hulp van die verpleegsters, veral suster Sinte Josef, het hy begin herstel. Sy ouers het hom gereeld een keer per week per trein besoek, 'comics' soos *Bubbles* en *Tiger Tim* vir hom gebring en ook sy Halleluja-boekie aangestuur om uit te sing as hy huis toe verlang. Vroeg soggens het hy uit die kapel die kore van die nonne gehoor. Hoewel hy reeds eerder deur die Cantamezza-gesin van die Rooms-Katolisisme bewus geword het, kon hy dit nou van naderby ervaar. Sy gesonde nuuskierigheid het hom vrae aan suster Sinte Josef laat stel: wanneer eet 'n non, het sy hare op haar kop, wat beteken die kruisie aan die gordel? Die suster het sy vrae beantwoord, saam met hom gekniel, vir hom gebid en hom 'n rosekrans present gegee. Geleidelik het hy gesond geword en uiteindelik, na maande, kon sy vader en moeder hom weer kom haal. Terwyl hy reeds op skool geneig was tot gesetheid en deur sy skoolmaats 'fatty' genoem is, was hy by sy ontslag uit die hospitaal net vel en been. Sy ouers was dankbaar oor die herstel en veral oor die besondere aandag en liefde van suster Sinte Josef. As iemand uit 'n Calvinistiese huis vir wie die gewoontes en gebruike van die Rooms-Katolisisme vreemd was, het Sannie Opperman egter die rosekrans tuis ongemerk laat verdwyn. Toe hy getroud was en in Pietermaritzburg woon, het hy sy vrou Marié gaan voorstel aan suster Sinte Josef wat intussen tot moeder-owerste bevorder is. 'Hy was so maer en het soos 'n tjalie oor my arms gelê,' het sy die klein, weggeteerde seuntjie aan Marié Opperman beskryf. Deur sy studie van die Middelnederlandse letterkunde het die digter later in aanraking gekom met die mistieke skryfster Hadewijch wie se visioene in die gedig 'Ou non' uit *Engel uit die klip* figureer, hoewel sy kennismaking met suster Sinte Josef en die besondere verhouding wat hy tydens sy siekte met haar opgebou het, die eintlike prikkel tot die ontstaan van die gedig was. In 'Drie juwele' in *Komas uit 'n bamboesstok* skryf hy oor die drie vroue - suster Sinte Josef, sy moeder en sy vrou Marié - en hulle botsende aansprake op hom.[26]

Reeds in sy veertigerjare het vader Opperman 'n hartkwaal opgedoen, moontlik vererger deur die moeilike sinjaalwisselings. Hy was verplig om sy werk by die spoorweë op te sê met die verlies van 'n aansienlike deel van sy pensioen. Die huis op Colenso is verkoop, en in 1926 is die gesin na Estcourt waar die vader as assuransie-agent begin werk het. By hulle aankoms op die stasie moes hulle stap na die huis waar hulle sou intrek. Die kinders het hulle verwonder aan die grootte van Estcourt met al sy winkels, maar vader Opper-

man het hulle beveel om reg voor hulle uit te kyk en nie te maak of hulle nog nooit op 'n groot dorp was nie! Hier het die gesin naby die kondensmelkfabriek gewoon en kon hulle soms gratis melk kry. Die kinders kon ook die uitskot van pere, appelkose en pruime van die Jones-inmaakfabriek eet. Die kondensmelkblikkies het 'n los plaatjie aangehad wat maklik vir 'n sikspens kon deurgaan, en die Opperman-kinders - altyd bedag op geldmaak - het groot pret gehad om die Zoeloes daarmee te mislei. Op Estcourt het Boet plantfossiele uitgegrawe, en in die dorpsaal sy eerste bioskoopvertoning gesien, 'n film waarvan hy later net die eindelose gespin van syrolle kon onthou. Dikwels het die Oppermankinders ‘pieces’ gaan koop by die plaaslike hamfabriek. Op Estcourt is nog 'n broer, Christiaan Christoffel (Chris), op 24 Mei 1926 gebore. Boet het hom en Louis dikwels geneem om na die motorfietse te kyk as hulle tydens die resies tussen Johannesburg en Durban op die grootpad verbykom.

Van Estcourt is die gesin in 1929 na Frere waar vader Opperman met sy assuransiewerk voortgegaan het. Daar koop hy die weduwee Holmes se groot kliphuis wat hy moes opknap en ombou in 'n stadium toe hy dit allermins kon bekostig. Maans en Boet, pas uit standerd VI, is uit die skool gehaal om daarmee te help, maar veral ook om 'n boerderytjie buite op 'n hoewe te behartig. Met 'n paar koeie en hoenders en 'n bietjie groente het die twee seuns voortgesukkel, al was hulle veels te onervare en onvolwasse om daarvan 'n sukses te maak. Tog het Boet allerlei geldmaakmetodes bedink. Hoenders is geslag, met pietersielie netjies agter tussen die boudjies gegarneer en dan Durban toe gestuur om verkoop te word. Hy het snuif in groot maat gekoop en dit tydens sy besoeke aan Stedham voordelig aan die plaaswerkers van die hand gesit. Vir Maans was die hele boerdery en huisbouery 'n groot grap, maar Boet was ontsteld oor al die rondvallery, die oorweldigende armoede wat Sannie Opperman soms genoop het om drie keer per dag pap te skep en die feit dat hy as ywerige en presterende leerling summier twee jaar lank sy skoolopleiding moes onderbreek. In die kwatryn ‘Kleinboer’ uit *Heilige beeste* het die ervarings uit hierdie tyd 'n nawerking:

> Vroeg Saterdag as die koekoekhaan kraai,
> sing ek bo-op my karretjie gelaai
> met wortels en koolkoppe; maar swyg
> met bitter haat as ek saans huis toe draai.

Tydens hulle verblyf op Frere is die agtste en laaste kind van die gesin, Jacobus Abraham (Koos), op 28 Februarie 1930 op Estcourt gebore. Met die voordelige verkoop van die kliphuis aan die einde van 1930 aan die polisie het daar 'n verbetering in die Oppermans se geldsake ingetree. Vader Opperman het besluit om sy assuransiewerk voort te sit op Vryheid in Noord-Natal, waar hy ook nader aan sy vader en broers op Stedham sou wees. Aan die einde van 1930 het die gesin Frere verlaat en hulle op Vryheid gevestig.

Eindnoten:

1 Die digter was in besit van 'n stamboom van die Opperman-familie wat in sy studeerkamer op Stellenbosch gehang het. Dit is egter onvolledig. Vollediger besonderhede oor die eerste vier geslagte is te vinde in C.C. de Villiers, *Geslagregisters van die ou Kaapse families* II, omgewerkte uitgawe, hersien en aangevul deur C. Pama, Kaapstad/Amsterdam, 1966. Aanvullende gegewens is goedgunstiglik verskaf deur dr. J.A. Heese van die Strand, mnr. J.H. Langenhoven van Potchefstroom en die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die R.G.N. in Pretoria.
Dat Opperman onder die indruk was dat hy die sewende geslag in Suid-Afrika is, blyk onder meer uit sy antwoord op 'n navraag van André P. Brink oor wat die ‘sewe selwe’, die ‘sewe skaduwees’ en die ‘sewe ligte’ in ‘Nagwaak by die ou man’ beteken. Brink self vermoed die ‘seven ages of man’. In 'n brief van 12 Oktober 1964 skryf Opperman aan Brink: ‘... moontlik ingegee en versterk deur die magiese, die ryk assosiasies en *moontlikhede* waaroor dit hier juis gaan. Ja, o.m., die seven ages; ook die “seven ambiguities”, die sewe liggewers (son, maan + 5 planete), sewe gawes van die Heilige Gees, die sewe hoofsondes, die sewe deugde, - ens. ens. en bes moontlik ook deur die heel persoonlike ou vreugdetjie dat ek in direkte afkoms die sewende Diederik Johannes Opperman...die oudste seun van die oudste seun van die ... ens. is!’

2 Civiele Justitiën, CJ 1050, nr. 169, 5 Junie 1737, Kaapse Argief lui as volg: Koster (Maria) dogter van Duitse stamvader (eie skrif)

Bekent makinge aan den Heer president adriaan van Kervel en den E agtbaren raad
Dat ik maria koster met haren man godlieb christiaan opperman wij ons weder verenent en alles vergeven hebben so dat mijn nedrig versoek is aan ue Eagtbaar hedens om de begonne proses te niete te doen ik soude selfs volgens mijn pligt kompareren maer ben niet in staat om te komen want ik ben seer geplaagt met de jigt versoekende ootmoedigh mijne onnoselheijt te vergeven
ue ootmoedigste Dienaresse
Maria Koster, huijs vrouwe van
godlieb christiaan opperman
den 5e Junij
1737

My dank aan prof. Edith Raidt wat goedgunstiglik 'n fotokopie van hierdie argiefstuk aan my beskikbaar gestel het.

3 Diederik Johannes Opperman (1834-1910) het veertien kinders gehad. Op 3 Julie 1871 is sy dogter Maria Petronella gebore en op 27 Augustus 1871 te Cradock gedoop. Sy volgende kind was Engela Helena, gebore 11 Junie 1875 en gedoop in die Ned. Geref. Gemeente Ladysmith (te Newcastle) op 18 Julie 1876. Daaruit kan 'n mens aflei dat hy tussen 1871 en 1876 na Natal moet verhuis het. (Gegewens afkomstig van die Instituut van Geskiedenisnavorsing van die RGN.)

4 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, IV, Durban/Pretoria, 1981, p. 459. In hierdie lemma word die name van die veggeneraal se vader verkeerdelik aangegee as Pieter Johannes. Dit moet Diederik Johannes wees. Die tweede voornaam van die veggeneraal word sonder 'n deelteken gespel.

5 'n Eksemplaar van die in memoriam-kaartjie is by die Opperman-dokumente in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek. Dit het in die digter se besit gekom ná die publikasie van 'n brief daaroor in *Die Huisgenoot* van 24 Augustus 1973.

6 Vir 'n faksimilee-weergawe van die betrokke bladsy uit die *Eerste herinneringe* kyk *Standpunte*, XXXII: 5, September 1979, p.16.

7 *Wiggelstok*, Kaapstad, 1959, p.142.

8 Die digter se tante Louisa Ferreira is ook Wiesa genoem. Sy het later op 'n plaas met baie lemoenboorde in die Swartfoloos-vallei gewoon. Die nartjies in die gedig ‘Sproeireën’ *(Engel uit die klip)* het betrekking op dié plaas.

9 Omius van Oostrum, *Bestendige onbestendigheid: My Suid-Afrikaanse ervaringe*, Pretoria, 1943, pp. 52-53.

10 Dié aanhaling kom uit die ontwerp vir 'n gedig uit die stadium waarin Opperman aan *Komas uit 'n bamboesstok* gewerk het.
11 Opperman spel Thaka egter Taka, omdat hy - volgens 'n persoonlike mededeling - gevoel het dat die sagte h- en g-klank van Zoeloe indruis teen die hardheid en afgekaptheid wat hy in Afrikaans wou bereik. Om dieselfde rede werk hy die enigsins amorfe bou van die Zoeloevertellings en -prysliedere en die inkantasie van die Zoeloeritmes teen met 'n feitlik logiese struktuur en die alliteratiewe verbindinge. Kyk vir 'n vlugtige bespreking van hierdie aspekte van dié gedig J.C. Kannemeyer, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, II, Kaapstad, 1983, p. 99.
12 'n Aanhaling uit 'n ongedateerde brief wat W.F. van Rooyen - skrywer van *Fuga burlesque* en *Die ramshoring* - in 1953 aan Opperman skryf oor die verval van Stedham. (Die Zoeloewoord Hlebe beteken ‘skinder’ of ‘omfluisteringe’ en is die naam van 'n berg naby Stedham, waarskynlik omdat die wind dikwels daaromheen waai.) Van Rooyen vertel dat die plaas daar baie verwaarloos uitsien: die twee woonhuise is bouvallig, die omgewing vertrap deur beeste, die pragtige Thakavallei deurvleg met 'n netwerk van dongas en alles ingeneem deur die sekelbos. In sy antwoord sê Opperman dat hy baie aangegryp is deur die brief en geskok was om van die verwaarlosing te verneem. In 'n onvoltooide gedig met die titel ‘Jeugplaas: herbesoek’ (ook genoem ‘Weersiens van Stedham’) skryf Opperman oor hierdie verwaarlosing. Blykbaar het die onvoltooide gedig regstreeks na aanleiding van Van Rooyen se brief ontstaan, want Opperman het die plaas ná sy vertrek uit Natal in 1945 nooit weer besoek nie. Die gedig lui as volg:

> Die staat het dit oorgeneem die bosse is ontvoël
> vir 'n reservaat of Bantoestan
>
> die lemoenboord was al glo te oud
> en is gebruik vir vuurmaakhout
> voetpaadjies wat die huise van ooms
> verbind is uitgetrap tot dongas
> voor die vensters is sinkplate gespyker
> strooise oral
>
> en in gewese landerye
> tortel 'n stilte van 'n doringtak

13 Kyk ‘Oupa se medisynekis’, *Komas uit 'n bamboesstok*, Kaapstad, 1979, p. 20.
14 *Wiggelstok*, p. 142.
15 Ibid., pp. 142-143.
16 Die wêreld van die Swartfoloos vind in die Afrikaanse letterkunde neerslag in P.J. Schoeman se *Drie jong jagters* en sy *Fanie*-boeke.
17 Vir 'n faksimilee-weergawe van die betrokke bladsy uit die *Eerste herinneringe* kyk *Standpunte*, XXXII: 5, September 1979, p. 17.
18 By geleentheid het die digter my meegedeel dat 'n sin uit sir Oliver Lodge se *Raymond revised* hom besonder getref het. Die sin het ongeveer soos volg gelui: ‘Yesterday I saw the rice-fields through the eyes of a Tahiti girl.’ Dit was die ingewing vir sy gedig ‘Gestorwene’ in *Heilige beeste* waarin die hy-figuur Tonjenani se ‘oë kon gebruik/ om weer te sien’. Ek kon die betrokke sin egter nie in *Raymond revised* opspoor nie.
19 Vir 'n faksimilee-weergawe van die gedig kyk *Standpunte*, XXXII: 5, September 1979, pp. 12-13.
20 *Wiggelstok*, p. 37.
21 *Periandros van Korinthe*, Kaapstad, 1954, p. 86.
22 In die ongepubliseerde gedig ‘Vakansies’ uit die *Komas*-fase - waarvan die slotreël vooruitwys na sy onvoltooide laaste bundel *Sonklong oor Afrika* - skryf Opperman oor hierdie ervarings uit sy jeug.
23 Dassie het later - waarskynlik as gevolg van 'n hormoonversteuring - in 'n gestig beland en daar vir bykans ses en twintig jaar gebly, totdat sy net so skielik deur die toediening van nuwe geneesmiddels volkome herstel en vir die res van haar jare 'n normale lewe gelei het. Waarskynlik was ondertrouery in die Spies-familie 'n bydraende faktor vir haar siektetoestand. In sy ongepubliseerde biografiese skets vertel die digter dat Dassie se starende oë 'n nawerking in ‘Gestorwene’ uit sy eerste bundel het.
24 *Komas uit 'n bamboesstok*, p. 27.

25 Ibid., p. 29.
26 In die *Komas*-manuskrip is daar 'n 'voorstudie' tot 'Drie juwele' waarin die digter meer eksplisiet biografiese besonderhede verskaf.

Hoofstuk 2
Vryheid

I

Opperman was sestien jaar oud toe die gesin aan die einde van 1930 na Vryheid verhuis het, 'n dorp met steenkoolmyne in die omtrek maar terselfdertyd in 'n goeie boerderystreek geleë. As hy in die gedig ‘Na die myninstorting’ in *Heilige beeste* van die ‘vyfuurfluit’ skryf, steun dit op sy ervaring in Vryheid, want aan die einde van die dagtaak kon 'n mens die fluit van die houtmeule oor die hele dorp hoor weerklink.

Die historiese bewussyn wat reeds deur die familievertellings by Opperman aanwesig was, is in sy nuwe omgewing verder ontwikkel. Op Vryheid het die Afrikaner ná aan sy geskiedenis geleef. Op 28 Maart 1879 is Piet Uys as die leier van 'n Boerekommando twintig kilometer van die dorp af naby die Hlobaneberg in 'n skermutseling met die Zoeloes noodlottig gewond. Later is daar op die plek van die geveg 'n monument tot sy eer opgerig. Op Vryheid was die ou Raadzaal 'n lewende herinnering aan die periode 1884-1888: as beloning vir militêre hulp is 'n hele stuk grond deur die Zoeloe-opperhoof Dinizulu aan die Boere toegewys en die Nieuwe Republiek met Lucas Meyer as eerste en enigste president het tot stand gekom. By Holkrans, aan Paulpietersburg se kant van Vryheid, het Sikobobo se krygers tydens die Anglo-Boereoorlog in die nag van 6 Mei 1902 veldkornet Potgieter se troepemag met gewere en assegaaie aangeval en vyf en sestig manskappe gedood. Gerugte het die ronde gedoen dat hulle deur die Britte opgestook is en selfs 'n beloning vir hulle diens ontvang het. Die verlies van soveel burgers - almal inwoners van Vryheid - het 'n beroering in die gemeenskap veroorsaak. Die Holkransmonument is in die kerkomheining opgerig en jaarliks is daar 'n kranslegging ter ere van die gesneuweldes gehou. Die Lancasterkop teenaan Vryheid, die toneel van 'n slagveld tydens die Anglo-Boereoorlog, is dikwels deur die kinders van die omgewing uitgeklim. Met ouers of grootouers wat by die Anglo-Boereoorlog betrokke was, die leed in die konsentrasiekampe ondergaan het en gebeurtenisse beleef het soos die Unifikasie van 1910, die Rebellie van 1914 en die totstandkoming van twee

sterk opponerende politieke partye onder die Afrikaners, was die verlede 'n lewende folklore vir die jeug van Vryheid.

Hoewel daar by vader Opperman van sy kinderjare af 'n groot vaderlandsliefde en gevoel vir die Afrikaanse taal aanwesig was, het hy in navolging van sy vader sy steun toegesê aan die party van generaal Smuts. Met die Smelting van 1933 het hy dan ook vir die Verenigde Party gestem en is die verkiesingsuitslag met groot gejuig in die Oppermanhuis begroet, al het die ontluikende digter - wat van vroeg af geïnteresseerd was in die politiek en reeds op laer skool 'n vers oor die Natte en die Sappe geskryf het - se simpatie by D.F. Malan en die Nasionaliste gelê.

Met die woelinge in Afrikanergeledere in die dertiger- en veertigerjare het vader Opperman egter 'n ondersteuner van Malan geword, braaivleise gehou om geld vir die Nasionale Party in te samel en by die Gryshemde en later die Ossewa-Brandwag aangesluit, organisasies wat die anti-Britse gevoelens by sommige Afrikaners uitgebuit, 'n toenadering tot Duitsland en die Nasionaal-Sosialistiese ideologie gepropageer en selfs ondermynende aktiwiteite voorgestaan het. Met sy deelname aan die bewegings van dié jare het hy ander lede van sy gesin beïnvloed. Sy vrou was kommandant en sy dogter Liz sersant in die Ossewa-Brandwag, terwyl sy seun Maans by die aktivistiese Stormjaers - die militante vleuel van die Ossewa-Brandwag - betrokke was. Op die dorp het die plaaslike tandarts die ouer skoolseuns aangemoedig om by die Gryshemde aan te sluit en het almal Adolf Hitler se *Mein Kampf* en ander geskrifte oor die Nazi-ideologie gelees. Weer was dit die digter wat, ten spyte van sy intense belangstelling in en nuuskierigheid oor wat die mense alles aanvang, niks met een van die splintergroepe te make wou hê nie. Sy broer Maans was egter wel aktief met al hierdie strominge gemoeid. In die oorlogsjare wou hy nie die Rooi Eed (van getrouheid aan die Britse Kroon) aflê nie en is hy as gevolg daarvan nie bevorder in die lugmag waar hy as passer-en-draaier gewerk het nie. Toe Maans dit oorweeg om uit die lugmag te tree, het hy sy vader se advies gevra. Vader Opperman telegrafeer toe aan hom: ‘Wat jy wil doen, doen dit gou.’ 'n Paar dae later kom iemand van die Ossewa-Brandwag by vader Opperman en sê: ‘Oom Oppie, wat se telegram van jou lê daar by Marshallplein? Jy het vir jou seun 'n telegram gestuur en hulle probeer nou die kode ontsyfer’! Só aktief was vader Opperman betrokke by dié bewegings dat daar ná sy oorlyde die volgende doodsberig in *Die Vaderland* van 20 Mei 1943 verskyn het:

> Opperman - Die heengaan van ons geliefde kameraad, D.J. Opperman, word deur sy Leier en ander kamerade diep betreur.
> Rus ou Kameraad rus,
> In soete stille rus.
> Waar moontlik word Gryshemde versoek om die begrafnis by te woon.
> Randse Gryshempkantoor.

Naas die politieke aktiwiteite waarmee die Opperman-kinders op Vryheid in aanraking gekom het, kon hulle hier, veel meer as op hulle vroeëre woonplekke in spoorweghuise, die outydse leefwyse en gebruike van die Afrikaner ervaar. Die Geloftefees is gereeld elke jaar naby Stedham gehou en met die Nagmaalsvierings het die boere van die distrik nog met ossewaens dorp toe gekom en 'n paar dae lank op die kerkplein uitgespan. Frik van Reenen, prokureur, kultuurman, platjie en grapmaker van die dorp en toekomstige skoonvader[1] van Opperman, was stigterslid van die Nasionale Party in Natal en het ná Uniewording Vryheid in die Provinsiale Raad verteenwoordig. Hy was die eerste lid van dié raad wat in Afrikaans 'n toespraak gelewer het. In 1921 is hy aangewys as Volksraadskandidaat, maar hy het om persoonlike redes teruggestaan vir dr. E.G. Jansen - latere minister en Goewerneur-Generaal - wat die setel met 'n meerderheid van drie stemme vir die Nasionale Party verower het.[2] Frik was saam met sy vrou Tina, hulle twee dogters en seun woonagtig in Hlobanestraat 137 waar sy vrou in die depressiejare en na haar man se hartkwaal loseerders ingeneem het. Frik het op die voorstoep van hulle huis graag grappige verhale vertel vir die kinders van die buurt, wat baie lief vir hom was. Hy was ten nouste gemoeid met die debatsvereniging en kultuurvereniging op die dorp, organisasies wat van vroeg af 'n sterk aandeel gehad het in die Saamwerkunie se taaleksamens wat in 1917 ingestel is en die regstreekse aanleiding was tot die besluit van die Natalse Provinsiale Raad in Augustus 1920 om met die onderrig van Afrikaans in plaas van Nederlands in skole te begin.[3] Op geestelike gebied was ds. S.A.J. van der Merwe 'n vurige en inspirerende prediker wat ook veel vir die kultuurlewe op die dorp gedoen het.

Met al hierdie prikkels het Opperman in sy nuwe omgewing dus nog gevoeliger geword vir die historiese verlede en die politieke strominge van sy tyd. In 1949, toe rapportryers landswyd uit al vier provinsies vir die inwyding van die Voortrekkermonument na Pretoria opgetrek het, skryf hy - toe reeds woonagtig in Kaapstad - 'n geleentheidsgedig vir die *Feesprogram ter gedagtenis aan die besoek van die rapportryers aan Vryheid op 24 November 1949*. Die gedig het die titel ‘Boodskap van Vryheid - uit die gewese Nuwe Republiek’ en betrek die leed van die Natalse Voortrekkers, die lewensverlies by Holkrans en die ruiters wat landswyd na Pretoria beweeg.[4]

II

Op Vryheid het vader Opperman op 'n kommissiebasis as 'n agent vir African Homes Trust gewerk. Die gesin het op die hoek van Mark- en Deputasiestraat gewoon in 'n huis op 'n dubbelerf. 'n Mens het binnegekom in 'n gang, met die voorkamer die eerste deur links en die ouers se slaapkamer die eerste regs. Dan was daar, afgesien van 'n kombuis en 'n badkamer, nog drie slaapkamers: een

vir Boet en Maans, een vir Liz en Vi en een vir Louis, Chris en Koos wat in die gesin as die ‘kleintjies’ bekend gestaan het. Vader Opperman het in die gang horings van allerlei bokke teen die mure gehang. In die voorhuis het 'n groot swaard gepryk wat deur veggeneraal Opperman tydens die Anglo-Boereoorlog van 'n Britse generaal afgeneem is. Verder was daar assegaaie uit die grensoorloë, sannas uit die dae van die Voortrekkers, 'n sens van 'n Indiër, pyle van Boesmans en ou rewolwers en pistole uit Italië. Sannie Opperman het later beswaar gemaak teen die horings en al die gewelddadige instrumente. Op haar versoek is die goed verwyder en die gang netjies uitgeplak. By die kaggel in die voorkamer het een van vader Opperman se skilderye, 'n voorstelling van 'n waaiende peerboom, gehang.

Alhoewel die Oppermans in hierdie depressiejare ook nog gesukkel het, is daar beslis nie op hulle neergesien nie en kon vader Opperman sy kinders betreklik goed onderhou. Sannie Opperman kon 'n swart huisbediende bekostig. Op Vryheid was vader Opperman betrokke by die debatsvereniging en het hy onenigheid met die predikant gehad oor die fondse van die organisasie. Hy was iemand wat prakties gesproke 'n geheelonthouer was. Slegs aan die einde van die jaar, soos tipies van die destydse Natallers, is 'n vaatjie soetwyn en 'n vaatjie bier vir die feesgeleenthede uit die Kaap laat kom. Daarvan het al die lede van die gesin en hulle vriende gedrink, en gewoonlik was dit genoeg om tot die volgende Kersfees te hou. Met sy neiging om die draak te steek, sy sin vir humor en sy innemende binnelaggie was hy 'n beminlike figuur en het daar 'n goeie verhouding tussen hom en sy oudste seun tot stand gekom. Sommige nagte het hulle twee dikwels tot vroegoggend gesels, want met albei se wye belangstellings kon hulle oor haas enige onderwerp onder die son gesprekke voer. Daarby het albei 'n voorkeur gehad om in die nag te werk en 'n gedeelte van die dag te slaap. Boet was intens geïnteresseerd in sy vader se geskrifte, skilderye en spiritistiese byeenkomste, al het hy 'n nugter oordeel oor baie van dié bedrywighede gehad en dikwels sy vader se kunswerke of aktiwiteite ‘gepoe-poe’ - 'n woord wat hy ook later by herhaling vir sy afkeer van dinge sou gebruik. Waarin hy 'n besliste renons gehad het, was die genadelose wyse waarop sy vader die ander kinders geslaan het. By een geleentheid is Louis só geweldig gestraf dat Boet en Maans moes ingryp en 'n rusie tussen hom en sy vader ontstaan het. Aan die een kant was daar by hom dus 'n waardering vir sy vader, maar aan die ander kant 'n sterk afkeer van die bruuske gewelddadigheid.

Juis om hierdie rede het hy ook altyd vir sy moeder in die bresse getree. As die ‘kleintjies’ siek in die bed was en te veel na hulle moeder geroep het, was hy beskermend teenoor haar. Op 'n keer het hy hulle gewaarsku: ‘As julle nou weer roep, gaan ek die radio só stel dat hy net van die stasie af is en julle niks kan hoor nie’! Dikwels, as die ‘kleintjies’ te erg in die huis te kere gaan, het Boet teenoor haar gesê: ‘That's why big brothers leave home’, 'n opmerking wat sy as goeie maar tog besitlike moeder nooit kon verdra nie.

III

Met die verhuising na Vryheid het Boet en Maans weer hulle skoolopleiding hervat. Boet is aan die begin van 1931 na die hoër skool waar hy in standerd VII geplaas is. Deurdat hy twee jaar op Frere verloor het, was hy en Liz nou in dieselfde klas. Aangesien dit 'n dubbelmediumskool was, het hy vir die eerste keer onderrig in Afrikaans ontvang, 'n oorskakeling wat aanvanklik probleme opgelewer het, omdat hy tot in daardie stadium alles uitsluitlik in Engels moes leer. Sy hele lewe lank sou hy trouens hoofrekene altyd in Engels doen, iets wat later 'n amusante verskynsel vir sy Stellenbosse kollegas was as hulle aan die einde van die akademiese jaar die studente se predikate moes uitwerk.

Die kinders moes die bedrag van £3 skoolgeld per kwartaal betaal, en van tyd tot tyd het dit gebeur dat vader Opperman nie die fondse beskikbaar gehad het nie. Een van die onderwysers wat die geld moes insamel, het die gebrek aan oordeelkundigheid openbaar om die kinders van wie nog niks ontvang is nie, in die klas te laat opstaan, en die vernedering het die Opperman-kinders elke keer laat voel of hulle in die aarde kon wegsink. Vi het geweier om die marteling te deurstaan en besluit om die skool nog voor die aflegging van die Matriekeksamen te verlaat. Later is Boet bygestaan uit die E.G. Jansen-studiefonds wat vir leerlinge aan die hoër skool gestig is. Alhoewel Liz, soos trouens al die Opperman-kinders, se prestasies op skool puik was, het sy besluit om ná Matriek eerder te gaan werk en haar vader met die opleiding van die ‘kleintjies’ finansieel by te staan. Hierdie onbaatsugtige optrede van iemand wat dit met verdere studie ongetwyfeld ver sou gebring het, was vir haar oudste broer altyd iets bewonderenswaardig. Alhoewel hy self ook later die gesin sou help, kon hy met beurse en lenings sy studie voortsit, terwyl Liz daarvan afgesien het. Daarom kon Liz, aan wie hy sy lewe lank besonder geheg was, in sy oë niks verkeerd doen nie en was hy intens verheug toe sy op gevorderde ouderdom met haar Namibië-tonele erkenning as skilderes gekry het.

Op hoër skool het Opperman baie hard gewerk en is die besondere deursettingsvermoë wat ook later so kenmerkend van hom was, verder ontwikkel. Sy daaglikse program ná skool was om smiddae sy huiswerk te doen en sportoefeninge by die skool by te woon, in die aand sy huiswerk af te handel en daarna dikwels tot bykans drie-uur in die oggend te lees. In sy vader se boekery het hy die beperkte Afrikaanse literatuur van dié jare leer ken en in aanraking gekom met 'n groot verskeidenheid uit die wêreldletterkunde. Hy was bekend as 'n buitengewoon begaafde kind en vir die hele duur van sy skoolloopbaan het hy eerste in sy klas gestaan. Hy het hard gewerk, maar sy studie met gesonde ontspanning afgewissel. Elke oggend voor skool het hy na die Magode-brug op pad na Scheepersnek en terug gedraf, altesaam agt kilometer. Op skool het hy aan atletiek deelgeneem en in die rugbyspan as senter en later as voorryman

gespeel. Vir die debatsvereniging het hy gereeld stukke geskryf en 'n tyd lank was hy voorsitter. In hierdie hoedanigheid het hy in nouer aanraking gekom met Marié van Reenen - die dogter van Frik van Reenen - wat sekretaresse van die vereniging was en later sy vrou sou word, al was daar toe nie sprake van enigiets meer as vriendskap nie. Hy was ook redakteur van die skooljaarblad waarin van sy eerste gedigte gepubliseer is.[5]

Die vier jaar wat Opperman op Vryheid skoolgegaan het, was 'n heerlike tydvak in sy lewe. Onder die skoliere het daar 'n hegte band bestaan en dikwels is daar partytjies gehou. By dié geleenthede het dit geblyk dat Opperman wat baie populêr was onder sy maats en dikwels die leiding geneem het, glad nie so ingetoë was as wat aanvanklik vermoed is nie. Onder sy beste maats op skool was ‘Smiles’ de Waal, Ben en Piet Pienaar, Jannie Theron, 'n Skandinawiese seun met die naam Norman Jensen en Philip Nel. Ben Pienaar was in Matriek die hoofseun en later hoofonderwyser op Vryheid, en Opperman het sy hele lewe lank kontak met hom behou, terwyl Jannie Theron apteker geword het en later met sy suster Liz getroud is. Philip Nel, later Direkteur van Onderwys in Natal, se ouers was boere naby die Swartfoloos. Omdat hy op die dorp moes loseer, het hy dikwels naweke by die Oppermans deurgebring. Daar het hy vir die eerste maal daarvan bewus geword dat sy vriend ‘versies maak’, al het die jong digter baie min daaroor gesels en sy skrywery in geheimsinnigheid gehul. Hierdie beginsel om nie juis oor sy eie werk te praat nie, het hy ook later in sy lewe konsekwent gehandhaaf. ‘'n Mens praat nie oor brood in die oond nie,’ het hy graag gesê. Ook oor sy persoonlike lewe was min bekend. Dit het byvoorbeeld lank geduur voordat Philip Nel sou uitvind dat Opperman aansienlik ouer was as hy en 'n tyd lank uit die skool geneem is om te boer.

Opperman se nooi in dié tyd was Fie Schoonees, die skoolhoof se dogter, wat in dieselfde klas was as hy. In 'n hol boom by die skool het hulle briefies vir mekaar gelaat en van tyd tot tyd het Fie vir Liz kom kuier met die eintlike bedoeling om haar broer te sien, want haar vader was gekant teen die vriendskap, waarskynlik omdat vader Opperman se spiritistiese bedrywighede en gebrek aan tradisionele godsdienssin teen Schoonees se beginsels as getroue kerkman ingegaan het. 'n Ander vriendin op skool - en ook aanvanklik later aan die Pietermaritzburgse Universiteitskollege - was Gertjie van Rooyen vir wie hy sy Amandelogies genoem het.

Op Vryheid het Opperman soos 'n spons al die kennis ingedrink wat hy deur die onderwys en sy eie leeswerk kon vergader. Vir die eerste helfte van die standerd VII-jaar was Jannie van der Merwe, 'n man wat sy lewe gewy het aan die doseer van Afrikaans aan die Hoërskool Vryheid, verantwoordelik vir die kursus in Afrikaans. Hy het sy leerlinge beïndruk met sy flink optrede, wakker styl en die wyse waarop veral die poësie met hulle behandel is. Ná die Junievakansie het die skoolhoof, dr. P.C. Schoonees, van sy verlofperiode uit Nederland teruggekeer. Omdat sy eie dogter, Fie, saam met Boet en Liz in dieself-

de klas was, het hy besluit om van die senior groepe aan Van der Merwe af te staan en die standerd VII-klas van 1931 tot Matriek deur te neem. Dit was Schoonees wat Opperman Dirk begin noem het, 'n naam wat sy skoolmaats oorgeneem het en wat hy vir die res van sy lewe sou behou, al het sy ouers, broers en susters hom Boet bly noem.

Só het dit dan gekom dat Dirk vir feitlik die volle duur van sy hoërskoolloopbaan onderrig kon ontvang van een van die mees gerekende Afrikaans-onder-wysers in die land. Schoonees was iemand wat met sy jarelange studie in Nederland 'n breë visie op die literatuur gehad het en wat met sy voortgesette navorsingswerk op die hoogte was van die jongste literêre strominge. Met sy Amsterdamse proefskrif oor *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging* (1922) kon hy, ná Preller se herwaardering van Melt Brink en sy oordeel oor *Johannes van Wyk*, die eerste grondige Afrikaanse kritiek lewer waarin suiwer estetiese maatstawe konsekwent deurgevoer is. In die eerste druk van sy dissertasie gee hy 'n herwaardering van die Afrikaanse prosa aan die hand van Tagtigermaatstawe en spreek hy negatiewe oordele uit oor die werk van Von Wielligh, De Waal en Langenhoven. Hierdie uitsprake in *Die Burger* het 'n sterk reaksie van C.J. Langenhoven ontlok en tot 'n polemiek met letterkundige kollegas gelei. By herhaling was Schoonees verplig om sy standpunt duidelik te stel. Daarnaas het hy in verskeie bundels van die eerste literêr-kritiese essays in Afrikaans geskryf, sy analises van prosawerke in resensies en herdrukke van sy proefskrif aangevul en saam met J.R.L. van Bruggen die eerste behoorlike *Inleiding tot die studie van die letterkunde* (1925) in Afrikaans opgestel. Met sy Nederlandse agtergrond, sy wye kennis van die literatuur en sy kritiese bespreking van nuwe publikasies kon Schoonees sy leerlinge se wêreld verruim soos weinig ander onderwysers in Suid-Afrika.

Vir Dirk Opperman se ontvanklike gemoed was Schoonees die spreekwoordelike regte man op die regte tyd. Betreklik gou het hy 'n persoonlike verhouding met hom opgebou, gereeld by hom aan huis gekom, lang gesprekke met hom gevoer en verlof verkry om boeke in sy ruim en omvattende biblioteek te raadpleeg. Daarby het Schoonees sy skoliere aangemoedig om nie net die stereotiepe opstel in te lewer nie, maar om te probeer verse maak, invallende gedagtes in 'n dagboek neer te pen en toneelstukkies of denkbeeldige briewe te skryf.[6] Met hierdie werkwyse het Schoonees meer stelwerk van Dirk ontvang as die res van die klas saam, want elke keer kon sy maats sien hoe sy boek teruggegee word! Jare later het Opperman in *Die tweede verdieping* 'n keur uit die beskouings van Schoonees saamgestel. In die voorwoord tot dié bundel bespreek hy Schoonees se belangrikheid as kritikus, sy stryd vir moedertaalonderrig en die opheffing van die Afrikaanse kind en sy afkeer van die onsuiwer kanseltaal. Daarna betuig hy sy en sy medeskoliere se persoonlike skatpligtigheid teenoor Schoonees:

> Hy het voortdurend by ons 'n gevoeligheid vir die juiste woord, vir die mooi boek, vir geestelike aangeleenthede en die Afrikaanse wêreld aangewakker. Daar-by was sy uitgebreide biblioteek tot my beskikking, en ek het heerlik gelees: Afrikaans, Nederlands, Engels, veral krities gelees, want orals in die boeke was Schoonees aanwesig met onderstrepings, vraagtekens, uitroepe en kommentaar. Ook het hy die kunstenaar in ons probeer uitlok: af en toe moes ons wel die gewone opstel pleeg, maar hy het selfontwikkeling beklemtoon en ons laat skryf wat en waaroor en wanneer ons wou: gedigte, verhale, sketse, boekresensies, aforismes e.d.m.[7]

Opperman het sy lewe lank erkentlik teenoor Schoonees gebly, selfs toe N.P. van Wyk Louw in *Vernuwing in die prosa* ernstige besware teen Schoonees as literator gehad het en hy self sterk van Schoonees verskil het wat die beoordeling van 'n roman soos Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* betref. Sy hulde blyk onder meer uit die feit dat hy gereeld eksemplare van sy bundels aan Schoonees gestuur het.

Alhoewel Schoonees heelwat tyd aan stelwerk en taalkunde in sy kursusse afgestaan het, was die bestudering van die letterkunde sy hoofbelangstelling. In standerd VII en VIII het hy onder meer Hendrik Brand se *Adriaan Hugo*, E.B. Grosskopf se *Patrys-hulle*, W.G. van de Hulst se *De roode vlek* en Leipoldt se *Uitgesoekte gedigte vir jong Suid-Afrika* met Dirk en sy klasgenote behandel. Vir standerd IX en X was onder meer voorgeskryf Aleida Nijland se *Bloemlezing uit Guido Gezelle's Gedichten*, Marié Linde se *Onder bevoorregte mense*, Totius se *Ragel*, Frederik van Eeden se *De kleine Johannes I* en E.C. Pienaar se *Digters uit Suid-Afrika*.[8] Van die gedigte van Leipoldt en Gezelle het 'n groot indruk op Opperman gemaak en in sommige van sy skoolverse is hulle invloed te bespeur. Gezelle se gedig ‘Het schrijverke’ met sy beginreëls

> O krinklende winklende waterding,
> met 't zwarte kabotseken aan,
> wat zie ik toch geren uw kopke flink
> al schrijven op 't waterke gaan!

was byvoorbeeld vir hom besonder aantreklik, en so laat as 1950 vind dit 'n nawerking in die voorstelling van ‘Draaikewers’ in *Engel uit die klip*.

Ragel, baie simpatiek deur Schoonees behandel, was vir Opperman die inleiding tot 'n blywende belangstelling en waardering vir Totius, terwyl *De kleine Johannes I* met sy allegoriese figure hom lank sou bybly. As hy in die sestigerjare *Sewe dae by die Silbersteins* met sy Stellenbosse studente behandel, bring hy die Wistik- en Pluizer-figure in hierdie roman - in een van sy verrassende verbandleggings en as voorbeeld van sy teleskoperende benadering van die literêre tradisie - in verband met dr. Johns, regter O'Hara en Jock Silberstein in Leroux se werk. Afgesien van die amptelike lys voorgeskrewe werke het

Schoonees ook *Inleiding tot die studie van die letterkunde* met sy leerlinge bespreek en hulle op dié wyse 'n basis vir die behoorlike analise van literêre kunswerke gegee. Ook *Ampie* het hy spesiaal met hulle bespreek, want Jochem van Bruggen was juis in hierdie tyd op 'n landsreis met die toneelverwerking van sy roman en het ook Vryheid aangedoen. Schoonees het gereël dat Dirk en Philip Nel kaartjies vir die opvoering help verkoop, en hulle aan Van Bruggen voorgestel. Die ontmoeting was egter teleurstellend, want as gevolg van die skrywer se ernstige spraakgebrek kon hulle skaars 'n woord verstaan van wat hy sê. ‘Hy kry swaar om woorde uit te kry, maar hy kan darem skryf,’ was Dirk se kommentaar na dié ontmoeting.

Naas die twee amptelike tale het Dirk Wiskunde, Wetenskap, Geskiedenis en Latyn as vakke gehad. Hartman Ries was sy Geskiedenis-onderwyser en het - naas die belangstelling in die verlede, wat reeds deur die ervarings van sy voorsate en familielede geprikkel is - die grondslag vir 'n diepgaande historiese belangstelling by hom gelê. As Schoonees die literêr-romantiese pool in Opperman se samestelling sou stimuleer, het Gerard (Koos) Boonstra, die Wetenskap-onderwyser, met sy kritiese kyk op die kerk, sy afsydigheid teenoor religieuse aangeleenthede en sy opstandige gesindheid teenoor die Hertzog-Smuts-regering, vir die ontwikkeling van Opperman se meer wetenskaplike en rasionele pool gesorg. Met sy uitgesproke Darwinistiese oortuiging het hy verder Dirk se belangstelling gestimuleer in die deterministiese denke van die ewolusieleer wat later in sy poësie neerslag sou vind. Boonstra het die skrander rooikopseun tot Blits herdoop, 'n bynaam wat hy vir die hele duur van sy hoërskoolloopbaan sou behou. Boonstra was 'n belese man, 'n lid van die Gryshemde en later die Ossewa-Brandwag en het as 'n baie goeie onderwyser bekend gestaan. In sy optrede was hy nonchalant en in sy onderrigmetodes het hy van die konvensionele afgewyk en nie geaarsel om van tyd tot tyd 'n kragwoord voor sy skoliere te gebruik nie. Alles wat hy teoreties aan sy leerlinge oorgedra het, is in die laboratorium met behulp van eksperimente geïllustreer. Vir die geologiese afdeling van die werk het hy die seuns na Pongola geneem en saam met hulle opgrawings in die Ubombo-berge gedoen, 'n ervaring wat later neerslag vind in Opperman se gedig ‘Vakansiebrief’ in *Heilige beeste*.

Die Engels- en Latyn-kursusse is behartig deur Alec Levine, eweneens 'n uitstekende onderwyser wat sy werk deeglik geken het en dit met oortuiging kon oordra. Onder meer het hy Trollope se *Barchester towers* en Shakespeare se *A midsummer night's dream* met hulle behandel. Uit hierdie Shakespeare-drama sou die woorde van Theseus oor die taak van die digter, wat die filosofiesverylende as boustof afwys en voorkeur gee aan die tasbare en sigbare, later 'n steeds bestendige rigsnoer wees vir Opperman se poëtiese praktyk en vir die advies wat hy as dosent op Stellenbosch aan jong digters en studente in die digkunde sou gee:

> And as imagination bodies forth
> the forms of things unknown, the poet's pen
> Turns them to shapes, and gives to airy nothing
> A local habitation and a name.

Deur die Latyn-kursus het Dirk in aanraking gekom met 'n werk wat 'n baie belangrike invloed op hom sou hê en vir sy besondere opvatting van die digterskap van kardinale belang sou wees. Een van die voorgeskrewe boeke vir die Matriek-kursus was Ovidius se *Metamorphoses: A selection*, geredigeer deur W. Rollo en Oscar J.S. Satchel en in 1931 gepubliseer deur Juta & Kie. Die volledige werk van Ovidius bestaan uit 12 000 reëls, geskryf in heksameters en verdeel in vyftien boeke. Dit het as boustof 'n ryk verskeidenheid verhale wat almal met transformasies van die een of ander aard te make het: chaos wat georden word, diere wat in klippe verander en mense wat die gestaltes van bome, diere of sterre aanneem, dikwels as gevolg van die hartstog van een van die gode vir 'n mens. In sy eerste bundel, wat elf jaar later verskyn, steun die gedigte ‘Echo en Narcissus’, ‘Phoenix’ en ‘Daphne en Apollo’ op boustof waarmee hy reeds in die skoolbloemlesing uit Ovidius kennis gemaak het. In ‘Daphne en Apollo’ praat hy van die twee figure wat ‘elkeen tot 'n stroewe boom verwring/ met takke na mekaar, verstar en naak’, 'n voorstelling wat die gedaantewisseling van die figure sentraal stel. Later verbind hy hierdie gegewe met sy opvatting oor die taak van die digter wat die ewige wisseling van vorme en gestaltes noukeurig moet waarneem, sy eie self moet onteien en moet opgaan in ander figure. Dié opvatting kom voor in baie van Opperman se heel belangrikste verse uit verskillende stadia van sy digterlike loopbaan en bereik 'n hoogtepunt in die grootse siklus ‘Kroniek van Kristien’ uit die bundel *Blom en baaierd*. In drie gevalle waarin hy die metamorfose poëties gestalte laat vind, verwys hy regstreeks na Ovidius. In die dramatiese monoloog ‘Scriba van die Carbonari’ uit *Engel uit die klip* sê die sprekende ek:

> Ons digters, en Ovidius veral,
> het die omskepping van die gees besing
> met Daphne en Niobe[9] in kristal,
> in klippe of in bome vasgewring;

en sien hy dit as sy taak om ‘in volstrekte/ vereenselwiging met alles om my heen: bloeisels, Alpe en viswyf,.../ deur die gedig die engel uit die steen’ te verlos. *Edms. Bpk.*, Opperman se bundel van 1970, steun op 'n motto wat bepalend is vir die gang van die bundel en die sleutel vorm tot die motief van gedaantewisseling wat telkens verder uitgewerk word. Hierdie motto lui:

> Mij lust t' ontvouwen
> hoe de vormen aller dingen
> In nieuwe lichamen verkeerden (.)

Dit is die eerste reëls van Vondel se vertaling van Ovidius se *Metamorfoses* wat begin met die woorde:

> In nova fert animus mutatas dicere formas
> corpora (.)

In sy laaste bundel, *Komas uit 'n bamboesstok* (1979), is daar by herhaling sprake van ‘'n wisseling van lywe’ en in die gedig ‘Ovidius praat mooi met Rooiaas op Franskraal’ verwys die sprekende digter regstreeks na Opperman se studie op skool.

Die ‘wisseling van lywe’ - soos Opperman dit interpreteer - lei daartoe dat die digter basies iets ‘wesenloos’ in homself het en nooit 'n partygenoot kan wees nie. Na alle waarskynlikheid was hierdie insig, wat later so sentraal in Opperman se hele siening van die kunstenaarskap gestaan het, in dié stadium van sy lewe nog skaars genuanseerd of bewustelik by hom aanwesig, maar dit is tog veelseggend dat hy - in teenstelling tot sy ouers, sy broer Maans en sy suster Liz - nie deelgeneem het aan die ekstremistiese politieke aktiwiteite van die dertiger- en veertigerjare nie, maar eerder as buitestaander hulle deelname ontledend waargeneem het. ‘In die werk van die waaragtige kunstenaar,’ skryf hy in 1953 in sy belangwekkende opstel ‘Kuns is boos!’,

> sal ons vind dat hy nie kant kies nie. In sy wese is hy eintlik wesenloos, soos mis of water vloei hy van holte tot holte. In dié opsig gee Keats - 'n digter wat myns insiens soms 'n diep insig gehad het in die aard en taak van die kunstenaar en sy werk - 'n juiste samevatting: ‘As to the poetical character itself...it is not itself - it has no self. It is everything, and nothing - it has no character. It enjoys light, and shade. It lives in gusto, be it foul or fair, high or low, rich or poor, mean or elevated - it has as much delight in conceiving an Iago as an Imogen. What shocks the virtuous philosopher delights the chameleon poet.’ Die werklike kunstenaar is 'n verkleurmannetjie, hy neem die kleur van sy omgewing aan, word een daarmee, word die groen blaar en ook die droë takkie. Met ewe groot oorgawe en wyding is hy sowel die protagonis as die antagonis, sowel die held as die skurk, hy is ewe partydig vir almal, of eerder geheel en al onpartydig, in 'n groot mate dus amoreel deur sy onpartydigheid. Aan die een kant is hy die kuise Josef, aan die ander kant met 'n ewe groot noodsaak die wellustige vrou van Potifar.[10]

Maar ook 'n ander boek sou 'n ingrypende invloed op Opperman hê. In 1933, as hy in standerd IX is en besig om vir aanneming as lidmaat van die Ned. Geref. Kerk te katkiseer, gee Levine, as blyk van waardering vir Opperman se uitsonderlike prestasies in Latyn, vir hom 'n eksemplaar van *The martyrdom of man* deur Winwood Reade. Hierdie boek, wat vir die eerste keer

in 1872 verskyn en daarna talle herdrukke beleef, is 'n interpretasie van die groot periodes in die beskawingsgeskiedenis van die mens vanaf die Egiptiese oudheid, deur die Grieke, Romeine en die Israeliete tot by die Middeleeue en die moderne periodes. Met sy oorrompelende Keatsiaanse styl en sy Wellsiaanse erudisie verdeel Reade hierdie geskiedenis in vier hoofafdelings wat hy agtereenvolgens 'War', 'Religion', 'Liberty' en 'Intellect' noem en relativeer hy Christus tot 'n geskiedkundige figuur wat ontdaan is van sy goddelikheid en almag. 'No book of the kind,' sê John M. Robertson in sy inleiding, 'had ever so forcibly and concretely negated the ordinary religious beliefs.'[11] Oor Christus in sy verhouding tot die Skrifgeleerdes en sy eie dissipels skryf Reade:

> He called the learned doctors a generation of vipers, whited sepulchres, and serpents; he declared that they should not escape the damnation of hell. Because they had made the washing of hands before dinner a religious ablution, Jesus, with equal bigotry, would not wash his hands at all, though people eat with the hand in the East, and dip their hands in the same dish. He told his disciples that if a man called another a fool he would be in danger of hell-fire; and whoever spoke against the holy Ghost, it would not be forgiven him 'neither in this world nor in the world to come'. He said that if a man had done anything wrong with his hand or his eye, it were better for him to cut off his guilty hand, or to pluck out his guilty eye, rather than to go with his whole body into hell. He cursed a fig-tree because it bore no fruit, although it was not the season of fruit - an action as rational as that of Xerxes, who flogged the sea. He retorted to those who accused him of breaking the Sabbath that he was above the Sabbath.[12]

Alhoewel hy in 'n ruim denkende huis met 'n betreklik vrysinnige vader grootgeword het, was die kennismaking met Reade se boek vir die jong en gevoelige Opperman 'n traumatiese ervaring wat tot 'n persoonlike en religieuse stryd gelei het, veral omdat hy in dié stadium besig was met katkisasie. Daarom het hy *The martyrdom of man* aan Levine teruggegee met die woorde dat sy Calvinistiese geloofsoortuiging dit nie vir hom moontlik maak om so 'n boek te besit nie. Levine se reaksie was: 'Nee, goed, ek sal die boek hou. Maar jy is te intelligent om die vrae en kwellinge wat Reade by jou gewek het, onbeantwoord te laat. Oor 'n jaar sal jy hierdie boek van my terugvra.' Levine se voorspelling is bewaarheid. Nog voor die eindeksamen in Matriek het Opperman *The martyrdom of man* weer by hom kom haal en is die religieuse spanninge by hom op 'n vroeë leeftyd tot 'n betreklike eindpunt gevoer. Die kennismaking met Reade se boek is, ten minste gedeeltelik, verantwoordelik vir die afwesigheid van die geding-met-God wat in die eerste bundels van N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw voorkom maar ontbreek in Opperman se vroeë ongepubliseerde verse en sy eerste bundel. Later, in die gedig 'Uit: Die dagboek van 'n seun' uit *Komas uit 'n bamboesstok*, lewer Opperman verslag oor die invloed wat *The martyrdom of man* op hom as jong seun gehad het.

IV

Alhoewel hy reeds op laer skool gedigte geskryf het - oorwegend in Engels - was die verskuiwing na Vryheid en die studie onder inspirerende onderwysers vir Opperman die prikkel tot 'n hartstogtelike belangstelling in die letterkunde. In 'n plakboek het hy artikels bewaar oor die literatuur en verwante aangeleenthede wat in *Die Huisgenoot* en ander tydskrifte gepubliseer is. Deur die welwillendheid van Schoonees kon hy hom nou ook begin verdiep in die Nederlandse literatuur.

Die gedigte wat in hierdie jare ontstaan het, is netjies in 'n oefeningboek oorgeskryf. Hieruit het Opperman nog voor die einde van sy Matriekjaar 'n bundel saamgestel wat hy die volgende jaar aan een van sy dosente aan die Pietermaritzburgse Universiteitskollege sou voorlê. Die skoolbundel het verlore gegaan, maar die beste verse daarin is bewaar in die restant van 'n tweede bundel wat hy tydens sy universiteitsjare geskryf het.

Een van die vroegste gedigte wat behoue gebly het en waarskynlik uit 1932 dateer, is ‘Die klossie’. Volgens 'n mededeling van Opperman self in 'n brief van 31 Mei 1953 aan G.S. Nienaber[13] het dit ontstaan na die lees van Leipoldt se voorgeskrewe *Uitgesoekte gedigte vir jong Suid-Afrika*:

> Ou jakaranda-klossie,
> As ek nou sterf wat sal dan van my word?
> Die klossie beef...
> Toe val hy na die grond.

Uit 1932 of 1933 dateer ook ‘Die jakaranda’, 'n beskrywing van 'n boom wat voor die Hoërskool Vryheid gestaan het.

Die gedigte wat uit Opperman se jare in standerd IX en X bewaar gebly het, is talryker en toon ook plek-plek in die sinsbou iets van sy latere woordekonomie. ‘Ouderdom’, sy eerste sonnet, toon - soos hy trouens in die brief aan Nienaber noem - 'n verwantskap met Eugène N. Marais se ‘Mahlo-a-Naledi’[14] waarin daar sprake is van 'n jonggestorwe dogtertjie wie se ‘reine onskuld op die vreeslik' pynbank’ uitgerek is. In ‘Dik reën-geswelde wolke’ word 'n mens getref deur die waarneming van wat indertyd Opperman se onmiddellike omgewing moet gewees het. Ook ‘Die dromertjie’ getuig van besonder fyn waarneming. Nog 'n gedig wat hoofsaaklik op natuurwaarneming berus, is ‘O lente-son, ek het jou lief’ waarin daar 'n sekere verwantskap met Gezelle voorkom. In twee gedigte is daar sprake van 'n liefdesverhouding. In ‘Gesterk’ vra hy 'n ‘teken’ van die geliefde, terwyl ‘Gevoelens nie’ met sy ‘hoë liefde’ reeds aan die vroeë Dertig herinner, al kon Opperman in dié stadium die werk van N.P. van Wyk en W.E.G. Louw alleen uit sporadiese

tydskrifpublikasies geken het. 'n Laaste skoolgedig wat bewaar gebly het omdat dit in Opperman se eerste jaar aan die Natalse Universiteitskollege in die *College Magazine* (jaargang 31, Junie 1935) gepubliseer is, het die titel ‘Seepbelle blaas’:

Seepbelle blaas! Seepbelle blaas!
In die tere morewaas.

Met die moremis om my
En hier en daar 'n goue plas,
Kyk ek na die belle as
Hul deur die missies gly.

Toe nog een uit d' pypie swel
En opstyg in die skemerglans
In 'n ligte seepbeldans,
Het ek ook saamgesnel.

In die blou het ek gesweef,
Waar alles goue lokkies kry
Van die ryke kleur-gety,
Wat binne in my leef.

Die bel se tere tintjies
Kom almal van die morerooi,
Wat sy kleure sprietend gooi
In die goue splintjies.

Die son, wat nie wou verstaan
Het gou my seepbel deurgesteek
En die kleureprag gebreek -
Die bel val soos 'n traan.

More in die skemering
Kan jy jou wange weer laat swel;
Blaas opnuut 'n tere bel
Wat weer die kleure bring.

Seepbelle blaas...

Afgesien van gedigte het Opperman op skool gebruik gemaak van Schoonees se ope uitnodiging om stelwerk in te lewer en ook resensies oor nuwe boeke te skryf. Op 'n keer het hy 'n fantasie oor piramides op hulle erf ingelewer, maar Schoonees het daar niks van gehou nie. In standerd IX skryf hy 'n kortverhaal met die titel ‘Die reënoffer’ waaruit sy diepgaande kennis van die Zoeloe

duidelik blyk. Die verhaal is gesitueer in die wêreld van sy grootvader se plaas Stedham, onder meer met die verwysing na die kokende moddergate waarin die ‘swaweldampe en ander verstikkende gasse wat hier uitwalm en dralend opkrul,...klein blasies op die papperige modder (veroorsaak), wat dan een vir een stukkend plop en die opgeslote gas vrylaat’. Dié siening berus op die waarneming van die warmwaterbronne noord van Stedham, 'n gegewe wat Opperman ook in die gedig ‘Borrel’ in sy eerste bundel sal gebruik. Schoonees het soveel van die verhaal gehou dat Opperman in 1934 besluit het om dit vir moontlike publikasie aan 'n tydskrif voor te lê. Liz het ‘Die reënoffer’ oorgetik en dit is na *Die Huisgenoot* gestuur. In 'n brief van 20 Augustus 1934 aanvaar Markus Viljoen, indertyd die knap en ondernemende redakteur van *Die Huisgenoot*, die verhaal en sê hy: ‘Meer verhale van daardie gehalte sal altyd welkom wees...Die netjiese manuskrip was 'n verkwikking!’ Op 7 September 1934 verskyn ‘Die reënoffer’, na die gedigte in die skooljaarblaaie, die eerste gepubliseerde stuk van Opperman waarmee terselfdertyd 'n lang verbintenis met *Die Huisgenoot* begin.

V

In sy Matriekjaar het Dirk Opperman al sy kragte ingespan om sy skoolloopbaan suksesvol af te sluit. Tydens die September-eksamen, wat as 'n oefenlopie vir die einde van die jaar beskou is, was hy egter só oorwerk dat hy die kluts kwytgeraak het. Toe hy die laaste vak moes skryf, het hy in die eksamenlokaal net 'n oomblik na die vraestel gekyk, na die toesighoudende onderwyser gestap, die vraestel voor hom neergegooi en gesê: ‘Jy kan dit sélf skryf.’ Gelukkig het die onderwyser dadelik die snaakse uitdrukking in die seun se oë gesien en hom na die hoof geneem. Schoonees het besef dat Dirk nie kon skryf nie en hom aangeraai om 'n bietjie in die veld te gaan stap totdat hy beter voel. Daar het sy maag onklaar begin raak en het hy begin opgooi. Terug by die huis wou sy moeder hom dadelik dokter toe neem en het sy hom gevra om sy baadjie aan te trek. Tot haar ontsteltenis was hy só deurmekaar dat hy, toe sy weer kyk, probeer het om in een van die ‘kleintjies’ se skoolbaadjies in te kom. Die dokter se bevinding was dat hy heeltemal ooreis is; hy sou 'n tydjie moes uitrus. Volgens die regulasies van die Natalse Onderwysdepartement vir so 'n geval is die gemiddelde punt van die klas aan hom vir dié vak toegeken, maar ten spyte daarvan het hy nog steeds sy eerste posisie gehandhaaf.

Aan die einde van 1934 het Dirk die Matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika afgelê en die besondere prestasie verwerf om die beste uitslag in die Hoër Taalbondeksamen te behaal. Met hierdie prestasie het hy 'n onderwysbeurslening ontvang om van die begin van 1935 af by die Natalse Universiteitskollege in Pietermaritzburg te studeer.

Alhoewel die beurslening sy studie- en losiesgelde sou dek, het dit nie voorsiening gemaak vir sakgeld en allerlei ekstra uitgawes nie. Daarom was vader Opperman aanvanklik nie baie entoesiasties oor die voorgenome studie nie en het hy - meer uit desperaatheid oor hoe hy Dirk in sy swak finansiële posisie kon help as uit werklike verset teen universitêre opleiding - sy seun probeer afraai om na Pietermaritzburg te gaan. Dirk was egter gretig om onmiddellik met sy studie te begin en Sannie Opperman was bereid om ekstra naaldwerk te onderneem om vir hom sakgeld te kan gee. Aan die begin van 1935 het hy Vryheid verlaat vir sy eerste jaar as student in Pietermaritzburg.

Eindnoten:

1 Frik van Reenen - sy volle name was Frederick Wilhelm (20.5.1881-1.7.1943) - se oorgrootvader was Sebastiaan Valentyn wat 'n plaas gehad het naby dié van die stamvader van die Oppermans in Suid-Afrika. Sebastiaan Valentyn was die skrywer van 'n dagboek oor sy bootreis langs die Weskus tot in Walvisbaai wat hy in 1793 onderneem het. Omdat hy so baie kinders gehad het, is Frik se vader Jacob Louwrens (gebore 1842), na Natal waar hy met 'n mej. Dannhauser uit 'n Duitse sendelingfamilie getroud is en die plaas Vryheid tydens die periode van die Nieuwe Republiek aan hom toegeken gekry het. Later, ná sy vrou se dood, is hy hertroud met Anna-Maria Birkenstock, dogter van Coenraad Birkenstock, een van die ondertekenaars van die Vrede van Vereeniging. Frik word aanvanklik onderwyser by Paardeberg, loop 'n regskursus en werk as prokureur op Vryheid, maar tree terug uit die firma as sy vennoot in die depressiejare van die boere se plase wil afvat. Van die talle staaltjies wat daar van Frik van Reenen bekend is, vertel C.J.M. Nienaber in *Tuinprovinsie Natal* (Kaapstad, 1977) die volgende:

> Opperman se skoonvader, oom Frik van Reenen van Vryheid, was... iemand wat allerlei staaltjies laat ontstaan het. Sy dogter Marié skryf aan my: 'In die boek oor die stigting van die Nasionale Party sal jy uit die beginjare in Natal nogal 'n prentjie kry van my woelige pa van wie Jansen (...) daar sê: "Frik van Reenen is te haastig."'
> Daar word vertel dat oom Frik graag op die drukste sypaadjie in 'n groot stad skielik vasgesteek het. Met een hand oor die oogbanke tuur hy dan soekend in die lug op. Totdat 'n skare om hom heen sy voorbeeld volg. In dié stadium stap hy ewe doodluiters weg, tot op 'n afstand, waarvandaan hy selfvoldaan die spektakel kan dophou.
> Eenkeer het oom Frik op 'n sypaadjie 'n wildvreemde man skielik en uitgelate die hand toegesteek en gesê: 'Dag, ou Hendrik! Mintag, man, maar ek het jou lank laas gesien!' Hulle het later baie goeie vriende geword.
>
> Tydens 'n kongres in die dertigerjare op Vryheid is daar 'n middaguitstappie gereël. Elkeen moes vir sy eie verversings sorg. Oom Frik het 'n kwart mudsak kaboemielies saamgeneem. Daardie aand het hy met 'n leë sak teruggekeer, sodanig het die kongresgangers sy vrag vir hom help ligter maak. (p. 85)

2 O. Geyser en A.H. Marais, *Die Nasionale Party*, I, Pretoria/Kaapstad, 1975, p.419.

3 Vir die geskiedenis van Afrikaans as taal van die onderwys in Natal kyk *Neon*, 18, Augustus 1975.

4 In dieselfde jaar publiseer Opperman in *Die Huisgenoot* van 25 November 1949 ‘Die toekoms van my nasie’, 'n geleentheidsgedig by die inwyding van die Voortrekkermonument.

5 Die jaarblaaie van die Hoërskool Vryheid uit die periode 1931-1934 kon, ten spyte van alle moontlike navrae en leidrade wat opgevolg is, nie gevind word nie, en 'n mens moet redelikerwys aanneem dat hulle volledig verlore geraak het. Die kluis van die Hoërskool Vryheid strek net terug tot 1936, bejaarde inwoners van die dorp besit die jaarblaaie nie, en in die boekery van P.C. Schoonees by die NALN in Bloemfontein is hulle ook nie. Dit is egter bekend dat daar wel gedigte van Opperman in die jaarblaaie verskyn het. Blykbaar is die jaarblaaie nie gedruk nie, maar - soos die gewoonte dié tyd was - op wasvelle getik, afgerol en vasgekram.

6 Schoonees was van 1926 tot 1946 hoof van die Hoërskool Vryheid; daarna op Stellenbosch hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. In sy eie gepubliseerde werk vind die wêreld van Vryheid onder meer neerslag in enkele van die briewe wat hy in *Jannie* (1926) opneem. Onder die pseudoniem Jan Kloppers gee hy in 1953 in die roman *Groenfontein se mense* 'n beeld van die frustrasies en vreugdes van 'n skoolhoof op 'n Natalse dorpie, 'n boek wat in 'n hoë mate op sy eie evarings berus. Op p. 58 skryf hy oor die skoolhoof se instelling ten opsigte van stelwerk, wat met sy eie werkwyse ooreenstem:

> In plaas van die stereotiepe opstel het hy hulle aangemoedig om te skryf oor enige onderwerp wat hulle plesier gee. Party het versies gemaak, ander het 'n dagboek gehou vir invallende gedagtes, ander het denkbeeldige briewe geskryf. Daardeur het hy die besondere aanleg van elke leerling ontdek en kon hy raad gee by die keuse van 'n beroep. Twee van sy leerlinge het later self gepubliseer en dit het hom gesterk in sy oortuiging dat aanmoediging 'n veel beter prikkel was as slegsê of sarkasme. Party leerlinge het in hul oorspronklike stukkies werklik hul harte oopgemaak en sonder enige terughouding hul intiemste gedagtes geopenbaar.

7 Voorwoord tot *Die tweede verdieping*, Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg, 1962.

8 Pienaar se bloemlesing verskyn nie op die amptelike lys van voorgeskrewe werke vir 1934 nie, maar volgens inligting van mev. Liz Theron is dit wel met hulle behandel. Schoonees moet dus *Digters uit Suid-Afrika* self bygevoeg het.

9 'n Nie-gebundelde kwatryn oor Niobe verskyn in *Standpunte*, III: 2, April 1948.

10 *Wiggelstok*, Kaapstad, 1959, p. 149. Die laaste aangehaalde sin is 'n toespeling op die digter-figuur wat in ‘Scriba van Egipte’ in *Engel uit die klip* sê:

> Ek is een oomblik Potifar
> se vrou met die japon en silwer koord
> nalatig los, dan Josef wat verwar
> van daardie dy en skemerende lies
> wegvlug.

11 *The martyrdom of man*, Londen, 1948, p. vii.

12 Ibid., p. 180

13 Die brief is in die besit van prof. G.S. Nienaber, maar 'n fotokopie is by die Opperman-dokumente in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek. Die gedigte wat hier aangehaal word, kom uit die manuskrip *Opwaartse drif* wat Opperman in 1953 aan prof. Nienaber geskenk het. 'n Fotokopie daarvan is ook by die Opperman-dokumente.

14 Eugène N. Marais, *Versamelde werke*, 2, onder redaksie van Leon Rousseau, Pretoria, 1984, pp. 1044-1045.

Hoofstuk 3
Student in Pietermaritzburg

I

Die Pietermaritzburg waarheen Dirk Opperman aan die begin van die akademiese jaar 1935 is om sy universiteitstudie te begin, was 'n klein stadjie met breë strate, ruim parke, pragtig geleë woongebiede en 'n blanke inwonerstal van 17000. As oorspronklike aanleg van die Voortrekkers was daar die Geloftekerk en allerlei ander reste van en herinneringe aan die historiese verlede, terwyl dit as hoofstad van Natal die geboue van die Provinsiale Administrasie, 'n hooggeregshof, 'n museum, 'n argief, een van die vyf kopieregbiblioteke in die land en die hooftak van die Natalse Universiteitskollege gehuisves het. Tog was Pietermaritzburg met die afwesigheid van mynbou en groot nywerhede 'n rustige, agrariese stad om in te woon en het dit reeds in dié jare as die ‘sleepy hollow’ bekend gestaan.

Ten spyte van sy Afrikaans-Hollandse herkoms was Pietermaritzburg in die dertigerjare 'n oorwegend Engelse gemeenskap met 'n bepaald antagonistiese gesindheid teenoor die Afrikaner. In die winkels was die bediening uitsluitlik in Engels, en as iemand sou waag om in Afrikaans vir 'n artikel te vra, is daar kortaf vir hom gesê: ‘I don't speak that language.’ Só volslae Engels was die omgewing dat 'n Afrikaanssprekende sou omgekyk het as hy iemand op 'n sypaadjie Afrikaans sou hoor praat. Die Afrikaanssprekendes wat daar wel in die Engelstalige gebiede van Natal gewoon het, was meestal handearbeiders of spoorwegwerkers sonder behoorlike skoolopleiding, mense wat weens die droogte en depressietoestande hulle plase moes verlaat en in die stede 'n heenkome moes vind. By geleentheid het dit gebeur dat 'n pas aangestelde bestuurder van Volkskas 'n huis in Pietermaritzburg wou koop. Die eiendomsagent het hom na 'n swakker deel van die stad geneem en feitlik 'n krot gewys. Toe die voornemende eienaar beswaar maak teen die gehalte van die huis, was die reaksie van die agent: ‘But it is good enough for you Afrikaners’!

Hoewel daar dus 'n anti-Afrikaanse gevoel in die stedelike gemeenskap geheers het, was dit nie - of dan nie in dieselfde mate - die geval onder die

studente nie. In 1935 het die Natalse Universiteitskollege in Pietermaritzburg maar 'n skrale driehonderd studente gehad en onder hulle - die Afrikaanssprekendes ingesluit - was daar gevolglik 'n sterk samehorigheidsgevoel. Almal het mekaar geken en daar was geen skeiding tussen fakulteite, departemente of taalgroepe nie. Tog was die hele gees oorwegend Engels en die getal Afrikaanssprekendes baie klein. As Afrikaner moes jy òf Engels word òf tevrede wees met 'n redelike mate van isolasie. Vandaar dat Opperman - wat in elk geval daartoe geneig was om 'n alleenloper te wees - later kon getuig dat hy tydens sy eerste jaar aan die Universiteitskollege 'ongelukkig gevoel het met die hele omgewing en omstandighede'.[1]

Ten spyte van hierdie Engelse gees het die Engelstalige studente nie neergesien op die Afrikaners nie, al wou hulle dinge soos die gebeure in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog nie aanvaar nie en het twispunte oor die historiese verlede soms tot felle debatte gelei.[2] In so 'n mate is die Afrikaners egter deur die Engelstaliges aanvaar dat Johan Boshoff - later rektor van die Universiteit van die Noorde - voorsitter van die Studenteraad geword het, ten spyte van die feit dat hy 'n uitgesproke Malaniet was. In 1936, toe Opperman 'n tweedejaarstudent was, het hy en Boshoff in 'n brief aan *The Natal Witness* beswaar gemaak teen die rolprent *Rhodes of Africa* waarin Paul Kruger eensydig en belaglik voorgestel is. Die brief, wat in die uitgawe van 16 Junie 1936 verskyn, is 'n illustrasie van die logika en redeneervermoë waartoe die twee studente reeds in dié stadium in staat was.

II

In 1935 het die Natalse Universiteitskollege in Pietermaritzburg uit slegs drie geboue bestaan. Daar was die Hoofgebou met sy toring wat die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte gehuisves het, 'n gebou vir Wetenskappe aan die westekant daarvan, en aan die oostekant die biblioteek met die Kunsdepartement op die boonste verdieping. Verder was daar 'n koshuis vir dames en die University Lodge vir manstudente in Durbanweg. In hierdie koshuis, wat drie en veertig mans kon huisves, het Dirk Opperman in sy eerste twee jaar teen die bedrag van £60 per jaar gewoon.

Uit sy Matriekklas was Opperman die enigste wat regstreeks sy studie aan die Universiteitskollege sou voortsit. Die 'ander Vryheidters', so skryf hy in sy artikel 'Twee bottels wyn',

> soos Ben en Piet Pienaar, Rosie Roos, Flip Nel...en Gertjie van Rooyen is na die Opleidingskollege en sou eers in hulle tweede jaar vakke aan die Universiteit loop, onder meer Afrikaans-Nederlands I. Ek het hulle dus maar net af en toe gesien en betreklik eensaam gevoel. Van Utrecht het daar 'n groepie Afrikaners gekom met wie ek sou kennis maak.[3]

Onder hierdie studente was Johan Boshoff wat reeds in 1934 in sy eerste jaar was, Jan Scannell wat later uitgewer in verskillende hoedanighede by die Nasionale Boekhandel-groep in Kaapstad sou word en van Opperman se publikasies sou behartig, Wessel van Niekerk, later inspekteur van skole in Natal, en Izak le Roux met wie Opperman gou 'n besonder noue vriendskap gesluit het en wat later direkteur van die Chrysler-maatskappy in Suid-Afrika sou word. Die Afrikaanse studente het 'n hegte groepie gevorm en dikwels dinge saamgedoen. Die spanninge in die Afrikanergeledere van die dertigerjare was nie juis voelbaar onder die studente nie, al was sommige van hulle uitgesproke V.P. - ondersteuners en ander weer sterk Nasionaalgesind. In hulle kulturele belewing was daar 'n eensgesindheid en het die verskille nie opgeval nie. Onder die ander Afrikaanstalige studente was daar Sokrates Jooste, Johannes van Wyk, Hermann Prozesky en M.J. Harris wat ook gedigte geskryf en later 'n hele paar boeke gepubliseer het. Later het bygekom Stoffel Nienaber, Sheila Cussons, Philip Grobler, Jan Breytenbach en Eddie de Beer. Omdat hulle 'n paar jaar jonger was as hy, sou Opperman die meeste van hulle eers as senior studente leer ken.

University Lodge, waarin Opperman aan die begin van 1935 sy intrek geneem het, met Jack Freedman as kamermaat, was 'n ou, redelik donker baksteengebou met 'n mooierige ingang en 'n balkon. Aanvanklik het die studente nie gehou van die kos wat aan hulle voorgesit is nie. Een aand het hulle selfs sover gegaan om 'n eetstaking te organiseer, iets wat tot 'n verbetering in die gehalte gelei het. Tog was daar 'n aangename gees in die koshuis, veral omdat prof. Alan Hattersley, 'n oujongkêrel en hoof van die Departement Geskiedenis, die inwonende koshuisvader was. In ‘Twee bottels wyn’ skryf Opperman oor hom:

> Hy het Vrydagaande die kosgangers in klein groepies onthaal. Eers is daar gesels en dan het ons ‘monopoly’ gespeel. Ongeveer nege-uur het hy na 'n kamer langsaan gestap om die tee, koek en ander versnaperinge gereed te kry. Met die draai van sy rug het die vingers meteens uitgegryp na die groot houtdoos vol sigarette en elkeen het 'n handvol in sy sak gesteek. Prof. Hattersley was 'n sagsinnige man en het nooit moeilikheid gesoek nie! Saans moes ons gaan eet met donker pakke en togas aan. Die medaljehouers in 'n vak het dan om die beurt in Latyn gebid. So het ek ook na my eerste jaar ge-‘Benedic Domine nos’ - omdat ek saam met 'n buitemuurse student, M.J. Harris - ook 'n digter en skrywer - die medalje in Hollands I verwerf het.[4]

Ongeveer negentig persent van alle studente wat in 1935 in Pietermaritzburg by die Universiteitskollege ingeskryf het, was mense wat as gevolg van die depressie met beurslenings van die Natalse Onderwysdepartement daartoe in staat gestel is. Die houer van so 'n beurslening was kontraktueel verplig om dieselfde aantal jare as wat sy studies geduur het, diens as onderwyser te lewer

en daarnaas die lening saam met vyf persent rente deur maandelikse aftrekkings van sy salaris aan die Natalse Provinsiale Administrasie terug te betaal. Philip Nel, Jan Scannell, Wessel van Niekerk en Opperman was almal mense wat met behulp van provinsiale beurslenings gestudeer het en nie een van hulle het juis geld oorgehad vir enige luukshede nie. Dit was die dae van studentearmoede, en in die hele Universiteitskollege het net Stephanie Kemp en Des Clarence - later prinsipaal van die Universiteit van Natal - motors besit, laasgenoemde 'n klein vuurhoutjiedosie-Austin. In sy senior jare het die welgestelde Johan Boshoff 'n Opel vir die astronomiese bedrag van £120 gekoop. Dirk Opperman kon van sy derde jaar af 'n klein groenerige motorfiets bekostig wat hy vir £25 in die hande gekry het.

As gevolg van die benarde finansiële situasie waarin die meeste studente hulle bevind het, was hulle sosiale bedrywighede baie beperk. Dikwels het hulle lekkers en vrugte gekoop en lang wandelinge onderneem na die middestad - meer as vier kilometer ver. Daar het hulle by The Creamery of Christie gaan tee drink of in die Grand, die King of die Excelsior gaan fliek waar die prys van 'n kaartjie sewe pennies was. Soms het hulle brug of snoeker gespeel, platesessies gehou, Saterdagmiddae rugby gaan kyk en enkele kere funksies saam met die dames bygewoon. Soos sy gewoonte op skool was, het Opperman dikwels sy medestudente geterg. By geleentheid het hy en 'n paar maats wilde uie en brandnetels in van die ander se slaapklere gesteek. Hy kon 'n hoenderhaan se kraai perfek namaak en tot groot vermaak van sy vriende het hane in die buurt begin saamkraai as hy die aand op sy stukke was.

Hoewel Opperman 'n aansienlike jong man met golwende rooi hare was en sosiaal baie aangenaam en plesierig kon wees, het hy bekend gestaan as iemand wat sy eie koers loop en hom nie veel aan die studentelewe steur nie. Dit was reeds in hierdie stadium vir hom 'n uitgemaakte saak dat hy 'n digter wil word en hy het nougeset dié ideaal nagestreef. Hy was behep daarmee om skeppenderwys te lewe. Met sy natuurlike nuuskierigheid het hy ‘aaslustig’ in 'n groot verskeidenheid dinge belanggestel en besonder baie gelees, maar alles met die doel om dit op die een of ander wyse in sy digkuns te laat uitkristalliseer. Sy opvatting oor die ewige wisseling van vorme en gestaltes en die wesenloosheid van die kunstenaar, wat in hierdie stadium reeds deur die studie van Ovidius by hom gewek was, het skynbaar nog weinig tot uiting gekom. Aan fel politieke debatte het hy min deelgeneem en feitlik nooit gesprekke oor die bestaan van 'n Godheid gevoer nie. Hy was bekend as iemand wat selde kerk toe gegaan het en wat deur predikante se styl geïrriteer is.[5] In Pietermaritzburg was daar 'n ds. J.E. van Heerden wat met die onmoontlikste beeldspraak vorendag gekom het, soos ‘Die Heilige Gees is nes 'n broeis hen wat op haar eiers neerdaal en dit warm hou.’ Met sy ingesteldheid op korrekte taal- en beeldgebruik het Opperman 'n renons in sulke dinge gehad.

Tog het hy nie as persoon die indruk van wesenloosheid gewek nie. Hy was

iemand met besliste oortuigings wat homself kon laat geld as dit nodig was, al het hy bekend gestaan as 'n beskeie persoon wat min oor homself gepraat het. Oor sy familie-agtergrond het hy nooit iets gesê nie; ook nie dat hy reeds op skool in *Die Huisgenoot* gepubliseer het nie. In die jare 1935-1938 het hy 'n dagboek gehou waarin hy, naas optekeninge van gesegdes, eienaardige gebruik van woorde, temas en belewenisse met meisies, gedagtes neergeskryf het oor die wese van die mens, sy herkoms en bestemming. By een geleentheid het hy hierin opgeteken dat ‘die mense...uit 'n vrees (aanbid)’ en dat hierdie vrees die oorsaaklike faktor vir die totstandkoming van die verskillende godsdienste is. By 'n ander geleentheid skryf hy: ‘Vir my is my eie hoogste belewing van godsdiens deur kuns,’ 'n uitspraak waaruit 'n mens kan aflei dat Opperman wel intens oor sy verhouding tot God nagedink het. So vroeg as 1935 skryf hy in sy dagboek die volgende aantekeninge:

> Ewigheid:
> Wat is dit?
> ‘Iets wat aanhou en aanhou en aan hou...iets wat altyd is...so iets. Soos die sterre. Jy sien sterre. Agter hulle is nog sterre en agter hulle nog en so hou hulle vir altyd aan.’
> Seuntjie stap weg. Dink daaroor.
> Ewigheid vir hom soos die Royal Bakpoeierblikkies. Op die een blikkie is die prentjie van 'n ander blikkie en op die v nog een en op die van nog een en so hou hulle aan en aan vir altyd...

Hierdie voorstelling van die ewigheid moes lank by hom nagewerk het, want jare later neem hy in *Kuns-mis*, 'n versameling gedigte wat in 1964 verskyn maar oor 'n groot aantal jare ontstaan het, die gedig ‘Aaispaai’ op waarin hy dié gegewens verwerk.

Alhoewel Opperman met die meeste Afrikaanstalige studente bevriend was, het hy 'n besonder hegte verhouding opgebou met die intelligente en wakker Izak le Roux wat hy al sy gedigte voor publikasie laat lees het. Le Roux se moeder het gedweep met C.H. Welch se *The dispensational truth*, 'n boek ‘met simboliese voorstellings van die Profete en verklarings van die profesieë’[6] wat ook Opperman beïndruk het en wat tydig en ontydig in Le Roux se gesprekke as bewysmateriaal aangehaal is. Dikwels het die skraal, feitlik asketiese Le Roux en die gesette Opperman saam deur die strate gestap en is die twee vriende deur hulle maats, na aanleiding van die voorgeskrewe bloemlesing van Dekker uit die Nederlandse poësie, tot Maerlant en Boutens herdoop![7]

In hulle eerste twee jaar het Opperman en Le Roux in University Lodge ingewoon, maar in 1937 het hulle albei private kamers betrek by St. Patricklaan 106, die huis van Gert Nel, 'n rysige oubaas wat afslaer was en as voorsanger in die kerk opgetree het. Dit was toe lank reeds Opperman se gewoonte om snags tot die vroeë oggendure te werk en in die middag te slaap, 'n werk- en leefpa-

troon wat hy vir die res van sy lewe sou volg. Juis weens hierdie middagslapery het hy een aand te laat vir ete opgedaag. 'n Hewige rusie met wedersydse verwyte tussen hom en sy hospita het ontstaan, en Opperman en Le Roux het besluit om onmiddellik van woonplek te verander. Hulle het hulle intrek geneem in die Green Cottage, 'n losieshuis langsaan die Victoriaanse huis van die medikus dr. C.J. Albertyn met wie hulle goed bevriend geraak het. Naby die Green Cottage was mev. Dientjie Harding se eenvoudige maar onberispelik netjiese huisie in Burgerstraat 287 in die hart van die stad. By haar het hulle geëet en dikwels saam met haar kinders croquet voor die huis gespeel.

III

Opperman se dagboek uit die jare 1935-1938 gee, naas optekeninge van gedagtes, gesegdes en temas, veral 'n noukeurige verslag van sy liefdeslewe, in so 'n mate dat hy in 'n latere dagboek wat uit 1946 dateer, afkeurend daarna verwys as iets wat ontaard het in ‘'n optekening van verhoudinge met vroumense’. In die dagboek word die meisies net by wyse van 'n voorletter of 'n simbool aangedui en is daar 'n mate van opsetlike misleiding. As 'n mens vandag die identiteit van die betrokkenes wil vasstel, moet jy dus steun op inligting van persone met wie hy indertyd bevriend was.

In sy eerste jaar het Opperman van tyd tot tyd sy skoolvriendin, Gertjie van Rooyen, uitgeneem wat toe student aan die Opleidingskollege was. In 1936 het Retha Meintjes van Utrecht in Pietermaritzburg kom studeer in 'n tyd, soos Opperman later sou getuig,[8] toe 'n Afrikaanse nooi iets skaars aan die Natalse Universiteitskollege was. Hy het haar heel gou begin uitneem. Op 19 Maart nooi hy haar saam na 'n debat en na afloop daarvan is daar 'n vrolike party by die rivier. Vir lesers van sy kompakte, kernagtige poësie, waarin elke woord 'n funksie het, is dit nogal vreemd om die verliefde Opperman in die styl van die week-romantiese prosa van die dertigerjare te ervaar! Hy skryf in sy dagboek:

> Die bootjie gly oor die stilte self al stroom af: die oorhangende wilgerstringe vee teen ons gesigte. Ons twee sit voor in die skuitjie. Die stille sterreflonkering wat wyd om ons uitstrek en diep lê in die koele klare waters. Die vorm van haar lyf in my arm, die wind deur die ligte hare, en die slap ooglede op die droomoë. 'n Opkomende gevoel wat hunker om in woorde vasgelê te word, het ek onderdruk...maar woorde is nie die enigste draer van 'n mens se gevoel nie.

Die volgende aand om sewe-uur, net na aandete, gaan hy weer na die dameskoshuis toe:

> Ek het nog my toga aangehad want daar was nie tyd na ete om dit te bêre nie. Ingehak het ons gestap...stadig en die koel aandlug genietende. Sy wou weer

> om 7.45 terug wees om debat toe te gaan. Laag het die suiderkruis skuins in die nag gehang. En toe ons terug stap, het daardie weemoedige geluk weer by my opgekom, ek wou dit weer onderdruk maar toe ons in die smal paaidjie stap tussen die bome het ek my hart se heiligste aan haar ontvou...Ons diepste wesens het soos twee vlamme inmekaar ingesmelt en voortaan sou ons maats wees, waaragtige maats wat mekaar lei...Toe het ons op die bank onder die ou jakarandaboom gaan sit en op 'n toepaslike manier mekaar se erns verseker. Later het ek 'n sigaretjie gerook...en sy het nie debat toe gegaan daardie aand nie.

Waarskynlik na aanleiding van dié ervaring skryf hy vir haar die volgende woorde:

> Ek het jou tot my tempel toegelaat
> Om in die groen gedempte lig
> Nie een geheim gedek te laat
> Maar soos met my God met jou te praat.[9]

Dikwels spreek uit die dagboek die onrustige emosies van die jong gemoed, die liefdesmisère, die onsekerheid of die liefde beantwoord word en ‘afwisselende stemminge van geluk en bitterheid’. As hulle op 7 April in die trein sit onderweg huis toe vir die April-vakansie van 1936, drink hulle 'n drankie:

> Aangenaam het ons gesels en 'n afskeidsvertedering het elke woord versag. Ek steek 'n sigaret op...die blou omkrullende rook sliertjies...Ek sien haar gesig aan die anderkant v/d tafel...tussen ons 'n pot geelblomme. Weer het ek my spyt vir die vorige aand herhaal. ‘Ag, moenie. Dit was my skuld netsowel as joue...’ Ons het nog 'n langruk in die gangetjie gesels en toe gegroet en gaan slaap.
> ‘Die tyd is die beste toets...daar sal dae kom en ek sal nie by jou wees nie maar 'n ander sal kom...en jy sal verplig wees om te kies, sonder my hulp en sodoende sal jou ware gevoel kans kry om na vore te kom. Die vakansie met sy lang ure kom, hy bring mee verskillende genuanseerde situasies...en die tyd sal sy toets maak.’

Tydens die vakansie leer Opperman sy Matriekmaat Jannie Theron se suster Marie beter ken, 'n swygsame meisie saam met wie hy die stilte van die veld geniet en oor wie se skryfpogings hulle gesels. In die Junie-Julie-vakansie sien hulle mekaar weer en dan vind Opperman uit dat iemand anders in haar belangstel en haar gevra het om met hom te trou. In daardie stadium het sy nog nie ernstig aan 'n huwelik gedink nie, al was haar ouers - veral haar moeder - baie gek na die man. Terug in Pietermaritzburg sien Opperman, wat sy liefde vir Marie Theron probeer demp het, van tyd tot tyd weer vir Retha Meintjes, maar hy besef dat die verhouding nie verder kan ontwikkel nie.

As hy aan die einde van 1936 tydens die bloktyd terug is op Vryheid, gaan swem hy een Sondag saam met sy suster Liz en Jannie Theron op die nabygeleë

Saaifontein. Dáár word hy bewus van 'n swakheid in hom, ‘'n soort vormlose innerlike’, en dit laat hom verlang ‘na 'n forse gees uit die skonere geslag wat (hom) sou kon vorm, (hom) sou stukrag gee’. Tydens die swemmery beseer Jannie sy been en op Vrydagaand, 11 November, besoek hy en Liz vir Jannie en gesels hy ook met Marie wat vir hom intussen mooier maar ook onbereikbaarder geword het. Met hulle besoek die volgende aand raak dit vir hom duidelik dat Marie onder groot druk van haar moeder verkeer om teen haar sin die huweliksaansoek te aanvaar. In die volgende dae verneem hy van floutes wat sowel Marie as haar moeder gehad het en belewe hy self een nag ylings en hallusinasies. Wanneer hy haar weer besoek, leen hy vir haar 'n versameling Duitse kortverhale waarin Theodor Storm se *Immensee* voorkom, die verhaal van twee mense wat vir mekaar bestem lyk. As Reinhard verder gaan studeer, trou Elisabeth egter met die ryk Erik, die heer van Immensee. Die rede word eers jare later duidelik as Reinhard Immensee besoek en uit sy versameling volksliedere voordra: ‘Meine Mutter hat's gewollt, / Den andern ich nehmen sollt.’ Só toepaslik is hierdie parallel op hulle eie situasie dat Marie by geleentheid vir hom sê dit lyk ‘asof hy vir ons geskryf is’. As Opperman deur Jannie van Marie se situasie en stryd verneem, stuur hy vir haar die volgende vers:

O medesiel van my
Deur mense afgeskei
Hou in die stryd maar moed
Want in jou gees weet jy
Ons sal met kragte stry
Deur God gegee
Aan jou en my...

In die tyd dat hy niks van Marie verneem nie, skryf hy die ontwerp vir 'n moontlike verhaal neer en verdiep hy hom in 'n sistematiese studie van die Tagtigers. Later hoor hy dat sy verloof is en 'n paar dae ná Kersfees 1936 ontvang hy 'n brief van haar waarin sy hom vra om haar te vergeet en te vergewe. Die hele situasie en die traumatiese ervaring lei tot die gedig ‘Onbeantwoorde liefde’ wat die invloed toon van die vrye verse van J.C. van Schagen, Marnix Gijsen en ander Vlaminge met wie se werk Opperman waarskynlik reeds in hierdie stadium - blykens 'n opmerking van G.S. Nienaber in die brief van 31 Mei 1953 - vertroud moet gewees het, al het Zoeloe-minnebriewe volgens sy getuienis ook 'n invloed gehad. Hierdie gedig is die boustof vir 'n verdere vers wat hy onder dieselfde titel in *Opwaartse drif* opneem.

In Januarie 1937 werk Opperman, soos ook tydens ander universiteitsvakansies, as vragmotorbestuurder van die klipbrekers by die munisipale gruisgat op Vryheid. Dikwels ry sy oud-onderwyser Boonstra se seuntjie Rudi saam vir wie hy onderhoudend en met 'n besondere oopgesteldheid vir die kind se wêreld die pragtigste stories vertel. Aan die begin van die akademiese jaar keer hy

terug na Pietermaritzburg vir sy derde jaar en die voltooiing van sy B.A. opleiding.

In die loop van 1937 ontmoet hy vir Olga Ardell, 'n professionele model by die Kunsafdeling van die Universiteitskollege en 'n meisie wat 'n hele paar jaar ouer was as hy. Omdat niemand in Pietermaritzburg gevind kon word wat bereid was om naak vir die studente te poseer nie, is sy spesiaal deur die Kunsafdeling van Engeland af laat kom. As iemand wat van ‘vreemde seë’ kom, veel gereis het en daarop uit was om altyd nuwe horisonne te ontdek, het sy Opperman se nuuskierigheid en belangstelling in die ongewone en besondere geprikkel. Dit was haar voorneme om met die geld wat sy as model verdien, die wêreld te deurreis. Na afloop van haar termyn in Pietermaritzburg sou sy 'n tyd lank as model in Durban werk en van daar na Australië gaan.

Aanvanklik het Opperman haar uitgenooi na 'n dans, toe bioskoop toe en daarna dikwels saam met haar gaan stap en by Christie gaan koffie drink. Die feit dat baie mense in die klein en betreklik konserwatiewe gemeenskap van Pietermaritzburg bedenkinge gehad het oor die morele waardes van iemand wat bereid was om naak te poseer en sou dink dat hy sy eie reputasie op die spel plaas, het hom glad nie afgeskrik nie maar eerder aangespoor. Dikwels het hy haar smiddae op die stoeptrappies van die Kunsgebou kom haal, styf by haar ingehaak en met 'n klein wandelstokkie in die hand en 'n enigsins uitdagende houding in die straat afgestap, amper asof hy wou sê: ‘Waag julle nou net om 'n aanmerking te maak’! Tog wonder hy in hierdie dae watter soort persoon sy werklik is. Hy vind dit moeilik om haar ‘as 'n versoenende geheel te sien’ en om ‘die feit dat sy kaal of halfkaal poseer (, te) versoen met die res van haar persoonlikheid’.

In die loop van hulle verhouding, wat met ‘vlindersoene’ en ‘subtiele omhelsings’ begin maar algaande ernstiger en intenser word, leer Opperman 'n geesteshouding en - vryheid ken waarmee hy tevore nog nie in aanraking was nie, 'n vrou wat ekonomies en geestelik heeltemal onafhanklik van 'n man wil leef. Van tyd tot tyd luister hulle na musiek, gaan hulle saam eet, neem hy haar na World's View buitekant die stad of drink hulle ‘highballs’ in die Imperial Hotel. In hierdie tyd is Opperman gelaai met energie en werk hy aan 'n artikel vir *Die Huisgenoot*, sien hy eerstejaarsopstelle na en is hy besig met sy M.A.-studie, maar in die vroeë ure van die oggend ervaar hy ‘die sagte heimwee... om by haar te wees’, om ‘die teerheid van daardie stille nabysyn, daardie versagtende gevoel te belewe’. Saans sit hy by sy lamp en werk en wag ‘vir die sagte voetval op (die) systraatjie, die oopswaai van die hekkie, en die sagte klop aan die venster...’ Dan sitlê sy op die bed en lees terwyl hy opstelle nasien. In hierdie tyd raak hy oortuig daarvan dat die ‘liefde vir 'n man...net 'n gedeelte van sy lewe’ is, terwyl 'n vrou se hele lewe daardeur gevul word, 'n oortuiging wat later neerslag sal vind in *Joernaal van Jorik* in die siening van die man as

'n Jupiter, 'n swaan in hoë vlug
wat af en toe terloops met moeë vlerk
vanuit 'n stil alleenreis deur die lug

sal neerstryk teen 'n Leda se wit lyf,
oornag...vir verder reis die krag weer vind
nog as sy oor die eier praat, en dryf
met seningvlerke op die ligste wind.[10]

Ten spyte van die ontluikende liefde tussen hulle kom daar tog 'n verwydering, waarskynlik as gevolg van die verskil in agtergrond en die feit dat Opperman van die begin af geweet het dat sy net 'n kort tydjie in Pietermaritzburg sou wees. Van haar kant af was daar ook die besef dat 'n te intense verhouding vir hulle albei nadelig kan wees. 'n Te groot intimiteit, so sê sy vir hom kort voor haar vertrek in 1938,

> will leave an aftertaste to our friendship...and we will regret it, we will be doing each other wrong, perhaps I more to you. And when we are parted what are you going to do, what shall I do. Once the longing is in our blood...what will we do in the silences to follow...it would lead to our fall.[11]

Opperman se belangstelling in Olga Ardell was hewig en intens en die verhouding was vir hom geestelik verruimend, maar in laaste instansie was sy 'n verbygaande fase in sy lewe.

Kort na die afskeid van Olga Ardell ontvang Opperman 'n brief van Marié van Reenen vir wie hy reeds van skooldae geken het, sonder dat daar sprake van enige vriendskap of verhouding tussen hulle was. Die oudskolierebond van die Hoërskool Vryheid wou 'n reünie van leerlinge hou en Marié, wat in hierdie tyd 'n B.Sc.-kursus aan die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria gevolg het, moes as sekretaresse hieroor met Opperman as voorsitter in verbinding tree. Toevallig was Opperman juis in hierdie tyd besig met navorsingswerk vir sy M.A.-verhandeling en moes hy dokumente in verband met Gustav Preller in Pretoria gaan raadpleeg. Marié reël vir hom losies in een van die koshuise en sy kanselleer sommer 'n afspraak met haar vaste vriend om hom op sy aandrang 'n bietjie in die stad rond te neem.

Die herontmoeting vind op 'n koue wintersaand in Mei 1938 plaas. Marié, 'n pragtige meisie met lang swart hare en bruin oë, het die aand 'n wit pelsbaadjie aan. Na al ‘die liefdes, al die verhoudings’ van die verlede, so skryf Opperman met 'n bietjie romantiese oordrywing in sy dagboek, kom hy met 'n ‘moeë hart’ na haar toe, 'n hart

> wat lank gelede na jou gevoel het maar alles as illusie weggeblaas het. 'n Moeë hart wat digby jou wou wees...En met 'n moeë hart het ek tussen die bome in die donker nag heengedwaal.

Later sal hierdie emosies blywender gestalte vind in die gedig ‘Bede’ *(Heilige beeste)* wat hy vir Marié in Pretoria gee.

Aanvanklik wek die nuwe vriendskap 'n vrees by Opperman, omdat hy jaloers is op sy jeug en meen dat Marié bloot uit simpatie in hom geïnteresseerd raak. Van die begin af is hulle vriendskap egter veel meer volwasse as dié van sy vroeëre verhoudings. Saam roep hulle jeugherinneringe op ‘wat...soos eggo's tussen kranse rol’ en hy ontleed hulle verhouding tot mekaar met veel meer insig as dié met ander meisies voorheen:

> Twee swart kranse. Teenoor mekaar staan hulle. Tussen hulle lê 'n ravyn waarin die mis rondval en optas tot hulle dromende kruine wat dink oor die dae toe hulle nog een was en daar geen skeiding was nie. En hulle het die weerklank gegooi na mekaar van 'n skreeuende stem wat tot ver in die donker grotte weggerol het...maar dit was te vergeefs. Hulle het geskeie gebly.

Hierdie siening en die beeld van die ‘weerklank’ keer terug in die sekstet van ‘Echo en Narcissus’, een van die gedigte in sy debuutbundel wat deur sy studie van Ovidius gewek is:

> Dit was hul bitter lot dat sy van hom
> afhanklik was soos weerklank in 'n kloof
> is van 'n stem; dat hy deur late nagte
> by lamp en boek bly sit en met sy hoof
> gebuig oor eie beeld, net soos 'n blom
> wegkwyn langs helder waters van gedagte.

Die wesentlike geskeidenheid wat hy aanvanklik beleef, is deels die gevolg van 'n nuwe beeld van haar waaraan hy gewoond moet raak. Aan die begin ervaar hy haar as ‘'n wit en koel marmerbeeld’, amper soos Keats se genadelose vrou:

> Jy was stil...daar was musiek in die kamer; musiek wat tussen vier donker smal mure vasgehou word, musiek wat wou losbars wat ruimte wou hê; maar jy was stil, jou hand het nie geantwoord nie, jou wange was sonder gloed, jou stem te vas...Madonna sans merci!

Eers later, as hulle in die motor ry, kom daar 'n wedersydse begrip en as hy moet terugkeer na Pietermaritzburg, probeer hy haar behou:

> En ek moes weggaan van jou, die eise (van die) lewe en lewenstelsels het my weggeroep maar ek het gedurig jou probeer behou, na jou gegryp met telefoondrade en briewe...

Dieselfde gedagte formuleer hy 'n bietjie later as volg:

> En ek is weggeskeur van jou...en briewe het ek na jou gelos soos wit duiwe...en treine het my na jou geneem...en blomme het ek vir jou gestuur...en ons harte het oopgegroei na mekaar...en nou staan ek nog in hierdie wonder wat om my oopgaan...

Die gedig 'Twee stede', wat hy ook in *Heilige beeste* opneem, steun op hierdie skeiding wat Opperman ervaar as hy in Pietermaritzburg en Marié in Pretoria met hulle onderskeie studierigtings besig is, terwyl die telefoondrade, briewe en treine in die dagboek as beeldmateriaal in die gedig verwerk word:

> Onmagtig moes ek met gespanne drade
> uitgryp oor die skeiding tussen my en jou,
> gryp met die swart draf van pale
> teen die heuwels uit,
> die wit vlug
> van briewe deur die lug
> en treine wat deur tonnels fluit.
>
> Uiteindelik is ons nouer aan mekaar verbonde,
> maar tussen my en jou ruis altyd nog
> riviere, stiltes en afgronde.

Die 'forse gees uit die skonere geslag', na wie Opperman in 1936 tydens sy vriendskap met Marie Theron reikhalsend uitgesien het, vind vir hom persoonlike gestalte in die persoon van Marié van Reenen. Dit is opvallend dat die prosa in sy universiteitsdagboek van hierdie ontmoeting af soberder raak en die woordgebruik 'n groter tug verraai. Kort na die weersiens in Pretoria kom sy dagboek tot 'n einde, waarskynlik omdat hy sy gevoel teenoor haar in briewe[12] vaslê en hy haar gereeld tydens die universiteitsvakansies op Vryheid sien. In 1940 gee Marié, wat op 19 November 1918 gebore is en dus amper vier jaar jonger is as haar toekomstige eggenoot, onderwys op haar geboortedorp en in 1941 kry sy 'n aanstelling aan die Voortrekkerskool in Pietermaritzburg, waaraan Opperman ná voltooiing van sy studies ook verbonde is.

IV

In sy eerste jaar aan die Natalse Universiteitskollege het Opperman Hollands - soos die vak Afrikaans en Nederlands indertyd bekend was - Geskiedenis, Engels, Chemie en Staatsleer geneem. In 1936 en 1937 het hy sy studie van Hollands en Geskiedenis voortgesit en daar by twee kursusse in Sielkunde en die spesiale kursus in Duits gevolg. Aangesien Sielkunde indertyd 'n tweejari-

ge hoofvak was, het hy aan die einde van 1937 die graad B.A. met drie hoofvakke verwerf: Hollands, Geskiedenis en Sielkunde.

Behalwe in Hollands, wat hy in sy eerste en derde jaar met lof geslaag en waarvoor hy in 1935 die klasmedalje met Wessel van Niekerk gedeel het, was Opperman se prestasies as student nie juis besonder goed nie. In Chemie en Staatsleer het hy onderskeidelik 43 persent en 41 persent behaal, terwyl sy punt vir Sielkunde gewissel het van 58 persent in sy tweede jaar tot 46 persent in sy derde jaar. Vir Geskiedenis was sy uitslae tussen 49 persent en 56 persent en vir Duits 64 persent. In sy eerste jaar het hy 70 persent in Hollands behaal - die hoogste punt in sy voorgraadse jare - en in sy tweede en derde jaar 62 persent en 66 persent onderskeidelik. 'n Mens moet egter onthou dat die slaagsyfer destyds 40 persent en die onderskeidingsyfer 66 persent was.[13] Daarby het Opperman 'n individuele aanslag en instelling as student gehad. Naas sy skeppende werk is sy tyd in beslag geneem deur 'n sistematiese en ruim verkenning van die literatuur en was hy nie in so 'n mate ingestel en gesteld op hoë punte in 'n vak nie. Hy het ander prioriteite gehad.

Onder die dosente wat in Opperman se voorgraadse jare 'n besondere indruk gemaak het, was dr. G.P.J. Trümpelmann by wie hy in 1936 vir die spesiale kursus in Duits ingeskryf was. Met sy helder stem, oortuigende doseerwerk en aangename persoonlikheid het daar 'n mate van kontak ontstaan tussen hom en Opperman, wat voortgesit is toe hulle later saam kollegas aan die Universiteit van Stellenbosch was. Engels is aangebied deur onder andere prof. Bobby Waterhouse, maar Opperman het dié kursus net een jaar gevolg. In die Departement Sielkunde het die lewendige dr. Ella Pratt Yule Opperman in so 'n mate geïnspireer dat hy in 1938, die jaar toe hy tegelyk met die hoër Onderwysdiploma en sy M.A. besig was, 'n nagraadse kursus van haar sonder eksamenverpligting bygewoon het. In sy kritiese werk uit dié jare en ook later blyk sy deeglike kennis van die Sielkunde. Vir Geskiedenis het hy lesings ontvang van die later baie bekende dr. A.M. Keppel-Jones, maar dit is veral die fyn beskaafde prof. Alan Hattersley wat groot agting afgedwing en 'n kritiese sintuig by Opperman ontwikkel het. Hattersley was 'n sieklike man en het ouer gelyk as wat hy in werklikheid was, maar voor die klas het hy vertroue ingeboesem deur sy deeglike voorbereiding en wyse van aanbieding. As navorser het hy gekonsentreer op die geskiedenis van Natal, maar hy was ook die skrywer van *A short history of Western civilisation* (1926) en *History teaching in schools* (1935). Toe Opperman in sy tweede jaar by geleentheid 'n werkstuk vir hom moes inlewer en te veel van sy kennis van die poësie ten koste van die feitelike historiese basis ingewerk het, kon prof. Hattersley onderaan die opstel die opmerking maak: ‘History and poetry do not make good bedfellows’![14]

Dit is egter die kursusse in Hollands wat Opperman se belangstelling in die besonder gewek het. Prof. Gerrit Besselaar, skrywer van *Zuid-Afrika in de letterkunde* (1914) - 'n boek wat in nagraadse jare Opperman se belangstelling

in die ouer literatuur in en oor Suid-Afrika sou prikkel - het by die totstandkoming van die Natalse Universiteitskollege Hollands, Frans, Duits en Geskiedenis gedoseer. ‘Eintlik was dit nie 'n leerstoel nie,’ sê hy in sy outobiografiese *Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur*,[15] ‘maar soos ek geantwoord het aan 'n onderwysman op die Rand wat my een dag vra: What is your chair? - I have no chair. I got a settee.’ Met die ontwikkeling van die inrigting is die las van Frans en Geskiedenis egter van Besselaar weggeneem, maar Duits het tot einde 1934 onder Hollands geressorteer. Van 1925 af is bepaal dat ‘Hollands...sowel Afrikaans as Nederlands (omvat)’.[16] In 1932 het Besselaar bedank om 'n leerstoel in Amsterdam te aanvaar en het prof. J.J. le Roux - skrywer van die Utrechtse proefskrif *Oor die Afrikaanse sintaksis* (1923) - die hoofskap van die Departement oorgeneem, met as verdere dosent dr. G.S. Nienaber wat reeds van 1928 af aan die Universiteitskollege verbonde was. Nienaber was al in hierdie jare 'n aktiewe navorser en skrywer van *Die Afrikaanse Beweging* (1931) en *Honderd jaar Hollands in Natal* (1933). In 1933 het hy in Gent gepromoveer met 'n proefskrif *Oor die Afrikaanse taal* (1934).

In die dertigerjare het die getal studente in die Departement Hollands gewissel van ongeveer eenhonderd in die eerstejaarskursus tot 'n gemiddelde van vyftien in die tweede en 'n gemiddelde van tien of minder in die derde jaar. Die gevolg hiervan was dat die studente van die tweede jaar af individuele aandag kon geniet en 'n persoonlike verhouding met hulle dosente kon opbou. Opperman se verhouding met albei die dosente was hartlik, al het hy van die begin af meer van die oper en spontaner dr. Nienaber as van prof. Le Roux gehou.

Prof. Le Roux was nie juis 'n aansienlike man nie en met sy kuif, wat nooit in toom gehou kon word nie, het hy onder die studente die bynaam Satan verwerf. In die *Natal University College Magazine* van Junie 1935 verskyn 'n aangepaste en enigsins verwronge foto van hom met 'n aanhaling uit Vondel daarby, wat 'n aanduiding gee van hoe hy voor die klas daar moes uitgesien het:

> Wat treurt ghy, hooghgheleerde -
> en fronst het voorhooft
> van verdriet?

Tog was hy 'n baie aangename mens maar enigsins swaar van spraak, 'n man wat nie 'n natuurlike dosent was nie en klas gee 'n geweldige inspanning gevind het. In sy artikel ‘Twee bottels wyn’ sê Opperman van hom:

> Prof. Le Roux was groot van liggaamsbou, sy grys hare klein-krullerig; hy het stadig gepraat, amper asmaties, en kort-kort die sweet van sy voorkop afgevee. Ten spyte van 'n sterk stem het hy gedigte geteem: op 'n keer toe hy ‘Constantijntje, 't zaligh kijntje’ voordra, het die klas dit tot sy gramskap saggies nageteem.

In teenstelling tot die gulle en gasvrye dr. Nienaber het prof. Le Roux

> sy menslikheid nie so maklik geopenbaar nie. Hy en mevrou Mien le Roux, 'n Nederlander en sangeres, het af en toe die tweedejaars en gevorderde studente in die Departement uitgenooi om maats saam te bring en gesellig by hulle aan huis te verkeer. Ons het dan op die stoep gedans (.)

Dr. Nienaber en sy vrou het in 'n huis naby die Universiteitskollege gewoon

> en ons dikwels uitgenooi om Sondagaande by hulle na musiek te kom luister, veral opera. Hy het dan by elke stuk 'n inleiding en verduideliking gegee, en dit nooit nagelaat om waar hy kon, van onnutsighede kwyt te raak nie, soos met *La Bohème* en *Faust*. Verskeie studente het by hulle loseer, onder meer sy broer Stoffel, wat later sy opvolger en hoof van die Departement geword het.

In vergelyking met prof. Le Roux was dr. Nienaber

> kleiner van bou, die hare groot golwend; hy het pal 'n dunraambril gedra, nadruklik en vinnig gepraat, meermale met handgebare en iets ondeunds in die oë en om die mond. In die begin het hy E.C. Pienaar se *Digters uit Suid-Afrika* met ons bespreek. Daar was min nuuts wat hy kon bring as gevolg van dié bepaalde boek. Tog het hy hom goed ingeleef en begeesterende lesings gegee.

Baie gou

> het die verhouding met dr. Nienaber intiemer en gemoedeliker geword. Hy was redakteur van *Die Saamwerk* en het reeds vanaf my tweede jaar van my universiteitsopstelle daarin geplaas, ook gedigte, en my af en toe gevra om boeke te bespreek. Ek het al hoe meer 'n nagwerker geword, en een van sy lesings was om agtuur. Nou watter redelike skepsel staan saam met die hoenders op? Dit moes dr. Nienaber geïrriteer het dat ek meermale nie betyds opdaag nie. Op 'n oggend toe ek tien minute laat insluip na my sitplek, onderbreek hy sy lesing. Hy kyk spottend na my en sê: ‘Dit spyt my, mnr. Opperman, dat ek met die lesing begin het voordat u hier was.’ Ek staan onmiddellik op en antwoord: ‘Toe maar, dr. Nienaber, moet net nie dat dit weer gebeur nie!’ Die klas het gelag en hy het letterlik oopmond en kopskuddend na ons gekyk. 'n Mens kan verwag dat in so 'n verhouding die jongste van die twee nie die perke sal ken nie. Op 'n dag gesels ek en 'n ander student, Manie Fourie (seun van die Bybelvertaler), voor die lesingkamer. Dr. Nienaber kom haastig daar aan, kam sy vingers deur die hare en verduidelik hy moet dringend 'n saak gaan afhandel; hy sal dus effens laat wees. Ek en Fourie besluit toe om 'n grap te maak. Hy skryf op die bord: *Daar sal vandag geen lesing wees nie*. En ek het gesorg vir dr. Nienaber se handtekening, nogal betreklik getrou. Toe hy later opdaag, het hy verbaas, verdwaas, teleurgesteld gestaan en aan 'n student (mej.

Valentine) gemompel: ‘Juffrou, hulle is weg.’ By nadenke het ons besef dat ons met dié grappie net te ver gegaan het, veral deur die vervalste

> handtekening. Na beraadslaging besluit ons om hom om verskoning te gaan vra en hy was uiters kalm en menslik daaroor; in welke mate het ek eers jare later besef toe die akademiese wraakgodin my as senior lektor aan die Universiteit van Kaapstad en later as professor op Stellenbosch deur amper soortgelyke gevalle gestraf het.

Wat die voorgraadse doseerwerk betref, het prof. Le Roux veral op die gebied van die taalkunde - in die besonder die sintaksis - gekonsentreer, maar ook die kursus oor die Tagtigers in die derde jaar en oor die sewentiende-eeuse Nederlandse letterkunde in die tweede jaar vir sy rekening geneem en in die eerste jaar die oorsig oor die Nederlandse letterkunde aan die hand van C.M. van den Heever en A.J. Coetzee se handboek behartig. Vir die kursus oor die Goue Eeu in die tweede jaar het hy op Vondel gekonsentreer en *Lucifer*, *Adam in ballingschap* en *Leeuwendalers* met sy studente bespreek, terwyl die tweede deel van Dekker se *Van Maerlant tot Boutens*, Verwey se *Inleiding tot de nieuwe Nederlandse dichtkunst*, Perk se *Gedichten* en Van Eeden se *De kleine Johannes I* vir die kursus oor die Tagtigers in die derde jaar voorgeskryf was. Dr. Nienaber moes die ses opstelle nasien wat die eerstejaars geskryf het en was verantwoordelik vir die fonetiek, Nederlandse taalkunde, Nederlandse prosa en Afrikaanse letterkunde. In die eerstejaar het hy E.C. Pienaar se *Digters uit Suid-Afrika* met sy studente behandel en Abr. H. Jonker se *Die plaasverdeling* en W.E.G. Louw se *Die ryke dwaas* as voorbeelde van die meer resente Afrikaanse literatuur bespreek. Vir die tweedejaarskursus, waar hy in die afdeling Afrikaanse letterkunde veral op die prosa gekonsentreer het, was Van Bruggen se eerste twee *Ampies*, Fichardt se *Onder die olyfboom*, Mikro se *Toiings*, Malherbe se *Hans-die-skipper*, Van den Heever se *Droogte* en *Die nuwejaarsfees* van Maré voorgeskryf, terwyl Schoonees se oorsig oor die prosa en Dekker se *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* - waarvan die eerste druk pas die vorige jaar verskyn het - as handboeke aanbeveel is. Naas 'n studie van die Afrikaanse Bewegings is die derdejaarskursus in Afrikaans gewy aan die drama met voorbeelde uit Grosskopf en Fagan en aan die ouer en jonger Afrikaanse poësie: Celliers se *Die vlakte* en *Die groot geheim*, Malherbe se *Die timmerman*, *Rivier en veld* en *Somerdae*, Van den Heever se *Deining* en Eybers se *Belydenis in die skemering*.[17] Wat 'n mens in die keuse van voorgeskrewe werke opval, is hoe dr. Nienaber telkens van die destyds jongste publikasies op die gebied van die Afrikaanse letterkunde in sy kursusse betrek het. Onder sy studente was hy dan ook bekend as 'n knap en sistematiese dosent wat interessante lesings gelewer het.

Soos met P.C. Schoonees het Opperman dit dus goed getref met Le Roux en Nienaber en het hy 'n reeks deeglike en gebalanseerde kursusse by hulle gevolg wat die grondslag vir 'n toekomstige akademiese loopbaan en instelling nog verder verstewig het. Van sy kant af het hy reeds met sy eerste werkopdragte sterk onder die aandag van sy dosente gekom, veral omdat hy voortreflik kon

formuleer en met insig oor 'n kunswerk kon skryf. In die res van sy B.A.-jare het hulle hom leer ken as 'n gedissiplineerde student wat volledig in sy werk opgegaan het. Vandaar dan ook dat hy aan die einde van 1937 die B.A. met lof in Hollands kon behaal.

V

Belangriker as sy akademiese werksaamheid en prestasies was egter vir Opperman sy skeppingsdrang en die behoefte om daaraan uiting te gee. In die jare as student in Pietermaritzburg was daar op 'n verskeidenheid vlakke en deur verskillende kanale vir hom ruimskoots die geleentheid hiervoor.

In 1936, sy tweede jaar as student, het 'n paar van die Afrikaanstaliges 'n nuwe Afrikaanse Kultuurklub (later genoem die Afrikaanse Taal- en Kultuurklub) gestig.[18] In 1936 was Johan Boshoff voorsitter en Opperman sekretaris, terwyl Opperman in 1937 voorsitter en Jan Scannell sekretaris geword het. In 1936 het die klub sewe byeenkomste gehou met Nienaber, Trümpelmann en Le Roux as sprekers, terwyl die studente self oor D.F. Malherbe en C.M. van den Heever se werk gepraat het. Op die eerste vergadering in 1936 het Opperman en Izak le Roux gedebatteer oor *Die ryke dwaas* van W.E.G. Louw, wat toe 'n bietjie meer as 'n jaar tevore gepubliseer is. Opperman moes aantoon dat die bundel oorskat word, terwyl Le Roux die teenoorgestelde standpunt ingeneem het. Só oortuigend was Opperman se argumente dat hy met 'n oorweldigende meerderheid die stemming gewen het - tot die wrewel van Le Roux wat daarvan oortuig was dat Opperman op dié wyse die ‘Afrikaanse saak’[19] skade aandoen! Blykens die verslag oor die Afrikaanse Kultuurklub se aktiwiteite in die *Natal University College Magazine* van November 1936 - en 'n mens kan met redelike sekerheid aanneem dat dit deur die sekretaris opgestel is - het Opperman later enigsins anders gevoel. In die verslag word gepraat van die ‘propagandistiese bom’ wat hulle laat val het in die ‘argumente oor een van ons jongste digters’, maar tussen hakies word bygevoeg: ‘Hoe dwaas was ons nie om oor smaak en relatiewe kunswaardes te stry nie!’[20] Tog is dit vir die verdere ontwikkeling van Opperman as digter en kritikus belangrik om te weet dat hy reeds in hierdie jare, ten spyte van sy waardering vir die bundel,[21] sekere voorbehoude gehad het. As hy baie jare later aan sy studie oor *Digters van Dertig* werk, skryf Opperman in 'n brief van 18 November 1951 aan N.P. van Wyk Louw dat verse soos ‘Belydenis’ en ‘Ondergang’ van W.E.G. Louw hom minder bevredig. ‘Ek het destyds,’ sê hy, ‘in 'n debatsvergadering op N.U.K. in 1936 nog betoog dat hierdie belydenisverse oorskat word en ek bly nog vandag daarby.’

Afgesien van die Afrikaanse Taal- en Kultuurklub by die Universiteitskollege was daar in die stad ook 'n Afrikaanse Debatsvereniging waarheen die

studente gegaan het. Nog meer as deur die verenigingslewe kon Opperman hom egter as skeppende kunstenaar uitlewe deur publikasies in die *Natal University College Magazine*. In die uitgawe van Junie 1935 verskyn sy skoolgedig 'Seepbelle blaas'. In 'n nota op p. 32 van dieselfde uitgawe word gesê dat 'Opperman's Afrikaans poem, "Seepbelle blaas" has been selected by Dr. Brews (destyds die Prinsipaal - J.C.K.) as the best fresher contribution in this issue, and in consequence receives the prize.' In dieselfde uitgawe verskyn ook sy gedig 'My boeke'.[22] In die uitgawe van Oktober 1935 publiseer hy 'Daeraad' waarin die bosveldwêreld van sy grootvader se plaas Stedham weer figureer.

Deurdat Opperman die prys vir die beste bydrae deur 'n eerstejaarstudent ontvang het, was hy van sy tweede jaar af outomaties in die redaksie van die *Natal University College Magazine*.[23] In die uitgawe van Junie 1936 verskyn 'Die sweet des aanskyns' 'Stadsaand' en 'Die vallei'; laasgenoemde gedig eindig met 'n verwysing na 'Die Vallei/ Van Duisend Heuwels (wat) vou en vou en vou' wat hy later in 'Horison' (*Die Huisgenoot*, 28 Junie 1940) en in 'Die legende van die drie versoekinge' in *Negester oor Ninevé* weer sal gebruik. In die uitgawe van November 1936 verskyn 'Eros' en 'Somerreëns'. 'Somerreëns' publiseer hy onder die pseudoniem Barb á Rossa, 'n naam wat hy - volgens 'n mededeling van G.S. Nienaber - ontleen het aan 'n Duitse gedig met dieselfde titel deur Friedrich Rückert. In dié gedig word daar gepraat van keiser Barbarossa wie se rooi baard - ook die kleur van Opperman s'n - met verloop van tyd al om die tafel gegroei het.[24] In *Die Huisgenoot* van 21 April 1939 publiseer Opperman 'n variant van dié sonnet en wysig hy veral die sekstet, al het hy dit tog later ongeskik gevind vir opname in *Heilige beeste*. Daarteenoor is 'Bacchanalieë', wat hy in sy derde jaar skryf en in die uitgawe van Oktober 1937 verskyn, die boustof vir 'n gedig wat hy wel in *Heilige beeste* opneem. In *Die Huisgenoot* van 23 Mei 1941 word 'Bacchanalieë' verwerk tot 'Stadsnag' wat ongewysig in sy eerste bundel verskyn.

'Bacchanalieë' is die enigste gedig van Opperman wat in 1937 verskyn. Die enigste ander publikasie van dié jaar is 'n opstel oor 'Die broers Karamazov: Dostojevski' wat in die *Natal University College Magazine* van Oktober 1937 opgeneem en op 4 Julie 1938 in *Die Natalse Afrikaner* oorgedruk word. Opvallend in hierdie opstel, wat op Dirk Coster se beskouing oor Dostojewski steun,[25] is dat Opperman reeds in dié stadium van sy ontwikkeling voorkeur gee aan dié tipe kunswerk wat 'n verskeidenheid gegewens kernagtig saamvat, op meer as een vlak beweeg en 'n vertikale lyn vertoon. *Die gebroeders Karamazov*, sê Opperman,

> met sy grote opset en geestelike verskeidenheid sal persone bevredig van veruiteenlopende smaak en geaardheid; dit is die aksieveld van die mens se groot emosies; die ontspanningsleser sal hier vind: liefde, haat, moord en speurwerk; die psigoloog sal hier veel stof vir sy psigo-analitiese studies vind en die suiwere

> mens sal hier meer kry as hulle almal te saam. Jy sal afsak tot daardie dieptes van waardering waartoe die ballas, die gewig van jou eie siel, in staat is om jou te neem.

En hy gaan voort:

> Coster, in 'n antwoord op dr. B. de Haan, maak twee onderskeidings in die kunsterrein: die een is vol verwarring van die emosionele ervaring, die wêreld nie georden nie, maar gesien as 'n reusagtige tuin van menslike gewasse, monsterlike en wonderskone naas mekaar volgens toeval van die natuur, maar alles werd om in die naam van die lewe afgebeeld te word, sonder dat daar in die afgebeelde lewe 'n sedelike en redelike ordening gebring word - dit alles geld met treffende sekerheid vir een van die grootste, so nie die grootste van die Westerse kunstenaars nie, die grootste van die aanskouers, die grootste kunstenaar kortom van die *horisontale lyn*. Dit is Shakespeare. En sou daar nou daarenteen 'n kunstenaar genoem moet word wat van hierdie formules die verste verwyderd staan - dan sou dit niemand anders dan...Dostoevski kan wees nie; die grootste kunstenaar van die *vertikale*, die Gotiese lyn, wat orden by uitnemendheid, wie se ganse mensewêreld in sy uiterste verskeidenheid en volheid waarneembaar bly ‘als een omhooggaand scala van menschlijkheid’, 'n gestadige dring, val en styg.

By dié soort ordenende kunstenaar waarvan Dostojewski 'n voorbeeld is, sal Opperman later met baie van sy werke, onder meer met *Joernaal van Jorik*, aansluit.

In 1938, as hy met die Hoër Onderwysdiploma en die eerste jaar van sy M.A. besig is, word Opperman hoofredakteur van die *Natal University College Magazine* wat in Oktober van dié jaar gepubliseer word.[26] In dié uitgawe verskyn nog twee gedigte van hom, nl. ‘Drif’ en ‘In die tuin’; eersgenoemde is die voorloper van die gedig met dieselfde titel in *Heilige beeste*, terwyl laasgenoemde met slegs tipografiese wysigings in *Die Huisgenoot* van 7 Julie 1939 opgeneem word. Aangesien dit die jaar van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria en die simboliese ossewatrek was en medestudente soos Wessel van Niekerk en Stoffel Nienaber met lang Voortrekkerbaarde rondgeloop het, wou Opperman die feesgeleentheid op die een of ander wyse in sy blad laat neerslag vind. In sy briljante inleidingsartikel ‘A new nationalism’ is die Voortrekkergedenkfees sy vertrekpunt, maar aan die hand van Taine se teorieë en 'n historiese verdieping verbreed hy die problematiek in sy opstel tot 'n besinning oor die Afrikanervolk se literatuur wat nog in hoofsaak op die lokale en die koloniale toegespits is en waarin die universele menslike emosies in hoë mate ontbreek. Dit is gedagtes waarvan die oorsprong na N.P. van Wyk Louw se ‘Die rigting van die Afrikaanse letterkunde’ en ‘Die strewe van die jonger Afrikaanse poësie’ uit *Berigte te velde* (1938) teruggevoer kan word en wat Opperman in dié stadium uit tydskrifpublikasies (die eerste opstel

het in *Die Huisgenoot* van 5 Junie 1936 verskyn) kon geken het, al gee hy aan dié idees iets heeltemal eie. Só boeiend het die redakteur van *The Natal Witness*, C.H. Calpin, dié artikel en andere oor dieselfde onderwerp gevind dat hy in 'n hoofartikel van 28 Oktober 1938 die uitgawe sterk by sy lesers aanbeveel:

> We congratulate the editor, Mr. D.J. Opperman, on his enterprise in a centenary year in collecting these opinions of his colleagues, and in recommending the journal to the public it is the belief that such enterprise will find a response in stimulating discussion as provocative as the articles deserve.[27]

Hoewel Opperman sy redakteurskap van die *Natal University College Magazine* en sy deelname aan die Afrikaanse Taal- en Kultuurklub en verwante organisasies aangenaam gevind het, was hy - soos ook later in sy lewe - nie juis gesteld op bepaalde posisies in die verenigingslewe nie. Veel meer het hy dit geniet om met 'n enkele persoon of 'n paar vriende oor die literatuur te gesels. In Pietermaritzburg was daar 'n hele paar studente wat geskryf en mekaar se gedigte voorgelees en bespreek het. Dikwels is ook diskussies oor die werk van Eliot, Yeats en Roy Campbell gehou.[28] In 1938 stel hy saam met 'n ander student 'n klein bloemlesinkie saam uit studenteverse - 'n voorloper van die latere *Stiebeuel* waarin hy en Fred le Roux jong digters se werk sou bundel.

Sy eintlike gespreksgenoot in dié jare was egter G.S. Nienaber. Terwyl Schoonees op skool vir Opperman kon lei in sy leeswerk en kommentaar op sy skoolgedigte kon lewer, het Nienaber vanaf 1935 die persoon geword in wie hy 'n groot vertroue ontwikkel het en met wie hy openhartig kon gesels. Só intiem het hulle verhouding later geword dat hulle oor die letterkunde, vrouens, godsdiens, politiek en alles en nog wat kon gesels. Soms was Opperman by die Nienabers tuis as hy na sy besoeke aan Johannesburg (waar sy ouers intussen gevestig was) met die jongste literêre skindernuus van die Rand af teruggekom het.[29] Aangesien hulle net elf jaar van mekaar verskil het, was hulle verhouding iets van 'n broerskap.

Reeds kort na die aanvang van die akademiese jaar 1935 het Opperman besluit Nienaber is 'n genaakbare man en dat hy graag van hom kommentaar op sy gedigte sou wou ontvang. Dit was ‘'n sweetwarm Dinsdagmiddag, 9 April 1935’[30] toe hy ‘as ouerige, radelose eerstejaarstudent’[31] die manuskrip van sy skoolverse na dr. Nienaber geneem het. In ‘Twee bottels wyn’ vertel Opperman van hierdie en die daaropvolgende besoek die volgende: Nienaber

> sou graag daarna kyk; ons het tee gedrink, 'n paar plate gespeel en hy het effens in die bundel geblaai. Op Vryheid was daar langs die matriekklaskamer 'n jakarandaboom waaroor ek 'n gedig geskryf het. Dr. Nienaber het opgestaan, 'n ander manuskrip-bundel uitgehaal, sy vrou Marmion s'n. Sy was van huis uit Engelssprekend, en toe lees hy vir my haar gedig oor dieselfde onderwerp - Pietermaritzburg is 'n stad van jakarandas. Die aand van 11 April het ek die bus gehaal,

> weer op pad na dr. Nienaber. Hy het sy vrou en hulle enigste kind, Seun, wat reeds in sy bedjie was, aan my voorgestel. Dr. Nienaber het die gedigte simpatiek bespreek en my aangemoedig om voort te gaan en weer aan hom voor te lê. Toe gee hy my 'n boekie present: *Alice Nahon en haar Gedichten*, *Keur uit haar Werk*, *Besproken in het Verband van een Karakterschets door Dr. C. Tazelaar*, *vermeerderde Uitgawe*, *A.W. Sijthoff's Uitgevers Mij N.V. Leiden*, *De Nederlandsche Boekhandel - Antwerpen*, *1932*, en voorin het hy geskryf: 'Aan D.J. Opperman. Met hulde van G.S.N.' Ek het nie veel van die bundel gehou nie, maar wel die menslike gebaar waardeer. Dit was duidelik sy bedoeling, want hy het oor dié digteres en Vlaandere met gevoel uitgewei.[32]

Die skoolbundel wat Opperman in 1935 aan Nienaber voorgelê het, is nie by die dokumente in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek nie en het verlore gegaan. Die beste van hierdie verse het egter behoue gebly in die restant van 'n bundel wat hy aan die einde van 1936 en die begin van 1937 saamgestel het. Dié bundel is aanvanklik *Verwaarloosde wingerd* en later *Sorgelose rapsodie* genoem, maar uiteindelik het Opperman op die titel *Opwaartse drif* besluit.[33] Dr. Nienaber het die manuskrip in Maart 1937 gelees en vir Opperman aangeraai om dit aan die firma J.L. van Schaik vir publikasie voor te lê, maar dit is 'met 'n kort kritiek'[34] - waarskynlik deur H.A. Mulder - afgekeur. Van die beste gedigte uit hierdie bundel is oorgeneem vir 'n volgende bundel wat Opperman in Desember 1938 en Januarie 1939 voorberei het. Op advies van Nienaber is die manuskrip gestuur aan dr. F.C.L. Bosman, indertyd dosent aan die Universiteit van Kaapstad, van wie Opperman kort tevore 'n reaksie ontvang het na publikasie van 'n artikel oor die oorsprong van die Afrikaanse letterkunde in *Die Huisgenoot*. Bosman het die bundel aan sy kollegas I.W. van der Merwe (Boerneef), J. du P. Scholtz en D.B. Bosman getoon, maar F.C.L. Bosman se oordeel was die gunstigste. N.P. van Wyk Louw moet dit egter ook gesien het, want - soos Opperman in 'n brief van 31 Mei 1953 aan Nienaber skryf - 'toe ons bevriend geraak het, het hy vaagweg onthou dat hy 'n bundel van my gelees het en my daarna gevra - hy moet dit van Canis gekry het; hulle het gedink dit was vir die V.V.B. bedoel!'[35]

Intussen het Nienaber Opperman se medewerking verkry vir *Die Saamwerk* waarvan hy die redakteur was. In die uitgawe van Mei 1936 verskyn van hom 'n opstel oor 'Letterkundige kritiek' waaruit sy kennis van die teorieë van Lessing, Stendhal, Taine en Sainte-Beuve blyk, hy vaste kodes en reseppies vir die kritiek afkeur omdat elke kunswerk sy eie indiwiduele standaarde stel, en hy 'n voëlvlugoorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse kritiek gee - alles tesame 'n voorstudie wat later tot sy M.A.-verhandeling sou uitgroei. In *Die Saamwerk* van September 1936 verskyn van hom boekaankondigings van nuwe werke deur D.P. du Toit, Karl Kielblock, Dirk Mostert en D'Arbez en 'n uitvoeriger beskouing oor Leipoldt se *Slampamperliedjies*. In die uitgawe van Maart 1936 word die gedigte 'Op die rivier' en 'Gemis' opgeneem,

terwyl die nommer van Junie 1936 ‘Soekend’ onder die skuilnaam Soeker bevat. ‘Soekend’ is in 1935 met die prys van die Saamwerk-Unie bekroon en is volgens Opperman in sy brief van 31 Mei 1953 aan Nienaber iets tussen die psalmdigter se klag en die swewings van Van Eeden se Windekind.

Naas die publikasiemoontlikheid in *Die Saamwerk* het Nienaber ook sy student betrek by die Natalse radio-omroep. Hiervoor het Opperman boekbesprekings waargeneem en soms ook aan verskeie ander programme deelgeneem. Op 'n aand het hy die teks van 'n program só omgewerk dat hy 'n heildronk kon instel op Marié van Reenen, ‘die nooi in Pretoria’.[36]

G.S. Nienaber was dus vir Opperman nie alleen dosent nie, maar raadgewer, gespreksgenoot en vriend in 'n baie ontvanklike tyd van sy lewe. Daarom dat hy op 2 Augustus 1938 in 'n brief sy dank uitspreek vir wat Nienaber alles vir hom beteken het:

> Ek moet u ook nog bedank vir die heerlike dae en aande wat ons saam deurgedroom het, vir die lesings wat nie 40 min. was maar heeldag en altyd, hulle was ook nie lesings nie maar intense gesprekke, ernstige kletspraat en letterkundige skindery. Dan ook die musiekaande wat ons tot bo-aardse verswewinge vervoer het, en daardie aande as ons twee alleen sit in die lig van die studeerkamer met 'n kelkie wyn en kunsdronk, daardie agtermuurse fluisteringe oor die meesters, daardie aanvoeling soms asof ons mekaar verstaan net vir 'n bits oomblik wat verby flikker om ons weer in ons menslike gestaltes te laat - in onder-materiële ontmoeting, dit alles sal heuglike momente in my lewe bly waarvoor ek u dankbaar is.[37]

VI

Nadat hy aan die einde van 1937 die B.A. met lof in Hollands verwerf het, is Opperman in die jare 1938-1939 besonder aktief op 'n verskeidenheid gebiede. Uit sy produksie kom 'n mens onder die indruk van die besondere werkkrag en werkdrif wat ook in later jare so kenmerkend van hom sal wees.

Naas sy skeppende werk en sy redakteurskap van die *Natal University College Magazine* is Opperman in 1938 ingeskryf vir sowel die Hoër Onderwysdiploma as die M.A. in Hollands. Finansieel is hy hiertoe in staat gestel deur sy moeder wat voortgegaan het om met kunsnaaldwerk vir sy sakgeld te sorg, terwyl sy oud-onderwyser Boonstra self £10 gegee en sewe ander persone op Vryheid oorgehaal het om ook elk £10 vir Opperman te bewillig. Op dié wyse is die £80 gevind wat hom in die geleentheid gestel het om sy studies voort te sit. Die inskrywingsgeld vir die M.A.-kursus was £29 en die res was - saam met byverdienstes - genoeg om sy losies te betaal.

Vir die proeflesse in die vakke Geskiedenis en Afrikaans, wat hy van tyd tot tyd moes aanbied, kry hy uitstekende rapporte en is dit duidelik dat hy beson-

der suksesvol voor 'n klas optree. Aan die einde van 1938 verwerf hy dan ook die Hoër Onderwysdiploma met onderskeiding.

Vir die eksamengedeelte van die M.A. - vandag bekend as die Honneurs-B.A. - moes Opperman ses kursusse volg. By prof. Le Roux het hy Goties, Middelnederlands en kursusse oor Vondel en Tagtig geloop, en in later jare kon Opperman nog onthou hoe sy dosent se 'taalkundige ogies'[38] by die doseer van die eerste twee van hierdie vakke gevonkel het! Vir die Vondel-kursus moes die studente Albert Verwey se uitgawe van die *Volledige dichtwerken en oorspronkelijke proza*, wat pas die vorige jaar gepubliseer is, deurwerk. Op dié wyse het hy vroeg in sy lewe 'n deeglike kennis van Vondel verwerf, 'n kennis wat later in sy eie beoefening van die versdrama neerslag vind en wat vir hom in sy doseerwerk oor die sewentiende-eeuse Nederlandse literatuur aan die Universiteit van Kaapstad van onskatbare waarde was. By dr. Nienaber het hy die Afrikaanse poësie en 'n kursus in die Letterkundige Estetika gevolg. Vir laasgenoemde kursus moes die studente verskillende boeke oor die kritiek en literêre teorie opsom en in die klas voordra, o.m. Spoerrie se *Präludium zur Poesie*.

Aangesien Opperman in hierdie jare baie geïnteresseerd was in prinsipiële sake in verband met die literatuur, het hy veel wyer gelees as wat van hom verwag is. So het hy o.m. die kritiese werk van I.A. Richards, T.S. Eliot, F.O. Matthiessen, C. Day Lewis en W.H. Auden leer ken, maar ook die klassieke tekste van Aristoteles, Horatius en Sidney. As 'n mens sy aantekeninge nagaan, is dit opvallend dat hy dikwels treffende aanhalings neergeskryf het waarin die digterskap ter sprake kom of waarin die verhouding tussen kritikus en kunstenaar ontleed word. So bv. haal hy aan uit Eliot se *The use of poetry and the use of criticism:* '... when the critics are themselves poets, it may be suspected that they have formed their critical statements with a view to justifying their poetic practice', 'n uitspraak wat in 'n groot mate ook waar is vir die kritiese opstelle wat Opperman later sou skryf. Van die begin af was die kwessie van aansluiting by ander digters en 'n literêre tradisie vir Opperman 'n kardinale aangeleentheid. Uit Eliot skryf hy neer: 'Immature poets imitate; mature poets steal'; uit een van Hopkins se briewe teken hy aan: 'The effect of studying masterpieces is to make me admire and do otherwise ...'; en uit sy M.A.-kursus leer hy die 'Aenleidinge ter Nederduitsche dichtkunste' ken waarin Vondel dit as sy beginsel formuleer dat 'n digter behendig moet steel. Reeds in hierdie jare is Opperman ook besonder geïnteresseerd in alle aspekte van beeldspraak en teken hy uitsprake aan waarin daar oor die kriptiese, kortsluitende vergelyking en metafoor uitgewei word. Uit Lewis haal hy aan oor die 'short-circuiting of the poetic current which has results in the use of image rather than allegory, metaphor rather than simile' en in dié skrywer se karakterisering van Donne en die 'metaphysicals' in *A hope for poetry* word hy veral getref deur die tegniek van 'the concentration of images and the juxtaposition of paradoxical

ideas' wat vir die leser 'a series of intellectual shocks' verskaf. Uit *A poet's notebook* van Edith Sitwell haal hy aan: 'Continual writing is really a bad form of dissipation; it draws away the very marrow of the brain.' Gedagtig aan bekende oorproduksies in die Afrikaanse literatuur in die laat-dertigerjare skryf Opperman met 'n vraagteken die name van C.M. van den Heever en I.D. du Plessis hierby neer!

As voortsetting van sy eie selfstandige studie van die Tagtigers, waaraan hy in die universiteitsvakansie aan die einde van sy tweede en begin van sy derde jaar baie tyd bestee het, skryf hy vir die kursus oor die Letterkundige Estetiek 'n uitvoerige opstel van sewe en vyftig bladsye met die titel ''n Vergelyking tussen die kritiek van 1830-1880 en dié ná 1880, telkens met een kritikus as middelpunt'. In sy lesings het dr. Nienaber onder meer die kwessie van die gerigtheid in die kunswerk op 'n bepaalde publiek ter sprake gebring. Opperman was baie geïnteresseerd in dié aangeleentheid en het aan Nienaber gesê dat hy graag hierdie gedagte verder sal wil uitwerk, iets wat hy inderdaad gedoen het in sy lesing 'Invloed van die Afrikaanse publiek op die Afrikaanse skryfkuns' wat hy in 1955 voor die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad hou en later in *Naaldekoker* opneem. 'n Prikkel wat hy ook by dr. Nienaber gekry het, en waaraan hy onmiddellik werk, is die artikel 'Wanneer begin die Afrikaanse letterkunde?' Dit verskyn in *Die Natalse Afrikaner* van 1 en 8 Augustus 1938 en daarna in effens verkorte vorm in *Die Huisgenoot* van 3 Februarie 1939.[39] Hierdie artikel sluit aan by 'n polemiek wat ontstaan het na die verskyning van Elizabeth J.M. Conradie se *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika*. Wat logiese bewysvoering en formulering betref, is dit Opperman se belangrikste publikasie in die dertigerjare. In 1974 bundel hy dit in *Naaldekoker*.

Aan die einde van 1938 slaag Opperman die eksamengedeelte van die M.A. met onderskeiding en in 1939 werk hy onder leiding van dr. Nienaber aan 'n verhandeling oor die *Afrikaanse letterkundige kritiek tot 1922*. Deur sy besondere prestasies vir die Onderwysdiploma en M.A.-eksamen word die Victoriabeurs einde 1938 aan hom toegeken. Hierdie beurs sou hom in staat stel om sy studie in Nederland voort te sit. Dit was sy voorneme om in September 1939 te vertrek sodat hy betyds kon wees vir die Europese universiteitsjaar. Aanvanklik was dit sy gedagte om in sy M.A.-verhandeling die Afrikaanse kritiek tot 1939 te dek, maar hy het gou besef dat die materiaal te veel is. Daarom besluit hy om die gebied vir sy M.A. tot 1922 te beperk en die periode 1922 tot (die destydse) hede in Nederland vir 'n doktorale proefskrif voort te sit. Opperman het gereelde onderhoude met sy studieleier gehad en uit hierdie tyd dateer sy gebruik om twee bottels soetwyn te koop en dan op 'n aand dr. Nienaber te besoek. Een van die bottels het hy dan voor Nienaber neergesit en een voor homself. Hy skryf:

> As die wyn nog hier by die skouertjie van die bottel is, het ek die onderwerp van die gesprek effens aangeroer, maar hy was dan nog 'n bietjie toe, en eers as die wyn bo aan die etiket raak, het hy op dreef gekom en ek het my potlood en aantekeningboek rustig uitgehaal en geskryf. As ons verby die etiket stoot, was die volle waarheid daar, en wanneer ons die nagdop skink, het ons op my briljante idees gedrink![40]

Nienaber se boekery was tot sy student se beskikking en hy het hom ook in aanraking gebring met lewende kritici soos C.M. van den Heever, G. Dekker en M.S.B. Kritzinger by wie Opperman besoek afgelê het toe hy in 1938 in Pretoria vir navorsingswerk was.

Vir sy verhandeling het Opperman baie tydskrifte en alle publikasies van kritici deurgewerk. Die verhandeling,[41] wat tagtig bladsye in omvang is, word verdeel in 'n inleiding, gevolg deur drie hoofstukke wat agtereenvolgens ‘Vroeë voortekens’, ‘Ontwakende kritiek’ en ‘Eerste proefskrifte’ as titels het. In die inleiding baken hy sy gebied af en noem hy die kriteria waarmee hy meet, terwyl hy in die eerste hoofstuk aandui hoe die eerste kritiek uit die nasionale bewuswording van die Afrikaner in die negentiende eeu voortkom, en die nasionale, godsdienstige en praktiese waarde van publikasies derhalwe suiwer literêre sake verdring. Waar literêre aangeleenthede wel ter sprake kom, is dit bloot eksterne sake in verband met die digkuns, soos maat en rym. Die ontwakende kritiek wat hy in tydskrifte en koerante nagaan, sien hy raak in die werk van J.H.H. de Waal, J. Kamp, J.J. Smith en veral Gustav Preller. Saam met die kritiese aktiwiteite van skeppende kunstenaars soos Celliers en Marais is dit die boustof vir hoofstuk II, terwyl die eerste proefskrifte - dié van Besselaar, Lydia van Niekerk, E.C. Pienaar en P.C. Schoonees - in die derde hoofstuk behandel word. Wat 'n mens in Opperman se verhandeling opval, is die logiese bou, die katalogus-effek deur die opstapeling van oorwegings of redes, die vermoë om saam te vat, te sintetiseer en te kontrasteer, en by tye die verrassende formulerings. In verband met Preller, Kamp en N.P. van Wyk Louw sê hy byvoorbeeld:

> Waar Preller telkens die historiese waarheid van 'n kunswerk toets, wil Kamp sy sedelike element peil maar dit slegs na die estetiese. Sy insigte oor 'n nasionale letterkunde en kritiek vind die volledigste aansluiting by 'n N.P. van Wyk Louw; by hom kry ons dan ook, al is dit nie orals suiwer toegepas nie, die versoening van die kultuur-historiese en die estetiese. Oor die blote teorie van 'n nasionale estetiek is Preller die saad, Kamp die ontkieming en Louw die rypwording.

Aan die einde van 1939 ontvang Opperman die graad M.A. met lof. Afgesien van dr. Nienaber as studieleier was sy eksaminatore prof. Le Roux en prof. H. van der Merwe Scholtz van die Vrystaatse Universiteitskollege. Prof. Le Roux het intussen agtergekom dat daar iets aan die gang is tussen sy student en die

Pretoriase meisie. Met die gradeplegtigheid het hy Marié van Reenen genooi om by hulle tuis te gaan en daarna vir 'n feestelike byeenkoms gesorg waarop ‘'n eg Bolandse gees met die wit wyne geskep’[42] is.

Afgesien van sy redakteurskap van die *Natal University College Magazine* behartig Opperman in die jare 1938-1939 'n vaste rubriek oor boeke en kuns in *Die Natalse Afrikaner*. Na analogie van die Nederlandse kritikus N.A. Donkersloot wie se skeppende werk onder die pseudoniem Anthonie Donker gepubliseer is, het hy op die skuilnaam Arnold Benadi besluit. Uitgewers is versoek om boeke ter resensie te stuur, en naas ontspanningsleesstof het hy beskouinge geskryf oor C.M. van den Heever se *Kromburg*, *Aardse vlam* en *Kruispad*, *Die siel van Suid-Afrika* deur D.F. Malherbe, Boerneef se *Van my kontrei*, Holmer Johanssen se *Gety* en *Gedigte* deur Theo Wassenaar. 'n Besondere bespreking is dié van sy universiteitsvriend M.J. Harris se debuut *Bruisende waters* wat hy as 'n ‘Ope brief aan ('n) jong Natalse skrywer’ aanbied. Naas stukke oor Nederlandse skrywers soos Leopold en Boutens en 'n artikel by die dood van Willem Kloos publiseer hy verder 'n reeks oor ‘Gebrokenheid’ waarin hy die begrip histories en psigologies verken en dan die jongste Afrikaanse digkuns van W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, I.D. du Plessis, Uys Krige, Elisabeth Eybers en S. Ign. Mocke in die lig hiervan bespreek. 'n Prikkelende artikel in dié reeks is dié waarin hy allerlei juiste en onjuiste verbande tussen W.E.G. Louw se *Die ryke dwaas* en Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* trek. Dit dui daarop dat hy wel op die hoogte was van sekere biografiese gegewens oor dié twee skrywers, maar in dié stadium nog nie heeltemal geweet het hoe sake inmekaarsteek nie! Deur F.E.J. Malherbe se veelvuldige en onnoukeurige gebruik daarvan het die begrip ‘gebrokenheid’ gou in onguns verval by die Dertigers. Toe Van Wyk Louw later van sy plakboeke aan Opperman leen, was die reeks uit *Die Natalse Afrikaner* netjies daarin geplak. Opperman het egter nooit vir Van Wyk Louw vertel wie Arnold Benadi is nie![43] Die rubriek van Opperman is indertyd verslind deur die Natallers wat in die letterkunde geïnteresseerd was. Daarby het sy vriende in Pietermaritzburg geweet dat Opperman ingelig was oor nuwe publikasies en wat nog in 'n bepaalde jaar sou verskyn. Om op die hoogte te bly, het hulle hulle dus telkens tot hom gewend.

Naas sy gereelde rubriek het Opperman verder by geleentheid die hoofartikels geskryf. *Die Natalse Afrikaner* was egter 'n orgaan van die Verenigde Party en Opperman was sterk Nasionaalvoelend. ‘Ek moes,’ so vertel hy in ‘Twee bottels wyn’,

> dus versigtig te werk gaan, maar kort-kort was daar moeilikheid. Die direksie wou meer weet van die ‘Republiek’ waaroor ek so skryf. Ek het verduidelik dit is sommer dié van 'n Griekse wysgeer, Plato. Oor 'n ander onderwerp het die Sinode beswaar gemaak: dit was my waarskuwing teen die Afrikaanse drie P's: pers, politiek en predikante.[44]

Ook van sy skeppende werk het van tyd tot tyd in *Die Natalse Afrikaner* verskyn. In 1938 publiseer hy die gedigte ‘Plantasie-lied’, ‘Die maan oor die see’ en ‘Na-doodse gebed’; laasgenoemde gedig verskyn ook in *Die Huisgenoot* van 7 Julie 1939 as ‘Gevange geeste’. Al drie hierdie gedigte getuig van 'n vaster greep as die meeste van vroeër. In ‘Plantasie-lied’, wat in die uitgawe van 16 Mei 1938 opgeneem word, is die aards-hemelse spanning, bonkige woordgebruik en ekonomiese segging van sy latere poësie reeds aanwesig. Die sonnet ‘Die maan oor die see’ (20 Junie 1938) is nogmaals 'n illustrasie van sy sterk beeldende vermoë, terwyl ‘Gevange geeste’ (as ‘Na-doodse gebed’ in *Die Natalse Afrikaner* van 17 Oktober 1938) beheers word deur die spanning aarde - hemel.

Met hierdie verse voel 'n mens dat daar 'n raker woord- en beeldgebruik by Opperman kom, terwyl die verse oor die algemeen deur hewiger spanninge aan trefkrag wen. Daarteenoor publiseer hy in ligter luim in die uitgawe van 21 Februarie 1939 'n aankondiging dat lesers interessante boeregrappe, snaakse taalgebruik, spookvoorvalle, bygelowe, 'n onderhoudende gesprek en dergelike meer kan instuur vir 'n weeklikse prysgeld van vyf sjielings. Self dra hy in die uitgawe van 6 Maart 1939 'n reeks onder die titel ‘Digters se teeparty’ by en loof vyf sjielings uit vir die persoon wat die geparodieerde digters kan uitwys. Terwyl die reeks oor die ‘Gebrokenheid’ as die verre voorloper van die latere *Digters van Dertig* gesien kan word, is ‘Digters se teeparty’ die voorafskaduwing van die ‘Met apologie’-reeks wat in 1948 in *Standpunte* verskyn en later in *Kuns-mis* opgeneem word.

In *Die Natalse Afrikaner* publiseer Opperman verder twee prosastukke. In die uitgawe van 10 Julie 1939 verskyn die kortverhaal ‘Die maalklip’ wat, soos die skoolverhaal ‘Die reënoffer’, die Zoeloe-wêreld as agtergrond het en oor 'n jong Zoeloemeisie handel wie se liefdeslewe deur 'n oorheersende vader vernietig word. Die uitgawe van 25 Julie 1939 bevat die transkripsie van 'n aantal minnebriewe van Zoeloes. Een van die briewe lui as volg:

> My Dear,
> Dit is oor jou wat ek sterf, kind van my liefde. My hart maak Ndo-o-o-o-o-! Ndo-o-o-o-o! oor jou. (Om dit te verstaan moet ek verduidelik. Dit is afgelei van 'n soort rympie wat hulle opsê om die klaagkoor van 'n sekere bosduif na te boots. Hier is die rympie. In Afrikaans lui dit: Vandat my pa en ma dood is maak my hart so: Ndo-o-o-o-o...Lo kwaf u baba no mama, Inhlizio yami lo yati Ndo-o-o-o-o! Ndo-o-o-o! Ndo-o-o-o! Ndo-o-o met versnelder, sagter en verkorter tempo. Nou sê hy my hart maak Ndo-o-o/Ndo-o-o oor jou.) Ek probeer om te werk, maar die graaf is swaar. Die werk wil nie klaarkom nie.

Die verwysing na die graaf in hierdie brief vind later neerslag in die gedig ‘Dank’ in sy eerste bundel:

sonder jou liefde is die graaf te swaar vir my
en val die geil reëns van die berge sonder doel (,)

hoewel W.E.G. Louw se ‘Belydenis’ uit *Die ryke dwaas* van 1934 literêrhistories gesien die voorloper van dié reëls is:

Sonder jou liefde bestaan geen God vir my,
en waai die winde oor die dorsvloer van my hart.[45]

In sy kommentaar op die minnebriewe wys Opperman op die eenvoudige siening en segging en veral die beelde wat uit die onmiddellike vertroude natuurwêreld geput word. Die ‘groot gevoelens van die lewe’, sê hy, ‘word aan primêre en permanente voorwerpe geanker wat altyd daar sal wees as oeragtergrond van die mens.... Alle ware en groot poësie gryp oor beskawing en kultuur terug na die groot agtergrond, die natuur.’ Dit is opvallend dat Opperman hierdie kunsbeginsel so vroeg in sy loopbaan formuleer. In sy poëtiese praktyk was hy altyd oopgestel vir die sintuie en die wêreld van sy ervaring.

As geografies beperkte koerant in die oorwegend Engelstalige Natal het *Die Natalse Afrikaner* egter vir Opperman slegs 'n klein leserspubliek gebied. Daarom het hy toenemend teen die einde van die dertigerjare sy gedigte aan *Die Huisgenoot* gestuur wat as prestige-weekblad van die Nasionale Pers landswyd versprei is. Reeds in 1934 het Markus Viljoen as redakteur van die blad Opperman se skoolverhaal ‘Die reënoffer’ aanvaar, en sedert Desember 1937 was Fred le Roux, wat later baie goed met Opperman bevriend sou raak, aan die redaksie van dié blad verbonde met die verantwoordelikheid om die poësie-bydraes te behartig. In die uitgawe van 16 Junie 1939 verskyn ‘Bloedrivier, 1938’ wat reeds eerder in *Die Natalse Afrikaner* van 12 Desember 1938 gepubliseer is en wat Opperman in 1945 in *Heilige beeste* opneem. In die daaropvolgende jaar verskyn, afgesien van ‘Somerreëns’ wat 'n verwerking van 'n gedig uit 1936 is en ‘Afskeid’ wat in 1938 in die *Natal University College Magazine* opgeneem word, twee gedigte wat Opperman nie later bundel nie. ‘Weerlig’ (24 Maart 1939) het in die derde strofe iets van N.P. van Wyk Louw se ‘Grense’. Ook ‘Laaste reëns’ (15 Desember 1939) wat beeldend in die tweede strofe op die aardse steun, is as geheel nog sterk in die belydende trant van die vroeë Dertig. Daarteenoor verskyn in 1939 in *Die Huisgenoot*, afgesien van ‘Bloedrivier, 1938’, drie bydraes wat Opperman later in *Heilige beeste* opneem. ‘Invocatio’ in die uitgawe van 4 Augustus 1939 verskyn as ‘Bede’ in sy debuutbundel, terwyl die kwatrynsiklusse ‘Dagboek’ en ‘Kronieke’ uit *Heilige beeste* as ‘Kelkies wyn’ (5 Mei 1939) en ‘Veldvure van die nag’ (4 Augustus 1939) gepubliseer word. In die ‘Dagboek’-reeks het die kwatryn ‘Kunstenaars’ die titel ‘Adel’. In ‘Kronieke’ in *Heilige beeste* word ‘Massa’ bygevoeg wat nie in *Die Huisgenoot*-publikasie voorkom nie. ‘Veld-

vure van die nag' bevat daarenteen die kwatryn 'Armblanke' wat op 'Kinders van vyande' volg, maar in die bundel weggelaat is:

> Omdat ek bloot eenvoudig maar
> Wat vaders mooi geag het wou bewaar,
> Word ek vandag agter die rug gespot,
> Staande wat're, bywoner, bedelaar.

Afgesien daarvan dat 'Staande wat're' in hierdie konteks enigsins onduidelik is, bevat 'wat're' die soort digterlike vryheid waaraan die ouer Afrikaanse digters hulle veelvuldig skuldig gemaak het en wat nog periodiek in die Louws se eerste bundels voorkom. In *Heilige beeste* is dit opvallend dat Opperman dié soort verskynsel vermy, terwyl hy 'n gevoeligheid vir die waarde van die rymwoord in sy besondere sleutelposisie openbaar. Waarskynlik is dit 'n verdere rede waarom hy dié kwatryn met die onbeduidende woord 'maar' as rymwoord in die eerste reël uit die bundel weggelaat het.

Die res van die twee kwatrynreekse gee egter reeds oorvloedige bewys van Opperman se digterlike vermoëns. Terwyl dit die algemene patroon by die redaksie van *Die Huisgenoot* in die dertigerjare was om gedigte as 'stoppers' of 'vullers' te gebruik, het Fred le Roux besluit om in bepaalde gevalle liewer een bladsy aan die poësie te wy. Reeds in hierdie vroeë stadium het Le Roux onder die indruk gekom van die beeldende vermoë en woordkrag van Opperman se poësie en besef dat hy hier met 'n potensieel groot digter te make het. Daarom dat Opperman een van die eerste digters was aan wie hy met die publikasie van 'Kelkies wyn' en 'Veldvure van die nag' volle bladsye afgestaan het.

Omdat Opperman reeds aan die einde van 1938 die Victoria-beurs gekry het, was dit sy plan om in September 1939, ná afhandeling van sy M.A.-verhandeling, vir verdere studie na Nederland te vertrek. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het egter alle moontlikhede van Europese studie binne die afsienbare toekoms uitgewis. Met studieskuld, wat nog nie afbetaal was nie, het hy gevoel dat dit beter sou wees as hy 'n onderwysbetrekking aanvaar en sy verdere studie in Suid-Afrika voortsit. Gelukkig vir hom was daar 'n vakature by die Voortrekkerskool in Pietermaritzburg wat hom die geleentheid sou gee om sy doktorale studie te begin onder dosente wat aan hom bekend was. Aan die begin van 1940 word Opperman dan onderwyser.

Eindnoten:

1 'Twee bottels wyn', *Verspreide opstelle*, Kaapstad/Pretoria, 1977, p. 110. Hierdie artikel is oorspronklik geskryf vir die bundel *Sewentiger G.S. Nienaber* (saamgestel deur H.J. Vermeulen, Pietermaritzburg, 1973) en is een van drie belangrike outobiografiese bronne vir Opperman se Pietermaritzburgse fase (1935-1945). Die ander twee is 'n dagboek wat hy in die tydperk 1935-1938 gehou het, en 'n brief oor sy skeppende werk uit dié periode wat hy op 31 Mei 1953 aan prof. G.S. Nienaber geskryf het. (Ook op skool het hy 'n dagboek gehou, maar dit het nie bewaar gebly nie.)
2 Ibid., pp. 109-110.

3 Ibid., p. 109.
4 Ibid., p. 110. Hoër op in die paragraaf waaruit hier aangehaal word, spel Opperman prof. Hattersley se voornaam foutief as Allen in plaas van Alan. Hy vergis hom ook wat die toekenning van die klasmedalje vir Hollands I aan M.J. Harris betref. Die medalje vir 1935 is gedeel deur Opperman en Wessel van Niekerk. Opperman het dit vir Letterkunde ontvang, terwyl dit aan Van Niekerk op grond van sy prestasie in Taalkunde toegeken is.
5 Hy was egter nie onverskillig oor dié sake nie. Op 18 Junie 1984 skryf sy eerstejaarskamermaat Jack Freedman, onbewus daarvan dat Opperman toe reeds etlike jare ernstig siek is na 'n beroerte-aanval, in 'n brief oor hulle jare saam aan die Natalse Universiteitskollege: 'I think often with pleasant nostalgia of events during our brief association, and especially of your cheerful companionship, and of your never-failing devotion to your Bible-reading and your Christian meditation.' Omdat hierdie aspek van Opperman se lewe vrywel onbekend is, het ek mnr. Freedman gevra om my meer besonderhede te verskaf. In 'n brief van 7 November 1984 skryf hy onder meer die volgende: 'It was during this year (hulle eerste jaar, d.w.s. 1935) that it became clear to me that Dirk would never retire to bed before he had performed the ritual of his nightly devotions. By this time our last conversations were over, my light was switched off, and I was preparing for sleep. In the shaded light over his desk I would notice Dirk hunched there over his Bible, always with a towel draped over his head in the manner of a monk's cowl, leaving only his face faintly visible. After reading his portion, he would carefully replace his leather marker, close his Bible, lean forward with his forehead between the fingers of both hands, and go into his meditation. Then he would rise, put out his light, and go to bed. This was his unvariable routine.'
6 'Twee bottels wyn,' *Verspreide opstelle*, p. 110.
7 Sou hierdie gepaste byname en die verskil in liggaamsbou die kiem gewees het vir Opperman se siening van Manuel en Dabor in *Joernaal van Jorik:* Manuel 'die lang skraal skipper/met die hol gesig en die bietjie baard' en 'Dabor, die dikke, die tweede man'?
8 'Twee bottels wyn', *Verspreide opstelle*, p. 110.
9 Hierdie teks kom nêrens in die dagboek of in ander Opperman-dokumente voor nie, maar is uit die geheue deur Opperman se suster, mev. Liz Theron, aangehaal en deur Retha Meintjes (mev. Retha Brecher) bevestig.
10 In *Digters van Dertig* sal hy later N.P. van Wyk Louw se siening in 'Gesprek van die dooie siele' van die man wat sy 'grote Godsweg' gaan teenoor die vrou wat na liggaamlike sekerheid verlang, in verband bring met Milton se uitspraak in *Paradise lost:* 'Hee for God only, shee for God in him' en dié van Byron in *Don Juan:* 'Man's love is of man's life a thing apart,/ 'T is woman's whole existence' (*Digters van Dertig*, Kaapstad, 1953, p. 191).
11 Vir die grootste deel is die dagboekaantekeninge oor Olga Ardell in Afrikaans, ook waar Opperman haar regstreekse woorde in dialoogvorm gee. Slegs in enkele gevalle slaan hy oor na Engels.
12 Hierdie briewe is in die besit van mev. Marié Opperman.
13 Die gegewens in verband met Opperman se prestasies as student word verstrek in 'n persoonlike brief, gedateer 4 November 1983, van mnr. M.H. Stockhoff, Registrateur (Akademies) van die Universiteit van Suid-Afrika. Die Natalse Universiteitskollege was in die jare van Opperman se studietermyn 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika en het eers in 1949 universitêre status verkry. Opperman se prestasies word om dié rede by die Universiteit van Suid-Afrika bewaar.
14 'Twee bottels wyn', *Verspreide opstelle*, p. 110.
15 Pretoria, 1941, p. 46. Oor die geskiedenis van die Departement skryf G.S. Nienaber uitgebreid in *Sewentiger G.S. Nienaber*. In dié bundel verskyn ook herinneringe van oud-kollegas en oud-studente, onder andere van A.J. Coetzee, A.P. Grové, P.D. van der Walt, Johan Boshoff, P.R.T. Nel, Jan Scannel en Opperman.
16 *Sewentiger G.S. Nienaber*, p. 13.
17 Die besonderhede oor kursusse en voorgeskrewe boeke wat hier verstrek word, kom uit die jaarboeke van die Natalse Universiteitskollege en uit materiaal wat in die Departement van Afrikaans en Nederlands in Pietermaritzburg bewaar word. Dit is in 1983 goedgunstiglik deur prof. C.J.M. Nienaber tot my beskikking gestel. Kyk ook G.S. Nienaber se reeds genoemde oorsig in *Sewentiger G.S. Nienaber*.
18 In 'Twee bottels wyn' (*Verspreide opstelle*, p. 110) wek Opperman verkeerdelik die indruk dat die vereniging in 1935 gestig is. Volgens die *Natal University College Magazine* van November 1936 is die klub in 1936 gestig (nie laat herleef, soos Opperman as moontlikheid noem nie).

19 *Verspreide opstelle*, p. 110.
20 *Natal University College Magazine*, November 1936, p. 50. In die teks staan ‘Propagandistiese hom’ in plaas van ‘bom’, maar dit is kennelik 'n setfout.
21 Volgens 'n mededeling van sy suster Liz het hy tydens 'n universiteitsvakansie vir haar feitlik die hele bundel hardop voorgelees.
22 Oor die poësie wat Opperman in Natal geskryf het, bestaan daar die ongepubliseerde M.A.-verhandeling van S.J. le Grange: *D.J. Opperman se Natalse periode*, Universiteit van Natal, 1980. Alhoewel Le Grange onbekende inligting verstrek, is sy betoog nie baie diepgaande nie. As addendum gee hy die tekste van Opperman se ongepubliseerde en tydskrifverse uit dié periode, maar daar kom enkele hiate voor, en die transkripsie is soms onnoukeurig.
23 ‘Twee bottels wyn’, *Verspreide opstelle*, p. 111.
24 Le Grange, op cit., p. 54.
25 Dirk Coster, *Verzameld proza*, Arnhem, 1930, pp. 1-49.
26 Oor die onderhandeling met die drukkers skryf hy die volgende in ‘Twee bottels wyn’:

> Ek wou die Natalse Pers 'n guns bewys deur as redakteur die *Natal University College Magazine* by hulle te laat druk. 'n Uitgawe moes op 'n bepaalde dag verskyn, en dit het gelyk of hulle laat sou wees. Ek haal die drukkers oor om tot diep in die nag te werk en ek bestel 'n groot kis bier. Toe die tyd om te vier aanbreek, blyk dit dat hulle geheelonthouers is. Die universiteitsredaksie het nie gehou van mors nie. (*Verspreide opstelle*, pp. 114-115.)

27 In ‘Twee bottels wyn’ vertel Opperman dat hierdie kennismaking met Calpin gelei het tot medewerking met Lilian Rabkin wat die boekebladsy in *The Natal Witness* versorg het:

> Ek het 'n klompie kort aankondigings van Afrikaanse boeke vir haar bladsy geskryf. Met Calpin was dit meer gesprekke oor Suid-Afrikaanse en wêreldgebeure. Hy het my boeke present gegee waarvoor daar nie bladsyruimte vir kritieke was nie; so het ek onder meer Robert Frost leer ken deur sy *Selected Poems*. Calpin het ook oor 'n bepaalde nommer van die *Natal University College Magazine* waarvoor ek verantwoordelik was, 'n vleiende subartikel geskryf. Ek het hom oorreed om ons studente te kom toespreek - dit was 'n ruk voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Hy het 'n skitterende ontleding van die politieke toestande gelewer en afgesluit met woorde wat, volgens hom, net kort voor die Eerste Wêreldoorlog gebesig is: ‘*The lights are going out over the whole of Europe*.’ (*Verspreide opstelle*, p. 112.)

28 *Verspreide opstelle*, p. 112.
29 Ibid., pp. 113-114.
30 Ibid., p. 111.
31 Brief van Opperman aan G.S. Nienaber, 31 Mei 1953.
32 *Verspreide opstelle*, p. 111.
33 Die manuskrip van *Opwaartse drif* is in die besit van prof. G.S. Nienaber, maar 'n fotokopie daarvan word by die Opperman-dokumente op Stellenbosch bewaar. Hierdie manuskrip is egter slegs 'n restant, aangesien die beste gedigte daarin uitgehaal is vir 'n volgende bundel. In die oorspronklike bundel was 'n gedig met die titel ‘Droogte’ waarvan Nienaber gehou en ook aan Trümpelmann gewys het. Een van die strofes lui ‘min of meer’ as volg; die res het verlore gegaan (gegewens en teks uit die brief van Opperman aan Nienaber, 31 Mei 1953):

> Wanneer die droogte kom,
> weet ek, ver van waterstrome,
> dat die aalwee blom
> van die water in sy drome.

Uit die manuskrip van *Opwaartse drif* kom verder: ‘Vlug’, ‘Nocturne’ en ‘Herfs: Exuvial’. Volgens Opperman in sy brief aan Nienaber het ‘Herfs: Exuvial’ ‘'n Campbell-Gorter-Dertiger-naklank’. In *Die Huisgenoot* van 23 Mei 1941 publiseer hy die sonnet ‘Herfs’ waarin dieselfde ‘gedagte’ uitgedruk word en waarin daar ook 'n verwantskap met Dertig, in die besonder met N.P. van Wyk Louw se ‘Vier gebede by jaargetye in die Boland’, aanwesig is.

34 *Verspreide opstelle*, p. 115.

35 V.V.B. is die afkorting vir die Vereniging van die Vrye Boek waarvan J. du P. Scholtz en N.P. van Wyk Louw indertyd bestuurslede was. In ‘Twee bottels wyn’ (*Verspreide opstelle*, p. 115) noem Opperman dat F.C.L. Bosman dit ook aan I.D. du Plessis voorgelê het. Dié naam ontbreek egter in Opperman se brief van 31 Mei 1953 aan Nienaber. In Bosman se brief van 15 Mei 1939 aan Opperman word net die name van D.B. Bosman, I.W. van der Merwe en J. du P. Scholtz genoem.

36 *Verspreide opstelle*, p. 115.

37 Brief in besit van prof. G.S. Nienaber.

38 *Verspreide opstelle*, p. 115.

39 In ‘Twee bottels wyn’ vertel Opperman dat hy op aandrang van Nienaber die artikel na *Die Huisgenoot* gestuur het. Markus Viljoen wou dit graag plaas, maar Opperman is versoek om dit te verkort. ‘Dr. Nienaber raai my aan: Laat dit drie weke lê en dan pos jy dit net so weer terug. Die lengte was toe presies reg!’ (*Verspreide opstelle*, p. 115). Hierdie inligting is nie korrek nie. As 'n mens die publikasie van die artikel in *Die Huisgenoot* met dié in *Die Natalse Afrikaner* vergelyk, is dit duidelik dat Opperman wel verkort het; onder meer het hy die insiggewende slot weggelaat.

40 *Verspreide opstelle*, p. 114.

41 *Afrikaanse letterkundige kritiek tot 1922*, verhandeling vir die graad M.A. aangebied deur Diederik Johannes Opperman, Universiteit van Suid-Afrika, 1939. Uit hierdie verhandeling neem Opperman later twee artikels in sy bundel *Wiggelstok* (1959) op.

42 *Verspreide opstelle*, p. 116.

43 Ibid., p. 114.

44 Ibid.

45 W.E.G. Louw, *Versamelde gedigte*^{2}, Kaapstad, 1978, p. 26.

Hoofstuk 4
Onderwyser in Pietermaritzburg

I

Die Voortrekkerskool in Pietermaritzburg, waar Opperman aan die begin van 1940 begin klas gee het, was geleë op die hoek van Mayor- en Pinestraat. Dit is in 1927 gestig en het sowel die laer as hoër standerds omvat. Aanvanklik was daar min skoliere, maar in die laat-dertigerjare het die getalle onder die bekwame leiding van Jan Stander, skoolhoof en later Adjunk-Direkteur van Onderwys in Natal, vinnig begin styg, totdat daar aan die einde van 1941 sewehonderd leerlinge was.

As enigste Afrikaanstalige inrigting in sy soort in die oorwegend Engelse omgewing is die skool met 'n mate van argwaan bejeën, veral tydens die Tweede Wêreldoorlog toe die gemoedere soms hoog geloop het. Onder Engelssprekendes is die skool gebrandmerk as 'n tuiste vir Nazi's, en van tyd tot tyd is daar gedreig dat die gebou afgebrand sou word. Van owerheidsweë het sterk druk gekom dat dit in 'n parallelmediumskool moes ontwikkel, ten spyte van die feit dat die ander skole in Pietermaritzburg uitsluitlik Engelstalig was. Voor die perseel waarop die nuwe skoolgebou opgerig sou word, het byvoorbeeld lank 'n kennisgewing gepryk met die woorde ‘Site for the New Dual Medium School’.[1]

In dié omstandighede is dit te begrype dat die skoolhoof en onderwysers saam met leidende Afrikaners in die stad - ten spyte van onderlinge politieke verskille - diep in die stryd vir Afrikaans en die Afrikaners gestaan het. Gawie Nienaber was byvoorbeeld aktief betrokke by die opheffing van die verarmde Afrikaners op die spoorweë, terwyl daar by die skool 'n brandende besieling en daadwerklike leiding van Jan Stander uitgegaan het. Só sterk was die gesindheid teen die Afrikaner dat Dirk Opperman en sy vriende tydens die oorlogsjare openlik hulle misnoeë met die tradisionele Britse simbole getoon het. Op 'n aand het hy en Philip Grobler by 'n film uitgestap toe ‘God save the King’ aan die einde gespeel is, soos destyds die gewoonte was. Toe een van die lojale Engelse hulle wou keer, het die andersins vreedsame Opperman met sy afkeer

van liggaamlike geweld die man 'n behoorlike opstopper gegee. Soms was die gespanne politieke verhoudinge 'n vonk vir Opperman se bekende geestigheid. Op 'n middag, terwyl Jan Stander en Opperman op die trappies voor die skool aan die gesels was, kom 'n kollega verby oor wie se lojaliteit aan die Afrikanersaak daar bedenkinge was. Die kollega stap verby met 'n eksemplaar van *Die Burger* onder sy arm, 'n koerant waarop hy ingeteken was. Met 'n vonkel in sy oog merk Opperman teenoor Stander op: 'Ja, daar loop hy nou met *Die Burger* onder sy arm, maar met die *Cape Times* in sy hart!'

Van die begin van sy dienstermyn aan die Voortrekkerskool het Opperman sy pligte met geesdrif uitgevoer en soos die meeste ander onderwysers 'n daadwerklike bydrae gelewer in die stryd vir Afrikaans en die Afrikaner. Aanvanklik was daar nie werk vir hom in die sekondêre afdeling nie en Stander het hom gevra om die standerd III-klas te neem. Opperman het later - by sy afskeid van die skool vyf en 'n half jaar daarna - gesê dat sy werk met die kleintjies hom ná die hoë vlug van sy M.A.-studie teruggebring het aarde toe. Van 1941 af is hy egter oorgeskuif na die hoër klasse en het hy Geskiedenis en veral Afrikaans gedoseer, terwyl hy ook vir Engels by sommige gevorderde groepe en 'n kort tydjie vir Rekenkunde by standerd VII verantwoordelik was.

Opperman was 'n goeie onderwyser. Hy het nie 'n streng voorkoms gehad nie, maar met sy erns, doelgerigtheid, sterk persoonlikheid en flinke aanbieding van die stof kon hy dissipline handhaaf sonder om te dreig. Hoewel hy sy leerlinge hard laat werk het, was dit vir hulle ondenkbaar om sy werk af te skeep en die begaafdes het hulle met geesdrif en oorgawe aan die studie van Afrikaans gewy. Hy het hom nie tot die leerplan beperk nie en soms nuwe werk uit tydskrifte met hulle bespreek, soos byvoorbeeld 'Renboot' van N.P. van Wyk Louw wat in *Die Huisgenoot* van 13 Desember 1940 gepubliseer is. Vrydagmiddae, wanneer dit dikwels baie warm in Pietermaritzburg was, met die skoliere moeg na die week se werk, het hy sy lesure gebruik om buite die sillabus oor die letterkunde te gesels. Deur sy vertelling heen het hy soms toneel gespeel, en só oortuigend was hy dat 'n mens in die klas 'n speld kon hoor val.

Die gevolg van sy doseerwerk was dat daar 'n herlewing in die senior klasse se belangstelling in letterkunde ontstaan het. Die leeslus by die skoliere was duidelik uit die groter aantal boeke wat uit die skoolbiblioteek geneem is en die verbetering in die resultate in die eindeksamen. Terwyl 'n A-predikaat vroeër seldsaam was, het dit gebeur dat die skool ná die aanstelling van Opperman 'n hele paar A's in Afrikaans op 'n slag ingeoes het. Volgens die getuienis van sy broer Koos, wat na die dood van vader Opperman in 1943 in Pietermaritzburg skoolgegaan het, was dit 'n besondere voorreg om Afrikaans by Opperman te neem. Alhoewel hy 'n gevoelige persoon was met 'n element van skroomvalligheid in sy verhouding tot ander mense, het hy sy kennis graag gegee en sy leerlinge aangemoedig en geïnspireer. Uit hierdie jare dateer ook die waarneming van baie van sy vriende dat Dirk Opperman hom met die volle oorgawe

van sy hele persoonlikheid vir 'n ander se standpunt kon oopstel. Elke mens en kind was iets besonders in sy oë. Só intens was sy belangstelling in sy leerlinge dat hy hulle soms selfs afgeluister het! Later sou Denise Ferreira, een van sy oud-leerlinge, getuig dat Opperman ‘die bepalende belewenis in (haar) akademiese lewe’ was: die ‘atmosfeer in sy lesse was altyd sodanig dat 'n mens kon aanvoel dat iets aan die gebeur was’.[2] Sy herinner haar hoe hy op 'n oggend tydens 'n lesuur by herhaling uitgekyk het in die rigting van Clarendon waar bandiete by die steengroef besig was om die berg al kleiner te ‘kerf’. ‘Min wis ons toe,’ skryf sy, ‘dat “Sarkofaag”...daar in ons teenwoordigheid aan die uitkristalliseer was’,[3] 'n gedig wat hy in *Heilige beeste* opneem.

Afgesien van doseer- en nasienwerk het Opperman hom verder geïnteresseer in die buitemuurse aktiwiteite van die leerlinge. 'n Tyd lank het hy opgetree as breier van een van die rugbyspanne en sy span was altyd bekend vir die gesonde spangees onder die deelnemers. Verder was hy behulpsaam met die afrigting van atletiek en skyfskiet. Voor sy troue het hy in die skoolkoshuis ingewoon en daar die gewone koshuispligte behartig, terwyl hy dikwels smiddae in die houtwerkkamer gehelp het om skoolbanke te maak en só die tekort aan die nodige meubels te help verlig.

Maar dit is veral die kulturele bedrywighede van die skool wat hom besonder geïnteresseer het. Die Voortrekkerskool het saam met baie ander skole meegeding om die Doliffe-beker vir welsprekendheid, en Opperman was medeverantwoordelik vir die afrigting van die leerlinge wat juis in hierdie jare besondere sukses behaal het. Om die verhoogde belangstelling in Afrikaanse boeke by sy leerlinge te bevredig, het hy - later saam met sy toekomstige vrou - baie ure daaraan bestee om die skoolbiblioteek in orde te kry en uit te bou. Verder het hy gehelp met die toneelvereniging en die C.J.V., terwyl hy in 'n breër verband die Saamwerk-Unie van Natalse Kultuurverenigings behulpsaam was as voorsitter van die kunswedstryd-kommissie. Van 1940 tot 1944 was hy hoofredakteur van die skooljaarblad wat in hierdie jare getik, afgerol en met krammetjies aanmekaar gebind is, alhoewel die omslag en advertensies binne-in soms geset is. In die jaarblad het Opperman besonder belanggestel, want met dié publikasie is sy leerlinge met skeppende talent die geleentheid gegee om iets van hulself in gedrukte vorm te sien verskyn. Van die begin van sy termyn as onderwyser was hy intens geïnteresseerd in die skeppende werk van sy leerlinge. Skoliere soos Willem Boonzaaier,[4] Stefanie Malan en J. Bothma het hy sover gekry om te skryf, mekaar se werk te bespreek en hulle stukke vir die jaarblad voor te lê. Van Bothma verskyn in 1941 'n opstel oor *Raka* en die jaar daarna, toe hy in Matriek was, 'n stuk oor Dostojewski. Hierdie belangstelling in en aanmoediging van leerlinge wat in skeppende werk belangstel, was die verre voorloper vir Opperman se instelling van 'n Letterkundige Laboratorium waarin hy studente aan die Universiteit van Stellenbosch behulpsaam sou wees met hulle kreatiewe pogings. 'n Opvallende eienskap van hom wat in hierdie

jare na vore kom, is sy aanmoediging van ander en sy vreugde as iemand sukses behaal. Veral as sy leerlinge skeppende werk met belofte in die jaarblad gepubliseer het, was hy intens tevrede en opgewonde.

Met die lede van die personeel, wat in hierdie jare uit twee en veertig leerkragte bestaan het, was sy verhouding besonder goed. Hy was 'n sjarmante sosiale mens, en met sy humoristiese opmerkings het die geselskap in die teekamer of tydens gesellighede in die aand dikwels om hom gesentreer. Afgesien van Jan Stander, die hoof, het die personeel onder andere bestaan uit P.K. le Roux (Duits), Theo Bresler (Landbou), Jan du Plessis (Wiskunde), J.A. du Plessis (Geskiedenis), Frans Zwiegers (Wiskunde en Natuur- en Skeikunde) en Marié van Reenen wat van 1941 af in die hoër klasse Rekenkunde gedoseer het. Sy skool- en vroeë universiteitsvriendin Gertjie van Rooyen was by die laer standerds betrokke. Die kursusse in Engels is behartig deur mejj. C. Hayter en W.N. Reid, terwyl A.F. Vosloo en Opperman se skool- en studentevriend Philip Nel saam met hom Afrikaans gedoseer het. Volgens die getuienis van A.F. Vosloo het Opperman daarvan gehou om in 'n gesprek altyd eers die ander persoon se mening uit te lok. As jy hom 'n vraag oor 'n bepaalde aangeleentheid gevra het, was sy eerste reaksie: ‘Wat is jou opinie?’ Eers as hy jou standpunt verneem het, was hy bereid om met sy knap en vinnige intellek sy eie siening van 'n saak helder en oortuigend te motiveer.

Alhoewel daar geen twyfel oor sy lojaliteite was nie, het Opperman hom selde oor politieke aangeleenthede uitgelaat. Slegs by een geleentheid in die veertigerjare het hy saam met dr. Karl Bremer, later Minister van Gesondheid in die Malan-kabinet, by 'n Geloftedagviering by Makwassie opgetree. In later jare het hy meermale gesê dat hy verkies om sy bydrae tot die Afrikanersaak deur middel van sy skeppende werk eerder as deur openbare optrede te maak, al kon die feit dat hy nooit 'n vlot spreker was nie, by hierdie keuse 'n rol gespeel het. Reeds in die Natalse jare het hy soms aarselend, met 'n soort staccato-ritme en sprongsgewyse gepraat, dikwels sy sinne onvoltooid gelaat en die indruk geskep dat hy baie vinniger dink as wat hy kon formuleer. Geleenthede soos tradisionele volksfeeste het hom dus nie geïnteresseer nie, want deur sy skeppende werk kon hy veel beter sy nasionale psige bevredig én terselfdertyd deurdring tot die universele mens. Tog was hy groepsgebonde en het hy intens meegelewe met die stryd van die Afrikaner in Natal. Toe hy dan ook ongeveer 'n jaar nadat hy tot die personeel van die Voortrekkerskool toegetree het, uitgenooi is om by die Afrikaner-Broederbond aan te sluit, het hy nie een oomblik geaarsel nie. In die oorwegend Engelstalige Natal, waar Afrikaans en die Afrikaner soms gruwelik veronreg en verneder is, kon hy deur sy lidmaatskap van dié organisasie 'n bydrae tot 'n beter bedeling vir sy mense lewer. Met die ingebruikneming van die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek op 29 Oktober 1944 gee hy - wat in hierdie jare geen gereelde kerkganger meer was nie - in die Boomstraatse Ned. Geref. Kerk in Pietermaritzburg 'n lesing

waarin hy veral oor die letterkundige gehalte van die psalms uitwei. In sy rede gee hy 'n historiese oriëntering ten opsigte van die oorspronklike psalms en die Nederlandse beryming om dan by Totius se besondere bydrae in die lig hiervan te kom. Terwyl ander sprekers by so 'n ingebruikneming die waarde van die beryming eensydig sou opgehemel en in die waan sou verkeer het dat hulle met retoriese frases ‘volksdiens’ verrig, sien Opperman dit as sy taak om die geleentheid te gebruik vir 'n deeglike historiese en literêre verkenning van die psalms en om deur sy vakkennis aan sy gehoor iets wesenliks omtrent Totius se werk oor te dra.

'n Besondere bydrae tot ‘volksdiens’ in die kleiner kring waarin hy gewerk het, lewer Opperman in 1944 as hy 'n skoollied vir Voortrekker skryf. In die Desember-Januarie-vakansie van 1943-1944 was hy en sy vrou by Umhlanga Rocks. Terwyl hy op 'n oggend op die strand was, het hy die sand gelyk gemaak en enkele reëls van die lied met 'n stokkie uitgekrap en die res in sy hotelkamer geskryf. Terug in Pietermaritzburg het hy Attie Badenhorst, private musiekonderwyser, gevra om die woorde te toonset. 'n Aantal dogters is in verskillende stemme afgerig en op 'n dag in Maart 1944 het Opperman vir Stander en 'n paar ander onderwysers genooi om na die kerksaal in Boomstraat te kom. Die koor sing toe die skoollied waarin die visdammetjie in die vorm van 'n Voortrekkerwawiel - wat in dieselfde jaar in die binneplein van die skool gebou is - as tema verskyn. Dit was vir Stander 'n oomblik van verrassing en ontroering, en om hom tyd te gee om te herstel, moes die koor dit nog 'n keer sing:[5]

Ons kom van Bloukrans, Weenen, Bloedrivier,
Vanuit die stad en vlaktes alom hier.
Ons sluit uit alle oorde in een siel,
Soos in 'n naaf die speke van 'n wiel.

Refrein

Op Voortrekker leer ons een slagspreuk ken:
Aanhou wen, aanhou wen, aanhou wen!

In al ons spanne speel die lede saam
En oor Natal klink Voortrekker se naam;
Ons weet wie ywerig is met leer en sport
Sorg dat sy volk ook groter, sterker word.

Ons sal soos vad're Voortrekkers wees
Oor hooglande en dale van die gees,
Geen drif vir ons te diep, geen berg te steil
Want vir ons skool en volk het ons alles veil.

Vir elke daad waar U ons kragte verg,
Laat ons - soos 'n Retief op Drakensberg -

Eers met die hings se teuels ingetrek,
U seën vra op wat daar voor ons strek.[6]

II

Tydens die skoolvakansies het Opperman dikwels - as hy nie na Johannesburg is waar sy ouers intussen gevestig was nie - besoek afgelê op Vryheid waar Marié van Reenen ná voltooiing van haar studie in Pretoria onderwys gegee het. Die verhouding tussen hulle het ná die herontmoeting in 1938 bestendig ontwikkel en daar was geen twyfel by hulle dat hulle wel vir mekaar bestem was nie. In 1941 het Marié ook 'n betrekking by Voortrekker gekry en op 2 April 1942 is hulle in die konsistorie van ds. G. van Rooyen se kerk in Durban getroud, met Marié se moeder en haar suster Minnie aanwesig. Ná die troue het hulle by Min, wat toe in Durban woonagtig was, geëet en daarna vir 'n kort wittebrood tydens die Paasnaweek na Amanzimtoti vertrek waar Opperman die geluk en vreugde van die verbintenis in ‘Seesoom’ in *Heilige beeste* vasgelê het.

Terug in Pietermaritzburg het die Oppermans hulle intrek geneem op die boonste verdieping van Murray Booysen, later Natalse Direkteur van Onderwys, se huis in Langmarkstraat 20 waar hulle met stokou meubels tevrede was. Voor die huis, wat naby die stasie en die Tegniese Kollege was, het die bos rooi poinsettias en palmbome van ‘Voorwinter’ in *Heilige beeste* gegroei, terwyl die pers bos petrea van ‘Nagedagtenis aan my vader’ (ook in sy eerste bundel) langsaan by die bure gestaan het. Van die lampe in die huis kon met 'n ketting hoër of laer getrek word, en dikwels kon die Oppermans hoor hoe die Booysens op die onderste verdieping met die drade besig is. Hierdie ervaring lei tot die hallusinasie in ‘Sinjale’ (in *Heilige beeste*) waar ‘iemand op die ondervloer .../ die drade van sy gloeilamp/ uit my rug en maag (katrol)’.

Toe Dirk en Marié Opperman getroud is, was hulle gesamentlike studieskuld £1700 en het die land as gevolg van die oorlog ekonomies 'n moeilike fase beleef. Daarom het die skool 'n onthaal vir hulle gegee om hulle as jong getroude paar te verwelkom, want self kon hulle dit nie bekostig nie. Om ekstra geld te verdien, het Opperman van die nasienwerk van kandidate in Hollands aan die Natalse Universiteitskollege behartig en ook af en toe buitemuurse lesings waargeneem. Daar was die moontlikheid dat die Departement uitgebrei sou word en prof. Le Roux het met Opperman oor 'n aanstelling as lektor gepraat, maar weens sy studieskuld en verpligte dienstermyn by die Onderwysdepartement en die feit dat 'n lektor destyds 'n kleiner salaris as 'n onderwyser ontvang het, moes hy dit van die hand wys.[7] In die veertigerjare stel hy ook 'n reeks van vyf lesings op met die gesamentlike omvang van veertig bladsye vir die Rapid Results College. Daarin gee hy 'n historiese oorsig oor die Afrikaanse letter-

kunde vanaf die Nederlandse koloniale literatuur, die vroegste geskrifte in Afrikaans en die geskiedenis en literatuur van die Eerste en Tweede Bewegings, met 'n opsomming en moontlike eksamenvrae aan die einde van elke lesing. As deeltydse lektor neem hy verder van die buitemuurse lesings by die Tegniese Kollege waar. Op 'n aand was die studente nie lus vir klas nie en het hulle van hul maats aangesê om met fietse om die lesingsaal te ry en lemoene by die vensters in te gooi. Toe die eerste lemoene deur die lug begin trek, vra Opperman dat die vensters toegemaak moet word. Een van die belhamels binne-in die saal probeer hom tart en Opperman gee hom dadelik 'n deeglike opstopper. In die stilte wat daarop volg, deel hy die klas mee dat hulle nou die volle reg het om hom te gaan verkla. As hy egter afgedank word, is daar niemand in Pietermaritzburg wat die werk kan behartig nie. Daarna gaan hy rustig voort om 'n lesing oor die selfstandige naamwoord te gee. Terwyl hy terugstap huis toe, loop twee van die ouer studente voor hom. Die een sê vir sy maat: ‘Man, maar hierdie selfstandige naamwoord is 'n wonderlike ding! Dat ek nou so oud moes word voordat ek van dié ding hoor!’

Ten spyte van die karige fondse was die jare as onderwysers in Pietermaritzburg 'n baie aangename tyd vir Dirk en Marié Opperman. Soos sy gewoonte op universiteit was, het Opperman tot laat in die nag gewerk en in die middag geslaap as hy maar enigsins kon. Saterdagoggende het hy al die koerante en tydskrifte in die biblioteek deurgewerk en daarna saam met Marié in The Creamery gaan koffie drink. Saterdagaande het hulle gewoonlik uitgegaan na mense of onthaal, maar selde die bioskoop besoek. Partykeer was hulle op 'n weeksaand na die byeenkomste van die debatsvereniging. Die naweke het hy aan sy skeppende werk en die lees van nuwe publikasies gewy. In die skilderkuns het hy 'n mate van belangstelling gehad en sporadies saam met sy vrou musiekkonserte bygewoon. Tog het hy - soos ook N.P. van Wyk Louw wat dit by meer as een geleentheid eksplisiet gestel het - nooit gepretendeer dat hy oor enige ander kunsvorm behalwe die letterkunde met gesag kan praat nie. ‘Ek kry swaar om die literatuur te beheer; ek kan my nie nog toelê op 'n ander kunsrigting nie,’ het hy meermale gesê.

Afgesien van die personeellede van Voortrekker het die Oppermans 'n goeie verhouding gehad met die handjievol Afrikaners in Pietermaritzburg: G.S. Nienaber, J.J. le Roux, Stoffel Nienaber en Sheila Cussons, Michael Harris, Jan Breytenbach, Philip Grobler en teen die einde ook Jeanette Hanekom wat later Philip se vrou sou word. Reeds in hierdie stadium het Opperman sterk voorkeure gehad en sy vriende streng gekies. Veral aanstellery en oneerlikheid kon hy nie duld nie en op 'n keer het hy na 'n voortvarende jong persoon as 'n ‘intellectual upstart’ verwys. Soos vroeër met Olga Ardell het hy hom ook in hierdie jare aangetrokke gevoel tot mense wat enigsins van die normale afgewyk het. Van Cocky Haen, wat by die Departement van Onderwys gewerk het, kon hy later in sy bundel *Komas uit 'n bamboesstok* die deklamasies uit die

Apokriewe boeke onthou: ‘Let us now praise famous men,/ and our fathers that begat us.’ In die eksamenafdeling van dieselfde Departement het M. Roks gewerk, 'n alleenloper en oujongkêrel van Nederlandse afkoms. Hy het belanggestel in fotografie, letterkunde, kuns en musiek en dikwels was Opperman by hom op besoek om in die enigsins week, fin de siècle-atmosfeer van sy woonplek na plate te luister, oor die literatuur te gesels en aan kelkies Old Brown Sherry te proe. By geleentheid het Roks 'n aantal waardevolle boeke spotgoedkoop aan hom afgestaan. Alhoewel Opperman in 'n mate meegevoer is deur die eksotiese aard van sy vriend en ontroer is deur iemand wat so alleen leef, kon dit nooit vir hom 'n werklik volledige verhouding word nie. ‘Ek het gevoel ek word in homoseksualiteit ingedryf,’ het hy op 'n keer gesê. Later, toe Roks in Kaapstad weer kontak wou maak, was Opperman - wat toe baie hard aan 'n verskeidenheid dinge gewerk het - teensinnig om die vriendskap te hervat. Tog het hy later, met 'n verwysing na die ‘eensame veelsydige’ alleenloper Leipoldt en 'n toespeling op die refrein in ‘Grysblou bulte’, in *Komas uit 'n bamboesstok* met deernis geskryf oor sy vriend:

> jy weer alleen in daardie reën
> onder die swart sambreel deur stede heen,
> deur swart stegies alleen, alleen -
> jou as onder 'n parksooi weggespit.[8]

Twee vriende wat hom literêr gestimuleer het, was Sheila Cussons en Stoffel Nienaber. Vir Sheila Cussons, wat reeds in hierdie jare met gedigte besig was, het hy die advies gegee om nie meer in Engels te skryf nie maar haar uitsluitlik op verse in Afrikaans toe te lê. Sy het haar werk aan hom voorgelê, maar hy het haar aangeraai om te wag met publikasie totdat sy ryper is. ‘Ek vind jou werk boeiend,’ het hy gesê, ‘maar dit is 'n ryke baaierd. Wag totdat jy verruim, want daar moet nog iets hieruit kristalliseer. As jy dan gaan publiseer, sal dit 'n beroering wek.’ Ook in Stoffel Nienaber se werk was hy baie geïnteresseerd. As Nienaber die manuskrip met illustrasies deur Sheila Cussons van wat destyds *Keerweergestig* genoem is, later aan hom voorlê, skryf hy 'n verslag[9] om sy ingenomendheid met die werk te betuig. Sover vasgestel kon word, is dit die eerste keer dat Opperman sy oordeel oor 'n manuskrip op skrif stel en die voorloper van die talle verslae wat hy later vir uitgewers sou lewer, terwyl sy gesprekke met Sheila Cussons - ná dié met sy leerlinge op skool - die eerste voorbeeld is van advies aan 'n ander skrywer en eweneens die voorloper van die waardevolle werk wat hy later sal verrig.

III

Reeds in 1938 het Opperman se ouers hulle in Johannesburg gevestig waar hulle in La Rochelleweg 33, Glenesk gewoon het, teenaan Turffontein waar die honderesies gereeld Saterdae gehou is. Nie lank na hulle aankoms nie het vader Opperman se hartmoeilikheid vererger en kon hy nie meer pal werk nie.

In 1939 was Dirk Opperman 'n keer op besoek by Marié in Pretoria. Terwyl hulle op 'n dag naby die stasie loop, gaan hulle by 'n kafee in om tee te drink. Binne was daar 'n opskrif: ‘Teacups read here’, en met sy knaende nuuskierigheid stel Dirk voor dat hy en Marié hulle koppies moet laat lees. Die vrou sê toe vir hom dat 'n baie nabye familielid van hom ernstig siek is en dat daar binnekort 'n groot verantwoordelikheid op hom gaan rus. As hulle die teekamer verlaat, gaan Opperman dadelik na 'n telefoonhokkie en bel sy moeder om te verneem hoe dit met sy vader gaan en veral of die assuransie al betaal is. Toe hy hoor dat hulle nie geld vir die premie het nie, vra hy haar om besonderhede te stuur sodat hy die rekening onmiddellik kan vereffen.

Dit het nie beter gegaan met vader Opperman nie. As gevolg van 'n lekkende klep het hy hartwater begin kry en later was sy bene dik geswel, omdat daar destyds nie sulke goeie waterdrywers bekend was nie.[10] In die hospitaal het hy egter 'n onverklaarbare veggees geopenbaar. Op versoek van die geneeshere en verpleegsters het Sannie Opperman die moeilike taak gehad om aan haar man te sê dat daar geen hoop is dat hy ooit weer sou opstaan nie. ‘Waarom het jy dit nie lankal al aan my gesê nie, want dan kon ek julle al die moeite gespaar het,’ was sy laaste woorde aan haar. Hy het op sy sy gedraai, was feitlik onmiddellik in 'n koma en is op 20 Mei 1943, op twee en vyftigjarige ouderdom, oorlede. Omtrent drie weke vroeër, toe hy reeds ernstig siek was, het Dirk hom besoek, maar weer na Pietermaritzburg teruggekeer. Na hulle die nuus van sy dood ontvang het, is Dirk en Marié albei vir die begrafnis per trein na Johannesburg.

Ongeveer tien dae na die vader se dood, weer terug in Pietermaritzburg, gesels die Oppermans een aand oor die baie nagtelike gesprekke tussen Dirk en sy vader oor die spiritisme en die lewe na die dood, oor hulle afspraak om mekaar agterna 'n teken te probeer gee en om te kyk of kontak moontlik was. Omdat Marié gevoel het dat haar aanwesigheid 'n hindernis mag wees, gaan Dirk die aand alleen na 'n spiritistiese byeenkoms. Ná die preek begin die medium boodskappe deurgee. Hy kom voor Opperman en sê dat daar 'n man langs hom staan. Uit die noukeurige beskrywing wat die medium gee, was dit dadelik vir hom duidelik dat dit sy vader is. Die medium gaan voort en sê dat die man baie onlangs oorlede is, baie swak is na sy ernstige siekte en nog nie sy kragte terug het nie.[11] Hy kan nie veel meer vir sy seun sê nie as om sy besondere dank uit te spreek dat Dirk en Marié die groot onkoste aangegaan het om vir die begrafnis na Johannesburg te kom, terwyl hulle dit skaars kon bekostig. Hy

stel dit baie hoog op prys. Toe Opperman uitloop, ontmoet hy vir Stoffel Nienaber en Sheila Cussons wat toevallig en uit blote nuuskierigheid ook die aand by die byeenkoms was. Op pad huis toe vertel 'n aangedane Opperman hulle van die boodskap.[12] Die gebeurtenis het hom lank bygebly, want daar was vir hom, wat daarvan gehou het om logiese helderheid oor sake te verkry, geen redelike verklaring moontlik nie. Aan Marié het hy gesê dat hy nou wel 'n boodskap ontvang het, maar dat hy nooit weer sal probeer om met sy vader kontak te maak nie.[13]

By sy broer Maans in Johannesburg het Sannie Operman met haar seuns Chris, Louis en Koos ingewoon. Om dit vir hulle makliker te maak, het Dirk aangebied om Koos - wat toe in standerd VII was - se losies in die skoolkoshuis by die Voortrekkerskool te betaal en terselfdertyd 'n ogie oor hom te hou. So het dit dan gekom dat Koos van 1943 af tot met sy matrikulasie in 1946 in Pietermaritzburg op skool was.

IV

Deurdat navorsingswerk in Nederland as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog 'n saak van onmoontlikheid was, het Opperman besluit om sy studie onder leiding van dr. Nienaber voort te sit en die massa materiaal wat hy toe al besit het, in 'n doktorale verhandeling te verwerk.

Toe hy die onderwerp aan die Universiteit van Suid-Afrika wou registreer, moes hy egter tot sy ontsteltenis hoor dat S.J. Venter reeds onder leiding van prof. G. Dekker van die Potchefstroomse Universiteitskollege oor dié onderwerp ingeskryf was. In 'n brief van 24 Mei 1940 skryf hy aan Dekker en gee hy 'n uiteensetting van die werk wat hy al gedoen het. Onder meer het hy 'n vakansie op Vryheid deurgebring om eerstehandse inligting van Schoonees te verkry, 'n hele paar weke in Pretoria gebly om Kritzinger en veral Preller persoonlik te ondervra en inligting in te win, in Johannesburg lang onderhoude gevoer met C.M. van den Heever en Abel Coetzee, en inligting oor Kamp se lewe en werksaamhede van sy vrou verkry. Verder noem hy dat die Patriotvereniging 'n studie van hom oor Preller se letterkundige kritiek vir publikasie oorweeg[14] en dat hy 'n paar artikels oor sy onderwerp aan die uitwerk is. Hy het talle jaargange van koerante en tydskrifte sorgvuldig deurgegaan en omsendbriewe aan alle vooraanstaande Afrikaanse kritici gestuur. In die lig van al hierdie voorarbeid vra hy Dekker of dit nie moontlik is dat Venter, wat klaarblyklik nog nie lank met sy studie besig is nie, ‘'n ander onderwerp kan kies nie, of miskien 'n aspek wat nie met die studie van my in botsing kom nie’.

In 'n brief van 27 Mei 1940 antwoord Dekker dat hy in 'n persoonlike onderhoud vir Venter gevra het om vas te stel of die betrokke onderwerp nie al bespreek is nie. Die volgende wat hy verneem het, was dat die Raad van die

Universiteit van Suid-Afrika hom aangestel het as Venter se promotor met die letterkundige kritiek as onderwerp. Dekker het in Maart 1940 die voorsitter van die betrokke komitee gevra of die onderwerp nie reeds vasgelê is nie, maar hy het die versekering ontvang dat die saak in orde is. Hy vind dit jammer dat dr. Nienaber nie die onderwerp bespreek het nie,[15] maar bied aan om Opperman se brief deur te stuur aan Venter. Hy skryf: 'Dit sal my spyt as U na al U studie nie met hierdie onderwerp deur kan gaan nie. Mnr. Venter het egter deur die goedkeuring van die Raad die prioriteit, en, hoewel ek U saak by hom sal bepleit, vrees ek dat ek self geen seggenskap in die saak het nie.'

Blykbaar kon Dekker nie vir Venter sover kry om van die onderwerp af te sien nie, want in 'n brief van 30 Oktober 1940 aan die Registrateur van die Natalse Universiteitskollege vra Opperman dat die onderwerp *Die invloed van die Nederlandse letterkunde op die Afrikaanse letterkunde* met prof. J.J. le Roux as promotor vir die graad D. Litt. vir hom geregistreer word. In 1941 beveel sy twee dosente hom aan vir 'n beurs met die oog op verdere studie. Hulle noem sy omvangryke leeskennis, vermoë om maklik en helder te stileer, navorsingsywer, rypheid wat hom in staat gestel het om 'n magisterverhandeling met 'n hoë peil te lewer en sy 'buitengewone aanleg en begaafdheid'.[16] 'n Beurs is egter nie aan hom toegeken nie.

Dat die geweldige omvangrykheid van hierdie onderwerp vir Opperman een of ander tyd voor 'n reeks struikelblokke sou gebring het, kon 'n mens reeds by voorbaat vermoed. Op 4 Januarie 1942 stel hy dan ook in 'n brief aan die registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika as nuwe onderwerp *Die ontwikkeling van die natuurgevoel in die Afrikaanse letterkunde* voor.[17] Volgens die vier en vyftig bladsye aantekeninge wat Opperman met die oog hierop gemaak het, was dit sy plan om te begin met 'n sielkundige en historiese oriëntering van sy onderwerp, 'n bespreking van die eerste Suid-Afrikaanse Hollandse en Afrikaanse geskrifte en daarna 'n bespreking van die poësie en prosa uit die Eerste en Tweede Bewegings waarin die natuurgevoel tot uiting kom. Heelwat aantekeninge is uit die ou reisbeskrywings gemaak en dit is duidelik dat hy Besselaar en Elizabeth Conradie se publikasies deeglik geraadpleeg het. Soms skryf hy woorde soos 'verwrikte kielen' en 'uithoek' (as 'n verwysing na Kaap die Goeie Hoop) neer wat hy veel later in sy drama *Vergelegen* sal gebruik, terwyl die siening van die Stormkaap, die kwaai gees Adamastor en die pionier wat in die nuwe omgewing worstel, in gedigte uit *Negester oor Ninevé* en in *Joernaal van Jorik* terugkeer. Reeds in hierdie stadium neem hy kennis van *Eercroon voor de Caab de Goede Hoop*, 'n lang epies-beskrywende gedig waarin Jan de Marre in 1746 die swier en glorie van die Nederlandse kolonie besing. De Marre se verse bly lank by Opperman as naswewende beeld aanwesig. In sy inleiding tot die bloemlesing *Lied van die land* verwys hy later na hom en in 'Grondstowwe by die siklus van seisoene' uit *Komas uit 'n bamboesstok* gebruik hy De Marre se siening en verstegniek as basis. Verder lees hy heelparty

Engelse en Nederlandse werke waarin die natuurgevoel behandel word, terwyl hy telkens na die oorspronklike literatuur in dié tale terugkeer.

'Na 'n jaar of wat,' sê Opperman in 'Twee bottels wyn', 'het hierdie onderwerp...my begin verveel'[18] en het hy van die verhandeling afgesien. Tog was sy studie in dié jare nie vrugteloos nie, want vir sy skeppende werk was die kennis van die vroeë reisbeskrywings en seejoernale besonder verrykend, terwyl dit ook vir sy doseerwerk oor die ouer literatuur aan die Universiteit van Kaapstad van waarde was. Sy lewe lank het Opperman sy belangstelling in die ou reisjoernale behou. Hy was van vroeg af 'n lid van die Van Riebeeckvereniging en het die publikasies van dié organisasie met vreugde gelees en bestudeer.

V

Terwyl Opperman in die dertigerjare oorwegend in Natalse blaaie publiseer, stuur hy sy gedigte en artikels later toenemend na *Die Huisgenoot* wat vir hom 'n groter en landswye leserskring kon bied. Deur hierdie bydraes maak hy per brief kennis met Fred le Roux, redaksielid van *Die Huisgenoot*, wat onder meer verantwoordelik was vir poësie en boekbesprekings. Deur die korrespondensie het 'n geneentheid begin groei en Le Roux, wat reeds in hierdie jare onder die indruk van Opperman se ontwikkelende digterskap was, vra hom gereeld om resensies oor nuwe publikasies te behartig. Omdat gevestigde kritici soos F.E.J. Malherbe, G. Dekker en H.A. Mulder die belangrikste digbundels gekry het om te resenseer, moes Opperman aanvanklik tevrede wees om werke van byvoorbeeld Marié Linde, Kootjie van den Heever en Mikro te bespreek, al het hy ook enkele kere betreklik belangrike publikasies soos Olga Kirsch se *Die soeklig*, H.A. Mulder se *Rekenschap* en die Hobsons se *Vlam van die Bantomberge* vir beoordeling gekry. Van 1944 af behartig hy ook resensies in F.E.J. Malherbe se kwartaalblad *Ons Eie Boek*, soos Jochem van Bruggen se *Kranskop I - Oupa* en Abel Coetzee se *Waarheen, Vader?* Reeds in hierdie stukke tree Opperman na vore as sensitiewe leser en knap kritikus. Wat in bespreking na bespreking opval, is sy wye verwysingsveld en die manier waarop hy 'n bepaalde roman of gedig literêr-histories ten opsigte van die Afrikaanse en buitelandse literatuur situeer en verrassende verbande tussen werke lê. Naas sy belangstelling in stilistiese, strukturele en tegniese aangeleenthede vind 'n mens hier reeds die maatstawe dat 'n literêre kunswerk beeldend moet meevoer en oortuig, nie in idee of ontwerp moet bly vassteek nie en dat eksplisiete beelding of simboliek meestal uit die bose is. Daarby boei hy die leser telkens met sy kompakte, kriptiese stelwyse en sy vermoë om by wyse van 'n beeld of 'n alliteratiewe spel verbande en interpretasies te aktiveer wat 'n verrassende lig op die kunswerk werp.

Twee boekbesprekings van Opperman wat in hierdie jare aandag trek, is dié oor werke van Anna Louize Conradie en G.S. Nienaber. In *Die Huisgenoot* van 1 Oktober 1943 resenseer hy Anna Louize Conradie - wat met haar debuut *Laura* baie lof ontvang het - se tweede roman *Nuwe gebooie*.[19] Op dié negatiewe bespreking volg 'n polemiek in *Die Huisgenoot* van 26 November 1943 waaraan Opperman ook deelneem. Aan die einde van 1941 stuur Fred le Roux aan Opperman die resensie-eksemplaar van G.S. Nienaber se *Afrikaanse letterkundige kritiek* wat toe pas in die Tweede Trek-reeks van die Nasionale Pers verskyn het. Dit was nie sonder 'n mate van moedswilligheid nie, want Le Roux het geweet dat Opperman onder Nienaber gewerk en sy M.A. met 'n studie oor die literêre kritiek verwerf het. Die lees van dié boek was vir Opperman 'n skok. Hy was oortuig daarvan dat Nienaber, wat materiaal en ordening betref, op sy verhandeling steun en sonder enige erkenning daaruit oorgeneem het. Tydens 'n besoek aan Nienaber het hy hierdie gebrek aan erkentlikheid pertinent genoem. Nienaber het dit stilswyend toegegee, maar op gevalle gewys waar hy in die verlede redelikerwyse erkenning van Opperman kon verwag het. Terwyl hy afskeid neem, haal Opperman die resensie-eksemplaar van *Afrikaanse letterkundige kritiek* uit sy jassak en sê dat hy die feite in verband met die aangeleentheid in sy bespreking in *Die Huisgenoot* gaan noem. Nienaber was ontsteld en het saam met Opperman tot by die bushalte gestap en hom probeer oorreed om van sy voorneme af te sien. Reeds in hierdie jare was Opperman egter 'n persoon wat lank sou wik en weeg voordat hy optree; as hy egter 'n besluit geneem het, was dit haas onmoontlik om hom daarvan te laat afsien. In *Die Huisgenoot* van 16 Januarie 1942 sê hy in sy resensie dan ook dat sy ongepubliseerde proefskrif 'n invloed op Nienaber gehad het. ‘Sy taak is uiters vergemaklik deur die naswewende beeld van hierdie studie waarin die massa stof reeds so georden is dat ooreenkomste in die verdeling, behandeling van vroeë figure en beklemtoning van dieselfde materiaal by hom aangetref word.’[20] Die publikasie van *Afrikaanse letterkundige kritiek* en die resensie lei tot ‘'n tydelike vervreemding’[21] tussen Nienaber en Opperman. Dit is waarskynlik nie toevallig dat die sluipskrywer van hierdie jare, Kees Konyn, in sy rubriek ‘Kanttekenings’ in *Trek* van 11 Februarie 1942 ook oor *Afrikaanse letterkundige kritiek* skryf nie. Alhoewel Jan Greshoff in hierdie jare die rubriek behartig het, is dit deur Le Roux in Afrikaans vertaal en het hy en Greshoff dikwels ruggespraak gehou oor onderwerpe vir die verskillende aflewerings. 'n Paar maande later - in *Trek* van 11 Mei 1942 - skryf Kees Konyn 'n skitterende boutade oor G.S. en P.J. Nienaber se bloemlesing *Afrikaanse ballades* waarin hy oor die herkoms van die ‘veelgebruikte werkwoord *nienaber*’ uitwei. Met sy belangstelling in die literêre skindernuus verslind Opperman in dié tyd Kees Konyn se rubriek en wag hy die verskyning van elke nuwe uitgawe van *Trek* gretig af, in so 'n mate dat hy sy bediende gereeld stasie toe stuur as die trein met die besending nuwe eksemplare inkom![22]

Aan die begin van 1940 het Opperman - naas die kwatrynreekse ‘Kronieke’ en ‘Dagboek’ - net twee gepubliseerde gedigte gehad wat hy later in sy debuutbundel opneem, naamlik ‘Bloedrivier, 1938’ en ‘Invocatio’ (wat as ‘Bede’ in *Heilige beeste* verskyn). In die jare 1940-1942 publiseer hy vier en twintig gedigte in *Die Huisgenoot* en twee in die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring*; hiervan word negentien uiteindelik gebundel.[23] Terwyl die natuur, die liefde en die stad as temas in sy vroeë verse ingevoer word, is die aards-hemelse spanning en die verlossingsmotief sterker aanwesig in die gedigte wat hy in die veertigerjare publiseer. In vergelyking met sy skool- en universiteitsverse word die greep, wat struktuur en subtiele woordkeuse betref, ook gaandeweg vaster. Sy omvangrykste onderneming in dié jare is die lang epiese gedig ‘Shaka’ waarvoor hy - volgens 'n brief aan H.W. Truter in 1967 - A.T. Bryant se *Older times in Zululand and Natal* en die twee dele van Nathaniel Izaacs se *Travels and adventures* geraadpleeg het. Inligting is ook verstrek deur sy oom en deur Zoeloes van die Buthelezi-stam op Stedham, terwyl die prokureursklerk Ndholvu op Vryheid, wat 'n broer van die Zoeloekoning was, regstreekse besonderhede verskaf het.

Op 9 Februarie 1943 stuur Opperman 'n manuskrip van sy gedigte onder die titel *Grensgeveg* vir publikasie aan die Nasionale Pers in Kaapstad. Hierin was die gedig ‘Verbond’, wat later in *Heilige beeste* verskyn, met sy stryd tussen die twee koedoes wat uiteindelik met ‘wedersydse mededoë’ sterf, 'n sleutelgedig wat regstreeks met die bundeltitel geskakel het. In sy antwoord van 16 Februarie sê W.J. Kruse, bestuurder van die Boekhandelafdeling, dat hulle ‘weens die skaarste van papier’ nie 'n uitgawe van die gedigte kan oorweeg nie. ‘Die kwota van papier wat deur die Kontroleur ons toegesê is, voldoen nie 'n kwart aan ons behoefte nie. Onder die omstandighede is ons verplig om u manuskrip terug te stuur.’ Na alle waarskynlikheid is hierdie beslissing, te oordeel na die vinnige reaksie op Opperman se brief, uitsluitlik en sonder raadpleging van andere deur Kruse self geneem, 'n man wat volgens alle getuienis nie juis 'n orgaan vir die poësie gehad het nie.

Dit is opvallend dat van Opperman in 1943 geen gedigte in *Die Huisgenoot* gepubliseer word nie, alhoewel hy nog die besprekings behartig van Marié Linde se *'n Huis verdeeld*, Kootjie van den Heever se *Brakgrond* en Anna Louize Conradie se *Nuwe gebooie*. Ná ontvangs van die resensie oor *Nuwe gebooie* skryf Fred le Roux op 14 Augustus 1943 aan hom en vra of daar nie nuwe verse vir publikasie in *Die Huisgenoot* gereed is nie. Hierop antwoord Opperman dat hy 'n bietjie suinig werk met sy gedigte, omdat hy voornemens is om te bundel en graag 'n aantal nuwes sou wil insluit. Hy skryf: ‘Wanneer daar eendag 'n bundel sal verskyn, weet ek nie; ek het 'n ruk gelede my ms. aan Nas. Pers., Kaapstad gestuur, maar het dit per kerende pos terugontvang met 'n briefie oor papierskaarste. Tot dusver het ek egter nog nie ander pogings aangewend nie.’

Le Roux het dadelik ná ontvangs van dié brief besef dat die uitgewersafde-

ling - soos hy later in 'n brief aan Opperman sou sê - ‘'n lelike flater’ begaan het. Op grond van die gedigte in *Die Huisgenoot* was Opperman vir hom die belangrikste groeipunt na N.P. van Wyk Louw. In 'n gesprek met Markus Viljoen wys hy dan ook op die uitstekende gehalte van Opperman se poësie, baie beter as dié van die meeste digters wat in daardie stadium debuteer. Met die soort behandeling wat Opperman tans kry, gaan die Nasionale Pers 'n baie belowende digter verloor, en dit sal 'n ramp wees. In 'n brief van 15 Desember 1943 aan Opperman verwys Le Roux na sy gesprek met Viljoen, maar noem ook dat hy oor die hele aangeleentheid aan H.A. Mulder, keurder vir Van Schaik, geskryf het. Mulder was in verbinding met Van Schaik en Opperman sou waarskynlik ook van hulle verneem. Intussen het Viljoen geskakel met die uitgewersafdeling van die Nasionale Pers. Hulle het onderneem om Opperman om 'n manuskrip te nader.

Nog voor ontvangs van Le Roux se brief kry Opperman 'n brief van Van Schaik (gedateer 9 Desember) waarin verwys word na sy gedigte in *Die Huisgenoot* wat veel beter is as die eerste manuskrip wat hy vir hulle in die dertigerjare aangebied het. As hy nou voldoende gedigte vir 'n bundel beskikbaar het, sal hulle graag 'n manuskrip ter insae wil ontvang. Die volgende dag skryf hy aan die redaksie van *Die Huisgenoot*. Daarin sê hy weer dat die manuskrip wat hy aan die Nasionale Pers voorgelê het, teruggestuur is met 'n briefie oor ‘papierskaarste’. Nou het 'n ander uitgewer hom genader om 'n bundel voor te lê. ‘Daar ek die Nas. Pers., Kaapstad, altyd eerste keuse wou gee, sal ek dit waardeer indien u vir my wil nagaan of die huidige papiertoestand u toelaat om my MSS te ontvang - dit sluit natuurlik goeie gehalte papier en omslag en smaakvolle versorging soos van u onlangse bundels in.’ Voordat hy hierop 'n reaksie kon kry, ontvang hy 'n brief van Kruse (gedateer 17 Desember) waarin weer op die papierskaarste gewys word, maar waarin hy Opperman uitnooi om 'n volledige manuskrip vir oorweging voor te lê. Op 23 Desember antwoord Viljoen op Opperman se brief aan die redaksie van *Die Huisgenoot*. Hy sê dat hy met die bestuurder van die Boekhandel in verbinding was. As gevolg van beperkte afsetmoontlikhede en papierskaarste is hulle nie gretig om die bundel vir hulle firma te verkry nie. ‘Ek is egter van mening dat U werk van so 'n gehalte is dat ons ten minste die uitgee daarvan moet oorweeg, en as U miskien nog nie 'n ander uitgewer genader het nie, sal ek bly wees as U dit aan ons firma wil voorlê. Ek sal dan onderneem om ons Boekhandel-bestuurder te vra om dit aan een van ons betroubaarste letterkundige kritici voor te lê.’ In 'n geskrewe naskrif voeg hy by: ‘As U die ms. aan my stuur, sal ek daarvoor sorg dat dit dadelik aandag geniet.’

Op 24 Desember skryf Opperman aan Fred le Roux dat hy gelyktydig met dié brief sy bundel aan die Nasionale Pers, Kaapstad pos. ‘Ek het dus van hulle gehoor maar ook van Van Schaik. Ek moet egter eerlik beken, al was ek bewus van die voordelige advertensiegeriewe van die Nas. P. en al het ek hulle onbe-

langstellende optrede in Februarie vergeet, sou ek net na aanleiding van die gretigheid in die onderskeie briewe geopenbaar, dit aan Van Schaik moes gestuur het, al wou ek dit liewer in die hande van die Nas. P. sien!' Op 2 Januarie 1944 beantwoord hy Viljoen se brief en sê hy dat die bundel reeds in die bestuurder se hande is. Hy noem dat Van Schaik gretig is om die bundel te ontvang, maar hy stuur dit aan die Nasionale Pers 'omdat ek die Nasionale Pers as die beste uitgewers beskou.... As u nou egter, soos u aangebied het, wil sorg dat die MS aan 'n betroubare kritikus voorgelê word, sal ek dit hoog op prys stel.' Op 5 Januarie reageer Viljoen en sê hy dat die manuskrip na 'n baie betroubare beoordelaar gestuur is. 'Ek is bly dat ek betyds kon voorkom dat u manuskrip na 'n "verkeerde" uitgewer gestuur is, want ek het genoeg vertroue in U om graag te wil hê dat U vanaf die begin van u skrywersloopbaan aan ons firma verbonde moet wees.'

Alhoewel Opperman in sy brief aan Fred le Roux sê dat hy die Nasionale Pers se optrede in Februarie 1943 vergeet het, kan 'n mens tog uit sy formulering aflei dat daar 'n mate van wrewel by hom was. In 1941 het die Nasionale Pers J. Nel van der Merwe se *Van mens tot mens* en in 1942 Ernst van Heerden se *Weerlose uur* gepubliseer, terwyl by Van Schaik in 1943 S.J. Pretorius se *Vonke* verskyn het - almal debuutbundels met veel minder gedigte van intrinsieke literêre gehalte as waaroor Opperman op daardie oomblik beskik het. As hy dan ook na meer as twee maande se wag niks verneem nie, vra hy in 'n brief van 29 Februarie met 'n bietjie ergernis of dit 'onredelik van my (is) om nou...te verneem wanneer u die verslag van u letterkundige adviseur verwag'. Op 14 Maart ontvang hy 'n brief van C.F. Albertyn wat intussen bestuurder van die uitgewersafdeling geword het en met veel groter kundigheid en professionaliteit met Opperman onderhandel. Albertyn skryf dat hulle die verslag oor *Grensgeveg* ontvang het en dit aanstuur. Die keurder het 'n ernstige studie van die werk gemaak en hulle sal dit waardeer as Opperman die aanbevelings sal oorweeg. Hy sluit af: 'Laat ons asseblief weet wat u besluit het, want ons koester die hoop dat u ons die eer sal aandoen om die eventuele uitgewers van u werk te word. Ons verseker u ten alle tye van ons beste dienste.'

Hierdie welwillendheid was vir Opperman, na die 'onbelangstellende optrede' van vroeër, waarskynlik 'n riem onder die hart, want die enigsins negatiewe reaksie van die keurder, waaruit hy met sy kennis van die literêre kritiek en fyn ontwikkelde speursin tereg dadelik die stem en metode van Dekker herken het,[24] was ongetwyfeld vir hom 'n skok. In sy verslag sê Dekker dat hy, ten spyte van geslaagde gedigte, tot die slotsom gekom het dat die manuskrip 'nie 'n duidelike beeld van die digterpersoonlikheid (gee) nie'. Hy skryf dit aan die volgende oorsake toe: '1. Die digter is nie 'n sterk liriese temperament nie, maar meer beskouend van aard. Hy is ook nie sterk visueel- of akoestiesbeeldend nie. 2. Verskillende gedigte doen nog aan as eksperimente. 3. Die digter moet nog meer selfkritiek uitoefen en heelwat skrap. 4. Die rangskikking

lyk baie willekeurig en gee aan die afsonderlike gedigte nie die relief wat hulle by strenger selfkritiek en natuurliker plasing sou kan kry nie.' Hy weet nie wat die basis van rangskikking is nie, terwyl ook die titel vir hom onduidelik bly. Na detailkritiek op indiwiduele gedigte sê Dekker 'in die huidige toestand sou (hy)...nie kan aanbeveel dat die Ms. gepubliseer word nie. Dit sou vir die digter self ook jammer wees. Ek sou aan die hand wil gee dat die digter self sy gedigte weer deeglik nagaan. Ek dink hy sal dit met my eens wees dat daar heelwat is wat geskrap moet word. Uit wat oorbly kan hy nog genoeg oorhou om 'n bundel saam te stel. Maar dan nóg sou ek hom wil aanraai om nie te haastig te wees nie. So menige gedig wat 'n goeie kern bevat en skone verse en beelde, kan by dieper belewing sterker en suiwerder word. En die digter van "Stad in die Mis", die beste kwatryne, "Nagbloei", "Eilandgroep", "In die Landskap", "Kind van die Aarde", "Gestorwene", "Nagskip langs Afrika" en van dele van "Shaka" behoort tog in hom die sekerheid te dra van 'n digterskap wat nog maar pas ontluik en wat die geduld kan hê om die verdere groei wat daarmee ingesit het, nog 'n bietjie te laat vorder. Ek glo dat hy daar ryklik voor beloon sal word. Wil die digter egter nie langer wag nie, dan dink ek dat hy 'n bundeltjie sal kan saamstel soos deur my aangedui, wat verdien om uitgegee te word. Hoewel ek geen basis het om chronologies die groei in hierdie gedigte na te gaan nie, sien ek die beste werk aan vir die rypste, en dit sou my spyt as Mnr. Opperman nie nog maar eers 'n tydjie bly werk nie.'

As 'n mens Dekker se detailkommentaar op die gedigte nagaan, is dit opvallend dat Opperman hierdie kritiek dadelik opgevolg het deur interpunksie te verbeter en woordveranderinge aan te bring. So beveel hy 'n komma aan die einde van die tweede reël van 'Stadsnag' aan en wys daarop dat 'ontroof' aan die einde van reël 4 verkeerd gebruik is. In 'Stad in die mis' waardeer hy die 'eie siening', maar 'bloedbeskote' moet liewer 'bloedbelope' word, terwyl 'gra' in plaas van 'ingrawe' in 'Sarkofaag' hinder, soos ook 'verbroue' in plaas van 'verbroude' in 'Invocatio' (wat in *Heilige beeste* 'Bede' word). Verdienstelike gedigte vind hy 'Bouquet', 'Drif', 'Hooft', 'Bloedrivier, 1938', 'Boer' en 'Sinjale' naas dié wat hy aan die einde van sy verslag noem, maar moeilik, soos 'Mijn herte met luste ghevaen' en 'Water-engel', terwyl hy besware het teen 'Valse afspraak', 'Nagvoël' (vgl. later 'Ballade van die grysland'), 'Sekonde', 'Besoek' en 'Messias'. Hierdie laaste vyf gedigte laat Opperman uiteindelik weg. In 'n brief van 21 Maart aan Albertyn bedank hy hom vir die belangstelling en vra hy dat sy waardering ook aan die keurder oorgedra word. Hy wys egter daarop dat die kritiek in hoofsaak die rangskikking en die titel raak en dat Dekker 'uit die 54 gedigte, 48 direk of indirek goedkeur, sommige met klein wysiginkies, net 6 ten dele of as geheel verwerp, en selfs die twee grootste afdelings vir publikasie aanbeveel.' Hy gaan voort: 'Ek waardeer die leser se raad. Trouens, pas na die bundel drie maande gelede aan u gepos is, het ek elke gedig weer begin keur. Eksperimente en die paar

gedigte wat hy noem, is geskrap, verbeteringe is en word aangebring, ook 'n herrangskikking. Die detailkritiek sal my help. Ek stuur dus later weer my Ms. aan u.'

Dit is ongetwyfeld so dat Dekker op besliste tekortkominge in *Grensgeveg* gewys het, maar 'n mens vra jou af of dit verstandig en billik was om in die lig van die groot aantal goeie gedigte waarop hy self wys, aan te beveel dat die manuskrip nie 'in die huidige toestand' gepubliseer kan word nie, soos die keuse van die woord 'bundeltjie' aan die einde op sy sagste ongelukkig was. 'n Mens voel dat Dekker met hierdie formulerings die aksente verkeerd gelê het.

Dat Opperman wel veel aan Dekker se kritiek gehad het, is onteenseglik die geval. In die maande sedert ontvangs van die verslag gee hy hom weer oor aan die bundel en skryf hy nuwe gedigte by. Op 7 Augustus 1944 stuur hy die manuskrip opnuut aan die Nasionale Pers, nou onder die titel *Heilige beeste*. Albertyn erken per kerende pos die ontvangs, en op 27 September stuur hy die keurdersverslag aan Opperman. Aangesien Dekker dié keer minder wysigings voorstel, vra Albertyn of hy instruksies omtrent moontlike veranderinge kan verstrek. Hy sê: 'Onder die huidige moeilike omstandighede is dit onmoontlik om presies vas te stel wanneer ons die bundel kan publiseer, maar indien u gewillig is om dit in ons hande te laat, sal ons die nodige dokumente aan u ter ondertekening stuur.'

In sy tweede verslag stel Dekker nog enkele wysigings in verband met interpunksie en woordkeuse voor en beveel hy aan dat sekere gedigte weggelaat word. Opperman verwerk hierdie kritiek, maar aanvaar veel minder daarvan as wat die geval met die eerste verslag was. Die enigste twee gedigte wat hy uitlaat, is 'Stam' en 'Messias', maar hy behou 'Vyfuur' ten spyte van Dekker se beswaar teen 'malvas lig', 'Stasie' wat vir Dekker nie veel bevat wat oortuig nie en 'Phoenix' wat 'tot meer klaarheid moet besink'. Dekker beveel nou wel publikasie aan, maar vind 'dit nog kennelik 'n eerstelingbundel...en menige gedig (gee) die indruk van eksperiment'. Om 'Heilige beeste' as titelgedig te plaas, kom vir hom ''n bietjie te gewild voor', want hy vra of 'dit wel die bindende eenheid van die hele bundel' is.

Alhoewel dit nêrens uit sy skriftelike reaksie blyk nie, kan 'n mens met redelike sekerheid aanneem dat veral hierdie tweede verslag van Dekker Opperman se gramskap moet gewek het. Enkele opmerkings, soos dié oor 'malvas lig' en die funksie van die titelgedig, laat blyk dat baie dinge selfs na die tweede deeglike bestudering van die bundel by Dekker verbygegaan het. As hy later in die 1948-uitgawe van sy *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* skryf dat 'n mens in Ernst van Heerden se *Weerlose uur* en Opperman se *Heilige beeste* die 'dampkring van die geslag van 1935' aanvoel, is dit duidelik dat hy vir die vernuwing wat Opperman ná Dertig met sy debuutbundel bring, hoegenaamd geen begrip het nie. Ook sy opmerking dat 'hier die gedigte, met hulle allure van krag en diepte, nog nie tot essensieelste menslikheid deurleef is nie',[25] gee 'n aanduiding

dat hy die werk nie na waarde skat nie. Alhoewel Opperman waardering gehad het vir Dekker se detailkritiek, kan sy wantroue in dié hoog aangeskrewe kritikus se oordeel teruggevoer word na sy ervaring met die manuskrip van sy debuutbundel. Later sou hierdie wantroue bevestig word deur Dekker se vergissing met Elisabeth Eybers se *Die helder halfjaar* en Peter Blum se *Steenbok tot poolsee* wat hy albei onderwaardeer. Dekker moes egter betreklik gou sy fout ingesien het, want later, as hy in 1959 'n referaat oor die 'stylaard en kunstenaarskap by D.J. Opperman' lewer, skryf hy met groot waardering oor baie gedigte in *Heilige beeste*.[26] As Opperman se *Negester oor Ninevé* verskyn, publiseer Dekker in *Die Ruiter* van 21 November 1947 'n baie gunstige en indringende resensie.[27] Waarskynlik kan Opperman se uitspraak dat 'Dekker by uitstek die kritikus is van 'n tweede bundel',[28] na sy persoonlike ervaring teruggevoer word.

Uit Opperman se brief van 9 Oktober aan Albertyn blyk egter niks van 'n moontlike gramskap oor Dekker se verslag nie. Hy sê dat hy die ontvangs van die dokumente vir ondertekening afwag en vra dat die letter, papier en omslag aan hom voorgelê word, aangesien hy 'natuurlik graag die versekering wil hê dat ook...(sy) bundel die keurige versorging' van onlangse publikasies van die Nasionale Pers sal geniet - 'n navraag waaruit reeds blyk dat Opperman van die begin af intens in die tipografiese versorging van sy bundels geïnteresseerd was. Verder vra hy 'n aanduiding van die publikasiedatum en of hy self die drukproewe mag nagaan. Aangesien hy 'met vrug' van die rapport gebruik kon maak, vra hy dat die ingeslote brief aan die beoordelaar gestuur word. Nadat hy Dekker hierin hartlik bedank vir die sorgvuldige bestudering van die manuskrip, beantwoord hy sekere vrae wat gestel is. Die titel *Heilige beeste* 'wil slegs 'n versamelnaam met 'n toespeling op die tiperende wees. Die G.G.D. van die gedigte is m.i. "drif", ja wel "'n opwaartse drif"', 'n formulering wat 'n mens laat terugdink aan die titel van sy studentebundel uit die dertigerjare. Wat die indeling betref, sê hy dat 'met 'n sekere inagneme van die chronologie..."natuurlike" plasing (verwantskap) die uitgangspunt (was). Groep I: "arbeid" (stad, boer, volk) teen groter verband. Groep III: na liefdesverstrikking, die greep van die aardse en Groep IV die verdere "opwaartse drif". Die laaste twee groepe hoort bymekaar. Sien die afdelings ook in die lig van "heilige beeste".'

In die brief van 9 Oktober vra Opperman dat 'n dertiental veranderinge aan die manuskrip aangebring moet word. Dat hy egter so gou ná ontvangs van Albertyn se brief (gedateer 27 September) en Dekker se tweede verslag reageer, is 'n aanduiding dat veel minder dinge hom nou hinder en dat hy *Heilige beeste* grotendeels as afgehandelde werk beskou. By ontvangs van Opperman se finale wysigings is die manuskrip dan ook deurgestuur vir set. Op 4 Februarie 1945 berig Opperman aan Albertyn dat hy die bladsyproewe nagesien het en dat hy 'n harde rooi boekband met ingedrukte swart letters sal verkies.

Intussen het Opperman se vriende in Pietermaritzburg te hore gekom dat daar 'n bundel van hom gaan verskyn. 'n Paar vriende het besluit om 'n partytjie in die Hotel Ansonia in Langmarkstraat te hou en om die Nasionale Pers te versoek om 'n eksemplaar van *Heilige beeste* aan te stuur wat hulle dan as 'n verrassing aan Opperman op die betrokke aand kon oorhandig. Stoffel Nienaber het Opperman en sy vrou genooi om Saterdagaand, 17 Mei 1945 na die Hotel Ansonia te kom onder die voorwendsel dat dit Sheila Cussons se verjaardag is. By dié geleentheid was onder andere Stander, Gawie en Stoffel Nienaber, J.J. le Roux, Izak le Roux, Jan Breytenbach, Jan Scannell en Philip Grobler aanwesig. Oor die geselligheid en wat dit voorafgegaan het, skryf Opperman in ‘Twee bottels wyn’:

> Op 'n dag kom Stoffel na my. (Hy was met Sheila Cussons getroud, en op sy aandrang het ek haar gedigte gelees. Van hulle het in *Die Huisgenoot* en die *Jaarboek van die Skrywerskring* verskyn.) Hy sê dit is Sheila se verjaarsdag en hulle het 'n klompie vriende uitgenooi na die Hotel Ansonia om dit te vier. Hulle wou graag hê ek en Marié moet ook kom. Die middag is ek na hulle kamer om vir Sheila 'n Engelse digbundel present te gee, want ek twyfel of ons sal kom. Hy was besig om tee te maak, die ketel het gekook en ewe verbouereerd stort hy van die water op sy voet. Hy het deurmekaar gepraat, sy voet gedokter. Goed, ons kom dan net vir 'n rukkie.
>
> Dit was 'n heerlike subtropiese aand in Mei. Ons het aan 'n lang tafel gesit met drank en geregte. Ek het Sheila gaan gelukwens. Toe staan prof. Le Roux op en hy begin praat oor opdraandes en afdraandes en die perd Pegasos, en die gaste weet nie wat alles aangaan nie. Kort-kort skimp hy en kyk hy na my kant. Ek dog die ou makeer vanaand iets, en luister ook nie verder nie. Iemand[29] staan toe op en bring 'n klein wiegie met muskietnet daaroor en plaas dit voor my. Ek moes iets daaruit haal: dit was *Heilige Beeste*! Ek was oorbluf.[30]

Volgens baie mense se getuienis later het die verskyning van *Heilige beeste* 'n opskudding in Pietermaritzburg veroorsaak, want hier was vir die eerste keer 'n Afrikaanse digter wat met 'n Natalse verwysingsveld gewerk het. Die bundel is gretig gelees en die atmosfeer het gevibreer, want vir baie was beeldspraak soos ‘kuttels van 'n bok’ en die ‘berg se donker lies’ met die aardse inslag iets nuuts in die Afrikaanse poësie. Alhoewel die gedagte van die wiegie vir Opperman onpeilbaar was, het hy die verrassingspartytjie en die welwillendheid van sy vriende baie gewaardeer. In Stoffel en Sheila Nienaber se eksemplaar van *Heilige beeste* skryf hy dan ook: ‘Ek sal julle mooi-menslike gebaar van 17.V.1945 altyd onthou.’

VI

Kort na die verskyning van *Heilige beeste* is die eerste resensies oor die bundel gepubliseer. Die eerste bespreking was dié van Ernst van Heerden wat in *Die Burger* van 9 Junie 1945 verskyn. Van Heerden het in 1942 sewe maande lank (van Maart tot September) vir J.J. le Roux waargeneem en sy debuutbundel *Weerlose uur* is gepubliseer terwyl hy in Pietermaritzburg was. In dié periode het hy deur Philip Grobler vir Opperman ontmoet, al het hy hom nie goed leer ken nie. In sy bespreking sê Van Heerden dat Opperman in sy eerste bundel onmiddellik uitstaan ‘as 'n digterpersoonlikheid met 'n rype verbeeldingsvermoë en 'n rustige beheer oor sy taalinstrument wat sy werk die stempel gee van egte poësie’. Van Heerden stuur 'n knipsel van sy resensie aan Opperman. In 'n brief van 14 Junie 1945 bedank Opperman hom en skryf: ‘Jou bespreking wek 'n baie aangename gevoel - die entoesiasme, die sorgvuldige verantwoording en die mooi karakteristiek wat ongetwyfeld na aan die kern is.’ Hy wys op sake wat Van Heerden nie aanraak nie, maar sluit af: ‘Maar dit is alles heel terloops; eintlik het jou bespreking die nodige warmte en intellektuele versekering wat onontbeerlik is vir voortsetting.’ Die verhouding tussen Van Heerden en Opperman word later voortgesit as hulle mekaar beter leer ken, terwyl Van Heerden se bespreking van *Heilige beeste* die begin is van 'n diepgaande belangstelling in sy tydgenoot se werk waaroor hy in die komende dekade indringend sal skryf. In sy bundel kritiese opstelle *Rekenskap* van 1963 neem Van Heerden sy bespreking van *Heilige beeste* saam met dié oor ander bundels van Opperman in 'n aparte rubriek op.

Ook die ander resensente, onder wie van die leidende kritici van die dag, was gunstig oor *Heilige beeste*. In sy radiobespreking van 21 Junie 1945 waardeer F.E.J. Malherbe Opperman se ‘oorspronklikheid, konkreetheid, objektiwiteit, visioenêre verbeelding en vormkrag (wat) hom hoog in die ry van ons digters (plaas)’.[31] Onder die skuilnaam Vulpen waardeer G.S. Nienaber in *Die Taalgenoot* van Julie 1945 die spaarsame gebruik van ‘harde, kantige woorde’, die ‘beheersing’ en ‘die selfstandigheid in 'n tydperk van epigonisme’. In vergelyking met sy twee keurdersverslae skryf G. Dekker gunstiger in *Die Huisgenoot* van 27 Julie 1945[32] en sien hy in die bundel ‘eienskappe wat onmisbaar is vir verdere groei: eerlikheid, soberheid, 'n aan die tydgees ontsprote saaklikheid van segging en skerpheid van waarneming’. In *New Era* van 13 September 1945 waardeer W.J. du P. Erlank, wat later sy kollega op Stellenbosch sou word, die nuwe in *Heilige beeste*: ‘After having read these poems, one is left with the impression that here is a personality, young, fresh, vigorous, militant, averse to the sentimental approach to life, averse also to the easy and ready acceptance of things at their face value. Opperman has with a penetrating glance *seen* things his own way; with his quick emotional reaction, which is

tinged with just a touch of irony, he has *felt* them his own way; and in the granular terseness of his diction he has *said* them his own way.' In 'n brief van 5 Oktober 1945 aan N.P. van Wyk Louw noem H.A. Mulder *Heilige beeste* 'een van die beste dinge, altans van die mees oorspronklike, vir jare' en oor die Johannesburgse Afrikaanse sender van die SAUK waardeer hy op 23 Oktober 1945 die 'heftige drif' in die verse: 'Veel van sy gedigte laat aan towerformules dink waarin die digter sy ervarings tot bopersoonlike uitsprake saamgepers het. Hul harde plastiek besit dikwels 'n geheimsinnige gloed soos van vuurkewers in die donker.'[33] En in *Die Brandwag* van 14 Desember 1945 noem M.P.O. Burgers in 'n uitvoerige bespreking van *Heilige beeste* Opperman, 'sover ek kan oordeel, die belangrikste figuur tot dusver in wat ons die vierde fase in ons poësie kan noem, die fase wat volg op dié waarin N.P. van Wyk Louw die grootste rol gespeel het.'[34]

Maar gelyktydig met die publikasie van sy eerste bundel het die besware teen die duisterheid in Opperman se poësie en die 'bedenklike sedelike en godsdienstige strekking' ook opgeklink. Onder die titel 'Die duistere kus op die voorhoof' vra Jannie Kruger in *Die Volksblad* van 20 Junie 1945: 'Wat bedui die onversaadbare delwing in dieptes van eie sielsvertroebeling en aardse raaisels, die versterwing van die singende klaarte van vroeër dae se groot digwerk, by ons sowel as elders in hierdie tyd? Het die mens teenswoordig die moontlikhede van aanvaarding uitgeput en 'n ewig opgejaagde voortvlugtige geword, 'n tevergeefs worstelende slagoffer van die onontwarbaarheid van die tye?' In *Die Transvaler* van 7 Julie 1945 praat 'n ongenoemde resensent van ''n newelagtige inhoud' en neiging 'om diepsinnig te wil skyn'. Vir E.A. Venter in *Die Kerkbode* van 25 Julie 1945 is die bundel 'n openbaring van 'die bedenklike verval wat al hoe meer in die Afrikaanse literatuur tot uitdrukking kom' - die humanistiese lewensbeskouing, sterk panteïstiese inslag en ligsinnige gebruik van die naam van God. 'Dit word tyd dat daar van bevoegde sy geprotesteer sal word teen hierdie doelbewuste propagering van heidense begrippe in ons letterkunde. Ons voer nie die pleit vir die sieldodende "motiewe-kuns" nie. Ons weet dat die kuns geen patriotiese of godsdienstige betoog is nie. Maar die kunstenaar moet tog minstens ook voor hierdie één eis buig: diepe lewensverantwoordelikheid. Die "vryheid van die kuns" mag nooit ontaard in die vryheid van die kunstenaar om in heilige onaantasbaarheid te skrywe wat hy wil nie. Insover as wat ook die poësie weerkaatsing is van die lewensbeskouing van die digter, is dit vir my duidelik dat ons besig is om die vrugte te pluk van ons liberalistiese universiteitsopleiding.' In sy rubriek 'Perskommentaar' in *Die Kerkblad* van 17 Augustus 1945 neem S. du Toit, seun van Totius en professor aan die Gereformeerde Teologiese Kweekskool aan die Potchefstroomse Universiteitskollege, die kommentaar van Venter goedkeurend oor. Hy voeg by: 'Niemand kan natuurlik 'n uitgewer belet om werk van hierdie aard die lig te laat sien nie, maar dit is die plig van diegene wat die jeug van ons volk graag op

die “ou paaie” wil sien wandel om daarteen te waak dat hulle nie stelselmatig deurdring word van hierdie soort van lewensbeskouing nie.’ E.C. Pienaar, bejaarde Stellenbosse professor wat bekend was vir sy onvoorwaardelike afkeer van die moderne Afrikaanse poësie, se uitspraak oor die bundel was meer abrup. In 'n dagboek wat Opperman in 1946 hou, haal hy aan dat Ernst van Heerden hom vertel het:

> Net na my bundel verskyn het, het hy (Ernst van Heerden - J.C.K.) by E.C. Pienaar gekom. Die oubaas wou weet of hy 'n digbundel wil present hê - ‘Nou vat daardie - ek het dit net oopgemaak, want as iemand oor God in terme van gramadoelas praat, lees ek nie verder nie.’

Die besware teen duisterheid en die moreel-godsdienstige strekking van sy poësie sal etikette wees wat Opperman vir ten minste die volgende dekade of wat met hom sal moet saamdra. Naas die waarderende en insiggewende kritiek is dit in die kommentaar op sy werk voorlopig 'n bestendige aanwesigheid.

VII

In Junie 1945 aanvaar Opperman 'n betrekking by die Helpmekaar Hoërskool in Johannesburg, wat vir hom 'n jaarlikse verhoging van £107.10.0 beteken. Afgesien van die finansies was daar ander oorwegings wat Opperman laat besluit het om die pos te aanvaar. Sy weduwee-moeder en ander familielede was - soos hy dit in sy bedankingsbrief van 21 Junie 1945 aan die Natalse Direkteur van Onderwys stel - in Johannesburg woonagtig en hy moes begin dink aan 'n eie huis na 'n getroude lewe van drie jaar. 'n Versweë maar waarskynlik deurslaggewende rede was die feit dat die oorwegend Engelstalige Pietermaritzburg te min stimuli gebied het vir sy skeppende werk en dat die negatiewe elemente ten opsigte van die Afrikaner en die Afrikaanse wêreld te sterk was. Aangesien die pos vanaf 31 Julie 1945 gegeld het, vra hy dat die Natalse Onderwysdepartement nie moet aandring op die gebruiklike kennisgewing van drie maande nie, maar veertig dae as voldoende sal beskou.

Hoewel dit vir Dirk en Marié Opperman moeilik was om die vertroude sfeer van Pietermaritzburg en die provinsie Natal te verlaat, was hulle albei - na die suksesvolle afsluiting van die Natalse fase in hulle lewe met die publikasie van *Heilige beeste* - vol geesdrif oor die nuwe vooruitsigte en geestesprikkeling. In Julie 1945 vertrek hulle permanent uit Natal.

Eindnoten:

1 Die geskiedenis van ‘die Voortrekkerskole in Pietermaritzburg’ word uitvoerig behandel in John van Biljon (red.), *Eers met die hings se teuels ingetrek*, Pietermaritzburg, 1983. Die titel van dié boek is 'n aanhaling uit die skoollied wat Opperman in 1944 geskryf het.
2 Ibid., p. 101.
3 Ibid.

4 Willem Boonzaaier was 'n knap leerling met baie skryftalent, maar aan die belofte het 'n einde gekom deur selfmoord op 'n vroeë leeftyd.
5 Van Biljon, op. cit., p. 89.
6 Die woorde en musiek van die skoollied (laasgenoemde in sierletters) is afgedruk in Van Biljon, op. cit., pp. 6-7. In sy ongepubliseerde Natalse M.A.-verhandeling oor *D.J. Opperman se Natalse periode* (1980) noem S.J. le Grange verkeerdelik die ontstaansdatum van die skoollied as 1940. Volgens die getuienis van Stander en T.V. Bresler in Van Biljon se boek (pp. 89 en 99) was dit 1944, 'n datum wat deur persoonlike onderhoude met 'n hele paar onderwysers uit dié tyd bevestig is.
Uit die tyd van sy termyn by Voortrekker dateer ook 'n aantal rympies wat hy vir die Voortrekkerbeweging in Natal geskryf het op aanvraag van mev. Ans Malan.
Veel later skryf Opperman ook 'n skoollied vir die Laerskool Stellenbosch wat vroeër as die Denneoord-oefenskool bekend was. Hy is waarskynlik hiertoe oorgehaal omdat sy dogter Diederi toe leerling by die skool was. Omdat dit 'n laer skool is, het Opperman dit goed geag om 'n speelse lied te skryf met die gebruik van motiewe uit die skoolwapen (eekhoring en uurglas) en invoeging van die leuse (‘vandag my plig’). Die skoolhoof was egter van mening dat die lied te speels is en te min van die vaderland oordra. Op sy versoek skryf Opperman dan 'n tweede lied wat vir die eerste keer op 11 Februarie 1966 op die toonsetting van Hubert du Plessis gesing is. Hier volg die teks van die twee liedere:

I
Op Stellenbosch
wip-wip ons voort,
eekhorinkies
van Denneoord.

Ons samel kos
langs waterstroom,
en klim-klim teen
die hoogste boom.

Die uurglas sak,
maar in U lig
doen-doen ek slegs
vandag my plig.

II

Ek dien my vaderland
in sport en klas,
as ek onthou, die sand
sak in die glas.
Daarom sal spel en boek
my beste verg
- eekhorinkie wat soek
en kennis berg.

Daarom my erewoord:
Heer, ek verrig
as kind van Denneoord
vandag my plig.

Dit is opvallend dat Opperman nooit 'n nuwe lied vir die Universiteit van Stellenbosch geskryf het nie, ten spyte van die feit dat hy twintig jaar as professor aan dié inrigting verbonde was. Op 26 Februarie 1960, kort na sy aanvaarding van die leerstoel, lewer hy voor die Afrikaanse Studiekring die lesing ‘Kolporteur en kunstenaar’ (later opgeneem in *Naaldekoker*) wat as sy ‘nie-amptelike’ intreerede beskou kan word. In sy voorstellingswoord by dié geleentheid het sy kollega W. Kempen 'n beroep op hom gedoen om 'n nuwe ‘Matie-lied’ te skryf. In 'n stadium

in die sestigerjare is 'n versoek om 'n nuwe universiteitslied aan Opperman gerig, maar dié lied het nooit werklikheid geword nie.

7 'Twee bottels wyn', *Verspreide opstelle*, Kaapstad/Pretoria, 1977, p. 116.

8 By een geleentheid het Opperman 'n voorval met die kortgebakerde Roks belewe wat later vir hom baie snaaks was. Op 'n dag was hy en Roks per motor op pad na Johannesburg. Onderweg bots Roks met sy motor se agter- en sykant teen 'n wal, maar hy ry eenvoudig voort asof niks gebeur het nie. Opperman wis, soos hy sy vriend teen hierdie tyd ken, dat hy op geen wyse mag laat blyk dat daar iets gebeur het nie, en hulle ry in stilte voort totdat hulle by die volgende dorp gaan tee drink. Ongemerk, sonder dat Roks hom sien, stap Opperman om die motor en merk dat daar geweldige skade is en dat die een wiel dit nie meer lank sal hou nie. Uiteindelik, na die teedrinkery, laat Roks blyk dat hulle nou maar moet erken dat daar wel 'n ongeluk was en dat hy sy ouers van die voorval sal moet laat weet! Roks is toe weg om 'n ander motor te gaan haal. Die beskadigde voertuig is agterstevoor, met die agterkant omhoog, aan 'n sleepwa gehaak, en Opperman was in die onbenydenswaardige posisie om in te klim en vir die hele duur van die inslepery die stuurwiel só te beheer dat die motor op die pad bly, deur oor sy skouer te loer om die sleepwa se bewegings te volg.
By 'n ander geleentheid in die vroeë veertigerjare het Opperman, Philip Nel en Talie Joubert een aand amper in 'n drif weggespoel toe hulle in 'n 1935-Chevrolet, wat Nel die vorige week gekoop het, op pad was na hulle verloofdes, onderskeidelik op Vryheid, Newcastle en Kingsley. Die hele tyd het hulle deur 'n vreeslike donderstorm gery wat groot waterplasse op die pad veroorsaak het. Na Ladysmith bereik hulle 'n sementdrif by Elandslaagte, waar só 'n geweldige golf op die motor afkom dat hulle vinnig moet uitklim. Met 'n groot gesukkel kry hulle die motor uit die water, maar die battery is morsdood. In die verte sien Opperman 'n liggie. Hy en Nel begin daarheen aanstap om te gaan hulp soek, net om later te besef dis 'n elektrisiteitsubstasie! Eers vyfuur die volgende oggend het hulp opgedaag en kon hulle Ladysmith haal om van daar per trein na hul verloofdes te reis.

9 Hierdie verslag is klaarblyklik nie vir 'n uitgewer geskryf nie, maar was vir Nienaber persoonlik bedoel.

10 Sommige familielede was onder die indruk dat hy kanker gehad het, maar dit word deur ander ontken. Die simptome dui in elk geval duidelik op hartversaking.

11 Hierdie ervaring was die ingewing vir die volgende reëls uit 'Nagedagtenis aan my vader' in *Heilige beeste*:

> So kon ek dink dat na die siekte
> jy moeg van die liggaam, in die diepte
> van die aarde eers 'n rukkie rus (.)

12 In 'n brief aan my (4 Mei 1983) sê Sheila Cussons oor die gebeurtenis: 'toe ons uitloop, kom ons vir Dirk Opperman teë, wat iets verleë gelyk het oor iemand (seker) hom by so iets kry. Ons het saamgestap deur die nagstrate; hy 't toe vertel dat sy pa "deurgekom" het, en hom 'n boodskap gegee het - hy 't nie gesê wat nie - en bygevoeg dat hy beïndruk was; hy 't vir my gelyk asof hy baie aangedaan is.'

13 Tog het hy later weer met sy vader in aanraking probeer kom. In sy brief van 31 Mei 1953 aan G.S. Nienaber verwys hy na blou potloodstrepe op 'n manuskrip as moontlik ''n laaste naïewe poging (wat hy) aangewend het om kontak met...(my) vader te maak'. In 'n lesing wat hy in 1978 hou, sê hy: 'My vader was 'n sterk oortuigde spiritualis en hy wou my as wetenskaplik opgeleide, o.m. in die abnormale sielkunde, tot ander insigte bring. Na sy dood het ek - nie ten onregte nie - verwag dat hy met sy oortuigingswerk sou voortgaan en ek het hom die volle geleentheid volgens sy voorskrifte gegun, maar ek moet erken dat hy my in die steek gelaat en nooit enige digterlike hulp van die anderkant aan sy seun verskaf nie.' ('Letterkundige laboratorium - 20 jaar', *Tydskrif vir Letterkunde,* XVI: 3, Augustus 1978, pp. 3-4)

14 Hierdie uitgawe het egter nooit verskyn nie.

15 Opperman se weergawe in 'Twee bottels wyn' (*Verspreide opstelle,* p. 116) dat die onderwerp wel geregistreer was en dat prof. Dekker dit in 'n brief erken het, strook dus nie met die dokumente wat oor die saak bestaan nie. Die gesamentlike brief wat dr. Nienaber en Opperman opgestel het maar alleen deur Opperman onderteken is en waarna hy op p. 116 van *Verspreide opstelle* verwys, is na alle waarskynlikheid dié van 24 Mei 1940. Hierin word egter nie beweer dat Opperman se onderwerp reeds geregistreer was nie.

16 Die twee motiverings, waarvan die outeurs nie geïdentifiseer is nie, word aangehaal in 'n persoonlike brief van M.H. Stockhoff, Registrateur (Akademies) van die Universiteit van Suid-Afrika, gedateer 4 November 1983.
17 Die titel soos hy dit in 'Twee bottels wyn' (*Verspreide opstelle,* p. 116) formuleer, is dus nie heeltemal korrek nie.
18 *Verspreide opstelle,* p. 116.
19 Hierdie bespreking is opgeneem in *Verspreide opstelle,* pp. 27-31.
20 Hierdie bespreking is opgeneem in *Verspreide opstelle,* pp. 21-22.
21 'Twee bottels wyn', *Verspreide opstelle,* p. 116.
22 Die twee artikels verskyn in *Die koléperas van Kees Konyn,* gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer, Johannesburg, 1982, pp. 11-14 en 37-40.
23 Die gedigte wat in die jare 1940-1942 in *Die Huisgenoot* of die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* verskyn en later gebundel word, is: 'Absalom', 'Hooft', 'Daphne en Apollo', 'Eilandgroep', 'Nagbloei', 'Kind van die aarde', 'Kleinboer', 'Stadsnag', 'Wandeling', 'Echo en Narcissus', 'In die landskap', 'Gestorwene', 'Boer', 'William Blake', 'Drif', 'Donkerlied', 'Voorwinter', 'Verlange' en 'Dank'. Vyf gedigte neem hy uiteindelik nie in *Heilige beeste* op nie. Hulle is 'Christa mea' (21.6.40), 'Horison (28.6.40), 'Genesis' (12.7.40), 'Besoek' (23.5.41) - almal uit *Die Huisgenoot* - en 'Waterspieëling' (*Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring,* 1941).
Die manuskrip van *Heilige beeste* bestaan uit gedigte wat sedert die laat-dertigerjare in tydskrifte verskyn het maar nie in *Heilige beeste* opgeneem is nie; gedigte wat wel in *Heilige beeste* verskyn, maar gewysig is; en gedigte wat onveranderd in die bundel verskyn. In teenstelling tot sy latere manuskripboeke is die oorgrote deel van die manuskrip knipsels uit tydskrifte wat op wit bladsye geplak is, dikwels met wysigings in Opperman se handskrif wat later in die finale teks in *Heilige beeste* figureer. Enkele gedigte is wel in sy handskrif, maar hulle is duidelik later oorgeskryf, sommige (soos 'Waterspieëling') in netskrif deur Marié Opperman. Enkeles is getik.
In verband met die prioriteit van sommige gedigte bo dié van ander digters maak Opperman enkele belangrike opmerkinge in 'n brief van 29 Junie 1952 aan N.P. van Wyk Louw. 'Kind van die aarde' het in *Die Huisgenoot* verskyn vóór W.E.G. Louw se 'Heimwee' (uit *Adam en ander gedigte*) gepubliseer is, die beskrywings van die 'moddergate' en die inboorlinge in *Heilige beeste* gaan terug na lank vóór die verskyning van *Raka,* en die kwatryne verskyn reeds voor 1940 in *Die Huisgenoot,* dus lank voor I.D. du Plessis se 'kwatryn-skittery in Afrikaans'.
24 In 'n brief van 21 Maart 1944 aan Albertyn sê hy: 'Ek vermoed, is feitlik oortuig, dat dit (die keurder - J.C.K.) Dr. Dekker is.'
25 G. Dekker, *Afrikaanse literatuurgeskiedenis,* Brugge, 1948, p. 145.
26 Hierdie referaat word opgeneem in Dekker se *Oordeel en besinning,* Kaapstad/Pretoria, 1964, pp. 5-15.
27 Opgeneem in ibid., pp. 56-65.
28 Hierdie uitspraak is nooit êrens neergeskryf nie, maar was vir jare onder vriende en kennisse van Opperman bekend.
29 Dit was Stoffel Nienaber. Die idee van die wiegie het by Hester Stander, vrou van Jan Stander, ontstaan. In sy toespraak, wat Opperman hier so vermaaklik weergee, het prof. Le Roux verwys na die stryd vir Afrikaans in Natal en die verguising wat die Afrikaner moes verduur. Nou, het hy voortgegaan, is daar egter ook in Natal 'n kind gebore, en hy versoek vir Stoffel om die wiegie in te bring...
30 *Verspreide opstelle,* p. 117.
31 Hierdie formulering verskyn ook feitlik woordeliks in Malherbe se bespreking van *Heilige beeste* in *Ons Eie Boek,* XI: 3, September 1945, p. 144 en in *Wending en inkeer,* Kaapstad, 1948, pp. 347-348.
32 Opgeneem in A.P. Grové (red.), *Dolosgooier van die woord,* Kaapstad, 1974, pp. 3-6.
33 In *Standpunte,* I: 2, April 1946 bespreek Mulder *Heilige beeste* weer in sy artikel oor 'Probleme van die jongste Afrikaanse poësie'. Hierdie artikel word opgeneem in *Laaste opstelle,* geredigeer deur D.J. Opperman, Kaapstad, 1961, pp. 49-61.
34 Twee ander positiewe resensies met weinig insigte is dié van Gerhard J. Beukes (*Eendrag,* 5 Oktober 1945) en Abel Coetzee (*Die Vaderland,* 20 September 1945). Coetzee waardeer die gedig 'Nagedagtenis aan my vader', 'alhoewel dit my outydse piëteit nog altyd skok as 'n kind sy vader "jou"'. In gesprekke in die vyftigerjare het hy (as lid van die noordelike skrywersgroep) weinig waardering gehad vir Opperman se werk. Die beskrywing van die sebras wat 'snork en

poepend omspring langs die bos' (in 'Shaka') was egter altyd vir hom mooi, omdat dit vir hom 'n raak siening was van wat in die werklikheid gebeur!

II Transvaalse intermezzo 1945

Hoofstuk 5
Johannesburg

I

Na hulle aankoms in Johannesburg het Dirk en Marié Opperman geloseer by Dirk se weduwee-moeder in Pretoriusstraat 3, Ontdekkers, waar ook sy broers Maans en Chris ingewoon het. Dit was egter die gedagte dat hulle 'n huis sou laat bou, en met die oog daarop het hulle 'n erf teen £300 in Emmarentia gekoop.

Met haar man se dood het Sannie Opperman net £900 uit 'n assuransiepolis ontvang en moes sy nog na haar seuns Chris en Louis omsien. Terwyl sy tydens haar huwelik hoofsaaklik huisvrou was, het sy nou ontpop as 'n energieke en ondernemende sakevrou. Om in 'n inkomste vir haar en haar gesin te voorsien, het sy haar in Ontdekkers op die eiendomsmark begewe. By die bougenootskappe het sy fondse bekom, 'n argitek gekry om 'n plan op te stel en met behulp van subkontrakteurs huise gebou en weer teen 'n profyt verkoop. Op dié wyse het sy vir haarself 'n aardige bedraggie bekom en kon sy met redelike gemak lewe. In 1940 is haar dogter Liz getroud met Jannie Theron wat hom intussen as apteker bekwaam het, terwyl Maans as passer-en-draaier in die lugmag werksaam was. Die ander dogter, Vi, het in die huwelik getree met Leo (Chappie) Rautenbach.[1] Chris was besig om hom te bekwaam as skrynwerker in die boubedryf.[2]

Alhoewel die Oppermans dus, met uitsondering van Dirk, nie akademies opgelei was nie, het hulle in hul onderskeie beroepe sukses behaal. Die uitsondering was Louis Petrus, die vyfde kind wat in 1923 gebore is. Volgens die getuienis van sy suster Liz en sy broer Koos het hy 'n ‘wiskundige brein’ gehad en in intelligensie selfs vir Dirk oortref, al het die deursettingsvermoë en werkywer van sy oudste broer by hom ontbreek. Ongelukkig het van sy belangrikste vormingsjare saamgeval met die ernstige siekte van sy vader en was daar in dié moeilike omstandighede niemand wat aan hom die regte leiding kon gee nie. Hy was opportunisties genoeg om die situasie uit te buit en sy moeder te oortuig dat hy moes gaan werk om geld vir die gesin te help verdien. Só het dit

gekom dat hy nog voor Matriek uit die skool is. Sy broer Maans het vir hom klerklike werk gekry by 'n ingenieursmaatskappy waar hy gou in 'n verantwoordelike posisie was. Hy het egter die lewe van 'n losbol en roekelose persoon gelei. Saam met vriende het hy rinkink en sy nooi, wat hom tot 'n lewe van brassery en oppervlakkige vermaak verlok het, probeer imponeer met duur geskenke. Om die nodige fondse vir dié swierige leefwyse te kry, het hy begin om geld by die werk te verduister. Hy wis egter as die ouditeure die state kontroleer, sou hulle die debiet agterkom. Daarom het hy hom vrywillig aan die polisie oorgegee.

Met Dirk en Marié se aankoms op die Johannesburgse stasie ná hulle vertrek uit Pietermaritzburg het Maans hulle ingewag. Maans was 'n persoon wat altyd 'n ding op sy naam genoem en nooit doekies omgedraai het nie. Dirk, vol van idealistiese voornemens vir die nuwe werk by Helpmekaar, was skaars van die trein af of Maans deel hom mee dat Louis geld verduister het en in die tronk sit. Vir Dirk was dit 'n verpletterende slag, want oneerlikheid van watter aard ook al het teen sy hele aard ingedruis en was iets totaal vreemds en onbekends in die Opperman-familie.

As die twee oudste broers het Dirk en Maans die inisiatief geneem, Louis op borgtog uitgekry en probeer om sy straf so lig as moontlik te kry. Daar was egter drie en dertig aanklagte van diefstal en ses van vervalsing teen hom. Oor 'n tydperk van een jaar het hy 'n bedrag van £1,258 gesteel. Op 12 Desember 1945 het hy in die Randse Hooggeregshof skuld beken op al die aanklagte. Getuienis is gelewer dat hy ver bokant sy inkomste geleef en geld aan partytjies, juwele vir sy verloofde en 'n motor bestee het.[3] In sy uitspraak het regter Millin gesê dat Louis 'n jong man was met verantwoordelikhede wat hy kennelik nie kon hanteer nie. Verskeie faktore was verantwoordelik vir die betreklik ligte straf van drie jaar waarmee hy gevonnis is, soos die feit dat hy homself vrywillig oorgegee het, die restant van £300 van die gesteelde geld aan die firma oorbetaal het, saam met twee broers vir sy weduwee-moeder gesorg het en geen vorige veroordelings gehad het nie. Vir die uitdiening van sy vonnis is Louis na die Sentrale Gevangenis in Pretoria geneem. Met die besoek van koning George VI in 1947 aan Suid-Afrika is sommige gevangenes egter vrygelaat. Louis Opperman was een van dié wat op 22 Februarie 1947 vrygestel is.[4]

Die gebeure wat tot Louis se inhegtenisname, verhoor en vonnis gelei het, sou lank 'n sterk uitwerking op Opperman hê. Uit 'n dagboek wat hy in 1946 hou, blyk telkens sy kwelling en verdriet oor sy broer. Gedigte soos ‘Beskuldigde’ wat hy later in *Negester oor Ninevé* opneem, spreek reeds van 'n skuldbewussyn, maar dit bereik 'n hoogtepunt in sy groot gedig ‘Ballade van die grysland’. Daarin is die neerdrukkende stadsbestaan van die ek-figuur, sy ontvlugting in die oppervlakkige vermaak wat die stedelike lewe bied, sy neerkrap van ‘valse syfers’ en sy obsessionele vrees vir die koms van die ‘reken-

meester’ terug te voer na Louis as model. Maar ook die verdriet van sy moeder in hierdie tyd het Opperman diep aangegryp. In 'n terloopse gesprek in die laatsewentigerjare het hy gesê dat hy sy moeder se trane en starende oë nooit sou vergeet nie en dat dit neerslag vind in 'n ongebundelde kwatryn wat in dié jare geskryf is. In dié gedig, wat onder die titel ‘Niobe’ in *Standpunte,* III: 2, April 1948 gepubliseer word, verwerk Opperman die geskiedenis van die Grieksmitologiese vrou wat na die moord op haar veertien seuns en dogters deur Zeus verander is in 'n rots waaruit vir die hele duur van die somer trane stroom:

> Met die jare word sy klip...in die verdriet
> se eb en vloed langs 'n verlate kusgebied,
> en met 'n daelikse strakker staar
> van holle oesters uit na die verskiet.

II

Opperman het die pos by die Helpmekaar Hoër Seunskool op 31 Julie 1945 aanvaar. Bedags moes hy per trein van Ontdekkers af stad toe reis, 'n ervaring wat in die eerste strofe van ‘Ballade van die grysland’ neerslag vind as hy praat van die ‘tonnels van die nag’ waaruit hy ‘oor rook en mis’ tuur ‘as ysterspore/(hom) in kringe van die stad instuur’. Soos by die Voortrekkerskool in Pietermaritzburg het Opperman met sy innemende persoonlikheid en pligsgetrouheid dadelik die vertroue van die hoof, mnr. J.G. Brink gewen. Opperman het hom baie maklik in die nuwe werkkring aangepas. Marié Opperman het in hierdie tyd Handelsvakke en Afrikaans aan die Tegniese Kollege by Ontdekkers gedoseer. In Augustus 1945 het sy verwagtend geraak met hulle eersteling.

Alhoewel Opperman reeds met vroeëre besoeke aan Johannesburg en Pretoria van die noordelike skrywers en letterkundiges soos C.M. van den Heever en Abel Coetzee ontmoet het, kon hy nou meer van hulle intiem leer ken. M.P.O. Burgers, wat later in Kaapstad radio-uitsendings van Opperman se werk sou behartig, was aan die SAUK verbonde, terwyl Elisabeth Eybers met haar man Albert Wessels in Emmarentia gewoon het. H.A. Mulder was in Pretoria werksaam, maar het juis in hierdie tyd 'n lektoraat aan die Rhodes-Universiteit aanvaar. Fritz Steyn was advokaat en een van die kring jong Afrikaners in die stad. Deur sy bemiddeling het Opperman die eerste keer kennis gemaak met W.E.G. Louw wat toe reeds professor in Grahamstad was, maar gereeld in Johannesburg gekom het. In latere jare kon Steyn Opperman uit hierdie tyd onthou as 'n visioenêre mens wat die begrensings van sy eie land en volk kon deurbreek en op 'n universele vlak kon beweeg, maar wat altyd getrou was aan die Zoeloelandse Boereagtergrond van sy jeug en in gesprekke dikwels na sy

grootvader en ander voorouers verwys het. Onder die jong skrywers van destyds het hy persoonlik kennis gemaak met Olga Kirsch wie se debuutbundel *Die soeklig* hy in *Die Huisgenoot* van 5 Januarie 1945 bespreek het. Alhoewel hy die afwisseling tussen fynheid en forsheid, die bekoorlike naïwiteit en die innige toon in haar poësie gewaardeer het, spreek hy in sy resensie beswaar uit teen die vae hartstogte, jeugdige rym, verkapping van die verse en 'die noem van emosies in plaas van die wek daarvan'. Tydens sy besoek aan haar ouerhuis het Olga Kirsch se moeder gevra om privaat met Opperman te praat. In 'n hewig emosionele toestand wat die trane vryelik laat vloei het, wou sy weet of haar dogter werklik talent in haar debuutbundel openbaar en of sy nie liewers, in die lig van wat sy as ernstige besware in Opperman se resensie beskou, die poësie geheel en al moet los nie. Dit was Opperman se taak om haar te oortuig dat haar dogter beslis 'n eie stem openbaar en groot moontlikhede vir die toekoms het.

Nog voor sy koms na Johannesburg was Opperman reeds bewus van die noord-suid-spanning wat daar in die Afrikaanse literatuur sedert die dertigerjare ontstaan het. In Johannesburg was die literêre bedrywighede met die totstandkoming van die Afrikaanse Skrywerskring onder leiding van C.M. van den Heever en T.J. Haarhoff en die publikasie van 'n *Jaarboek* meer georganiseerd as in die suide, maar die talent vir 'n werklik bloeiende en stimulerende letterkundige lewe het ontbreek. Die gevolg was giftige aanvalle op veral N.P. van Wyk Louw wat in die *Jaarboek* van 1938 deur H.A. Mulder as die grootste digterspersoonlikheid in die Afrikaanse letterkunde bestempel is, 'n uitspraak wat in *Die Brandwag* van 13 Januarie 1939 deur S. Ign. Mocke onder die skuilnaam L.J. Odendaal betwis word. In sy bespreking van *Opstelle oor poësie* in *Die Brandwag* van 7 Julie 1939 bevraagteken Abel Coetzee Mulder se uitspraak dat Van Wyk Louw 'n belangriker digter as C.M. van den Heever is. Hierop reageer Mulder in *Die Brandwag* van 28 Julie, terwyl Elisabeth Eybers in dieselfde uitgawe Coetzee van 'kliekerige en kleinserige naywer' beskuldig.[5] In die jare 1941-1944 verskyn in die tweeweeklikse blad *Trek* 'n reeks 'skitterende prosa-boutades' deur die anonieme skrywer Kees Konyn waarmee hy 'in die Afrikaanse letterkunde 'n kort skrikbewind'[6] voer en waarin veral die lede van die noordelike groep, soos T.J. Haarhoff, P.J. Nienaber, C.M. van den Heever, Abel Coetzee en S. Ign. Mocke, deurloop. In gesprekke is druk bespiegel oor die identiteit van Kees Konyn en om 'n verskeidenheid redes is veral W.E.G. Louw sterk verdink van die outeurskap. Ná die verskyning van *Heilige beeste* bespreek C.W. Hudson, volgens Mulder (in 'n brief van 30 Oktober 1945 aan Opperman) 'een van die stompsinnigste aanhangers van die Johannesburgse kliek', die bundel in *Suid-Afrika* en wys hy kopskuddend na die gevaarlike gees wat uit die werk blyk. In *Die Huisgenoot* van 20 Julie 1945 het P. de V. Pienaar besware teen die woordgebruik in W.E.G. Louw se *Adam en ander gedigte,* iets wat reaksie van Louw in *Die Huisgenoot*[7] en later ook in

Die Vaderland ontlok. Tydens 'n toevallige ontmoeting in 'n Johannesburgse boekwinkel in Augustus 1945 het Opperman met P. de V. Pienaar gestry oor Louw se woordgebruik en het Pienaar uiteindelik toegegee dat 'spigtige ibis' goed gekies is. 'Maar eintlik,' skryf Opperman in 'n brief van 6 September 1945 aan Ernst van Heerden, 'hou die mense nie van die Louws nie, veral W.E.G. Louw na die Konynery-episode,[8] en hulle kan ook nie Dekker duld nie! Mens voel dit telkens aan in toespelinge en onderstromings...Eintlik staan hulle, sal ek maar sê, "glimlaggend" teenoor al die jonger digters.'

Veral die kwessie van duisterheid is by herhaling deur die noordelike groep skrywers en kritici teen die tydgenootlike digkuns as beswaar geopper. As Opperman deur die Afrikaanse Skrywerskring uitgenooi word om hulle op 3 September 1945 toe te spreek, kies hy as onderwerp vir sy lesing dan ook 'Duisterheid in die Afrikaanse vers'. In hierdie lesing - wat, blykbaar as 'n gebaar van welwillendheid teenoor die noordelike outeurs, saam met die gedigte 'Nagstorm oor die see', 'Vrou' en 'Mallemeul'[9] in *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* van 1945 verskyn en in 1974 in *Naaldekoker* opgeneem word - onderskei Opperman verskillende vorme van duisterheid in die poësie. Daar is die '*skynduisterheid*' wat net veroorsaak word deur die nuwigheid van die bundel, duisterheid wat gebore is uit swakheid van belewing en segging, duisterheid wat ontstaan as die leser nie dieselfde kulturele agtergrond as die digter besit nie en onverstaanbaarheid wat voortspruit uit die verwikkelde emosies van die indiwidualis. Daarna gee hy voorbeelde uit die werk van Toon van den Heever, Ernst van Heerden en N.P. van Wyk Louw en herlei hy die skulpbeeld in die voorlaaste strofe van sy eie 'Nagedagtenis aan my vader' na Dante se *Inferno*. Hy gee toe dat die grootste gevare verbonde is aan die uitbeelding van die verwikkelde emosie, maar pleit ten slotte 'vir die behoud van menslikheid by ons digters, en vir 'n hoër kulturele peil by ons lesers'.[10]

Dat die uitnodiging van die Skrywerskring 'n poging kon gewees het om een van die jong, 'duister' digters 'n bietjie aan die tand te voel en miskien selfs aan die kaak te stel, was 'n moontlikheid waarmee Opperman rekening gehou het. Daarom was sy voorbereiding vir die lesing baie deeglik en sy hele betoog stap vir stap uitgewerk. Aanvanklik, toe hy begin praat het, was die atmosfeer ysig, maar later in die aand het dit aangenamer geword. In sy brief van 6 September 1945 aan Ernst van Heerden doen Opperman op geestige wyse verslag van die verloop van die gebeure en van die indrukke van die aand:

> Die Skrywerskring het my via Abel Coetzee uitgenooi om '''n geslote byeenkoms' toe te spreek oor die jonger Afrikaanse digters. Dat die byeenkoms wel doelbewus 'geslote' was, het o.a. die volgende dag geblyk toe Hans Rompel wou weet hoekom hy en die res nie uitgenooi is nie. Die Sanhedrin het bestaan uit: C.M.v.d. Heever, Haarhoff, Abel Coetzee, P.J. Nienaber, Kootjie v.d. Heever, Ign. Mocke, P. de V. Pienaar, Rud. P. Visser, M.P.O. Burgers, Hattingh, X (?). Ek het 'Duisterheid in die Afrikaanse Vers' gekies en my op die jongeres toege-

spits. Die atmosfeer is gekenmerk deur 'n ysigheid; deur 'n houding: ‘Hier het ons nou een van daardie rare kreature wat hulle “'n jongere” noem. Vanaand sal ons nou sien!’ C.M. het in Boeddha-kontemplasie gesit, Abel het sy oë gesluit, Haarhoff het die visier op my gerig, Mocke het die patroonbande in gereedheid gebring, P. de V. het neutraal gesit en luister, M.P.O. was belangstellend, P.J. Nienaber[11] het verveeld op 'n vuurhoutdosie gesit en krap en kort-kort met sy buurman gesels. Die res het net gestaar. Met 'n droë mond het ek begin maar later op dreef gekom. (Ek dui die atmosfeer met 'n paar grepe aan.) Toe ek ophou, por C.M. vir Haarhoff aan om eerste te praat.

Haarhoff: helder digters *eg*; duister digters *oneg* - hulle krabbel in agterbuurtes van die letterkunde op soek na oorspronklikheid. Bv. by die Grieke het ons hulle ook. Maar die profeet, die groot man, kan ook duister wees...ens.

C.M.: Jy praat natuurlik self 'n bietjie duister, nè!

Haarhoff: Ja, natuurlik moedswillig!

In plaas daarvan om Haarhoff te beveg, stem ek toe ewe onkundig saam met hom.

C.M.: Praat oor duisterheid as gevolg van die taal se beperktheid.

Abel: Herhaal een van my argumente maar stel dit krasser:

‘Die jongeres put net uit 'n gemeenskaplike poel van poësie: lees Hollandse, Duitse, Engelse digters...’ ens.

‘As ek eers die Bantoe-mitologie moet ken om 'n gedig te verstaan, dan is dit vir my 'n verfoeilike gedig.’ (Met giftige nadruk.)

(Ek wou eers losbars, maar gelukkig het ek beheer, en besluit om 'n rukkie later eers hom te beantwoord.)

Haarhoff voel dat prinsipieel word sy klassieke fondamente in gevaar gestel. Stem nie heeltemal saam met Abel nie. Ek antwoord. M.P.O. stem ook nie saam met Abel nie. Kootjie sit stil, Rud. P., Hattingh, X., Mocke kry af en toe 'n skramskoot in (so reken hy maar niemand luister nie, want hy los net 'n woord en argumenteer nie). P.J. speel met sy vuurhoutdosie. Algemene verwarring volg - hier het ek die indruk gekry dat 'n voorafberaamde kampanje hande uitgeruk het. Abel: (geheel ander toon) ‘Maar die toets vir my stelling is *Heilige Beeste*. Die gedigte oor Bantoe vir my die mooiste. “Nagedagtenis” was glad nie duister nie. Vir my een van die mooiste gedigte in bundel.’

M.P.O.: Het jy die Skulp verstaan?

Abel: Nee, maar wel die hele gedig beleef.

M.P.O.: Onmoontlik!

Abel en C.M. nou vol grappies oor ‘stoute sebras’ ens. Almal lag behalwe die vuurhoutdosie! C.M. rig telkens 'n skerm op met sy grappies om party lede se swye weg te steek. Hy por P.J.N. aan om te praat, maar hy kyk net na sy horlosie. C.M. vra praatjie vir publikasie in Jaarboek. Gees aangenamer teen die end.[12]

III

Hoewel Opperman in aangename omstandighede by die Helpmekaar Hoër Seunskool gewerk het, sou hy voorkeur gegee het aan 'n werkkring wat hom verder in sy skeppende werk sou stimuleer. Johannesburg was vir hom met al die verlokkinge en die vaart van die lewe 'n dramatiese stad om in te woon, maar die benepenheid en geestelike beperktheid van die noordelike kliek skrywers het vir hom alle moontlikhede van 'n prikkelende literêre lewe uitgeskakel.

In Desember 1945 het Markus Viljoen, redakteur van *Die Huisgenoot,* Johannesburg besoek om met die noordelike medewerkers aan sy blad te gesels en nuwe kontakte te lê. Hy het ook 'n afspraak met Opperman gereël. Tydens hierdie eerste ontmoeting oor 'n koppie tee wys Opperman vir hom die brief wat hy as skoolseun van hom in 1934 ontvang het waarin ontvangs van die verhaal 'Die reënoffer' erken en dit vir publikasie aanvaar word. Viljoen was verras om te hoor dat Opperman se verbintenis met *Die Huisgenoot* só ver terugstrek. Aangesien daar ook ander gaste tydens hierdie ontmoeting aanwesig was, vra Viljoen vir Opperman of hy hom weer die volgende dag te spreke kan kry. Tydens hierdie tweede byeenkoms sê Viljoen dat daar 'n vakature in die redaksie van *Die Huisgenoot* is en vra hy of Opperman daarin sou belangstel.

Die aanbod was vir Opperman 'n verrassing, want hy was glad nie op 'n moontlike werkverandering so gou na sy aankoms in Johannesburg bedag nie. Met die prikkels wat die tydskrif as publikasie van die Nasionale Pers vir hom kon bied, die moontlikheid van nouer skakeling met die uitgewerye en die aanraking en vriendskap met die groep suidelike skrywers wat 'n verskuiwing na Kaapstad in die vooruitsig gestel het, was hy egter dadelik baie geïnteresseerd. Daarby sou sy salaris ook 'n entjie groter wees. Die gevoel het ook by hom begin posvat dat dit vir hom hoog tyd was om van die onderwys weg te kom.

By sy terugkeer in Kaapstad het Viljoen dadelik die aangeleentheid verder gevoer. In 'n brief van 13 Desember 1945 sê hy dat hy gemagtig is om vir Opperman die betrekking aan te bied teen 'n totale aanvangsalaris van £56 per maand. In 'n brief van 17 Desember aanvaar Opperman die betrekking en sê hy dat hy met sy skoolhoof gaan onderhandel ten einde reeds op 1 Januarie 1946 in Kaapstad te begin.

Alhoewel mnr. Brink teleurgesteld was dat Opperman so gou na sy aanvaarding van die pos by Helpmekaar 'n verandering wou maak, het hy die oorwegings begryp. Deur sy welwillendheid kon Opperman op 21 Desember 'n brief aan die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement rig waarin hy versoek dat sy dienstermyn op 31 Desember as beëindig beskou word. Op 26 Desember skryf hy aan Viljoen dat hy Sondagaand, 30 Desember om 9.30

nm. per trein uit Johannesburg vertrek en op Dinsdagmiddag, 1 Januarie om 2.30 nm. in Kaapstad aankom. Hy vra verder of Viljoen en Fred le Roux vir hom voorlopig 'n verblyfplek sal bespreek en hulle oë vir 'n huis of kamer sal oophou. Sy vrou sal by hom aansluit sodra huisvesting gereël is.

Eindnoten:

1 Later was Maans as 'n rasionalisator by die St. Helena-myn in die Vrystaatse goudvelde werksaam. Hy is in 1970 oorlede as gevolg van 'n aneurisma in die kroonaar. Vi het in 1960 op die vroeë ouderdom van agt en dertig jaar aan breinkanker gesterf.
2 Later het hy as ondernemer in houtwerk 'n florerende saak in Durban opgebou.
3 *Die Vaderland,* 12 Desember 1945.
4 Deur bemiddeling van Dirk Opperman is Louis ná sy ontslag in diens geneem deur 'n firma waarvan Albert Wessels 'n direkteur was, maar hy het weer geld vervreem en is uiteindelik ontslaan. Hierna het hy op plase in die Boland gaan werk, maar telkens met Dirk kontak gemaak, witvoetjie by hom probeer soek en probeer om geld te leen. Kort voor sy dood in 1975 het hy Dirk besoek. In dié stadium het hy sy drankprobleem oorkom en homself heeltemal gerehabiliteer. Aan Dirk het hy gesê hoe jammer hy is oor al die verdriet wat deur hom veroorsaak is. 'Ek wens ek kon dit ongedaan maak', was sy woorde.
5 Die twee polemieke is opgeneem in P.J. Nienaber (red.), *Rapier en knuppel,* Johannesburg, 1965.
6 D.J. Opperman, *Digters van Dertig,* Kaapstad, 1953, pp. 79-80.
7 Opgeneem as 'Wie in glashuise woon...' in W.E.G. Louw se bundel *Vaandel en voetangels,* Kaapstad, 1958.
8 Ook Opperman het in hierdie stadium nie geweet wie Kees Konyn is nie.
9 'Nagstorm oor die see' en 'Vrou' verskyn in 1947 in *Negester oor Ninevé,* maar 'Mallemeul' word nooit gebundel nie.
10 *Naaldekoker,* Kaapstad, 1974, p. 86.
11 Alhoewel Opperman met Kees Konyn saamgestem het wat die gehalte van baie van P.J. Nienaber se publikasies betref (kyk voetnoot 22 van Hoofstuk 4 van 'Natal 1914-1945'), was hy tog vol waardering vir Nienaber se bibliografiese arbeid. Waarskynlik was Kees Konyn se artikel oor 'Blinde werklus' (*Die koléperas van Kees Konyn,* Johannesburg, 1982, pp. 103-105) die prikkel vir die volgende onvoltooide stuk onder die titel 'Een daad van eenvoudige regvaardigheid' wat Opperman vermoedelik vir publikasie as aantekeninge in *Standpunte* in die laatveertigerjare bedoel het:

> Telkens wanneer ek die publikasiedatum van 'n boek, die geboortedatum van 'n skrywer, van een of ander geskrif of dergelike meer, in een van P.J. Nienaber se blou boeke naslaan, dan ondervind ek 'n ligte aanklag van die gewete. Want deur die jare heen blyk hierdie naslaanbronne van baie groter waarde te wees as wat ek in stilligheid en sy kritici in die openbaar ooit wou erken het. Nienaber het die daaglikse brood geword van studente, dosente, bibliotekarisse, skrywers en van sy bitterste aanvallers...(?) (Woord nie ontsyferbaar nie). Dan ook so vanselfsprekend soos jy jou daaglikse brood aanvaar.
> Trouens dit het al by ons eintlik mode geword om P.J. Nienaber se boeke op sy vriendelikste 'n koele ontvangs te gee. In die eerste plek moet ons die rede hiervoor by P.J. Nienaber self soek: hy werk vinnig - nie altyd

ewe oordeelkundig nie; hy het 'n groot lys publikasies - nie altyd ewe verdienstelik nie. Maar wat die waarde van sy bibliografie en bronnelyste betref, kan sy kritici vir 'n gebrek aan onderskeidingsvermoë, erkentlikheid en eerlikheid beskuldig word. En dan word daar ook by ons onderskei tussen 'n hoë en 'n lae wetenskap. Die hoë wetenskaplike lê in 25 bladsye die teorie vir die (?) (woord nie ontsyferbaar nie) vas. Die gewone wetenskaplike skryf boekdele kompilasiewerk. By ons, soos elders, is so 'n onderskeiding eerder 'n bewys van snobisme as van vermoë, want oor die algemeen word ons wetenskap nog beter gedien deur die nederige, swoegende kompilators en versamelaars as deur die hoë intellektuele reuse wat 25 bladsye skryf en dan die res van hulle lewe in ons heerlike sonskyn sit en drink...

12 As 'n mens Opperman se korrespondensie met dié van N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw vergelyk, is dit opvallend dat Opperman dikwels kripties briewe skryf, soms selfs onversorg en plek-plek grammatikaal foutief. 'n Mens kry die indruk dat hy korrespondensie meermale as 'n vermorsing beskou het van kosbare tyd wat hy beter kon benut. Later in sy lewe het hy selde lang briewe geskryf en sake eerder mondeling of hoogstens by wyse van 'n sinnetjie of twee afgehandel. Ná sy lewersiekte van 1976 het sy briewe weer uitvoeriger geword.

III Kaapstad
1946-1959

Hoofstuk 6
Redaksielid van *Die Huisgenoot*

I

Om 2.30 nm. op 1 Januarie 1946 is Opperman op die Kaapstadse stasie ingewag deur Fred le Roux wat hom na Steynsrus, 'n losieshuis in Meulstraat, geneem het. Hierdie tydelike verblyfplek, só het Viljoen en Le Roux gemeen toe hulle die bespreking moes doen, was betreklik sentraal geleë en binne loopafstand van *Die Huisgenoot* se redaksiekantore in Keeromstraat. Dit sou Opperman in staat stel om die stad te voet en per bus te verken en self oor 'n permanente woning vir hom en sy vrou te besluit. Veel moontlikhede was daar nie, want na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is voorkeur gegee aan die hervestiging van die terugkerende soldate. Kaapstad het as gevolg hiervan 'n geweldige woningnood beleef.

Op Nuwejaarsaand het Opperman vir Fred le Roux by die ou Hotel International in Meulstraat ontmoet en in die tuin saam met hom bier gedrink. Deur hulle briefwisseling oor 'n hele paar jaar het daar van albei kante 'n toegeneentheid ontwikkel en by die persoonlike kennismaking was daar 'n onmiddellike aanklank wat die basis sou vorm van 'n lewenslange vriendskap. Afgesien van die feit dat hulle kollegas by *Die Huisgenoot* sou wees, was albei se vrouens verwagtend en het hulle dus heelwat vir mekaar te sê gehad. Tydens dié gesprek het Opperman gevis of sy vriend Kees Konyn is, maar Le Roux wou die aand nog nie sy identiteit bekend maak nie.

In die volgende paar dae het W.A. de Klerk vir Opperman 'n bietjie in die stad rondgewys en hom deur die Skiereiland geneem. Op Sondag, 12 Januarie het Marié Opperman uit Johannesburg aangekom en by haar man aangesluit. 'n Paar weke lank moes hulle in 'n beknopte kamertjie in Seepunt woon totdat die ou biljartsaal van Glen Haw, oorspronklik sir Frederic de Waal se woning, in Kloofnekweg leeggemaak is. Die huis was vlakby La Verne, die woning van Jan en Aty Greshoff wat hulle gou kom opsoek het. Die Oppermans het die biljartsaal met boekrakke afgeskort: aan die een kant was hulle slaapkamer; aan die ander kant 'n sitkamertjie wat ook terselfdertyd as studeervertrek kon dien.

Uit 'n dagboek van Mei tot November 1946 praat Opperman ook van die ‘hondehok’ - 'n klein buitekamertjie - waarin hy geslaap het toe sy skoonmoeder vir die bevalling van hulle eersteling by hulle was.

Hierdie eersteling is gebore op 10 Mei 1946, 'n dogter wat met die name Catherina Elizabeth na haar ouma Van Reenen vernoem is, maar wat van die begin af as Trienke bekend gestaan het. Dat hulle eersteling 'n dogter was, moes vir Opperman 'n ligte teleurstelling gewees het, want daardeur is die lyn van manlike oudste afstammelinge met die name Diederik Johannes in die familie verbreek. ‘Eerlik gesê,’ skryf hy in sy dagboek uit hierdie tyd,

> ek het heimlik gewens dat dit 'n seun moes wees, want ek is die sewende Diederik Johannes in direkte afstamming, met die oudste kind van die oudste kind wat altyd nog 'n seun was.[1] Maar in dié sakies kan 'n mens nie kies nie.

Trienke is op 'n reënerige dag gebore in die Leeuwendal-kraaminrigting en van die familie het Opperman haar die eerste gesien. In sy dagboek skryf hy:

> Ek het haar koel nugter beskou: swart haartjies, wit velletjie, 'n vet gesiggie - het ek toe gedink, later moes ek hoor sy is nog so van die swel - en onderwyl ek na haar kyk, die dik toe-ogies, het sy begin huil: toe raak sy my waar ek nog nooit geraak is nie: ek wou saam huil, haar neem en vertroetel, beskerm.

Vaderskap was vir Opperman 'n vreugdevolle ervaring, maar terselfdertyd het dit hom ook bewus gemaak van die groot nuwe verantwoordelikhede. In die gedigte ‘Negester en stedelig’, ‘Genesis’ en ‘Nagwaak by die ou man’, wat hy onderskeidelik in die April 1946-, Oktober 1946- en April 1947-nommers van *Standpunte* publiseer, kom die problematiek van vaderskap, die verantwoordelikheid, die kontinuïteit van die geslagte en die kringloop van geboorte en dood ter sprake. Hierdie gedigte vorm deel van die bundel *Negester oor Ninevé* wat hy in 1947 publiseer en waarin die ervaring van vaderskap neerslag vind.

In Glen Haw het die Oppermans ongeveer 'n jaar gewoon. As baba het Trienke daar 'n massiewe infeksie gekry van die askariswurms wat op die vloer rond was. Marié Opperman het gou besef dat dit vir hulle hoogs noodsaaklik is om 'n beter woonplek te kry. 'n Ramp het hulle getref toe hulle opgebergde huisraad en besittings - waaronder silwer, breekware en skilderye van Opperman se vader - feitlik alles in 'n brand vernietig of beskadig is. Hoewel die waglyste vir huise eindeloos lank was, het Marié se trane een van die amptenare wat vir huisvesting verantwoordelik was, beweeg om 'n woonstel in Drieankerbaai tot hulle beskikking te stel. Begin 1947 het hulle in Richmondwoonstelle nr. 1, Richmondweg ingetrek. Die woonstel was op twee vlakke. Onder het 'n mens verby 'n tuintjie met 'n portaal binnegekom wat eenkant afgeskort is vir pakplek, met trappe wat boontoe gelei het na die leefruimte. Die sentrale bor-

des was ook die eetkamer. Vorentoe was 'n dubbelslaapkamer en 'n sitkamer met 'n balkon, regs 'n groot kombuis en 'n klein slaapkamertjie. Met die gang af was die badkamer en nog 'n klein slaapkamertjie. Hierdie kamer het ook as studeerkamer gedien. As gevolg van Opperman se gewoonte om in die nag te werk, het die egpaar gevind dat dit vir albei se gerief beter was om in twee aparte kamers te slaap en te werk. Hierdie patroon sou hulle - met uitsondering van die tyd in Tamboerskloof - vir die res van hulle getroude lewe volg en dit sou op geen wyse hulle gelukkige huwelik bedreig nie. Marié wou vir haar man die mees ideale omstandighede inrig waarbinne hy as skeppende kunstenaar ten volle kon ontplooi, en daarby het sy self ook baie skryfwerk in dié jare gedoen.

Met 'n pragtige uitsig op die see uit elke kamer het die woonstel in Richmondweg die Oppermans in hierdie stadium van hulle lewe uitstekend gepas en was dit vir hulle ruim genoeg, ook na hulle tweede dogter Heila Marié op 1 November 1947 gebore is. Vir Opperman was daar 'n gerieflike busverbinding na die middestad van waar hy tot by die redaksiekantore van *Die Huisgenoot* kon loop, terwyl Marié vlakby die ateljees van die SAUK was waar sy vir die grootste deel van hulle lewe in Kaapstad by musiekprogramme, kleuterprogramme, die vrouerubriek en ander uitsendings betrokke was.

Die woonstel was ook groot genoeg om vir Tina van Reenen of Sannie Opperman te huisves as hulle van tyd tot tyd by hulle kinders in Kaapstad kom kuier het. Tina van Reenen het vir die bevalling van albei babas haar dogter kom bystaan; tydens 'n later besoek is sy in Januarie 1949 by hulle aan huis na 'n hartaanval oorlede. Met die verskuiwing na Kaapstad was Opperman ver van sy moeder en broers, maar hy het gereeld kontak gehou en bystand gebied om Louis met sy probleme te help. Na hulle vertrek uit Johannesburg het Sannie Opperman besluit om haar huis te verkoop en aan te sluit by haar dogter Liz en Jannie Theron, wat intussen 'n apteek op Sabie begin het. Met dieselfde geesdrif en deursettingsvermoë waarmee sy die bouery in Johannesburg onderneem het, was sy in staat om in Sabie te begin met 'n suksesvolle damesmodewinkel. Dirk se loopbaan het sy noulettend gevolg en alles gelees wat hy geskryf het. In Augustus 1947 was Opperman by sy moeder, suster en swaer met vakansie, onder meer om persoonlik 'n eksemplaar van *Negester oor Ninevé* aan sy moeder te gee, sy tweede bundel wat toe pas verskyn het en wat aan haar opgedra is.[2] Saam met hulle het hy vir die eerste keer die Kruger-wildtuin besoek. Soos vroeër was die weersiens van Liz vir hom aangenaam, want hulle het mekaar fyn verstaan. As oudste van die familie het hy met Jannie Theron ooreengekom dat sy jongste broer Koos, wat in 1947 in Pietermaritzburg sou matrikuleer, as leerjonge in die apteek op Sabie sou werk en daarna vir 'n kursus in aptekerswese na Kaapstad sou kom. Omdat hulle woonstel vir nog 'n permanente familielid te klein sou wees, het Opperman gereël dat Koos vir die duur van sy studie by bure inwoon en dan by hom en Marié eet. Opperman het

die huisvesting betaal, terwyl Marié uit haar verdienste sy tafellosies sou kon bekostig.

Die moeite wat Opperman in verband met Koos se studie en loopbaan gedoen het en die opofferinge wat hy bereid was om aan te gaan, illustreer in watter mate hy steeds die belange van sy familielede op die hart gedra het, selfs in 'n stadium van sy lewe toe hy feitlik dag en nag met 'n verskeidenheid van dinge besig was. Dit was vir hom 'n vreugdevolle dag om aan die einde van 1947 te hoor dat Koos die matrikulasie-eksamen suksesvol afgelê het. 'n Werklike verrassing was Koos se gedig ‘Goudstad’ wat in die 1947-uitgawe van die skooljaarblad opgeneem is:

> Monsterkloue met duisend
> grou-graniet versteende vingers.
> Wat, of eens getas, gegryp het
> na iets, wat lank daar nie meer is.
>
> Ook kom vanuit jou handpalm
> 'n rookwolk en gedruis:
> Dit is die polsslag van die lewe,
> dit is die teken van die mens.
>
> Wat is dit waarna hul so koorsig jag?
> Wat bring die klamme molsgat voort?
> Dit is hul god wat hul dáár soek!
> Goud en geld is hulle strewe!
>
> Bleek en roerloos troon jou suile
> oor suf verstompte mensekind;
> gryns 'n spotlag oor die duine,
> met jou lokaas, geel die slyk.

Opperman se reaksie op die gedig illustreer weer een van sy kenmerkendste eienskappe, naamlik hoe intens geïnteresseerd hy was in ander se skryfpogings en hoe aanmoedigend hy selfs by 'n onbeholpe gedig kon optree. Op 11 Januarie 1948 skryf hy aan Koos:

> En daar ontpop jy ook as 'n digter! Ek het nooit geweet dat jy ook in dié mate daarin belangstel nie! Dit was werklik 'n aangename verrassing en ek hoop jy hou vol daarmee. Van die beste digters het nooit in die kuns gestudeer nie, maar was wetenskaplikes, artse, aptekers, wysgere, e.d.m. Graag help ek jou waar ek kan.

Dan lewer hy kommentaar op die gedig:

> Waarvan ek die meeste hou in die gedig - afgesien van die gedagte, is die beeld

> van die ‘versteende vingers’, die ‘handpalm’ en dan veral van die: ‘Wat bring die klamme molsgat voort?’ Dit is werklik vir my baie mooi. Ek is nuuskierig om te sien hoe jy ontwikkel.

Hy gee hom die advies om gereeld te lees en 'n gedissiplineerde lewe te lei ten einde volledig as mens te ontwikkel. En aan die einde haal hy Polonius se vermaninge aan Laertes uit *Hamlet* vir sy jonger broer aan, advies waarmee Opperman terselfdertyd rigsnoere en maatstawe vir sy eie lewe onderstreep.

II

Toe die moontlikheid van 'n betrekking in Kaapstad ontstaan het, was Opperman dadelik baie geïnteresseerd. Deur sy medewerking aan *Die Huisgenoot* het hy reeds etlike jare lank met Markus Viljoen en Fred le Roux gekorrespondeer, terwyl die publikasie van *Heilige beeste* hom in aanraking met C.F. Albertyn en ander werknemers van die Nasionale Pers gebring het. Met publikasies soos *Die Huisgenoot*, *Trek* en - sedert die einde van 1945 - ook *Standpunte*, 'n stimulerende dagblad soos *Die Burger* en die aanwesigheid van mense soos N.P. van Wyk Louw, Boerneef, J. du P. Scholtz, Markus Viljoen en Fred le Roux was Kaapstad vir hom die plek waar dinge op die gebied van die Afrikaanse letterkunde en geesteslewe aan die gebeur was. Hy het reikhalsend uitgesien na die vrugbare beïnvloeding wat dié persoonlike kontak op hom kon hê.

In hierdie verwagting is hy nie teleurgestel nie. Alhoewel Markus Viljoen heelwat ouer as hy was en nie in dieselfde mate 'n literêre belangstelling gehad het nie, praat Opperman later in 'n huldigingsartikel van hom as 'n ‘intieme vriend’[3] wie se ‘huis en kelder’[4] altyd vir sy medewerkers oop was - die volmaakte gasheer wat met sy wye vriendekring as 'n belangrike ‘skakelbeampte’ vir die Nasionale Pers kon optree. Sy vrou was baie geïnteresseerd in die toneel en het bekend gestaan as een van die groot ‘miaauwers’ van die KAT (die Kaapstadse Afrikaanse Toneel), 'n belangstelling waardeur die Oppermans ook met die bekendste Kaapse akteurs van die tyd in aanraking gekom het.

Vroeë nie-literêre vriende was ook Jack en Retha Theron. Theron was van 1947 af hoofbestuurder van Saambou in Kaapstad en later aan die spits van KRUIK, terwyl sy vrou - wat saam met Marié Opperman in Pretoria op universiteit was - 'n musiekkring vir Afrikaanse kinders begin het. Saam was die twee ook betrokke by 'n koor van jong vrouens wat dikwels oor die radio opgetree het. Die Oppermans moes in hierdie stadium £8 huur per maand vir hulle woonstel betaal en het dit nie breed gehad nie. Op voorstel van Retha het Theron aangebied om die nodige fondse beskikbaar te stel sodat Opperman vir spekulasiedoeleindes 'n klein eiendom kon koop en later weer verkoop. Opper-

man was dankbaar vir dié geleentheid en Theron het 'n deelhuis naby die Nuwelandse rugbyveld op sy vriend se naam geplaas. Met die verkoop daarvan 'n rukkie later kon Opperman 'n wins van £1000 net so in sy sak steek. Die vriendskapsgebaar het hom in die geleentheid gestel om vir die eerste keer in sy lewe 'n bietjie geld te belê en finansieel op sy voete te kom. Van dié dag af het hy baie vertroue gehad in Theron se advies wat finansiële sake betref. Toe hy later in Kaapstad en nog later op Stellenbosch 'n woonhuis moes koop, was Theron een van sy adviseurs.

Maar veral sy kennismaking en vriendskap met die Kaapse skrywers en letterkundiges was vir Opperman besonder stimulerend. Afgesien van W.A. de Klerk het hy Abr. H. Jonker, die radio-regisseur Ken Swart, Boerneef en I.D. du Plessis vroeg leer ken, terwyl hy gereeld by die Greshoffs aan huis was. Deur sy werk by *Die Huisgenoot* het hy kennis gemaak met Meyer de Villiers wat in dié jare populêr-taalkundige artikels vir die blad geskryf het; soms het Meyer en Suna de Villiers op 'n Sondag van Stellenbosch oorgekom en by die Oppermans gekuier. 'n Ander Stellenbosser van dié tyd wat dikwels by hulle besoek afgelê het, was Ernst van Heerden, 'n gereelde medewerker aan *Standpunte* en *Die Huisgenoot*. Van die kant van die Universiteit van Kaapstad het Opperman ook kontak gemaak met J. du P. (Canis) Scholtz, terwyl hy onder die Nasionale Pers-mense veral bevriend was met Johan Spies, later redakteur van *Die Huisgenoot* en nog later woordeboekman.

Die nouste vriendskapsbande wat Opperman in dié jare gehad het, was egter dié met sy kollega Fred le Roux en met N.P. van Wyk Louw, toe lektor in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad. Tussen Le Roux en Opperman was daar van die begin af 'n wedersydse vertroue en respek wat 'n leeftyd lank sou duur. Afgesien van sake van die dag en eie belewenisse het hulle gesels oor die letterkunde en verwante aangeleenthede en veral die literêre skindernuus, kos vir die ewig nuuskierige Opperman. Le Roux het 'n waardering gehad vir die konkrete en die organiese in Opperman se poësie. Met sy goeie oor het hy - in teenstelling tot baie ander kommentators - die klankeffekte in sy vriend se verse gewaardeer. Opperman se poësie was vir hom besonder musikaal deur die ritmiese stuwing en sporadiese gebruik van dissonante in die klank. Met sy belesenheid in die romankuns, wat hy beter as Opperman geken het, kon Le Roux sy vriend in 'n baie vroeë stadium bewus maak van die rol van die verteller in 'n literêre kunswerk, 'n aspek waarop Opperman later as universiteitsdosent telkens gewys het en wat in 'n stadium 'n belangrike rol in sy analises sou inneem. Wat Le Roux veral van Opperman getref het, was die wyse waarop hy sy volle aandag aan iemand kon gee. Hy was bereid om met sy hele persoonlikheid te kyk en te luister na mense, selfs die geringstes onder hulle. Dit was asof hy in daardie oomblik van oorgawe aan iemand anders self wesenloos kon word en hom volkome met die persoon kon vereenselwig om hom of sy standpunt volkome te begryp.

Aan die ander kant het Opperman baie vertroue en agting gehad vir Le Roux se literêre oordeel. Hoewel hy nooit, selfs nie met sy beste vriende, oor wordende gedigte gepraat het nie, was Fred le Roux gewoonlik die eerste persoon ná Marié aan wie hy 'n voltooide vers sou voorlees of aan wie hy die manuskrip sou wys. Vanaf *Negester oor Ninevé* het Le Roux al Opperman se manuskripte voor publikasie gelees. As hy met iets klaar was, het hy Le Roux gewoonlik gebel. As hulle dan bymekaarkom, het Opperman voorgelees, en het hulle sekere aspekte bespreek. Soms het Opperman iets verduidelik en was die byeenkoms vir Le Roux ‘soos 'n boeiende seminaarklas’. As hulle klaar gesels het, sou Le Roux die manuskrip saamneem. In die week wat volg, was dit sy gewoonte om die werk noukeurig te lees en vraagtekens te plaas by sekere woorde, frases of struktuuraspekte waaroor hy onseker was. As hulle dan - soms saam met hulle vroue - weer bymekaarkom, het Le Roux gewoonlik eers uitgewys wat vir hom mooi was. By die vraagtekens het Opperman dan rekenskap van sy bedoeling gegee. Soms het hy verander, maar in verreweg die meeste gevalle was Le Roux se reaksie vir hom die bevestiging van wat hy gedoen het. Die noukeurige lees was vir Le Roux 'n vriendskapsgebaar aan 'n digter wat 'n klankbord wou hê. Hy was Opperman se oor, en sy reaksie op 'n manuskrip dié van 'n gevoelige leser in wie sy vriend vertroue gehad het.

Terwyl Fred le Roux se vriendskap in hierdie jare vir Opperman die vertroue geskenk het wat 'n skeppende kunstenaar nodig het om voort te gaan, het die kontak met Van Wyk Louw van die begin af 'n element van wedywering bevat. Hulle verhouding was dié van twee kunstenaars wat respek vir mekaar se werk gehad en mekaar as van gelyke geestelike statuur beskou het. Opperman was vanselfsprekend baie onder die indruk van Van Wyk Louw se werk en het hom kort ná sy aankoms in Kaapstad ontmoet. Dit was die gebruik onder die literêre vriende om van tyd tot tyd bymekaar te kom, stimulerend te gesels en by geleentheid nuwe werk voor te lees. Op 1 Mei 1946 teken Opperman in sy dagboek aan hoe Van Wyk Louw in 'n swart syhemp en rooi das die vorige aand in die Greshoffs se huis voor Jan en Aty Greshoff en hulle kinders, Truida Louw, Philip Segal (lektor in Engels aan die Universiteit van Kaapstad) en die Oppermans *Germanicus* voorgelees het. Van Wyk Louw

> het kort-kort 'n bietjie kola tonic en water gedrink en dan rustig voortgelees, soms met handgebaar, soms weifelend asof hy bewus word van iets wat hom nog nie bevredig nie.

By die voorlees was die soldate-toneel vir Opperman ‘natuurlik’, die ‘slagveld-toneel is lank maar het grootse momente’ en die vierde bedryf (soos tonele 5 en 6 oorspronklik genoem is)

> laat Van Wyk Louw se sarkasme, ironie, spot mooi tot uiting kom. Die vyfde (tans die sewende en agtste tonele - J.C.K.) is nog nie ‘afgewerk’ nie, maar is alreeds die

> roerendste omdat die magte almal daar saamgetrek word in persone soos Piso en Germanicus, die stryd tussen die ou Van Wyk Louw en die nuwe Van Wyk Louw, die absolutis teenoor die humanis. Hierdie stryd is roerend en interessant en die uitkoms maak van *Germanicus* die pendant van *Raka*.

Aan die einde sê hy dit is poësie wat wil prosa word maar tog altyd poësie bly, terwyl die beeldspraak en dialoog aan die gewone Afrikaanse werklikheid ontleen is. In 'n later aantekening noem hy dat Van Wyk Louw Canis Scholtz se klagte oor woorde soos ‘goor’, ‘kots’, ens. teenoor hom genoem het. Volgens Scholtz sou die ‘adel...glo nie so praat nie’, terwyl Opperman meen dat hy by die voorlesing dié woorde op hulle plek gevind het - ‘...ons praat almal natuurlik in dié trant as ons tussen gelykes is.’ In hierdie stadium vind Van Wyk Louw dat Germanicus as tragiese held te onaktief is: ‘Hy staan stil soos 'n doek waaraan twee partye trek.’ As Opperman veel later aan sy vriend vra waarom hy *Germanicus* nie vir publikasie voltooi nie, sê Van Wyk Louw: ‘Man, die probleem is die persoonlikheid van Germanicus. Hy wil sy gat nie roer nie.’ Hy wil eers 'n ander drama skryf met 'n ‘aktiewe’ held en die twee dan gelyktydig los.[5]

Die dagboekweergawe van Van Wyk Louw se voorlees van *Germanicus* en Opperman se reaksie gee 'n mens 'n aanduiding van die aard van die Afrikaanse literêre en geesteslewe in die Kaapstad van die veertigerjare. Van Wyk Louw moes veel gehad het aan 'n vriend wat só sensitief en indringend ná die blote aanhoor van 'n teks kon reageer. Aan die ander kant moes Opperman ook baie baat gevind het by 'n gevoelige leser soos Van Wyk Louw. Einde Mei 1946 vind Van Wyk Louw Opperman se ‘Genesis’-trilogie ‘duiwels mooi’, veral die rymwoorde ‘tasters, vasters; vlakker, wakker’,[6] soos ook ‘skitter, witter’ in ‘Negester en stedelig’. In Julie lees Opperman vir Van Wyk en Truida Louw en Fred le Roux van sy gedigte voor. Na aanleiding van ‘Na 'n besoek aan die dieretuin’ het Van Wyk Louw beswaar teen die halwe rym aan die begin, omdat ‘die patroon waarmee 'n mens begin (,) gehandhaaf (moet) word.’ Opperman verdedig sy procédé: ‘...die halwe rym is gebruik om die dinge wat nie goed pas aan te dui - veral die toon te suggereer: kraaie, draad, ens.’[7] Van ‘Nagwaak by die ou man’ en ‘Legende van die drie versoekinge’ hou Van Wyk Louw baie. Toe Opperman die kwatryn ‘Tekens’ (uit ‘Almanak’) aan sy vriende voorlees, ‘het dit 'n eenparige applous uitgelok’. By 'n ander geleentheid vind sy voorlees van die reeks parodieë ‘Met apologie’, wat hy in 1948 voltooi, algemene byval. Omdat Van Wyk Louw ook by was, laat Opperman egter die parodie oor hom uit. Van Wyk Louw was nuuskierig om te weet of Opperman ook een oor hom geskryf het. Toe hy uiteindelik die teks te lese kry, was sy reaksie so 'n bietjie suurderig!

Oor Opperman se C.M. van den Heever-opstel en die onderskeid tussen ‘manlike’ en ‘vroulike’ poësie daarin, wat oorspronklik in *Standpunte* ver-

skyn en later in *Wiggelstok* opgeneem word, was Van Wyk Louw baie entoesiasties. As kritiek beveel hy by Opperman aan om duideliker te sê dat die ‘manlike’ lyn in die poësie nie noodwendig van hoër estetiese waarde as die ‘vroulike’ is nie. Origens vind hy dit uitstekend: die beste kritiese opstel in Afrikaans. Ook Greshoff was ingenome daarmee. Daarteenoor het H.A. Mulder en W.E.G. Louw - volgens 'n brief van 14 Mei 1946 wat Louw aan sy broer skryfbeswaar teen wat hulle die stroewe styl, die ‘oordrewe geleerdheidsvertoon’ en die ‘Freudiaanse’ interpretasies noem. Van Wyk Louw, so teken Opperman in sy dagboek aan, meen W.E.G. Louw hou nie daarvan om 'n ‘vroulike’ digter genoem te word nie, omdat lesers dit as 'n refleksie op sy manlikheid kan interpreteer. Van Wyk Louw het, volgens Opperman se dagboek,

> juis vir Truida gesê dat die ‘vroulike’ element by Gladstone opvallend is: hulle het hom al oor sy manier van praat gespot; hy verkeer ook graag in die geselskap van die susters, en hou van kerse wat brand, ens.

Uit die dagboekaantekeninge word dit duidelik dat Opperman gekwets gevoel het oor die negatiewe reaksie, veral omdat hy ten spyte van verskille baie waarde aan albei se oordeel geheg het. Veral Mulder en Louw se opmerking dat sy gebruik van vreemde woorde ‘'n skyn van eksaktheid’ skep, het hom teen die bors gestuit. In 'n gesprek met Van Wyk Louw sê Opperman wrewelig dat hy nie sy taalgebruik deur Bosman en Van der Merwe se woordeboek laat beperk nie en dat sy twee kritici se reaksie weens die gebrek aan 'n psigologies-wetenskaplike agtergrond ‘vermetel’ is. Uit die weergawe van die gesprek in die dagboek word dit duidelik dat Van Wyk Louw temperend optree. Vir die toekomstige ontwikkeling van die verhouding tussen Opperman en W.E.G. Louw is die gebeure in verband met die C.M. van den Heever-opstel van kardinale belang.

Die vriendskap tussen Opperman en Van Wyk Louw was egter nie net tot die literatuur beperk nie. Ook die hele geesteslewe van die Afrikaner het in hulle gesprekke ter sprake gekom. Op 3 Mei 1946 teken Opperman in sy dagboek aan dat Van Wyk Louw ten gunste van 'n liberaler houding by die Afrikaner voel en die gevaar voorsien dat ons almal - Engelsman, Jood, bruinman, Indiër en swartman - van ons volk wegdryf, 'n gedagte waarop Van Wyk Louw later in sy *Liberale nasionalisme* sal terugkom en wat as die kiem vir Opperman se belangwekkende stuk uit 1960, ‘Die uitdyende heelal’ (later opgeneem in *Verspreide opstelle*), beskou kan word. Aangesien albei lede van die Afrikaner-Broederbond was, kom dié organisasie en hulle lidmaatskap daarvan by herhaling aan die orde. Van Wyk Louw was onder die indruk dat ‘ons “skrywers” sonder geld om te belê en sonder ekonomiese sleutelposisies...nie meer so welkom daar (is) nie’ en dat die AB die stryd te veel op die ekonomiese vlak laat konsentreer. Ook I.W. Van Merwe (Boerneef) en Canis Scholtz het hulself

enigsins verwyderd gevoel van die AB: Scholtz omdat die dominee-invloed te sterk is, Van der Merwe omdat hy die vergaderings vervelend vind. In sy gesprek met Van Wyk Louw, wat hy op 6 Junie 1946 in sy dagboek weergee, voel Opperman die stryd

> groei tussen 'n afgeslote letterkundige lewe en volksorganisasies. Om dié redes wat hulle juis genoem het, wou ek ook bedank. Maar om die probleem suiwer te sien moet ons die beginsels sien van die AB en die beweging vir die oomblik losmaak van die Komiteekamer. As ek dink aan wat die AB in die verlede verkry het vir ons, wat hy nou nog doen op plekke soos byv. Pietermaritzburg, en wat sy beginsels is selfs vir die toekoms, dat ons hier altemit met 'n depressie ook weer 'n groot taak het, dan moet ek ten spyte van die verveling, die verskil oor godsdienssake,[8] my wil om nie letterkundige tyd aan organisasiewerk te bestee nie, selfs met 'n gevoel van martelaarskap nog die beweging steun en vergaderings bywoon.

Die standpunt wat Opperman hier in verband met die Afrikaner-Broederbond in sy gesprek met Van Wyk Louw inneem, is belangrik vir 'n begrip van sy persoonlikheid en sy spesifieke interpretasie van Afrikanerskap. Reeds in hierdie stadium van sy lewe was sy kunstenaarskap vir hom primêr en sou hy alles daarvoor opoffer. Sy opvattinge hieroor - wat hy geleidelik onder invloed van Ovidius en later ook John Keats en Marcellus Emants ontwikkel - bring mee dat daar 'n element van wesenloosheid in die kunstenaar moet wees: die vermoë om soos 'n verkleurmannetjie na gelang van die situasie te verander. 'n Mens kan met reg die vraag stel in watter mate iemand met so 'n opvatting oor die kunstenaarskap nog beginsels en lojaliteite kan hê. Die dagboekaantekeninge gee reeds 'n aanduiding van die mate van konflik wat die lojaliteit teenoor die kuns én die Afrikanerskap by hom moes meegebring het. In hierdie tyd werk hy juis aan die dramatiese alleenspraak ‘Scriba van die Carbonari’, wat in *Standpunte* van April 1948 verskyn (later opgeneem in *Engel uit die klip*) en wat hy as sy persoonlike ‘bydrae’ tot die verkiesing van 1948 beskou. In hierdie gedig dien die geskiedenis van die negentiende-eeuse Italiaanse beweging met sy stryd teen die Franse oorheersing, strewe na 'n republiek, geheimhouding, inwydingseed en streng tug as agtergrond vir die toestande en spanninge in die lewe van die Afrikaner in die veertigerjare, soos deur Opperman self ervaar. Die gedig handel basies oor die dilemma van die intellektueel en kunstenaar binne die Afrikaner-Broederbond wat toenemend deur sakemanne en magnate oorheers word, en oor die morele spanning wat deur sy dubbele rol in hom ontstaan.

Alhoewel Opperman as lojale Afrikaner in Pietermaritzburg en 'n tyd lank ook in Kaapstad die byeenkomste van die Afrikaner-Broederbond bygewoon het, was hy van vroeg af wars van organisasiewerk en vergaderings. Dit was sy oortuiging dat hy deur sy skeppende werk sy beste bydrae vir die Afrikaner kon

lewer en dat hy nie lastig geval moet word met verpligtinge wat sy kosbare tyd opeis nie. Daarom was hy vir die grootste deel van sy lewe nooit besonder aktief in die Broederbond nie, al het hy tog in die vroeë sewentigerjare op Stellenbosch opgetree as een van die voorsitters in 'n tyd toe, volgens sy oortuigings, 'n ruimer geesteshouding en 'n liberaler uitkyk binne die organisasie baie nodig was. In die veertigerjare is daar slegs een dokumentêre bewys van 'n toespraak wat Opperman voor die Afrikaner-Broederbond gehou het. Op 30 Oktober 1948 skryf hy aan Van Wyk Louw - wat in daardie stadium in Nederland was waar hy 'n eredoktoraat van die Rijksuniversiteit van Utrecht sou ontvang - dat hy 'n Kaapstadse byeenkoms van die organisasie toegespreek het[9] oor die krisis in die verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland nadat Nederland nie bereid was om Otto du Plessis as nuwe ambassadeur te aanvaar nie en mev. M.T. Steyn as buitengewone Suid-Afrikaanse gesant besonder koel tydens die Nederlandse kroningsplegtigheid ontvang is.

Sowel literêre as algemeen-kulturele aangeleenthede het dus naas die gewone dinge van elke dag in Opperman en Van Wyk Louw se gesprekke ter sprake gekom en meegehelp om 'n gesonde en stimulerende verhouding tussen hulle op te bou. Tog was daar van die begin af 'n element van wedywering. Betreklik gou ná Opperman se verskyning op die literêre toneel is hy en Van Wyk Louw deur die verantwoordelike kritici van die tyd uitgesonder as die twee groot figure van die Afrikaanse letterkunde. Ná die publikasie van *Negester oor Ninevé* het F.E.J. Malherbe in 'n terloopse gesprek gesê dat Opperman potensieel 'n groter digter as Van Wyk Louw is,[10] terwyl J. du P. Scholtz dieselfde mening teenoor vriende in Nederland uitgespreek het.[11] Daarby was Opperman met die toekenning van die Hertzogprys in 1947 en die verskyning van die een bundel na die ander in die laat-veertiger- en vroeë vyftigerjare veel aktiewer wat publikasie betref as Van Wyk Louw. Al hierdie faktore kon meegewerk het tot 'n element van jaloesie aan die kant van Van Wyk Louw, terwyl Opperman bewus was van die feit dat sy werk met dié van sy vriend vergelyk en daaraan gemeet sal word en dat hy met sy snel opvolgende publikasies Van Wyk Louw as 't ware uitdaag. Van Opperman se kant kon daar verder ook sluimerend die gevoel aanwesig gewees het dat hy as kind van 'n spoorwegwerker met min geleenthede besig was om dieselfde status in die Afrikaanse literêre wêreld as die rykmanseun Van Wyk Louw te bereik.

In hierdie stadium was die mededinging egter vriendskaplik, omdat hulle heerlik oop met mekaar kon gesels en mekaar intellektueel kon stimuleer en aanvul. Die eerste aanduiding van iets venynigs in die mededinging was Van Wyk Louw se reaksie op Opperman se ‘Legende van die drenkelinge’, wat oorspronklik as ‘Laaste heiden’ in *Die Huisgenoot* van 4 Januarie 1946 verskyn het. Hierdie gedig, wat die geskiedenis van die sondvloed as basis het, begin (in die finale teks) met die inset: ‘Toe die eerste los bui oor die aarde val/ het geeneen Hom herken.’ Die ‘Hom’ van Wie hier gepraat word, bly vir drie en

twintig reëls ongekwalifiseerd totdat daar uiteindelik, met 'n verwysing na die vrees van ‘elke kind en vrou/ en agter al die kalmte elke man.../ vir die ongekende toorn van die Watergees’, 'n duidelike omskrywing en identiteit van die ‘Hom’ gegee word. Van Wyk Louw het gemeen dat hierdie inset baie na aan dié van *Raka* kom. *Raka* begin met die woorde: ‘Die vroue het hom die eerste gewaar’, en eers veertien reëls later word die identiteit van die ‘hom’ nader omskryf. Die aapmens volg sy verskyning aan die vroue op met 'n vermaaklike dans en grappies voor die kinders, terwyl die manne later ‘sy krag bemerk/ aan die tekens van die groot bosse’. Hoewel daar beslis 'n ooreenkoms tussen die insette van die twee gedigte bestaan, bou Opperman sy vers op 'n heel besondere wyse op en ontwikkel dit in 'n heeltemal ander rigting as *Raka*. Deur mense ná aan Van Wyk Louw is daar egter gepraat van ‘nabootsing’ en ‘gebruik van dieselfde effekte’. Die opmerking is waarskynlik in literêre kringe versprei, want in sy keurdersverslag oor die manuskrip van *Negester oor Ninevé* maak W.E.G. Louw die uitspraak dat ‘Legende van die drenkelinge’, ondanks mooi vondste, ‘wat sy ritmiese struktuur en ook sy rymskema (betref) te seer aan *Raka*...herinner, sonder die ongelooflike soepelheid van laasgenoemde’. Uit sy reaksie op W.E.G. Louw en Mulder se negatiewe kommentaar op sy Van den Heever-opstel lei 'n mens af dat Opperman in hierdie jare besonder sensitief was vir kritiek op sy werk. 'n Mens kan dus met redelike sekerheid aanneem dat die gerug oor die vermeende ‘navolging’ Opperman se ore sou bereik het en dat hy daaroor gekrenk was, al het dit in hierdie stadium nie sy vriendskap met Van Wyk Louw geskaad nie.

III

Toe Opperman in 1946 na Kaapstad gekom het, was *Die Huisgenoot* die beste weekblad in Afrikaans. Vir die hele duur van sy redakteurskap, van 1931 tot sy dood in 1949, het Markus Viljoen probeer om iets vir die gemiddelde leser te gee, maar ook om vir die meer ontwikkelde leser te sorg. In die dertigerjare, toe die Afrikaner 'n periode van verwarring en onsekerheid op ekonomiese en geestesgebied beleef het, was Viljoen daar oortuig van dat *Die Huisgenoot* 'n bydrae kon lewer deur die Afrikaner opnuut bewus te maak van sy identiteit. Dit het hy gedoen deur artikels en verhale te publiseer oor die heroïese tydperke - die Groot Trek en die twee Vryheidsoorloë - in die volksverlede en om dié dinge in sy blad te weerspieël waarin die tipiese Afrikaner belang stel: jag, veldplante, dierelewe, herinneringe van ou mense en bydraes oor die kleredrag en leefwyse van die geslag van die Groot Trek.[12] Met die inligtende aard van hierdie artikels, wat Viljoen naas ontspanningsleesstof gepubliseer het, is dit te begrype dat *Die Huisgenoot* gaandeweg bekend geraak het as ‘die arm man se universiteit’, miskien die laaste keer in die Afrikaner se ontwikkeling - soos

Opperman dit in 'n memoriam-artikel ná die dood van Viljoen stel - ‘dat die leek en vakkundige...met dieselfde blad tevrede sou wees’.[13]

In die agttien jaar van sy redakteurskap het Viljoen dus sowel ‘aangename as verheffende leesstof (verskaf en) rigting en leiding aan ons kulturele lewe’[14] gegee. Daarby het hy ‘'n nuwe geslag Afrikaanse joernaliste gevorm’.[15] Dit kon hy doen deur noulettend aan die ‘taalkundige en stilistiese versorging van die inhoud’[16] aandag te gee, om sy gedagtes - soos hy dit self formuleer - ‘so eenvoudig en duidelik as moontlik te stel, lang woorde te vermy en altyd na helderheid te streef’.[17] Daarnaas was hy verantwoordelik vir ingrypende veranderings in ‘die aanbieding, formaat en tegniese versorging’ van die blad. Deur die hoë peil wat hy gehandhaaf het, kon hy die leidende prosaskrywers en digters na *Die Huisgenoot* lok en van die beste literatuur in Afrikaans publiseer.

Dit was dus 'n ryk joernalistieke tradisie waarby Opperman aangesluit het toe hy op Maandag, 3 Januarie 1946 vir die eerste keer sy opwagting by die redaksiekantore van *Die Huisgenoot* gemaak het. Op hierdie eerste dag was Opperman en die jeugdige Elsa Joubert die twee nuwelinge in die redaksie. Terwyl hulle saam met Fred le Roux in die kantoor van Markus Viljoen bymekaar was, het C. Louis Leipoldt ingekom met 'n kardoessakkie botterbroodjies vir die oggendtee. Opperman het ook sy ander kollegas ontmoet: naas Elsa Joubert vir Theo Gerdener (die latere politikus), Hein Wicht wat ‘Korsies van pastei’ behartig het en J.J. Blom wat vir die vervolgverhale verantwoordelik was.

Opperman se eerste taak was om 'n artikel oor visvang te vertaal, maar in hoofsaak was sy opdrag om die bydraes op die gebied van die poësie en kortverhale te keur en te versorg en om boeke ter resensie uit te stuur. Van die begin af het Viljoen hom baie vryheid gegee om dinge selfstandig te doen, want hy het baie nuwe idees gehad, goeie kontak met medewerkende skrywers opgebou en sy werk betyds en nougeset ingelewer.[18] Sy persoonlike bydrae tot *Die Huisgenoot* se beeld as ‘die arm man se universiteit’ het begin met 'n rubriek ‘Ken u ons letterkunde?’ waarin vrae oor die literatuur gestel is met die antwoorde elders in die blad. Van tyd tot tyd het hy die redaksionele aantekeninge en die hoofartikels geskryf. Sy eie gedigte uit hierdie periode is nooit in *Die Huisgenoot* gepubliseer nie, waarskynlik omdat hy gevoel het dat ander medewerkers beswaar sou hê as hy prominensie aan sy eie verse gee en omdat hy sy eie werk liewers in *Standpunte* wou sien. By die besoek van A. Roland Holst skryf Opperman 'n artikel oor hom *(Die Huisgenoot*, 9 Augustus 1946; later opgeneem in *Wiggelstok)*. Die uitgawes van 21 Februarie 1947 en 9 Mei 1947 is onderskeidelik aan Totius en Leipoldt gewy. Onder die kortverhaalskrywers wat in sy termyn aan *Die Huisgenoot* meegewerk het, was Boerneef, Elise Muller, M.J. Harris, Ina Rousseau, Jan Scannell, J. van Melle, G.H. Franz, J.S. Rabie, Holmer Johanssen, P.J. Schoeman, C.M. van den Heever en Henriette Grové, terwyl vertalings van C.G.S. de Villiers opgeneem is. Onder die

digters was sowel gevestigde name as jonger talente. Naas Totius, Leipoldt en I.D. du Plessis het Ernst van Heerden, S.J. Pretorius en Olga Kirsch gereeld meegewerk en was daar van tyd tot tyd bydraes van nuwe digters soos Ina Rousseau, Dawie Couzyn, C.F. Rudolph, M.J. Harris, Bartho Smit, Izak van der Westhuizen, J.C. Coetzee, P. du P. Grobler, Sheila Cussons, G.A. Watermeyer en H.W. Truter; die meeste van hulle sou in Opperman en Fred le Roux se *Stiebeuel* hulle debuut in boekvorm maak. Onder die resensente wat boekbesprekings behartig het, was toonaangewende kritici soos Dekker, Schoonees, F.E.J. Malherbe en Mulder naas jongeres soos Meyer de Villiers, Elisabeth Eybers, Gerhard J. Beukes, Ernst van Heerden, P. du P. Grobler en A.P. Grové. 'n Tyd lank is die ‘Kroniek van die Nederlandse letterkunde’ deur Greshoff behartig.

Sommige van die medewerkers se bydraes is met geesdrif deur Opperman ontvang en uit sy korrespondensie blyk hoeveel moeite hy gedoen het. As Elize Muller in 1958 die Hertzogprys ontvang, vertel hy in sy rede by die oorhandigingsplegtigheid met hoeveel vreugde hy haar ‘Nag by die drif’ gepubliseer het. Sannie Uys lê haar meesterlike verhaal ‘Die sterfbed’ aan *Die Huisgenoot* voor. In 'n brief van 30 Oktober 1948 aan N.P. van Wyk Louw sê hy - om redes wat hy nie nader omskryf nie - dat dit vir *Die Huisgenoot* ‘ongeskik’ is, maar as 'n bydrae vir *Standpunte* iets besonders. ‘Ek vind daar meer komposisie, humor, ironie, e.d.m. in as in baie van M.E.R. se stukke.’ Daarom verskyn die verhaal in *Standpunte* en sorg Opperman daarvoor dat dit in die prominente posisie as openingstuk geplaas word.

'n Bydrae wat hy met geesdrif ontvang het, was G.A. Watermeyer se ‘Ballade van die bloeddorstige jagter’ wat in die uitgawe van 28 November 1947 verskyn. Na sy besoek in September 1947 aan Sabie en die Kruger-wildtuin het Opperman 'n paar dae in Braamfontein by sy broer Maans oorgebly. Maans se buurman was Watermeyer en die twee digters het mekaar daar vir die eerste keer persoonlik ontmoet, al het hulle toe reeds sedert Watermeyer se bydraes tot *Stiebeuel* met mekaar gekorrespondeer. Watermeyer het Opperman 'n knipsel gewys van 'n gedig van hom wat in *Die Brandwag* van 2 November 1945 onder die titel ‘Jagterswee’ verskyn het:

> Die geel kapél se kronkels lê
> drie sirkels om die maan:
> O! watter vreemde wind sal hier
> teen middernag my tentseil slaan?
>
> Uit elke kloof en krans
> hoor ek die klipdas skree
> sy ou, wildwrede roep
> van lang-verstarde wee.

Die jakkals teen die berghang huil
tot in my senuwee en murg;
'n kolhaas in die kreupelbos
roep skielik skril tot God - en wurg.

Die beenwit horing van die maan
hang rooi bespat met bloed;
vir watter dier se dood
moet ek vannag hier boet?

In 'n brief van 31 Mei 1953 aan G.S. Nienaber skryf Opperman:

> Ek het gevoel, en hy het erken, dat die tweede strofe sterk aansluit by my 'Verbond' en 'Dertiende dissipel' - gesê hy behoort dit te verander en dan eerder in die trant van sy pragtige beeld van die geelkapel se 'drie sirkels om die maan' verder oor die diere te skryf wat die jagter in 'n droom beskuldig - ek het toe uit my gedeeltelik voltooide 'Diereriem' aangehaal (ek dink dit was 'Krap'). Kortom, toe ek in die Kaap kom, het hy brief na brief begin stuur met fragmente soms soos die gedig vorder, en ek het baie onder die indruk van sy talent gekom; (en) party gedigte in *Die Huisgenoot* en *Standpunte* geplaas.

Selfs met bydraes wat uiteindelik nie aanvaar is nie, het Opperman besondere moeite gedoen. In 'n brief van 20 November 1947 skryf hy aan P.J. Schoeman dat hy *Rook op die horison* 'n 'fyn stukkie prosaliriek' vind:

> Myns insiens bereik dit hoogtepunte met die beskrywing van die meide se stormloop, die sprokie van die twee koningskinders (pragtig!), die twee soorte vrouens, die jag op die krokodil en dan die slot; dit is afgesien van tal van afsonderlike beelde, sienings, e.d.m.

Aan die keersy vind hy

> die begin 'n bietjie dralerig en die beelding hou te lank op dieselfde trant aan. - Waar vind die onderhoud plaas? Sel? Maar die petrolkissie en die vuurhoutjies dan? Op hierdie stadium vind 'n mens baie van die beelde treffend, maar hulle ontroer nie juis nie, want die gegewens vir die bepaalde geval is nog te skraal. Die tonele waar die skepsel so bang word, kom vir my ook nie so oortuigend voor nie (hfstk II). Ek voel die jag op die leeus is 'n bietjie lig en dat dit selfs die vertelling vervlak en van sy simboliek laat inboet. Hoofstuk VIII vind ek 'n rare mengelmoes! Die beeld wil al mooi word, maar word deur 'n te opsetlike strewe tot mooiskrywery bederf: aan die een kant deur 'n te verwyfde liefde en aan die ander kant deur Europese literêre beelde. Hier en daar werk die neiging tot die informatiewe ook 'n bietjie steurend in die vertelling - dit is eintlik in vorige hoofstukke. Ten slotte voel ek dat die ms. weer deeglik moet gelees word met die oog op die taal, styl, ritme, e.d.m. want liriek is fyn en teer werk, en dit wil hierdie bydrae tog wees, en dit kan dit wees.

Die vreugde wat Opperman reeds in Natal gehad het aan die aanmoediging van skeppende talent onder sy skoliere en die aandag wat hy aan Sheila Cussons en C.J.M. Nienaber se werk bestee het, was 'n aanduiding van sy intense belangstelling in ander se skryfwerk en die advies wat hy bereid was om te gee. Die redaksionele werk by *Die Huisgenoot* het hom in die posisie geplaas om hierdie belangstelling verder te ontwikkel en persoonlik of by wyse van korrespondensie met die belangrikste Afrikaanse skrywers van die tyd in aanraking te kom. Vir die kontak wat hy met so baie skrywers oor dekades heen gehad het en vir die sentrale rol wat hy later in die Afrikaanse letterkunde sou beklee, was die jare by *Die Huisgenoot* 'n baie belangrike fase in Opperman se lewe.

IV

Die werk by *Die Huisgenoot* het Opperman op 'n natuurlike wyse in aanraking gebring met die personeellede van die Nasionale Pers. Besonder gou was daar 'n noue kontak tussen hom en die belangrikste ampsdraers van die uitgewersafdeling. In die jare 1944-1947 was C.F. Albertyn hoof van die uitgewery, maar Opperman het veral geskakel met Johan Spies en D.J. Potgieter wat ook in dié tyd met die publikasie van boeke te make gehad het. In 1948 is George Minnaar bevorder tot hoof van Algemene Publikasies, 'n betrekking wat hy tot 1955 beklee het.

Met die aanvaarding van *Heilige beeste* was Opperman maar te bly dat die Nasionale Pers in 'n tyd van papierskaarste bereid was om sy werk te publiseer en het hy geen besondere eise gestel wat die tipografiese versorging van die uitgawe betref nie. Tog was dit vir hom 'n voorwaarde dat die boek tegnies noukeurig afgewerk moes word en het hy voorkeur aan 'n rooi omslag gegee. Met die verskyning van *Negester oor Ninevé* het hy egter self met die grafiese kunstenaar Piet Bijl en die drukkerybestuurder onderhandel. In sy artikel oor ‘D.J. Opperman en die uitgewersbedryf’, wat by Opperman se vyf en sestigste verjaardag verskyn,[19] vertel J.J. Human: ‘Toe...(Opperman) daarop aandring dat die reëls bo-aan 'n bladsy telkens gelyk met mekaar lê en nie ongelyk rondspring nie, het die bestuurder glo aan hom gesê hy word nou 'vitterig'!’ Dit illustreer in watter mate Opperman betreklik vroeg reeds alle vertakkinge van die uitgewerswese intiem leer ken het. Hy was gou op die hoogte van 'n verskeidenheid fasette van die tipografie, ontwerp en drukkuns en kon dikwels die amptenare van die Nasionale Pers hieroor van raad bedien. In hierdie vroeë jare is Opperman se posisie bevorder deur die aanwesigheid van Markus Viljoen wie se oordeel groot gewig by die Pers gedra het. Opperman was 'n protégé van Viljoen en via Viljoen ook van Albertyn, 'n situasie wat sy vroeë hoë status by die uitgewery verklaar.

Opperman se hegte verhouding met die Pers het egter verder gestrek as die

nougesette aandag aan sy eie publikasies. Reeds vanaf die tweede nommer van *Standpunte* - waarvan die uitgawe in dié stadium deur die Nasionale Pers behartig is - het hy nie alleen deur die toesending van bydraes geesdriftig meegewerk nie, maar was hy lid van die redaksie. Sy naam het egter nie by die lys redaksielede verskyn nie, weens besware van die kant van *Die Huisgenoot* teen sy openlike toetrede tot die redaksie. Saam met Van Wyk Louw (en later ook Greshoff en Fred le Roux) het hy help beplan aan die nommers deur te besluit wat aangevra moes word. Soms het hy bydraes vir *Die Huisgenoot* aan *Standpunte* laat toekom, van tyd tot tyd van die anonieme redaksionele aantekeninge geskryf, gehelp met die tegniese versorging van die blad en selfs van die uitbetalings behartig.

Nog direkter samewerking met die Nasionale Pers ontstaan as Opperman voel - soos hy dit in sy dagboek uit 1946 stel - ‘dat die jong digter by ons, wat nog nie gebundel het nie, 'n lang tydperk van onsekerheid deurgaan of oorhaastig bundel: daar moes voorlopige publikasies wees om hom te help met siftingswerk, selfkritiek ens. en ook reeds 'n mate van erkenning te gee.’ Na die lees van T.S. Eliot se artikel oor ‘Minor poetry’ dink hy weer oor die saak en vra Fred le Roux se medewerking. C.F. Albertyn was bereid om so 'n bundel uit te gee, en in Maart 1946 nader hulle twintig jong digters - meestal dié wat vroeër in *Die Huisgenoot* gepubliseer het - van wie veertien entoesiasties reageer. Greshoff het 'n hele reeks moontlike titels vir die bundel voorgestel. Opperman kies daaruit *Stiebeuel*, terwyl Piet Bijl vir die tekening op die buiteblad verantwoordelik was. Met die tooilose vers, aardse beeldspraak, realistiese inslag en die beweging in die rigting van 'n sosiale poësie het die *Stiebeuel*-digters vir Opperman veral by die Totius van *Trekkerswee* aangesluit[20] - meer as by enige ander digter van die ouer geslag. Daarom het hy teenoor Fred le Roux gesê dat dit 'n mooi en gepaste huldeblyk sou wees as hulle *Stiebeuel* aan Totius opdra. 'n Mens kon egter by voorbaat verwag dat Totius, wie se seun die vorige jaar ernstige lewensbeskoulike besware teen *Heilige beeste* gehad het, sy naam nie ligtelik aan 'n bundel moderne poësie sou verleen as hy onvertroud was met die inhoud nie. Daarom skryf hy op 26 Junie 1946 aan die twee samestellers dat hy ‘ten seerste...die mooi, vriendelike geste’ op prys stel. Vanweë sy posisie kan hy egter dié onderskeiding nie aanvaar nie, hoeseer dit hom ook te harte gaan. Hy vervolg:

> by my moes as hoofoorweging geld dat ek teologiese hoogleraar is aan 'n Kweekskool, en dit moet ek in ag neem. Soos u weet het daar in later tyd op literêre gebied ook ‘standpunte’ ontwikkel, die een soms vlak teenoor die ander staande, terwyl prinsipiële kwessies in geding is. Daarom sal dit seker ongerade wees as ek, op die deur u voorgestelde wyse, verbind word aan 'n uitgawe waarvan die inhoud aan my heeltemal onbekend is.

Die werk aan *Stiebeuel* het Opperman persoonlik in aanraking gebring met

heelparty van die medewerkende digters, soos Jan Rabie, H.W. Truter en Ina Rousseau wat al drie op Stellenbosch gestudeer het. Ina Rousseau het reeds vroeër in *Die Huisgenoot* met Opperman se poësie kennis gemaak en *Heilige beeste* was vir haar 'n pragtige bundel. Terwyl sy in die Paasvakansie van 1946 in die Kaap in 'n hotelletjie tuis was, het sy na *Die Huisgenoot*-kantore gegaan. Opperman kon haar met die intrapslag onmiddellik van 'n foto herken. Hierdie ontmoeting het tot 'n lewenslange vriendskap gelei. Dieselfde aand het sy by die egpaar in Glen Haw gekuier. Opperman se gretigheid om haar met haar skeppende werk te help, het 'n groot indruk op haar gemaak. Van die beste gedigte in *Stiebeuel* was dié van Sheila Cussons, en Opperman het voortgegaan om haar en C.J.M. Nienaber, as sy eerste protégés uit die Natalse jare, van raad te bedien. In 'n brief van 24 Maart 1946 rig hy aan Nienaber die waarskuwing om nie weer iets in die rigting van *Keerweer* aan te pak nie en versigtig te wees met die 'impressionistiese frase'. Vir Sheila Cussons beveel hy aan om nie in dié stadium te bundel nie, maar te wag tot die regte tyd aanbreek. Hy waarsku: 'Pasop vir die breedte, te veel byvoeglike naamwoorde, die dekoratiewe, die skilderagtige reëltjie - spits die vers meer.'

Die *Stiebeuel*-digter wat in hierdie stadium die grootste indruk op Opperman gemaak het, was G.A. Watermeyer. Ná ontvangs van 'Ballade van die bloeddorstige jagter' het hy gevoel Watermeyer moet 'n bundel publiseer. Uit die werk wat aan hom voorgelê is, maak Opperman 'n keuse, verkort en wysig aan sommige verse (bv. 'Ballade op die dronkparty'), deel die bundel in vier rubrieke en kies as titel *Sekel en simbaal* wat die landelike en stedelike wêrelde van Watermeyer se poësie mooi saamtrek. Vir die Nasionale Pers skryf hy 'n kort keurdersverslag waarin hy sê dat 'van al die eerstelingbundels wat die afgelope paar jaar verskyn het, dit die allerbeste is'. Daar is nie een werklik swak gedig in die versameling nie, en die bundel word aangebied in vier afdelings met die landelike, erotiese en stedelike as uitgangspunt en met 'Ballade van die bloeddorstige jagter' as sluitstuk. In *Standpunte* van Augustus 1948 publiseer hy 'n uitvoerige en indringende opstel oor *Sekel en simbaal* waarin hy die singende en seggingsvers by Watermeyer aandui, op die gevare wys van die 'liriese roes (en) die verwaarlosing van die indiwiduele woord ter wille van die singende sinsnede',[21] en 'n onderskeid maak tussen die skeppend-ontdekkende kunstenaar (waarin hy homself sien) en die digter wat as wildekanarie 'jubelend of droefgeestig oor die genot of beperkinge van...(die) wêreld'[22] skryf. Nog voor die verskyning van hierdie opstel skryf Watermeyer in 'n brief van 30 Junie 1948 waarderend oor alles wat Opperman vir hom gedoen en beteken het. Sekere gedigte in *Heilige beeste* het hom, volgens hierdie brief, op die idee gebring om oor die plaaslewe te skryf, terwyl die publikasie van *Stiebeuel* 'n groter 'bewuswording' by hom laat posvat het. Hy gaan voort:

> Dan volg jou besoek en jou belangstelling in my werk. 'Hings' sou ek tien teen

> een nie sonder jou opmerkings voltooi het nie. ‘Reën in die Voorwinter’ sou sonder jou kritiek nie die twee laaste afrondende reëls bygekry het nie. ‘Belydenis van die Ou Man’ sou moontlik nooit voltooi gewees het nie. En, indien jy nie op 'n dag terloops iets oor daardie gediggie ‘Jagterswee’ opgemerk het nie sou daar bes moontlik nooit 'n ‘Ballade van die Bloeddorstige Jagter’ gewees het nie. Sonder hierdie gedigte sou daar geen *Sekel en Simbaal* verskyn het nie. Daarby kom nog die streng, eerlike kritiek wat jy altyd gewillig aangebied het, dit, gepaard met die voorbeeld van *Heilige beeste* as model eerstelingbundel het my laat wag tot op 'n paar maande gelede. Selfs toe nog was dit jou finale keuring wat hierdie bundel sy uiteindelike afronding & indeling besorg het - tot selfs die naam toe.

Wanneer die verskyningsdatum van die bundel nader kom, reël Opperman - gedagtig aan die ontvangs van *Heilige beeste* en die vriendskapsgebaar van C.J.M. Nienaber - dat Watermeyer se Johannesburgse vriende 'n verrassingspartytjie vir hom reël en 'n eksemplaar aan hom oorhandig. Naas Watermeyer en sy vrou Letsie was M.P.O. en Eugenie Burgers, Anna Neethling-Pohl, Bartho Smit, Gerrit Bakker, Dawie Couzyn en sy vrou, Jan Schutte en S.J. Pretorius en sy vrou onder die aanwesiges. In 'n brief van 4 Julie 1948 skryf M.P.O. Burgers, wat die inisiatief met die reëlings geneem het, 'n brief aan Opperman waarin hy verslag doen van die vreugdevolle byeenkoms:

> Die aanwesigheid van die bundel in die huis was 'n algehele verrassing vir hom en vir sy vrou, en die twee was aangedaan soos ek hulle nog nooit gesien het nie. Watermeyer het nie ophou dankie sê nie! En toe - verrassing bo verrassing! - het hy 'n hele ruk lank van die gedigte vir ons voorgelees en oor hulle gepraat. Jy weet seker dat hy moeilik praat - aarselend en selfs hakkelend. Nou, daarvan was daar niks te bespeur toe hy besig was om oor sy werk te praat en die gedigte voor te lees nie. Hy het my oor en oor vertel dat dit die wonderlikste aand in sy lewe was.

En hy sluit af:

> Dirk, jy het met hierdie plan van jou 'n weldaad aan Watermeyer bewys waarvan nòg jy nòg ek die omvang kan bepaal!

Van Watermeyer self ontvang hy en Marié 'n eksemplaar van *Sekel en simbaal* met die volgende inskripsie: ‘Aan Dirk en Marié, Sonder wie se morele steun, kritiek en keuring, die verskyning van hierdie bundel bykans onmoontlik sou gewees het.’

'n Ander digter met wie Opperman in die eerste Kaapse jare baie noue kontak gehad het, was sy tydgenoot Ernst van Heerden. Met hulle eerste persoonlike ontmoeting is Van Heerden al getref deur Opperman se intellektuele vermoëns, sy integriteit en sy gawe om goeie digkuns en die hoë waarde daarvan te herken sonder enige bygedagte aan politiek of godsdiens. Hy het gereeld by die

Oppermans aan huis gekom. Alhoewel hulle vriendskap rondom die literatuur en hulle skeppende werk gesentreer het, was daar tog 'n persoonlike element ook by. Meermale was hulle gesprekke oor Van Heerden se bydraes vir *Standpunte* of *Die Huisgenoot* of oor Opperman se werk, want Van Heerden was intens geïnteresseerd in sy vriend se poësie. Hy was die eerste deskundige kommentator oor werke soos *Heilige beeste, Negester oor Ninevé* en *Joernaal van Jorik*. By die verskyning van Van Heerden se tweede bundel, *Verklaarde nag*, resenseer Opperman dit oor die radio. Die teks daarvan word in *Die Burger* en *Critisch Bulletin* gepubliseer en later in *Verspreide opstelle* opgeneem. In hierdie bespreking noem Opperman die neiging by Van Heerden om die wêreld 'van agter glas, 'n ruit of venster' te bekyk, die lewe te verglans en deur middel van versierende klank en beeld 'die gekweekte stemmingslewe, die musiekverwysings en die beskrywings soms in die trant van ander kunstenaars' vir ons 'brokkies werklikheid'[23] aan te bied. Dié reeks besware vat hy beeldend saam in die treffende frase 'werklikheid gesluit in sellofaan'.[24] Met hierdie formulering gee Opperman 'n karakteristiek van sy vriend se vroeë werk en wys hy op 'n belangrike gevaarpunt van hierdie soort poësie. In 'n brief van 23 Oktober 1946 waardeer Van Heerden die skerpsinnigheid, maar werp hy teen dat die 'sjokolade nog sy smaak en die angeliere hul geur' agter die sellofaan behou en dat die lewe tog (vir hom) 'n operaspel is! Hy lê telkens die manuskripte van sy bundels vanaf *Die sewe vrese* tot en met *Koraal van die dood* aan Opperman voor en in sommige gevalle lewer Opperman 'n daadwerklike bydrae. Die titel *Reisiger*, Van Heerden se bundel uit 1953, word deur Opperman gekies, terwyl hy ook die oorkoepelende motto uit William Blake vir dié werk uitlig.[25] By die gedig 'Die gewigopteller' stel Opperman voor dat Van Heerden die reël 'is 'n triomfantelike dier' verander na 'is - triomfantelik! - 'n dier', 'n wysiging wat deur die parentese en uitroepteken die oomblik van triomf vir die leser funksioneel uitlig.[26] 'n Gedig van Van Heerden waarmee Opperman baie ingenome was, is 'Gebed vir die komende', gedeeltelik omdat dit die naderende geboorte van die Oppermans se tweede dogter as boustof het. Dié gedig is later opgeneem in *Die sewe vrese*. Terwyl Opperman 'n gedig soos 'Chopin' veels 'te veel in die estetiserende sfeer' vind, is 'Gebed vir die komende' vir hom besonder treffend. In 'n brief van 19 Oktober 1947 skryf hy aan Van Heerden:

> Dit kom vir my voor as baie 'egter'. Mooi vind ek die vraag, die suggestiewe skildering wat daarop volg en dan die kort gebed waarmee elke strofe afsluit. Dit is hier ook of jy vry geraak het van die estetiserende, 'n mens werklik ontroer. Marié sê ook baie dankie, sy is aangenaam verras, nie net deur die gebaar nie, maar deur die intrinsieke waarde van die gedig. Ek het my die vryheid veroorloof om dit ook vir Fred te wys; sy opmerkings was: 'Ek hou hiervan, meer as van baie van sy ander gedigte wat ek onlangs gelees het. Dit lyk vir my Ernst moet opdragdigter word!'

'n Werk waarmee Opperman in hierdie jare besondere moeite doen, is die roman *Proefbuis tot proefbuis* wat onder die skuilnaam Francois Duminy deur sy swaer Jannie Theron, Liz se man, geskryf is en in 1948 verskyn. In 'n brief van 8 Julie 1947 sê Opperman dat die werk van ‘'n summier letterkundige standpunt...geen groot meesterstuk (is) nie, maar tog 'n roman wat besonder aangenaam lees en met bepaalde ander verdienstes’. Hy lewer detailkommentaar oor tonele, byfigure, die hooffiguur en ontwikkeling van motiewe, en doen aan die hand dat die slot herskryf word sodat die hele boek ‘simbolies (word) van die navorser deur die eeue, van die mens wat altyd worstel...in teenstelling met die huidige sukses-slot wat eintlik steur na die pretensielose, egte skildering van die voorafgaande’. In 'n brief wat hy op 6 Oktober 1947 aan Theron skryf, praat hy meer in die algemeen oor die skeppende skrywer en sy taak. Daaruit kan 'n mens iets te wete kom van die erns en onvoorwaardelike oorgawe waarmee Opperman die kunstenaarskap sien. Die verlossingsgedagte, wat in hierdie jare 'n dominante motief in sy skeppende werk is, figureer besonder markant in die brief aan Theron. ‘As 'n mens ryk aan gees lewe,’ skryf hy

> moet jy verwag dat jy 'n groter gevoeligheid vir die daaglikse gebeure sal toon - as 't ware kommer sal trek. Ek is bly dat jy ook nou 'n medium gevind het om hierdie gevoelens te verhef en vas te lê. Trouens, dit is my persoonlike oortuiging dat die skrywer as 't ware godsdienstig verplig is om die werklikheid waarmee hy in aanraking kom, te vergeestelik en te laat opgaan in sy skepping. So gesien is die kunstenaar in sekere sin verlosser van die aardse. Ek wei hieroor uit omdat ek voel dat jy teenoor jou eie sielerus verplig is om hierdie gevoelens en ondervindings gestalte te gee in die woord. Bepeins en orden...maak aantekeninge...laat dié dinge na vorms ryp. Moenie te haastig wees om iets as sy finale vorm te beskou nie.

En hy sluit af:

> Laat my toe om net 'n paar waarhede weer te beklemtoon: sorg dat die roman 'n sentrale idee het waaruit die verhaal, die karakters, agtergrond en titel groei. Jy moet die verskillende ervarings in verhaalvorm saamvat - moenie preek, maar laat dade spreek...Ek noem dit net omdat die beskrywing van ervarings maklik 'n roman - aan die ander kant - kan laat verbrokkel tot los episodes.

Alhoewel die aangetroude familieband tussen hom en Jannie Theron en sy liefde vir sy suster Liz ongetwyfeld 'n rol gespeel het, is dit tog merkwaardig dat Opperman in hierdie jare van drukke aktiwiteit bereid was om soveel moeite te bestee aan 'n werk wat, ten spyte van sy besliste kwaliteite, blote ontspanningslektuur was. Dit illustreer sy belangstelling in ander se skeppende werk, maar ook sy oortuiging dat hy deur sy advies mense kon help en op dié wyse 'n diens aan die hele Afrikaanse literatuur lewer. Lank voordat daar dus in die

VSA van ‘creative writing schools’ sprake was, het Opperman deur sy werk by *Die Huisgenoot*, sy aandeel aan die redigering van *Standpunte*, sy keurwerk vir die Nasionale Pers se uitgewersafdeling en sy advies op persoonlike vlak hierdie funksie ten opsigte van die Afrikaanse literatuur vervul. In die jare wat kom, sou hy nie alleen hiermee voortgaan nie, maar sy aktiwiteite op dié gebied verder uitbou.

V

Die noue kontak met die uitgewery van die Nasionale Pers lei in die laatveertigerjare tot een van Opperman se belangrikste ondernemings, naamlik die samestelling van die reeks bloemlesings uit die Afrikaanse poësie. Ten einde die geskiedenis van hierdie publikasies volledig na te gaan, is dit nodig om die briefwisseling en onderhandelinge wat tot die bloemlesings aanleiding gegee het, nader te bekyk.

In 'n brief van 23 Julie 1946 vra George Minnaar, indertyd hoof van die uitgewersafdeling van die Nasionale Pers in Bloemfontein, vir Opperman verlof om enkele gedigte uit *Heilige beeste* in 'n herdruk van D.F. Malherbe se *Afrikaanse letterkunde: 'n Bloemlesing* op te neem. In antwoord hierop verleen Opperman in 'n brief van 5 Augustus aan Minnaar die nodige verlof, maar voeg by: ‘Ek neem aan dit (naamlik die verlof tot opname - J.C.K.) geskied volgens die normale honorarium-tarief van die Nasionale Pers, nl. 15% *pro rata* verdeel tussen die skrywers nadat die vergoeding aan die samesteller by die normale produksiekoste getel is.’ Hierop laat weet Minnaar in 'n brief van 17 September 1946 vir Opperman dat hy die aangeleentheid met die samesteller bespreek het. Malherbe het egter besluit om ‘nie van die aanbod gebruik te maak nie’ en dus geen gedigte uit *Heilige beeste* in die herdruk van die bloemlesing op te neem nie. Hierop laat Opperman in 'n brief van 21 September 1946 vir Minnaar weet ‘dat daar hoegenaamd geen sprake van 'n “aanbod” van (sy) kant was nie’. Hy gaan voort:

> Die werklike toedrag van sake is dat u my genader het (met u skrywe van 23 Julie) met 'n ‘versoek’ of ek my toestemming sou verleen tot die opname van twee van my gedigte in bogenoemde bloemlesing. Dit is dus nie 'n geval van dat u ‘nie van die aanbod’ gebruik sal maak nie, maar wel 'n geval van u ‘versoek’ wat teruggetrek word. In die onderhandeling is hierdie verskil en optrede van groot belang en daarom wil ek dit graag duidelik aangeteken hê.

Uit Opperman se brief kan 'n mens reeds aflei dat veel meer in die spel was as wat hier geformuleer is. Dit was bekend dat D.F. Malherbe nie veel waardering vir die poësie van die Dertigers en die geslag van die veertigerjare gehad het nie, terwyl hy medeverantwoordelik was vir die negatiewe gesindheid teen-

oor W.E.G. Louw se kandidatuur toe die Vrystaatse Universiteitskollege die vakante leerstoel in Afrikaans en Nederlands in 1941 moes vul.[27] Daarby kan 'n mens met redelike sekerheid aanvaar dat Opperman as flinke literêre speurder in dié stadium geweet het dat Malherbe aanvanklik sterk gekant was teen die toekenning van die Hertzogprys vir *Heilige beeste*.[28] Hy het verder uitgevind dat sowel N.P. van Wyk as W.E.G. Louw glad nie genader is vir opname van werk met die oog op die nuwe uitgawe nie, terwyl van Ernst van Heerden slegs een en van Opperman twee gedigte aangevra is. Die hersiene bloemlesing sou dus hoegenaamd nie verteenwoordigend van die Afrikaanse poësie wees nie. Afgesien van die wantroue in die samesteller se literêre oordeel was Opperman se belangrikste beswaar dat Malherbe sy onderneming as 'volkswerk' beskou, maar tog die volledige outeursaandeel in sy sak steek, sonder enige vergoeding aan die medewerkende digters. Dit was dus nie 'n geval van 'vir die saak' nie, maar 'vir die sak',[29] soos Opperman dit met sy lewendige slagvaardigheid geformuleer het. Terwyl Malherbe hovaardig teenoor George Minnaar te kenne gegee het dat 'hy nie oor kultuursake bie nie',[30] was Opperman - soos hy dit in 'n brief van 18 Augustus 1947 aan W.E.G. Louw stel - nie baie geesdriftig om sy muntstuk in te gooi toe die 'oubaas' sy 'kollektebussie na *Heilige beeste* uitsteek' nie. Daarby het Opperman 'n vermoede gehad dat Malherbe hom om die twee gedigte gevra het net omdat hulle 'n kort rukkie tevore saam gedrink het!

Opperman het reeds in hierdie jare sterk gelet op die finansiële moontlikhede van literêre werk en was gesteld daarop om vir deeglike arbeid ook behoorlik vergoed te word. Daarom was hy gegrief oor die wyse waarop gevestigde bloemlesers soos Malherbe, E.C. Pienaar en M.S.B. Kritzinger die medewerkers behandel het. Hy vra dus 'n onderhoud met die hoof van die Nasionale Pers se uitgewersafdeling aan. In hulle gesprek sê hy vir C.F. Albertyn hy vind dit 'n skande dat die Pers Malherbe toelaat om die skrywers onder die voorwendsel van volkswerk so uit te buit. Met die opvallende hiate en swak keuse mag die Pers nie so 'n bloemlesing herdruk nie - Van Wyk en W.E.G. Louw word byvoorbeeld weggelaat omdat hulle nog nie saam met Malherbe gedrink het nie! Ook uit 'n sakestandpunt kan 'n mens die publikasie nie verdedig nie. Die Pers laat hulle al hierdie dinge welgeval net omdat dit D.F. Malherbe is. Opperman gee verder aan Albertyn 'n opgawe van die bestaande bloemlesings. Hy wys daarop dat terwyl die Pers die meeste digbundels uitgee, ander uitgewers met hulle bloemlesings die voorskryfmark oorheers sonder om die opgenome digters op enige wyse te vergoed. In hulle gesprek stem Albertyn met Opperman saam, maar sê dat hy in dié stadium nie meer 'die publikasie kan keer nie'. Mense soos Opperman 'moet maar die bloemlesing "uitkaffer" as dit verskyn en dan aan die samestelling van 'n nuwe bundel begin dink'. Wat so 'n nuwe bloemlesing betref, doen hy aan die hand dat Opperman met D.J. Potgieter gesels.[31]

Alhoewel die aangeleentheid onder Potgieter se aandag gekom het, is dit voorlopig daarby gelaat. Aan die einde van 1946 verskyn *Stiebeuel* en in Maart 1947 vra Potgieter vir Opperman en Le Roux om vir die Nasionale Pers twee bloemlesings saam te stel wat onderskeidelik die beste kortverhale en die beste essays uit die jaargange van *Die Huisgenoot* sal bevat. Verder vra hy vir Opperman om 'n bloemlesing uit die Afrikaanse poësie saam te stel wat sowel aan die universiteite as op hoër skole gebruik kan word. Dit staan Opperman vry om medewerkers in te roep indien hy dit verkies.

In die vier maande wat op hierdie gesprek volg, het Opperman en Le Roux begin werk aan die kortverhale en essays in *Die Huisgenoot*. Betreklik gou was Opperman egter verveeld en het hy begin twyfel oor hoe ver hulle sou kom. Die bloemlesing uit die poësie was vir hom 'n groter uitdaging en hy het al sy aandag daaraan begin gee. Juis in hierdie tyd nader die bestuurder van HAUM hom met die versoek om E.C. Pienaar se bloemlesing *Digters uit Suid-Afrika,* wat by hulle verskyn het, maar waarin die poësie vanaf die dertigerjare nie verteenwoordig is nie, met die oog op 'n heruitgawe uit te brei. Opperman wys egter die uitnodiging van die hand omdat hy bewus was van die sterk antipatie wat daar van vrywel alle jonger digters teen Pienaar sedert sy negatiewe resensie oor *Die halwe kring* bestaan het. Indien Pienaar se naam op die titelbladsy verskyn, sou Opperman nie 'n enkele gedig van 'n jongere kry nie. HAUM wou egter graag die bloemlesing laat uitbrei en op voorstel van Pienaar self het hulle besluit om W.E.G. Louw in dié verband te nader.

Intussen het die Nasionale Pers deur Opperman te hore gekom van die moontlike uitbreiding van die HAUM-bloemlesing en begin haastig raak met hulle eie beoogde publikasie. Aangesien Opperman nog nie baie ver met sy keuse was nie en HAUM nou na alle waarskynlikheid W.E.G. Louw om 'n soortgelyke bloemlesing sou nader, kom Opperman met Potgieter ooreen dat hulle Louw as mede-samesteller moet betrek. Daarby wou die Nasionale Pers graag die bloemlesing aan universiteite en skole laat voorskryf. Louw sou dus as universiteitsdosent die nodige skakelwerk hiervoor kon doen. Verder was die broers Louw dikwels ‘moeilik’ as dit kom by die opname van hulle gedigte in bloemlesings. Met W.E.G. Louw as mede-samesteller was die probleme in verband met sy eie werk uit die weg en sou Van Wyk Louw ook geredelik tot opname instem. Opperman en Potgieter kom ooreen dat Opperman eers persoonlik aan W.E.G. Louw skryf. Indien hy instem om mee te werk, sal Potgieter namens die Nasionale Pers aan hulle albei skryf met die versoek om die bloemlesing saam te stel.

Op 29 Julie 1947 pos Opperman sy brief aan Louw. Die bloemlesing moet, so sit hy die onderhandelinge met die Nasionale Pers uiteen, vir sowel Matriek as universiteit geskik wees. Die Pers is bereid om vyftien sjielings per bladsy of gedeelte van 'n bladsy te betaal vir 'n oplaag van 5000 eksemplare - die eerste keer in die Afrikaanse uitgewerswese dat daar van vergoeding aan die mede-

werkende digters by die samestelling van 'n bloemlesing sprake is. Op 4 Augustus 1947 antwoord Louw dat hy in elk geval nie HAUM se uitnodiging sou aanvaar het nie, omdat hulle te min oorspronklike digbundels uitgegee het. Hy sal graag met Opperman so 'n bloemlesing wil saamstel. Hy wei uit oor 'n beoogde soortgelyke bundel van P.J. Nienaber, die basis vir die vergoeding, die vraag of daar 'n inleiding en kort verklarende aantekeninge moet bykom, literêre sake van die dag, gelukwense met die Oppermans se dogtertjie en sy en Rosa se plesier aan Johannes wat sy eerste woorde begin sê. Wat 'n mens opval, is die gemak en wydlopigheid waarmee Louw, enigsins rommelrig, oor allerlei dinge skryf - in skrille teenstelling tot die tersaaklikheid en logiese gang van Opperman se brief.

Op 22 Augustus 1947 skryf Potgieter die beloofde uitnodigingsbrief aan Opperman en Louw. In plaas van 'n groot bloemlesing, soos mondeling met Opperman afgespreek, vra hy egter vir twee skoolbloemlesings: een vir die Junior en een vir die Senior Sertifikaat. As W.E.G. Louw 'n maand later in Kaapstad met besoek is, voer hy en Opperman met Johan Spies en Potgieter samesprekings waartydens hulle besluit om ook 'n derde bloemlesing vir die Hoër Onderwys uit te gee. Die hoop word aan uitgewerskant uitgespreek dat die manuskrip hulle einde Januarie 1948 sal bereik.

As 'n mens die briewe van W.E.G. Louw nagaan in die maande wat volg, is dit opvallend dat hy telkens met 'n lang omhaal van woorde en 'n sekere hoofsheid oor klein sakies in verband met die bloemlesings uitwei, maar dat daar weinig blyke is van enige werk wat gedoen word. In 'n brief van 28 Augustus 1947 aan die Pers lei hy verkeerdelik uit 'n sinnetjie in 'n vorige brief af dat die uitgewers sy en Opperman se manuskrip aan 'n keurder gaan voorlê en praat hy uitvoerig oor wedersydse vertroue, terwyl hy op 30 Augustus vir Opperman uiteensit hoeveel die Pers uit die boek gaan maak en waarom Nasionale Persaandele derhalwe so gesog is. Opperman beantwoord al die aangeleenthede uit hierdie en vorige briewe sistematies. Tydens die somervakansie van 1947-1948 het hy moeite om afsprake met Louw in die Kaap te reël ten einde die werk aan die bloemlesings verder te voer. Uit sy brief van 9 Maart 1948 blyk dit dat hulle gesamentlike keuse uit Leipoldt, Celliers, Marais, Toon van den Heever, Van Wyk Louw en C.M. van den Heever klaar is. Opperman lê nou sy keuse uit D.F. Malherbe, Keet, Kamp, Fagan, Mocke, Petersen en *Stiebeuel* aan Louw voor. Eers op 1 Junie reageer Louw op hierdie brief. In plaas van sy keuse uit die betrokke digters vra hy vir Opperman om vir die derde deel van *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* die oorsig oor Louw se eie werk te skryf. In sy antwoord van 13 Junie stel Opperman vir Mulder of anders Dekker vir die taak voor. Aangesien sowel sy werk as Louw s'n in die artikel ter sprake kom en hulle nog boonop die bloemlesings gaan saamstel, kan dit 'n vreemde indruk wek as hulle oor mekaar se oeuvres skryf. In die slotparagraaf sê hy dat hy wag op W.E.G. Louw se keuse. Hierop laat Louw eers meer as ses weke later (op

2 Augustus 1948) aan Opperman weet dat hy weens werkdrukte nog nie 'n finale keuse kan stuur nie. Ook op 9 September skryf hy dat die tyd steeds ontbreek.

Alhoewel dit nêrens uit die dokumente blyk nie, kan 'n mens vermoed - gedagtig aan sy drif om hangende sake sorgvuldig maar met die minste tydverspilling afgehandel te kry - dat Opperman teen hierdie tyd betreklik radeloos oor die laksheid van sy medesamesteller sou wees. Intussen het die Pers op 17 Julie die twee samestellers daaraan herinner dat inlewering van die manuskripte dringend noodsaaklik geword het. As daar geen positiewe reaksie op dié brief kom nie, herhaal hulle in 'n brief van 26 Oktober die dringendheid van inlewering. Opperman was daarvan bewus dat Louw aan die einde van 1948 met groot verlof na Europa sou vertrek en hy was bevrees dit sou die afhandeling van die opdrag nog verder vertraag. Na verdere briefwisseling beloof Louw in 'n mededeling van 11 November dat as hy die manuskripte nie voor sy vertrek na Europa kan klaarmaak nie, hy dit op die bootreis sou probeer doen. Op 16 Desember skryf Louw uiteindelik 'n brief aan Opperman met 'n lang uitweiding oor die redes vir die vertraging: sy besoek aan Johannesburg, 'n artikel oor Leipoldt en sy bydrae vir *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* III wat hy moes voltooi, eksamenwerk en reëlings vir die reis na Europa. In die brief gee hy sy keuse uit Malherbe, Keet, Kamp, Fagan, J.H. Naudé, Kirsch, Mocke, *Stiebeuel,* Watermeyer, Petersen, Totius, Langenhoven, J.R.L. van Bruggen, Eitemal, Haarhoff en S.J. Pretorius. Dit was sy voorneme, so skryf hy, om nog bundels aan boord van die skip onderweg na Kaapstad deur te werk, maar tot sy ontsteltenis moes hy ontdek dat hy die boeke nie besit nie. Hy vra Opperman andermaal om verskoning: ‘My opregte spyt vir die vertraging, wat egter geheel en al onvermydelik was.’ As die boot in Kaapstad aankom, het Opperman 'n onderhoud met W.E.G. Louw. Opperman gee aan Louw afskrifte van alle voorlopig gekeurde gedigte waaraan hy bygevoeg en weggelaat het, en Louw onderneem om alles tydens die reis finaal af te handel. Die eerste pak sou hy dan van die eiland Tenerife aanstuur, terwyl die res uit Amsterdam sou volg.

Aan die begin van 1949 was die werk oor die periode 1900-1948 vir die groot bloemlesing dus in 'n gevorderde staat, maar die keuse uit die negentiendeeeuse poësie nog onafgehandel. Verder moes 'n aantal nuwe publikasies deurgewerk word en 'n bibliografie nog bykom. Vir die *Junior* en *Senior verseboek* is slegs voorlopige keuses uit die periode 1900-1948 gemaak. Alles het gewag op deeglike kontrole, en die finale keuse en rangskikking moes nog plaasvind. Aan die gedigte voor 1900 was daar, met uitsondering van Opperman se aandeel, nog niks gedoen nie, terwyl 'n keuse uit die jongste publikasies moes bykom. Verder moes daar by albei bundels 'n inleiding, en by elke digter lewensbesonderhede en 'n karakteristiek gegee word. Die afskrifte moes ook met die oorspronklike tekste vergelyk en persklaar gemaak word.

VI

'n Belangrike bydraende faktor tot die hoë status wat Opperman van vroeg af in die literêre wêreld geniet het, was die toekenning van die Hertzogprys vir Poësie aan *Heilige beeste* in 1947. Dit was slegs die vierde keer dat die Hertzogprys aan 'n debuut toegeken is en die eerste keer dat so 'n bundel dit uitsluitlik - sonder verdeling of inagneming van ander werk - ontvang. Publikasies wat ook in aanmerking gekom het, was die debute van Petersen, Kirsch en Pretorius en Van Heerden se *Verklaarde nag*.

'n Mens kan dus vermoed dat die bekroning vir die keurkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n betreklik maklike aangeleentheid sou gewees het. Tog was dit nie die geval nie. Die keurkommissie het bestaan uit F.E.J. Malherbe, D.F. Malherbe en W.J. du P. Erlank. As die kommissie in Johannesburg bymekaarkom, staan Erlank aanvanklik alleen in sy aanbeveling van *Heilige beeste,* al steun F.E.J. Malherbe hom betreklik gou na die aanvang van die vergadering. D.F. Malherbe was egter onwrikbaar, omdat Opperman se werk vir hom onnasionaal, oncalvinisties en duister was, Die woordewisseling tussen Erlank en D.F. Malherbe was later só erg dat die lede van die hoofbestuur die twee in 'n kamer afgesonder het om sake uit te praat. Erlank se standpunt was dat Opperman een van die mees nasionale digters in Afrikaans was en dat sy poësie as 'n voortdurende worsteling met eie godsdienstige oortuigings 'n veel strydbaarder Calvinisme as dié van die sagsinnige Totius openbaar. Dit is wel minder eksplisiete werk, maar as poësie veel groter as enige ander bundel wat vir bekroning in aanmerking kom. Uiteindelik sê D.F. Malherbe dat hy die bekroning van *Heilige beeste* sal steun, mits Erlank op die volgende jaarvergadering van die Akademie 'n referaat sal hou waarin hy Opperman as nasionale en Calvinistiese digter sal behandel en waarin hy sal aantoon dat *Heilige beeste* nie onbegryplike poësie is nie. Erlank aanvaar hierdie voorwaarde en uitdaging.

In die keurkommissie se verslag word gepraat van die konkrete en aardse inslag van Opperman se poësie, sy

> oorspronklike beelding..., verdigtende vermoë en stukrag. Sy sterk verbondenheid met die aardse, tesaam met sy erkenning van essensiële sielswaardes wat temidde van alle verandering konstant bly, gee aan sy digterlike hartstog ewewig, soos dit hom origens behoed teen grootdoenerigheid, selfvertroeteling, en die kultus van die yle en salonagtige literêre uitdrukking, wat ons meermale by jongeres vind.[32]

'n Mens kan met redelike sekerheid aanneem dat hierdie kensketsing en lof in hoofsaak die formulering van F.E.J. Malherbe en Erlank was. Alhoewel die verslag ook deur D.F. Malherbe onderteken is, het hy waarskynlik daarop

aangedring dat sy besware êrens neerslag moes vind. 'n Mens vermoed dus dat die slot van die verslag op sy rekening moet kom:

> Wanneer u Kommissie hierdie werk aanbeveel as van voldoende betekenis vir bekroning en wanneer die Akademie dit sou bekroon, sou dit egter moet geskied ondanks 'n storende verbanalisering - soos in sommige verse op te merk - van die God-begrip, esteties nadelig, in aards-paganistiese sin. Die oorblywende verse is darem nog van genoegsame betekenis. Die Akademie aanvaar hiermee 'n bepaalde verantwoordelikheid.[33]

Hierdie slot verplig Erlank om 'n naskrif by die verslag by te voeg. Daarin sê hy:

> Ook ek vind die verkorting, om nie te sê vernietiging, van die afstand, wat binne ons Calvinistiese lewensbeskouing altyd moet bestaan tussen die mens as aanbiddende beskouer en God as voorwerp van ons aanbidding, esteties nadelig. Die woord ‘verbanalisering’ is egter m.i. nie gewettig nie. Met daardie voorbehoud plaas ek my handtekening by bogenoemde aanbeveling.[34]

Die Fakulteitsraad van die Akademie behandel die verslag op sy vergadering van 7 Junie 1947 in Bloemfontein en besluit eenparig om *Heilige beeste* te bekroon, 'n besluit wat nog dieselfde dag deur die Akademieraad bekragtig is. Van die kant van mindere skrywers en letterkundiges wat Opperman teen hierdie tyd by herhaling vir sy ‘duisterheid’ uitgekryt het, kom daar na die bekendmaking van die toekenning gou besware. In *Die Brandwag* van 27 Junie 1947 sê 'n anonieme skrywer die bekroning laat 'n mens ‘kriewelrig’ voel omdat die bundel nie deur die ‘breë volkslaag’ verstaan en waardeer sal word nie. Opperman se werk adem, volgens hierdie artikel, ‘te min van die gees van ons land en sy mense’ en is daarby te ‘duister’. Die Akademie behoort nie 'n werk te bekroon as die algemene publiek dit ontoeganklik vind nie. In aansluiting hierby verskyn 'n hoofartikel in *Die Brandwag* van 8 Augustus 1947 waarin die saak verder gevoer word. Die redaksie haal goedkeurend 'n naamlose brief aan waarin die Akademie beskuldig word dat hy met dié bekroning die Hertzogprys ‘goedkoop’ maak en pleit vir 'n ‘nuwe beleid’ by toekennings. In *Die Brandwag* van 29 Augustus 1947 verskyn 'n spotprent van 'n stiervegter met 'n bul wat Opperman se gesig het. Die limerick daarby lui:

> Toreador van Spanje, senor Rees,
> was 'n bul se moses gewees...
> Maar sy blus was gou uit
> toe hy eenkeer moes stuit
> teen Opperman se Heilige Bees.

Opperman ontvang die Hertzogprys vir *Heilige beeste* op 25 Julie 1947 by 'n

plegtigheid in die Andrew Murraysaal van die CSV-gebou op Stellenbosch. By dié geleentheid spreek F.E.J. Malherbe die huldigingswoord uit, terwyl Erlank volgens die ooreenkoms met D.F. Malherbe 'n referaat lewer oor ‘Die gemeenskap en die digkuns’.[35] Ná die plegtigheid is die Oppermans saam met Ernst van Heerden en Ina Rousseau vir die middagete na die Uitspan-kafee, want dit was in dié jare nog nie die gebruik dat die Akademie of die uitgewers 'n dinee by so 'n geleentheid aanbied nie. Daarna het hulle opgestap na Ernst van Heerden se woonstel in Christellahof om verder te gesels.

VII

Met die aanvaarding van die redaksionele pos in 1946 het Opperman gevoel dat dit behalwe by hoë uitsondering beter vir hom is om geen resensies te skryf nie, veral nie oor boeke deur skrywers wat aan *Die Huisgenoot* meegewerk het nie. As F.E.J. Malherbe hom vra om soos in die verlede boeke vir *Ons Eie Boek* te bespreek, wys hy die uitnodiging van die hand. In 'n brief van 1 Mei 1946 aan Malherbe sê hy dat hy sy tyd saans graag vir sy eie skeppende werk wil oophou; indien hy by wyse van uitsondering tyd aan die skryf van studies oor skrywers of die bespreking van boeke afstaan, moet dit oor werk wees wat vir hom persoonlik van belang is.[36]

Die gevolg van hierdie (volkome verstaanbare) standpunt is dat daar in die periode 1946 - Februarie 1949 slegs een boekbespreking van Opperman verskyn, nl. die reeds genoemde resensie oor Ernst van Heerden se *Verklaarde nag* wat hy as radiorede lewer en wat daarna in *Die Burger* en *Critisch Bulletin* gepubliseer word. Reeds hierdie bespreking kan 'n mens nie meer 'n gewone resensie noem nie, want Opperman probeer om met 'n analise van die psigiese werklikheid, die geestespole ‘erns’ en ‘spel’ en die verhouding tussen die ‘sobere’ en die ‘versierende’ tot die essensiële van Van Heerden se bundel deur te dring en daarby ook iets oor die digterskap as sodanig te sê. In 1945, nog vóór hy by *Die Huisgenoot* werksaam is, verskyn van hom in dié blad 'n indringende studie oor N.P. van Wyk Louw se poësie,[37] die eerste van sy groot opstelle wat hy later in *Wiggelstok* opneem. In die daaropvolgende jare publiseer hy, hoofsaaklik in *Standpunte,* ewe indringende studies oor die poësie van C.M. van den Heever, A. Roland Holst, Gerrit Achterberg, Totius,[38] Jan Greshoff en G.A. Watermeyer, terwyl hy ook 'n kort opstel aan die aard van die kwatryn wei en die verhouding tussen Calvinisme en kuns (laasgenoemde later opgeneem in *Naaldekoker*) nagaan.

Hierdie opstelle is nie alleen belangrik vir die nuwe lig wat hulle op die onderskeie digterskappe, literêre kategorie of besondere soort kuns werp nie, maar ook vir die insig in die literatuur as sodanig en in Opperman se opvattinge oor die digterskap in die besonder. In die studie oor Van Wyk Louw wei hy uit

oor die slopingsproses en die wegbreek van alle beskuttings en 'n vaste waardestelsel, wat in hierdie poësie, soos dikwels in groot literatuur soos dié van Dostojewski (oor wie hy in sy studentejare 'n opstel skryf) voorkom, terwyl hy aan die hand van Clifford Dyment tussen die kunstenaar van die daglig en die kunstenaar van die nag onderskei. In die opstel oor C.M. van den Heever maak hy 'n onderskeid tussen die manlike en vroulike digter wat hy verder met die begrippe Oosters, ontvanklik en kontemplatief, teenoor Westers, daaddrang en vormdrif, aandui. Die studie oor Van den Heever, wie se poësie met die eenselwigheid, neiging tot ontgrensing en vaagheid in baie opsigte die teenpool van Opperman se eie werk is, illustreer hoe verkeerd Leo Spitzer was met sy opmerking dat die kritikus alleen dit analiseer wat hy liefhet. Hy kan ook met dieselfde deeglikheid en hartstog werk ontleed wat hom teenstaan en waarvan hy gru. Die verkenning van Totius se poësie gaan uit van die begrip dialektiek en die verdeling in nasionale en persoonlike boustof, terwyl hy 'n groot deel van hierdie oeuvre sien as ‘die moeisame stryd van 'n persoonlikheid wat telkens van 'n “ramp” herstel’.[39] In die studie oor Watermeyer wys hy naas sy geesdrif vir *Sekel en simbaal* op die gevaar van die ‘liriese roes’ en die ‘veelwoordigheid’.[40] Wat 'n mens in opstel na opstel opval, is Opperman se vermoë tot sintese. Ten grondslag daarvan lê egter 'n baie deeglike bestudering van elke afsonderlike teks, sodat die sintese op 'n duidelike onderbou berus.

Daarnaas word 'n mens in hierdie opstelle telkens getref deur sinvolle opmerkings oor die digterskap as sodanig. In die opstel oor Van Wyk Louw onderskei Opperman tussen die seggingsvers en beeldingsvers as ‘die twee rigtings waarlangs elke kunstenaar se werk ontwikkel’.[41] Totius se simboliek herlei hy tot waarneming en lering wat 'n verband toon met die Nederlandse emblematakuns en heel selde ‘die suiwer simbool of gestalte (is) wat sonder toeligting vanself sy dieper waarheid aan ons openbaar’.[42] 'n Mens voel dat Opperman veral met hierdie laaste omskrywing sy eie poëtiese werkwyse in gedagte het. As hy na aanleiding van Totius se gebruik van geskiedkundige en Bybelse verwysings praat van 'n verskuns wat gebaseer is ‘op die beginsel van geringe aanduidings’ en van die ‘goeie begryper (wat)...'n halwe woord’[43] nodig het, voel 'n mens dat dit eweneens 'n beginsel is wat Opperman in sy eie werk toepas. En as hy na aanleiding van *Trekkerswee* sy waardering uitspreek vir Totius se ‘nugtere sienings, sy stel van problematiese gegewens van nasionale, metafisiese en bloot menslike aard’,[44] is dit die digter van die latere *Joernaal van Jorik* wat hier reeds sy eie gedagtes oor 'n epiese werk van groter omvang formuleer. In dieselfde opstel praat hy van die ouer poësie wat die Afrikanernasionalisme met ‘enkelvoudige beelde’ soos die besembos, ossewa en boer voorgestel het, beelde wat vandag ‘poëtiese wapens’ in die politieke stryd is. Daarteenoor is ‘die neiging in die jonger poësie...om die nasionalisme eerder onregstreeks vollediger uitdrukking (met “overtones” en “undertones”) te laat vind’,[45] 'n uitspraak wat 'n mens ook dadelik aan *Joernaal van*

Jorik laat dink. Orals in die opstelle gee Opperman blyke van sy gevoeligheid vir klank en ritme. In Totius se werk hinder die ‘dreunklank’ wat 'n mens later ‘hardhorend’ maak, terwyl ‘die stem wat op die lange duur oortuigend bly,...sagter en selfs prewelend’[46] is. C.M. van den Heever se vers word ‘baiemaal 'n weemoedige, monotone geneurie waaronder 'n mens dreig om in te sluimer, maar kort-kort deur jou kritiese sin gewek word om te vra: Wat is die verband? Waarna mik die digter? Wat is die noodsaak van hierdie vers?’[47] En na aanleiding van Van Wyk Louw se *Gestaltes en diere* sê hy dat die liriek en epiek nader na mekaar toe beweeg. Hy vervolg:

> In die beste moderne vers is die eintlike suiwer sang aan die wegsterf. Dit is asof ons hedendaagse bewussyn die sogenaamde spontane sweeftog in dwang hou; dit word deur die intellektuele gedemp maar ook gerig, verhewig en geaksentueer. So 'n vers, soos by Louw, het egter 'n eie kinetiese genot. Met sterk voortstuwinge en enjambemente word die beweging in Louw se vers soos dié van 'n aflosren: 'n veerkragtige wegspring langs 'n voorbestemde baan waar die beweging opgeneem word deur 'n volgende veerkragtige wegspring. Hierdie impulse breek soms deur die tradisionele versvorme heen in die heffingsvers.[48]

Uit enkele uitsprake in hierdie opstelle kan 'n mens meer te wete kom van Opperman se siening van die digterskap. In die kort aantekeninge ‘Oor die kwatryn’ beredeneer hy die voor- en nadele van die verskillende rympatrone en gee hy voorkeur aan die aaba-rymskema, terwyl hy ook die struktuur van dié soort gedig nagaan en dit karakteriseer as ‘klein stukkies dinamiek van die gees’[49] - 'n belangrike sleutel tot Opperman se eie praktyk. In aansluiting by Vondel se opvatting dat 'n digter deur bestudering van ander digters sy eie werk kan verryk, sê Opperman in sy Van Wyk Louw-opstel dat ‘die grootste kunstenaars nog altyd die grootste studente was, en dan met 'n besondere vermoë om hulle medekunstenaars te absorbeer’.[50] Vir Opperman se opvatting oor die wyse waarop 'n digter sinryk by 'n tradisie aansluit en vir 'n begrip van die hoeveelheid stof wat daar in sy bundels in die volgende jare verwerk word, is hierdie uitspraak van die grootste belang. Die absorbering van ander kunstenaars hoef nie klakkelose navolging of - soos hy later in verband met W.E.G. Louw sal aandui - 'n afgeleide digterskap tot gevolg te hê nie. Sinvolle beïnvloeding word ‘eerder 'n bestuiwing wat met elke bundel 'n voller en skoner bloei bring...(,) 'n groot distillasieproses: van retort na retort, 'n kleiner drup, maar suiwerder, gekonsentreerder’.[51] In die geval van Opperman se poësie is daar uiters selde voorbeelde van klakkelose navolging, maar by herhaling treffende gevalle van sy sinvolle omgang met die literêre tradisie en die verryking deur 'n distillasieproses. 'n Ander opvatting wat hy verder ontwikkel in die Van den Heever-opstel, is ‘wesenloosheid’ as essensiële voorwaarde vir die digter, 'n opvatting wat hy later met verwysing na John Keats vollediger sal

formuleer. In die geval van C.M. van den Heever word die wesenloosheid egter iets negatiefs, want sy ‘ontvanklikheid’ bring mee dat hy ‘telkens 'n ander digter se persoonlikheid...aanneem’[52] en sy verse ‘onder hipnose van 'n ander digter skryf’.[53] Uitgaande van die indeling tussen vroulike en manlike poësie en die Oosters-Westerse wêreldbeeld sien hy ‘reseptiwiteit’ as die een voorwaarde vir die totstandkoming van kuns, maar daarna 'n ‘identifikasie met die gegewe, die Ding, voordat dit volkome gestalte in die taal vind.’[54] Daar is dus sowel 'n passiewe as 'n aktiewe fase in die totstandkoming van 'n vers, 'n wesenlose ontvanklikheid en 'n vereenselwiging wat tot gestaltegewing lei, ‘die vermoë tot belewing én beelding’.[55] Die volwasse skeppingsproses is dus nie manlik of vroulik nie, maar ‘hermafrodities’.[56] In sy opstel oor Van den Heever verwys Opperman na Rilke en in 'n aantekening in *Standpunte* III: 2, April 1948, wat slegs as ‘Die Redaksie’ onderteken word, kom hy terug op die Duitse digter se opvattinge oor ‘transformasie’ en strewe na verobjektivering. In dié verband verwys hy ook na Nijhoff se *De pen op papier* en T.S. Eliot se ‘objective correlative’ wat sentraal in sy ontwikkelende poëtiese teorie en praktyk sal staan. In die Van den Heever-opstel druk hy die hermafroditiese kunstenaarskap en die verhouding tussen weerspieëling en omskepping uit in die gedig ‘Minerva aan Tiresias’ wat hy later in *Kuns-mis* opneem.

Opperman se insig in die digterskap, en sy besondere digterskap, blyk verder uit 'n uitspraak wat hy in sy studie oor Watermeyer maak. Watermeyer is die ‘beskrywend-ontspannende kunstenaar’ wat ‘oor 'n bekende wêreld dig’.[57] Daarteenoor - en hier het hy homself in gedagte - is daar 'n ander tipe digter. Hy

> skep in sy gedigte voortdurend nuwe waardes, nuwe spanninge - bepeil as 't ware met klank, beeld, gestalte en rym die onbekende. So 'n digter is soos die vlermuis wat bewegend tussen wisselende gestaltes van die nag, met fyn verontrustende klank en weerklank sy plek in die heelal bepaal. Hy is skeppend-ontdekkende kunstenaar.[58]

Uit die ‘wisselende gestaltes’ waarvan hy hier praat, kan 'n mens aflei hoe Ovidius se *Metamorfoses* 'n steeds bestendige aanwesigheid in sy denke oor die poësie bly. Jare later sal hy in die ‘Vlermuis’-afdeling van ‘Blom van die baaierd’ hierdie opvatting in 'n strofe verwerk:

> Ek moet met rympies in U duister maal,
> 'n rukkerige vlug my lewe lank,
> en tussen sterre en die stekels staal
> telkens met klank en weerklank
> my wisselende plek in die heelal bepaal.

As 'n mens Opperman se kritiese stukke in *Die Natalse Afrikaner* en later in

Die Huisgenoot en *Ons Eie Boek* nog as die werk van 'n student en 'n ‘vakleerling’[59] kan tipeer, tree hy in die opstelle wat hy van 1945 af publiseer, te voorskyn as die volwasse letterkundige wat met sy borende intellek in die werk onder bespreking kan indring, maar daarby ook met sy hele digterskap op ander digters reageer. Wat sintetiese vermoë, logiese opbou, verrassende formulering en helder insigte betref, was daar tot die publikasie van dié stukke niks in Afrikaans wat daarmee vergelyk kon word nie. Hy oorweeg dit in hierdie jare om sy kritiese opstelle in boekvorm uit te gee, maar dit duur tot 1959 voordat hy tot bundeling oorgaan.

VIII

Die ooreenkoms tussen die uitspraak in die opstel oor Watermeyer en die strofe uit ‘Blom van die baaierd’, wat eers ongeveer vyf jaar later ontstaan, laat 'n mens vermoed dat Opperman met sy skeppende werk sistematies te werk gaan en dikwels invalle of beelde neerskryf wat eers veel later gebruik word. 'n Digter wat só behep was daarmee om skeppenderwys te lewe en vir wie die kunstenaarskap só sentraal was, is gewoonlik dag en nag in diens van die poësie. Dit bring mee dat hy voortdurend met allerlei idees speel, selfs al is hy nie aktief met nuwe werk besig nie. In stadia wanneer die organiese groei nog nie in 'n bepaalde rigting beweeg nie, skryf so 'n digter gewoonlik beelde of reëls wat hom te binne skiet in 'n manuskripboek neer. Hy lê as 't ware 'n kweektuin met allerlei plantjies of steggies aan.

Die manuskripboeke van *Negester oor Ninevé*, *Joernaal van Jorik* en *Engel uit die klip*, waaraan Opperman in die jare 1946 - Februarie 1949 en later werk, bevestig dié werkwyse.[60] Voor die verskyning van *Negester oor Ninevé* publiseer hy uit dié bundel ‘Nagstorm oor die see’ en ‘Vrou’ in die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* van 1945,[61] terwyl ‘Legende van die drenkelinge’ as ‘Laaste heiden’ in *Die Huisgenoot* van 4 Januarie 1946 verskyn. Al die ander gedigte wat voor die definitiewe uitgawe van die bundel gepubliseer word, verskyn in *Standpunte:* ‘Ballade van die grysland’ en ‘Negester en stedelig’ in die uitgawe van April 1946, ‘Genesis’ in die uitgawe van Oktober 1946 en ‘Nagwaak by die ou man’, ‘Man met flits’ en ‘Pasiënt’ in die uitgawe van April 1947. Naas die ander gedigte in die manuskripboek, wat uiteindelik in die bundel opgeneem word, is daar talle gedigte wat Opperman ná oorweging vir publikasie verwerp. Van dié gedigte, soos ‘Leda se klag’ en ‘Oggend’, ondergaan 'n gedaantewisseling en essensiële beelde daaruit vorm later deel van *Joernaal van Jorik*. ‘Kontak’ vind Opperman in sy eerste vorm nie bevredigend nie, maar in die ‘Spel’-gedeelte uit ‘Genesis’ keer dit in 'n gewysigde staat terug. 'n Gedig soos ‘Barende vrou’ kom in verskeie versies

voor. Opperman verwerp uiteindelik al hierdie variante en behou slegs flardes soos ‘waters van die dood’, ‘ark van haar skoot’ en ‘nagwaak/ van nege mane’ in die ‘Genesis’-trilogie. ‘Waterloot’ word ook verwerp, maar die primêre beeld verskyn veel later in ‘Lente in ons prosa’ wat Opperman as ‘afvalproduk’ in *Kuns-mis* opneem. ‘Uit die dagboek van 'n seun’ is die ruwe voorstadium van die uitvoerig uitgewerkte gedeelte oor die ‘rooivalkies’ in die ‘Kamera’-afdeling van *Joernaal van Jorik*. Ook 'n gedig soos ‘Voorjaar’ is uiteindelik te lig bevind vir finale gebruik, terwyl ‘Drinkliedjie van 'n volk’ die voorstadium is van ‘Vigiti magna’. 'n Vergelyking tussen laasgenoemde twee gedigte illustreer die hoeveelheid werk aan hierdie poësie en watter hoë eise Opperman aan homself gestel het. Uit die oorspronklike gedig behou hy letterlik net enkele woorde, rymklanke en sienings, en laat hy die onbevredigende en enigsins naïewe refrein heeltemal weg. Ook ‘Gebed vir die ongeborene’ vergelyk onbeholpe met die glashelder ‘Negester en stedelig’ wat uiteindelik daaruit ontwikkel. En dat hierdie kweektuin dikwels steggies bevat wat eers jare later uitgeplant word, sien 'n mens in die aantekening oor ‘Boelalalamp’ op p. 102 van die manuskrip - 'n gegewe wat eers in die bundel *Dolosse* van 1963 finale vorm vind.

Om die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van al die gedigte in die *Negester oor Ninevé*-manuskripboek - wat uit 275 bladsye bestaan - na te gaan, sal 'n aparte studie verg. As voorbeeld van die verskillende voorstadia en Opperman se werkwyse as kunstenaar kan 'n mens egter kyk na die manuskripgegewens wat daar in verband met 'n gedig soos ‘Digter’ bestaan. Reeds in die tyd dat hy aan *Heilige beeste* werk, skryf Opperman 'n kwatryn met die titel ‘Alkoholiese digter’, wat die verre voorloper van die uiteindelike gedig is:

> Ek moet my eilandnood in die verblyf
> as laaste woord van (aan) die wêreld skryf
> en daarom drink en drink
> dat my boodskappe in bottels dryf.

In hierdie vroeë fase is daar sprake van 'n vae en ongekwalifiseerde ‘eilandnood’ en 'n digter wat sy boodskappe in bottels laat dryf. ‘Verblyf’ klink enigsins na rymdwang en die kompulsiewe drang na alkohol in die derde reël word 'n blote herhaling sonder werklike effekte. Die siening van gedigte as ‘boodskappe in bottels’ is wel verrassend, maar dit word nie beeldend genoeg gevoed deur die res van die gedig nie.

As Opperman in die *Negester oor Ninevé*-manuskripboek weer met die voorstelling van die digter op 'n eiland begin, laat vaar hy die hele gedagte van die alkoholiese digter en kies sy gedig 'n heeltemal ander koers. Die eerste stadium sien as volg daar uit:

Digter

Ver van my vaderland
~~is ek die banneling~~
Deur die see van alle kant
omsluit,
is ek die banneling
ver yan my vaderland
en kyk oor water vergesigte uit.

Ek hou my verlange

~~klein stellasies van~~ ~~die vers~~ ~~gekleurde hout~~
met elke woord versigtig
op sy plek gevoeg
bou ek die klein stellasies v/d vers
tafel, bed en kerk
agter die glas

In dié eerste stadium sien 'n mens reeds waarheen Opperman op pad is. Hy wil die afsluiting en eensaamheid van die banneling beklemtoon deur die ‘omsluiting’ deur die see, al is dit nog nie naasteby beeldend so oortuigend soos die latere ‘geëiland’ nie. Verder wil hy ook die verwydering van die vaderland en die verlange van die spreker voorstel, maar die neiging tot kriptiese formulering in ‘water vergesigte’ is nog onbevredigend. Opperman wil hier 'n saamgebalde konstruksie na analogie van ‘emmers water’ of ‘bottels wyn’ skep, maar dit druis in teen die gangbare Afrikaanse patroon wat 'n meervoudelike naamwoord deur 'n enkelvoudige selfstandige naamwoord laat volg. In die voorstelling van die digterlike skikkingsproses gebruik Opperman hier reeds die beeld van die ‘klein stellasies’ wat ‘agter die glas’ tot stand kom, die twee poëtiese kerne waaruit die gedig uiteindelik groei. In dié stadium is die ‘klein stellasies’ met die verklarende toevoeging ‘van die vers’ egter nog te eksplisiet in vergelyking met die latere flitsende metafoor, terwyl die slotreël voltooidheid mis.

In die tweede stadium het die gedig al 'n hele ent gevorder:

Digter

Ek wou ook deelneem aan die ~~werklikheid~~ strvd
maar ~~ek~~ is gevang
en sit ~~nou~~ buite die tyd

op 'n Ceylon verban

Van my vaderland gesluit
kyk ek verlangend
oor water vergesigte uit

en bou in nagtelike werk
versigtig uit/met elke woord
die klein stellasies van my vers
wat stadig groei en pas
tot 'n tafel, bed of kerk
geslote agter glas.

Ek is uiteindelik gevang
en uit die stryd
êrens in die ewigheid
op 'n Ceylon verban

waar ek met al my drange
en horisonne aan alkant
dink aan my vaderland

maar ^ uit die verlange

In vergelyking met die vorige stadium het Opperman hier 'n vaster greep deurdat hy in sy eerste strofe reeds drie van sy rymwoorde (stryd, gevang, verban) vaslê, al is hulle nog nie in die regte volgorde nie. Die verbanningsoord word ook nou gekonkretiseer as 'Ceylon', maar in 'n latere byvoeging ('n') maak Opperman dit weer losser van tyd en plek en veralgemeen hy dit. In wat tans nog die derde strofe is, stel hy die wordingsproses voor met die woorde 'groei en pas' wat in die konteks egter toutologies aandoen, terwyl die slotreël nou 'geslote agter glas' lui - die eerste voltooide stukkie van die gedig. In hierdie stadium is die tweede strofe nog in 'n amorfe staat en oorwegend beeldloos, terwyl die 'klein stellasies van my vers' steeds te eksplisiet bly. 'n Mens kry verder die indruk dat Opperman met die verwysing na 'n tafel, bed of kerk' nog onseker is oor waarheen die gedig-skip groei; die woord 'kerk' moet blykbaar 'n religieuse verdieping gee, maar dit is geheel en al onduidelik. In die verdere variant op dieselfde bladsy van die manuskripboek is strofe 1 feitlik finaal. Strofe 2 word nou ook, soos strofe 1, vierreëlig gekonsipieer, die rymwoorde 'drange', 'vaderland' en 'verlange' gee die klankstutte, en die onbevredigende 'water vergesigte' verdwyn heeltemal, maar die geheel is sintakties onbeholpe omdat Opperman nie raad weet met die vierde reël nie.

In die volgende twee ontwikkelingstadia het Opperman, waarskynlik as gevolg van die onduidelike tweede strofe en die onsekerheid oor waarheen die gedig-skip groei, sekere gegewens bygevoeg wat hom op 'n dwaalspoor bring. Die eerste van hierdie twee fases lui:

'n Muf nag het om my gestol, 'n grot,
waarin die wolke soos swart klippe hang
en druip

Ek is gevang, die nag groei tot 'n grot
wat drup

Ek staan gevange in 'n nag se grot

Gevange staan ek in die nag se grot

Die tweede fase, waarin die verband met die oorspronklike gedig-in-wording duideliker is, sien as volg daar uit:

Ek is gevang in my grot
en alles wat ek roem
familie, vyand, duiwel, God
verander tot die een woord doem
wat tril
~~doem klink dit~~ v/ wand na wand

doem
oor die
doem

in die klein gloed v/d kers a
skik deur die smal poort b
met
v/d wonder ~~in nagtelike werk-~~ b
~~skik~~
versigtig elke woord a
tot klein stellasies v/ my vers
wat nagtelik groei en pas
onder 'n vreemde swerk
na vreemde wêreld, bed of kerk
terug tot 'n skip of kerk
geslote agter glas.

Die grot-beelde en die woord ‘doem’ wat ‘wand na wand’ weerklink, moet blykbaar die eensaamheid en idee van gevangeskap verder versterk, maar dit swaai só ver weg van die voorstellingswêreld waarmee Opperman besig is, dat 'n mens geredelik kan aanneem dat hy dit moeilik in dieselfde gedig 'n tuiste kon laat vind. Behalwe vir die woord ‘swerk’ in die volgende fase, wat nog by die grot-idee kan aansluit, laat vaar hy dan ook dié voorstelling geheel en al. Die

grot-gedeeltes dien as voorloper vir die slot van die tweede gedig uit die ‘Genesis’-trilogie in *Negester oor Ninevé* wat Opperman etlike maande later voltooi; sommige beelde toon 'n woordelikse ooreenkoms met dié uit die manuskrip:

> Maar ek hoor net in 'n nagtelike wakkerskrik
> onder druipstene van die sterre die getik
> van dou in gleuwe...hoe die heelal as grot
> op ‘liefde’, ‘dood’, ‘geboorte’, ‘God’,
> en alle woorde, alle name wat ek noem
> van wand tot wand weerklink met: ‘Doem!’

In die tweede helfte van die tweede grot-fase voeg Opperman enkele belangrike gegewens by wat in sy voltooide gedig neerslag sal vind, nl. ‘die klein gloed v/d kers’, die woord ‘skik’ en ‘die smal poort/ v/d wonder’, al is die ‘nagtelik groei’ nou toutologies met die ‘kers’-beeld en is daar nog steeds sprake van die onhelder ‘bed of kerk’ waarheen die gedig-skip groei.

Vir die ontwikkeling van die gedig is die volgende stadium met al sy probeerslae van kardinale belang:

Digter

Ek is gevang
en êrens in die ewigheid
buite die stryd
op 'n Ceylon verban

waar al my drange na die vaderland
groei aan alkant
~~groei tot~~ horisonne na alkant
tot horisonne en verlange
groei tot 'n verlange

wat in die klein gloed v/d kers
snags deur die smal poort
van die wonder, elke woord
skik tot klein stellasies vers

uiteindelik groei en pas
~~wat volgroei~~
vir die terugreis, die takelwerk
v/d klein skip of die kerk,
geslote agter glas

eindlik
wat ∧ groei en pas

wat groei tot boeg en mas
uiteindelik
en takelwerk ∧ geskik
vir die terugreis met die klein skip
geslote agter glas.

die takelwerk
~~onder~~ klein
vir die terugreis, die skip
wat eindlik groei en pas
tot die klein skip, die takelwerk
vir die terugreis onder 'n swerk
geslote agter glas
boeg en mas

wat eindlik groei en pas	wat groei tot takelwerk of mas
geskik	bo alles voltooi, geskik
vir die terugreis, die klein skip	tot takelwerk, geskik
geslote agter glas	vir die terugreis, die skip

Alhoewel reëls 2 en 3 van strofe 1 nou omgeruil is en in vergelyking met die finale teks 'n agteruitgang op die tweede stadium beteken, laat Opperman hier die woord ‘uiteindelik’ weg wat vir die konteks geen sin het nie. Uit die deurhale en herskrywings is dit duidelik dat hy nog baie probleme met strofe 2 ondervind, al kry hy hier reeds die gelukkige verbinding van die konkrete en abstrakte in ‘horisonne en verlange’. Strofe 3 kry nou ook vaster vorm deur die verdeling in vier versreëls. 'n Belangrike groeipunt hier is die gedronge, flitsende metafoor ‘klein stellasies vers’ wat die vroeëre eksplisiete beeld vervang. Die opvallendste ontwikkeling, alhoewel nog onvoltooid, is egter in strofe 4. Afgesien van die feit dat daar nou vir die eerste keer van 'n aparte vierde strofe sprake is, skakel Opperman hier in die loop van die verskillende probeerslae die oorspronklike groeistadia van die gedig-skip uit. Terwyl daar in die tweede stadium en ook die tweede grot-fase nog sprake was van ‘'n bed of kerk’ waarheen die gedig ontwikkel, noem Opperman nou net die ‘kerk’ in die eerste van hierdie probeerslae en kry die ‘klein skip’ veel meer prominensie soos dit algaande beeldend gevoed word deur ‘takelwerk’ en later ‘boeg en mas’. Die vier reëls wat hy hier vertikaal skryf, is kennelik die eindproduk van die vyf variante van strofe 4 wat in hierdie stadium ontstaan.

Die volgende stadium van die gedig sien as volg daar uit:

Digter

Ek is gevang
~~en~~ êrens in die ewigheid
en uit
~~buite~~ die stryd
op 'n Ceylon verban

waar al my drange

'n verlore
na die vaderland
groei om my aan elke kant my eiland
tot/in horisonne en verlange

en geel
wat in die ~~klein~~ gloed v/d kers
snags deur die smal poort
van die wonder elke woord
laat skik tot klein stellasies vers

wat eindelik groei en pas
vir die terugreis, die takelwerk
v/d klein skip, die kerk,
geslote agter glas.

tot alles eindlik pas
wat stadig styg maar pas
in die takelwerk, geskik
vir die terugreis met ∧ die klein skip
geslote agter glas

wat
of oor takelwerk ~~in~~ pas
en dit voltooi, geskik vir die terugreis met die klein skip
vir die terugreis, die klein skip ~~net~~
geslote agter glas geslote agter glas

Met die pyltjie herstel Opperman die korrekte volgorde van die reëls in strofe 1, terwyl ‘verlore’ by ‘vaderland’ in strofe 2 bykom. 'n Belangrike deurbraak wat die beelding in dié strofe betref, is die byvoeging van ‘eiland’ in die rymposisie met ‘vaderland’, al weet Opperman nog nie hoe om dit te gebruik nie. Die verandering van ‘klein’ na ‘geel’ bring 'n alliteratiewe verbinding met ‘gloed’ in die derde strofe tot stand, terwyl die byvoeging van ‘laat’ die outonome ontwikkelingsgang van die gedig beter tot uitdrukking laat kom en die digter reduseer tot blote ‘handlanger’ - 'n opvatting wat Opperman later ook teoreties in sy ‘Kolporteur en kunstenaar’-lesing sal uiteensit. Met hierdie twee wysigings is die derde strofe in sy voltooide staat. Uit die res van die manuskrip in hierdie stadium werk Opperman verder aan moontlikhede wat hy reeds in die vorige fase uitgeskakel het, sonder dat hy van die materiaal sinvol kan benut. Die variante van die vierde strofe wat 'n mens hier aantref, is dus duidelik 'n verswakking in vergelyking met die voorafgaande.

Die laaste twee holografiese stadia verteenwoordig die eindfases van die boeiende geboorteproses van ‘Digter’. Die eerste van dié twee stadia, wat

albei - in teenstelling tot die vorige fases - met ink en met byvoegings in potlood geskryf is, sien as volg daar uit:

Digter

Ek is gevang
en uit die stryd
êrens in die ewigheid
op 'n Ceylon verban

waar al my drange
na 'n verlore vaderland
my daagliks geeiland
hou in horisonne en verlange

en in die geel gloed van die kers
snags deur die smal poort
van die wonder elke woord
laat skik tot klein stellasies vers

wat groei tot boeg en mas
en
en takelwerk, ~~uit~~eindelik ~~geskik~~
vir die terugreis met die klein skip
geslote agter glas

en die uiteindelike
reis met die klein skip
waar ek bedags geëiland
wag op al my ~~menslike~~ drange
~~net~~ horisonne en verlange
word
word van 'n verlore vaderland.

Behalwe die woord 'uit' is strofe 1 nou in sy finale vorm, terwyl Opperman strofe 3 reeds in die vorige stadium voltooi het. Wat die slotstrofe betref, keer die digter nou terug na die vertikaal geskrewe reëls van die voorlaaste stadium. Uit die 'stellasies vers' van strofe 3 kom die skeepsbeelde 'boeg en mas/ en takelwerk' sinryk los. Aanvanklik gebruik Opperman nog die woord 'geskik' omdat dit klankmatig aansluit by 'skip' en hy daarmee die abba-rympatroon van die ander strofes ook hier voortsit. Aangesien die woord egter 'n herhaling van 'skik' in die voorafgaande strofe sou wees, laat vaar hy dit in die gedeelte wat met potlood bygeskryf is: 'en die uiteindelike/ reis met die klein skip'. Behalwe vir die aandagstreep wat later die komma in reël 3 vervang, kry die slotstrofe daarmee sy finale beslag. Met die woord 'uiteindelike' word die

rympatroon nie alleen deurbreek nie, maar plaas Opperman ook - in teenstelling tot die oorwegend manlike ryme van die res van die gedig - 'n woord met vroulike uitgang in die gunstige posisie aan die einde van die versreël. Daarmee suggereer hy die bevryding wat hier teenoor die gevangeskap vir die krygsgevangene én die digter aanbreek: teenoor die statiese ballingskap en eensaamheid van vroeër kom nou die reisvaardigheid van die gedig-skip en die banneling-digter. Ook wat die sinsbou betref, is ‘uiteindelike’ hier besonder funksioneel, deurdat dit, in teenstelling tot die ‘statiese’ bywoord van die voorafgaande stadium, sintakties deur die enjambement heen uitreik na die selfstandige naamwoord ‘reis’ en daarmee na semantiese voltooidheid. En ook die tweede strofe, waaraan Opperman so lank gewerk het, bereik hier feitlik sy voltooide staat. In die vorige stadium het hy reeds die belangrike woord ‘eiland’ gebruik wat die ‘Ceylon’ van die eerste strofe verder omskryf, maar dit nog nie juis ontgin nie. In die fase onder bespreking oorweeg hy drie moontlikhede. In die eerste stadium praat hy van sy drange wat ‘my daagliks eiland/ in horisonne en verlange’, reëls wat hy met die potloodbyvoeging wysig tot ‘my daagliks geëiland/ hou in horisonne en verlange’ wat die durende proses en statiese posisie van die banneling beter weergee. In 'n potloodbyvoeging aan die einde van die bladsy speel hy daarmee om sy rymwoorde om te ruil en die ‘horisonne en verlange’ aan die ‘drange’ van die spreker te koppel. Afgesien van dié ietwat onduidelike koppeling voel 'n mens ‘net’ en ‘menslike’ (wat hy later self skrap) as weinig funksionele woorde en vullings aan, terwyl ‘verlange’ met sy uitreikende vroulike uitgang nou sy gunstige posisie as slotwoord van die strofe moet ontbeer. Daarteenoor is ‘bedags’ 'n verbetering op ‘daagliks’, omdat dit die moontlikheid van 'n kontras met die ‘snags’ van strofe 3 en 4 skep.

Dit duur egter tot die finale holograaf en die tikskrif voordat die digter ‘daagliks’ en ‘bedags’ vervang met ‘dag na dag’ wat veel beter by die durende toestand van ‘geëiland/ hou’ aansluit. In die laaste holograaf vervang Opperman ook ‘uit’ in reël 2 deur ‘met’ en ‘in’ in reël 8 deur ‘met’. In die eerste geval transendeer die ‘stryd’ met dié wysiging die Anglo-Boereoorlog en word dit uiteindelik die stryd van die skeppende kunstenaar, terwyl die ‘met’ van reël 8 en verlange van die banneling en sy uitstaar na horisonne mooi die durende toestand suggereer. In die tikstadium het Opperman - blykbaar met die oog op die alliteratiewe moontlikhede - ‘horisonne’ met ‘vergesigte’ vervang, maar dit later weer herstel. In die slotstrofe plaas hy ‘tot’ in die plek van die tweede ‘en’ in reël 2, maar wysig dit weer in die tikstadium, klaarblyklik om die akkumulatiewe effek wat die eerste twee enne in die strofe wek, te laat voortduur. Om aan die leser oor te dra dat hierdie laaste ‘en’ sintakties op 'n ander wyse funksioneer as sy twee voorgangers, vervang hy die komma in die tikstadium met 'n aandagstreep wat in hierdie konteks 'n sterker markeringsmiddel is.

Daarmee is die gedig voltooi. Aan die einde van die laaste holograaf en die getikte weergawe plaas Opperman die datum 25.1.1946 wat die finale voltooiing van die gedig aandui.[62] Van die eerste inval wat uiteindelik in kwatrynvorm kristalliseer, behou Opperman later net die ‘eiland’-gedagte. Uit die twee poëtiese kerne ‘die klein stellasies v/d vers’ en ‘agter die glas’ bou hy sy gedig met die noukeurige wik en weeg van elke woord sorgvuldig op, sodat die totstandkoming van die geheel terselfdertyd 'n pragtige illustrasie word van die oorgawe van die vakman en kunstenaar wat geen moeite ontsien om 'n perfekte produk te lewer nie. Soos die banneling met bewonderenswaardige geduld sy skippie in die bottel stellasiegewys opbou, so bou Opperman hier met fyn woordkeuse laag op laag van sy gedig op totdat die ‘klein skip’ finaal en onherroeplik ‘geslote agter glas’ bestaan.

IX

In 1946 werk Opperman hard aan die manuskrip van *Negester oor Ninevé* en bereik hy met die motiewe van skuld en verantwoordelikheidsbesef naas die kringloop van geboorte en dood en die kontinuïteit van die geslagte 'n bevredigende bundeleenheid. In die tweede helfte van 1947 en 1948 is hy besig met verse waarin veral die gegewe van die kunstenaarstaak sentraal staan. Van hierdie gedigte verskyn in die April 1948-uitgawe van *Standpunte;* ‘Scriba van die Carbonari’, ‘Minerva aan Tiresias’, ‘Paardeneiland’, 'n reeks kwatryne (later ‘Aluin’ genoem), ‘Méribа’, ‘Nuwe Jerusalem’, ‘Diereriem’ en ‘Toorklip’. Hierdie gedigte neem Opperman egter eers in 1950 saam met ander in *Engel uit die klip* op; ‘Minerva aan Tiresias’ verskyn veel later in *Kuns-mis*.

Aan die einde van 1946 was *Negester oor Ninevé* in 'n finale staat. Opperman lê dit voor aan die Nasionale Pers se uitgewersafdeling wat die manuskrip aan W.E.G. Louw vir keuring stuur. Tot die gramskap van Opperman duur dit meer as vier maande voordat die manuskrip tesame met die aanbeveling van Louw die Pers bereik. Uit die lang gesloer het hy - ten regte of ten onregte - volgens 'n persoonlike mededeling afgelei dat *Negester oor Ninevé* 'n bietjie op Louw se ‘maag gaan lê’ het. Hier was 'n digter - so het Opperman Louw se ‘dilemma’ vir homself voorgestel - wat reeds met sy tweede bundel van die beste poësie in Afrikaans lewer, Louw se eie digterskap ver verbystreef en 'n bedreiging vir die status van sy gewaardeerde ouer broer inhou.

Of die vermoedens in verband met die vertraging blote inbeelding van Opperman was of daadwerklike oorwegings aan Louw se kant, is 'n betwisbare aangeleentheid. Die verslag wat die Nasionale Pers uiteindelik van Louw ontvang en wat die datum 30 Maart 1947 dra, gee egter blyke van die hoë waardering wat hy vir hierdie poësie het. Hy meen die verskyning daarvan gaan ‘'n

gebeurtenis van betekenis in ons letterkunde' wees. Dit is 'n bundel wat die belofte van *Heilige beeste* 'ruimskoots vervul' en die werk 'van 'n bewuste kunstenaar, iemand wat sy eie stem gevind het en wat weet wat hy wil sê'. Na 'n kensketsing van die bundel as geheel sonder hy 'Ballade van die grysland', 'Legende van die drie versoekinge' en 'Negester en stedelig' as boeiende gedigte uit. In 'Negester en stedelig' waardeer hy die 'soepele vormgewing ..., die fonkelende beelde, (en) die hele losse en ope tekstuur van die versbou'. Verder spreek hy sy waardering uit vir die ekonomiese woordgebruik van die 'Almanak'-kwatryne, al moet die uitgewer self 'oordeel of sommige van dié gedigte "door den beugel" kan gaan'. Kritiek het hy op 'enkele lomphede' wat hy in die manuskrip aandui, veral verplaaste aksente soos *mis - uitwis* en *Hoofreënboog* in die rympare. Hy meen egter dat die bundel verdien om 'sonder enige voorbehoud...uitgegee te word'. Hy sluit af deur te sê dat Opperman 'met hierdie bundel 'n plek (sal) inneem onder die beste digters van ons tyd in Afrikaans'.

Negester oor Ninevé verskyn amptelik op Vrydag, 5 September 1947 in 'n oplaag van 2000 eksemplare teen 'n aanvanklike verkoopprys van 7/6.[63] Opperman moet egter reeds so vroeg as 14 Augustus 'n aantal vooruiteksemplare van die bundel ontvang het. Op dié datum skryf hy - gedagtig aan albei egpare se ervaring van die naderende geboorte die voorafgaande jaar - voorin 'n kopie van *Negester oor Ninevé* 'n versie vir Fred en Ria le Roux:

Aan Fred en Ria
As herinnering aan die nagte
van júlle Negester,
en dankie, Fred vir wel deurdagte
raad...en stukke her en der (!)
en jou voordragte.

Dirk

In 'n eksemplaar vir Van Wyk Louw lui die opdrag:

Aan Wyk + Tr.
Beskou my bundel, Wyk
onder meer as huldeblyk
aan jou as digter, denker;
en dankie vir die wenke
voor die ter perse
gaan van hierdie verse.

Dirk

Ook vir Canis Scholtz, vir wie hy in hierdie jare al redelik goed geken het, stuur hy 'n eksemplaar. Omdat Opperman op pad was na sy moeder met die bundel,

skryf Scholtz, wat bekend daarvoor was dat hy selde gul komplimente uitdeel, op 18 Augustus 1947 'n baie geesdriftige bedankingsbrief aan Opperman. Hy sê:

> Met die lees het ek al hoe meer onder die indruk gekom en opgewonde geraak. Ek het gevoel ek moet somaar dadelik aan jou skryf en het vir Marié gebel om jou adres te kry. Ek is baie bly, vir jou en Marié se ontwil, vir myself en vir alles wat Afrikaans is. Ek het vandag baie gedink aan die dae toe ek Van Wyk se werk die eerste maal leer ken het, in die drukproewe van Alleenspraak wat Gladstone vir my gebring het om na te sien, en aan die jare wat daarop gevolg het. Dis nie dat ek jou eerste bundel nie ken nie, maar die kennismaking met die tweede was vir my darem soos 'n nuwe ontdekking.

Ook die meeste resensies oor die bundel was onverdeeld gunstig. In *Die Burger* van 13 September 1947 wys Flip du Plessis op die sentrale ‘gedagte van die kontinuïteit wat die gees van die mens aan die skepping verleën’ en die verantwoordelikheid wat die man in die ‘grysland’ teenoor sy kind het en waardeer hy die groter bundeleenheid wat 'n mens hier in vergelyking met *Heilige beeste* aantref. In sy bespreking in *Die Transvaler* van 11 Oktober 1947 verwys M.P.O. Burgers na die verskil van mening oor die bekroning van *Heilige beeste* met die Hertzogprys en die besware teen die sogenaamde duisterheid van Opperman se verse. Met verwysing na uiteenlopende geskrifte, van *Job* en Johannes se *Openbaring* in die Bybel tot die poësie van Blake, Browning, Rilke, Leopold en A. Roland Holst, stel hy hierdie besware in perspektief, dui hy die ryk geestesagtergrond van Opperman se bundel aan en kom hy tot die slotsom dat *Negester oor Ninevé* 'n ‘gevorderde voortsetting van Opperman se digterskap’ is, 'n digterskap wat hy in belangrikheid naas dié van N.P. van Wyk Louw plaas. In vergelyking met sy enigsins negatiewe reaksie op *Heilige beeste* is G. Dekker nou veel gunstiger. Op 21 Oktober 1947 bespreek hy die bundel oor die radio, en in *Die Ruiter* van 21 November 1947 verskyn sy resensie oor *Negester oor Ninevé*.[64] Hierin ontleed Dekker die ‘ideëwêreld’ en die ‘denkvorme’ ten grondslag van die bundel: die kreatiewe ewolusie, die kontinuïteit van die lewe, die goddelike mag teenoor vernietiging, en die kringloop van geboorte en dood. Hy meen die bundel sal nie aan die verwyt van ‘duisterheid’ ontkom nie, want dit ‘verg inderdaad ingespanne studie voor die beelde en simbole hulle dieper sin ontsluit en vir die leser 'n eenheid van verbeelding word’. Alhoewel hierdie poësie sonder die vernuwing van Dertig en die hele Europese geesteslewe ná die Eerste Wêreldoorlog ondenkbaar is, sien hy Opperman as ‘'n selfstandige digter en 'n belangrike figuur in ons poësie wie se verdere ontwikkeling met belangstelling gevolg sal word’. In *Ons Eie Boek*, XIV: 1, Maart 1948 verskyn Ernst van Heerden se resensie, die tweede studie wat hierdie kritikus aan Opperman wy en wat hy in 1963 in sy bundel *Rekenskap* opneem. *Negester oor Ninevé* is vir hom die bevestiging van Opperman se

kunstenaarskap en 'n merkwaardige bundel om ‘die strakker intellektuele inslag van die verse, die visionêre grootsheid van die digter se sieninge en...die eerste fel-deurdringende poëtiese belewing van die erotiek in Afrikaans’. Naas 'n verkenning van die belangrikste motiewe in die bundel gee Van Heerden ook 'n aanduiding van Opperman se metaforiek, flitstegniek en gebruik van die kwatrynvorm. Iets van die ‘geloof en elementêre menseliefde’ wat hy by A. Roland Holst aantref, vind Van Heerden ook ‘in hierdie boeiende verse van D.J. Opperman. Sy eie konstellasie van die “negester” is meer as 'n simbool van vrugbaarheid en lewensgang; dit is 'n stralende belofteteken, vir die mensdom èn vir die digter, van hoop en uiteindelike triomf.’

In teenstelling tot hierdie gulle reaksies toon die resensie van F.I.J. van Rensburg in *Die Volksblad* van 17 Januarie 1948 minder begrip vir Opperman se verse. Alhoewel hy die ‘vrugbare verbeelding’, die ‘helder oog’ en die ‘nuwe sieninge en ongewone groeperinge’ waardeer, mis Opperman vir hom ‘'n sterk beeldende vermoë’. Hy meen wel dat ‘beeld na beeld hul tuiste ... vind binne die omtrekke van die gedig’, maar vind die vers ‘oorlaai’ en hy kry - feitlik in teenspraak met sy vroeëre opmerking - die indruk ‘dat die dinge wat so opgenoem word’, nie ‘fataal saamhang’ nie. Hy gaan voort:

> Hulle (die beelde - J.C.K.) wek die indruk dat hulle saamgevoeg is, groot getalle van hulle. Die gedig het hom nie volgesuig en slegs sy versadigingspunt bereik nie: sekere dinge kan maar nie in die oplossing verdwyn nie. Hierdie neiging tot oormaat hang saam met die sterk individuele karakter van die beeld by Opperman. Soveel krag word op die enkele beeld saamgetrek, dat daar nie 'n grootse samehang van die beelde is nie. Daar is 'n onvermoë van die dinge om te ‘verbind’.

Vir *Die Huisgenoot*-resensie het Opperman ná raadpleging van kollegas H.A. Mulder uitgenooi. Mulder was reeds in hierdie stadium ernstig siek en het lank geneem om die bundel deur te werk, met die gevolg dat sy bespreking eers in die uitgawe van 9 Julie 1948[65] verskyn. In teenstelling tot die ‘maklik stromende vers’, die ‘spontane gevoelsuitdrukking’ en die ‘passiewe afwagting van die skoonheid’ in die impressionistiese poësie beoefen Opperman vir hom ‘'n amper bewus gekonstrueerde vers’ waarin ‘die persoonlike gevoelens...soveel moontlik teruggedruk word agter die digter se strewe na strengobjektiewe beelding’. Dit alles hang saam met ‘'n sterk intellektuele element’ in hierdie poësie. Die vernaamste nuwe motiewe in vergelyking met *Heilige beeste* is ‘'n apokaliptiese visie van die grootstad’, die ‘skuldgevoel’, die ‘doodsgedagtes’ en die ‘erfsonde’. Hy wys verder op die ‘eienaardig-stotende ritme, gepaard met veelvuldige enjambemente en aksentverspringings’ wat Opperman volgens hom van *Raka* oorgeneem het. In aansluiting by W.E.G. Louw se keurdersverslag toon hy die verwantskap tussen die aanhef van ‘Le-

*1

1 Veggeneraal J.D. Opperman - grootoom van die digter en heldefiguur in die Opperman-familie - wat tydens die Anglo-Boereoorlog naby Ermelo op die slagveld gesneuwel het.

2 D.J. Opperman, eienaar van die plase Geduld nr. 2 en later Stedham, en grootvader van die digter.

3 D.J. Opperman sr., vader van die digter.

4 M e v . H.S.M. O p p e r m a n , moeder van die digter.

5 Die eerste foto van Opperman - ongeveer drie maande oud - saam met sy moeder.



6 Saam met enkele van sy broers en susters. Agter: die digter, Maans en Liz; voor: Vi en Louis.

7 Liz, sy ‘beminde suster’, as jong meisie

8 In matriek (1934) as lid van 'n aflosspan met die beker wat hulle gewen het. Opperman sit links voor. Links agter staan Gerard Boonstra, Opperman se Wetenskaponderwyser en die persoon wat hom later as student finansieel sou bystaan.



9 As lid van die eerste rugbyspan van die Hoërskool Vryheid in 1934. Opperman staan agter, derde van links.

10 Die matriekklas en enkele van die onderwysers van die Hoërskool Vryheid in 1934. Opperman staan agter, tweede van regs, terwyl dr. P.C. Schoonees, die skoolhoof, derde van links sit.

11 Opperman as jong man in sy laaste skooljaar op Vryheid.

12 In later jare saam met prof. G.S. Nienaber, dosent tydens sy universiteitsjare in Natal.

13 Opperman as M.A.-student in Pietermaritzburg in 1939.

14 In 1942 tree Opperman in die huwelik met Marié van Reenen. Hierdie foto is op hulle troudag geneem.



15 Die eerste stadium van Opperman se gedig ‘Digter’ uit *Negester oor Ninevé*, uit die manuskripboek in die besit van die Manuskripte-afdeling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek.



16 Die vyfde stadium van ‘Digter’.

17 In 1948 tydens die Nederlandse digter J.C. Bloem se besoek aan Suid-Afrika. Van links na regs: Opperman, I.D. du Plessis, Bloem, N.P. van Wyk Louw en Jan Greshoff.

18 Saam met Jan Greshoff, sy Nederlandse vriend uit die jare in Kaapstad.

19 N.P. van Wyk Louw met sy dogters Ria en Nakkie en Opperman met Heila (voor Louw) en Trienke in 1949 in Richmondweg, Drieankerbaai, waar die Opperman-gesin toe in 'n woonstel gewoon het en *Joernaal van Jorik* geskryf is.

20 Tydens T.S. Eliot (heel links) se besoek aan Suid-Afrika in 1950 met proff. W.S. Mackie en J. du P. Scholtz.

21 Die Oppermans in later jare saam met prof. en mev. I.W. van der Merwe (Boerneef). Van der Merwe was letterkundige kollega van Opperman aan die Universiteit van Kaapstad.

22 Einde 1952 saam met sy vrou en moeder ná die toekenning van die graad D. Litt. van die Universiteit van Kaapstad op grond van 'n proefskrif wat die volgende jaar as *Digters van Dertig* gepubliseer is.



23 In later jare saam met Hannes van der Merwe, sy buurman in Baaisiglaan, Tamboerskloof.



24 Besig om vleis te braai in die agtertuin van Kraaines, die woning in Tamboerskloof, Kaapstad, waar die Opperman-gesin in 1954 ingetrek het.

25 Saam met A.P. Grové wat verskeie insiggewende kritiese werke oor Opperman se poësie geskryf het.

26 Opperman teken 'n eksemplaar van *Periandros van Korinthe* by die verskyning in 1954 vir mev. Fannie Jordaan (later van der Merwe).

27 Fred le Roux en Ria Olivier (le Roux) as Periandros en Melissa in die eerste produksie van *Periandros van Korinthe* in die Klein Teater, Kaapstad, 1955.

28 Die drinkgelag-toneel in die 1955-produksie van *Periandros van Korinthe*.

29 By 'n fontein in die tuin van die Pitti-paleis, Florence, tydens sy Europese reis van 1956-1957.

30 Saam met Fred le Roux in Pompeji.

31 Die Oppermans herenig met hulle kinders in 1957 na afloop van hul Europese reis.

32 In 1960 aanvaar Opperman die professoraat in Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Hier hou hy op 26 Februarie van dié jaar die lesing ‘Kolporteur en kunstenaar’, sy eerste openbare optrede in sy nuwe hoedanigheid.

33 Saam met sy Stellenbosse kollegas. Van links na regs: Opperman, Jaco van der Merwe, Meyer de Villiers, W. Kempen en W.J. du P. Erlank.

34 Op die stoep van Opperman se eerste strandhuis op Franskraal. Agter hom is sy vrou, Marié, en Antoinette en Schalk Pienaar; voor hom sit Japie de Villiers en staan Hein Basson.

gende van die drenkelinge' en die inset van *Raka* aan, al is daar vir hom by Opperman nie van ''n bewuste navolging of nabootsing' sprake nie maar eerder 'n voortbou op 'n 'digterlike tradisie'. As beswaar sê hy dat Opperman se vers 'soms alte stroef houterig' word, die gevolg van 'n alte 'gedronge sintaksis', 'uitdrukkings wat te veel aan wetenskaplike verhandelings laat dink' en 'die telkens amper meganies terugkerende opsommings'. Hy waardeer egter Opperman se 'plastiese gawes' en sy 'visioenêre krag' en noem *Negester oor Ninevé* 'een van die hoogtepunte in ons jonger poësie, 'n datum in die ontwikkeling van ons digkuns'.

Nog voor die verskyning van Mulder se bespreking ontvang Opperman in sy hoedanigheid as redaksielid 'n ongevraagde resensie oor *Negester oor Ninevé* van A.P. Grové met die oog op publikasie in *Die Huisgenoot*. Grové was in daardie stadium 'n jong, onbekende letterkundige wat ná sy Potchefstroomse opleiding onder G. Dekker pas 'n betrekking as lektor aan die Natalse Universiteitskollege in Pietermaritzburg aanvaar het. Op versoek van sy studente skryf hy 'n beskouing oor *Heilige beeste* vir een van die universiteitsblaaie, aangesien hulle baie belanggestel het in Opperman se poësie en die bundel druk gelees en bespreek is. Weens die uitnodiging aan Mulder kon Opperman die resensie van Grové nie vir publikasie in *Die Huisgenoot* aanvaar nie, maar hy het - soos hy later sou sê - onmiddellik besef dat die Afrikaanse kritiek met Grové se struktuurgerigtheid en belangstelling in vormelike aspekte 'n nuwe era betree. In sy beskouing, wat hy later in die bundel *Die duister digter*[66] opneem, toon Grové aan dat die drie basiese motiewe van *Heilige beeste* ('die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees') in *Negester oor Ninevé* verband kry deur die groter motiewe van geboorte en dood, die polêre spanning tussen lewensbeginsel en die ontreddering wat in die titel aanwesig is, skuldgevoel en die idee van uitverkiesing. In teenstelling tot die meeste ander resensies oor die bundel gee Grové meer aandag aan die afsonderlike gedigte, terwyl hy met sy verwysing na die 'sober enkelwoord' sonder 'mooidoenery en fraaiings', die met 'suggestie gelaaide woord' en die 'intellektuele besinning' ten grondslag van dié verse belangrike aspekte van Opperman se poësie raak aantoon.

Hierdie bespreking is met die aandag aan verse soos 'Nagwaak by die ou man', 'Legende van die drenkelinge' en 'Digter' die eerste voorbeeld van detailkritiek op gedigte van Opperman en is die begin van 'n toegewyde studie wat Grové vir die hele duur van sy loopbaan as letterkundige aan Opperman se werk sou wy, 'n begeleidende kritikus wat sekuur ingestel was op die soort vers wat Opperman skryf en wat hy deskundig en met fyn smaak en oordeelsvermoë kon ontleed.

X

Alhoewel die werk by *Die Huisgenoot* en die kontak met al die skrywers stimulerend vir hom was, het Opperman gevind dat hy te min tyd vir sy eie skeppende werk kry. Terwyl hy op 'n dag, soos sy gewoonte in hierdie jare was, voor die ou Waldorf in St. Georgestraat in 'n lang ry op die Seepuntse bus wag, merk hy teenoor Elsa Joubert op dat hy nie genoeg geleentheid het om te skryf nie. In sy dae by die onderwys kon hy al sy voorbereiding en korreksies van Maandagoggend tot Vrydagmiddag klaarmaak, sodat hy die hele periode van Vrydagaand tot Sondagaand aan sy eie werk kon wy. Daarby het hy gevoel die druk van 'n gewilder en sensasioneler weekblad word al hoe erger. Die direksie van die Nasionale Pers was gesteld op hoër ‘sirkulasiesyfers’ en die resep daarvoor was die ‘mooi nooi en 'n moord’ waarvan Opperman in *Joernaal van Jorik* praat - 'n gedig waarmee hy juis in hierdie jare besig is. Met Fred le Roux weg om die aanvoorwerk vir die nuwe vrouetydskrif *Sarie Marais* te doen en Markus Viljoen reeds 'n lang tyd ernstig siek, het hy gevoel dat sy werklas groter word en dat die verantwoordelikheid vir die blad al hoe meer op hom alleen begin rus.

In die loop van September 1948 besoek Canis Scholtz vir Opperman om hom te pols oor die moontlikheid van 'n lektoraat by die Universiteit van Kaapstad. D.B. Bosman, die hoof van die Departement Nederlands en Afrikaans, was in daardie stadium met groot verlof en daar was sprake dat hy as Suid-Afrikaanse ambassadeur na Nederland sou gaan en sy betrekking by die Universiteit sou neerlê. Scholtz het in sy plek as hoof van die Departement waargeneem. Die pos wat Scholtz vir Opperman kon aanbied, was 'n tydelike aanstelling as lektor vir twee jaar in die plek van Marie Bax wat oorsee gestudeer het. As Bosman sou bedank en Scholtz in sy plek as professor benoem word, sou daar 'n permanente lektoraat vir Opperman beskikbaar wees, al moes die pos volgens voorskrifte van die Universiteit opnuut geadverteer word.

Hoewel sy vergoeding by die Universiteit van Kaapstad aanvanklik hoër sou wees as by *Die Huisgenoot*, sou Opperman in die twee jaar as tydelike lektor geen verhoging kry nie en sou sy salaris in dié tydperk by die tydskrif geleidelik klim en uiteindelik dié oorskry wat hy by die Universiteit sou ontvang. In dié omstandighede wys hy die aanbod van die hand, in weerwil van die feit dat sy vrou in die verandering die moontlikheid van nuwe prikkels en groter geleenthede vir sy skeppende werk gesien het. Scholtz en Bosman gaan gesels egter met die prinsipaal en die registrateur en kon ná onderhandelinge vir hom 'n aanvanklike £600 per jaar met die vooruitsig van £700 na twee jaar aanbied.

Al is die redakteurskap van *Die Huisgenoot* aan hom voorgehou, besluit Opperman om die pos by die Universiteit van Kaapstad te aanvaar. In 'n brief van

30 Oktober 1948 skryf hy aan Van Wyk Louw (wat in daardie stadium in Nederland was om 'n eredoktoraat van die Rijksuniversiteit van Utrecht te ontvang):

> En al trek ek nou oor twee, drie jaar 'n paar honderd pond meer by Die Huis. wat baat dit my eintlik? Lekker huis, groot motor, minimaal lees, nog minder leef, nog minder skryf.... Finansieel gaan ek swaar kry by die Univ., maar ek het tog die tyd...om mens te wees. In die redakteurskap as sodanig stel ek tog nie belang nie. - Die pers het my natuurlik al links en regs probeer omhaal. Albertyn het my na sy getapyte sanktum ontbied en met sy weloorwoë hermansdrupstem die wondere probeer voorskilder van die pos wat op my wag...die armoede van dosente benadruk...- later uit radeloosheid gesê: ‘Ja, 'n mens kom maar selde 'n Goethe teë wat roetine en kuns kan verbind.’

Die pos wat Opperman aanvanklik by die Universiteit van Kaapstad aanvaar, sou dus 'n tydelike betrekking vir die jare 1949-1950 wees. Aangesien die lesings by die Universiteit eers ná die lang vakansie sou begin, het die aanstelling gegeld van 1 Maart 1949. Met Fred le Roux weg en Markus Viljoen ernstig siek het Opperman uitgesien na die nuwe werkomstandighede wat hom in staat sou stel om kollegas soos Canis Scholtz en I.W. van der Merwe daagliks te sien, terwyl Van Wyk Louw van die Fakulteit van Opvoedkunde en Marthinus Versfeld van die Departement Filosofie ook dikwels saam met die lede van die Departement Nederlands en Afrikaans tee gedrink het. Opperman beëindig sy werksaamhede by *Die Huisgenoot* aan die einde van Januarie 1949 en gebruik Februarie as verlofmaand om sy lesings vir die onderskeie kursusse voor te berei.

Eindnoten:

1 Reeds in Hoofstuk 1 het ek daarop gewys dat hierdie inligting van Opperman in verband met sy voorsate foutief is. Opperman is die agtste geslag in Suid-Afrika en nie al die voorsate het die name Diederik Johannes gehad nie.
2 Met die swangerskap- en geboortemotiewe in die bundel vorm die opdrag aan Sannie Opperman organies deel van die geheel en is dit - lank voor Leroux se spel met die ‘voorwerk’ in sy romans - een van die eerste voorbeelde in die Afrikaanse literatuur waar die dedicatio struktureel deur die aansluiting by die boustof verantwoord word.
3 *Verspreide opstelle,* Kaapstad, 1977, p. 59.
4 Ibid., p. 61.
5 Volgens 'n mededeling van mev. Truida Louw was 'n ander probleem dat Van Wyk Louw die vrou òf minagtend òf vererend geteken het maar nie realistiesalledaags kon voorstel nie. Daarby was die bou onbevredigend deurdat te veel dele van die drama op dialoë-in-hoogspanning neergekom het.
6 Fred le Roux se reaksie op dieselfde trilogie het Opperman ‘geroer’: 'n Element van ‘afwesigheid, van die pyn wat 'n mens soms vir 'n week nahou van 'n droom’.
7 'n Mens bemerk hier dat Opperman onduidelik en met teensin in sy dagboek skryf en sy gedagtes nie duidelik formuleer nie. Wat hy hier bedoel, is die dissonante effek wat die ‘paring’ van kraaie en nes met ‘stukkies draad’ het. Ook uit sy handskrif en die telegramstyl blyk sy teensin.

Op 11 November 1946 teken hy aan: ‘Eintlik is ek geen dagboekskrywer nie!’ Kort daarna hou die dagboek op.

8 Alhoewel Opperman in hierdie jare lid van die Ned. Geref. Kerk was, het hy selde in die kerk gekom en betreklik onverskillig gestaan wat die godsdiens betref. Op 22 Junie 1946 word Trienke deur ds. Jac. Conradie in die Groote Kerk gedoop. In sy dagboek skryf hy hieroor: ‘Ek het Trienke gedra - goed toegewoel. Die dopery is meer uit oorwegings vir haar - sy mag dit eendag so gewens het; dan ook ter wille van Marié en haar moeder. Ek kan nie met die *hele* doopformulier saamstem nie - die verkragting van my gewete was vir die doel, gering genoeg.’ In die onvoltooide gedig ‘Mymeringe voor die doop’ skryf hy:

> Sal ek jou laat doop?
> In sonde ontvange en gebore
> ja, dis waar die mooi gedagtes
> van skep, liefde God het eers die môre
> daarna gekom
> maar nie die oomblik nie,
> ewenwel, jy is uit wellus tog gebore

9 In die brief praat Opperman alleen van 'n toespraak voor ‘ons vriende’, maar in die konteks is dit 'n duidelike versluiering vir die Afrikaner-Broederbond.

10 Brief van Ernst van Heerden aan Opperman, 20 November 1949.

11 Brief van C.J.M. Nienaber aan Opperman, 23 Mei 1948. Nienaber skryf Canis en Ena Scholtz se ‘onomwonde uitspraak hier in Nederland was dat Dirk 'n groter digter as N.P. is en hom ver gaan oortref’. Dit is verrassend dat Scholtz wel 'n tyd lank hierdie mening toegedaan was, want in die vyftigerjare en later het hy baie duidelik voorkeur gegee aan Van Wyk Louw se werk bo dié van Opperman.

12 Na sy dood is Markus (J.M.H.) Viljoen se herinneringe met 'n inleiding deur L.W. Hiemstra uitgegee as *'n Joernalis vertel* (Kaapstad, 1953). In Hoofstuk XV (pp. 113-117) skryf hy oor sy opvattinge en ideale as tydskrifredakteur.

13 *Verspreide opstelle,* p. 62.

14 Ibid., p. 60.

15 Ibid.

16 Ibid.

17 *'n Joernalis vertel,* p. 28.

18 In 'n gesprek uit 1968 in die teenwoordigheid van onder andere Merwe Scholtz, F.I.J. van Rensburg, E. Lindenberg en J.C. Kannemeyer het P.J. Cillié gesê dat Opperman 'n ‘derderangse joernalis’ was. Hierdie uitspraak word weerlê deur al Opperman se destydse kollegas by *Die Huisgenoot* of vriende wat hom in dié jare geken het en in 'n posisie was om oor sy werk te oordeel.

19 *Standpunte,* XXXII: 5, September 1979.

20 In sy opstel oor Totius wat hy in 1947 skryf en in *Wiggelstok* (Kaapstad, 1959) opneem, wys Opperman self op die belangrikheid van *Trekkerswee* vir 'n jonger geslag. In hierdie opstel lê hy 'n verband tussen Totius en S.J. Pretorius, maar hy kon ook sy eie ‘Ballade van die grysland’ en later *Joernaal van Jorik* hierby genoem het.

21 *Wiggelstok,* p. 80.

22 Ibid., p. 81.

23 *Verspreide opstelle,* pp. 51-52.

24 Ibid., p. 52.

25 Dat Opperman die motto uit Blake voorgestel het, is 'n mededeling van Van Heerden. Tog het Opperman in 1960 in 'n Honneurslesing oor Van Heerden se werk beswaar gehad teen so 'n motto, omdat dit 'n Blakeiaanse stempel op die hele bundel afdruk. Later gebruik hy wel so 'n oorkoepelende motto in sy eie *Edms. Bpk.*, maar dáár het die Ovidiaanse stempel die funksie om die bundel tot 'n eenheid saam te bind.

26 Volgens 'n mededeling van Opperman is hy ook vader van ‘die groot en saamgestelde vrees’ as slotreël van ‘Die sewe vrese’, maar Van Heerden ontken dit.

27 Kyk *Die koléperas van Kees Konyn,* Johannesburg, 1982, pp. 24-27.

28 Op hierdie saak kom ek later terug.

29 J.J. Human, ‘D.J. Opperman en die uitgewersbedryf’, *Standpunte,* XXXII: 5, September 1979, p. 9.

30 Ibid.

31 Die gegewens in hierdie paragraaf kom grotendeels uit die brief wat Opperman op 11 Augustus 1947 aan W.E.G. Louw skryf. Op 'n paar velle het hy egter ook die hele verloop van die geskiedenis van die verseboeke aangeteken.
32 P.J. Nienaber, *Die Hertzogprys vyftig jaar,* Kaapstad, 1965, pp. 81-82.
33 Ibid., p. 82.
34 Ibid.
35 Blykbaar het die teks van hierdie referaat verlore gegaan, want dit is nie onder Erlank se nagelate dokumente of by die kantoor van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns nie.
36 'n Aanvullende rede kan ook sy onvergenoegdheid met en minagting vir die gehalte van *Ons Eie Boek* gewees het. As hy laataand op 2 Mei 1946 van die Greshoffs se huis terugkeer nadat Van Wyk Louw vir 'n groepie vriende *Germanicus* voorgelees het, lê hy in die bed en blaai in die jongste nommer van *Ons Eie Boek:* '... professors, lektore en studente,' só teken hy in sy dagboek aan, 'se "ernstige beskouings" oor die grootste klomp prulwerke denkbaar - 'n sistematisering en akademisering van wansmaak.'
37 In *Die Huisgenoot* van 22 Februarie 1946 reageer S.J. Pretorius in 'n erg verwarde stuk op hierdie artikel. In dieselfde uitgawe verskyn 'n teenreaksie van Opperman.
38 Op 21 Februarie 1947 lewer Opperman 'n huldigingsprogram oor Totius vir die Afrikaanse sender van die SAUK. Die program bestaan in hoofsaak uit aanhalings uit Totius se poësie, terwyl C. Louis Leipoldt en A. Roland Holst aan die woord gestel word om hulle waardering oor te dra. Enkele van Opperman se formulerings toon 'n ooreenkoms met sy opstel oor Totius.
39 *Wiggelstok*, p. 35.
40 Ibid., p. 80.
41 Ibid., p. 61.
42 Ibid., p. 32.
43 Ibid., p. 34.
44 Ibid., p. 37.
45 Ibid., p. 38.
46 Ibid., p. 28.
47 Ibid., p. 45.
48 Ibid., p. 61.
49 Ibid., p. 89.
50 Ibid., p. 62.
51 Ibid.
52 Ibid., p. 48.
53 Ibid., p. 49. Soos hier met die begrip 'hipnose' is daar in die opstelle uit hierdie jare orals blyke van verrassende formulering. In verband met Totius se lykdigte praat Opperman van die 'klaargemaakte gevoel' (*Wiggelstok*, p. 33), die ingebore meegevoel van elke mens waarop so 'n digter kan steun. En in teenstelling tot Totius se dikwels 'nugtere siening' praat hy negatief van Leipoldt se 'romantiese leuens' (*Wiggelstok*, p. 37).
54 Ibid., p. 52.
55 Ibid., p. 53.
56 Ibid., p. 52.
57 Ibid., p. 81.
58 Ibid.
59 Opperman praat self later van Elise Muller as 'n 'vakleerling' as hy die motivering vir die toekenning van die Hertzogprys aan *Die vrou op die skuit* lewer.
60 Reeds as student het Opperman in 'n brief van 2 Augustus 1938 op versoek vir G.S. Nienaber 'n uiteensetting gegee van 'die kragte en faktore wat hom daartoe bring om te dig' (G.S. Nienaber in 'n brief aan my, 25 Augustus 1981). Opperman skryf:

> Dis natuurlik 'n moeilik naspeurbare psigiese proses; daar is iets waarin u belangstel, 'n gevoelskern, 'n emosie-groep, 'n stemming wat u herhaalde male beleef, die lê dan onder die donker onderbewussyn soos 'n magneet en trek verwante idees, gedagtes, stemminge, belewinge daarom, groepeer en werk dit om. Dit geskied tot 'n groot gedeelte sonder jou eie bewuste meedoen. Ons noem dit die broeitydperk. Dan gebeur daar iets, jy ontvang van 'n stimuli (sic!) wat die gedagterykheid in 'n elektriese roering bring sodat dit moet ontvonk. Dit is sê maar die ontlaaiing. Jy voel jy moet skryf,

jy voel amper siek. Dan skryf jy sommer vlugtig alles neer, dit het gewoonlik al klaar sy vorm net hier en daar bly daar nog plekkies wat jy fyner moet navoel en deurleef voordat jy dit het soos jy dit graag wil hê. Gedigte so geskryf is dan spontaan en berus veral op gevoel, ondervinding; sê 'n gestileerde stryd teruggeroep in beeldende visioene van herinnering of begeertes, mense versugtinge, gestaltes waarin die gevoel vooruit geprojekteer is. Dit kan ook ontstaan uit lang emosies, in durende liefde, skoonheid of, en veral, in folterende stemming - dan is dit 'n mengsel van verlede en hede. Die persoon wat sommer gaan sit en dan die stemming in en om hom wil vasgryp in woorde verrig gewoonlik maakwerk, dit is geforseerd en berus nie op daardie psigologiese moment wat kom na 'n geleidelike laaiing wat jou dwing tot uiting nie.
Jy is nooit seker waaroor jou volgende gedig gaan wees nie, alles is in onderwaterse woeling en dan skielik bons daar iets uit die effe vlak wat die omgewing tot in ritmiese uitdagende roering bring.

61 In dieselfde uitgawe verskyn ook ‘Mallemeul’ wat Opperman nooit in 'n bundel opneem nie. Die gedig het raakpunte met ‘Ballade van die grysland’ en ‘Nagwaak by die ou man’. Uit dieselfde tyd dateer ook ‘Ballet van die metamorfose’, 'n gedig wat deur Ovidius se *Metamorfoses* ingegee is, en waarvan sekere beelde later in *Joernaal van Jorik* en *Engel uit die klip* 'n finale tuiste vind. Volgens 'n brief van W.E.G. Louw van 14 Februarie 1946 aan Opperman is dit vir publikasie in *Standpunte* aanvaar. Dit het egter nooit verskyn nie.

62 In teenstelling tot N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw wat hulle gedigte meestal duidelik in hulle manuskripboeke dateer en in hulle eerste bundels die chronologie as basis vir rubrisering gebruik, kry 'n mens selde 'n datum by Opperman se gedigte. In 'n potloodgeskrewe aantekening onder die titel ‘Chronologie en Gedigte’ in een van sy manuskripboeke sê hy dat dit wel soms help om 'n ‘gedig aan bepaalde tydstip en omstandighede’ te verbind, maar dat ‘alle chronologie slegs 'n growwe aanduiding en dan slegs v.d. voltooiing van 'n gedig’ kan wees.

63 Die tweede druk van *Negester oor Ninevé* verskyn in 1957. Die oorspronklike uitgawe bevat egter soveel steurende setfoute - leestekens wat uitgelaat is, spasiërings wat weggeval het en enkele kere ook woorde wat ontbreek - dat die hele oplaag op versoek van Opperman teruggetrek word. Slegs drie voorbeelde van hierdie vernietigde oplaag het behoue gebly. Afgesien van 'n eksemplaar in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek (wat aan Opperman behoort het) is voorbeelde in besit van prof. E. Lindenberg en mnr. J.J. Human.

64 Vergelyk ook *Nieuw Vlaams Tijdschrift*, September 1948. Dekker neem sy resensie later op in *Oordeel en besinning* (Kaapstad/Pretoria, 1964).

65 Hierdie bespreking word later deur A.P. Grové opgeneem in *D.J. Opperman: Dolosgooier van die woord* (Kaapstad, 1974).

66 Pietermaritzburg/Durban, 1949.

Hoofstuk 7
Eerste jare as dosent aan die Universiteit van Kaapstad

I

Die ongerieflike bus- en treinverbindings tussen Drieankerbaai en die Universiteitskampus teen die hang van Tafelberg bokant Rosebank het Opperman verplig om 'n klein Vauxhall - sy eerste motor - aan te skaf. Op die dae dat hy lesings moes gee, het hy onderweg sy kollega Izak van der Merwe (Boerneef) - wat nooit 'n motor wou besit nie - in Tamboerskloof opgelaai, die dogters by die Laerskool en later Hoërskool Jan van Riebeeck besorg en dan met Oranjestraat en De Waalpad teen die hang van die berg na die kampus gery.

Die Universiteit van Kaapstad was bekend daarvoor dat dosente binne die afgebakende gebiede van onderrig groot vryhede geniet het en dat daar ruim geleentheid vir navorsing was. Die administrasie was onder leiding van A.V.H. Carter en later J.G. Benfield as registrateurs, en alles het vlot verloop, met die gevolg dat Opperman selde met dié beamptes in aanraking was en die administrasiegebou feitlik net besoek het as hy sporadies die vergaderings van die Fakulteitsraad moes bywoon of eksamenvraestelle met die oog op tikfoute moes kontroleer. Met die prinsipaal, aanvanklik prof. T.B. Davie en later prof. J.P. Duminy, het hy weinig te make gehad, alhoewel hy tog met die verskyning van *Periandros van Korinthe* 'n eksemplaar aan Davie gestuur het.

Die Departement Nederlands en Afrikaans, waarby Opperman in Maart 1949 as dosent aangesluit het, het beroemde oud-studente soos I.D. du Plessis, N.P. van Wyk Louw, en W.E.G. Louw gehad. Voor Opperman se koms was D.B. Bosman hoof van die Departement, 'n taalkundige wat in Amsterdam gepromoveer het met 'n studie *Oor die ontstaan van Afrikaans* (1923) waarin hy van die Maleis-Portugese teorieë van D.C. Hesseling verskil. In 1948 is Bosman benoem as nuwe Suid-Afrikaanse ambassadeur in Den Haag en J. du P. (Canis) Scholtz het aan die begin van 1949 waarnemende hoof van die Departement geword. Scholtz was 'n uitstekende navorser op die gebied van die Historiese Taalkunde en die skrywer van *Die Afrikaner en sy taal* (1939) - waarmee hy die Hertzogprys verower het - en *Uit die geskiedenis van die naam-*

gewing aan plante en diere in Afrikaans (1941), twee studies waaraan Opperman met sy belangstelling in die vroeë Afrikaanse geskrifte en die natuurgevoel in die poësie veel gehad het. Daarby was Scholtz bekend as fyn kenner van die literatuur en die Afrikaanse taal, iemand vir wie Van Wyk Louw die hoogste respek gehad het. Aan die letterkunde-kant was die Departement vóór Opperman se koms daar minder goed aan toe. F.C.L. Bosman het weinig aanvoeling vir die literatuur gehad en hy het sy kollegas soms geïrriteer met sy verspotte optrede teenoor meisiestudente. Die sjarmante I.D. du Plessis was veral geïnteresseerd in die kultuur van die Maleier en nie primêr 'n literêre denker nie. In die Honneursjaar het hy kursusse oor die sonnet en die kortverhaal aangebied, maar sy voorlesings na ongeveer ses maande beëindig en die res van die jaar aan selfstudie oorgelaat; as die studente dan nog probleme gehad het of iets verder wou weet, was hy in sy kantoor vir raadpleging beskikbaar! Nog voor Opperman se koms het sowel Bosman as Du Plessis egter ander poste aanvaar. Bosman is na Pretoria om voltydse sekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te word, terwyl Du Plessis aangestel is as hoof van die Instituut vir Maleise Studies aan die Universiteit van Kaapstad en daarna as Kommissaris en later Sekretaris en Adviseur vir Kleurlingsake.

Afgesien van Scholtz het die Departement met Opperman se diensaanvaarding bestaan uit Marie Bax-Botha en J.A. Verhage as lektore, en I.W. van der Merwe as senior lektor. Mev. Bax-Botha, wie se eggenoot professor was in Nederlandse Kultuurgeskiedenis, was veral verantwoordelik vir kursusse oor die Fonetiek en Historiese Grammatika. Aan die begin van 1958 is sy opgevolg deur L.R. Heiberg. Verhage, 'n Nederlander van geboorte, was ook geïnteresseerd in die Historiese Taalkunde en het in 1952 met *'n Sintakties-stilistiese studie van die Daghregister van Jan van Riebeeck* gepromoveer. In die Departement het hy egter in hoofsaak die Nederlandse prosa gedoseer, 'n gebied wat hy deeglik geken het en waaroor hy met hartstog en liefde kon praat.

Die letterkunde-dosent by wie Opperman die sterkste aansluiting gevind het, was Izak van der Merwe wat reeds in 1922 tot die Departement toegetree het. Van der Merwe was iemand wat alle nuwe publikasies in Afrikaans gelees het en ook goed op die hoogte was van die Nederlandse letterkunde. Hoewel hy feitlik nooit self kritiek beoefen het nie, het hy kennis geneem van die jongste publikasies op die gebied van die literatuurteorie, al het die metode - soos dié van die reeks stilistiese proefskrifte uit die vyftigerjare en Lulofs se *Verkenning door varianten* - hom meestal teleurgestel en geïrriteer. Sy werkopdrag was die hele gebied van die Afrikaanse poësie en die Nederlandse digkuns van Negentig tot hede. Sy groot vreugdes het hy gevind in die poësie van A. Roland Holst en J.C. Bloem, terwyl hy vol lof was vir die werk van Van Wyk Louw en Opperman - selfs trots op die feit dat hy hulle kollegas aan dieselfde universiteit kon noem. Op die gebied van die Afrikaanse prosa - wat hy ook by sy kursus in die tweede jaar ingesluit het - was hy afkerig van die geswolle werk

van D.F. Malherbe en C.M. van den Heever en die literêre opportunisme van iemand soos W.A. de Klerk, terwyl hy waardering gehad het vir die sober prosa van Van Melle en M.E.R., asook Elise Muller se *Die vrou op die skuit*. Hy was iemand wat met groot oorgawe kon doseer, gedigte voortreflik kon voorlees en 'n liefde vir die letterkunde aan sy studente kon oordra. Hy was besonder gesteld op korrekte taalgebruik en hy het sowel skriftelik as mondeling 'n fyn beheer oor Afrikaans gehad. In sy gesprekke - en hy was 'n onderhoudende gespreksgenoot wat naas die boeiende verhale uit sy jeug op Boplaas en die ‘seressekaro’ 'n intense belangstelling in die literêre en politieke sake van die dag gehad het - kon hy telkens op taalsake konsentreer en die treffende of foutiewe gebruik van 'n woord pront uitwys. Saam met D.B. Bosman was hy die opsteller van die *Tweetalige woordeboek*, die beste Afrikaans-Engelse woordeboek wat daar beskikbaar was. Deur sy hartstog vir die literatuur maar ook deur sy integriteit as mens het daar gou 'n besondere verhouding tussen Van der Merwe en Opperman ontwikkel. Ten tyde van Opperman se diensaanvaarding was Van der Merwe 'n wewenaar, maar in 1956 is hy getroud met Fannie Jordaan wie se oorlede man hoof was van die Hoërskool Jan van Riebeeck. Haar dogter Helena was later student by Opperman en het met 'n studie oor M.E.R. die eerste M.A. onder hom as studieleier voltooi, terwyl haar seun Willem later as tipograaf en ontwerper 'n hele paar bundels van Opperman sou behartig.

Die kantore en lesingsale van die Departement was in die Arts Block, een van die oorspronklike universiteitsgeboue wat met rankplante en klimop bedek was. In die herfs en later weer in die lente het Opperman dikwels van dié blare gepluk en vir sy oudste dogter huis toe geneem. Die Arts Block was gerieflik regoor die Jagger-Biblioteek met sy goeie versameling boeke op die gebied van Afrikaans en Nederlands. In die Nederlandse seminaarkamer in dié biblioteek is die Honneurslesings gehou. Opperman het tydens sy termyn as dosent baie boeke oor die Middeleeue en die Goue Eeu vir die biblioteek bestel en ook gesorg vir 'n besondere versameling van eerste drukke van die eksperimentele Nederlandse Vijftigers se digbundels.

Die eerstejaarlesings vir Nederlands en Afrikaans was almal geskeduleer vir die eerste lesuur van 8.45 tot 9.30 vm. Aangesien sowel die tweede- as die derdejaarlesings van 10.35 tot 11.20 vm. geduur het, was al die dosente van die Departement vry tydens die tweede lesuur van 9.40 tot 10.25 vm. In dié lesuur het hulle gewoonlik verby die Jamesonsaal gestap na die Students' Union langsaan, om in die teekamer vir dosente te gaan sit en gesels. Soms het Marthinus Versfeld, A.H. Murray en later ook S.I.M. du Plessis van die Departement Filosofie en J.H.W. Rosteutscher van Duits by hulle aangesluit. Ook N.P. van Wyk Louw van die Fakulteit van Opvoedkunde het voor sy vertrek na Amsterdam in 1950 dikwels saam tee gedrink. In die winteroggende kon hulle op pad terug na die Arts Block Van Wyk Louw se ‘rookvaal bos en laan’

in die rigting van Rosebank voor die trap van die Jamesonsaal sien, die fyn strepie mis wat tot laat in die oggend bo die bome gehang het. Vanuit die vensters van die lesinglokale vir die tweede- en derdejaars was daar 'n pragtige uitsig oor Rosebank, Rondebosch en Nuweland.

Aangesien Van der Merwe die Afrikaanse en moderne Nederlandse poësie gedoseer het, was Opperman se hoofopdrag die literatuur van die Middeleeue en die Goue Eeu, al het hy ook in 'n beperkte mate met die Afrikaanse letterkunde te make gehad. Twee oggende per week het hy die eerstejaars vir een lesuur gehad. Vir die groot groep wat slegs vir 'n eenjarige, afgeronde kursus in Afrikaans ingeskryf was, het hy die Geskiedenis van die Taalbewegings en die Literatuur voor 1900 aangebied.

Die eerstejaarskursus in Nederlands en Afrikaans waarvoor Opperman verantwoordelik was, het bekend gestaan as 'n Inleiding tot die Studie van die Nederlandse Letterkunde. Hy het egter uitsluitlik gekonsentreer op die poësie deur 'n keuse van verteenwoordigende tekste uit die opeenvolgende tydvakke. Aangesien hy met 'n groot aantal Engelstalige studente te make gehad het, was dit sy gewoonte om aanvanklik elke teks woord vir woord te vertaal en eers daarna letterkundig te bekyk. In sy eerste jare as dosent het Opperman vir sy eerstejaarskursus Boshoff en Dekker se *Van Maerlant tot Boutens I* en *II* voorgeskryf, maar in latere jare het hy gereeld De Raaf en Griss se *Een nieuwe bundel III*, *IV* en *V* gebruik, 'n bloemlesing wat met sy wye keuse 'n goeie inleiding tot die Nederlandse letterkunde gee. Die bedoeling was dan dat die bestudering van dié bloemlesings in die verdere voorgraadse jare voortgesit sou word. As literatuurgeskiedenis het hy dieselfde skrywers se *Stroomingen en gestalten* voorgeskryf, 'n boek wat bestaan uit 'n historiese oorsig én 'n profilering van skrywersgestaltes.

Opperman het sy tweedejaarskursus een keer per week aangebied en dit volledig gewy aan 'n bespreking van die Liriek van die Vroeg-Renaissance en die Goue Eeu. Hiervoor het hy tekste uit *Een nieuwe bundel III* met die studente behandel en hulle, naas die historiese oorsig in De Raaf en Griss se handleiding, verwys na die literatuurgeskiedenisse van Te Winkel, Kalff, Prinsen, Walch en Baur.

Vir die derdejaarskursus, wat ook een keer per week aangebied is, het hy 'n inleiding tot die Middelnederlandse letterkunde en 'n kursus oor die drama van die sewentiende eeu aangebied. Vir die Middelnederlandse afdeling van die werk het hy aanvanklik epiese werke met die studente behandel. Aangesien dit egter sy kollega Marie Bax-Botha se gebruik was om dieselfde werke in haar kursus taalkundig te beskou, het hy besluit om ander tekste literêr onder die loep te neem en sodoende vir die studente die geleentheid te gee om meer tekste uit die Middeleeue intensief te leer ken. Daarom het hy betreklik gou uitsluitlik op Middeleeuse dramas gekonsentreer en die bestudering daarvan opgevolg met 'n bespreking van sewentiende-eeuse dramas van Bredero, Hooft en Von-

del. Vir aanvullende leesstof het hy die studente verwys na dieselfde literatuurgeskiedkundige handleidings as in die tweede jaar, maar ook standaardwerke oor die Nederlandse drama en Balthazar Verhagen se *Dramaturgie* as teoretiese inleiding aanbeveel. Teen die einde van sy termyn as dosent in Kaapstad het W.A.P. Smit se driedelige *Van Pascha tot Noah* begin verskyn. Opperman het daarvan kennis geneem, maar was daar minder ingenome mee. Moontlik het die enigsins resepmatige behandeling en die apologetiese instelling teenoor Vondel hom gehinder, want vir Smit se deeglikheid en wetenskaplikheid moes hy kragtens sy hele instelling waardering gehad het. Na alle waarskynlikheid was sy belangstelling in Vondel in hierdie stadium reeds minder as vroeër.

Die wysiging na 'n kursus uitsluitlik oor die drama het 'n groter eenheid aan die werk vir die derde jaar gegee en ook Opperman geprikkel tot 'n belangstelling in die probleme van die versdrama. Die herhaalde dosering van Vondel se *Lucifer* en *Jeptha* moes trouens 'n invloed op sy beoefening van die versdrama in die vyftigerjare gehad het. Nie alleen volg hy in sy eerste twee versdramas, *Periandros van Korinthe* (1954) en *Vergelegen* (1956), Vondel se paarrym na nie, maar maak hy ook gebruik van die vyfdelige bedryfsindeling en die Aristoteliaanse struktuur wat die Nederlandse dramaturg aanwend. Daarby is dit opvallend dat die verskil in versvorm tussen *Periandros van Korinthe* en *Vergelegen* ooreenstem met dié tussen *Lucifer* en *Jeptha*. In *Jeptha* vervang Vondel die aleksandryn met die korter vyfvoetige jambe wat met die wisselende sesuur en veelvuldige enjambemente vir 'n meer gevarieerde dialooghandeling sorg. Kritici van Opperman se eerste versdrama het gewys op die te gedrae stilering van die lang versreëls en die neiging tot distigering deurdat dieselfde karakter telkens die tweede rymwoord sê, iets wat 'n sekere geslotenheid en gebrek aan voortskryding in die versreëls tot gevolg het. In navolging van *Jeptha* vervang Opperman in *Vergelegen* die aleksandryn met 'n korter versreël. Daarby vermy hy die distigering deurdat 'n karakter sy spreekbeurt op die eerste skakel van die rym eindig en die volgende karakter gevolglik die klank oorneem en só vir kontinuïteit sorg.

Die byeenkomste vir die Honneurskursus is onderling met die studente gereël en het gewoonlik soggens in een van die oop lesure plaasgevind. Vir die Honneursstudente het Opperman twee kursusse aangebied: die Middelnederlandse Letterkunde en die Geskiedenis van die Nederlandse en Afrikaanse Letterkundige Kritiek. Aan die begin van die kursus oor die Middelnederlandse Letterkunde het hy die studente gewoonlik aan die hand van D.C. Tinbergen se *De Nederlandse literatuur in de Middeleeuwen* die gebied laat verken, terwyl hulle ook met J. Huizinga se *Herfsttij der Middeleeuwen* as uitgangspunt kultuurhistories met die hele periode op die hoogte moes kom. Van die studente is verwag om 'n lys van die belangrikste Middelnederlandse werke op te stel, chronologies volgens genres 'n indeling te maak en terselfdertyd vas te stel waarop die indelings in die bestaande literatuurgeskiedenisse berus. Telkens

was dit deel van Opperman se metode om by elke afdeling van die werk sy studente bekend te stel aan die belangrikste studies oor die verskillende aspekte en só die weg te baan vir selfstandige studie. Die eksamenvrae wat hy in sy jare as dosent van dié kursus gestel het, getuig daarvan dat hy sowel 'n oorsigtelike as indringende analitiese studie van sy studente geverg en hulle tot heelwat eie navorsing aangespoor het.

Vir die kursus oor die Geskiedenis van die Nederlandse en Afrikaanse Letterkundige Kritiek het Opperman van sy studente verwag om hoofsaaklik self die bespreking in te lei. Hy het hulle bekend gestel aan oorsigtelike studies oor die geskiedenis van die kritiek, soos dié van Saintsbury en later ook Wellek, Wimsatt en Brooks, en Daiches, en dan agtereenvolgens die belangrikste tekste op dié gebied in Nederlands ter sprake gebring. Die kursus is afgesluit met 'n kursoriese oorsig oor die Afrikaanse literêre kritiek en 'n bespreking van enkele werke en figure.

Die indeling van die werk in die Departement het op so 'n wyse geskied dat elke dosent een dag per week volkome vry was van doseerwerk. Naas sy lesings vir die voltydse studente, wat alles gerieflik in die oggend ingeruim is, was Opperman ook verantwoordelik vir die herhaling vir die deeltydse studente van enkele klasse wat in die laatmiddag by die Oranjestraat-kampus van die Universiteit gehou is. Vir die deeltydse studente is Afrikaans I jaarliks om 5.10-6.00 nm. aangebied, terwyl Nederlands en Afrikaans I en II elke derde jaar om dieselfde uur gealterneer het, sodat Opperman soms een laatmiddag per week en soms twee middae per week doseerverpligtinge gehad het. Daarnaas was hy ook verantwoordelik vir die letterkunde-lesings vir die Afrikaans Halwe Kursus wat op 'n Woensdagaand van 6.05-6.50 nm. plaasgevind het. Hierdie kursus was hoofsaaklik vir B. Comm.-studente bedoel wat dit saam met die Halwe Kursus in Engels vir graaddoeleindes kon volg. Gewoonlik was daar net sowat tien tot vyftien studente in die klas en het Opperman enkele gedigte, een roman of 'n bundel kortverhale en een drama (dikwels *Die wildsboudjie* van Fritz Steyn) met hulle behandel.

'n Laaste doseerverpligting van Opperman was twee kursusse wat hy vir die Departement Drama moes aanbied. Alle tweedejaarstudente van Drama en Toneel moes 'n kursus oor die geskiedenis van die Wes-Europese Drama volg waartoe die verskillende taaldepartemente elk 'n bydrae gelewer het. Die kursus is na 'n kort inleiding begin deur die Departement Klassieke Tale wat die Griekse en Romeinse drama behandel het. Daarna het Opperman oorgeneem vir 'n kursus van agt lesings wat hy in Engels oor die ‘Dutch Medieval Drama’ moes aanbied. Dit is gevolg deur die Departemente Engels, Frans en Duits wat oor die Elizabethaanse en Jakobynse drama, die Frans-Klassisisme en Schiller en Goethe onderskeidelik gepraat het, terwyl iemand van die Departement Engels vir 'n kursus oor Ibsen en Shaw verantwoordelik was. Die oorsig is afgesluit deur Opperman met 'n kursus van agt lesings oor die Afrikaanse

drama. Albei kursusse het plaasgevind in die tweede lesuur wat van 9.40-10.25 vm. geduur het, sodat dit gemaklik by Opperman se ander werk kon inpas.

Die getal studente in die Departement Nederlands en Afrikaans het gewissel van tussen 70 en 100 vir Afrikaans I, tussen 50 en 60 vir Nederlands en Afrikaans I, 20 vir Nederlands en Afrikaans II, tussen 5 en 12 vir Nederlands en Afrikaans III, tussen 2 en 4 vir die Honneursgraad en sporadiese kandidate vir die M.A.- en doktorsgraad. Aangesien daar geen assistente in die Departement was om met die sleurwerk te help nie, was elke dosent vir sy eie nasienwerk verantwoordelik. Veral vir die eerstejaarskursusse was dit 'n kwaai opgaaf, want elke dosent moes drie punte per jaar vir toetse of opstelle inlewer en daarnaas ook die halfjaarlikse en eindeksamens nasien. Vir Nederlands en Afrikaans II is gewoonlik twee langer werkstukke vir elke dosent ingelewer, terwyl Nederlands en Afrikaans III-studente vir elke dosent een omvattende taak moes voltooi. By die tweedejaars was daar ook die halfjaarlikse en eindeksamens, terwyl die derdejaars geen eksamen in die middel van die jaar gehad het nie maar wel die vraestelle aan die einde van die jaar moes skryf.

Opperman het dus altesame tussen agt en nege lesings per week gehad wat op gerieflike tye geval het. Afgesien van die gereelde nasien van toetse en eksamens was sy verpligtinge verder twee beurte as opsiener tydens die eindeksamen, die bywoning van maksimaal vier Fakulteitsraadsvergaderings per jaar en een departementele vergadering per week wat Canis Scholtz in een van die oop lesure gereël het. Van tyd tot tyd moes hy ook aanbevelings vir biblioteekbestellings voorlê. Hy kon hom in 'n baie groot mate van verdere administratiewe verpligtinge en komiteewerk losmaak, sodat hy baie aandag aan sy eie navorsing en sy skeppende werk kon wy, 'n situasie wat vir hom ideaal was na die lang ure by *Die Huisgenoot*.

Aangesien Izak van der Merwe nie belanggestel het in leiding vir magisteren doktorale kandidate nie, moes Opperman dié werk behartig vir studente wat in die letterkunde wou spesialiseer. Alhoewel meer studente ingeskryf was, het net drie tydens sy termyn as dosent aan die Universiteit van Kaapstad hulle M.A. onder hom voltooi, nl. Helena P. Jordaan met 'n studie oor *M.E.R. as skryfster* (1949), M.C. Calitz met 'n verhandeling oor *J.F.W. Grosskopf, 'n Afrikaanse 'Padbreker'* (1950) en Rialette Vogel met *'n Ondersoek na die hoofbeginsels in die vroeëre Afrikaanse poësiekritiek, met die bespreking van N.P. van Wyk Louw se poësie as uitgangspunt* (1959). Helena Jordaan se verhandeling was die eerste omvattende studie oor M.E.R., 'n skryfster wat tot in daardie stadium deur die kritiek verwaarloos en deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir bekroning verbygegaan is. Jordaan se studie was in dié opsig 'n belangrike regstelling; 'n hoofstuk daaruit is in *Standpunte*, V:1, Oktober 1950 gepubliseer. Opperman was teleurgestel toe Jordaan, wat blyke van fyn aanvoeling en insig in haar verhandeling gee, nie met die doktorale studie wou voortgaan nie en later ook geen bydrae op die gebied van die kritiek

gelewer het nie. Die studie oor Grosskopf is 'n bestekopname oor die werk van 'n dramaturg wat kort tevore oorlede is en wie se oeuvre gevolglik in sy geheel beskou kon word. Calitz was later as onderwyser aan die Hoërskool Jan van Riebeeck verbonde. Rialette Vogel het in die laat-vyftigerjare die eerste junior lektrise in die Departement geword met die opdrag om veral groepklasse by die eerstejaarstudente te behartig ten einde hulle taalvaardigheid te verbeter. Met haar deeglike verhandeling oor die vroeëre Afrikaanse poësiekritiek het sy verder gewerk in 'n rigting wat Opperman in sy eie M.A.-studie twintig jaar tevore verken en waarin hy steeds belanggestel het. Later het sy as Rialette Wiehahn aan die Universiteit van Suid-Afrika gedoseer en onder leiding van N.P. van Wyk Louw aan die Universiteit van die Witwatersrand gepromoveer met 'n voortreflike verhandeling oor *Die Afrikaanse poësiekritiek* (1965) wat wesentlik 'n voortsetting van haar M.A.-studie was. Ander studente uit Opperman se termyn wat bekendheid verwerf het as skrywers of navorsers op die gebied van die letterkunde, is Leon Rousseau, Roswitha Geggus (Schutte), Adam Small, Edith Raidt en Breyten Breytenbach.

Die vraag ontstaan hoe geslaag Opperman as dosent aan die Universiteit van Kaapstad was. Terwyl Izak van der Merwe met groot geesdrif oor die literatuur kon gesels en by tye trane in sy oë kon kry van ontroering, het Opperman sy lesings en kursusse presies en sistematies beplan en 'n digterskap of 'n spesifieke vers rustig ontleed. Hy kon sy studente uitstekend inlei in 'n nuwe veld en hulle bekend stel aan die literatuur van en oor 'n bepaalde skrywer of tydvak, sodat hulle onder die indruk gekom het van sy absolute beheer oor sy vak en sy vermoë om die stof vir hulle te ontsluit. Wat telkens opgeval het, was die wyse waarop hy met enkele aanduidings kon deurdring tot die kern van 'n gedig of 'n digterskap. Hy het selde 'n gedig uitvoerig ontleed, maar sy opmerkinge was gewoonlik wegwysers wat die student kon opvolg en verder uitwerk. Telkens het hy dan ook die woorde ‘let op’ of ‘gaan na’ gebruik, want hy het van sy studente intelligente meelewing, konsentrasie en voortgesette werk verwag. Daarby was hulle daarvan bewus dat dit nie 'n droë wetenskaplike is wat voor hulle staan nie, maar dat hy 'n teks uit die gesigspunt van die digter of sy eie digterskap bekyk. In verband met Hooft se sonnette het hy byvoorbeeld sy studente aangeraai om na die rymwoorde te kyk, omdat die rymwoorde dikwels sleutels is waaraan 'n mens 'n goeie digter herken. Dikwels kon hy die ouer literatuur - wat vir die meeste studente 'n verwyderde gebied was waarin hulle minder belanggestel het - aktualiseer deur verrassende verbande na die moderne tyd te lê, soos die verwantskap wat hy tussen die Middeleeuse ‘expositor ludi’ en die verteller in Thornton Wilder se *Our town*, Arthur Miller se *A view from the bridge* en die aankondiger in Van Wyk Louw se *Dias* kon aantoon. In sy lesings het die aksent dikwels geval op die gevoeligheid waarmee 'n digter woorde en beelde gebruik, die vraag of daar 'n sekere gerigtheid in die vers is, of 'n mens van ontwikkeling en progressie kon praat, of die gedig homself voed

en of daar voos kolle aanwesig is. In sy nasienwerk het hy noulettend aandag gegee aan taalgebruik en presiese formulering, en kon hy foutiewe taal en stilistiese hebbelikhede vir sy studente uitwys.

Aanvanklik het Opperman slegs 'n tydelike lektoraat beklee. Aan die einde van 1949 met die benoeming van Canis Scholtz as hoogleraar en nuwe hoof van die Departement, het Scholtz se eie lektoraat vakant gekom en is Opperman vroeg in 1950 in dié pos aangestel. Soos gebruiklik aan die Universiteit van Kaapstad was elke aanstelling onderhewig aan 'n proefperiode van drie jaar. In Augustus 1952 het Opperman verneem dat hy permanent aangestel is. In Desember 1952, ná die voltooiing van sy D. Litt., is 'n navorsingsbeurs vir vyf jaar aan hom toegeken, 'n toekenning wat in Junie 1957 vir 'n verdere vyf jaar hernu is. In November 1954 is hy bevorder tot senior lektor. Hierdie aanstelling was op 'n ad hominem-basis, aangesien hy nie in 'n bestaande vakature benoem is nie en sy bevordering niks te make gehad het met die ‘fixed establishment’ in die Departement nie.

Die doseerpos aan die Universiteit van Kaapstad was vir Opperman aanvanklik 'n sterk stimulus. Op 27 April 1949 skryf hy vir G.A. Watermeyer hoe hy die doseerwerk geniet. Hy ‘leef feitlik van lesing tot lesing: weer al die klassieke herlees en kolleges voorberei. Om op hierdie stadium weer opnuut rekenskap te gee, is 'n heerlike avontuur, 'n vreugde vir die gees.’ Dat hy hoofsaaklik tot die Middeleeue en sewentiende-eeuse Nederlandse letterkunde beperk was, het hom aanvanklik nie gehinder nie, aangesien hy graag weer - na sy intensiewe kursusse by G.S. Nienaber en J.J. le Roux oor dié gebiede - met die ouer literatuur op die hoogte wou kom. Daarby het hy - volgens 'n mededeling in sy brief aan G.A. Watermeyer - gereken dat die klassieke te veel ter wille van die ‘jongste’ en die ‘nuutste’ verwaarloos word. Vir Opperman se historiese bewussyn en wye verwysingsveld was die intense bestudering van die ouer literatuur van groot waarde. Dit het nie alleen in sy kritiese geskrifte neerslag gevind nie, maar ook in sy skeppende werk. 'n Mens kan met redelike sekerheid sê dat Opperman bepaalde gedigte nie sou geskryf het as hy die pos aan die Universiteit van Kaapstad met die opdrag om die ouer Nederlandse literatuur te doseer, nie aanvaar het nie. Afgesien van die bevrugtende invloed van Vondel op sy twee versdramas uit die vyftigerjare is daar talle gedigte wat op die een of ander wyse die invloed van sy doseerwerk verraai. Die eerste duidelike neerslag hiervan vind 'n mens in sy ‘Brandaan’-siklus wat in *Standpunte*, V:2, Desember 1950 verskyn en in *Engel uit die klip* opgeneem word en op sy kennismaking met *De reis van Sente Brandane* steun. Sy belangwekkende ‘Kroniek van Kristien’ in *Blom en baaierd* vloei voort uit sy studie van J.H. Bormans se uitgawe van *Leven van Sinte Christina de Wonderbare*. Hierdie uitgawe het in 1850 by C. Annoot-Braeckman in Gent verskyn. Opperman het daarin geslaag om 'n eksemplaar daarvan vir die Kaapstadse Universiteitsbiblioteek te verkry en vir eie gebruik 'n

afdruk te laat maak in 'n tyd toe fotokopieë nie 'n algemene verskynsel was nie.

Maar ook uit sy kursus oor die vroeë Hollandse en Afrikaanse tekste vir die eerstejaarstudente kon hy stof vir sy gedigte put. By geleentheid het Canis Scholtz sy aandag gevestig op Preller se uitgawe van Gideon Scheepers se *Dagboek* as een van die ontroerendste dokumente uit die Anglo-Boereoorlog. ‘'n Paar weke later’, so vertel Scholtz in *Oor skilders en skrywers*,

> bel Dirk my en stel voor dat ons 'n glas bier gaan drink in die Hotel Drommedaris op die hoek van Leeuwen- en Langstraat. Ek was vir so iets altyd te vinde. Toe die glase halfpad leeg was, haal Dirk 'n vel papier uit sy baadjiesak en gee dit aan my sonder om iets te sê. Dit was die gedig ‘Gebed om die Gebeente’, wat ek toe die eerste keer daar in die halfdonker kroeg gelees het. Elkeen wat dié aangrypende Scheepers-gedig ken, sal my verbasing en verrukking begryp. Toe dit as laaste vers in die bundel *Engel uit die Klip* verskyn, het Dirk op die titelblad van die gedig in die eksemplaar van die bundel wat hy aan my gegee het, geskryf: ‘C. Dankie vir die spoor wat jy my laat vat het. D.’[1]

By 'n latere geleentheid het Scholtz Opperman ook attent gemaak op Preller se uitgawe van die *Dagboek van Louis Trigardt*. ‘Dirk het die dagboek gaan lees,’ vertel Scholtz verder, ‘en later - hoe lank daarna weet ek nie meer nie - met die sober maar treffende vers “Clat Boek” vorendag gekom: “Dit is al wat ek uit die Dagboek kon haal”, het hy aan my gesê.’[2] Later sou hy sy drama *Voëlvry* ook hierop baseer.

Opperman het dus voorkeur gegee aan die universiteitspos bo die joernalistiek, omdat die soort lewe wat hy kon voer, hom in staat gestel het om veel meer tyd aan sy eie skeppende en kritiese aktiwiteit te bestee. In 'n brief van 25 Oktober 1948 skryf hy aan H.A. Mulder dat sy beroepsverandering 'n finansiële opoffering beteken omdat hy 'n beloofde verhoging by *Die Huisgenoot* en die voorgehoue redakteurskap prysgee, maar dat hy nou moet kies tussen sy siel en geld: ‘Ek wil meer tyd...tyd hê - vir skryf en lees en dink, ag! en net om mens te wees.’ Die eerste jare as dosent, van 1949 tot 1956, word dan ook van die vrugbaarste periodes in Opperman se lewe. In dié tydvak publiseer hy die epiese gedig *Joernaal van Jorik* (1949), die digbundels *Engel uit die klip* (1950) en *Blom en baaierd* (1956), die versdramas *Periandros van Korinthe* (1954) en *Vergelegen* (1956) en voltooi hy die samestelling van sy reeks verseboeke. Naas 'n voortsetting van sy kritiese opstelle wat eers later gebundel word, voltooi hy sy groots opgesette D.Litt.-proefskrif oor die *Digters van Dertig* (1953) en werk hy mee aan *Wêreldletterkunde* en *Die skatkis*. In die jare 1950-1955 behartig hy ook die sekretariaat van *Standpunte* en sorg hy deur sy redigering vir die hoë peil wat die blad handhaaf. As 'n mens in ag neem dat hierdie werk nie uit die mou geskud is nie, maar dat dit oneindig veel navorsing, noukeurige opbou van gehele en 'n deeglike siftingsproses ten grondslag het, is dit in die kort bestek van agt jaar een van die indrukwekkendste presta-

sies van 'n Afrikaanse outeur. Daarby moet 'n mens onthou dat hierdie produksie gelewer is onderwyl Opperman in dié jare 'n volwaardige betrekking beklee en sy doseerwerk en ander verpligtinge nougeset nagekom het.

Ten spyte van die sterk stimulus wat daar van die nuwe werkomstandighede uitgegaan en die vrye tyd wat hy nou tot sy beskikking gehad het, was daar tog betreklik gou 'n mate van teleurstelling en selfs ontnugtering. Opperman het die pos aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar kort nadat die Nasionale Party die verrassende verkiesingsoorwinning van 1948 behaal het, 'n uitslag wat die ondersteuners van die Verenigde Party en die Engelstalige deel van die bevolking totaal onkant betrap het. Hulle het gevoel ‘we are the underdogs again’, geen geheim van hulle wrewel en frustrasie gemaak nie en geringskattend oor die Afrikaner gepraat. 'n Lys van Afrikaanse firmas wat geboikot moes word, is op die kampus rondgestuur. By geleentheid het een van die dosente in 'n vergadering van die Fakulteitsraad verwys na ‘the so-called Minister of Education’. A.H. Murray, hoogleraar in Filosofie en 'n gesiene Afrikaanstalige personeellid van die Universiteit, het protes aangeteken en daarop aangedring dat sy beswaar genotuleer moet word. Hoewel Opperman self aan die Engelstalige Natalse Universiteitskollege gestudeer het en dié soort houding teenoor die Afrikaners nie vir hom vreemd was nie, het hy as onderwyser by die skole in Pietermaritzburg en Johannesburg en veral as joernalis by die Nasionale Pers in volledige Afrikaanse werkkringe en gemeenskappe beweeg. By die Universiteit van Kaapstad moes hy - soos hy dit self 'n keer gestel het - opnuut aan 'n taalstryd deelneem wat vyf en twintig jaar tevore al afgehandel is. Een van die redes waarom hy destyds Pietermaritzburg verlaat het, was juis omdat die oorwegend Engelstalige gemeenskap te min stimuli vir sy skeppende werk gebied het en die negatiewe elemente ten opsigte van die Afrikaner en die Afrikaanse wêreld te sterk was. Alhoewel Opperman in Kaapstad met sy ruim Afrikaanse vriendekring en sy betrekkinge met die uitgewers en personeellede van die Afrikaanse dag- en weekblaaie in 'n totaal ander milieu as in Pietermaritzburg beweeg het, was hy tog bewus van die ergerlike anti-Afrikaanse gevoel by die Universiteit.

Daar by het hy ná sy aanvanklike geesdrif teleurstellings beleef met die meeste van sy studente. Die Engelstaliges het min belangstelling getoon, terwyl die Afrikaanstaliges in 'n hoë mate verveeld was met die ouer Nederlandse literatuur. Izak van der Merwe was nie lus om van sy lesings oor die moderne letterkunde met sy kollega uit te ruil nie, met die gevolg dat Opperman noodgedwonge moes voortgaan. Soms het hy selfs die verveling as probleem aan die begin van 'n kursus gestel, juis om die studente te probeer motiveer! Hoewel hy steeds nougeset aandag aan sy doseerwerk bestee het, was die stimuli vir algehele oorgawe by tye te min, veral as hy - soos soms gebeur het - voor 'n Nederlands en Afrikaans III-klas van vyf moes staan van wie nie een 'n werklik goeie of selfs gemiddelde student was nie. In uiterste gevalle het hy verval in

die metode om die studente rolle uit die sewentiende-eeuse dramas in die klas te laat voorlees, 'n werkwyse wat misluk het weens die vreemdheid van die Nederlands van die Goue Eeu en die hele wêreld van Vondel se Barokdramas.

Die gebrek aan inspirasie van die studente se kant was ook verantwoordelik vir 'n mate van verstarring ná die aanvanklike wysigings wat hy in die kursusse aangebring het. Jare na mekaar is dieselfde werk behandel; en weinig nuwe gebiede of nuwe tekste is tot sy leerplanne toegevoeg. Daarby was hy soms traag om die laatmiddagklasse waar te neem. Met sy daaglikse roetine as nagwerker en middagslaper wou hy vyfuur in die middag in die bed wees en het dié klasse te vroeg vir hom begin.

Tog het Scholtz veel aan Opperman as dosent in sy Departement gehad, aangesien hy sy werk sistematies beplan het en meestal goed kon klasgee. Aan die einde van die jaar was Opperman se hantering van vrae tydens die gereelde mondelinge eksamens vir die grensgevalle aanvanklik nie baie bevredigend nie, maar hy het later baie verbeter. Op 'n keer het mej. Vogel by Scholtz gekla dat sy nie genoeg leiding van Opperman ontvang nie. Dit was egter eerder 'n geval waar sy - volgens Opperman - 'n tydelike impasse bereik het waaruit sy self sonder hulp moes kom om vakkundig verder te ontwikkel. Dit was dus nie onwilligheid of laksheid aan die kant van die studieleier nie, maar fyn opvoedkundige insig waarby sy student alleen kon baat.

Selfs met gevorderde nagraadse studente was daar soms teleurstellings. In 1950 het 'n Nederlandse uitruilstudent, mej. L.A. de Rot, op aanbeveling van N.P. van Wyk Louw - wat toe kort tevore as professor aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam benoem is - vir voortgesette studie na die Universiteit van Kaapstad gekom. In oorleg met Canis Scholtz het Opperman dit goedgedink om die student bekend te stel aan die skeppende en kritiese werk van H.A. Mulder wat die vorige jaar oorlede is. Opperman, wat self kort tevore 'n omvattende studie oor Mulder geskryf het, was goed op die hoogte van die gebied en dus bereid om haar te help met Mulder se private argief wat deur mev. Lien Mulder in bruikleen aan die Universiteit van Kaapstad beskikbaar gestel is. Dit was 'n uitstekende geleentheid om reg te laat geskied aan 'n belangrike Afrikaanse kritikus en 'n onderskatte Nederlandse digter. Mej. De Rot word egter vir Scholtz en Opperman 'n groot teleurstelling. Wat die vakgebied betref, openbaar sy - volgens 'n brief wat Opperman op 24 Oktober 1950 aan Van Wyk Louw skryf - eindelose hiate, 'n onvermoë, onkunde en onwilligheid: sy het nie werklike belangstelling en gevoeligheid vir die poësie nie; en sy skrik terug vir waardebepaling of onderskeiding in die letterkunde. Na 'n semester vra sy Scholtz, tot sy wrewel, dat hy 'n vorm moet onderteken wat haar vir die res van die akademiese jaar na die Universiteit van Pretoria oorgeplaas kon kry, 'n inrigting waar sy met die destydse kursusse en doseerbesetting akademies veel swakker daaraan toe sou wees.

Ten spyte van hierdie teleurstellings het Opperman tog veel plesier aan sy

studente en die samewerking met kollegas by die Universiteit van Kaapstad gehad. Izak van der Merwe was 'n besondere gespreksgenoot, lojale vriend en groot bewonderaar van Opperman se skeppende en kritiese werk, al was hy vakkundig enigsins anders ingestel.

Aanvanklik het Opperman ook 'n baie goeie verhouding met Canis Scholtz gehad. Hy het Scholtz uit sy publikasies leer ken as 'n deeglike vakman op die gebied van die historiese taalkunde en een van die voortreflikste stiliste in Afrikaans, 'n man wat die taal in sy fynste nuanses geken en gebruik het. Hy was ook bewus van die jarelange vriendskap tussen Van Wyk Louw en Scholtz, die hoë agting wat Van Wyk Louw vir Scholtz se taalgevoel en literêre oordeel gehad het en die feit dat Scholtz die meeste van Van Wyk Louw se werke voor publikasie gelees het.

Tydens sy termyn as dosent het Opperman dan ook by herhaling sy eie werk aan Scholtz voorgelê. Scholtz het die manuskripte van *Joernaal van Jorik*, *Engel uit die klip* en *Blom en baaierd* almal sorgvuldig nagegaan, terwyl hy as promotor vir *Digters van Dertig* uiteraard veel advies aan Opperman kon gee. 'n Mens kan ook aanneem dat Opperman sekere aspekte van die kritiese opstelle waaraan hy in dié jare gewerk het, met Scholtz sou bespreek het. In die voorwoord tot *Groot verseboek* bedank hy Scholtz onder andere vir sy samewerking en vir die aandeel wat hy aan die keuse uit sy eie werk gehad het. Na alle waarskynlikheid het Scholtz ook Opperman attent gemaak op Pulvermacher se ‘Dopper Joris en syn seiltjie’. Dié pragtige gedig voor 1900 was totaal vergete totdat Scholtz dit in 'n artikel van 29 April 1938 in *Die Huisgenoot*[3] uit die vergeelde bladsye van *Het Volksblad* opnuut onder die aandag gebring het. ‘'n Hele aantal jare,’ skryf Scholtz in 1962, ‘het dit gevaar geloop om weer vergeet te raak, al het I.W. van der Merwe dit graag aan sy studente in die eerste kursus aan die U.K. voorgelees by die behandeling van die vroegste Afrikaanse poësie. In 1951 is 'n wens wat ek in 1938 geuit het, mooi verwesenlik: D.J. Opperman het “Dopper Joris” opgeneem in die eerste druk van sy (nou baie bekende bloemlesing) *Groot Verseboek*.’[4]

Opperman moes dus veel gehad het aan 'n vriend en departementshoof met wie hy vakkundig op 'n hoë vlak kon verkeer en aan 'n persoon wat sy manuskripte so sorgvuldig kon nagaan. Terwyl Fred le Roux gewoonlik 'n uitstekende oordeel oor die argitektoniese eenheid van 'n werk kon uitspreek, was Scholtz in staat om 'n vers met groot sorg woord vir woord te lees, die interpunksie, spelling en ander taalkundige aspekte na te gaan en by probleemgevalle kruisies in die teks te maak. Hy was iemand wat nie juis bekend was vir oorgeesdriftige loftuitinge nie. In die eksemplaar van *Engel uit die klip*, wat Opperman by die verskyning van die bundel aan Scholtz gee, bedank hy sy vriend vir die gesprekke oor die manuskrip en die lees daarvan. Aan die einde van die ‘Diereriem’-reeks skryf hy die kwatryn ‘Canis major’ by wat hy later as die eerste van die reeks ‘Bewakers’ in *Blom en baaierd* opneem:

Jaloerse waghond van die hemelboë,
jy skat die hemelinge na vermoë
sodat hulle besorg kyk of die sterre
flikker uit jou tande of jou oë.[5]

Tog was die verhouding nie altyd ewe goed nie. Canis Scholtz het, na 'n kort periode waarin hy Opperman gesien het as die Afrikaanse digter met die grootste potensiaal, altyd voorkeur gegee aan die poësie van Van Wyk Louw wie se taalgebruik vir hom fyner was as dié van Opperman. Tydens gesprekke soggens oor die tee het Scholtz knaend gepraat oor Van Wyk Louw se werk waarvoor hy sy bewondering nie weggesteek het nie, terwyl Opperman se poësie selde die onderwerp van bespreking was, Boerneef nooit ter sprake gekom het nie en na baie ander Afrikaanse skrywers met die grootste minagting verwys is. 'n Mens kan met redelike sekerheid aanneem dat hierdie ondubbelsinnige voorkeur vir Van Wyk Louw en die negering van sy eie en ander se werk oor die jare vir Opperman 'n onverteerbare aspek van die gereelde teesessies was, terwyl dit bepaald op die meer emosionele Van der Merwe se senuwees gewerk het. Scholtz self was klaarblyklik ongevoelig vir die reaksie wat sy gesprekke oor Van Wyk Louw by sy kollegas ontlok het. Daarby was hy in die wyse waarop hy kritiek op Opperman se manuskripte uitgespreek het, eerder 'n konsultant-ingenieur wat koel en wetenskaplik advies gegee het, nie 'n vriend soos Fred le Roux wat warm en met geesdrif kon reageer nie. Selde het hy gesê 'n reël of 'n gedig is goed, maar in hoofsaak gekonsentreer op aspekte van die werk waarmee hy fout kon vind. Aan die ander kant was hy daarop gesteld dat Opperman wel die manuskripte aan hom toon, veral om voor iemand anders insae daarin te kry. Sy vraag was dan ook telkens of hy die eerste is wat dit sien, iets wat Opperman soms verplig het om vir Van Wyk Louw en Fred le Roux te waarsku dat hulle nie met Scholtz moes praat voordat hy óók 'n manuskrip gelees het nie. By geleentheid was Scholtz daarvan bewus dat Fred le Roux 'n manuskrip vóór hom gelees het. ‘O, jy slyp jou aan sagter stene, nè?’ was sy opmerking teenoor Opperman.[6]

Maar ook in die Departement was die verhoudinge nie altyd na wense nie. Alhoewel Izak van der Merwe lank voor Scholtz aan die Departement verbonde was en reeds in die veertigerjare tot senior lektor bevorder is, het hy in 1949 nie aansoek gedoen toe die professoraat en die hoofskap van die Departement vakant geraak het nie. Dit was sy oortuiging dat Scholtz as vakman sy meerdere is en die betrekking behoort te kry. Van der Merwe het gevoel dat hy na al die jare diens aan die Departement van sommige verpligtinge, soos doseerwerk vir Afrikaans Elementêr ('n kursus wat aangebied is vir studente vir wie Afrikaans 'n heeltemal vreemde taal was), losgemaak behoort te word. Blykbaar het dit nooit tot Scholtz deurgedring dat Van der Merwe op grond van sy senioriteit en die lojaliteit wat hy met die vakature teenoor Scholtz geopenbaar het, 'n

sekere aanspraak op so 'n geringe vergunning gehad het nie. Van der Merwe was ongelukkig hieroor en hy het sy gevoel teenoor Opperman nie weggesteek nie.

Daarby was daar in Scholtz se optrede as hoof van die Departement sommige dinge wat verset en wrewel by sy kollegas uitgelok het. Tydens die weeklikse departementele vergaderings het dit Van der Merwe geïrriteer dat Scholtz sommige omsendbriewe van die administrasie eers tydens hulle byeenkoms oopmaak en só die reeds vervelige verrigtinge en die sleurwerk verder uitrek. Opperman moes daagliks die klagtes van Van der Merwe aanhoor. Alhoewel hy glimlaggend baie van dié dinge by hom kon laat verbygaan, het hy self ook die gevoel gehad dat Scholtz se hantering van sake vlotter kon verloop. By meer as een geleentheid het hy - wat van jongs af ondeund en onnutsig kon wees - met 'n gesteun by die departementele vergadering opgedaag en met gevoude arms en 'n verveelde uitdrukking gaan sit, iets wat Van der Merwe baie gou agtergekom en nageboots het. Scholtz was verplig om Opperman eenkant toe te roep en hom oor sy optrede oor die vingers te tik. Toe Opperman speels enige doelbewuste uittarting ontken, was Scholtz se woorde: ‘Nee, jy sit verveeld voor jou en uitstaar en jy steek Izak aan. Met julle twee wat só sit, kan ek die jong mense in die Departement nie meer beheer nie!’ Op 'n keer moes Scholtz taamlik dringend reëlings vir 'n hereksamen tref en belê hy 'n departementele vergadering op die dag voor Kersfees, nog iets wat die gramskap van Opperman en Van der Merwe gewek het. By geleentheid moes Opperman op 'n Saterdag 'n *Standpunte*-vergadering bywoon. Scholtz het 'n dag of wat tevore 'n departementele vergadering op dieselfde tyd aangekondig. Toe Opperman sy reeds afgesproke byeenkoms noem, het Scholtz hom soos 'n skoolkind op sy verpligtinge teenoor die Departement en die Universiteit gewys. Opperman was verplig om sy mederedaksielede mee te deel dat hy hulle vergadering nie op die presiese tyd sou kon bywoon nie.

Dit was dus klein irritasietjies wat die verhoudinge in die Departement vertroebel het, al was dit gesamentlik nie van soveel belang om 'n openlike botsing tussen Van der Merwe en Scholtz of tussen Opperman en Scholtz uit te lok nie. Aan die einde van 1956 - kort voordat Opperman op 'n uitgebreide studiereis na Europa sou vertrek - het daar egter iets plaasgevind wat blywender skade sou aanrig.

In Augustus 1956 het Scholtz vir Opperman meegedeel dat die komitee wat persoonlike bevorderings by die Universiteit behartig, binnekort sou vergader en dat dit sy voorneme is om Opperman vir 'n medeprofessoraat aan te beveel. Op die dag dat die vergadering sou plaasvind, het Opperman egter gesien dat Scholtz met *Boplaas*, *Van my kontrei* en 'n paar ander publikasies van Boerneef in die hand na die vergadering vertrek en het hy geweet hoe die wind waai. 'n Paar maande later is dan ook bekend gemaak dat Van der Merwe tot medeprofessor bevorder is - 'n benoeming wat hy op grond van sy jarelange diens aan

die Universiteit dubbel en dwars verdien het, maar waarop hy in daardie stadium nie vir sy skeppende prosa of sekerlik nie vir sy wetenskaplike werk geregtig was nie, veral nie as Opperman op die een of ander wyse ook aanspraak kon maak nie. Opperman het besef dat Scholtz uiteindelik, toe paaltjie by puntjie kom, van sy oorspronklike voorneme afgesien en die bevordering tydens die komiteevergadering vir Van der Merwe bepleit het. In die weke ná die bekendmaking van Van der Merwe se bevordering en vóór Opperman se vertrek na Europa was Scholtz egter laks om dié belangrike aangeleentheid met Opperman te bespreek.

Die boot sou egter op Vrydag, 7 Desember, vertrek, en Scholtz kon nie langer wag nie. Na afloop van 'n noenmaal by die Here XVII op Donderdag, 6 Desember, het Scholtz oor 'n drankie Opperman gewys op Van der Merwe se jarelange diens aan die Universiteit, sy begeesterende doseerwerk en sy bydrae tot die Afrikaanse prosa. Al hierdie dinge was vir Scholtz uiteindelik deurslaggewend om 'n aanbeveling ten gunste van Van der Merwe te maak, al het hy besef dat Opperman op grond van sy skeppende en wetenskaplike publikasies veel sterker staan. Opperman het die bevordering vir sy kollega en vriend van harte gegun en was saam met Van der Merwe verheug oor die medeprofessoraat, maar hy het Scholtz se optrede laakbaar gevind en dit ook sonder omhaal van woorde aan hom gesê. Met die aanvanklike belofte het Scholtz sekere verwagtinge geskep wat nie vervul kon word nie, en met die uitstellery om sy gewysigde plan van aksie en uiteindelike optrede in die komiteevergadering aan Opperman oor te dra, het hy 'n vertrouenskrisis geskep wat 'n sekere troebelheid in hulle verhouding bring. Daarby het Opperman gevoel dat Scholtz nou, op die vooraand van sy en Marié se vertrek na Europa, sy tyd met 'n afgehandelde saak mors en hom deur die aarselende mededelings en omslagtige aanbod meer laat drink het as wat hy wou. Met 'n bietjie venyn het hy verwys na die dag toe Scholtz en sy vrou in hulle motor geklim het om D.B. Bosman êrens in die Noordweste op te spoor om hom te herinner aan sy belofte om die pos as ambassadeur in Den Haag te aanvaar en só vir Scholtz die geleentheid vir die hoofskap van die Departement te skep. Scholtz was ontsteld dat Opperman van dié dinge weet. Uiteindelik is hulle sewe-uur die aand vriendskaplik uiteen, al het daar 'n krapperigheid by Opperman agtergebly.

Tussen 1949 en 1956 het Opperman hard gewerk en baie vermag, maar die begeleidende spanninge het wel hulle tol geëis. Reeds in 1946 het die huisdokter hoë bloeddruk by Opperman gediagnoseer en was hy bekommerd oor sy gesondheid, al het hierdie simptome betreklik gou verdwyn.[7] Met die behandeling het dit aan die lig gekom dat kalmeermiddels 'n nadelige uitwerking op Opperman het. Om te ontspan, het hy toenemend meer alkohol begin gebruik, iets waarvoor hy nou met sy geriefliker dagprogram veel meer geleentheid gehad het. Dit was sy gewoonte om vroeg in die oggend wakker te word, om 5.45 vm. na die nuus oor Springbokradio te luister, die koerant te lees, ontbyt

te nuttig en dikwels weer vir 'n kort tydjie te slaap. Dan het hy gebad, aangetrek, vir Izak van der Merwe opgelaai, die kinders by die skool besorg en - as hy die dag klasse gehad het - betyds vir die eerste lesing om 8.45 vm. by die Universiteit aangekom. Na die teesessie het hy dikwels nog 'n lesing gehad, administratiewe werk afgehandel of die biblioteek besoek. As sy werk so teen 11.30 vm. klaar was, het hy en Van der Merwe weer in die motor geklim. By die huis in Drieankerbaai en later Tamboerskloof was dit sy gewoonte om drankies te drink, 'n goeie maaltyd te geniet en dan - afhangende van laatmiddagklasse - tot vyfuur of sesuur te slaap. Daarna het hy selde weer gedrink, maar van omstreeks agtuur in die aand tot drie-uur soggens gewerk.

Aanvanklik het Opperman hoofsaaklik bier gedrink. Omdat hy egter geneig was tot swaarlywigheid, het hy betreklik gou veral brandewyn - hoofsaaklik Oude Meester - en water verkies. Baie van sy vriende het ook alkohol geniet en die sosiale geleenthede van die Nasionale Pers en gesellighede by die huis is dikwels opgevrolik deur die gebruik van groot hoeveelhede drank. Opperman het feitlik nooit kroeë of ander openbare drinkplekke besoek nie, maar verkies om tuis te drink. Terwyl hy vroeër in Natal en in Johannesburg slegs sporadies gedrink het, veral bier omdat dit goedkoop was, het hy in die vyftigerjare 'n vaste gebruiker geword. Hy het stadig gedrink, gewoonlik 'n behoorlike maaltyd daarby genuttig en nooit sigbaar dronk of onverantwoordelik voorgekom nie. Marié was bekommerd oor sy drinkpatroon - veral omdat hy ook 'n strawwe roker was - en het dit by meer as een geleentheid met hom bespreek. Sy verweer was dat vreugdes en verdriete hom só skud dat hy 'n kalmeermiddel nodig het. Daarby het hy ná 'n sessie gekonsentreerde werk of 'n oggend se irritasies by die Universiteit die behoefte gevoel om te ontspan. Aangesien die gebruiklike kalmeermiddels vir hom taboe was, het hy drank verkies. Dit was vir hom aangenaam om gemoedelikheid deur alkohol te ervaar, en dit het hom laat ontspan. Daarby het dit hom gehelp om sy teruggetrokkenheid te oorkom en makliker met mense te kommunikeer. Hoewel hy soms drank as 'n prikkel vir sy skeppende werk gebruik het en miskien 'n enkele reël agterop sy dosie Stuyvesant sou neerkrabbel, was dit sy vaste gewoonte om nooit onder die invloed iets te skryf nie. Drank kon volgens hom miskien 'n ingewing verder stimuleer, maar dit was sy oortuiging dat die skrywer by sy volle positiewe moet wees as hy aan al die strukturele eise van 'n kunswerk wil voldoen. Daarom het hy nooit ná 'n dranksessie gaan werk nie, maar hom eers behoorlik uitgeslaap.

In die vyftigerjare was Opperman dus reeds 'n gewoontedrinker. Aangesien hy 'n gestel so sterk soos 'n bees gehad het, kon hy dit absorbeer sonder om sy gesondheid merkbaar daaronder te laat ly. Daarby was hy toe kreatief só polsend dat sy skeppende werk alle ander aktiwiteite in dié jare op die agtergrond geskuif het. Hy was in die fleur van sy lewe en hy het 'n periode ervaar waarin hy self kon sien hoe hy as skeppende kunstenaar en literêre denker tot 'n meester ontwikkel. Dit was vir hom elke dag 'n vreugde om so voluit te leef.

II

Met sy diensaanvaarding aan die Universiteit van Kaapstad in Maart 1949 het Opperman 'n hele aantal ongebundelde gedigte gereed gehad waarvan sommige in *Standpunte*, III:2, April 1948 gepubliseer is. Die impetus van sy werk as dosent en sy daaglikse kontak met kollegas was die aanleiding tot verdere werk. 'n Gedig soos ‘Ou non’ wat in die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* van 1950 verskyn, kan teruggevoer word na sy kennismaking met suster Sinte Josef, toe hy as elfjarige seun ernstig siek gelê het aan maagkoors in die Rooms-Katolieke Sanatorium in Pietermaritzburg. Tog steun dit ook regstreeks op sy bestudering van die mistieke Middeleeuse skryfster Hadewijch se werk[8] wat hy in 1949 vir sy Honneurskursus moes voorberei. Die gedig oor ‘Jeroen Bosch’ wat in *Standpunte*, V:1, Oktober 1950 opgeneem word, vloei voort uit sy kennismaking met sy kollega Diek Bax wat in hierdie jare met 'n uitvoerige studie oor Bosch se ‘Tuin van aardse luste’ besig was. Vir ‘Gebed om die gebeente’ in dieselfde uitgawe het hy op Canis Scholtz se wenk Preller se uitgawe van *Scheepers se Dagboek* deurgewerk. In dié nommer verskyn ook ‘Draaikewers’, 'n gedig wat ingegee is nadat Opperman op 'n dag ná 'n rusie by die huis die kringelende waterhondjies in een van die sementdamme met waterplante naby die Nasionale Kunsmuseum in die Tuine dopgehou het, al kan dit ook steun op sy kennismaking as hoërskoolseun met Gezelle se ‘Het schrijverke’ wat hy nou ook met sy eerstejaarstudente moes behandel. Die ‘Brandaan’-siklus, wat in *Standpunte*, V:2, Desember 1950 verskyn, is ingegee deur sy studie van die Middeleeuse teks van *De reis van Sente Brandane*. As daar in *Die Burger* van 31 Julie 1950 'n berig verskyn oor 'n agtjarige swart meisie wat in die Ceres-distrik op 'n koue sneeunag verkluim, is dit vir Opperman só aangrypend dat hy die gedig ‘Klara Majola’ skryf. In 'n brief aan C.J.M. Nienaber op 31 Mei 1953 vertel hy dat hy ná voltooiing die gedig vir Izak van der Merwe oor die telefoon voorgelees het, ‘gedeeltelik as uitdaging, omdat dié voorval in sy wêreld plaasgevind het’.[9] 'n Ruk daarna het Boerneef sy verhaal ‘Klara Mentoor’ geskryf wat in *Standpunte*, VI:1, Oktober 1951 verskyn en in 1956 in *Teen die helling* opgeneem word.

Voordat hy hierdie verse bundel, werk Opperman egter in dié jare aan 'n ander gedig wat hy kort ná sy diensaanvaarding aan die Universiteit van Kaapstad voltooi en aan die einde van 1949 publiseer, naamlik die lang epiese vers *Joernaal van Jorik*. Die eerste ingewing vir dié gedig kry hy op Saterdagoggend, 22 Mei 1948, toe hy en Van Wyk Louw in die Kaapstadse Koffiehuis saamgekom het om 'n koppie koffie te drink, te gesels en gedagtes met mekaar te wissel.[10] Met die belangrike verkiesing oor vier dae as prikkel het die gesprek gegaan oor die houding van die Ossewa-Brandwag en sy leier, Hans van Rensburg. Opperman vertel van die Stormjaers en Gryshemde se ekstremistiese en

gewelddadige optrede in Johannesburg en verwys na hulle aanvalle op die pers, beskadiging van kerke en pogings om die staatstelsel omver te werp.[11] As voorbeeld van die stryd in Pietermaritzburg wei hy uit oor sy kontak met die splintergroepe daar, en noem die geval van 'n ‘Duitse spioen’, Olaf Andresen, vir wie hy nie persoonlik geken het nie, maar uit wie se geheimsinnige aktiwiteite, nagtelike bewegings en die sporadiese, versluierde inligting van 'n Duitse onderwyseres oor haar bereisde ‘vriend’ se werk as agent hy gaandeweg vir homself die beeld van so 'n spioen in diens van die Nazi's opgebou het.[12]

Onder die vertelling deur het Opperman in een flitsende oomblik besef dat hy hiermee die sleutel tot en omraming vir 'n lang vers het en die antwoord op baie dinge wat reeds 'n hele tyd in hom woel. Met die figuur van die spioen of verraaier kon hy die geweld en vergrype van minderheidsgroepe soos die Stormjaers, die reikhalsende verlange na 'n staatsgreep en die verwarring onder die Afrikaners in sy gedig verwerk. Hy kon ook steun op sy en sy familie se regstreekse ervaring van die stryd teen veronregting in Natal en aan die Rand terwyl hy in Pietermaritzburg onderwys gegee en tydens vakansies gereelde besoeke aan sy ouers in Johannesburg gebring het. Daarby kon hy ook met 'n figuur wat aan die Suid-Afrikaanse kus afgelaai word en die land moet verken, die sentrale problematiek van die kontinuïteit van die geslagte na *Negester oor Ninevé* verder uitwerk: die mens se opstyg uit die ‘oer-moeras’ en sy ontwikkeling deur verskillende evolusionêre fases heen wat volgens die opvattinge van Darwin deterministies bepaal is.

Reeds in *Negester oor Ninevé* word die kontinuïteit van die geslagte egter ook in verband gebring met die woeste voorgeskiedenis van die talle strandings aan die Kaapse kus en die pioniers en vegters wat die ongetemde land help oopmaak het, terwyl die indiwidu die ‘strenge blik van voorgeslagte’ nie kan ontwyk nie en die taak het om soos hulle vóór hom verder voort te veg. Die wyse waarop Opperman die geskiedenis hanteer, hang ten nouste saam met die Jungiaanse opvatting dat elke mens die verlede as die groot ‘kollektiewe onbewuste’ van die bepaalde volk of stam én die hele mensdom as sodanig met hom saamdra. Verder leer Jung en die literatuur hom dat elke eeu as 't ware sy eie gestalte opbou waarin die essensie van 'n ganse geslag of meer beliggaam word en dat die gestalte van ons eie tyd dié van die verraaier, 'n moderne Judas, is. Met die Jorik-gestalte kon hy deur die biologiese en psigologiese ‘herkoms’ van sy hooffiguur sy verhaal terugvoer tot die aanvang van die mensheid, die Westerse beskawing en die volksplanting aan die Kaap. Met Jorik se verkenningsreise deur die land kon hy ook die volksgeskiedenis vanaf die vroeë pioniers tot die oorlogsjare en daarby die wisselende Suid-Afrikaanse landskap, die mengelmoes mense en hulle saambestaan in hierdie land op 'n boeiende wyse oproep.

Daarmee kon hy verder 'n ander uitdaging bevredig wat hom sedert sy studentedae getart het. As nagraadse student maak hy kennis met Albert Verwey

se uitspraak dat die poësie van Leipoldt, méér as dié van Celliers of Totius, die stem en die gewete van die Afrikaanse volk is en daarom ‘de dichterlijke inhoud van Zuid-Afrika’[13] vergestalt. Die vraag ontstaan by hom hoe hy in sy eie poësie ‘dichterlijke inhoud’ aan Suid-Afrika kan gee.

Met die gestalte van die spioen of verraaier, só het Opperman tydens sy gesprek met Van Louw gedink, het hy die antwoord op al hierdie vrae en die stof vir 'n epiese vers. Deur so 'n gedig kan Darwin, Jung en Verwey met die Suid-Afrikaanse aktualiteit 'n verbinding aangaan en kan hy 'n ideaal van baie jare verwesenlik: 'n karakter wat die gestalte van ons tyd verteenwoordig, deterministies bepaal deur die spel van chromosome en die kollektiewe onbewuste van 'n hele volk en menseras. Met *Joernaal van Jorik* sou hy terselfdertyd ‘dichterlijke inhoud’ aan Suid-Afrika gee.

Reeds tydens die gesprek met Van Wyk Louw het Opperman enkele aantekeninge op sy sigaretdosie gemaak. By die huis het hy dadelik vir Marié van die ingewing in die Koffiehuis vertel en begin met 'n eerste ruwe ontwerp vir die gedig. Alhoewel hy betreklik gou dele van die gedig stuk-stuk kon neerskryf, het hy met die verpligtinge by *Die Huisgenoot* nie die tyd gehad om hom volledig in lang sessies oor te gee nie. Tog was ‘Duikboot’ reeds in Augustus 1948 in sy eerste staat voltooi en kon hy met ‘Kamera’ begin.

Die aanvaarding van die pos by die Universiteit van Kaapstad het die vordering met *Joernaal van Jorik* aanvanklik vertraag, maar tog kon hy geleidelik verder werk. Op 'n dag, waarskynlik in April of Mei 1949, was Van Wyk Louw by hom aan huis en het die gesprek gehandel oor nuwe verse waaraan hulle albei gewerk het. As voorbeeld wys Opperman hom 'n vroeë versie van ‘Jeroen Bosch’ waarmee hy toe pas klaar was. Van Wyk Louw was ingenome daarmee, maar het die versbeweging in die gedig te horterig gevind en gesê dat hy dié soort reël verkies wat sintakties wyd uitswaai. Opperman verdedig ‘Jeroen Bosch’, sê dat die korter versbeweging juis deel van sy effek in dié gedig is en gee dan 'n voorbeeld van die uitswaaiende tipe reëls uit 'n ander ongepubliseerde gedig:

> Maar *hy* wat ongeëer
> in windsels van die suiderwaters slaap
> en deur toorwinde daardie eerste keer
> veilig gevoer is om die Stormkaap...
>
> is groter nog: hy, Dias, wat die Kruis
> tussen die pikkewyne op die eiland
> Santa Cruz, waar robbe en seeluise
> uit warmer strome kruip, die eerste plant (.)

So kom die gesprek op die Dias-figuur, en dit blyk dat Van Wyk Louw ook van plan is om die stof in verband met hierdie ‘oervader en oervaarder van Suid-Afrika’ (soos Opperman hom later in 'n radiopraatjie sou noem) te ge-

bruik, maar dat hy nog nie verder gekom het as om die naam *Dias* op 'n manuskrip te skryf nie. Op 'n speelse wyse lei albei digters se belangstelling in dieselfde stof dan ook tot 'n uitdaging om iets oor Dias aan te pak. Van Wyk Louw was juis van plan om in die komende winter by Boesmansriviermond in sy skoonvader se huis te gaan bly waar hy die terrein van die Dias-kruis kon besigtig.

Terwyl Van Wyk Louw met vakansie was, het Opperman voortgewerk aan *Joernaal van Jorik*. In die loop van Julie 1949 kon hy die gedig binne die bestek van tien dae tot by die tweede tikstadium voltooi. Vir die afhandeling van die manuskrip het hy, weg van ‘foon en vrou’ soos hy dit met sy liefde vir die alliteratiewe spel kon uitdruk, in die Hotel Olympic in Muizenberg gaan bly, 'n soort afsondering waarvan hy dikwels gebruik gemaak het as hy sonder onderbreking met 'n groot stuk werk wou vorder. As Van Wyk Louw van Boesmansriviermond terugkeer, gaan Opperman hom by die Kaapse stasie haal. Terwyl hulle dan in die woonstel in Drieankerbaai gesels, blyk dit dat Van Wyk Louw nie 'n enkele reël van *Dias* kon skryf nie, maar dat hy nuuskierig is of Opperman ná hulle uitdaging aan mekaar iets kon uitrig. Daarop gaan haal Opperman die voltooide *Joernaal van Jorik* en lees Van Wyk Louw die gedig met toenemende waardering en geesdrif. Toe hy klaar is, wens hy Opperman geluk en sê aan hom dat hy dit dadelik behoort te publiseer en nie nog moet wag nie. Hy maak die opmerking dat ons ouer digters nooit 'n vaste vorm vir die epos kon vind nie en dat selfs iemand soos Totius in *Ragel* en *Trekkerswee* 'n wisselende versvorm aanwend wat prosodies onrustig aandoen, terwyl Opperman hier die kwatryn op 'n soepel wyse hanteer; die enkele keer waar die vers met ‘Trippe, trappe, trone’ uit die geslote vorm tree, verhoog dit juis die spanning. Met dié gedig het Opperman iets bereik waarvan hy die gelyke in die wêreldletterkunde nie ken nie.

As hulle láát in die nag na Clifton ry, herbevestig Van Wyk Louw sy waardering vir die gedig. *Joernaal van Jorik* sê iets oor ons land en sy mense, die strewe van die Afrikaner, Opperman se eie lewe en gee daarby nog 'n hele kunsteorie, alles in die vorm van 'n speurverhaal. En daarby kom nog die besondere beeldspraak en taalgebruik wat selfs die gewoonste, alledaagse woord (‘Gaat jou blikkies!’) kan insluit. Komende van die skrywer van *Raka* was hierdie lof vir Opperman 'n vreugdevolle en ontroerende ervaring. Hy deel sy vriend mee dat hy destyds in Pietermaritzburg ná sy eerste kennismaking met *Raka* in 1941 vir Marié gesê het dat hy nooit tot poësie van dié kwaliteit in staat sou wees nie. Dat juis Van Wyk Louw nou hierdie woorde sê, was vir hom 'n belangriker herbevestiging van sy eie digterskap as die lof van baie resensente.

Intussen het Opperman ook getikte eksemplare van *Joernaal van Jorik* aan drie van sy ander vriende ter insae gegee. Izak van der Merwe het die gedig met groot geesdrif gelees, maar nie spesiale kommentaar op die geheel of spesifieke onderdele gelewer nie. Fred le Roux was ook besonder gunstig oor die gedig en

het in sy eksemplaar van die getikte teks bepaalde strofes met 'n regmerkie aangestip en by enkele reëls taalveranderinge voorgestel. Canis Scholtz het die interpunksie, spelling en ander taalkundige aspekte noukeurig nagegaan en by probleemgevalle kruisies in sy afskrif van die teks gemaak.[14] In 'n artikel in *Die Burger* van 5 Desember 1973 wat hy later in sy bundel *Oor skilders en skrywers* opneem, gee hy 'n aanduiding van sy kommentaar op *Joernaal van Jorik* en advies aan Opperman:

> Ek het by die lees vernaamlik gelet op die taalgebruik - nie so danig om te oordeel of dit 'korrek' is nie maar eerder om te voel of elke woord en konstruksie deur sy betekenisnuansering, sy klankvorm en sy klemverdeling die juiste en die effektiefste werking in die reël, die strofe of selfs in die wyer verband van die gedig as geheel het: 'n gedig is tog in hoë mate 'n besondere vorm van taalgebruik.
> Dirk en ek het toe een lang, en vir my baie interessante aand in my studeerkamer saam gekyk na die reëls waarby ek 'n potloodkruisie getrek het. Hier en daar het hy, na bespreking en oorweging, 'n geringe verandering aangebring. Ek was geweldig ingenome met die gedig.[15]

Afgesien van sy belangstelling in taalgebruik was Scholtz ook besonder geïnteresseerd in die ontstaan van 'n gedig. 'Wanneer ek met 'n groot kunswerk van een van my vriende kennis gemaak het,' sê hy in *Oor skilders en skrywers*,

> het ek altyd gewonder: hoe het dit ontstaan en hoe het dit gegroei tot wat dit uiteindelik geword het - m.a.w. ek was baie geïnteresseerd in die geskiedenis van die 'zich vormende vorm'. Ek vra toe aan Dirk wat geword het van die verskillende stadia op papier van *Joernaal van Jorik* en sê hom hy moet tog niks vernietig nie. Enkele dae later kom gee hy my alles wat hy bymekaar kon maak - 'n hele groot bundel in 'n stywe omslag'.[16]

Op dié wyse het die geskrewe manuskrip, ontwerp en eerste getikte vorme van die gedig in Scholtz se besit gekom.

Aangemoedig deur die besonder gunstige kommentaar van sy literêre vriende lê Opperman die manuskrip vroeg in Augustus 1949 aan die Nasionale Pers voor. George Minnaar, nuwe hoof van Algemene Publikasies, vra Canis Scholtz se mening oor die gedig. Sonder om 'n verslag te skryf, beveel Scholtz dit geesdriftig aan as een van die sterkste werke op die gebied van die Afrikaanse poësie.[17] Op 26 Augustus word dit na die setters deurgestuur en op 16 November van dieselfde jaar verskyn *Joernaal van Jorik* in 'n oplaag van 960 eksemplare. Die aanvanklike verkoopprys was 9 sjielings per boek, vroeg in 1950 met 6 pennies verhoog. As hulle die eerste eksemplare by die uitgewery in ontvangs neem, ry Dirk en Marié Opperman onderweg terug na Drieankerbaai by die Doll's House in Mouillepunt aan om 'n vleispasteitjie te eet en 'n koppie koffie te drink. Destyds was dit nié die gebruik by uitgewers om by die verskyning van 'n belangrike werk 'n skemeronthaal of 'n dinee te reël nie. As 'n boek

van hom gepubliseer is, het Opperman egter graag gaste oorgenooi en is daar feesgevier. By die verskyning van *Joernaal van Jorik* oorhandig hy tydens 'n geselligheid in hulle woonstel van die eerste eksemplare aan sy gewaardeerde vriende.

As die reaksie op Opperman se eerste twee digbundels oorwegend geesdriftig was en daar reeds aarselend gepraat is van 'n digter wie se werk saam met dié van Van Wyk Louw die hoogtepunt van die Afrikaanse poësie vorm, was die kommentaar op *Joernaal van Jorik* oorweldigend. Die eerste resensie oor die gedig verskyn in *Die Burger*-byvoegsel van 24 Desember 1949 en is geskryf deur Van Wyk Louw, een van die weinige kere in sy lewe dat hy 'n bespreking oor 'n nuwe werk gelewer het. In sy resensie sê Van Wyk Louw dat Opperman met die verskyning van dié werk die groot belofte van sy eerste twee bundels vervul en daarmee homself met een slag in die voorste ry van Afrikaanse digters plaas. Hy praat van die ‘kragtig-gebonde eenheid’, die ‘meesterskap oor die tegniek wat aan elke onderdeel, elke geringste besonderheid byna sy sin en sy betekenisvolle plek in die geheel gee’ en die ‘vensters-op-die-werklikheid (wat) ágter die blote verhaal oopgaan...Die stroom van die verhaal sleep alles mee, bind alles tot 'n eenheid; en die eindelose flonkering van ander betekenisse agter die beeld en woord kom so vanself in die gees van die leser in asof dit deur die digter nie bedoeld was nie.’ Aan die slot praat hy van die ‘soewereine meesterskap wat so 'n rykdom so byna speel-speel kan saamvat en uitspreek in die gewoonste, mees alledaagse woorde. En nadat 'n mens jou lank in die werk verdiep het, weet jy nie wát jy die meeste moet bewonder nie: die groot greep van die konsepsie, of die kragtige bou van die geheel en elke onderdeel, die gaafheid van aparte beelde of die raakheid van enkele woorde nie.’[18] Uit Nederland, waarheen hy kort daarna vertrek om die Amsterdamse leerstoel te aanvaar, stuur Van Wyk Louw vir Opperman drie kleurryke doekskilderye met 'n besonderse patroon; agterop een van hulle skryf hy: ‘Iets vrolik/ vir Jorik/ as klein blyk/ van Wyk.’

Maar ook die ander resensente se kommentaar was ewe lofryk. G. Dekker se radiobespreking van 14 Februarie 1950 is in hoofsaak 'n opsomming van die verhaalinhoud, al noem hy dit 'n ‘belangrike digwerk waarin Opperman deur aan die toevallighede van die werklikheid te ontstyg hom besin op die misterie en diepere sin van volk-wees en mens-wees.’ Oor die Natalse sender lewer G.S. Nienaber op 15 Februarie 1950 'n resensie wat ook in hoofsaak op 'n weergawe van die inhoud neerkom. Aan die einde sê hy:

> Opperman se heldere, borende verstand skep en orden 'n eie ryk van beelde en simbole om die soms onsegbare te sê, soos oor die geboortewonder. Dit is die een groot wonder van Opperman se poësie dat hy aan sy gepassioneerde denke onder volkome selftug, hoewel skynbaar sonder inspanning, vorm kan gee deur middel van die mees alledaagse, tooilose taal wat 'n byna ergerlike direktheid besit, 'n

> taal, skerp, kantig en hard soos ysterklippe. Die ander nog groter wonder is hoe hy deur passing, voeging en skikking die uiterlike daadsake 'n dieper, 'n tweede betekenis laat aanneem, sodat dit in twee ruime resoneer en dubbelwêrelds tot en met jou praat. Dat die tyd my ontbreek om op die trotse tegniek en die vormkrag te kan heenwys, is iets wat ek betreur, maar miskien is hier al 'n aanduiding van die forse digterfiguur en die buitengewone talent van Opperman wat as voelende *moderne* mens die Afrikaanse letterskat ryk en monumentaal maak.

Een van die belangrikste en insiggewendste reaksies op 'n werk van Opperman tot in daardie stadium is Ernst van Heerden se bespreking van *Joernaal van Jorik* wat in *Die Huisgenoot* verskyn en later in *Rekenskap* opgeneem word. In sy beskouing wys Van Heerden op die verband met vroeëre werk van Opperman, die primordiale inset van die gedig, Jorik as 'n moderne pelgrim, die tegniek van die ‘reisbrosjure’ in ‘Kamera’ en die ‘kaleidoskopiese flitse’ in ‘Granaat’, en die simboliese vlak van die gedig (byvoorbeeld die oersfeer van Genesis, die geslotenheid van die fetus, die kaart en koffer as ‘die oorgelewerde patrone van gedrag en godsdienssin’, en die twee antitetiese magte wat in ‘Duikboot’ deur Manuel en Dabor verteenwoordig word). Hy gaan verder Opperman se verspringende metode, tegniek van kontraswerking en gekonsentreerde beeldtegniek na en sluit af met die uitspraak dat *Joernaal van Jorik* ‘die ganse betekenis van Afrikaner-wees’ onder die soeklig stel, alles ‘geprojekteer teen 'n agtergrond van geskiedenis en gerealiseer op 'n moderne tydsvlak’. Opperman gee vir ons met hierdie gedig

> 'n beeld van verskillende nasionalismes en die suggestie is daar dat die Afrikaner homself dalk in nog ander lewens- en geestevorme kan en sal vind. Miskien sal latere geslagte eers die volle draagkrag van sy probleemstelling na waarde kan skat. Maar dit is seker dat ons poësie en ons letterkunde met 'n werk van monumentale grootsheid verryk is.[19]

Die bespreking word opgeneem in *Die Huisgenoot* van 3 Februarie 1950, maar blykbaar moes Van Heerden reeds vroeër 'n kopie daarvan aan die digter gestuur het. Op 21 Desember 1949 bedank Opperman hom en waardeer hy die ‘onbevange en oorweë bespreking. Dit is fyn van aanvoeling, intelligent wat die vertolking betref en, sover as wat jy jou in hierdie opsig uitspreek, stem dit in hoofsaak ooreen met my bedoeling en belewing.’

Onder invloed van Van Heerden se siening skryf F.E.J. Malherbe in *Ons Eie Boek*, XVI:1, 1950 onder die opskrif ‘Die digter as gewete van 'n volk’ 'n uitvoerige beskouing oor *Joernaal van Jorik* waarin hy die botsende motiewe en verskuiwende vlakke nagaan en die gedig sien as ‘die mees fundamenteel nasionale werk van ons nuwere digkuns, so nie in ons hele literatuur nie, en tewens een van die grootste kunsskeppinge in ons taal’.[20] In *Nieuwere Afrikaanse poëzie*, 'n kompakte oorsig wat in 1950 in Amsterdam verskyn, skryf

D. Bax 'n kort maar deeglike inleiding tot die gedig, terwyl Anthonie Donker 'n welwillende maar weinig insiggewende bespreking in *Critisch Bulletin*, jaargang 18 (1951) daaraan wy - die eerste twee besprekings van 'n Oppermanwerk in Nederland. Twee ander kritici wat ook later uitvoerig oor Opperman se poësie sou skryf, begin hulle studie van sy werk met resensies oor *Joernaal van Jorik*. In *Trek* van Januarie 1951 skryf 'n baie jeugdige Ernst Lindenberg 'n kernagtige bespreking in Engels, terwyl Rob Antonissen in *Standpunte*, VI:1, Oktober 1951 die motiewe, kriptiese woordgebruik, vers- en strofetegniek en die verhaalgang nagaan en die 'verbysterende verskeidenheid van lewe soos dit konvergeer en reflekteer in 'n mensesiel' waardeer. Twee reaksies in briewe uit dié tyd waaraan Opperman veel moes gehad het, is dié van S.J. Pretorius en M.E.R. Op 16 Maart 1950 skryf Pretorius aan Opperman dat hy die 'verbasende skerp omlyning' van die beelde in *Joernaal van Jorik* waardeer. Hy gaan voort:

> Soms in die lig is *Joernaal van Jorik* so skerp dat dit met 'n pynlike skok op die retina val. 'n Broeiende oer-skemering en geheimsinnige lewende skaduwees hang en roer verder oral en vervul mens altyd met huiwering. Soms is dit asof die figure mier-klein teen 'n ontsaglike grys verskiet van onafgebroke mistigheid beweeg en dan staan hulle weer opeens bronshard soos Manuel met sy blink littekens vlak voor jou, asof 'n soeklig hom skielik raakgevang het.

In antwoord op 'n geskenkeksemplaar van die gedig ontvang Opperman 'n hartlike brief van M.E.R., 'n skryfster vir wie hy in dié jare groot waardering het en aan wie die Universiteit van Kaapstad later in 1951 deur sy, Scholtz en Izak van der Merwe se bemiddeling 'n eredoktoraat in die letterkunde toeken. Op 23 Maart 1950 skryf sy:

> So iets soos jou Jorik is vir my 'n hartversterking, en ou mense is baie bly oor hartversterkings. Jy wil graag dan verseker word dat die soektog na die bedoeling van die lewe wel by die mens bestaan, en as een, 'n digter gewoonlik, dié belig met wat in sy hart is, het dit vir jou groot betekenis.
>
> Dan nog - dat die liggewer een van jou eie volk se kinders is! Dit maak nou nie die vernaamste saak nie, maar dit gee groot plesier.

Een van die eerste reeks lesings wat Van Wyk Louw as professor in Amsterdam in die jare 1950 en 1951 aanbied, is 'n kursus oor *Joernaal van Jorik*.[21] Na 'n kensketsing (biografies, literêr, polities en kultureel) van Opperman se agtergrond en 'n inleiding tot sy vroeëre poësie staan hy stil by uitsprake oor *Joernaal van Jorik*. Daarna gaan hy - met Ingarden se onderskeid tussen die strata van die literêre kunswerk as uitgangspunt - die klanklaag, die semantiese laag, gedagtes, idees en emosies, en die metafisiese laag van die gedig na, om dan af te sluit met 'n sosiologiese kyk op *Joernaal van Jorik*. Wat die klanklaag

betref, wys hy op die rymtegniek wat naas die ritme iets flikkerends, verrassends, onrustigs en dinamies aan sy styl gee en van Opperman die oorspronklikste, gedurfdste ‘rymer’ in Afrikaans maak. Sy woorde is geweldig gespanne, byna oorlaai met sin en tot hulle hoogste potensie opgevoer, sodat sy hele tegniek laat dink aan die advies wat Keats aan Shelley gegee het: ‘...load every rift...with ore.’ Hy maak die uitspraak dat by Opperman die visuele en intellektuele die musikale oorheers en dat 'n mens by hom veel sneller oorgange van een ritmiese figuur na 'n ander as in die ouer Afrikaanse poësie aantref. Hy toon verder aan hoe die tekstuur van die gedig algaande digter, meer gedronge en nagmerrieagtig raak totdat dit aan die begin van die vyfde afdeling in 'n ware heksedans, 'n ekstase ontwikkel. Hy sluit af met 'n analise van die bou en die verspreiding van die verskillende historiese tydvakke oor die eerste twee afdelings heen en vergelyk die gedig dan met die ander ‘epe’ in Afrikaans: *Ragel*, *Trekkerswee*, *Martjie* en *Die timmerman*.

In 1953 promoveer T.T. Cloete aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam met 'n doktorale proefskrif oor *Trekkerswee en Joernaal van Jorik*, die eerste dissertasie wat onder Van Wyk Louw as promotor voltooi word en die eerste waarin 'n werk van Opperman onder die aandag kom. As 'n mens hierdie verhandeling met die analise van die prosodiese skemas, beskouing oor die historiese periodes en aanduiding van die samehang met Van Wyk Louw se klasaantekeninge vergelyk, is dit duidelik dat Cloete baie van die insigte en werkmetode van sy promotor oorneem en verder daarop voortbou. Hoewel Cloete wel die diepste in die gedig ingedring het, was Opperman tog nie baie ingenome met die studie nie en het hy heelparty metodologiese en ander besware. In 'n brief van 20 Februarie 1953 skryf hy aan Van Wyk Louw:

> Op sy (Cloete se - J.C.K.) steekproefmetode sou 'n mens kritiek kan uitoefen, op sy omslagtigheid en geleerddoenery, verder voel 'n mens dat hy dikwels Totius oorskat, met 'n te grote erns foefies ontleed, dat hy die twee gedigte tot 'n leweloosheid rubriseer, dat 'n duidelike samevattende waardebepalende vergelyking, hoewel soms fyn gesuggereer, ten slotte ontbreek...Dan nog: verwikkeldheid en breedheid is nog nie skoonheid nie, is nog geen waarborg vir poësie nie.[22]

Naas hierdie waarderende en insiggewende beskouings oor *Joernaal van Jorik* het die stroom klagtes oor duisterheid waaraan Opperman teen hierdie tyd al gewoond was, nie uitgebly nie. In *Die Transvaler* van 11 Januarie 1950 sê Jannie Kruger dat die gedig as gevolg van 'n ‘vernuftig(e) geskuur en geslyp’ vertroebel word. Opperman se skerp verstand ‘kom die vorm, die sprankeling van sy poësie ten goede, maar verhelp nie die wegstekerigheid daarvan nie’. En hy sluit af met 'n rympie:

> Moet ons deur so 'n warreling gaan
> van visreie, engtes en slymprikke,

voordat ons benaderend die sin verstaan
van die troebel digkuns se snikke?

In *The Star* van 13 Maart 1950 gee Abel J. Coetzee 'n opsomming van die inhoud, met iets van 'n interpretasie en sê dan die gedig is ‘a clever piece of work, polished in form, but one which left me strangely cold and unmoved’, hoofsaaklik as gevolg van ‘an almost deliberate use of obscureness. It is a kind of poetry which can be enjoyed only after a fierce intellectual struggle, and it tends to become poetry for the select few.’ Ongeveer in dieselfde trant skryf Gerhard J. Beukes in 1952 in *Skrywers en rigtings* dat die ‘strakke objektiwiteit’ veroorsaak dat die gedig, ‘ten spyte van die simboliek, op baie plekke te veel 'n serebrale opsomming van indrukke word. En die totaalindruk wat dit nalaat is dié van 'n donker, magtige standbeeld teen 'n winternaghemel, indrukwekkend en imposant, maar koud en onpersoonlik’.[23] Terwyl G.A. Watermeyer vroeër Opperman se poësie hoog gewaardeer en *Heilige beeste* as 'n modeldebuut beskou het, skryf hy - waarskynlik onder invloed van die groepie Johannesburgse skrywers rondom C.M. van den Heever - in die *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* van 1950 na aanleiding van *Joernaal van Jorik* 'n negatiewe beskouing oor Opperman as verstandsdigter, iemand wat met sy verstand die illusie skep ‘dat hy bo die eng-aardse uitstyg tot geheime horisonne’, maar in werklikheid ‘die geniale maar aardsgebonde realis (is) wat skokkend blind bly vir die fynste en hoogste geestelike waardes van die mens’.

Uit die tydskrifverse en gedigte wat nog in manuskripvorm was, maak Opperman in die tweede helfte van 1950 'n keuse wat as *Engel uit die klip* in Desember van daardie jaar gepubliseer word. Die manuskrip van hierdie bundel bestaan hoofsaaklik uit tikskrif met potloodwysiginge op los bladsye, nie 'n volledige ‘clat boek’ soos die manuskrip van *Negester oor Ninevé* nie.[24] In vergelyking met sy vorige bundel is daar veel minder gedigte wat hy ongepubliseer laat lê. Tussen die gedigte deur is daar orals aantekeninge vir *Digters van Dertig* en sy keuse vir die verseboeke, albei projekte waaraan hy in dié jare werk.[25]

Ook op *Engel uit die klip* was die kommentaar van die kritici oorwegend gunstig. Van die kant van die *Helikon*-groep kom daar wel negatiewe reaksie op die bundel en op Opperman se ander literêre bedrywighede in die vyftigerjare, soos die twee artikels wat Watermeyer in *Helikon*, 11:10 en 11 oor ‘Die doodlooppad van Opperman se kuns’ skryf. Daar word smalend gepraat van die ‘brawe letterkundige manhaftigheid’ wat 'n digter in 'n vers soos ‘Jeroen Bosch’ daartoe verlei om ‘te verhaal hoe “God” die “swaeltjies deur 'n tregter ge-” het’[26] en teruggegryp na die ‘Shaka’-gedig uit *Heilige beeste* waarin die kwaggas vir Abel Coetzee sulke bekoorlike geluide gemaak het: ‘Daar draf 'n kwagga deur ons poësie/ met onverfynde onomatopee’.[27] Soms handel meer as die helfte van 'n uitgawe van *Helikon* in hierdie jare oor duisterheid of deka-

densie in die nuwere poësie en verwys Opperman in gesprekke na die blad as sy persoonlike ‘telyforgaan’! Teenoor hierdie snedighede ontvang hy egter baie lof van vriende en kennisse. Nog voor die verskyning van die bundel wys Fred le Roux aan M.E.R. ‘Gebed om die gebeente’. In 'n brief van 9 Augustus 1950 skryf sy aan Marié Opperman dat die lees daarvan haar ‘so ter harte gegaan het.... Wonderlik dat hy die vrou se hart so kan verstaan, en dit aan ons wat vroue is.’ Op 9 Februarie 1951 skryf Van Wyk Louw uit Amsterdam aan Opperman, onder meer om hom te bedank vir die toesending van die bundel. Hy sê:

> Ons is almal opgetoë daaroor. Van die nuwe dinge: veral die Ou Non. Saam met die Draaikewers is dit vir my die mooiste, maar soveel moois is daar verder dat ek dit 'n groot bundel wil noem. Dis natuurlik nie die plek om in besonderhede in te gaan nie, en oor die meeste verse het ons al gepraat. Dan nog: My nôi is in 'n nartjie! Ek wens ek kon 'n goeie glas saam met jou daarop drink - en dan nie van die onvolvloekbare jenever nie. Mag ek vir jou een punt van kritiek noem? Pas op vir te veel alliterasie; hier en daar (ook in Jorik, waarmee ek my nou reeds lank intensief besig hou) vind ek dat dit te opsetlik word. As jy plekke wil genoem hê, sal ek dit later graag doen. Maar vanmôre nie.

En in 'n brief van 1 Mei 1951 stuur S.J. Pretorius vir hom die kwatryn ‘Aan D.J. Opperman’:

> Diep uit die ingewande van die Klip
> het ruisend uitgevou en losgeglip
> 'n Engel. Toe val daar van sy silwer vinger
> 'n soete druppel op my dorre lip.

Maar ook die kommentaar van die ‘amptelike’ kritici was gunstig. In *Die Huisgenoot* van 9 Februarie 1951 wys A.P. Grové op die skeppingsbewussyn wat tot gevolg het dat 'n mens in die bundel nie ‘invalle en los stemminkies’ kry nie, maar 'n ‘hardnekkige drang’ om ‘telkens uit die wrange alledaagsheid 'n nuwe waarheid te laat opglans’, sodat ‘die digter die matelose ontdekker (word) wat met die wiggelroede van die woord en beeld die ewigheid in die tyd ontdek’. In sy insiggewende beskouing toon hy die ‘meesterlike tegniek’ van enkele gedigte kursories aan en staan hy langer stil by ‘Brandaan’ en ‘Gebed om die gebeente’. G. Dekker se radioresensie van 12 April 1951 is ewe teleurstellend as sy oppervlakkige bespreking van *Joernaal van Jorik*, maar hy formuleer 'n belangrike insig in die aksentverskuiwing wat Opperman se werk vir die kritiese aktiwiteit meebring: ‘Dit hoef wel geen betoog dat 'n bespreking van hierdie poësie vir 'n wyere leserskring nie slegs 'n karakteristiek en waardering kan wees nie maar veel meer as gewoonlik die geval is, ook deur verklaring die rol van middelaar tussen kunstenaar en publiek moet speel.’ In *Ons Eie Boek*, XVII:2, 1951[28] skryf F.E.J. Malherbe met veel meer insig en

maak hy die uitspraak dat Opperman en Van Wyk Louw onder die belangrikste digters van die Dietse gemeenskap is, maar dat Opperman ‘in sy Afrikaansheid, oorspronklikheid en konkreetheid van rykgeskakeerde boeretaal’ 'n groter verwantskap met Leipoldt het. In *Standpunte*, VI:1, Oktober 1951 wys Rob Antonissen op die toenemende roepingsbesef en doelbewustheid by Opperman, ook op die taak van die geroepene en die ‘profeet-digter’ wat by hom so anders geformuleer word as wat Van Wyk Louw dit in *Die halwe kring* doen. Hy vind ‘Gebed om die gebeente’ die ‘glansryke hoogtepunt’ van 'n bundel waarin Opperman bewys lewer dat hy ook in staat is om die ‘kragtiggeboude en in alle onderdele pragtige lang gedig’ te kan skryf, 'n tipe gedig wat ‘'n volmaakte eenheid vorm danksy die ritmiese stuwing van die emosie’. In Nederland publiseer M. Luitingh, 'n kritikus wat ook later veel oor Opperman sal skryf, in *Critisch Bulletin* van September 1952 haar eerste beskouing oor dié poësie na aanleiding van *Engel uit die klip*.

Dekker se opmerking dat Opperman se werk die kritikus dwing om veel meer as vroeër ‘deur verklaring die rol van middelaar tussen kunstenaar en publiek’ te speel, vind 'n mens reeds weerspieël in die wyse waarop die resensente van *Engel uit die klip* die bundel benader. Hierdie eksegetiese funksie is in die vyftigerjare in die besonder die kritiese praktyk van A.P. Grové wat in opstel na opstel Opperman se poësie aan streng ondersoeke onderwerp en teoretiese uitgangspunte aan die hand van sy verse nader toelig. Die nuwe gerigtheid op die teks, wat deur die kennis van veral die Amerikaanse en Engelse literêre teorie en 'n rigting soos die stilistiek op linguistiese grondslag by letterkundiges ontwikkel, word juis verder gestimuleer deur die werk van Opperman. In artikels in *Die Huisgenoot*, *Theoria* en *Standpunte* neem Grové sy voorbeelde by voorkeur uit Opperman, sodat 'n mens in 'n groot mate van hom as die ‘begeleidende’ kritikus van Veertig kan praat, soos Mulder dit van Dertig was. Wat Grové veral in Opperman tref, is sy simbole en metafore wat verskiete oopruk, sy aardsheid maar terselfdertyd sy vermoë om dinge met Midas-vingers aan te raak, en die verskeidenheid vorme wat hy hanteer. Opperman se poësie het vir die teksgerigte kritikus 'n dankbare arbeidsveld gebied. Jare later sal Grové dit as sy oortuiging formuleer ‘dat die besondere aard van Opperman se poësie, miskien meer as enige enkele ander faktor’, vir die duidelike wending in die Afrikaanse literêre kritiek verantwoordelik was, ‘ook bepalend... vir die rigting van die Afrikaanse kritiek sedert 1950’. Hy gaan voort:

> Met sy sterk intellektuele onderbou, sy verwysings, sy ontginning van bestaande tekste, sy boeiende struktuur was die Opperman-model 'n lokkende uitdaging vir almal wat hulleself wou meet, almal wat geïnteresseerd was in die bestaanswyse en gedrag van die gedig as gedig.... Bowendien kon die noulettende betragting van Opperman se werk nuwe perspektiewe open en boeiende ekskursies moontlik

> maak in die besinning op literatuurkundige vraagstukke van 'n meer algemene aard: die roeping van die digter, die aard van die literêre kunswerk, die probleem van die 'selfgenoegsaamheid' van die gedig, die spanning tussen digter en gemeenskap, tussen mens en digter, die literêre verwysing, die plek van die biografiese besonderheid e.d.m. Kortom, Opperman se skeppende werk het die Afrikaanse literêr-kritiese aktiwiteit op 'n wye front gestimuleer...[29]

Ná publikasie van dié resensie oor *Engel uit die klip* skryf Opperman op 9 Februarie 1951 - dieselfde dag as wat die bespreking verskyn - aan Grové dat hy die stuk met plesier gelees het. Hy vind daarin 'groot begrip en gevoeligheid' en ''n besonder vlot en helder prosa'. Hy waardeer die aandag aan tegniese sake en die analises van 'Brandaan' en 'Gebed om die gebeente'; met die Esegiël-verwysing het Grové sy 'bedoeling summier gevolg'. As besware noem hy dat Grové nie wys op een van die sentrale botsings in die bundel nie, naamlik 'die religieuse en estetiese wat langs mekaar loop' in gedigte soos 'Scriba van Egipte' en 'Brandende boek', terwyl hy - met 'n verwysing na uitsprake van Poe en Eliot - ook nie insien dat die vereistes vir die langer vers anders is as dié vir die korter gedig nie.

Die belangstelling in Opperman se poësie en die besondere wyse waarop hy krities daarteenoor ingestel was, lei Grové dus tot 'n intense studie. 'n Mens kan sê dat hy in die vyftigerjare 'n baie belangrike bydrae lewer om die besondere aard van dié oeuvre vir lesers te ontsluit. Kort na die verskyning van *Engel uit die klip* ontmoet Grové en Opperman mekaar persoonlik as Grové in Kaapstad op besoek is en Opperman hom by die groot horlosie op die ou stasie kom afhaal. Tussen die twee ontwikkel 'n persoonlike toegeneentheid en wedersydse respek. Opperman het groot waardering gehad vir die drif en kundigheid waarmee Grové met die poësie omgaan, terwyl Grové met die jare al hoe meer fasette van sy vriend leer ken het. By geleentheid was hy beïndruk en ontroerd toe Opperman oor sy skeppende werk en sy verpligtinge by die universiteit gesels, maar daarnaas ook laat blyk hoe geheg hy aan sy gesin is, die bekommernisse wat hy oor hulle het en hoe ná hulle welsyn hom aan die hart lê. In sy teoretiese inleiding tot die studie van die poësie wat hy in 1953 as *Woord en wonder* publiseer, maak Grové by herhaling gebruik van Opperman se werk as illustrasiemateriaal. By die verskyning van die tweede uitgawe stuur hy 'n eksemplaar aan Opperman met die inskripsie: 'Aan Dirk, die verskaffer van goeie voorbeelde.' As hy in 1958 die bundel *Oordeel en vooroordeel* - waarin talle insiggewende opstelle oor Opperman se werk opgeneem word - aan die Nasionale Boekhandel vir publikasie voorlê, vra hy Opperman se hulp met die tegniese versorging en die onderhandelinge met die uitgewers. Wanneer die boek verskyn,[30] stuur hy - as antwoord op die digterlike inskripsies wat hy van Opperman in bundels ontvang het - 'n eksemplaar aan die digter met 'n kwatryn voorin wat met sy rymskema die Opperman-'model' volg en waarin die 'voelhoring'-beeld by die voorstelling van die Kaapse skiereiland in *Vergelegen* aansluit:

> Kritiek, log en met aanvaarde agterstand,
> stuur ek met toegeneë hart en ope hand
> aan Diederik wat nou los voor ry
> op die fyn voelhoring van 'n trae Vasteland.

of anders:

> Aan Jorrie word hierdie boek opgedra
> waar hy sit op die stuitjiebeen van Afrika.

III

Teen 1949 was Opperman met onderbrekings reeds twee jaar lank met die samestelling van die reeks bloemlesings uit die Afrikaanse poësie aan die gang. Die projek is aanmerklik vertraag deur W.E.G. Louw wat as medesamesteller veel minder werk verrig en telkens nagelaat het om briewe te beantwoord. Aan die einde van 1948 het Louw egter teenoor Opperman en die verteenwoordigers van die Nasionale Pers onderneem om sy aandeel op die boot onderweg na Europa finaal af te handel en sy keuse so gou moontlik aan te stuur.

Opperman ontvang egter geen enkele letter van Louw nie. Wanneer hy op die terugreis in Julie 1949 weer Kaapstad aandoen, onderneem Louw om nou dadelik alles finaal af te handel en om volgens afspraak voorstelle in verband met die keuse uit die poësie van die Eerste Beweging te stuur. Maar ook hierdie onderneming kom Louw nie na nie. In 'n brief van 27 Maart 1950 sê hy dat hy as gevolg van departementele probleme deur die dood van sy kollega Mulder en boedelsake van sy oorlede skoonvader die voorafgaande maande nie aan die bloemlesings kon werk nie.

Teen dié tyd was Opperman se geduld en die Nasionale Pers s'n egter oor 'n periode van meer as twee jaar tot die uiterste beproef. Opperman moes nou vir die soveelste keer tussen vyf en ses maande op 'n antwoord van Louw wag, terwyl die Afrikaanse Pers-Boekhandel se soveelste bloemlesing reeds op pad was. Hy moes dus aanvaar dat hulle samewerking op 'n algehele mislukking uitgeloop het en hy het dit dan ook so aan George Minnaar meegedeel.

Op 22 Maart 1950 skryf Minnaar aan Louw 'n brief waarin hy die verloop van die onderhandelinge vlugtig skets en die uitnodiging aan Louw om medesamesteller van die bloemlesings te wees, namens die Pers terugtrek. Om die saak in der minne te skik, bied hulle Louw £100 aan vir die werk wat hy reeds gedoen het. Hulle nooi Opperman uit om die bloemlesings alleen voort te sit, op voorwaarde dat hy £50 van die vergoeding aan Louw betaal.

'n Mens kan dus sê dat die werk aan die bloemlesings nog alles in 'n half voltooide staat was toe die Nasionale Pers die uitnodiging aan W.E.G. Louw teruggetrek het. Deur die samewerking was albei samestellers verplig om sekere toegewings te maak en tekste te aanvaar wat hulle nie sou gedoen het as hulle

alleen vir die keuse verantwoordelik was nie. Met sy aanwysing as uitsluitlike samesteller van die drie bloemlesings het Opperman besluit om - selfs op die gevaar af van 'n verdere vertraging - alles weer sorgvuldig na te gaan, tekste uit te skakel waarmee hy nie genoeë kon neem nie en om eventueel op nuwe tekste te besluit. In die tweede helfte van 1950 laat hy alle ander werk sover moontlik links lê, gaan weer die hele gebied deur en vergelyk verskillende variante van die gedigte wat hy vir opname oorweeg. Behalwe Marie, in wie se oordeel hy groot vertroue gehad het en wat die terrein saam met hom verken, raadpleeg hy Fred le Roux, Canis Scholtz en Izak van der Merwe en dink hy terug aan die talle gesprekke wat hy met Van Wyk Louw oor bepaalde gedigte gehad het. Einde September 1950 is die groot bloemlesing amper voltooi, maar tog gaan feitlik al sy tyd en energie teen die einde van 1950 en begin 1951 in die verseboeke. In Desember begin hy werk aan die inleidings, karakteristiek by elke digter, opgawe van studiebronne en woordverklarings wat by elkeen van die skoolbloemlesings moet bykom. Op 27 Januarie 1951 gee hy die manuskripte aan die Nasionale Pers en daarna gaan hy na Voëlklip en Gordonsbaai om ‘twee weke lank net in die son (te) lê en braai, bier (te) drink en (te) slaap’.[31] Alhoewel Opperman 'n ruim keuse kon maak, het hy met die eerste uitgawe probleme gehad om toestemming vir alle gedigte te kry wat hy van Elisabeth Eybers, Eugène N. Marais, Toon van den Heever en A.G. Visser wou opneem. ‘Alles is nou feitlik agtermekaar,’ skryf hy op 20 Januarie 1951 aan Van Wyk Louw, ‘net Gerrit Bakker is bedons. Hy gee wel toestemming maar wil £4.4.0 per gedig (wat meestal 14 reëls is) vir Liesbet se werk hê by elke oplaag van 3 000. D.w.s. vir 10 gedigte die royalty wat 'n digter normaalweg vir 'n hele bundel nuwe verse kry!’

Junior, *Senior* en *Groot verseboek* verskyn in 1951, terwyl Opperman in 1954 die bloemlesing *Lied van die land* vir die vyftigste bestaansjaar van die firma HAUM versorg. Vir die *Junior verseboek* en die *Senior verseboek* het hy by die samestelling opvoedkundige faktore en die ontwikkelingspeil van die gemiddelde leerling in ag geneem. *Lied van die land* is 'n bloemlesing van gedigte waarin die skoonheid van Suid-Afrika besing word, 'n keuse voorafgegaan deur 'n inleiding waarin Opperman op die ou Hollandse reisjoernale en vroeë Nederlandse verse oor die Kaap wys. Dit is 'n inleiding wat steun op sy voorarbeid vir die onvoltooide Natalse doktorale dissertasie waaraan hy in die veertigerjare werk en wat met sy verwysing na Jan de Marre se *Eerkroon voor de Caab de Goede Hoop* vooruitwys na die ‘Grondstowwe by die siklus van seisoene’ wat hy in 1979 in *Komas uit 'n bamboesstok* opneem.

Teenoor die opvoedkundige en tematiese oorwegings by dié bloemlesings was dit Opperman se vaste beginsel om - ook by latere uitgawes - vir *Groot verseboek* geen buiteliterêre faktor 'n rol te laat speel nie. Die hoofoorweging met die oog op insluiting was die intrinsieke gehalte van die tekste, maar daarnaas is - volgens die ‘Verantwoording’ in *Groot verseboek* - die gedigte só

gekies en gerangskik dat die boek ‘'n beeld van die ontwikkeling van ons poësie gee’. Naas die estetiese het literêr-historiese oorwegings dus ook by die samestelling gegeld. In 'n brief wat hy op 18 November 1951 aan Van Wyk Louw skryf, wei Opperman verder uit oor sy redes vir insluiting. Die ‘groei’ en die ‘nuwe’ word vir hom óók bepaal deur die gehalte van die vers, sodat die estetiese oorwegings vir opname altyd primêr en die historiese sekondêr is. Daarby kan 'n vers of 'n hele digter sy betekenis verloor namate die literatuur verder groei. Hy sê:

> Op 'n keer was die ‘nuwe’ die bespieëlende verse van D.F. Malherbe, die liefdesverse van A.G. Visser, die ‘evolusie’-vers van C.M. van den Heever...ja, selfs die ‘Seepkissie’ was op 'n keer die nuwe - kyk maar na ou bloemlesings. Vandag sluit 'n mens nie meer hierdie ‘historiese’ verse in 'n bloemlesing in nie.

Hy illustreer die hele uitgangspunt verder met W.E.G. Louw se poësie waaroor hy juis in dié tyd vir sy doktorale proefskrif skryf:

> Elke geslag stel...sy eie bloemlesing saam. As ek in 1936 'n bloemlesing saamgestel het, sou Glad. se belydenisverse (‘Belydenis’ en ‘Ondergang’) seker 'n besondere plek beklee het, maar vandag het hulle nog minder waarde as toentertyd vir my. Maar ook dit: die religieuse en erotiese bereik by Glad. eers later sy mooiste uiting, onder meer in *Adam*, en *Adam* is sy beste. Ek het probeer sy *beste* verse insluit, en ek dink daarin het ek geslaag.

Naas die estetiese en historiese oorwegings by die opname van tekste het Opperman ook noulettend aandag gegee aan die korrekte chronologie van die outeurs. Hoewel Eugène Marais se gedigte eers in 1925 gebundel is, was die historiese prioriteit wat hy op grond van ‘Winternag’ geniet, vir Opperman genoegsame oorweging om hom vóór Celliers, Totius en Leipoldt te plaas. Daarteenoor sou 'n vroeë plasing van A.G. Visser op grond van sy laat-negentiende-eeuse publikasies onreg laat geskied teenoor A.D. Keet en Toon van den Heever wat 'n bepaalde tipe vers vóór Visser in Afrikaans beoefen. Die periodisering op grond van chronologiese oorwegings, wat uit die plasing van die digters in 'n bepaalde volgorde blyk, is dus terselfdertyd ook 'n aanduiding van geskiedkundige belangrikheid en berus op deeglike literêr-historiese navorsing. Daarby het Opperman die tekste wat hy opneem, noukeurig gekontroleer. Hoewel dit sy strewe was om die jongste tekste te gebruik wat die digter self versorg het, wyk hy betreklik vroeg in bepaalde gevalle hiervan af. In die eerste uitgawe van *Groot verseboek* herstel hy byvoorbeeld 'n steurende fout in ‘Die beste’ van C. Louis Leipoldt, en vanaf die tweede druk kies hy in ander verse van dieselfde digter variante uit vroeër drukke wat literêr meer verantwoord is as die finale geoutoriseerde teks. In die meeste bloemlesings wat tot die verskyning van Opperman se verseboeke algemeen gebruik is en talle her-

drukke beleef het, is daar weinig sorg aan die opgenome tekste bestee en kry 'n mens die indruk dat die samestellers soms die keuse gemaak het uit enige druk wat byderhand was. Met die verskyning van Opperman se verseboeke begin 'n nuwe tradisie van deeglikheid en verantwoording wat die versorging van bloemlesings betref, iets wat ook blyk uit die talle toevoegings en weglatings in die opeenvolgende uitgawes wat die gewysigde waardering van 'n gedig of digter en die nuwe 'stand' van die literatuur reflekteer. Daarom dat 'n bloemlesing soos *Groot verseboek* by geleentheid 'op *sy* manier 'n voortreflike literatuurgeskiedenis'[32] genoem is, 'n 'gevoelige barometer' van gehalte wat vir die jong Afrikaanse digter 'die akkolade van erkenning'[33] geword het.

Opperman se werk aan die reeks verseboeke is die belangrikste enkele faktor vir die vestiging van sy magsposisie by die Nasionale Pers, want die amptenare van die uitgewersafdeling het uit die wyse waarop hy die opdrag uitgevoer het, onder die indruk gekom van sy werkywer, noukeurigheid en wye kennis van die literatuur. Die feit dat hy aan 'n universiteit met 'n klein studentetal in die Departement Nederlands en Afrikaans verbonde was, nie in voorskryfkomitees gedien of enige kontak met onderwysmense gehad het nie en van die noordelike skrywers vyandiggesind teenoor hom was, het blykbaar nie as negatiewe oorwegings gegeld nie. Die Nasionale Pers-amptenare het geweet dat sulke deeglike publikasies die bestaande bloemlesings op die lange duur van die mark sou dwing. Daarby het hulle eerbied gehad vir Opperman op grond van sy skeppende werk en geweet dat hy en Van Wyk Louw, die ander groot digter van die Afrikaanse letterkunde, bymekaarstaan. Opperman se bloemlesings was dus 'n belegging vir die toekoms.

Hierdie heldersiendheid is ryklik beloon, want betreklik gou was die verseboeke op skole en aan universiteite vanselfsprekende voorskryfmateriaal vir kursusse oor die Afrikaanse poësie. Uit die verseboeke is met die medewerking van J.A. Heyl, C.B. Linder, M.A. Basson en E. Strumpf die skool- en kinderbloemlesings *Klankies vir kleuters* (1959), *Klankies vir die kleintjies* (1959) *Verseboek vir Standerd 6* (1959), *Verseboek vir Standerd 7 en 8* (1959) en *My Afrikaanse verseboek* (1960) saamgestel. Die uitgawe van die verseboeke en die geweldige afset met die jare is een van die grootste suksesse wat 'n Afrikaanse uitgewer nog beleef het.

Die publikasie van die bloemlesings en die mislukking van die medewerking tussen die twee oorspronklike samestellers het tot 'n verkilling in die verhouding tussen Opperman en W.E.G. Louw gelei. Opperman was geïrriteerd deur Louw se veelwoordigheid en presieuse manier van doen. Voor sy vertrek na Europa aan die einde van 1948 het hy vir Opperman 'n uitgebreide 'Reisplan van prof. en mev. W.E.G. Louw' gestuur met die name en adresse van al die hotelle waar hulle sou oorbly, maar nagelaat om 'n enkele steek werk aan die bloemlesings te verrig. As seun van 'n arm spoorwegwerker en iemand wat dit in daardie stadium self nie breed gehad het nie, was Opperman gesteur en

waarskynlik selfs 'n bietjie afgunstig op Louw wat opnuut 'n oorsese reis in alle luukse aanpak terwyl hy self daarna gesmag het om geestelik deur 'n Europese verblyf verruim te word. Tog het die mislukking van hulle projek nie tot 'n absolute breuk gelei nie.

In 1949 het daar egter iets anders gebeur wat die reeds bestaande spanning sou verhoog. Alhoewel Canis Scholtz aan die begin van dié jaar die hoofskap van die Departement Nederlands en Afrikaans oorgeneem en D.B. Bosman die pos as Suid-Afrikaanse ambassadeur in Den Haag aanvaar het, moes die leerstoel volgens vaste gebruik van die Universiteit van Kaapstad geadverteer word. Opperman se aanstelling was tydelik en sou verval indien iemand anders die professoraat kry, aangesien Scholtz in so 'n geval na sy vaste betrekking as lektor sou terugkeer. Toe die advertensie vir die vakante leerstoel in die koerante verskyn, het W.E.G. Louw - wat in daardie stadium hoogleraar aan die Rhodes-Universiteitskollege was, maar hom ontuis op Grahamstad gevoel het - om die betrekking aansoek gedoen, ten spyte van die feit dat Scholtz ook kandidaat en 'n oud-dosent van hom was. Vir Opperman was Louw se kandidatuur 'n regstreekse bedreiging; indien dit suksesvol was, sou hy werkloos wees. Teen die agtergrond van die behoeftigheid wat hy as kind beleef het en die vrees vir armoede wat 'n deurlopende draad dwarsdeur sy lewe was en sy uiters versigtige hantering van geldsake sou bepaal, moes so 'n vooruitsig of selfs die gedagte daaraan vir hom iets skrikwekkends gewees het. Hoewel W.E.G. Louw die volste reg gehad het om aansoek te doen om enige betrekking van sy keuse, was Opperman hoogs ontsteld en het hy 'n heftige en selfs onredelike reaksie teen Louw begin opbou.

Met Louw se aankoms vir die onderhoud in November 1949 het Van Wyk Louw sy broer op die Kaapstadse stasie ontmoet en hom reeds onderweg na Clifton probeer oorreed om - in die lig van Opperman en Scholtz se ontsteltenis en die negatiewe reaksie onder hulle Kaapse vriende - van die onderhoud af te sien en onmiddellik na Grahamstad terug te keer. Dit was hy nie bereid om te doen nie. Die aanstellingskomitee was egter bewus van die goeie diens wat Scholtz oor 'n lang periode aan die Departement gelewer het en het hom eenparig vir die leerstoel aanbeveel.[34]

Die verslegtende verhouding tussen Opperman en W.E.G. Louw het nie 'n onmiddellike uitwerking op sy verhouding met Van Wyk Louw gehad nie. Hulle het mekaar feitlik daagliks gesien en mekaar se geselskap geniet. Van Wyk Louw was reeds lank lektor in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad en het gevoel dat hy dié paadjie al byna agttien jaar lank loop. In die veertigerjare het hy aansoek gedoen om 'n soortgelyke pos by die Universiteit van Stellenbosch, maar dit nie gekry nie. Alhoewel hy met *Standpunte* besig was en enkele opstelle geskryf het, was daar in sy skeppende werk 'n element van stagnasie. Hy het gevoel hy was met *Germanicus* in 'n doodloopstraat en dat daar onder sy ongepubliseerde gedigte nie

juis iets was wat op nuwe groei dui nie. Hy het uitgesien na 'n verandering.

Ná die bewindsaanvaarding van die Nasionale regering in Mei 1948 is Otto du Plessis as nuwe Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland benoem. As gevolg van Du Plessis se Nazi-simpatieë tydens die Tweede Wêreldoorlog was hy egter vir die Nederlandse regering onaanneemlik en is sy geloofsbriewe nie deur die koningin aanvaar nie. Van Wyk Louw het in hierdie diplomatieke dilemma 'n moontlikheid vir homself gesien en aan Opperman gesê dat hy daarin sou belangstel om ambassadeur in Den Haag te word. Opperman was geamuseerd maar tog ook 'n bietjie ontsteld oor dié onwyse stap wat Van Wyk Louw oorweeg. ‘Wil jy vir my sê,’ het hy sy vriend gevra, ‘dat jy jou die hele dag met foefies wil besig hou en dan laatmiddag by skemeronthale hoflik wil rondbeweeg en sjerries drink?’ Toe Van Wyk Louw opnuut kla oor die vooruitsigloosheid van sy betrekking by die Universiteit en sê dat hy na 'n verandering uitsien, onderneem Opperman om met dr. T.E. Dönges - lid van die Malan-kabinet en iemand met wie hy bevriend was - te gaan praat. Dönges was egter lugtig om 'n digter vir die pos te oorweeg, 'n tipe persoon - so het hy as onkundige oor die kunste gemeen - wat emosioneel kon optree en in die lig van die reeds gespanne verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland 'n risikofaktor was. Hy het die bedaarder en ouer D.B. Bosman vir die aanstelling as ambassadeur verkies.

Juis in hierdie tyd het 'n onverwagte en verrassende eer Van Wyk Louw te beurt geval. Die Rijksuniversiteit van Utrecht het 'n eredoktoraat vir sy literêre werk aan hom toegeken. Hy is, vergesel van sy vrou, na Nederland om die graad op 20 September 1948 in ontvangs te neem, enkele voorlesings te hou en verder in Europa rond te reis. Uit sy veelvuldige briewe in hierdie tyd vertel hy Opperman van die reis, die lesings, die literêre vriende wat hulle ontmoet het, hoe mooi hulle alles vind en wat sy indrukke van Nederland is. Die Europese verblyf het 'n stimulerende uitwerking op hom gehad en hy was by sy terugkeer 'n vreugdevolle mens. Nie lank daarna nie is hy uitgenooi om die leerstoel in Suid-Afrikaanse letterkunde, kultuur en geskiedenis aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam te beset en het hy besluit om dit te aanvaar.

Kort voor Van Wyk Louw se vertrek is sy seun Peter gebore. Aangesien die baba nog klein was en geelsug gehad het, is besluit dat Van Wyk Louw alleen na Nederland sou reis en Truida en die kinders later sou volg. Opperman was peetvader van Peter en by die doopplegtigheid in Seagirt, die Louws se houthuisie op Clifton-strand, het Opperman in Van Wyk Louw se afwesigheid langs Truida gestaan. Tydens sy vriend se verblyf in Nederland sou Opperman die finansiële sake van Van Wyk Louw se twee ouer dogters, Ria en Nakkie, behartig, na hulle welsyn omsien en probleme hanteer wat daar mag opduik. Nakkie was in daardie stadium besig met die laaste hoërskooljare, terwyl Ria op die punt gestaan het om met haar studie by die Universiteit van Kaapstad te begin.

Die feit dat Van Wyk Louw vir Opperman gevra het om feitlik as voog vir die dogters op te tree en ook sy finansiële sake in Suid-Afrika te behartig, getuig van sy vertroue in sy vriend en die hegte band wat daar tussen hulle was. Na Van Wyk Louw se vertrek het Opperman namens hom onderhoude met die Nasionale Pers oor die herdruk van *Lojale verset* gevoer, die strook- en bladsyproewe van *Dias* behartig en deur uitvoerige samesprekings daarvoor gesorg dat Van Wyk Louw die kans kry om sy rubriek 'Die oop gesprek' in *Die Huisgenoot* te begin, 'n geleentheid wat nie alleen vir hom finansieel geweldig gehelp het nie, maar wat ook in later jare tot die publikasie van 'n hele paar opstelbundels sou lei. Die wedywering tussen die twee, wat van die begin af in hulle verhouding aanwesig was, het 'n bestendige element gebly, maar nie hulle vriendskap nadelig beïnvloed nie. Opperman het 'n groot bewondering vir Van Wyk Louw gehad, maar kon hom soms geamuseerd uitlaat oor ondergeskikte aspekte van sy vriend se digterskap. Met verwysing na gedigte soos 'In waansin het ek gevra', 'Die profeet' en die begin van 'Die hond van God' het hy by geleentheid gesê: 'Wyk is 'n groot bidder'!

Nie lank na Van Wyk Louw se aankoms in Nederland nie het hy 'n persoonlike krisis belewe wat Opperman diep onthuts het en sy gevoel vir sy vriend treffend illustreer. Met Truida en die kinders nog in Kaapstad was Van Wyk Louw aanvanklik alleen in Amsterdam en het hy die geselskap van die groepie studente uit Suid-Afrika opgesoek. Onder hulle was Stoffel Nienaber en sy vrou Sheila Cussons, Opperman se studentevriende uit sy Pietermaritzburgse dae. Vroeg in 1950 moes Stoffel terug na Suid-Afrika om by die sterfbed van sy vader te wees en sy broers en ander familielede by te staan. Van Wyk Louw het Sheila gevra om saam met hom uit te gaan, soos hy ook van die ander Afrikaanse vriende en vriendinne gevra het - eers saam met ander, later alleen. Op dié wyse het daar 'n gevoel tussen hulle ontstaan wat tot 'n liefdesverhouding ontwikkel het.

Die nuus oor die gebeure het die Kaapse kennisse van die Louws in die loop van Mei 1950 bereik en die reaksie was dié van ontsteltenis oor die situasie waarin hulle vriende hul bevind.[35] Jan Greshoff, wat 'n groot verering vir Van Wyk Louw gehad en sy *Verzamelde gedichten* aan hom opgedra het, was só geskok dat hy soos 'n kind in trane uitgebars het. Op Van Wyk Louw se verjaardag op 11 Junie 1950 skryf Opperman aan hom dat hy graag die stiltes wat daar tussen hulle gesak het, wil beëindig. 'Graag sou ek nagte-lank met jou in een van Amsterdam se kroeë sit en gesels en gesels, want dit klink vir my asof daar intussen so baie gebeur het, asof daar 'n hele lewe al tussen ons verbygegaan het.' Uit Van Wyk Louw se reaksie blyk dit in watter mate hy sy vriend se afwesigheid mis en hoe graag hy lank en uitvoerig met Opperman sou wou gesels. In 'n brief van 21 Junie 1950 aan Opperman wei hy uit oor die chaos wat sy lewe geword het en hoe daar 'ingeloer word in sy lewe'. Die verhouding met Sheila, so gaan hy voort, is nie 'n ligte flirtasie nie, want hulle belewe albei

‘dae en nagte hel’ daarvan.

Uit die brief het Opperman afgelei dat sy vriende 'n krisis op meer as een vlak beleef en dat Van Wyk Louw self waarskynlik nie die omvang daarvan besef nie. Hy het albei vrouens, Sheila en Truida, goed geken en hy was oortuig daarvan dat Truida die beste vrou is wat Van Wyk Louw kon hê. ‘Sheila is soos sjampanje,’ het hy later gesê, ‘maar Truida is 'n beleë wyn.’ In sy brief van 29 Junie vra hy dan ook vir Van Wyk Louw of Sheila nie net ‘'n tydelike, baie aangename afwisseling’ is waarvan die ‘glans’ weldra sal verdwyn nie. Indien dit dieper gaan, moet Van Wyk Louw hom afvra of dit nou ‘'n finale wegbreek’ van die huwelik as lewensvorm is. Daarby kom die vraag in hoe 'n mate sy vriend rekening hou ‘met die selfondergrawing wat die digterskap aan (hom) as mens meebring’, 'n neiging waarteen hy moet stry. Van Wyk Louw se suiwerheid as mens is dus op die spel. Alhoewel hy hom nie met sy kinders wil ‘slaan’ nie, verwys hy in 'n oomblik van diepe menslikheid en ontsteltenis oor die situasie na Van Wyk Louw se brief:

> Jy het self in een van jou diepste en helderste oomblikke kon sê: ‘As Reinet net sou roep: “Kom terug, Pappa!” sal ek jou na die donder laat loop.’ Wyk, as daardie kind vandag alles kon verstaan en begryp wat aangaan, sou sy op haar knieë gaan en jou smeek om nie tot daardie stap oor te gaan nie. En Peter ook. En omdat hulle dit nie kan doen nie, doen ek dit vandag namens hulle.

In 'n brief van 6 Augustus 1950 herbevestig Opperman die diep gevoel wat hy teenoor sy vriend het. Alhoewel dit altyd uiters moeilik is om oor emosies uit te wei, verseker hy Van Wyk Louw dat hy altyd kan optree ‘met die versekering en volle vertroue dat daar maar min dinge in hierdie ou wêreld is wat (sy) vriendskap vir (Van Wyk Louw) sal aantas.’ Hy gaan voort:

> Sowel my eerste as my tweede brief is geskryf uit hierdie ‘ethos’ van ons verhouding, wat ten spyte van alle ‘lotgevalle’ wat jou of my mag tref, hopelik altyd daar sal wees. Albei my vorige briewe wou opnuut hiervan getuig met my vrae en navrae en versoeke - dit was in sekere mate verpligtinge wat ek as gevolg van ons vriendskap gehad het.... Jy hoef nie met die minste aarseling of reservasies aan my te skryf nie.

Die briewe wat Opperman oor die krisis in sy vriend se persoonlike lewe skryf, is 'n aanduiding van sy diep gevoel vir en hegte vriendskap met Van Wyk Louw. Dit openbaar terselfdertyd in hoe 'n mate hy deur die lotgevalle van iemand vir wie hy hoë waardering en verering gehad het, geroer kon word. Dit is een van die min gevalle in sy private korrespondensie en persoonlike dokumente waar hy - na sy Pietermaritzburgse studentedagboek met die optekening van sy liefdeservarings - sy gevoelens regstreeks openbaar. As digter was hy in dié stadium lank reeds bewus van Nijhoff se ‘fluit’ en Eliot se ‘objective

correlative' en het hy 'n 'onpersoonlike' tipe poësie beoefen. Dat hy hier dus sy emosies regstreeks op skrif stel, getuig in hoe 'n mate hy deur die gebeure in sy vriende se lewens getref is.

IV

Met sy verskuiwing na die Universiteit van Kaapstad was die beletsel van die Nasionale Pers teen Opperman se openlike deelname aan *Standpunte* nie meer van krag nie. Daarom verskyn sy naam in die uitgawe van April 1949 vir die eerste keer by die lys van die redaksielede, al het hy teen hierdie tyd reeds in 'n aansienlike mate gehelp met die tegniese versorging, die keuring van bydraes en die finansies van die blad. Saam met Greshoff en Fred le Roux was hy verantwoordelik vir die redigering tydens Van Wyk Louw se Europese reis in 1948 en gedeeltelik ook wanneer W.E.G. Louw aan die einde van daardie jaar vir ses maande lank oorsee vertrek. In die uitgawe van Desember 1950 word Fred le Roux as tegniese redakteur benoem, 'n hoedanigheid waarin hy - volgens 'n redaksionele mededeling - reeds vanaf die eerste nommer van *Standpunte* opgetree het. Greshoff is dus volkome korrek as hy na Mulder se dood Van Wyk en W.E.G. Louw, Opperman, Le Roux en homself as die 'kern van *Standpunte*' sien en sê dat die tydskrif 'het geestelijk eigendom is van de vijf menschen die het gemaakt hebben'.[36]

Met die oprigting van die blad is die maatskappy 'Standpunte Edms. Bpk.' in 1946 gestig. Aangesien Mulder nie die vermoë gehad het om hom finansieel te verbind nie, het Van Wyk Louw en W.E.G. Louw aandele uitgeneem en direkteure van die maatskappy geword. Greshoff, Le Roux en Opperman was dus lede van die redaksie, maar nie direkteure van die maatskappy nie. As Van Wyk Louw in 1949 Grahamstad besoek, kom hy terug na Kaapstad met 'n gedagte van W.E.G. Louw dat hulle twee as stigterslede die winste van die blad moet verdeel. Die mislukte medewerking aan die verseboeke en die situasie in verband met die vakante Kaapstadse professoraat was reeds verantwoordelik vir die wrewel wat in Opperman teenoor W.E.G. Louw begin oplaai het. Met sy sensitiwiteit oor geldsake het hy gevoel dat hierdie jongste gedagte van W.E.G. Louw hom finansieel raak, aangesien hy sonder enige vergoeding baie van die redaksionele werk behartig het. Tydens 'n reis na Sutherland teen die einde van 1949 dring Opperman dan ook by Van Wyk Louw aan op gelyke beregtiging van aandele. In 'n brief van 22 Februarie 1950 aan W.E.G. Louw sê Greshoff die bestaande situasie impliseer dat Opperman, Le Roux en hy self in diens van die Louws is.

Omdat Opperman met die opeenvolgende reeks ervarings, waarvan die voorstel oor die winsverdeling die laaste druppel was, 'n grief teen W.E.G. Louw opgebou en alle kontak met hom verbreek het, is dit veral Greshoff wat

in 1950 namens die Kaapse groep briewe aan Louw skryf. Voor Van Wyk Louw se vertrek na Amsterdam om die professoraat te aanvaar, bereik die Kaapse redakteurs eenstemmigheid om Opperman as administratiewe amptenaar in die plek van Van Wyk Louw aan te stel en om Opperman, Greshoff en Le Roux as verdere direkteure te benoem.[37] Opperman het aanvanklik weens W.E.G. Louw se optrede in sake buitekant *Standpunte* nie lus gevoel om mee te doen nie en sy bedanking ingedien, maar op aandrang van Van Wyk Louw en Greshoff het hy ter wille van die voortbestaan van die blad besluit om dit terug te trek. Sy voorwaarde was egter dat die tydskrif op 'n gesonde sakebasis geplaas moes word en dat almal gelyk moes wees voor die oë van die wet.

Na Van Wyk Louw se vertrek op 1 Februarie 1950 word die notule vir ondertekening aan W.E.G. Louw gestuur. Na heelwat vertraging maak Louw beswaar en kom hy met 'n teenvoorstel wat Opperman, Greshoff en Le Roux nog steeds in 'n ondergeskikte posisie plaas en vir hulle onaanvaarbaar is. Na samesprekinge met C.F. Albertyn en die prokureurs van die Nasionale Pers kom Opperman, in 'n brief van 2 Julie 1950 aan Van Wyk Louw, met die gedagte om 'n maatskappy sonder winsbejag te stig as een moontlike oplossing uit die impasse. Die rusie bring 'n vertraging in die verskyning van die Aprilnommer van 1950 en die blad staan vir nege maande heeltemal stil; in 'n brief aan A.P. Grové uit hierdie tyd herdoop Opperman die tydskrif na *Stolpunte*! W.E.G. Louw meen dat Greshoff ontaktvolle briewe skryf en op elke mededeling wat hy uit Kaapstad ontvang, reageer hy met alternatiewe wat die hele situasie oneindig verwikkel. Verdere onsekerheid ontstaan as Van Wyk Louw geen duidelike standpunt inneem nie. Uit sy briewe lei 'n mens af dat hy op 'n afstand van 10 000 kilometer nie gemoeid wil wees met iets wat hy as 'n kleinlike geskil beskou nie, veral nie onderwyl hy spanninge in sy persoonlike lewe ervaar wat vir hom in daardie stadium van kardinale belang is nie. In 'n bitter brief van 7 Junie 1950 aan Greshoff skryf hy dat hy aan sy broer die raad gegee het om uit te skei met die saak en *Standpunte* te laat verdwyn. Hy sê:

> Dit is vir my duidelik dat die stemming van so 'n aard is, dat geen samewerking verder moontlik is nie. Dit lyk my asof die briefwisseling tot ál hoe groter verwydering gelei het; en van 'n persoonlike ontmoeting skyn daar geen sprake te wees nie. Dit het ook vir my duidelik geword dat geen skrywery van my kant iets aan die saak kon verbeter nie. Die verskilpunte was van suiwer praktiese aard; en as hulle dán nie uit die weg geruim kan word nie, beteken dit alleen dat die wil om 'n oplossing of 'n kompromis te bereik, ontbreek. Ek sou in eindeloos lange briewe al die verskilpunte kon deurgeloop het: die maatskappy sonder winsbejag; die verdeling van die aandele; die wyse van keuring e.d.m.; ek sou kon gewys het daarop hoe alles 'n saak van gerieflikheid, gladde werking is, die voor en teen á la Germanicus opgenoem het; maar dan sou julle tog nog moes *gekies* het, en weens die stemming was 'n aanvaarbare kompromis uitgesluit. Wat vir my ellendig is - dit het ek ook aan Gl. geskrywe - is dat STPE nou gaan verdwyn om werklik

> beuselagtige redes, om redes wat met die literatuur niks te maak het nie; wat 'n mens eintlik skaam sou wees om te noem in 'n gesprek waar dit miskien om die betekenis van die blad sou gaan. Maar dit is waarskynlik tipies van die loop van sake in ons hele kultuur. Die persoonlike lewe en eie werk is miskien ál wat 'n mens jou mee besig moet hou. En STPE moet ons miskien maar as 'n taamlik roemlose onderbreking hiervan beskou.

Op 7 Junie 1950 laat weet W.E.G. Louw per brief vir Greshoff dat hy besluit het om hom aan die redaksie te onttrek. Hy voel *Standpunte* as onderneming en uiting van die Afrikaanse geesteslewe is veel groter as hy of die ander redakteurs, en hy wil nie die verantwoordelikheid dra dat hy dit laat misluk het nie. In 'n brief van 20 Junie 1950 bedank Greshoff hom vir sy besluit, maar hoop dat hy nog sal saamwerk. Die blad word nou voortgesit deur die oorblywende redaksielede, met Opperman as redaksie-sekretaris, 'n posisie wat hy tot einde 1955 beklee.

Opperman se eerste bydrae tot *Standpunte* was om die tydskrif te reorganiseer en te omskep in 'n maatskappy sonder winsbejag, met Van Wyk Louw, Greshoff, Le Roux en hy self as direkteure. Van die begin af het hy gevoel dat *Standpunte* naas Afrikaanse en Nederlandse bydraes ook die medewerking van Engelse skrywers en kritici moet verkry. Afgesien van toenemend meer werk van Engelse Suid-Afrikaanse kunstenaars in die blad word die Engelse digter Anthony Delius uitgenooi om tot die redaksie van *Standpunte* toe te tree, 'n benoeming wat hy vanaf Oktober 1952 aanvaar. Om *Standpunte* verder aktueel te maak, vra Opperman 'n aantal medewerkers om gereeld oorsigte oor die jongste publikasies in Afrikaans, Engels en Nederlands te skryf. Die belangrikste van dié kroniekskrywers is Rob Antonissen, 'n Vlaamse letterkundige wat ná die dood van H.A. Mulder as lektor aan die Rhodes-Universiteit aangestel word, maar reeds in daardie stadium bekendheid verwerf het met sy deeglike en omvangryke tweedelige *Schets van den ontwikkelingsgang der Zuidafrikaansche letterkunde* wat in 1946 in België gepubliseer is.

Verder plaas hy die blad op 'n stewiger finansiële grondslag deur die intekengeld te verhoog en die Rembrandt- en Shell-maatskappye oor te haal om 'n ruim bedrag vir volbladadvertensies te betaal. As hy verneem dat C.M. van den Heever se *Tydskrif vir Letterkunde*, op grond van die blad se posisie as amptelike orgaan van die Afrikaanse Skrywerskring, 'n jaarlikse toekenning van £650 per jaar van die staat ontvang, doen hy namens *Standpunte* ook aansoek by die afdeling ‘Opvoeding vir Volwassenes’. In sy brief van 16 April 1951 aan hierdie afdeling voer hy aan dat die staat 'n kwartaalblad ondersteun wat met 'n bestaande tydskrif op dieselfde vakgebied meeding, dat *Standpunte* reeds vyf jaar lank deur die persoonlike opoffering van die redaksielede uitgegee word; dat die staat 'n besondere groep skrywers - hoofsaaklik die noordelikes - deur dié steun begunstig en dat daar meer skrywers buite die Skrywerskring is as daarbinne. In September 1951 ontvang *Standpunte* £360 van die

staat, 'n toekenning wat in Augustus 1952 vir die laaste keer herhaal word. Op aanbeveling van Delius doen Opperman ook aansoek by die Kaapse Drie-Eeue-Stigting. In November 1952 ken die Stigting £500 toe en vul hulle dit later met nog £400 aan. Die finansiële steun stel die redaksie in staat om omvangryke en aantreklike nommers van die tydskrif uit te gee. In 1954 slaag Opperman daarin om 'n gunstige kontrak met die firma HAUM vir verdere uitgawes van die blad te sluit. Dit bring mee dat *Standpunte* van 1954 af ses keer per jaar verskyn met HAUM as uitgewer. 'n Nuwe reeks van die blad neem 'n aanvang met die verandering van uitgewer.

Maar die waarde van 'n tydskrif word vanselfsprekend in die eerste plek bepaal deur die gehalte van die bydraes en die wyse van redigering. In die jare van Opperman se redaksie-sekretariaat verskyn uittreksels uit *Dias* en *Germanicus* van Van Wyk Louw, gedigte van Elisabeth Eybers, Ernst van Heerden, S.J. Pretorius en S.V. Petersen, die volledige vertaling van Lorca se *Yerma* deur Uys Krige, en kortverhale deur Boerneef, Eitemal en Henriette Grové. Van Opperman se eie werk uit hierdie jare word ook in *Standpunte* opgeneem, soos ‘Jeroen Bosch’, ‘Draaikewers’, ‘Gebed om die gebeente’, ‘Brandaan’, ‘Kaapse draaie’, ‘Kersliedjie’ en ‘Blom van die baaierd’ en die belangwekkende opstelle oor Roy Campbell en ‘Kuns is boos!’ Naas dokumentering uit die nalatenskappe van Gorter en Leipoldt maak hy ruim voorsiening om aan jong skeppende talent die geleentheid tot publikasie te gee, soos die volledige *Moeder Hanna* van Bartho Smit en gedigte van Ina Rousseau, A.J.J. Visser, Barend J. Toerien, H.W. Truter en Peter Blum. Onder die skuilnaam Etienne verskyn ook die eerste kortverhaal van Etienne Leroux wat in dié jare heelwat stukke aan *Standpunte* voorlê. Die opname van dié kortverhaal geskied egter op aandrang van Greshoff, aangesien Opperman self aanvanklik weinig of geen waardering vir die vroeë werk van Leroux het nie. Van die jonger kritici soos Merwe Scholtz, C.J.M. Nienaber, P. du P. Grobler en veral A.P. Grové dra met hulle opstelle by tot 'n meer verantwoorde beoefening van die literatuurwetenskap, terwyl Opperman se termyn as redaksie-sekretaris afgesluit word met 'n polemiek tussen Scholtz en F.I.J. van Rensburg oor die stilistiek op linguistiese grondslag. Daarby stuur die filosoof J.J. Degenaar en die historikus F.A. van Jaarsveld ook in die vyftigerjare gereeld hulle opstelle na *Standpunte*.

Dit is egter veral Antonissen se kronieke wat in hierdie jare aan *Standpunte* sy besondere waarde gee en wat belangstellendes in die letterkunde met afwagting na elke nommer laat uitsien het. Antonissen se eerste kroniek verskyn in die uitgawe van Oktober 1952 onder die titel ‘Die styl is alles’. Sy kritiek hierin op die toekenning van die Hertzogprys vir Drama aan Gerhard J. Beukes en W.A. de Klerk lei tot 'n lang polemiek wat maande lank in *Die Burger* en *Die Huisgenoot* gevoer word en waaraan 'n hele aantal prominente letterkundiges deelneem. Terwyl dit in die beginjare van *Standpunte*, soos E. Linden-

berg dit stel, ‘veral die nuwe skeppings van Van Wyk Louw, Elisabeth Eybers en D.J. Opperman (was) wat elke nuwe nommer 'n opwindende gebeurtenis gemaak het’, is dit in die vyftigerjare ‘veral die gereelde kronieke van die Afrikaanse letterkunde ... deur Rob Antonissen wat die groot aantrekkingskrag vorm’.[38]

Die hoë peil van *Standpunte* in hierdie jare kon Opperman in die eerste plek alleen handhaaf omdat daar skeppende en kritiese talent was wat werk van waarde kon lewer. Daarnaas het hy egter sy medewerkers gestimuleer deur krities op hulle bydraes kommentaar te lewer, soms in die geval van gedigte skeppend in te gryp en reëlveranderinge voor te stel, skrywers uit te nooi om stukke by te dra en dikwels verse uit bundels op te neem wat reeds deur die Pers aanvaar is en binne afsienbare tyd sou verskyn. Met sy redaksionele aantekeninge het hy inligting oor bydraes en medewerkers verskaf en só as redakteur 'n samebindende funksie verrig. In ten minste twee gevalle neem hy die inisiatief vir besondere nommers. In die uitgawe van Desember 1953 vra hy 'n aantal persone om kommentaar te lewer oor die moontlikheid van wetgewing met die oog op binnelandse sensuur, terwyl hy by geleentheid van die vyf en twintigste bestaansjaar van die FAK een van die uitgawes van 1954 wy aan oorsigte oor die literatuur, toneel, musiek en skilder- en beeldhoukuns met onderskeidelik A.P. Grové, Hermien Dommisse, Anton Hartman en Matthys Bokhorst as medewerkers. By herhaling skryf hy aan medewerkers om sy oordeel oor hulle werk oor te dra en aan te moedig as hulle ongeregverdig kritiek ontvang. Wanneer Antonissen in *Tydskrif vir Letterkunde*, IV: 3 deur Abel Coetzee en F.P. van der Merwe gestriem word, reageer hy in 'n persoonlike brief van 27 Desember 1954:

> Dat jy ‘slap pannekoeksinne’ skryf en ‘cliché-taal’ gebruik - daarmee stem ek nie saam nie: wel dat jou sin soms moeisaam lees en dus stilisties kan verbeter. Ek sou sê probeer so eenvoudig moontlik skryf en die ‘vreemde’ woord vermy. Omdat ek gevoel het dat jy dit maklik sal kan doen, daarom my skrywe. Maar by Coetzee en Van der Merwe gaan dit nie eintlik oor jou ‘styl’ of ‘taal’ nie - hulle het dit teen jou hele kritiese gesindheid en in 'n poging om jou te ‘breek’, gryp hulle na alle moontlike en onmoontlike argumente en oordryf op 'n gewetenlose manier. Moet asb. nie dat hierdie mense jou enigsins laat wankel nie. Albei is gewonde partygangers - en slagoffers - van jou wakkere kritiek. Met die aanhalings uit jou kronieke waarmee V.d.M. jou wil verbrysel, bereik jy m.i. die teenoorgestelde, want ek stem oral met jou saam. Dan: moenie vergeet nie: jou kronieke as hulle *lewe*, moet bespreking en teenkanting uitlok. Hulle kla so, maar selfs jou ‘vyande’ wil altyd lees wat Antonissen sê.

In 'n brief van 7 Desember van dieselfde jaar lewer hy kommentaar op die aard van Antonissen se kronieke:

> Ons het niemand wat hierdie werk (die kronieke - J.C.K.) beter kan verrig as jy nie: jou belesenheid, gevoeligheid, analitiese vermoë, gebalanseerdheid, uitgesprokenheid en les bes, jou werkkapasiteit. Maar soms is daar iets wat my hinder in jou kronieke ... ek sal dit 'n swaarwigtigheid, swaartillendheid noem: (1) dit is asof jy met te groot omhaal jou oorgee aan diepsinnige ideë-ontleding (vgl. bespreking van Ina Rousseau, *Nuwe verse* van Van Wyk en *Periandros* van Opperman). (2) Nie eenvoudig en helder genoeg skryf nie, maar voorkeur gee aan lang ingewikkelde sinne met verskeie bepalings en newebepalings, selfonderbrekende kommentaar en interpolasie wat jou sinne soms moeisaam en kunsmatig maak. (3) Die swaarwigtighede vind ek ook af en toe in jou 'gespanne' houding en 'n sekere betrokkenheid: jy sou dieselfde woorde soms maar speelser, geestiger, gemoedeliker, mensliker kan sê. Ek het groot waardering vir jou werk en daarom ook die vrymoedigheid om hierdie aspekte van jou kritiek (wat soms nogal deugde is!) onder jou aandag te bring.

Opperman het dus sy taak as redaksie-sekretaris nougeset verrig, onder meer omdat hy hom ten volle met die tradisie en strewe van *Standpunte* kon vereenselwig. Selfs al kon hy nie altyd die bydraes kry wat hy graag wou hê nie, was die blad altyd daar - soos hy dit op 29 Junie 1952 in 'n brief aan Van Wyk Louw stel - 'as 'n voortdurende bron van onrus, 'n prikkel, 'n aanklag ...' Van Wyk Louw skryf in hierdie jare baie min vir *Standpunte*, terwyl W.E.G. Louw sy medewerking heeltemal onttrek. In 'n brief van 2 November 1952 verwyt Opperman vir Van Wyk Louw dat hy hom nie meer aan die blad steur nie. Die fragmente uit *Germanicus* en *Dias* is gepubliseer op aandrang van Opperman; uit sy eie stuur Van Wyk Louw geen gedigte nie. Sy argument dat hy iets nuuts wil hê vir 'n komende bundel, gaan vir Opperman nie op nie, aangesien poësieliefhebbers die bundel met ewe groot vreugde sal aanskaf. Buitendien het Opperman hom in presies dieselfde posisie bevind toe hy die manuskrip van *Engel uit die klip* voltooi het. Die meeste gedigte was reeds eerder in *Standpunte*, maar hy het gevoel hy is dit aan die blad verskuldig.

Die gebrek aan medewerking van Van Wyk Louw se kant was vir Opperman 'n irriterende aangeleentheid, veral omdat hy vermoed het dat sy vriend dit doen uit lojaliteit teenoor W.E.G. Louw wat gemeen het dat hy tydens die redaksionele krisis onbillik deur die Kaapstadse groep behandel is. Ten spyte hiervan werk Opperman met veel vreugde aan die opeenvolgende nommers. So vroeg as 1950 skryf Greshoff aan hom uit Pretoria dat hy beïndruk is met die gehalte van *Standpunte:* 'Jij bezit alle eigenschappen van een tijdschriftleider. De groote kunst is beginselvast en toch soepel te zijn, het peil te handhaven en tóch jongeren en beginners een kans te geven.' Uit Nederland skryf hy op 7 Augustus 1951 oor die groot lof wat daar in die Lae Lande vir *Standpunte* is: 'Geen Nederl.-tijdschrift is op het ogenblik in staat zulke nummers op te leveren!'

Tog het Opperman met die jare gevoel dat hy baie tyd en aandag aan *Stand-*

punte moet bestee en dat hy graag meer tyd vir sy eie skeppende werk sou wou hê. Terselfdertyd was albei die Louws in die middel van die vyftigerjare bereid om hulle medewerking opnuut aan die blad te gee. Aanvanklik bied Opperman aan om heeltemal uit te tree, maar W.E.G. Louw dring aan dat hy as redaksielid aanbly. Opperman se voorwaarde vir sy voortgesette deelname aan die redaksie was dat hy nie onderhandelings met die uitgewers hoef te voer of proewe hoef te lees nie. Hy sal steeds bereid wees om in *Standpunte* te publiseer, te help met die beoordeling van grensgevalle, en persoonlike kennisse aan te moedig om bydraes aan die blad te stuur. Hy wil dus, soos hy dit self stel, 'n ‘sleeping partner’ wees. Op sy voorstel word die redaksie dan, naas die hertoetrede van W.E.G. Louw, uitgebrei deur uitnodigings te rig aan Antonissen en Guy Butler (in die plek van Delius wat permanent oorsee vertrek het). In antwoord op 'n vraag van Louw oor die keuse van 'n ‘noordelike’ redakteur stel Opperman telegrafies Merwe Scholtz bo Elisabeth Eybers, maar meen dat dit eintlik Grové toekom. In 'n brief van 7 Oktober 1955 verduidelik hy sy standpunt uitvoeriger. Terselfdertyd illustreer dit op watter beredeneerde wyse hy tot 'n gevolgtrekking kom:

> Ek sou graag Elisabeth wou ingesluit het, maar sy lewe literêr te eenkant. Daarom sou Merwe 'n beter keuse gewees het, maar dan dink ek (en Fred stem met my saam) kom Grové eerste in aanmerking. Hy staan langer én breër in die stryd, skakel met sowel die Engelse as die Afrikaners, beweeg gereeld tussen Pietermaritzburg, Durban, Potchefstroom, ens. ens. Hy sou ook van al die jongeres die grootste rede kon gehad het om sleg te voel as ons hom verby gegaan het. Ek is daarvan oortuig dat ons verder in hom 'n harde werker en waardige mederedaksielid sal vind.

Aan die einde van 1955 tree Opperman dus uit as redaksie-sekretaris. In die uitgawe van Februarie/Maart 1956 spreek die nuwe tydskrifleier, W.E.G. Louw, namens die redaksie sy besondere dank en waardering aan Opperman uit ‘vir die bekwame en getroue wyse’ waarop hy vyf jaar lank die leiding van die blad waargeneem het. Opperman het die tydskrif

> sodanig uitgebou en gekonsolideer dat dit vandag baie stewig gevestig is en oor 'n groter leserskring as selfs baie buitelandse tydskrifte van spesifiek literêre aard in ou kultuurlande met baie groter bevolkings as Suid-Afrika beskik. Dat dit gedurende 'n uiters moeilike tyd van steeds stygende drukkoste kon gebeur, spreek baie vir sy gesonde leiding en inisiatief. Ook literêr - wil ons verwaand genoeg wees om te glo - het *Standpunte* die afgelope jare gewys waartoe hy in staat is en in die algemeen 'n standaard gestel wat in ooreenstemming is met die literêre ontwikkeling in Suid-Afrika. Ons wil dan ook die vertroue uitspreek dat waar dr. Opperman nou as redakteur van baie administratiewe sorge en laste ontslaan is, hy die tyd wat daarmee tot sy beskikking gekom het, aan steeds meer skeppende werk sal kan wy, en dat *Standpunte* ook uit dié omstandigheid voordeel sal trek.

In haar voortreflike opstel oor sy aandeel aan *Standpunte* wys Louise Viljoen daarop hoe Opperman se medewerking en verantwoordelikheid ten opsigte van *Standpunte* vanaf 1946 geleidelik toeneem totdat hy in 1950 volledig die redaksionele leiding van die blad aanvaar. Sy skryf:

> As redaksie-sekretaris weer hy meer as een organisatoriese krisis, wat die blad se voortbestaan bedreig, af. By sy uittrede staan die blad se geldsake, organisasie en intekening op 'n baie gesonde voet. Onder sy leiding kry die blad ook effektief 'n breër kulturele grondslag en aanspraak deur die aanstel van 'n Engelse redaksielid, asook 'n sterk lewenskragtige en aktuele toon deur die instelling van kronieke en volgehoue aandag aan skeppende bydraes. Daarbenewens is sy organisatoriese en skeppende aandeel in die blad deurentyd aangevul deur sy bemoeienis daarmee as skeppende en kritiese gees.[39]

V

Soos tydens sy jare by *Die Huisgenoot* het die redaksionele werk by *Standpunte* Opperman gelei tot persoonlike kennismaking en vriendskap met medewerkende outeurs en tot 'n hegte verhouding met die amptenare van die Nasionale Pers. In die laat-veertiger- en vyftigerjare tree hy gereeld op as uitgewerskeurder, gee hy privaat heelwat advies aan skrywers wat manuskripte aan hom voorlê en is hy ook sporadies een van die keurders wat oor literêre pryse moet besluit. Daarby het hy noue kontak met verskillende vertakkinge van die Pers wat sy eie publikasies in dié jare betref.

In die jare 1949-1956 verskyn daar twee digbundels, twee versdramas en 'n lang epiese gedig van Opperman by die Nasionale Boekhandel (die filiaalmaatskappy wat in 1948 uit die Nasionale Pers tot stand kom), terwyl sy reeks verseboeke en sy doktorale verhandeling *Digters van Dertig* ook in dié tydvak by dié uitgewery die lig sien. Opperman het sorgvuldig aandag gegee aan die grafiese vormgewing van sy werke, dikwels die lettertipe, papier en linne self gekies en voorstelle gemaak in verband met die bandontwerp en algemene beplanning van 'n uitgawe. Vir die ontwerp het hy dikwels gebruik gemaak van die grafiese kunstenaar Piet Bijl. Onder die setters het hy veral vertroue gehad in Brand Coetzer wat beroemd was daarvoor dat hy *Werda* van E.C. Pienaar sonder 'n enkele fout geset het. Opperman was 'n groot ‘omkoper’ van mense en kon hulle só begeester dat hulle enigiets vir hom sou doen. Hy was dan ook van Coetzer se besondere prestasies en vermoëns bewus en het daarvoor gesorg dat sy bundels in dié setter se bekwame hande beland. Vir die uitgawe van *Periandros van Korinthe* het hy die lettertipe Mediaeval gekies en die buiteband met die afdruk van die gevlerkte hings deur Willem Jordaan laat ontwerp. Dit was die begin van 'n lang samewerking wat vir die hele duur van sy skrywersloopbaan sou bestaan, want hy het vertroue gehad in Jordaan se besondere

smaak en kundigheid by die versorging van 'n boek. Daarby was hy ook goed bevriend met Jordaan se moeder, Fannie, wat in 1956 met sy vriend en kollega Izak van der Merwe in die huwelik sou tree. Vir die eerste uitgawe van *Periandros van Korinthe* is vyftig eksemplare op handgeskepte papier gedruk en deur die dramaturg onderteken - die eerste keer dat so 'n eer 'n Opperman-werk te beurt val.

By die uitgewery was George Minnaar die hoof van Algemene Publikasies. Hy het die uitgawes van *Joernaal van Jorik*, *Engel uit die klip* en *Periandros van Korinthe* behartig, maar daar was weinig kontak tussen hom en Opperman. Dit was Opperman se vaste instelling dwarsdeur sy lewe om sy beste dienste te lewer, maar hy het dit dan ook as sy reg beskou om op 'n ruim vergoeding en alle moontlike finansiële voordele aanspraak te maak. Van tyd tot tyd het hy voorskotte by die Pers gevra, omdat hy dan slegs 6% in vergelyking met die bank se veel hoër rentekoers moes betaal. Vir Minnaar het Opperman te veel gelet op die pennies en hy het hom as 'n inhalige vent beskou. Aan die ander kant was Opperman nie onder die indruk van Minnaar se vermoëns as uitgewer nie. Minnaar het byvoorbeeld Eitemal se *Jaffie* en Elise Muller se *Die vrou op die skuit* afgekeur, sodat albei dié werke deur die ondernemende A.A. Balkema gepubliseer is. Vir Opperman was dit minder gelukkige besluite. Hy het veel meer vertroue gehad in Ben Olivier wat in dié jare veral by opvoedkundige publikasies betrokke was en die opeenvolgende herdrukke van die verseboeke behartig het. In die vroeë vyftigerjare was Olivier die amptenaar by die Pers met wie Opperman die meeste geskakel het. Hy was iemand, soos Opperman dit later sou stel, ‘wat met sy hele wese opgegaan het in die uitgewersbedryf. Medewerkers het intieme vriende geword, sy gulhartigheid leer ken - as daar slowende werk was, het hy laggend besiel, jou so begoël dat jy feitlik enigiets vir hom doen!’[40]

Opperman was in die vyftigerjare letterlik die guru wat die Nasionale Boekhandel betref. Hy het besluit wat gepubliseer moet word en wat nie. Deur sy gereelde gesprekke met amptenare het hy 'n belangrike aandeel gehad in die beleidsbepaling en ontwikkelingsrigting van dié firma. Van Wyk Louw was in Amsterdam en kon om geografiese redes nie as keurder optree nie, terwyl W.E.G. Louw ook afgesonder op Grahamstad geleef het en deur sy koue, formele houding nie besonder gelief by die amptenare van die Pers was nie. Onder die Stellenbosse letterkundiges het Ernst van Heerden by Balkema gepubliseer, terwyl F.E.J. Malherbe se herhaalde oordeelsfoute en dikwels slordige werk nie vertroue in die geledere van die Nasionale Boekhandel ingeoes het nie. W.J. du P. Erlank, wat in 1950 as professor in die Nederlandse letterkunde aangestel is, het nooit 'n hegte verhouding met die Pers gehad nie en was as kritikus sonder enige noemenswaardige status. In dié omstandighede het Opperman dus hoë aansien by die mense van die Pers geniet. Ben Olivier het hom op grond van sy deursettingsvermoë, werkywer, kundigheid en vermoë

om enorme hoeveelhede alkohol weg te slaan, die ‘bul van Basan’ genoem, 'n Bybelse verwysing wat assosiasies met krag, skoonheid en stoetvee van besondere kwaliteit oproep.[41]

In die vyftigerjare het Opperman kennis gemaak met 'n ander persoon wat as jong man tot die uitgewerswêreld toegetree het en met wie hy lewenslank in 'n besondere verhouding sou staan, naamlik Koos Human. Voordat hy in 1954 by die Nasionale Boekhandel begin werk het, was Human student van C.M. van den Heever aan die Universiteit van die Witwatersrand. Met die oog op sy M.A.-verhandeling oor *Die gewilde literêre werk* het hy in 1952 Kaapstad besoek om gesprekke met skrywers te voer. In Drieankerbaai het hy Opperman besoek om aspekte van die ondersoek met hom te bespreek; van dié ontmoeting kon hy jare later nog die enorme hoeveelhede bier onthou wat Opperman tydens hulle gesprek weggeslaan het. Die volgende jaar het Human 'n eksemplaar van die voltooide studie aan hom gestuur. Opperman het dit vol belangstelling gelees, maar hy was teleurgesteld in die ‘geklets oor en vir die Regina Nesers!’[42] Human se ‘verweer was dat hy die Afrikaanse leserspubliek probeer peil het’.[43] Veel later, toe hy 'n huldigingsartikel by geleentheid van Human se vyftigste verjaardag in 1981 moes skryf, het Opperman weer na die verhandeling gekyk en dit heeltemal anders beoordeel. Dit was vir hom ‘die eerste en enigste studie by ons van 'n uitgewer wat ernstig oor sy taak en probleme nagedink het (en wat met 'n) wye erudisie (oor die) leserpubliek, die advertensies en die boekemark van daardie dae’[44] kon gesels.

Aanvanklik was Human by die afdeling Skoolpublikasies van die Nasionale Boekhandel betrokke, maar reeds in dié tyd het hy ‘gedurig rondgesnuffel om meer te wete te kom van die aktiwiteite in die afdeling Algemene Publikasies’[45] en só reeds met die voorbereiding van *Periandros van Korinthe* te ‘belewe wat met die publikasie van 'n Opperman-werk gepaard gaan’.[46] Op 1 Januarie 1956 het Human hoof geword van Algemene Publikasies, en van toe af was daar gereelde kontak en het die ‘voordeurklokkie en telefoon (van Opperman se huis) flink gelui!’[47] Vir Opperman was - soos hy in sy huldigingsartikel getuig - dit ‘opwindend om met 'n uitgewer te gesels wat belese is, opgaan in die wêreld van die woord, die fyn tipografiese versorging van 'n boek - vir wie dié dinge feitlik 'n persoonlike hartstog is.’[48] Van tyd tot tyd het Human van die Nasionale Boekhandel se kantore in Parow uitgery na Tamboerskloof (waar die Oppermans sedert 1954 gewoon het) om oor nuwe publikasies te onderhandel. Omdat hy geweet het dat die aanvanklike samesprekings opgevolg sou word deur los gesprekke met die gebruik van heelwat Oude Meester, moes hy voorsorgmaatreëls tref vir sy maag en gestel om die toets te deurstaan! Daarom het hy dan ook dikwels onderweg na Tamboerskloof op die Kaapse Parade stilgehou om eers 'n vleispasteitjie by Micks te eet voordat hy die tog verder voortsit!

Tydens sy termyn as hoof van Algemene Publikasies het Human die produk-

sie van twee van Opperman se eie werke behartig: *Blom en baaierd* en *Vergelegen*, albei in 1956 gepubliseer. Vir *Vergelegen* was Opperman nie so besonder gesteld op die uiterlike versorging nie, maar hy het aangedring op groen bandlinne en gevra dat Willem Jordaan 'n druiwetros vir die voorplat moes ontwerp. Aan die grafiese voorkoms van *Blom en baaierd* het hy egter baie aandag bestee. Volgens Human het hy gevra vir

> die skerp teenstelling wit/swart op die band. Hy het ook die byna skril Bodoniletter vir die teks gekies uit verskeie soorte wat aan hom voorgelê is. Die volgorde van die gedigte en die verdeling van die bundel in afdelings was van groot betekenis. In *Blom en baaierd* is daar op drie plekke (tussen pp. 18 en 21, pp. 36 en 39, en pp. 56 en 59) blanko bladsye. Ek het hom gevra of ons nie die boek formeel in afdelings kan indeel met Romeinse of Arabiese nommers of hoe ook al gemerk nie. Hy wou nie. So skerp was die onderskeidinge tussen die verskillende afdelings nie, maar 'n sekere verdeling moes daar wees. Wie na Opperman se bundels as *durchkomponierte* eenhede kyk, het volkome gelyk.[49]

Naas sy skeppende werk en bloemlesings is dit veral sy dienste as uitgewerskeurder wat Opperman se besondere posisie in hierdie jare by die Nasionale Boekhandel bepaal, want daar is - met uitsondering van die publikasies van Van Wyk Louw en W.E.G. Louw - nie 'n digbundel van dié uitgewery wat nie deur sy hande gegaan het nie. Daarby keur hy ook soms vir uitgewerye soos A.A. Balkema en HAUM, kanaliseer hy nuwe manuskripte deur sy redaksionele werk by *Standpunte* na die Nasionale Boekhandel en gee hy persoonlike advies aan skrywers wat om raad aanklop.

Die eerste manuskrip wat Opperman in dié jare keur, is I.D. du Plessis se *Ballade van die eensame seeman*. Alhoewel hy dit uiteindelik geskik vind vir publikasie, aarsel hy op grond van die ‘nawerking’ van Coleridge and Mellville en die verwantskap wat die gedig met Watermeyer se ‘seggingstrant’ toon. Met die keuring van S.J. Pretorius se epiese gedig *Grou mure* doen hy weglatings en wysigings van reëls en verandering van woorde aan die hand en herskryf hy selfs hele passasies, in so 'n mate dat sy hersiening 'n indringende strukturele ingryp word. Aan Ernst van Heerden se epiese gedig *Die bevryding* het hy weinig gehad, maar heelwat advies gegee wat onderdele van *Reisiger* en *Koraal van die dood* betref, al was daar vir hom veral in die laaste bundel 'n fasiele en steriele element. Van Heerden was bewus van hierdie beswaar, want in Opperman se eksemplaar van *Koraal van die dood* skryf hy die volgende inskripsie:

> Ek hoop jy vind
> die dodemis
> nog redelik ryk
> aan lewenslus!

Vir *Reisiger* het Opperman veel meer waardering gehad en by die verskyning van die bundel stel hy 'n heildronk daarop in en lewer hy 'n kort rede.[50] Uitgaande van die Blake-motto (‘The Traveller hasteth in the Evening’)[51] sien hy Van Heerden se reisiger as die Christelike pelgrim sonder die hemelse troos, die Middeleeuse ridder sonder die graal - 'n motief wat verbind word met die onrus, eensaamheid, verlange en doodsvrees van die romantikus. Dan gaan hy oor om die reismotief in die bundel te ontleed. Die spel met kronos bring in die eerste plek 'n sinchroniese houding mee waar die ek saam met die tyd in die hede beweeg: 'n reis per trein, vliegtuig of skip; reisindrukke van Suid-Afrika of Vlaandere; 'n beskrywing van 'n voorval of insident en inlewing in klein gestaltes. In die tweede plek is daar 'n diachroniese houding waar die ek teen die tyd in beweeg, teruggryp na die verlede. Dan kry 'n mens stemminge van die aand, see, bos, lente of skemering in verse wat iets stromends en weemoedigs het en aan Bloem of I.D. du Plessis laat dink. In die derde plek is daar 'n achroniese ingesteldheid. Die konsekwente tyd word verontagsaam, dit word 'n strewe na die bo-tydse; soms is verlede, hede en toekoms deurmekaar sodat ons 'n soort surrealistiese vers het. Baie van hierdie gedigte is ontledingsverse met die ‘peillood’ as sentrale beeld. Wat die achroniese houding betref, onderskei hy dié verse waarin Van Heerden *doelbewus* in sy tekening die tyd probeer ophef en 'n oomblik van tydloosheid wek (vroeër aan die slot van ‘Fusillade’, hier in ‘Vlieënde vis’) en dié waarin hy *onbewustelik* die strewe van alle digters bereik: om deur die geslaagdheid van die vers die ophef van die tyd en 'n oomblik van tydloosheid te belewe (‘Helikopter’). In die bundel as geheel is die verse vir Opperman oor die algemeen soberder en met minder invloede en gesogthede. Dit is veel beter as *Die bevryding* en sluit aan by Van Heerden se beste verse van vroeër.

Die kort rede by die verskyning van *Reisiger* gee weer 'n aanduiding met watter nougesette aandag Opperman hom selfs vir so 'n klein geleentheid as die instel van 'n heildronk op 'n private geselligheid in 'n bundel ingeleef en met insigte gekom het waarop nie een van die resensente van die bundel destyds kon wys nie. Die verslae wat hy oor manuskripte in die vyftigerjare skryf, getuig ook telkens van sy volkome oorgawe en inlewing in sy skerp en gevoelige kritiese sintuig by die beoordeling van 'n werk. Abraham H. de Vries se *Proegoed* keur hy af, omdat dié tipe volkspoësie 'n mode word en die bundel as geheel te yl is. Ook die eerste bundel van George Louw, wat as *Die leisel van die tyd* aangebied word, vind hy minder goed, terwyl hy 'n lang verslag skryf oor 'n manuskrip van Vincent van der Westhuizen en heelparty wenke aan die hand doen - 'n jammerlike geval van 'n jong digter wat nie na wyse raad geluister het nie. W.E.G. Louw se beswaar dat Opperman in die vyftigerjare in *Standpunte* voorkeur gegee het aan dié tipe gedig wat sy eie poëtiese werkwyse volg, word geloënstraf deur sy negatiewe reaksie op 'n manuskrip van A.J.J. Visser, 'n digter wat in 'n groot mate as 'n Opperman-epigoon beskou kan word. Hy skryf:

> Visser se werk is in 'n groot mate deur die moderne Afrikaanse poësie gevorm en vervorm. Dit wil nie sê dat hy klakkeloos naskryf nie, maar 'n mens word telkens deur toon, tegniek en frasering só aan die werk van ander herinner dat sy eie skerp sienings daardeur verlore gaan. Die digter besit 'n sekere behendigheid met die hantering van allerlei versvorms, soos byvoorbeeld die sonnet, die kwatryn, die koeplet, die tersine, ens.; maar sy virtuositeit verlei hom om 'n digterlike speletjie te bedryf waarin hy van uiterlike kunsgrepe gebruik maak en die gedig 'n innerlike eenheid mis omdat die vers volgens toevallige, skerp waarnemings en toevallige rymwoorde aanslenter. Sy vers wil vonkel, krities en sinies wees, maar dit mis die meevoerende aksent, sodat dit dikwels kunsmatig aandoen.

Aan die ander kant was 'n tipe vers wat losser staan van regstreekse invloede, nog nie vir hom ongekwalifiseerd beter nie. Alhoewel hy in die vroeë werk van W.F. Knobel die onafhanklikheid van die Afrikaanse literêre tradisie, die eksperimente met 'n vrye vers en nuwe beeld, die afwesigheid van interpunksie en die ‘moedige strewe na nugterheid’ waardeer, is die hoofindruk van dié poësie dié van ‘*voorlopigheid*, aantekeninge vir poësie en aantekeninge by die lees van poësie’. Die vormgewing mis vir hom oortuigingskrag en noodwendigheid en die vers is skraal. Hy gaan voort:

> Hinderlik word die eendersheid van uitbeelding - amper 'n soort inkantasie - oor die geslagtelike, die biologiese, die musiek, die drankies, die sigaret en die dy - deesdae eintlik 'n soort literêre mode.

Al hierdie dinge bring iets ‘neulerigs’ in Knobel se werk. Aanvanklik is hy ook negatief teenoor Barend J. Toerien se *Verse van twintig jaar*, *meesal in sangstyl* (waaruit die bundel *Gedigte* van 1960 ontwikkel) en hy stel 'n kleiner keuse voor. ‘Byna al die gedigte in die bundel,’ sê hy in sy verslag

> besit 'n ‘ietsie’ wat boei: soms 'n woord, 'n beeld, verwerking van 'n invloed, 'n woord- of klankspel; maar hulle bly nie op peil nie, verloop, kry maklike oplossings, maak gebruik van ou digterlike uitdrukkings en verwring die sintaksis.

Drie belangrike bundels uit die vyftigerjare waaraan Opperman baie aandag bestee het, is *Die verlate tuin* van Ina Rousseau, *Uurglas* van P.J. Philander en *Steenbok tot poolsee* van Peter Blum. Reeds in die veertigerjare het Ina Rousseau gedigte na *Die Huisgenoot* gestuur en Opperman só persoonlik ontmoet. Van dié gedigte het hy opgeneem in *Stiebeuel* en later voorleggings aan *Die Huisgenoot* in *Standpunte* gebruik, maar aanvanklik aanbeveel dat sy wag met 'n bundel. In 1953 het hy egter voorgestel dat sy 'n manuskrip vir die Reina Prinsen-Geerligsprys voorlê - die eerste keer dat Afrikaanse werke vir dié Nederlandse toekenning in aanmerking sou kom. Opperman het *Die verlate tuin* vir haar saamgestel, aan die hand gedoen watter gedigte sy moes weglaat en

aan watter sy nog moes werk en ook die titel van die bundel verskaf. Sy het die manuskrip vir die prys ingestuur en eintlik daarvan vergeet, en was verras toe Opperman, wat self een van die keurders was, haar op 'n dag meedeel dat haar bundel bekroon is. By die oorhandiging het Opperman die commendatio gelewer. In sy rede het hy vertel van Ina Rousseau se vroeë verse en die verrassende ontwikkeling wat haar digkuns ondergaan het:

> In 1946 toe mnr. F.J. le Roux en ek besig was om 'n bloemlesing uit die poësie van jongeres saam te stel, het ek die eerste keer met mej. Rousseau se werk kennis gemaak. Ons het jong onbekende persone gevra om van hulle gedigte aan ons te stuur en om ook ander digtende jongeres wat hulle ken, daartoe aan te moedig. So het mnr. Jan Rabie gedigte aan ons gebring en gesê hy weet van 'n jong, skaam, teruggetrokke damestudent tussen die eike op Stellenbosch, maar hy het gereken hy sou haar kon aanpor om van haar verse aan ons voor te lê. Ek het 'n groot stapel gedigte ontvang en begin lees. Die digteres het haar graag in hierdie periode oorgegee aan lang sagmoedige stemminge oor die natuur, die skemering, die droogte, die jeug, eerste drome en die dood. Die versreëls het in mekaar vervloei, daar is eindeloos geënjambeer. Met 'n flou ritme en ontroering het die vers voortbeweeg en amper geen indruk nagelaat as dié van 'n eensoortige belydenisklag nie. In *Stiebeuel* het ons haar beste gedig van dié periode ingesluit, nl. ‘Gewaarwording in die herfs’. Hierdie eerste gedigte, waarvan ons nog 'n paar in die onderhawige bundel vind, het duidelike naklanke van Bloem, Holst, Buning, Elisabeth Eybers en W.E.G. Louw - in teenstelling met haar jongste gedigte waarin die invloede volkome verwerk is.
>
> Dan kom daar onverwags 'n ontwikkeling in haar digkuns: die vers het verdig, die versreël verstewig, dikwels is die kwatryn aangewend en die gevoel het ryper en wranger geword. Haar gedigte laat die nasmaak van aluin op 'n mens se verhemelte. Sy het nou selde regstreeks bely, eerder haar gevoelens uitgespreek deur gestaltes heen: Bybelfigure, heiliges, letterkundiges, tekeninge van geboue en bouvalle. By die berustende klank en houding het 'n smeulende skaars onderdrukte opstandigheid gekom.

Hy wys op voorbeelde en waardeer ‘die spel van teenstellings wat ... (in die gedigte) voorkom en opgelos word, 'n spel van skepping én vernietiging, van liefde én haat, dood én lewe, van berusting en opstand. Telkens sien ons gebou en bouval in mekaar’, soos in ‘Eden’. Die bundel ‘getuig van 'n eie stem en eie wêreld’ en is sterker as *Die soeklig* van Olga Kirsch en suiwerder as Elisabeth Eybers se *Belydenis in die skemering*, hoewel 'n gedig van die gehalte van ‘Maria’ nog ontbreek.

Opperman het ook besondere moeite gedoen met P.J. Philander se werk. Philander het 'n manuskrip vir die Nasionale Boekhandel ingestuur. Daaruit het Opperman ‘Sonsverduistering’ en ‘Die oester’ gekies vir publikasie in *Standpunte* en die hoop uitgespreek dat dit as aanmoediging sou dien. Dit het die gewenste uitwerking gehad, want Philander het van tyd tot tyd in die vyfti-

gerjare gedigte aan *Standpunte* voorgelê. Gewoonlik het Opperman teruggeskryf om mooi gedeeltes aan te dui, op insinkinge te wys en dikwels aanbeveel dat Philander sekere dele as kerne moet beskou, daarop moet konsentreer en dit probeer uitbou. Hy het selde fout gevind met Philander se woordgebruik, nooit ingewings probeer afdwing nie, maar tog daarop aangedring dat hy 'n kritiese ingesteldheid teenoor sy werk moet inneem. Wat langer verse (soos 'Komeet' en 'Die slaaf') betref, het hy aanbeveel dat Philander vooraf moet beplan, 'n skema moet uitwerk en nie sommer lukraak moet skryf nie. By geleentheid het Opperman en sy vrou hulle op Malmesbury sonder afspraak kom besoek. Philander was nie tuis nie, maar sy vrou het hulle ontvang. Hulle het tee gedrink en hy het gevra om haar man se versameling boeke te sien. Hy het die klein hangkassie met boeke sorgvuldig deurgegaan en 'n paar weke later 'n hele aantal bundels as geskenk gestuur: Roy Campbell se *Adamastor*, W.H. Auden se *Selected poems*, Gerrit Achterberg se *Eurydice*, J.C. Bloem se *Sintels*, Herman Gorter se *Mei* en dergelike meer. Hierdie gebaar het Philander besonder waardeer en hy het Opperman leer ken as 'n liewe mens wat graag ander wou help, aanmoedig en bystaan.[52] As Philander uiteindelik 'n bundel onder die titel *Mymeringe in die water* vir die Nasionale Boekhandel aanbied, stel Opperman die titel *Uurglas* voor. Hy doen 'n ander volgorde aan die hand, wys op gedigte wat weggelaat kan word en gee wenke vir teksveranderinge. 'Komeet' vind hy 'effens omslagtig-anekdoties en daar is 'n willekeur in die bou.' 'Die slaaf' wil 'n 'groot greep uit die geskiedenis gee, het ook 'n skoonheid van 'n brokagtige en barokagtige kwaliteit', maar 'n mens is bewus van hiate, en dit is nie orals 'ewe oortuigend en meevoerend nie'. Tog vind hy genoeg kwaliteite in die manuskrip om dit vir publikasie aan te beveel.[53]

'n Ander digter met wie Opperman in hierdie jare kennis maak, is Peter Blum. Blum se eerste gepubliseerde vers is die in Engels geskrewe balladeske 'Skollysong' wat in *Standpunte*, VI: 4, Julie 1952 verskyn. In die jare 1954-1955 verskyn nog verse van hom in *Standpunte* wat die kern van sy debuutbundel vorm en wat hy onder die titel *Tussen steenbok en poolsee* aan die Nasionale Boekhandel voorlê. Opperman was baie beïndruk met die bundel. Omdat hy vermoed het dat daar morele besware teen die publikasie uit sommige noordelike kringe mag kom, het hy 'n langer keurdersverslag as gewoonlik oor die manuskrip geskryf. Uitgaande van die titels wys hy op die Suid-Afrikaanse en Europese voedingsbodems van die bundel en die twee pole wat daardeur vir dié digterskap aangedui word, 'n spel van magte wat in die reeks 'Wat die hart van vol is' 'n hoogtepunt bereik. Wat hom in die bundel tref, is 'die nuwe temas en onderwerpe en die eie segging van die digter', die wyse waarop 'die Afrikaanse digkuns hom weer aan die gewone spreektaal en die nie-poëtiese woordeskat' hernu. Hy dui die literêre tradisie aan waarby Blum aansluit: die Afrikaanse wêreld van Leipoldt en Krige, die Franse wêreld van Baudelaire en Villon, en die digterlike procédé van Marvell en veral John Donne. Hoewel

sommige verse 'n ‘gewaagde’ element het, waardeer hy die etimologiese spel en woordeksperiment (‘Woordafleiding’ en ‘Rooinekke op Hermanus’), die afwesigheid van cliché-taal, prikkelende sienings en beeldspraak, die ‘spot, ligte geestigheid en volkse toon’, en die uitbeelding van ‘'n liefdeservaring met groot erudisie, met erns en spot en die verbeeldingspel van 'n John Donne’. Hy doen aan die hand dat die woord ‘tussen’ in die titel weggelaat word, omdat dit ‘verswakkend’ werk en die blote *Steenbok tot poolsee* ‘klinkender’ is. Die afwisseling tussen ‘'n volkse en nie-poëtiese taal’ en woorde ‘wat literêr en hoog-digterlik’ aandoen, vind hy funksioneel en dit bereik vir hom 'n hoogtepunt in ‘Kaapse sonnette’. Hy wys op 'n aantal probleme in die woordgebruik en waarsku dat die digter ‘sal moet waak teen 'n soort “truuk” wat hy telkens gebruik om hom aan te help na die volgende rymklank: die parentetiese golf, die volmaak van reëls deur bystellings, enumerasie, byvoeglike of bywoordelike reekse en samestellings’. Hy sluit egter sy verslag af:

> dit moet reeds duidelik wees dat ek die digbundel *Tussen Steenbok en Poolsee* met vrymoedigheid vir publikasie kan aanbeveel. Dit is 'n belangrike digbundel - miskien nie altyd om wat dit reeds aan blywende skoonheid bereik het nie, maar dan sonder twyfel om die ryke en nuwe inset.[54]

Opperman het van die begin af nie alleen 'n groot eerbied vir Blum se talent en virtuositeit gehad nie, maar ook vir sy belesenheid en intellek. Reeds voor die verskyning van *Steenbok tot poolsee* ontmoet hulle mekaar persoonlik en skryf Blum - wat in hierdie jare 'n feitlik maniese korrespondent is - baie briewe aan Opperman. Vir *Standpunte* lê hy ‘Gaffelwerk oftewel: Vlakke van exegese in die Knersvlakte’ voor, 'n satiriese stuk waarin hy die spot dryf met Van Wyk Louw ná die verskyning van *Nuwe verse*. Die openingsgedig in dié bundel parodieer as hy volg:

> Weereens sal ek na die poele
> Van my ou Knersvlakte gaan,
> Om in die sterlig, die teer-koele,
> Blink-duister in die maan gaan staan (,)

terwyl hy die ‘Klipwerk’-afdeling onder meer in die volgende rympie hekel:

> O Boegoeberg se dam
> is 'n doodlekker dam:
> dis waar die meide
> hul okselhare kam
>
> Ek vlieg daar soos 'n wolbal rond,
> my pere is van staal:

ek het my angel skerpgemaak
om jou heuning uit te haal.

Opperman waardeer die satire, maar meen dat daar ander skrywers is wat dié hekeling vóór Van Wyk Louw verdien. Daarby het hy gedink dat die publikasie van so 'n stuk in *Standpunte* sleg op homself mag reflekteer en die spanning wat daar intussen tussen hom en Van Wyk Louw ontstaan het, mag vererger. In 'n brief van 30 April 1955 formuleer Blum sy besware meer eksplisiet, 'n brief waaruit 'n mens kan aflei dat hy met sy hele digterlike instelling afkerig staan van Van Wyk Louw se grootse gebaar, 'n brief wat verklaar waarom hy later in 'Die klok in die newel' sy voorkeur vir Opperman se poësie met 'emosies minder krampagtig' onomwonde sal uitspreek. Hy meen dat Van Wyk Louw op die hande gedra word deur 'n kultus, soos Stefan George in Duitsland. Hy sê:

> En hoe meer ek Van Wyk se verse lees, hoe meer word ek bewus van hoe min hy eintlik sê, en hoe groots hy hom voordoen oor die gesegde. Ek sien die profetiese gebaar, maar ek hoor nie die boodskap nie. Blind, blink, duister, sterre, oë, waan, swart - 'n warreling van prikkelwoorde wat enigiets of niks kan aandui. En gesigte wat hy verdomp nie gesien het nie, anderste was hy vandag proffie in Valkenburg, nie Amsterdam nie. Waters wat diep lyk omdat hulle troebel is. Sterrebeelde op die plafon vasgespyker.

Opperman het literêre skindernuus altyd baie geniet en 'n mens kan jou indink met hoeveel plesier hy Blum se briewe gelees het.[55] Op 30 April 1955 skryf Blum dat prof. W. Kempen, professor in taalkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, sy verse in *Standpunte* by die derdejaarsklas aangeprys het en dat studente hom nou elke dag vra wanneer sy bundel verskyn. Hy moedig hulle aan om - in afwagting van die bundel - eksemplare van die betrokke nommer van *Standpunte* te koop; sewe van hulle 'het glo al gebyt'. Hy vra dat as Opperman 'n reël oor sy bundel in *Standpunte* wil byvoeg, hy tog asseblief moet vermeld dat Blum op Stellenbosch studeer. 'Jy weet, ons proffies kan dit nie kleinkry dat Uys die enigste digter is wat hulle taalbewuste inrigting opgelewer het nie. Hulle sal my dus goedgunstig bejeën as ek vir hulle 'n bietjie 'shine' gee.' Na die verskyning van die bundel is hy intens geïnteresseerd in die verkope. Hy stel vas dat agt en twintig eksemplare van *Steenbok tot poolsee* in die eerste week op Stellenbosch verkoop het; 'sedertdien roes dit'. By Balkema se boekwinkel lê die eksemplare rond, en hy waag dit nie om by die Kaapse winkels te gaan vra nie. 'My sg. vriende,' so sê hy in 'n brief van 1 Desember 1955,

> het my natuurlik in die steek gelaat. In die publikasies van die Nasionale Pers het ek nog g'n enkele aankondiging of advertensie gesien nie. Wat makeer hulle? Om aandag aan te wakker het ek Eikestadnuus gevra om iets oor my te skryf; hulle vra

> toe vir Oosterhof (indertyd professor in Frans aan die Universiteit van Stellenbosch - J.C.K.) om dit te resenseer. Ek moes so wrintie 'n komplimentêre eksemplaar vir hom stuur. As mense soos hy dit nie koop nie, wie sal? Oosterhof gaan oorsee en sal die resensie van die skip af aanstuur. Ek glo amper nie dit sal klop nie. Aanstuur hoe? per seemeeu? Dit nog kastig vir hulle laaste nommer van die jaar - 16de Desember.

Nadat enkele negatiewe resensies oor *Steenbok tot poolsee* verskyn het, verdedig Van Wyk Louw die poësie van Blum in 'n radiopraatjie wat op 12 September 1956 deur Radio Hilversum Wereldomroep uitgesaai word en waarvan 'n verslag in *Die Burger* van 18 Oktober 1956 verskyn. Van Wyk Louw se praatjie is ook 'n reaksie op die morele besware van die noordelike skrywers, wat Opperman voorsien het. Ná die verskyning van die bundel vind Pieter Graavesand (pseudoniem van C.M. van den Heever) in *Die Brandwag* van 23 Maart 1945 sommige van die verse ‘dekadent’ en 'n nuwe soort ‘sensasiekuns’, terwyl D.F. Malherbe in 'n artikel in *Tydskrif vir Letterkunde*, VII:1, Maart 1957 van 'n ‘maaierkultus’ en die verval van ons verskuns praat. Die Afrikaanse Skrywerskring van C.M. van den Heever en S. Ign. Mocke (wat in *Helikon* teen die bundel te velde trek) beywer hulle op grond van morele besware daarvoor dat die hele oplaag van *Steenbok tot poolsee* deur die Nasionale Boekhandel aan verspreiding onttrek moet word, terwyl Anna Neethling-Pohl ook haar misnoeë oor die bundel uitspreek en aanvanklik weier om gedigte daaruit in haar radioprogram *Verse op versoek* voor te lees. In 'n persoonlike brief van 24 Desember 1955 aan ‘Hooggeagte dr. Opperman’ maak J. Nel van der Merwe, onderwyser aan die Helpmekaar Hoër Seunskool in Johannesburg en 'n teleurgestelde digter, ook beswaar teen die bundel. Blum se ‘geheelbeeld’ is vir hom ‘onwaar’, dit het ‘überhaupt niks met die skoonheid te make nie’. Hy gaan voort:

> Hierdie B.A.-student, wat vir my 'n wild-vreemdeling is en wie miskien 'n dood interessante mens is, het hom nie - *verantwoord* wat hy alles daar sê nie. Hoekom? Wel, dis sý drif, sy raptus.... As u my geken het, sou u weet dat om hierdie brief só te skryf aan u, 'n uiterste seldsaamheid is. Maar, hoe outyds dit ook mag klink: dis 'n gewetensaak. 'n Nie-Christen kan diep religieuse verse skryf. Blum besit volgens my, nie 'n greintjie religie nie, nie 'n gryntjie ‘Beauty’ nie. Inteendeel, die boekie vul my met weersin. Ek is bibliotekaris van Helpmekaar: dis die eerste boek deur die Nasionale Pers uitgegee wat ek op die verbode lys gaan plaas. Nou gaan dit te ver.[56]

Alhoewel Opperman Blum se bundel nie in die openbaar verdedig nie, het hy agter die skerms heelwat gedoen om die amptenare van die Nasionale Boekhandel gerus te stel en om die aksie van die Afrikaanse Skrywerskring te ontkrag. Hy was ook sterk ten gunste daarvan dat Blum se bundel met die W.A. Hofmeyrprys bekroon moet word, maar daarvoor het die Boekhandel-mense

in die lig van die negatiewe resensies en die morele besware nie kans gesien nie! As hy in 1956 weer as keurder vir die Reina Prinsen-Geerligsprys optree, beveel Opperman *Steenbok tot poolsee* baie sterk vir die toekenning aan. In sy verslag sê hy:

> Hy (*Steenbok tot poolsee* - J.C.K.) staan ver bo al die ander werk uit en neem in die Afrikaanse liriek 'n besondere plek in: eintlik verteenwoordig hierdie verse die jongste groei in ons digkuns. Ek het hoë waardering vir die sobere woordgebruik, die inspan van die volkswoord, die praatkwaliteite van die vers, die wisselende ritmiese spannings, die spel van die verbeelding, die gebruik van die rymwoord, die nuwe vorms en temas...Soms steek die vers nog in die eksperimentele vas, maar oor die algemeen het Blum daarin geslaag om vir ons iets moois en nuuts in Afrikaans te gee.

Met sy werk as uitgewerskeurder lewer Opperman dus nie alleen 'n bydrae tot die Nasionale Boekhandel en die Afrikaanse letterkunde as sodanig nie, maar kom hy ook in aanraking met jong skeppende kunstenaars wat hom stimuleer en verruim. Die oorgawe waarmee Opperman hierdie werk onderneem en die trefseker oordele wat hy kon uitspreek, het aan hom 'n baie hoë aansien by die amptenare van die Pers besorg. Terselfdertyd het dit daartoe gelei dat hy voortdurend sy vinger op die pols van die jongste Afrikaanse letterkunde kon hê en met die nuutste ontwikkelinge van dag tot dag kon meeleef.

VI

In die loop van 1949 was Dirk en Marié Opperman, vergesel van Van Wyk en Truida Louw, Izak van der Merwe, Canis en Ena Scholtz en hulle seun Jan, op 'n uitstappie na Paternoster waar hulle vleis gebraai het. Opperman was toe 'n paar maande verbonde aan die Universiteit van Kaapstad en het ernstig daaraan gedink om sy studie met die oog op 'n doktorsgraad voort te sit. Die natuurgevoel in die Afrikaanse letterkunde, waaraan hy in sy jare as onderwyser in Pietermaritzburg begin werk het, was nie meer vir hom boeiend nie. Ook het hy nie veel erg meer gehad aan 'n voortsetting van sy M.A.-studie oor die literêre kritiek nie.

Tydens die besoek aan Paternoster het Van Wyk Louw dit onomwonde as sy standpunt gestel dat Afrikaners liewers hulle eie literatuur moet ondersoek en nie oor Nederlandse onderwerpe moet skryf nie. Dit kan gebeur dat fyn nuanses in 'n Nederlandse gedig of roman vir die Afrikaner verlore gaan weens die distansiëring van Nederland en die onvertroudheid met die verwysingswêreld, terwyl die Afrikaanse terrein vir ondersoekers nog braak lê. In die loop van hulle gesprek het die gedagte by Opperman ontstaan om 'n omvattende studie te maak van die geslag digters wat in die dertigerjare gedebuteer en 'n groot

vernuwing in die Afrikaanse poësie gebring het. Met Van Wyk Louw as intieme vriend, sy kontak met al die ander digters van dié generasie en met sy kennismaking met feitlik almal wat dié vernuwing regstreeks beleef het, was 'n ondersoek van hierdie digters se werk vir Opperman die vanselfsprekende onderwerp van ondersoek. Daarby sou hy Canis Scholtz as promotor hê, iemand wat die belangrikste gebeurtenisse self meegemaak het. Met so 'n studie sou hy trouens die werk voortsit wat hy in 1938 met sy agttal artikels oor die ‘gebrokenheid’ en die digters van die dertigerjare in *Die Natalse Afrikaner* begin het.

Opperman het onmiddellik weggeval met die studie. Aangesien hy reeds as kritikus en skeppende kunstenaar heelwat gepubliseer en bekronings ontvang het, is hy toegelaat om vir die D. Litt. in te skryf, 'n seldsame graad wat - anders as die gewone Ph.D. - aan die Engelstalige universiteite net toegeken word vir hoogs oorspronklike navorsingswerk en aan kandidate met ander publikasies op hulle naam. Voor Van Wyk Louw se vertrek na Amsterdam het Opperman baie met hom oor die agtergrond van gedigte gesels, plakboeke deurgewerk en aantekeninge van sy onderhoude in 'n klein groen boekie gemaak. Saam met hom en Greshoff besoek Opperman van 16 tot 18 Desember 1949 Van Wyk Louw se geboortedorp Sutherland en doen hy regstreekse kennis op van sy vriend se jeugmilieu. So indringend was Opperman se ondervraery dat Van Wyk Louw later ongemaklik begin word en teenoor Canis Scholtz daaroor gekla het: ‘Ek sit dán op die een boud, dán op die ander, maar Dirk hou nie op met vra nie’.[57]

Ná Van Wyk Louw se vertrek op 1 Februarie 1950 moes Opperman feitlik al sy aandag aan die voorbereiding van die verseboeke bestee en kon hy maande lank nie by die proefskrif uitkom nie. In 1951 sit hy egter knaend in die Suid-Afrikaanse Biblioteek om die jaargange van *De Goede Hoop*, *Die Boervrou*, *Die Brandwag*, *Die Nuwe Brandwag*, *Die Huisgenoot*, *Umpa* en die *Kwartaalblad van die Uniwersiteit van Kaapstad*, ens. deur te gaan. Só deeglik het hy byvoorbeeld die *Kwartaalblad* verken dat hy later in gesprekke met Meyer de Villiers presies kon uitwys watter geskrifte onder skuilname van De Villiers self is! Die feitelike navorsing, kontrole en ordening het baie tyd in beslag geneem. In September 1951 gaan hy na Johannesburg, hoofsaaklik om met C.M. van den Heever, Elisabeth Eybers en Hettie Smit onderhoude te voer en om hulle ongepubliseerde werke en manuskripte deur te gaan. Hettie Smit het hom meegedeel dat *Sy kom met die sekelmaan* - waarin W.E.G. Louw as die ‘dear imaginary friend’ figureer - vir haar die boek van die liefde was. Sy het die begeerte om nog eendag die boek van die háát te skryf, maar sy waag haar nie meer aan die literatuur nie.

Intussen kon Opperman begin met die sistematisering van sy materiaal en begin skryf. Op 18 November 1951 laat weet hy vir Van Wyk Louw dat sy studie al sy tyd vreet. Aan die een kant is hy vies daaroor, want hy beskou die kritiek as 'n ‘''betreklike' speletjie, wat met die eerste ordentlike Suidoos ver-

waai'. Daarom maak hy die studie sterk histories en vermy hy oor die algemeen enige teoretisering.

As hy met die hoofstuk oor W.E.G. Louw besig is, wei hy in 'n brief aan Van Wyk Louw uit oor wat vir hom die positiewe bydrae van dié digter is. Die 'nuwe' wat W.E.G. Louw bring, is die kort liriese stemmingsverse (soos 'Vaalvalk'), die 'lieflike gestaltes' (soos 'Ou Flenterkatiera'), die 'intieme, beskeie liefdesverse' (soos 'Stil aand'), en dan 'in 'n mate sy belydenisse oor die godsdiens en die liefde, maar wat eers in sy tweede en veral sy laaste bundel (*Adam en ander gedigte* - J.C.K.) die peil van die ander verse bereik'. Verse soos 'Belydenis' en 'Ondergang' vind hy net in onderdele bevredigend. In briewe van 2 Januarie en weer van 7 Junie 1952 reageer Van Wyk Louw op navrae oor die prioriteit van sekere verse van hom en W.E.G. Louw. Hieruit kan 'n mens aflei dat Opperman die hele veld van ondersoek deeglik en uitgebreid verken en nie 'n enkele agterhaalbare feit verwaarloos het nie.

In November 1951 is Opperman al ver gevorder met die proefskrif. In dié stadium moet hy nog die afdeling oor Elisabeth Eybers en die inleidende en slothoofstukke skryf. In Februarie 1952 laat hy Van Wyk Louw weet dat hy dag en nag met die studie aan die gang is en dat hy Junie 1952 wil klaarmaak. In Junie lewer hy dan ook die voorlopige manuskrip by Scholtz in.[58] 'Die proefskrif is klaar,' sê hy aan A.P. Grové. 'Canis is nou net besig om hier en daar aan 'n sinnetjie te klop.' Aan Van Wyk Louw skryf hy op 29 Junie 1952 dat 'n tikster besig is met die finale teks. Hy sê:

> Ek het nie probeer 'splash' of 'smash' nie, maar ongesog deur die blote oorgawe aan die gegewe, tog hier en daar nuwe feite versamel, nuwe sienings en oordele gebring. Oor die algemeen laat ek meer reg teenoor die digters wedervaar as wat dit nog die geval in die verlede was; maar om begryplike redes sal die digters self hier en daar nie met my saamstem nie. In elk geval, ek is bly die ding is klaar en verby, en op die oomblik voel ek daardeur hopeloos opgedons - ek ly aan literêre senuwees.

Op 30 Oktober 1952 vergader die raad van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van Kaapstad. Punt 4 van die agenda is die rapporte van die eksaminatore oor die verhandeling *Die vernuwing van Dertig in die Afrikaanse poësie* deur 'D. Litt.-kandidaat D.J. Opperman'. In sy verslag gee Scholtz as promotor 'n aanduiding van die inhoud en beskryf die studie as 'tegelyk literêr-histories en literêr-krities van opset'. Hy het waardering vir die 'komposisie' van die geheel, die streng ordening van die omvangryke materiaal en die 'gekonsentreerdheid en rykheid van inhoud'; daarnaas ook vir die 'snuffelwerk' en 'speursin' waardeur belangrike materiaal aan die lig gebring word. Die verhandeling getuig van 'n intieme kennis van die hele Afrikaanse poësie en 'n 'wye belesenheid en parate kennis' van ander literature. Hy sluit af:

> Afgesien van sy betekenis as selfstandige literêr-historiese en kritiese studie het hierdie werk ook die waarde dat dit by sy verskyning in boekvorm op talryke punte tot verdere ondersoek van 'n uiters interessante en belangrike fase van die Afrikaanse letterkundige ontwikkeling sal prikkel.

As eksterne eksaminatore het Scholtz besluit om D.B. Bosman en W.A.P. Smit te vra. Dit was 'n daad van erkentlikheid en lojaliteit van Scholtz om Bosman, sy voorganger, te nader, want as taalhistorikus het hy nie regstreeks met die literatuur te make gehad nie. W.A.P. Smit - hoogleraar aan die Rijksuniversiteit van Utrecht - was kort tevore besoekende professor aan die Universiteit van Pretoria en was naas sy deeglike studies oor die sewentiendeeeuse Nederlandse letterkunde bekend vir sy belangstelling in die Afrikaanse literatuur. Daarby, so het Scholtz gereken, sou dit goed wees om 'n eksaminator te hê wat die Afrikaanse literatuur as buitestaander van 'n afstand kon oorskou.

In sy verslag gee D.B. Bosman 'n oorsig oor die verhandeling en wys hy op die literêre bronne en die ‘kundig afgestemde taal’ wat die promovendus gebruik. Dit is 'n studie ‘wat beloof om 'n standaardwerk oor die periode te word’. W.A.P. Smit waardeer die verwerking van ‘een indrukwekkende hoeveelheid materiaal’ en die belesenheid van die kandidaat. Opperman ‘blijft op deze wijze de besproken dichters in comparatistisch verband zien, wat hem bij het formuleren van zijn aesthetisch oordeel een bovennationale norm doet aanleggen, zodat hij ook in dit opzicht aan het gevaar van overschatting ontkomt’. As beswaar noem hy dat die verhandeling nie voldoende die verskil tussen *verwantskap* en *beïnvloeding* laat uitkom nie. Hy sluit egter af:

> De rijk-gedocumenteerde inhoud, de uitstekende compositie en de boeiende betoogtrant doen mij zonder aarzeling tot de conclusie komen, dat dit proefschrift de toekenning van de graad D. Litt. aan de heer D.J. Opperman *ten volle* rechtvaardigt.

Na die finale afhandeling van die proefskrif en die eksamenwerk van die jaar het Opperman sy studeerkamer skoon geskrop en opnuut uitgeverf in 'n poging - soos hy dit in 'n brief van 2 November 1952 aan Van Wyk Louw stel - om hom ‘te ontkool na die proefskrif’. Hy, Marié en die kinders gaan kuier 'n tydjie by Keurboomstrand en Jeffreysbaai waar hulle volkome ontspan: die hele dag ‘net in die son gelê, bier gedrink, geëet, skulpe opgetel en bier gedrink’. Op 12 Desember vind die gradeplegtigheid van die Universiteit van Kaapstad plaas en ontvang Opperman die D. Litt. Vir die besondere geleentheid in sy lewe het sy moeder van Sabie af gekom om die verrigtinge by te woon en by hulle te kuier. Na afloop van die gradeplegtigheid het hy en Marié die

amptelike ete van die Universiteit bygewoon. Die aand was daar 'n ‘losser samekoms’ by hulle aan huis.

Een van die eerste persone wat Opperman skriftelik met die verkryging van sy doktorsgraad gelukgewens het, was P.C. Schoonees, sy skoolhoof uit die dae op Vryheid en in daardie stadium hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* op Stellenbosch. In 'n brief van 14 Desember 1952 spreek Schoonees sy vreugde uit oor sy oud-skolier se prestasies:

> My gedagtes het vanmore teruggegaan na 193? (watter jaar was jy in st. VII?) toe ek julle aangemoedig het om nie net die stereotiepe opstel volgens 'n voorgehoude ‘raamwerk’ te skrywe nie, maar om te probeer of julle nie verse, 'n dagboek, los invalle, ens. kan skrywe nie. Ek kan my herinner dat jy toe al begin het met verse, en as jy die skrifte nog besit, moet daar rooipotloodaantekeninge van my by wees.

Kort na die finale afhandeling van die proefskrif en lank voor die gradeplegtigheid lewer Opperman die manuskrip vir publikasie by die Nasionale Boekhandel in, want op 15 September 1952 teken hy die kontrak. Reeds in Januarie 1953 ontvang hy die eerste eksemplare en gee hy een aan Scholtz met die volgende inskripsie:

> Ek dank u dat ek van u kon baat
> toe ons dikwels snags tot laat
> brandewyn gedrink het en oor
> die Dertigers kon praat.

Met die oog op publikasie het Opperman besluit om nie die akademiese titel van die verhandeling te gebruik nie, maar die klinkender, korter, alliteratiewe *Digters van Dertig*. Hy stuur eksemplare van die proefskrif aan al die digters oor wie hy geskryf het, aan ander persone wat inligting verskaf het of hom op die een of ander wyse behulpsaam was en aan vriende wat na aan hom gestaan het. Op 20 Februarie skryf hy aan Van Wyk Louw dat hy aan die begin van die week 'n kopie aan hom gepos het en hy vra hom om aantekeninge in die kantlyn te maak en die eksemplaar aan hom terug te besorg. Hy vertel dat hy tien dae in die binneland was: ‘...oral in die veld vleis gebraai, soms onder die blote sterrehemel geslaap...tot in Sabie. Daarna 16 uur van Pretoria na Kaapstad!’

Die eerste reaksies op *Digters van Dertig* was van persoonlike vriende en digters wie se werk bespreek is. In 'n brief van 17 Februarie 1953 spreek Jan Greshoff sy waardering uit vir die studie wat vir hom veel meer as 'n handboek of 'n wetenskaplike verhandeling is. ‘Het is *creatief* werk, dat alléén zoo geschreven kan worden door iemand die een levende synthese is van schrijver en geleerde.’ Hy sê dat hy baie skrywers en letterkundiges leer ken het, maar nog nooit het hy so 'n gelukkige harmoniese verbinding tussen gevoel en intellek as by Opperman teengekom nie. ‘Jij bent het klassieke voorbeeld van een Zon-

dagskind: gezegend met een sterk, oorspronkelijk talent èn met de wil en het karakter dat talent volledig tot ontplooiing te brengen.'

C.M. van den Heever, wat in die hoofstuk oor hom baie kritiek van Opperman moes verduur, meen tog dat die behandeling van sy poësie billik is. 'U het baie moeite gedoen,' skryf hy in 'n brief van 6 Maart 1953, 'en veral wat *Aardse Vlam* betref, darem meer daarin gesien as die gewone stukkies in handboeke.' Op 16 April skryf hy dat hy nou die hele boek deurgelees het. Hy verskil op party punte met Opperman, maar wil eerder daaroor gesels as korrespondeer, omdat briewe in argiewe beland en 'n mens versigtig moet wees wat jy skryf!

Alhoewel Uys Krige nie regstreeks sy besware gelug het nie, was hy ongelukkig oor die hoofstuk oor hom en het hy gevoel dat Opperman onsimpatiek staan teenoor sy werk. Rob Antonissen was baie hooggestem oor die waarde van die proefskrif, en op 24 Maart laat weet hy vir Opperman: '...na hierdie studie van jou moet die geskiedenis v.d. Afrikaanse letterkunde *opnuut* geskryf word!' Uit Durban was sy studentevriend P. du P. Grobler, wat intussen dosent aan die Universiteit van Natal geword het en in daardie stadium met sy sensitiewe opstelle besig was om in 'n kritikus van formaat te ontwikkel, ook baie geesdriftig. Hy waardeer die deeglikheid en erudisie en meen dat Opperman ''n nuwe standaard van akademiese navorsing en kritiek in die literatuur gestel (het)'. Met 'n versweë verwysing na die dissertasies van Merwe Scholtz en (moontlik ook) T.T. Cloete sê hy dat Opperman se taal vir hom dwarsdeur Afrikaans is, 'met volle inagneming van die moontlikhede tot verryking wat ander tale veral ten opsigte van tegniese terminologie kan bied, sonder die ballas van terminologiese slimmighede wat my so hinder in proefskrifte met jarelange opleiding in die vak oorsee (veral Holland)'. Wat die verbinding van die literêr-historiese en literêr-kritiese benadering betref, meen hy dat Opperman in die hoofstuk oor C.M. van den Heever om historiese oorwegings toegewings doen wat miskien suiwer esteties nie geregverdig is nie. 'Ek besef volkome,' sê hy, 'dat daar altyd, of mens nou daarvan hou of nie, 'n spanning bestaan tussen die estetiese en die historiese, en in 'n groot mate gaan die bekoring van jou werk vir my gevoel juis uit van die balans tussen die twee.' Hiermee wys Grobler op 'n baie belangrike kwaliteit van *Digters van Dertig* wat, as jy die resensies van destyds in retrospeksie sien, nie deur een kritikus raak gesien en behoorlik beoordeel is nie.

'n Mens kan redelikerwyse verwag dat 'n boek soos *Digters van Dertig* by sy verskyning opspraak sou verwek en verskillende reaksies in verskillende kringe sou uitlok. Daar is dan ook aanduidings dat die proefskrif druk bespreek is. In 'n brief van 27 April 1953 aan Lien Mulder - weduwee van H.A. Mulder - sê Opperman dat daar só baie polemiese sake, persoonlikhede, waarderings en herwaarderings in die boek aangeraak word dat die meeste letterkundiges en selfs party van die digters op die oomblik 'sit en "sulk"'.

Van die objektiefste resensies oor *Digters van Dertig* word geskryf deur persone wat in mindere of meerdere mate 'buitestaanders' is wat die stryd van die Afrikaanse letterkunde betref. In sy bespreking in *The Cape Times* van 6 Mei 1953 sê Guy Butler dat *Digters van Dertig* die kultuurgeskiedenis van die dekade en sy skrywers gee, maar ook 'n kritiese evaluering van hulle werk. Hy sê:

> Not only has...(Opperman) studied every line these poets have ever written, and almost every line that they have read, noting every possible influence and echo; but he has also interviewed them all, corresponded with them, got access to much unpublished material, and drawn on his own first-hand experience of their environment and personalities: so much so that, whether it becomes a critical classic or not, his book is likely to be an indispensable quarry for future researches in this field.
> But closeness in time has its dangers. It imposes strictures of taste, and makes it difficult to discern what is of first importance and what is irrelevant. The wealth of information is embarrassing. Yet it is precisely in this sense of closeness to the vortex that the fascination of the book lies: not in the details and the dates, but in the picture it gives of groups of imaginative minds working in a lively cultural environment.

In sy bespreking in *Standpunte*, VII: 4, Junie 1953[59] het Rob Antonissen hoë lof vir die boek. Die waarde van *Digters van Dertig* lê vir hom in 'die aard en omvang van die verwerkte materiaal', die 'duiding' van die werk van die Dertigers binne die groter verband van die Suid-Afrikaanse en Westerse letterkunde, en 'die skerpsinnige interpretasie van die materiaal, die wel haas feillose waardebepaling van literêre tekste, die karakteristiek in raak-treffende bewoording'. As beswaar noem hy dat die 'waardebepaling en die karakterisering van gedigte en digbundels se ideële inhoud, van hul gedagtelike en emosionele struktuur' en die agtergronde van gedigte prioriteit geniet bo die 'analitiese verantwoording van die waardebepaling en...die beskrywing van die formele struktuur'. Die boek is dus ''n voortreflike "Empfindungs- und Geistesgeschichte" van Dertig,' maar gee nie 'n gelykwaardige beeld van Dertig se 'Gestaltungsgeschichte' nie.

In *De Nieuwe Taalgids*, 46, 1953 formuleer W.A.P. Smit sy standpunt vollediger as in sy aanvanklike verslag vir die Fakulteitsraad van die Universiteit van Kaapstad. Oor die algemeen, sê hy, is dit 'n haglike taak om die geskiedenis van 'n kontemporêre literêre beweging te skryf wat nog nie 'geschiedenis' geword het nie. 'Men kan zich zelfs afvragen,' gaan hy voort, 'of dit a priori wel mogelijk is, althans in de wetenschappelijke zin die Opperman bedoelde. In het algemeen ben ik geneigd deze vraag ontkennend te beantwoorden, maar dan moet ik tegelijkertijd dit boek aanduiden als de uitzondering die de regel bevestigt.' Die welslae van hierdie uitsondering skryf hy dan toe aan die feit dat die nadruk by Opperman meer op die literêre as die literêr-historie-

se aspek val ('n uitspraak waarmee hy dus lynreg die teenoorgestelde beweer as Antonissen!), dat die skrywer by die versameling van sy materiaal die volledige medewerking van die betrokke digters gehad het en dat Opperman by die formulering van sy oordeel ook ten aansien van nog lewende persone nie terugskrik vir gevolgtrekkings wat vir hulle 'onaangenaam' mag wees nie. Die beswaar teen Opperman se gebrekkige onderskeid tussen ooreenkomste of verwantskappe en beïnvloeding formuleer hy nou vollediger. Te weinig, meen hy, hou Opperman daarmee rekening

> dat overeenkomsten en verwantschappen - zelfs opvallende - kunnen voorkomen *zonder* dat er van rechtstreekse of indirecte beïnvloeding sprake behoeft te zijn. Daardoor laat hij niet voldoende uitkomen, dat de door hem aangewezen rapprochementen soms wellicht meer kenmerkend zijn voor een bepaalde *sfeer* dan voor werkelijke *invloed:* zijn vele vondsten verleiden hem op dit terrein tot een te schematische generalisering - die overigens niets afdoet aan de waarde van het ons ter beschikking gestelde vergelijkingsmateriaal.

Die kritiek was egter nie in alle gevalle so waarderend nie. Een van die redes waarom *Digters van Dertig* by sy eerste verskyning nie altyd die waardering gekry het wat dit verdien nie, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die klimaat vir die publikasie van so 'n boek ongunstig was. In 1950 verskyn H. van der Merwe Scholtz se *Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: Eugène Marais: Die towenares*, die eerste demonstrasie van die metode van die stilistiek op linguistiese grondslag wat 'taalvormen doen in een bepaalde situatie en in hun betrokken zijn op die situatie'.[60] Met die invloed van die Amerikaanse 'close reading', wat met sy uitsluitlike toespitsing op die enkele teks in die vyftigerjare in Suid-Afrika bekend begin raak, het Afrikaanse kritici vir die eerste keer deeglik bewus geword van die teoretiese grondslae wat by die beskouing oor 'n kunswerk 'n rol speel. Binne die konteks van die Afrikaanse letterkunde was die aktiwiteit van jonger kritici 'n reaksie op ouer skrywers wat die literatuur oorwegend impressionisties en histories bekyk het.

Daarby het Van Wyk Louw in heelparty opstelle in sy rubriek 'Die oop gesprek' in *Die Huisgenoot* standpunt ingeneem teen die invloede-jag in die kritiek, en in die reeks 'Die "mens" agter die boek' veral te velde getrek teen die psigologistiese literatuurbeskouing en die metode om biografiese besonderhede in verband met die outeur by die studie van sy tekste ter sprake te bring.

As *Digters van Dertig* met sy gebruik van biografiese gegewens en die naspeur van agtergronde en invloede juis in hierdie tyd verskyn, is dit te begrype dat baie kommentators sou vaskyk op wat hulle as Opperman se negering van die outonomiteit van die teks sou beskou. Vir baie sou die studie 'n blote voortsetting van die ou historiese ondersoeke wees, terwyl hulle die feit sou verontagsaam dat Opperman met sy deeglike dokumentering en die besondere siste-

matisering van die stof in baie opsigte 'n nuwe inset vir die Afrikaanse literêre geskiedskrywing bring.

'n Kritikus wat met sy belangstelling in die struktuurondersoeke van die ‘New Criticism’ in hierdie tyd minder ontvanklik was vir literêr-historiese studie, was A.P. Grové. In sy radiobespreking en resensie in *Die Huisgenoot* van 24 April 1953, later opgeneem in die eerste druk van *Oordeel en vooroordeel* (1958), wys Grové daarop dat Opperman hom nie net met die voltooide werk besig hou nie, maar ook met die voorstadia, die persoonlikheid van die kunstenaar, die tydsomstandighede en die literêre invloede. Hy wys op die ‘ontsaglike belesenheid’, die ‘onverdrote ywer’ en ‘die vermoë om 'n magdom feitelike gegewens in 'n sinryke patroon te laat ingaan, kortom, erudisie en konstruksievermoë’. Sy besware teen die boek word genuanseerd geformuleer, maar hy sê tog dat Opperman

> in sy poging om 'n kultuurbeeld daar te stel baie dinge aanroer wat op die oog slegs sydelings met die literatuur te make het, dat hy te veel in sy program insluit en dat hy gevolglik sy ondersoek nie tot die logiese konsekwensie kón deurvoer nie, dat hy in die beklemtoning van die digterpersoonlikheid die gedig verwaarloos, dat hy in sy belangstelling in die loog die kristal uit die oog verloor en nalaat om altyd op oortuigende wyse aan te toon waarom 'n gedig 'n gedig is.

As hierdie kritiek nog versigtig geformuleer word, is dit beslis nie meer die geval in die brief wat Grové op 12 April 1953 aan Van Wyk Louw skryf nie. Grové sê dat hy die proefskrif met teësin gelees het en dat die geheel vir hom teleurstellend was, al het hy sy besware in sy bespreking probeer demp. Die proefskrif van T.T. Cloete is vir hom veel beter. Wat hom hinder by Opperman, is die psigologistiese instelling en die feit dat hy by herhaling letterkundige uitsprake op nie-literêre gronde baseer. As voorbeeld van laasgenoemde noem hy Opperman se bespreking van ‘Die hond van God’ waar die uitspraak dat dit die grootste monoloog in ons taal is, nie uit die betoog voortvloei nie. Dit hang saam met die tweeslagtige opset van die boek as literatuurgeskiedenis en kritiek. Ook teen die invloedejag het hy dit; 'n mens kry die gevoel dat figure soos W.E.G. Louw, Dekker en F.E.J. Malherbe negatief behandel word omdat Opperman 'n aksie teen hulle het. Ook die hele struktuur van die boek vind hy onbevredigend omdat die figure patroonmatig behandel word. By die lees van hierdie verdere uitsprake staan 'n mens verstom dat Grové in sy resensie nog só gunstig kon wees as sy werklike oordeel inderdaad so negatief was. Sy kommentaar oor die lomp struktuur van die boek is trouens in volkome logiese teenspraak met die waardering vir Opperman se ‘konstruksievermoë’ in die resensie.

Persoonlike faktore speel ook 'n rol in S. Ign. Mocke se onbekookte en negatiewe bespreking in *Helikon*, II: 11, maar hieraan was Opperman teen dié tyd reeds gewoond. 'n Verdere resensie waarin daar persoonlik gereageer en sekere

feite wat Opperman verstrek, in twyfel getrek word, is dié van F.E.J. Malherbe in *Ons Eie Boek*, XIX: 3. In *Digters van Dertig* beweer Opperman dat Van Wyk Louw in 1931 uit sy werk van die voorafgaande nege jaar 'n eerste bundel saamgestel het en dit ‘met die oog op publikasie...aan prof. dr. F.E.J. Malherbe voorgelê (het), wat bekend was as die briljante jong literator en keurder vir die Nasionale Pers’. Toe hy dit ná 'n paar maande nog nie teruggekry het nie, het Van Wyk Louw weer om sy bundel gevra en dit ‘sonder kommentaar’ ontvang. By 'n toevallige ontmoeting op 4 Julie 1931 ‘het Malherbe om verskoning gevra dat hy nie die gedigte gelees het nie en Louw tot sy wrewel aangeraai om na Holland te gaan’.[61] As Van Wyk Louw se debuut *Alleenspraak* uiteindelik in 1935 verskyn, is dit egter op aanbeveling van Malherbe![62] In sy bespreking sê Malherbe dat hy hom van die gebeure uit 1931, soos deur Opperman weergegee, ‘hoegenaamd niks’ kan herinner nie en vra of Opperman hom nie met iemand anders verwar nie. Volgens dokumente in sy besit het hy op 26 November 1934 privaat die manuskrip van W.E.G. Louw ontvang wat dit namens sy broer gestuur het. In die begeleidende brief sê W.E.G. Louw:[63] ‘Al wat ek u vra is om die verse te lees, en, indien u met my saamstem, u invloed te gebruik om hulle uitgegee te kry...Ek wou nie 'n uitgewer nader voor ek nie gewapen is met die aanbeveling van iemand wat bevoeg is om objektief maar ook suiwer te oordeel.’ Malherbe werk die manuskrip deur en op 19 Januarie 1935 stuur hy dit aan die Nasionale Pers met 'n warm aanbeveling vir publikasie. Malherbe sê verder dat hy die bewysstukke aan Opperman kan voorlê.

Hierop reageer Opperman in *Standpunte*, VIII: 1, September 1953 deur te sê dat Van Wyk Louw sy bron is vir die weergawe van die feite. Hy noem dat die ‘toevallige ontmoeting’ tussen Van Wyk Louw en Malherbe by 'n huweliksonthaal in Kaapstad plaasgevind het en hy verwys hom na *Die Burger* van 6 Julie 1931 waar van die aanwesiges genoem word. Dat Malherbe hom dit nie kan herinner nie, is ‘heeltemal begryplik en aanneemlik’, want vir ‘Van Wyk Louw was hierdie voorval indertyd van betekenis, vir prof. Malherbe nie’. Malherbe reageer nie op hierdie reaksie van Opperman nie en publiseer ook nie die ‘bewysstukke’ waarvan hy in sy resensie praat nie.[64]

Opperman was egter veral geïnteresseerd in die reaksie van Van Wyk Louw aan wie hy op 20 Februarie 1953 'n eksemplaar van *Digters van Dertig* gepos het en wie se oordeel oor sy werk vir hom van meer betekenis was as dié van die meeste resensente. Dit het Opperman seergemaak dat hy met sy promosie geen gelukwense van Van Wyk Louw ontvang het nie. Daarby was daar by hom 'n mate van krapperigheid omdat Van Wyk Louw geen bydraes vir *Standpunte* stuur nie. Ten spyte hiervan het hy sy vriend se kommentaar gretig afgewag.

Eers op 15 Junie 1953, byna vier maande ná die versending van die geskenkeksemplaar, skryf Van Wyk Louw aan Opperman. Hy begin deur te sê dat hy ‘onbehoorlik lank’ uitgestel het met dié brief, hoofsaaklik as gevolg van die

‘moeilike probleem van hoe...(hy)...oor die proefskrif moes skrywe’. Hy bedank Opperman vir die toestuur en sê dat hy dit baie noukeurig gelees het. Hy gaan voort: ‘...as ek jou lof toeswaai vir die enorme hoeveelheid werkkrag wat in die boek ingegaan het, dan weet ek dat dit eerder na afhaal sal klink: jy sal voel dat lof vir dié soort ding aan ander soorte mense as aan jou gegee moet word.’ Wat ‘die metode en die hele opset’ van die boek betref, is hy gekant ‘teen die hele manier om kunswerke vanuit die biografie en die agtergrond te interpreteer’. Hy sê dat toe die eksemplaar van *Digters van Dertig* hom bereik het, hy juis in die middel was van sy reeks oor ‘Die “mens” agter die boek’ (wat van 16 Januarie tot 24 April 1953 in *Die Huisgenoot* verskyn het, in 1956 by geleentheid van die digter se vyftigste verjaardag in 'n spesiale uitgawe gepubliseer is en in 1958 in die bundel *Swaarte- en ligpunte* opgeneem is). Daardie stukke stel hom nou ‘vry van die plig om met...(Opperman) oor dié aspek van...(sy) metode te moet redeneer’. Die ‘sien-vanuit-die-agtergronde’ bepaal die struktuur van die boek ten volle en staan derhalwe lynreg teen die wyse waarop Van Wyk Louw tans dinge sien. ‘Miskien,’ sê hy, ‘moet ons, digters, hulle nie met sulke sake inlaat nie waar ons ander en beter werk kan doen; miskien sal later geoordeel word dat ek met my eindelose geteoretiseer ook nie ordentlike werk gelewer het nie.’ Die biografiese en ander agtergronde van selfs één mens is ‘te groot en te *onbepaald* om so skematies...behandel’ te word; wanneer die mens opgroei, word die ‘“agtergrond” eenvoudig vormloos van wydheid’. Verder meen hy dat Opperman vir W.E.G. Louw ‘onbillik’ behandel. *Die ryke dwaas* was vir hulle almal ‘die begin van die nuwe, (die)...begin van 'n geestesbeweging...(wat) in mense se geeste of koppe (sit)’. By die verskyning van C.M. van den Heever se *Deining*, wat Opperman nou as die begin van Dertig sien, was hulle reaksie indertyd dat dit 'n bundel is wat ‘terugkyk..., nie vorentoe nie’. Alhoewel W.E.G. Louw se debuut dikwels oorskat is, meen hy dat Opperman dit nou weer onderskat, ‘sowel in die historiese invloed as in die estetiese betekenis’. Daarby het hy dit ook teen Opperman se ‘metode van beïnvloeding nagaan en waardeer’. Baie van die parallelle wat Opperman noem, is vir hom eenvoudig nie parallel nie en die metode moet noodgedwonge subjektief bly. Die studie is ‘so intens psigologies gesentreer op Hoe het Groeide, dat...(Opperman) soms bladsye lank oor werkies skrywe wat deur die digters selfs as so minderwaardig gevoel is dat hulle dit nie wou laat druk of laat herdruk nie’. Wanneer Opperman dan ‘by die eintlike werk kom, dan behandel...(hy) 'n hele gedig in 'n paragraaf of met een woordjie soos “stralend”’. Hy gaan voort en sê dat hy begin het met kantaantekeninge, maar gou gesien het dat wat hy oor die boek te sê het, nie net in dié smal ruimtetjies gesê kan word nie. Daar is wel plekke waar Opperman volgens hom iets fyns gesien, goed geanaliseer of mooi gestel het, maar daar is ook gedeeltes waaroor hy krapperig en knorrig voel. Hy hoop dat Opperman ‘binne nie te lank nie’ na Amsterdam sal kom en dat hulle dan breedvoerig oor

al die verskilpunte sal kan praat. Intussen sal hy soms dinge uit die boek gebruik ‘om literêre sake in...(sy) praatjies te verduidelik’. As hy daaroor polemiseer, moet Opperman dit beskou ‘as die soort praat wat...(hulle) sal hê wanneer...(hulle) saam sit’.

Van Wyk Louw se brief en sy sterk negatiewe reaksie op *Digters van Dertig* was vir Opperman 'n onaangename belewenis. Alhoewel hy bewus was van die ontwikkelende uitsluitlike teksgerigtheid in sy vriend se literatuurkundige opvattinge, het hy gehoop dat Van Wyk Louw ontvanklik genoeg sou wees om ruimte te laat vir 'n studie wat naas tekstuele ondersoek ook op die agtergronde, invloede en tendensies konsentreer en wat oorwegend sinteties van aard is. Uit hulle veelvuldige gesprekke voor sy vertrek na Nederland en uit die tipe navrae per brief, so het Opperman gemeen, het Van Wyk Louw presies geweet watter vorm die dissertasie sou aanneem. Dat sy vriend dus nou op prinsipiële besware stuit, die studie as geheel teoreties onhoudbaar vind en sy waardering tot minimale en terloopse opmerkinge beperk, was vir hom - wat die enorme werk van drie jaar nog vars in sy geheue gehad en aan sy lyf gevoel het - 'n onverteerbare aangeleentheid.

Daarom reageer Opperman dan ook nie onmiddellik op Van Wyk Louw se brief nie, maar laat hy twee maande verloop voordat hy terugskryf, iets wat ongewoon was vir sy stiptelike afhandeling van korrespondensie. Op 10 Augustus 1953 skryf hy aan Van Wyk Louw dat hy wel ‘min of meer’ so 'n reaksie van hom te wagte was. Hy het egter gesloer met die beantwoording, omdat hy hom ‘nie wou laat uitlok tot 'n selfregverdiging, 'n geteoretiseer oor letterkundige beginsels en sake nie’. Hy het, gedagtig aan die jare van sy M.A.-studie en die jaarlikse kursus wat hy oor die geskiedenis van die kritiek en teorie by die Universiteit van Kaapstad aanbied, hom ‘lank en intensief genoeg...daarmee bemoei’. Tans is sy belangstelling elders. Hy het hom vroeër besig gehou met die teorie en geskiedenis van die letterkundige kritiek en wou in die jare 1939-1942 selfs daaroor gepromoveer het, ‘maar gelukkig om verskeie redes het...(hy) dit laat vaar’. Vir Van Wyk Louw ‘moes die vraag of een van die vrae gewees het...hoekom...(hy) wat...(hom) summier met die teks kan besig hou, of behoort te kan besig hou, hoekom...(hy) by wie...(Van Wyk Louw) 'n kennis of beter kennis van die “teorie”, “strukture”, “dissiplines” kon verwag het, dan gewillig was om hierdie “sondes” te pleeg’. Die suiwer tekskritiek het twintig of dertig jaar tevore in Europa gekom ‘as 'n welkome reaksie op die toenmalige literatuurbedryf’ en miskien regverdig die literatuurbedryf by ons in Suid-Afrika so 'n reaksie van Van Wyk Louw. Die felste voorstanders van die suiwer tekskritiek swaai egter al weer, en Opperman wil nie hê ons moet Europa sonder meer navolg nie. Dan weet hy ook ‘as literator (om nie eers van die mens, digter en kritikus te praat nie) dat die teks wel hoofsaak is, maar dat daar ook ander dinge van belang is’. Verder voel hy dat ‘Die “mens” agter die boek’ geskryf is

> nie slegs met 'n terloopse gedagte aan D.v.D. nie maar met die medewete van die inhoud, strekking en die feit dat die boek kort daarna sou verskyn - 'timing' en alles was goed bereken! Jy het vooraf reeds geweet hoedat ek die werk gaan aanpak, bv. jy het biografiese en ander besonderhede aan my verskaf; ons het dikwels die 'beweging' bespreek; in briewe het ek dikwels sake genoem waaraan ek werk...Ek het die reeks dus as 'n voorbrand beskou.

Opperman meen voorts dat Van Wyk Louw die betekenis van C.M. van den Heever onderskat 'in 'n poging om reg aan Gladstone te laat geskied', maar dat hy 'dan weer Gladstone oorskat'. Van Wyk Louw wek selfs 'die indruk dat...(hy) alles wil sien as 'n Louw-beweging' en Opperman vra hom om ook die ander 'n 'aandeel' te 'gun'. Daar is baie getuies wat indertyd iets nuuts in Van den Heever se werk gesien het, terwyl iemand soos Mulder lank voor Opperman beïnvloeding by W.E.G. Louw bespeur het.[65]

Uit Opperman se plek-plek heftige brief kan 'n mens reeds aflei dat hy vermoed het dat Van Wyk Louw se negatiewe reaksie deur veel meer as net teoretiese besware ingegee is. Dit neem Van Wyk Louw - waarskynlik weer tot Opperman se ergernis - meer as drie maande voordat hy op 30 November 1953[66] terugskryf. In teenstelling tot sy eerste brief waarin die besware teen *Digters van Dertig* op 'n suiwer prinsipiële vlak gehou is, noem hy nou die persoonlike sake wat hom grief. Hy voel gekrenk omdat Opperman 'soos die tradisionele bul in die "china shop" in...(sy) persoonlikheid rondgerap[67] het en dinge op die mark aangebied het wat nie vir verkoop uitgestal was nie'. Hulle verskil het 'n persoonlike en wetenskaplike kant en hy wil graag 'n voorbeeld 'gee van dinge wat...(hom) ontevrede gemaak het'. Die bewering dat hy vroeg in sy ouerhuis sy geloof verloor het, is waar, maar hy vra hom af of Opperman 'n oomblik gedink het aan die gevoelens van sy bejaarde moeder 'wat met 'n patetiese belangstelling twee eksemplare van...*(Digters van Dertig)* gaan koop het'. Dit is 'n 'menslike erekode' om sekere dinge eers te noem wanneer die betrokke persone dood is. Daarby is daar - sonder dat hy na spesifieke voorbeelde verwys - sekere dinge wat hy intiem genoem het en 'nie as "wetenskaplike" materiaal aan die algemene kennis blootgegooi mag word nie', terwyl sekere vroeëre verse 'ongepubliseer' moes gebly en 'aan 'n sekere reserwe onderhewig moes gewees het'. Hy wys verder op sekere afleidings wat Opperman uit 'Kinderfantasie' maak en die verband wat hy lê tussen *Raka* en die horings in Matjesfontein se hotel - kommentaar wat te 'meganies' en 'kousaal' is en na 'n blote 'rekonstruksie' lyk. Die tekskritiek of 'n ander benadering is vir hom nie 'n saak van mode soos Opperman dit sien nie. Die vraag moet wees watter soort bewering in die literatuurwetenskap 'saaklik' en 'ter sake' is. Wat die 'timing' van 'Die "mens" agter die boek' betref, ontken Van Wyk Louw dat sulke oorwegings by hom op die spel was. Terwyl Opperman met hom in Kaapstad oor die proefskrif gesels het, was sy kommentaar

telkens as hy hom oor die agtergronde en biografiese besonderhede sien notas maak: ‘Maar Dirk, sulke dinge gaan tog nie in 'n proefskrif nie!’ By herhaling het Opperman, volgens Van Wyk Louw, geantwoord: ‘Nee, ek wil alleen alles as agtergrond weet; teen hierdie agtergrond wil ek dan die eintlike proefskrif skrywe.’ Van Wyk Louw meen dus dat hy nie geweet het watter vorm die dissertasie uiteindelik gaan aanneem nie. Opperman se ‘bewering oor die “berekening” van die “timing” is dus 'n stukkie haatlikheid waarmee 'n vriend nie die goeie trou van 'n vriend in twyfel moes getrek het nie’. Hy voel dat sy reaksie per brief noodgedwonge baie onvolledig moes bly. Wat hy oor die teoretiese kant wil sê, staan reeds in sy artikels in *Die Huisgenoot*. Oor die persoonlike sake sê hy ten slotte: ‘Ek het altyd so 'n volkome vertroue gehad; 'n bietjie te “rojaal in my hemp” voor vriende gestaan. Aan die ander kant het ek altyd 'n afsku daarteen gehad om voor die publiek te “perform”; om die grynsende gemeen toe te laat om in my voor- en slaapkamer in te kom en kyk.’

Dat daar dus persoonlike sake was wat in Van Wyk Louw se heftige reaksie teen *Digters van Dertig* meegespeel het, word bevestig uit sy tweede brief aan Opperman. Die voorstelling dat hy nou in sy ‘hemp’ voor sy vriende staan en altyd 'n afsku daarin gehad het om die publiek in sy voor- en slaapkamer te laat inkyk, vind neerslag in ‘Waarom durf alles by my inkyk’ en ‘Man in frokkie’ uit die bundel *Tristia*. Die vraag oor watter indruk die mededeling dat Van Wyk Louw vroeg in sy ouerhuis sy geloof verloor het, op sy bejaarde moeder sou maak, het Opperman laat vermoed dat ook ander ‘onthullings’ - sy Nazisimpatieë tydens die Tweede Wêreldoorlog en sy egskeiding - vir Van Wyk Louw onaangenaam moet gewees het in 'n stadium terwyl hy geïsoleerd van Suid-Afrikaanse vriende staan en deur sy verhouding met Sheila Cussons nuwe krisisse in sy persoonlike lewe ervaar. Ook Opperman se negatiewe oordeel oor W.E.G. Louw het 'n rol gespeel. Hoewel hy ook kritiek op sy broer gehad het en nie altyd met al sy doen en late gediend was nie, het Van Wyk Louw by herhaling in sy lewe 'n beskermende houding ingeneem as die kritiek op W.E.G. Louw te erg word. By geleentheid, ná die verskyning van *Digters van Dertig*, het hy in gesprek met Canis Scholtz gesê dat die verbuigings-e's in die byvoeglike naamwoorde, wat Opperman as 'n irriterende aspek van W.E.G. Louw se digterskap aanwys, almal funksioneel en op hulle plek is, terwyl die invloede op sy poësie nie só ingrypend is as wat Opperman te kenne wil gee nie. Alhoewel Van Wyk Louw in 1949 saam met die Kaapse vriende sy broer kwalik geneem het dat hy kandidaat vir die Kaapstadse professoraat was, het hy 'n neutrale standpunt ingeneem oor die spanning wat met die aanvanklike samewerking aan die verseboeke ontstaan het. Ook wat die spanninge in die *Standpunte*-geledere betref, het hy geen definitiewe mening uitgespreek nie, alhoewel Opperman die feit dat hy geen bydraes meer gestuur het nie, as 'n onvriendelike daad en 'n versweë simpatie met W.E.G. Louw beskou het.

Uit Van Wyk Louw se tweede brief het Opperman dus afgelei dat die meto-

dologiese besware teen *Digters van Dertig* slegs 'n rookskerm was vir dieperliggende persoonlike sake. Hy het dit vir Van Wyk Louw kwalik geneem dat hy - wat deur sy jarelange doseerwerk by die Universiteit van Kaapstad juis op die hoogte was van die Wysbegeerte - so 'onfilosofies' kon wees om die hele *Digters van Dertig* op grond van teoretiese besware summier te verwerp en nie die proefskrif fenomenologies te sien vir wat dit in werklikheid is nie.

Kort nadat Opperman die tweede brief van Van Wyk Louw ontvang het, is Canis Scholtz na Amsterdam. Op 15 Januarie 1954 skryf hy aan Opperman dat hy met Van Wyk Louw gesels het oor die hele situasie en spanning wat daar nou aan die ontwikkel was. Scholtz het vir Van Wyk Louw gesê dat Opperman die eerste brief oor die proefskrif aan hom voorgelees het en dat daar by Opperman 'geen sweem van boosheid of selfs ontevredenheid...daaroor was nie, al het die brief niks as kritiek bevat nie'. Hy gaan voort:

> Ek het hom ook gesê dat ek self verwag het dat daar in sy brief waardering sou wees vir wat jy van uit jou standpunt gedoen het, al verskil jul prinsipieel ook hoe. Maar dit lyk my hy wil nie eintlik van waardering weet nie. Ek praat toe oor sy tweede brief, dat die toon daarvan heeltemal anders was as dié in die eerste, dat jy nie anders as gekrenk kan voel oor baie dinge wat hy daarin sê nie. Hy sê toe: Maar, my God, dis net soos ek met Dirk sou praat, en ook dat dit 'n antwoord was op 'n brief van jou waaroor hy reg het om ontevrede te voel. Toe ek sê dat ek daaroor nie kan oordeel nie, het hy stukke uit jou brief aan my voorgelees. Hy meen jy beskuldig hom daarvan dat hy, vandat hy in Holland gekom het - die buiteland - wat die literatuurbeskouing betref - begin navolg het op 'n afstand van dertig jaar, en dat jy hom steke onderlangs gee in verband met sy stukke in Die Huisgenoot. Van Wyk voel hom maar nog soos altyd gou gekrenk, ook beskroomd teenoor vreemdelinge, en hy het die indruk soos ek dit verstaan, dat jy hom in jou proefskrif as 't ware in sy hemp voor die publiek gestel het. Ek het hom dit uit sy kop probeer praat, gesê hy vat party dinge glad te swaar op (bv. die sin oor sy losraak oor die geloof en die indruk wat dit op die ou dame in die Seepuntse hotel[68] kon maak), waarop hy sy skouers opgetrek het en gesê het dit kan wees. Van Wyk het 'n paar keer gesê: Here, ek wens Dirk kan hier wees! Hy het 'n groot bewondering vir jou as digter, 'n baie sterk geloof in jou toekoms as digter en 'n diep gevoel vir jou as vriend.

Scholtz voel ten slotte dat die wrywing tussen die twee vriende teen die agtergrond van groter dinge tot iets nietigs gereduseer sal word en heeltemal vergeet behoort te word.

Uit Opperman se reaksie op hierdie brief word dit vir 'n mens duidelik dat daar ook aan sy kant ander faktore as bloot die negatiewe kommentaar op die proefskrif op die spel was. Op 28 Januarie 1954 skryf hy aan Scholtz dat hy Van Wyk Louw se tweede brief probeer vergeet, maar dit onmoontlik vind. 'Ek moet,' sê hy, 'of 'n wurm of 'n renoster wees as dit my nie raak nie; en ongelukkig is ek nou iets tussen die twee, nl. 'n mens.' Dit gaan vir hom basies om

'n menslike verhouding. ‘Wyk,’ gaan hy voort, ‘hoef absoluut geen waardering vir sy proefskrif te hê nie - letterkundige verskille en debatte kan daar wees. Maar hy het keer op keer in sy brief uit sy pad gegaan om my doelbewus te beledig, om die wedersydse menslike vertroue en waardigheid te skok en te skend.’ Dan gaan hy oor om die ander sake te noem waardeur Van Wyk Louw volgens hom hulle vriendskap geskaad het. Hy word gevra om die strook- en bladsyproewe van *Dias* na te sien, maar moet nie 'n eksemplaar van die hoorspel of dank verwag nie; hy het verskeie onderhoude met die Nasionale Pers om die herdruk van *Lojale verset* te reël, maar dit is alles niks in Van Wyk Louw se oë nie; hy promoveer, maar Van Wyk Louw stuur nie eers 'n gelukwensing nie;[69] hy koop vir Van Wyk Louw 'n kraalversierde danskierie en stuur dit met 'n ‘rympie’ met W.A.P. Smit saam, maar ontvang geen bedanking nie; hy kry vir Van Wyk Louw die geleentheid om ‘Die oop gesprek’ in *Die Huisgenoot* te publiseer, ‘en die dank daarvoor is dat hy niks vir *Standpunte* doen nie. Hy het 'n bundel twee keer so groot as 'n gewone bundel, maar wil niks afstaan vir *Standpunte* nie.’ In die brief aan Scholtz gee Opperman dus te kenne dat die verwydering nie basies oor letterkundige verskille gaan nie, maar dat Van Wyk Louw in sy tweede brief beledigende dinge gesê het en dat hy oor jare heen deur nalatigheid en laksheid hulle persoonlike verhouding ondergrawe het.

Hoe gekwets Opperman oor die hele aangeleentheid was, blyk uit twee gebeurtenisse wat kort daarna plaasvind en wat terselfdertyd illustreer hoe onredelik hy by tye kon optree. In 1954 was Nakkie, Van Wyk Louw se dogter, in die Nederlands en Afrikaans III-klas by die Universiteit van Kaapstad. Aan die begin van die lente het die klas, wat uit net vyf studente bestaan het, 'n ‘general bunk’ gereël. Nakkie was die voorbok en die studente het almal in die Student's Union gaan koffie drink in plaas daarvan om 'n lesing van mev. Bax-Botha by te woon. Kort daarna was dit weer 'n mooi lentedag en die studente het, wéér op aandrang van Nakkie, besluit om ook 'n lesing van Opperman nie by te woon nie. Toe hulle die volgende week in die klas kom, tref hulle 'n woedende Opperman aan. Hy het begin deur te vra wie die instigator was. Toe Nakkie opstaan, het hy gesê dat nie een lid van die klas 'n genie is nie, dat hulle eintlik baie gemiddelde studente is en nie kan bekostig om lesings nie by te woon nie. Nakkie, het hy voortgegaan, moet nie dink sy kan enigiets doen net omdat sy Van Wyk Louw se dogter is nie. Hy verwag van elke lid van die klas om 'n brief aan hom te skryf waarin apologie teenoor hom aangeteken word en hy versoek mej. Louw om hom te kom spreek. In sy kantoor het hy Nakkie daarvan beskuldig dat sy opsetlik die wegblyery van die klas gereël het omdat sy bewus was van die spanning wat daar tussen hom en haar vader bestaan sedert die verskyning van *Digters van Dertig*. Nakkie, wat totaal onkundig was oor die hele spanning, was verbysterd oor die onredelike optrede en het in trane uitgebars.

Kort ná hierdie gebeurtenis ontvang Opperman 'n brief van Elize Lindes

wat in daardie stadium besig was met doktorale studie onder leiding van Van Wyk Louw. Vir haar dissertasie was sy besig met 'n ondersoek na die eenheidsprobleem in die literatuurwetenskap en het sy Opperman se gedig ‘Sprokie van die spikkelkoei’ as voorbeeld geneem. In haar brief van 8 Februarie 1955 spreek sy die vermoede uit dat die gedig op 'n spesifieke sprokie steun en sy vra hom of hy 'n bestaande gegewe in gedagte gehad het. Op dié brief reageer Opperman nie en op 25 Maart van dieselfde jaar skryf Elize Lindes weer aan hom en herhaal sy haar versoek. Hierop antwoord Opperman in 'n kort, ongedateerde nota dat hy wel die eerste brief ontvang het, maar geaarsel het om te antwoord. ‘Vir my,’ sê hy ‘is daar iets teenstrydigs in die feit dat u my om hierdie inligting nader terwyl die metode wat u voorstaan en wat veral deur u hoogleraar nadruklik bepleit word, so iets afkeur.’[70]

Die spanning tussen Van Wyk Louw en Opperman oor *Digters van Dertig* lei tot 'n breuk in hulle vriendskap. Op Van Wyk Louw se brief van 30 November 1953 reageer Opperman nie en hulle korrespondensie word daarmee abrup beëindig. Dit sou tot begin 1957 duur voordat hulle mekaar weer persoonlik ontmoet. Alhoewel hulle tydens die Oppermans se verblyf in Amsterdam mekaar baie gesien en uitvoerig oor hulle verskille gesels het, was die ou spontaneïteit in hulle vriendskap daarmee heen. Ook later, ná Van Wyk Louw se terugkeer na Suid-Afrika, was daar sporadiese besoeke wanneer Opperman in Johannesburg was of die Louws in die Kaap gekuier het. Daar was egter 'n element van gewapende vrede in hulle verhouding, al het Opperman altyd groot waardering vir Van Wyk Louw se werk gehad en dit later met groot geesdrif en insig met sy studente op Stellenbosch behandel.

VII

Met sy aanvaarding van die lektoraat in 1949 het die oorweging dat Opperman met resensies potensiële medewerkers van *Die Huisgenoot* kon vervreem, nie meer gegeld nie. Daarom kon hy in 1949 en 1950 enkele boekbesprekings skryf. In *Die Huisgenoot* van 13 Mei 1949 verskyn van hom 'n beskouing oor Mein van Hessen se *In my eensame hof*,[71] 'n swak bundel wat hy dan ook negatief resenseer. In dieselfde jaar, op 7 Oktober, skryf hy, ook in *Die Huisgenoot*, 'n resensie oor *Hart sonder hawe*[72] waarin hy die lang, uitgesponne verse van Uys Krige vergelyk met ‘brode wat oor die pan gerys het’. In *Die Huisgenoot* van 27 Oktober 1950 verskyn verder van hom 'n bespreking van P.H. Langenhoven se Visser-studie *Sanger van die Suikerbosrand*.

Tog was die skryf van resensies vir Opperman 'n onbevredigende en irriterende bedrywigheid. Hy wou sy beskikbare vrye tyd liefs aan sy eie skeppende werk en sy groot ondernemings by die Pers wy. Indien daar nog tyd oor was, het hy verkies om opstelle van groter omvang en verwikkelde struktuur te

skryf, eerder as efemere boekbesprekings wat weens die beperkte ruimte van verbygaande aard was. Soms was hy wel bereid om geleentheidstukke te lewer of vir *Standpunte* aantekeninge te skryf oor dinge waarop hy toevallig afgekom het. By die dood van Markus Viljoen lewer hy op 19 Oktober 1949 'n radiorede[73] waarin hy die joernalistieke bydrae van sy vroeëre kollega by *Die Huisgenoot* kernagtig saamvat. As hy besig is met die samestelling van *Groot verseboek*, dokumenteer hy in *Standpunte*, IV: 3, Oktober 1949 voorbeelde van die negentiende-eeuse Afrikaanse poësie wat in daardie stadium betreklik onbekend was: 'Die bruin perd', 'Hier sit ek', 'Dopper Joris' en 'Op Hartebeesfontein'. In *Standpunte*, VII: 3, Desember 1952 skryf hy 'n aanvulling by sy vroeëre opstel oor die kritiek van G.S. Preller. As hy op 'n dag die saak van Juta binnestap, kry hy op 'n uitverkoping die tegnies pragtig versorgde bundel *Bloemen in het Kaapland geplukt* van H.S. Elffers en skryf hy 'n kort artikel daaroor in *Standpunte*, VII: 2, Desember 1952.[74] Die mooi tipografie en afwerking, so toon hy aan, kan egter niks aan Elffers se digterlike saligheid doen nie. Hy het dood gelê in sy 'praalgraf', 'n voorbeeld van die 'Nederlandse digterlike diksie' wat vir die Afrikaans-Nederlandse digter soos 'perdesiekte...(en) dood in die mis' was. Opvallend is die feit dat Opperman in die loop van die artikel verwys na die talle versreëls in die Afrikaanse poësie vóór 1905 wat 'vonkelend en tekenend is en soms reeds die peil van wêreldpoësie bereik', soos waar 'n diamant gesien word as ''n Blom fan di bajert, ferberg in di nag'. In sy gedig 'Blom van die baaierd' sou hy later op dié gegewe steun.

Naas die omvangryke *Digters van Dertig* is Opperman se bydrae as kritikus in hierdie jare vyf opstelle waarin hy die sintetiese kyk, groot konstruksies, verrassende formulerings en helder insigte van sy stukke oor N.P. van Wyk Louw, C.M. van den Heever, A. Roland Holst, Gerrit Achterberg, Totius, Jan Greshoff en G.A. Watermeyer voortsit.

Hierdie opstelle begin met 'n studie oor 'Die digter W. Hessels' wat by die dood van H.A. Mulder verskyn en in *Standpunte*, IV: 3, Oktober 1949 opgeneem word.[75] In hierdie artikel, wat 'n analise van Hessels se versamelbundel *Con sordino* is, formuleer Opperman sy basiese wantroue in die kritiese werksaamheid. 'Die kritiek,' so stel hy dit, 'sal met elke -isme waarmee dit uit die wysbegeerte gewapen kom, telkens sy onmag ondervind om die perlemoerkleurespel van betekenisse in 'n gedig suiwer weer te gee.'[76] Hy gaan voort om Hessels as 'n mistieke digter te karakteriseer. Sowel die mistiek as die poësie vereis vereenselwiging en identifikasie, begrippe wat reeds vroeër in Opperman se beskouinge voorkom en fundamenteel vir sy hele siening van die skeppingsproses is. In teenstelling tot die mistiek vereis die poësie egter ná die inlewing ook objektivering, iets wat 'n sekere teenstrydigheid tot gevolg het. 'Die mistikus en kunstenaar,' so sien hy dit,

> staan eintlik in 'n stryd teenoor mekaar. Waar die mistikus verskille en grense

> uitwis, sy ‘Al’ en ‘Niets’ dieselfde word, daar mag die gedig nooit 'n sinledige geruis van afgetrokke selfstandige naamwoorde met hoofletters word nie - die kunswerk differensieer, begrens en vergestalt, wek met verantwoorde konkrete voorstellings die gevoel.[77]

Met hierdie uitspraak formuleer Opperman weer eens sy voorkeur vir die aardse of sintuiglike poësie en die gestaltevers. Hy sluit hiermee aan by gedagtes wat W.H. Beuken in sy *Ruusbroec en de Middeleeuwse mystiek*[78] uitspreek, nog 'n voorbeeld van hoe Opperman se doseerwerk oor die ouer Nederlandse letterkunde sy kritiese opvattinge beïnvloed het.

Die ander vier opstelle waarmee Opperman 'n belangrike bydrae tot die kritiek lewer en wat in baie opsigte sentraal staan wat sy eie opvattinge as kritikus en skeppende kunstenaar betref, word almal in die vyftigerjare as lesings gelewer. In Februarie 1955 lewer hy by die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad 'n voordrag oor ‘Invloed van die Afrikaanse publiek op die Afrikaanse skryfkuns’.[79] Hierin werk hy die gedagte van die gerigtheid in 'n vers verder uit, 'n prikkel wat hy in die dertigerjare in die klaslesings van G.S. Nienaber gekry het. Verder gaan hy die verskille tussen die liriek en epiek na en beantwoord hy die vraag wie die eintlike publiek van Afrikaanse literêre werk is.[80] Op 12 Oktober 1956 hou hy 'n lesing op uitnodiging van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting van wie hy 'n toekenning vir sy versdrama *Periandros van Korinthe* ontvang het.[81] As tema kies hy ‘Probleme van die versdrama’, 'n onderwerp wat hom in staat stel om sy eie praktyk - plek-plek selfs soos 'n advocatus diabolicus! - te verantwoord en versweë 'n standpunt in te neem teen die kritiek wat op sy drama uitgespreek is. Met verwysing na uitsprake van T.S. Eliot gaan hy die verhouding tussen vers en drama na, toon hy die verskille tussen die lirikus en versdramaturg aan en wys hy daarop dat dit ‘onregverdig (is) om die eise van die liriek aan die versdrama te gaan opdring’. Vervolgens bespreek hy die spanning tussen digter en dramaturg wat soms ‘'n basiese tweespalt’ tot gevolg het. Daarna stel hy die vraag of die rymende of rymlose vers die mees ideale in die drama is en gaan hy die voordele van die rym na.

Die belangrikste van hierdie lesings hou Opperman as hy in 1953 deur G.S. Nienaber uitgenooi word om voor die Universiteit van Natal op te tree. Vir die eerste keer sedert 1945 besoek hy weer sy ou provinsie. Vergesel van Marié en sy dogters Trienke en Heila vertrek hy op Maandag, 4 Mei 1953 met die Oranjetrein uit Kaapstad. Die gesin arriveer op Woensdagoggend, 6 Mei, in Pietermaritzburg waar hulle by G.S. Nienaber tuisgaan en hy die aand die eerste lesing, ‘Kuns is boos!’, lewer. Op Donderdag, 7 Mei, om 11.00 hou hy 'n lesing voor die tweede- en derdejaarstudente waarin hy oor die manuskripte van ‘Die hond van God’ en sy eie ‘Klara Majola’ praat.[82] Die volgende middag vertrek hulle na Durban waar hy dieselfde aand 'n lesing oor ‘Roy Campbell en die Afrikaanse letterkunde’ hou. Die naweek ontspan die gesin in

Durban en op Dinsdag, 12 Mei gaan hulle terug na Pietermaritzburg om rustiger daar te kuier. Op Vrydag, 15 Mei reis hulle met die Oranjetrein na Kaapstad terug, weer in 'n koepee en (om onkoste te spaar) tweedeklas soos hulle gekom het.

In sy lesing oor Roy Campbell[83] praat Opperman van Durban as 'hierdie half tropiese stad waar Ooste en Weste en Afrika saamkom'[84] en waaroor Campbell minder vleiende dinge geskryf het. Dan toon hy die 'oorlading van beelde' en die 'klankmomentum' in Campbell se poësie aan, vergelyk dit met dié van I.D. du Plessis en Uys Krige, en kom ten slotte tot die gevolgtrekking dat Van Wyk Louw wel 'beperkter as Roy Campbell is, maar dat hy in sy beperktheid dieper en groter as Campbell is'.[85]

Die belangrikste enkele opstel waarin Opperman sy opvattinge oor die digterskap die helderste uiteensit, in so 'n mate dat dit as sy 'ars poetica' beskou kan word, is 'Kuns is boos!' In hierdie opstel wys hy op gevalle waar iemand buite die literatuur - sy oupa, die lesers van S.J. du Toit se *Di koningin fan Skeba* of Brandaan - die kunswerk as iets boos kan beskou.[86] Dan gaan hy daartoe oor om die spanning in die kunstenaar self tussen 'reveal' en 'conceal', tussen onthul en verhul aan te dui, iets wat lei tot die gebruik van die 'mask' (Yeats), die fluitjie (Nijhoff) en die 'objective correlative' (Eliot). Aan die hand van Marcellus Emants[87] vind hy die duiwel geskikter boustof vir die literatuur as die engel: die engel lei tot passiwiteit, deug en berusting, terwyl die duiwel die moontlikheid skep van handeling, stryd, hartstogte - 'n uitbeelding van die mens ná die sondeval. Wat die vormgewing betref, is daar ook 'n bose element aanwesig, want die waaragtige kunstenaar is basies wesenloos. Hierdie opvatting, wat reeds vroeër by Opperman voorkom, word nou aan die hand van John Keats se brief aan 'My dear Woodhouse' (27 Oktober 1918) verder uitgewerk tot die opvatting dat die werklike kunstenaar in sy wese 'n verkleurmannetjie is:

> Met ewe groot oorgawe en wyding is hy sowel die protagonis as die antagonis, sowel die held as die skurk, hy is partydig vir almal, of eerder geheel en al onpartydig, in 'n groot mate dus amoreel deur sy onpartydigheid.[88]

Vervolgens wys hy op die digter se wegswaai van abstraksies en voorkeur vir die konkrete, sintuiglike en die sinnelike. Dit is ook iets wat as boos geïnterpreteer kan word en in die verlede by digters gelei het tot 'n spanning tussen sinne en gees, tot die Brandaan-daad by Camphuysen, Herbert en Hopkins om hulle verse te verbrand. 'n Oplossing vir hierdie spanning vind sommige kunstenaars in die didaktiek (regstreeks of verdoeseld),[89] 'n eensydige kuns of 'n kleinkuns en 'n belydenispoësie. Terwyl die eensydige en beperkte kleinkuns in die Afrikaanse letterkunde 'in sy Afrikaansheid'[90] vassteek, word die belydeniskuns van Dertig beperk deurdat dit 'in sy *eie* menswees'[91] verstrik bly. 'Vir jou belydenisdigter,' sê Opperman,

> is die digter self die belangrikste indien nie die enigste persoon wat ons Liewe Here geskape het, en ander mense en verskynings van die skepping bestaan nie of word nie in hulle eie reg gesien of erken nie. Die werklike kunstenaar sal eerlik, sonder eiebelang, die volle werklikheid probeer *erken* (al kan hy dit nie alles ervaar nie, sal die stukkie 'werklikheid' wat hy gee van perspektief getuig) en alles in sy eie reg volwaardig probeer teken.[92]

Ten slotte erken hy dat die mens en die kunstenaar voortdurend in stryd met mekaar is:

> Oorwin die mens oor die kunstenaar, dan kry ons eensydige kuns en didaktiek; oorwin die kunstenaar oor die mens, dan kry ons 'n estetiese speletjie. In die gelyke stryd tussen die mens en die kunstenaar kom daar verhouding en ewewig in 'n kunswerk: tussen onthulling en verhulling, tussen abstraksie en aardsheid, tussen die goeie en die bose.[93]

Soos in die opstel oor G.A. Watermeyer is dit opvallend hoe daar telkens in Opperman se opstelle uit die laat-veertiger- en vyftigerjare uitsprake voorkom wat met sy skeppende werk verband hou. Die digter wat 'sowel skurk as held, lam as tier, God en duiwel, piesangskil as aap'[94] kan wees, keer terug in 'Scriba van Egipte' en 'Nuwe Jerusalem' in *Engel uit die klip*. 'Scriba van Egipte' spreek ook mee in 'n uitspraak wat hy in 'Kuns is boos!' maak: 'Aan die een kant is...(die kunstenaar) die kuise Josef, aan die ander kant met 'n ewe groot noodsaak die wellustige vrou van Potifar.'[95] Die vrees van die kunstenaar vir 'die digterlike woestyndood, die Kalahari wit papier'[96] waarvan hy in 'Kuns is boos!' praat, keer terug in 'Oud-digter' uit *Blom en baaierd*. Waar hy dit as eis aan die digter stel om 'elke verskyning en verskynsel volwaardig, na sy wese peilend'[97] uit te beeld, klink dit na die advies wat die hoofkarakter aan die einde van *Periandros van Korinthe* vir sy mededigter Arioon gee:

> Moenie so baie bieg hoe jy jou stryd teen God besleg,
> teken eerder elke ding van God volkome in sy eie reg.[98]

En die uitspraak dat die digter wat die 'werklikheid (uit) die waarheid' haal en die 'essensiële, die "inscape", die goddelike, die "logos"'[99] soek, vind sy neerslag in Adam Tas se woorde aan W.A. van der Stel in *Vergelegen:*

> Ek is geen spieël, ek haal vanuit die stryd
> die binnebeeld...die waarheid uit die werklikheid.[100]

Ook die hele opvatting van die wesenloosheid van die kunstenaar en die karakterisering van hom as verkleurmannetjie keer terug in Van der Stel se beskrywing van Tas se 'trapsoetjiesiel'.[101]

Met hierdie vyf groot opstelle sit Opperman sy vroeëre werk as kritikus

voort en skryf hy van die insiggewendste kritiek in Afrikaans, sowel wat die kommentaar oor die bespreekte werk as die insig in die kuns en die kunstenaarskap as sodanig betref. Met ‘Kuns is boos!’ lewer hy trouens 'n modelopstel wat as sleutel tot sy eie opvattinge oor die literatuur 'n mylpaal is.

Dit is egter opvallend dat Opperman se laaste omvangryke opstel dié oor ‘Probleme van die versdrama’ is. Ná 1956 sal hy - 'n enkele uitsondering daar gelate - nie weer kritiek van dieselfde omvang beoefen nie. Daar kan verskillende redes hiervoor wees. Een oorweging wat ongetwyfeld 'n rol by hom gespeel het, is sy siening van die kritiek as iets betrekliks. Hy wou veel liewer sy beskikbare tyd aan skeppende werk wy. In later jare was hy by tye ongeduldig as sy kritiese werk bygehaal word om sy poësie te verklaar. As sy oud-student D.J. Hugo in 1979 'n M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Pretoria oor ‘*Brandaan*’ *van D.J. Opperman as verwerking van 'n Middelnederlandse teks* voltooi, reageer hy in 'n brief van 8 September van dieselfde jaar negatief op die gebruik van ‘Kuns is boos!’ by die interpretasie. Hy sê ‘“Kuns is boos!” was 'n elementêre uiteensetting vir hoofsaaklik Engelssprekende studente aan die Universiteit van Natal. (Dit lyk my 'n digter moet net dig en nooit oor sy vak gesels nie!)’

In watter mate 'n opstel soos ‘Kuns is boos!’ by die interpretasie van sy eie werk betrek moet word, is 'n debatteerbare aangeleentheid, al is dit só dat Opperman deur sy stelwyse, die regstreekse verwysing na ‘Brandaan’ en die verwantskap tussen die opstel en sy eie poësie self aanleiding hiertoe gegee het. In elk geval kan 'n mens sy redusering van ‘Kuns is boos!’ as 'n ‘elementêre uiteensetting’ vir Engelstalige studente glimlaggend as die luukse geringskatting van die kritiek beskou, want ‘Kuns is boos!’ - soos trouens ook sy ander opstelle uit dié jare - sê, soos min ander kritiese werk in Afrikaans, iets wesentliks oor die bespreekte poësie en die digkuns as sodanig.

VIII

In die woonstel in Drieankerbaai waarin die gesin begin 1947 hulle intrek geneem het, kon Opperman ten spyte van die beknopte woonomstandighede 'n enorme hoeveelheid werk verrig. Die afwerking van *Negester oor Ninevé* is daar gedoen, terwyl hy ook die volledige bundels *Joernaal van Jorik* en *Engel uit die klip*, sy eerste versdrama, *Periandros van Korinthe*, en gedeeltes van *Blom en baaierd* daar geskryf het. Verder het hy die reeks verseboeke daar saamgestel en *Digters van Dertig* voltooi.

Tussen sy werk deur het Opperman dikwels tyd probeer vind vir sy gesin. Van tyd tot tyd het Trienke saam met hom wakker gebly om van die woonstelmuise te vang of gehelp as hy vir haar en Heila malvalekkers in die kaggel braai. By Houtbaai het hulle soms gaan piekniek hou en in Drieankerbaai en Groen-

punt het hulle dikwels by die see gaan stap. Op 'n dag het hulle die ‘muggievissies in kantwaters (sien) wei’ en ‘betowerd’ gevolg hoe hulle ‘kruisend/ flikker-draai en spekig in die see terugsprei’, 'n siening wat aan die einde van die ‘Kamera’-afdeling in *Joernaal van Jorik*[102] terugkeer. Die hoeveelheid werk was egter daarvoor verantwoordelik dat die twee dogters betreklik min van hulle vader gesien het. Die Oppermans kon en wou dus nie 'n druk sosiale lewe lei nie en het meestal slegs oor naweke besoekers ontvang. Iemand wat gereeld 'n draai gemaak het, was Uys Krige. Opperman, wat sy lewe lank 'n geestige element in sy samestelling gehad het en mense soms goedig kon spot, het by geleentheid vir die jong Trienke 'n rympie geleer waarin Krige se ‘monotone ouditiewe spel’[103] en veelwoordigheid geparodieer word. Toe Krige op 'n dag weer opdaag, het Opperman haar aangehits om die rympie op te sê:

> Die reën
> aaneen
> aaneen
> aaneen
> die reën!

Tog het die gesin op die lange duur die woonstel baie beknop gevind. Hulle studieskuld was teen dié tyd nader aan afbetaal, maar hulle moes die meubels vervang wat in Augustus 1946 verbrand het. Deur die welwillendheid van Jack Theron kon Opperman egter deur spekulasie 'n eerste bedrag geld teen rente belê, terwyl die inkomste uit sy skeppende werk en veral die verseboeke hom spoedig in staat gestel het om 'n eie woonhuis te besit. Hulle het dus begin rondkyk na eiendomme. Hannes van der Merwe, in daardie stadium 'n jong, ondernemende argitek in Kaapstad, het deur sy vrou wat saam met Marié by die SAUK met vryskutwerk besig was, hiervan te hore gekom. Sy buurman in Tamboerskloof, prof. Harold Baldry van die Departement Klassieke Tale aan die Universiteit van Kaapstad, moes as gevolg van vermeende ondergrondse politieke bedrywighede sy pos laat vaar en die land verlaat, en sy huis was derhalwe in die mark. Van der Merwe het dadelik vermoed dat die woning besonder geskik vir die Oppermans sou wees en het met hulle in verbinding getree. Met die eerste besigtiging was hulle dan ook baie ingenome daarmee. Opperman het met sy vriend Jack Theron geskakel om na die huis te kom kyk. Theron het aanbeveel dat hy 'n aanbod van £3 000 moet maak, ongeveer £1 000 minder as waarvoor dit in die mark was. Dié aanbod is aanvaar en met sy spaargeld en 'n lening kon Opperman die woning koop.

Die huis waarin die gesin op 16 Julie 1954 ingetrek het, was geleë in Baaisiglaan 10, Tamboerskloof.[104] Dirk en Marié Opperman het dit mettertyd in 'n gesellige woning vir hulle en die dogters omskep. Dit het bestaan uit twee verdiepings. Op straathoogte het 'n mens langs die motorhuis met 'n portaal binnegekom na 'n ruim studeerkamer en woonvertrek met balkon, die kombuis

en bad- en toiletgeriewe. Onder was daar drie slaapkamers en 'n bediendekamer. Vanuit die woonkamer en studeerkamer was daar 'n uitsig oor die hawe met die skepe, die hele middestad en - op 'n helder dag - die Stellenbosse berge. In die nag kon hulle afkyk op ‘ons korf van soet en goue ligte’,[105] 'n beskrywing wat reeds in *Periandros van Korinthe* voorkom. Vanweë die ligging en die uitsig op Tafelbaai het Opperman, wat teen hierdie tyd reeds 'n gedugte verskaffer van titels was en by die Pers as ‘Dirk die Doper’[106] bekend gestaan het, die huis Kraaines gedoop. Dit is 'n woord wat hy in ‘Vigiti magna’ in *Negester oor Ninevé* gebruik en wat treffend die posisie van die inwoners ten opsigte van stad en see aandui. Hannes van der Merwe is gevra om die naam mooi uit te teken sodat hulle dit op 'n koperplaat kon laat uitbrand. In later jare het Opperman 'n klopper in die vorm van 'n kraai wat afduik teen die voordeur laat aanbring.

Met die vestiging in Baaisiglaan het die Oppermans vir die eerste keer 'n eie woning besit in 'n buurt wat ideaal geleë was ten opsigte van die Jan van Riebeeck-skole, die middestad en die vryheid en ontspanningsgeleenthede wat Tafelberg en Vlaeberg bied. Soms op 'n Saterdagoggend het Opperman Trienke en Heila en 'n paar kinders van die buurt saamgeroep om teen Vlaeberg uit te stap, die sjeik se graf te besoek en water te drink uit die Spaanse wynsak wat hy graag by so 'n geleentheid vir die dors word saamgedra het. Hulp met die skoolwerk het hy meestal aan sy vrou oorgelaat. Die dogters het hy aan tafel aangemoedig om self raaisels en rympies te bedink. By geleentheid het hy Langenhoven se *Brolloks en Bittergal* vir hulle voorgelees en by die bangmaakepisodes aan sy diep stem 'n ekstra skor klank toegevoeg. Terwyl hy met die *Kleuterverseboek* en *Klein verseboek* besig was, het hy van tyd tot tyd die twee dogters en hulle maatjies se advies gevra oor die insluiting van gedigte en soms die indruk gewek dat hulle - en nie hy nie - die bloemlesings saamstel. Op dié wyse kon die kinders deel in hulle vader se werk. Omdat hulle nie broers gehad het nie, het Dirk en Marié Opperman besluit dat hulle op 'n natuurlike wyse die teenoorgestelde geslag moes leer ken deur hulle in die badkamer by hom toe te laat. Lyfstraf het hy by die hoogste uitsondering toegedien, want hy het fisieke geweld verafsku. Sover moontlik het hy met sukses sy sielkundige insigte by die opvoeding ingespan.

Ten spyte van Opperman se lang werkdag was dit dus 'n gesin wat gesellig kon verkeer en dinge saam gedoen het. Van tyd tot tyd in die vakansies het hy die kinders saam met hom na die Universiteit van Kaapstad geneem of met hulle in die Tuine rondgestap en die museum besoek. Vakansietye het die gesin enkele lang motorreise onderneem. Toe hulle nog in die woonstel gebly het, kort nadat hy sy eerste motor gekoop het, is hulle op 'n reis deur die Suidkaap waartydens hulle die Kangogrotte en 'n volstruisplaas op Oudtshoorn, die meerlandskap van Knysna en op die terugrit Stilbaai met sy mooi ‘witgekalkte vissershuisies’[107] besoek het. Afgesien van 'n paar vakansies op Sabie en die

1953-besoek aan Durban en Pietermaritzburg was die hele gesin vir 'n deel van die wintervakansie van 1955 op Umhlanga Rocks waar hulle in die huis van Opperman se skoolvriend, Ben Pienaar, tuisgegaan het. By dié geleentheid kon die twee dogters vir die eerste keer van hulle Natalse familie ontmoet en kon hulle ouers ook vir hulle op Vryheid rondwys. Alhoewel Opperman nie 'n kerkganger was nie, het hy waarde geheg aan die ordelikheid wat 'n vaste geloof aan 'n mens se lewe kon gee. Daarom het hy gereeld voor ete 'n tafelgebed gedoen en vir die kinders geleidelik ingelei in wat hy as die sin van Afrikanerwees en menswees beskou het. In later jare kon Heila - in 'n brief van 18 Julie 1968 - haar ouers bedank vir die kwaliteit ‘van die waardes wat ons van kleins af as erfenis van julle ontvang het’.

In 1955 het Marié op die leeftyd van sewe en dertig jaar weer swanger geraak. Op 10 April 1956 is 'n derde dogter vir hulle gebore. Aangesien hulle gevoel het drie kinders is genoeg en die moontlikheid van 'n seun dus uitgesluit was, het Dirk en Marié besluit om haar Diederi Joanne te noem, 'n vervrouliking van Opperman se twee voorname.[108]

Met die verskuiwing na Tamboerskloof het Opperman nuwe vriende gemaak. Iemand wat hy nou intiem leer ken het, was sy buurman Hannes van der Merwe. Van der Merwe het in sy vrye tyd 'n bietjie toneel gespeel; hy het Opperman se gedigte - waarvoor hy 'n groot bewondering gehad het - graag voorgelees. Op sy veelvuldige oorsese reise was sy eksemplaar van *Engel uit die klip*, die Opperman-bundel waarvoor hy die liefste was, altyd 'n bestendige en troue metgesel. Daarby het Van der Merwe se kontakte in die sakewêreld en die politiek ook dié sy van Opperman se belangstelling gevoed en kon hulle oor en weer kuier, heerlik gesels en oor 'n drankie rustig verkeer. Soms in die laataande het hy, as die ander lede van die gesin reeds in die bed was, by Opperman se studeerkamer opgedaag. Dan het hulle na 'n drankie of twee op die ingewing van die oomblik besluit om uit te ry na Seepunt om by die Doll's House 'n worsbroodjie te gaan eet en koffie te drink, want Opperman was nie 'n man wat graag in die kombuis iets aanmekaargeslaan het nie.

In dié tyd het Opperman ook kennis gemaak met Anton Rupert, die besturende direkteur van die Rembrandt-maatskappy, wie se vrou as sekretaresse verbonde was aan die Helpmekaar Hoërskool toe hy in Johannesburg onderwys gegee het. Die Ruperts het in die Kaap huisvriende van die Oppermans geword, sonder om mekaar se drumpels uit te trap. Dikwels was dit 'n uitreiking na mekaar, want Rupert het waardering gehad vir Opperman as digter en die verbinding van kunstenaarskap en logies-analitiese vermoë in sy samestelling. Van tyd tot tyd het hy Opperman om advies gevra. Só beïndruk was Rupert met Opperman se besondere hoedanighede dat hy hom as kopieskrywer in diens wou neem, 'n aanbod wat Opperman glimlaggend maar beslis van die hand gewys het. By geleentheid in 1956 het die Ruperts in die groot skuur op die plaas Nooitgedacht 'n onthaal gereël vir Mimi Coertse wat toe wêreld-

roem as operasangeres in Wenen begin verwerf het. Op versoek van Rupert het Opperman die kwatryn ‘Mimi Coer-tse’ vir die geleentheid geskryf:

> Waar baie ons vandag vervloek as Boer,
> voel ons dubbeltrots dat jy ontroer,
> jou mildelike tortelklanke uit
> die hoogste kruine oor die wêreld koer.

In die vyftigerjare het Opperman verder kennis gemaak met David de Villiers, latere hoof van SASOL, en P.J. Cillié, in daardie stadium hoofredakteur van *Die Burger*, beter leer ken. Rupert wou hê dat hy, Cillié en Opperman 'n driemanskap moet vorm wat op politieke en intellektuele gebied leiding kan neem, maar hulle was al drie waarskynlik veels te onafhanklik en koppig om so 'n plan suksesvol deur te voer. Vir Opperman was Cillié een van die skitterendste breine wat 'n mens kon kry, terwyl hulle, wat temperament en speelsheid betref, mekaar se gelyke was. Tog het hulle kennismaking nie tot 'n hegte vriendskap gegroei nie, hoogstens tot 'n affiniteit.

Die feit dat hy vriendskappe met uiteenlopende mense kon opbou, illustreer Opperman se wye belangstelling en oopgesteldheid. Al was sy taak as kunstenaar vir hom altyd sentraal, het hy in dié kennismakings die moontlikheid van 'n verruiming van sy kuns gesien. In die vyftigerjare het hy ook steeds sy belangstelling in die Abnormale Sielkunde behou. As hy die tyd kon inruim, het hy graag in geselskap van mediese kennisse gestigte besoek of operasies bygewoon, want hy was geïnteresseerd daarin om die mens in sy abnormaliteit te sien: as sy liggaam versny of sy gees aangetas is. Uit hierdie jare dateer ook sy sistematiese en wetenskaplike kennismaking met die wynbou en die wynkultuur. Dikwels het hy saam met amptenare van die KWV rondgereis om wyne te proe en die wingerdbou te leer ken. Teenoor die Kerk het hy afsydig gestaan en hom los gehou van godsdienstige verpligtinge, al was hy basies 'n mens met vaste beginsels.

Ook na die politiek het sy belangstelling uitgegaan. Hy was 'n teensinnige volgeling van D.F. Malan wat vir hom veels te stadig, ondramaties en sonder vuurwerk voorgekom het. Vir J.G. Strijdom as mens het hy waardering gehad, maar min gedink van sy visie as staatsman. Hy was ligtelik geamuseerd toe Canis Scholtz ná Strijdom se Premierwording by *Die Burger* daarop aandring om meer foto's van die Eerste Minister te publiseer. Aanvanklik het hy H.F. Verwoerd as kragfiguur bewonder, maar skepties gestaan teenoor sy oormoed, groot ambisie en die feit dat die reeks diskriminerende wette van die vyftigerjare in 'n groot mate sy maaksels was. Tog was Opperman gewortel in sy Afrikanerskap. Hy het sterk verontwaardig gevoel oor die Britte se rol in die geskiedenis van Suid-Afrika, maar simpatie gehad met die Zoeloes wat hy as kind leer ken het.

Die lojaliteit teenoor sy Afrikanerskap het egter by tye tot 'n spanning met die groter lojaliteit teenoor sy kunstenaarskap gelei, want Opperman kon die beperkinge van die Afrikanernasionalisme nie altyd versoen met die drang tot vereenselwiging en wesenloosheid wat die kuns van hom geëis het nie. In die vyftigerjare lei hierdie basiese tweespalt saam met die diskrepansie tussen droom en daad, kuns en roetine tot 'n spanning waarmee hy daagliks moet saamleef en wat hy gedeeltelik in sy twee versdramas *Periandros van Korinthe* en *Vergelegen* vergestalt. Heelwat later sou hy by geleentheid aan sy dogter Heila sê dat die spanning tussen impuls en verantwoordelikheid in die Oppermans altyd baie sterk en tot die uiterste toe gespan is. In dié tydperk kry 'n mens ook die eerste aanduidings van 'n reaksie wat later toenemend by hom sal voorkom, naamlik 'n neiging om hom aan situasies te onttrek en 'n siniese gelatenheid te openbaar teenoor probleme wat hy as onoplosbaar beskou het. Hy het weinig belanggestel daarin om 'n rol in openbare liggame of organisasies te speel. In 1951 word hy uitgenooi tot lidmaatskap van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde. As hy in 1950 deur W.J. du P. Erlank voorgedra word as lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, misluk die poging - tot skande van die Akademie - en ten spyte van die feit dat hy in daardie stadium reeds met die Hertzogprys, die hoogste literêre eerbewys van dié liggaam, bekroon is. In 'n brief van 22 Junie 1951 herhaal Erlank sy aanbeveling, met byvoeging van 'n addendum, aan die Akademie-sekretaris en in April 1952 word Opperman verkies tot lid. Volgens die brief waarin hy uitgenooi word, moet dit dien as 'n blyk ‘van die hoë waardering wat die Akademie koester vir...(sy) besondere prestasies op gebied van digkuns en kritiek’. Opperman laat hom hierdie lidmaatskap welgeval, maar verkies om eerder 'n passiewe naloper as 'n aktiewe lid van die Akademie te bly.

Naas die verhoudinge wat sy visie op die wêreld verruim het, was daar in Opperman se kring vriende en kennisse die mense van die Nasionale Pers, die Kaapse en Stellenbosse letterkundiges en skrywers, en die werknemers van die SAUK. Onder die radiomense was Ken Swart, broer van Audrey Blignault, wat ook literêre werk geresenseer het. Olivier Burgers, vir wie Opperman reeds in Johannesburg leer ken het, was hoof van die SAUK in Kaapstad en verantwoordelik vir poësieprogramme waarin hy Opperman se werk bekend gestel het met voordragte deur Fred en Ria le Roux, Gideon Horn en Opperman self.

Onder die meer literêre vriende het Opperman en Greshoff gereeld bymekaargekom om oor *Standpunte* en nuwe publikasies te gesels. Greshoff se parate kennis van die Nederlandse literatuur, selfs van die jongste ontwikkelinge én tydskrifpublikasies, het bevrugtend op Opperman ingewerk. Van tyd tot tyd het Meyer en Suna de Villiers van Stellenbosch af oorgekom, of het die Oppermans na hulle toe oorgery. In 1953, toe die De Villiers's op Waenhuiskrans met vakansie was, het die Oppermans kom kuier en het Opperman een aand en nag vir hulle die volledige teks van *Periandros van Korinthe* voorgelees. In die veld

of oor die duine kon hulle ure lank loop en gesels. Meyer de Villiers het 'n groot waardering vir sy vriend se digterskap gehad, maar kon hom soms onomwonde uitspreek as hy nie van iets gehou het nie. Hy was nie beïndruk met die klankeffekte in ‘Staking op die suikerplantasie’ nie, maar het gou agtergekom dat Opperman gevoelig is vir kritiek en nie juis daarvan hou nie. Vir Fred le Roux, wat ook gereeld by hom gekom het, was Opperman een van die trouste vriende, 'n mens wat hom kon oopstel vir 'n verskeidenheid mense, van die eenvoudigste visser tot die mees belese literator. Hy was bereid om na almal te luister en elkeen werklik raak te sien. As hy by iemand was, het hy sy felle, volle aandag aan hom gegee, en met sy hele wese in die ander persoon opgegaan.

Iemand met wie hy steeds van tyd tot tyd gesels het, was Johan Spies, in die vyftigerjare redakteur van *Die Huisgenoot*. Dit het vir Spies en baie ander vriende opgeval dat Opperman nooit krag- of onkiese woorde gebruik nie, maar wel sekere geliefkoosde uitdrukkings het. So kon hy byvoorbeeld van tyd tot tyd die woord ‘bulle’ in die sin van gedugte kêrels gebruik (‘D.F. Malherbe is een van die ou bulle’), die uitroep ‘Griet’ aanwend as hy verbaas was oor iets (‘Griet, jong, waar kom jy daaraan?’) en knaend die woorde ‘ek hoor nie’ of ‘sê weer’ gebruik as iets nie goed tot hom deurgedring het nie. As hy oor die telefoon gesels het, was dit sy gebruik om by die afskeid 'n langgerekte ‘tôt...’ pleks van ‘tot siens’ te sê.

Wat die literatuur en sy eie werk betref, was dit vir Spies opmerklik dat Opperman baie spesifieke opvattinge het. Opperman kon die uitskakeling van die ‘mens’ agter die boek nie wettig nie, al het hy in gesprekke oor dergelike sake in antwoord op redes dikwels net 'n gebaar gemaak en selde tot 'n prinsipiële uiteensetting oorgegaan. Hy het dikwels oor die waarde van rym in die poësie gepraat, maar gesê dat 'n taal maar 'n beperkte aantal rymwoorde het en 'n digter hulle naderhand uitput. Tog was hy in hierdie verband van sy eie vermoëns bewus. Toe iemand een aand in 'n ligsinnige bui na hom as rymelaar verwys, was sy antwoord dadelik: ‘Bring my iemand wat in Afrikaans beter kan rym as ek’!

By geleentheid het hulle saam na 'n radio-uitsending van *Joernaal van Jorik* geluister. Na afloop daarvan vra Spies hom of hy soms by 'n reeds gepubliseerde werk voel dat daar dinge in voorkom wat hy vandag anders sou stel. Opperman se antwoord was onmiddellik: ‘Nee, nooit.’ Terwyl hy aan 'n ding gewerk het, was sy aandag en volle menswees daarby. Hy het nie blindelings besluite geneem nie, maar met die ‘dom geduld’ van die silwersmid[109] 'n stuk werk perfeksionisties voltooi. As hy egter daarna daarin glo en vir publikasie vrystel, was sy aandeel verby en het hy feitlik nooit veranderinge aangebring nie. Dit verklaar die feit dat daar haas geen teksveranderinge in sy werk voorkom nie. Dit was feitlik onmoontlik om hom van 'n standpunt af te kry as hy eenmaal 'n besluit geneem het.

Dit was ook sy oortuiging dat 'n gepubliseerde letterkundige werk sy eie weg

moet vind en dat dit onvanpas van 'n skrywer is om daaroor chaperon te speel en in die openbaar te verdedig. Daarom het hy dan ook nooit op kritiek oor sy werk gereageer nie, selfs nie teen die giftigste of kleinlikste aanvalle van die noordelike groep in die vyftigerjare nie. Hy het 'n hekel gehad aan letterkundige groeperinge en 'n bietjie neergesien op die mindere ligte wat byeenkom en dan praat asof die hele Suid-Afrika moet gaan stilstaan om te luister. As hy ernstig gesels het oor die literatuur, was dit oor dinge wat sy kuns kon voed. Hy het nie gehou van 'n eindelose gepraat en tekstuele analises soos dié van die stilistici op linguistiese grondslag wat nêrens heen lei nie. Sulke mense was vir hom soos 'brommers om 'n kring', akademici wat ''n kuipvol proefskrifte...(wil) pars uit 'n een-tros-letterkunde',[110] 'n uitspraak van Peter Blum waaraan hy veel plesier gehad het. Van skindernuus het hy gehou, want stories was vir hom amusant en hy het soms 'n speels diaboliese genot geput uit al die vermaaklikheid in die 'republiek der letteren', die 'vuil bedryf / al óm die kuns'.[111]

Daarteenoor was hy wel intens geïnteresseerd in die werk van letterkundiges in wie se oordeel hy vertroue gehad het en in skrywers wie se werk vir hom van waarde was. In 'n brief van 15 Junie 1956 wens hy Elisabeth Eybers geluk met *Die helder halfjaar* en noem hy wat vir hom die beste gedigte is. In teenstelling tot die Louws het hy nie 'n renons gehad in C.M. van den Heever nie, maar hom as mens en sy beste gedigte gewaardeer. By die verskyning van *Honderd sonnette* skryf hy aan Van den Heever 'n brief waarin hy kritiek uitspreek, maar ook die gedigte noem wat tot hom gespreek het. As hy in 1957 op die boot terug van Europa van Van den Heever se dood verneem, is hy baie ontroerd. By sy terugkeer het hy dit *Die Burger* erg kwalik geneem dat hulle nie 'n hoofartikel oor Van den Heever gehad het nie; as hy op daardie tydstip in Kaapstad was, só het hy gesê, sou hy dit self geskryf het. In die vyftigerjare, word die eerste studies oor sy werk voltooi. Op Stellenbosch skryf Elizabeth Lindes haar M.A. oor *Die poësie van D.J. Opperman met verwysing na verwantskappe met T.S. Eliot* (1952), terwyl sy - soos vroeër Cloete met *Trekkerswee en Joernaal van Jorik* (1953) - in Amsterdam promoveer met *Veelheid en binding* (1956), 'n studie wat aan sy werk gewy word. Aan die Universiteit van die Witwatersrand voltooi Ernst Lindenberg in 1956 die Ph.D.-studie *Struktuur en waardeoordeel* waarin hy 'n hele paar gedigte uit *Negester oor Ninevé* intensief ontleed.

Naas die waardering wat hy gehad het vir die werk van Grové, was Opperman geïnteresseerd in die opstelle van sy Natalse vriende C.J.M. Nienaber en P. du P. Grobler, Miep Luitingh se *Woordkuns* en veral die *Standpunte*-kronieke van Rob Antonissen. Vir die firma HAUM, beveel hy Antonissen aan as skrywer van 'n nuwe geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde. As die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1952 die Hertzogprys vir Drama aan Gerhard J. Beukes en W.A. de Klerk toeken, is hy - ten spyte van die feit dat hy kort tevore lid van dié liggaam geword het - bereid om saam met

Antonissen, W.E.G. Louw en later ook Meyer de Villiers, I.W. van der Merwe en J. du P. Scholtz standpunt in te neem teen F.C.L. Bosman en Hermien Dommisse in een van die omvangrykste en felste polemieke wat nog oor 'n letterkundige aangeleentheid in Suid-Afrika plaasgevind het. In 'n brief van 18 November 1952 aan *Die Burger* verdedig Opperman vir Antonissen teen Bosman se insinuasie dat dié kritikus se Vlaamse herkoms hom onbevoeg maak om 'n mening oor Afrikaanse literêre sake uit te spreek. In 'n brief van 20 November aan dieselfde koerant onthul hy dat De Klerk onder die skuilnaam 'Die Waarheid lê Tussenin' self aan die debat begin deelneem het en aarsel hy nie om skerp te formuleer nie:

> In 'n literêre debat kan 'n mens onpersoonlik en suiwer wees sonder om 'n skuilnaam te gebruik. Hoe ook al, 'n jakkals verander van hare maar nie van snare nie - jy herken stylgewoontes en -gebreke én dieselfde eina-klank in hierdie naamlose stukkies van die afgelope week. En nag het die wond gebring!

As De Klerk self hierop onder sy eie naam antwoord en maak asof hy van niks weet nie, beantwoord Opperman hom in *Die Burger* van 22 November met 'n rympie waarin die vanselfsprekende rym op 'vlerk' berekend verswyg word:

> Jou antwoord is so lig
> en wil verwarring stig,
> maar aardjie na sy vaartjie -
> ék sal 'n duister rympie dig:
>
> Ek ken 'n bantampie se streke
> as iemand wys op sy gebreke,
> en daarom kon ek effens mik
> en na hom korrel met my klip,
> en weet nog voor die wondjie in sy vlerk
> wie anders sou dan kekkel as...'Die Waarheid lê Tussenin'.

As Hermien Dommisse - regisseuse van De Klerk se drama *Die jaar van die vuuros* - ook daarna tot die stryd toetree, vermoed Opperman dat De Klerk agter 'die rokke van sy regisseuse' wegkruip maar dat ''n mens sy kroontjie nog so effens-effens sien uitsteek!' Hierop antwoord sowel Dommisse as De Klerk. In 'n laaste brief aan *Die Burger*, gedateer 28 November 1952, waardeer Opperman dit dat De Klerk nou sy skuilnaam afgeskud het. Teenoor Dommisse se aksentuering van die 'speelbaarheid en toneelmatigheid' as hoogste maatstaf by die drama sal sý sonde waarskynlik wees dat hy 'as letterkundige te veel die letterkundige waarde van 'n drama deurslaggewend ag', maar hy beskou dit as 'n 'sonde' wat vir ons letterkunde 'heilsamer' is. En, met 'n verwysing na 'n hoofartikel wat *Die Transvaler* aan die polemiek wy, sê hy dat

dié blad in ons kritiese geskiedenis ‘onsterflikheid verwerf (het) deur 'n nuwe maatstaf in ons kritiek in te voer: die glimlag van die land se Eerste Minister (by die opvoering van een van Beukes se blyspele), en by implikasie, vir die Engelse letterkunde hier te lande die norsheid van mnr. Strauss, leier van die Opposisie’.[112]

Ernstige polemiese aangeleenthede het Opperman dus wel deeglik geïnteresseer, maar hy het verkies om die grootste deel van sy beskikbare tyd aan sy skeppende en literêr-wetenskaplike werk te wy. Sy hele lewe was gevolglik hierop ingestel. As hy in sy studeerkamer aan die werk was, het hy verkies om in die somer 'n kortbroek en hemp aan te hê, en in die winter slaapklere met kamerjas en pantoffels. Hoewel hy baie konsensieus was en gesteld op die stiptelike, sistematiese afhandeling van sy sake, het sy studeertafel met al die boeke, lêers en papiere vir die buitestaander baie deurmekaar uitgesien. Tog het hy presies geweet waar elke papiertjie is. Na die afhandeling van 'n projek was dit sy gewoonte om op te ruim, iets wat hom gewoonlik twee dae of langer geneem het.

In sy letterkundige lewe en werk was Marié vir hom van groot en deurslaggewende belang. Sy het vir hom 'n aangename huislike atmosfeer geskep om in te werk en het in die middag die moeilike taak gehad om die kinders rustig te hou terwyl hy slaap. In die huis was sy werk hoofsaak en sy het lastige mense op 'n mooi, geduldige maar besliste manier van hom weggehou. Hy het nie van onverwagte invalle gehou nie en Marié het hom nie maklik vir 'n telefoonoproep of onverwagte besoeker wakker gemaak nie. Daarby was sy met haar goeie letterkundige insig, aanvoeling en kennis vir hom 'n belangrike eerste kritikus en klankbord, die ideale eggenote vir iemand wat só volledig in sy werk opgegaan het.

Alhoewel hy dwarsdeur sy lewe 'n vrees vir armoede gehad het, was hy nooit vrekkerig nie. Daar was altyd 'n oorvloed drank en kos in die huis en hulle het goed en selfs rojaal geleef. By die gepaste geleentheid het hy dan ook daarvan gehou om in sy huis te onthaal. Dan was hy 'n opmerksame gasheer en het hy - wat altyd belanggestel het in die avontuur van die lewe en basies 'n vreugde uit die lewe kon put - die geselligheid saam met sy vriende geniet. As mens was hy gemaklik en sonder aanstellery. Hy was nie iemand wat graag oor sy probleme wou gesels nie en het ook nie daarvan gehou as iemand anders met 'n gekla by hom aankom nie. As G.A. Watermeyer vir hom by geleentheid oor allerlei probleme skryf, antwoord hy op 24 Julie 1951 ongeduldig:

> Jy praat van jou moeilikhede; man, myne wil ek nie eers noem nie. By jou is daar ten minste die vooruitsig van 'n huis. Ek het meer as 'n jaar laas 'n enkele reël poësie geskryf. My studieskuld, e.d.m. was veel hoër; ek het 'n paar jaar gelede alles wat ek besit het (my boeke uitgesonderd) in 'n brand verloor, ens. Maar hoekom sal ons nou dambord speel met mekaar se verdriete?

Met die groot hoeveelheid werk wat hy in die vyftigerjare gehad het, was dit onvermydelik dat Opperman losser sou raak van sy moeder, broers en susters. Tog was hy enkele kere by Liz en Jannie Theron op Sabie met vakansie en het hy en sy broer Maans, wat hom feitlik aanbid het, lang ure oor die telefoon gesels. Toe Liz in die vyftigerjare kunsklasse gaan loop en selfs begin skilder, was hy baie geïnteresseerd. Hy het haar egter gemaan om nie haastig te wees nie en haar laat belowe dat sy nooit sal uitstal voordat sy nie absoluut tevrede met al die skilderye is nie.

Sannie Opperman was einde 1952 in Kaapstad vir haar seun se promosie en het weer in 1955 vir hulle kom kuier toe *Periandros van Korinthe* opgevoer is. Alhoewel Dirk as kind baie aan haar geheg was, het hy die besoeke van sy moeder irriterend gevind. Hy was in die fleur van sy lewe en wou dag en nag werk, terwyl sy net die hele dag oor koeitjies en kalfies wou gesels. Op die derde dag van so 'n besoek was hy dan ook soos 'n buffel wat in 'n kamp staan en nie weet waar om uit te spring nie. Sy was 'n dominerende vrou wat beheer oor haar kinders wou behou lank nadat hulle selfstandigheid bereik en hulle eie lewe begin lei het. Dit was dus vir hom telkens 'n verligting as sy weer vertrek het.

In die vyftigerjare het Liz en Jannie Theron hulle saak op Sabie verkoop en met 'n apteek op Reitz begin. Sannie Opperman het eers saam met haar seun Koos op Sabie voortgegaan, maar later by haar kinders rondgebly. Terwyl sy in 1956 by haar dogter Vi op Witbank was, het sy 'n massiewe koronêre trombose gekry. Sy het dit egter oorleef en drie maande later haar seun Maans besoek. Tydens 'n vakansie aan die Suidkus van Natal saam met hom en sy gesin het sy begin sleg voel en is sy in die hospitaal opgeneem. Na 'n paar dae het sy egter self verkies om na Liz en Jannie op Reitz te gaan. Daar was sy net 'n paar dae voordat sy op 27 Augustus 1956 teen die namiddag in die ouderdom van vier en sestig jaar oorlede is. Dirk is per trein na Bloemfontein waar Maans en Koos hom kom haal het. Die middag met sy aankoms het hy die lyk gesien, 'n ervaring wat jare later in die treffende lykdig ‘Mev. H.S.M. Opperman’ uit *Edms. Bpk.* - die teenhanger van ‘Nagedagtenis aan my vader’ uit *Heilige beeste* - gestalte vind.

IX

Met sy werk aan die proefskrif aan die einde van 1952 afgehandel, het Opperman daarin belanggestel om ook 'n ander gebied te betree wat hom naas die poësie en die kritiek reeds jare lank geïnteresseer het, nl. die drama. Met sy opvattinge oor die wisselende wese van die kunstenaar, die opgaan in ander gestaltes en die dramatisering van die gedig was die drama eintlik 'n vanselfsprekende genre waarby hy die een of ander tyd sou moes uitkom. Hy

het derhalwe begin soek na geskikte boustof wat hy dramaties kon verwerk.

In die loop van 1953 was Marié Opperman besig met 'n reeks radiopraatjies en *Huisgenoot*-artikels oor digteresse. Vir haar voorbereiding het sy die Griekse digteres Sappho se lewe nagegaan en só afgekom op die geskiedenis van Periandros, die alleenheerser oor die stad Korinthe in die sesde eeu voor Christus. Sy het dadelik gevoel dat in hierdie lewensloop sterk dramatiese moontlikhede skuil en dit aan haar man genoem. Toe hy die Periandros-figuur dieselfde dag begin verken, was hy só begeesterd deur die pakkende gegewe dat hy eintlik 'n bietjie jaloers was dat Marié, en nie hy self nie, op die boustof afgekom het! Terwyl die klassieke mites en geskiedenis meestal by herhaling in die verlede gebruik is en in die proses verliteratuurd geraak het, was daar vir Opperman hier 'n stuk boustof en figuur wat nog nie tevore behandel is nie. Daarby was die bronne oor Periandros verdeeld. Vir een groep klassici en historici was hy een van die Sewe Wyse Manne van Hellas en 'n ontwikkelde mens, terwyl 'n ander groep hom as 'n despoot beskou het. Die uiteenlopende reaksies maak van Periandros 'n omstrede figuur wat sy dramatiese moontlikhede verhoog. In 'n drama oor dié gegewe, so het Opperman gemeen, kon hy buitendien heelparty eietydse probleme van sy land versluierd inwerk en só die antieke stof tot 'n nuwe aktualiteit dwing.[113]

Met die oog op 'n drama oor Periandros het Opperman die belangrikste bronne oor dié figuur begin deurwerk en aanteken. Aanvanklik was die eerste dialoog sonder rym met 'n neiging tot prosa, maar betreklik gou het hy - in navolging van die klassieke en Vondel, wie se werk hy in dié jare gedoseer het - op 'n drama in vyf bedrywe van drie tonele elk en die paarrymvorm besluit.[114] Die manuskrip is geskryf in eksamenboeke van die Universiteit van Kaapstad, 'n tipe papier wat hy in die vyftigerjare vir sy gedigte ideaal gevind en wat ook Van Wyk Louw voor sy vertrek na Amsterdam gebruik het. Die eerste probeerslae is met potlood, daarna met ink en later met balpunt geskryf. Van die getikte teks is daar drie kopieë, telkens met wysigings met potlood en ink.

Periandros van Korinthe was reeds teen die einde van 1953 byna voltooi. Op 28 Januarie 1954 skryf Opperman aan Canis Scholtz, in daardie stadium in Amsterdam, hoe baie hy die skryf van die drama geniet het. Dit is klaar en hy is besig om dit rustig te hersien. Hy vertel Scholtz dat hy by geleentheid, toe hy nog met die drama besig was, vir Jan Greshoff van die werk vertel het, onder meer dat hy Periandros se muntstuk met die gevleuelde perd as sentrale simbool vir die aards-hemelse konflik gebruik. Greshoff het opgestaan, na 'n laai gestap en vir Opperman 'n munt uit Ambrakia, een van die kolonies van Korinthe, gaan haal, 'n geskenk wat hy in 1943 ontvang het van 'n amptenaar verbonde aan die Nederlandse ambassade in New York. ‘Ek kan amper nie die gewaarwording vir jou beskryf nie,’ sê Opperman in sy brief aan Scholtz. ‘Mens hou jou besig met 'n droom wat jy probeer lewe gee en dan kry jy skielik 'n konkrete hings (6de eeu v.C.) uit jou droom uit!’ Op 23 April 1954 skryf hy aan

Scholtz dat hy die strookproewe van die drama reeds gelees het en 'n stel daarvan aan hom stuur. Op Saterdag, 31 Julie 1954, teken Opperman die eerste eksemplare van *Periandros van Korinthe* by die winkel van die Nasionale Boekhandel in die wandelgang van die Groote Kerk-gebou. In *Die Burger* van dieselfde datum verskyn pensketse van hom en Van Wyk Louw, wie se *Nuwe verse* ook op dié dag gepubliseer is. Opperman moes egter reeds vroeër 'n klein voorraad van die drama ontvang het, want op 16 Julie gee hy aan Fred en Ria le Roux 'n eksemplaar met die volgende inskripsie: ‘Met innige waardering vir verskeie wenke - verder met die wens dat julle dit nog sal opvoer!’

Die eerste reaksies op *Periandros van Korinthe* was dié van persoonlike vriende. Nog voor publikasie leen Meyer de Villiers die strookproewe by J.P.J. van Rensburg, professor in Grieks aan die Universiteit van Stellenbosch, wat die spelling van die Griekse name vir Opperman moes kontroleer en vir *Die Burger* 'n resensie oor die drama sou skryf. In 'n brief van 3 April 1954 spreek De Villiers sy oortuiging uit dat Opperman in twee dinge geslaag het: ‘om 'n ou verhaal te laat leef, en om iets aktueels te skryf’. Hy gaan voort:

> Dit is verbasend hoe mens onwillekeurig aan mense en dinge van ons land herinner word; eintlik nog sterker: dat mens voel Griekeland en die Griekse name is net maskers vir Afrikaners en Suid-Afrika.

Kort na ontvangs van sy eksemplaar skryf Rob Antonissen in 'n brief van 7 Augustus aan Opperman:

> Dis...te vroeg om jou my gedetailleerde indrukke mee te deel. Maar ek kan jou wel dit sê: dit het 'n diep indruk nagelaat, my na voltooide lektuur laat bly sit met 'n gevoel van verslae kalmte.[115]

Die eerste bespreking van *Periandros van Korinthe* is dié van J.P.J. van Rensburg in *Die Burger* van 31 Julie 1954. Hy wys daarop hoe getrou Opperman aan die bronne is, maar dat hy tog terselfdertyd 'n drama geskryf het wat deur en deur Afrikaans is. In *Die Huisgenoot* van 10 September 1954[116] wys A.P. Grové op Opperman se ‘argitektoniese gawes’ en sy gebruik van simbole, ‘“musikale” temas wat deur die drama beweeg om telkens, in gewysigde verband, die veranderde stand van sake te vergesel’. Hy kom tot die slotsom dat dit ‘'n ontroerende spel (is) wat van briljante intellektuele en strukturele gawes getuig(,)...'n diepsinnige en ryk stuk werk wat op talle vlakke tot die leser en toeskouer sal spreek’. Na 'n aanduiding van die voordele en funksie van die volgehoue paarrym wys hy daarop dat die skrywer die gevaar trotseer ‘om in sy dialoog die illusie van die gewone spreektaal prys te gee’. Meer as een keer moet 'n reël ‘“gevul” word deur persone wat praat met die oog op die rymwoord gevestig’. Daarby is die rym ‘'n gelykmakende faktor, (en) bring dit mee dat daar van 'n duidelike spraakdifferensiasie tussen figure nie genoeg

tereg kom nie'. By hierdie beswaar sluit Uys Krige in die *Cape Times* van 4 Augustus 1954 aan. Die paarrym word by Opperman 'an unsubtle, obvious medium, now tending towards monotony, then again - since it forces the poet to rhyme certain words that are intrinsically incompatible - beating on the ear like a tyre gone flat'. In sy radiobespreking, wat op 29 November 1954 uitgesaai word, sê G. Dekker dat *Periandros van Korinthe* vir hom 'n teleurstelling is. Die 'prikkelende konsepsies...is nie dramaties-psigologies volgroei' nie, maar het te veel 'beligtingsflitse' gebly, terwyl die 'spanningslose verse' vir hom te maklik verval in dreunrym. Ook Ernst Lindenberg het in *Tydskrif vir Letterkunde*, V:1, Maart 1955 beswaar teen die 'toutologiese konstruksies, stoplappe en lukrake woordgebruik' in die drama.

In teenstelling tot hierdie resensies wy Rob Antonissen in sy bespreking in *Standpunte*, IX:4, Januarie-Februarie 1955[117] veel meer tyd aan die bou en simbole. Daarby gaan hy dieper in op die tweespalt tussen droom en daad in die hooffiguur en die presiese aard van die tragiek in die drama. As besware noem hy die 'poëtiese motiewe-weefsel' wat buitekant die persoonlike en daarom die handelingsaspekte staan en die feit dat die teenspelers onafhanklik van mekaar optree en nie een 'antagonistiese rol...end-uit en ononderbroke volgehou (is) nie'. Soos Grové staan hy ook stil by die aard van die poësie in die drama. Hy wys op die 'neiging tot distigering', die enjambement wat 'meer as wenslik' ontbreek, die 'aksentverspringing' en die rym wat soms te 'opsigtelik' is. Ten spyte hiervan is *Periandros van Korinthe* vir hom ''n gróót werk' waaroor hy nouliks die 'eerste woord' kon sê. Iets 'meer indrukwekkends' as die slotmonoloog 'is daar in Afrikaans' vir hom nog nie geskryf nie; alleen 'Die hond van God' sal 'n mens 'ewe diep beroer'.

Opperman moet hierdie bespreking as redaksie-sekretaris van *Standpunte* reeds einde November of vroeg in Desember 1954 ontvang het, want in 'n brief van 7 Desember reageer hy op Antonissen se stuk. Hy mis daarin iets oor die 'aktualiteit' en die 'satiriese' (die kritiese afrekening met die Dertigers). Hy is bly dat Antonissen nie die eise van sy liriese verse aan *Periandros van Korinthe* stel nie. Dekker sien die stuk as 'n 'insinking', maar vir Opperman kan dit geen insinking wees nie omdat dit nie 'n voortsetting van sy vorige verse is nie. Dit is

> 'n nuwe begin met 'n verssoort wat vir voordrabaarheid en spel heeltemal ander eienskappe en eise verg. Trouens, die vers het ek al sprekend en spelend in my kamer of soms met die voorlees aan 'n groepie sy finale vorm laat vind - die reël uitgestoot of ingekrimp sodat dit op die sprekende tong maklik kan lê. Die sintaksis van die verspaar word veral gebruik by reparteé of die aforistiese. By vrot lees of spel sal enige vers tot 'n dreun verander.

Dat Opperman in sy brief aan Antonissen so uitvoerig by hierdie saak stilstaan, is 'n aanduiding van sy gevoeligheid oor die negatiewe kommentaar van

Grové, Krige, Dekker (en later ook Lindenberg) oor dié aspek van sy drama en wat vir hom op 'n onbegrip vir die besondere soort vers van die versdrama berus. In sy lesing oor die ‘Probleme van die versdrama’, wat hy in 1956 hou, sal hy later uitvoerig hierby stilstaan en die uitspraak maak dat dit ‘onregverdig (is) om die eise van die liriek aan die versdrama te gaan opdring’.

Die lesing is egter veral 'n reaksie op uitsprake van T.T. Cloete en Canis Scholtz. In *Ons Eie Boek*, XX:4 van 1954 verskyn 'n besonder negatiewe resensie van Cloete oor *Periandros van Korinthe* waarin hy die struktuur en dramatiese gang feitlik nie aanraak nie, maar haas uitsluitlik konsentreer op die verstekstuur. Sy uitgangspunt is dan ook om die vers van *Periandros van Korinthe* vergelykenderwys naas dié in ander bundels van Opperman te stel en die besondere karakter van die vers in 'n versdrama te ignoreer. ‘Dit is moeilik om die strenge werker Opperman,’ begin hy sy bespreking, ‘in hierdie *gedig* te herken. Die *gedig* is 'n groot teleurstelling, veral ná *Joernaal van Jorik*’ (my kursivering). Daarna gaan hy oor om die gebruik van woorde soos net, toe, glo en dergelike meer in die versreëls na te gaan en voorbeelde aan te toon wat vir hom na rymdwang en versvullings lyk. Vir Scholtz was die lees van die drama ‘'n groot teleurstelling’, omdat hy - soos hy dit in 'n brief van 5 Junie 1955 aan Van Wyk Louw stel - dit ‘onverklaarbaar (vind) dat 'n digter van Dirk se gehalte so iets kon produseer’. In 'n gesprek met Opperman het hy die dinge genoem wat hom hinder. Hy vind, so skryf Scholtz aan Van Wyk Louw, dat hy feitlik met alles wat Cloete sê, kan saamstem.

Toe Cloete die resensie aan *Ons Eie Boek* gepos het, was die redakteur, F.E.J. Malherbe, met groot verlof in Europa en het Ina Rousseau die redaksionele werk behartig. Ina Rousseau was bewus van die spanning wat daar tussen Malherbe en Opperman bestaan het ná die verskyning van *Digters van Dertig* en was daar oortuig van dat die publikasie van Cloete se resensie dié spanning sou vererger. Tog het sy gehuiwer om die resensie summier te weier. In 'n terloopse gesprek het die uitgewer A.A. Balkema aanbeveel dat sy 'n tweede resensie laat verskyn waarin die drama as drama beoordeel word, 'n gedagte wat gesteun is deur Meyer de Villiers, die persoon wat sy op Malherbe se instruksies by probleemgevalle moes raadpleeg. Aanvanklik het sy Antonissen genader om die aanvullende resensie te skryf, maar hy het reeds onderneem om die drama vir *Standpunte* te bespreek. Daarom vra sy W.J. du P. Erlank om 'n verdere beskouing oor die stuk as drama te skryf, iets wat hy bereid was om te doen op voorwaarde dat sy 'n verklarende nota byvoeg. Erlank se resensie verskyn dan ook saam met dié van Cloete in dieselfde uitgawe van *Ons Eie Boek*, voorafgegaan deur die volgende redaksionele nota:

> Ons het dit nodig gevind om, by die deurtastende vers-tegniese ontleding van dr. Cloete, 'n aanvullende beskouing van prof. Erlank te plaas, wat meer bepaald die dramatiese karakter van *Periandros van Korinthe* sou beklemtoon.

In sy beskouing konsentreer Erlank op die ‘stutsimbole’ in die drama en die verhoudings waarin die hooffiguur staan. Met *Periandros van Korinthe* het Opperman die Afrikaanse ‘toneelkuns onmiddellik opgestoot uit die sfeer van die melodrama, uit die sfeer van meer of minder ernstige patetiek, na die hoër sfeer van waaragtige tragiek’. Hy wys op voorbeelde waar die streng versvorm te hoë eise gestel en rym- en metriese dwang in die hand gewerk het, maar noem ook voorbeelde van ‘dialogiese slaankrag’ en ‘digterlike beeldingskrag’.

In 'n brief aan F.E.J. Malherbe het Ina Rousseau die omstandighede van die twee resensies verduidelik en het hy laat weet dat hy met haar optrede akkoord gaan. Opperman was nie daarvan bewus dat Malherbe met verlof was nie en in 'n brief van 21 Januarie 1955 spreek hy sy ‘opregte waardering’ uit vir die ‘grootmoedige daad om naas Cloete se bespreking van *Periandros*, wat klaarblyklik as eensydig beskou is, 'n tweede bespreking (nl. dié van Erlank) te geplaas het, wat die ewewig moes herstel’. Blykbaar moet Opperman dieselfde dag gehoor het dat dit eintlik Ina Rousseau was wat die saak bemiddel het, want in 'n brief aan haar, wat dieselfde datum dra, spreek hy sy dank teenoor haar uit. Later het Cloete waarskynlik self gevoel dat sy resensie eensydig is, want in 'n opstel oor *Periandros van Korinthe* wat hy veel later - in *Klasgids*, IV:2, November 1968 - publiseer, konsentreer hy op die bou en die aard van die hoofkarakter en toon hy groot waardering vir dié aspekte van die drama. In sy bundel *Kaneel* van 1970 verbind hy sy twee beskouinge onder die titel ‘Onvoorspelbare handeling in 'n meer voorspelbare vers’.

Die oorgrote meerderheid resensente van *Periandros van Korinthe* het dus besware gehad teen die verstekstuur en die vraag het ontstaan of 'n opvoering van die drama 'n sukses sou wees. Aanvanklik was Fred en Ria le Roux die enigste wat gesê het dat die vers wel gesê *kan* word en dat 'n produksie met die regte spelers 'n groot sukses kon wees. Die eerste opvoering van die stuk was vir die radio en is op 29 Oktober 1954 uitgesaai. Vir dié uitsending moes Opperman die teks verkort en vermeende ‘aanstootlikhede’ - onder meer die sirkulerende ‘oond’-beeld - weglaat.[118] Ken Swart was die regisseur en het 'n aantal prominente spelers gekry om aan die produksie deel te neem. Fred le Roux het die veeleisende rol van Periandros gespeel, Suzanne van Wyk dié van Melissa, Paul Malherbe dié van Kuupselos en Izak van Niekerk dié van Lukophroon, terwyl die rol van Hermionee deur Babs Laker, dié van Prokles deur M.P.O. Burgers en dié van Ganguloon deur Robert Mohr vertolk is. Vir die radioverwerking het Hubert du Plessis spesiaal musiek gekomponeer. Die uitsending het meer as voldoende die bewys gelewer dat die vers inderdaad gesê *kan* word. Veral Fred le Roux het uitmuntend daarin geslaag om met aksentverleggings die gevaar van rymdreun in die voordrag te vermy.

Tog sou die grootste toets vir die drama 'n opvoering op die verhoog wees. Ongeveer gelyktydig met die verskyning van *Periandros van Korinthe* moes

W.J. du P. Erlank na Pretoria gaan om as lid van die NTO-beheerraad oor die opvoering van 'n Afrikaanse stuk te help besluit. Op die vergadering pleit hy dat die beheerraad Opperman se stuk moet kies. Uit die meningswisseling oor die aangeleentheid was dit egter duidelik dat van die ander lede reeds op Theo Wassenaar se vertaling van Sophokles se *Koning Oidipus* besluit het, dat die vertaler reeds in die aangeleentheid geken is en dat die koeël derhalwe deur die kerk was. Eers veel later het Erlank te hore gekom dat André Huguenet, die literêre adviseur van die NTO en een van die mense wat die besluit moes neem, aan Opperman geskryf het om die alleenreg vir die opvoering van *Periandros van Korinthe* te verkry!

In daardie stadium het Opperman egter reeds ander planne gehad. Hy het nie veel vertroue in André Huguenet as speler of regisseur gehad nie en wou baie graag hê dat sy vriende Fred en Ria le Roux die opvoering van die stuk moes onderneem. Le Roux was van mening dat hulle dit met die hulp van die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging (die KAT) in die Klein Teater van die Universiteit van Kaapstad kon doen. Opperman het reeds in daardie stadium 'n eksemplaar van *Periandros van Korinthe* aan prof. T.B. Davie, prinsipaal en vise-kanselier van die Universiteit van Kaapstad, gestuur. In 'n gesprek met prof. Donald Inskip, kontroleur van die Klein Teater, het Opperman gesê dat dit hom as dosent toekom om van die Universiteit se toneelgeriewe gebruik te maak, 'n standpunt wat Inskip volkome gesteun het. Hy was dan ook bereid om feitlik ‘carte blanche’ aan die opvoerders te gee.

Vir die produksie sou Ria Olivier (le Roux) as regisseuse optree, terwyl Stephen de Villiers met die hulp van Gretel Mills die kostuums sou maak. Aanvanklik wou Ria vir Lydia Lindeque in die rol van Melissa hê, maar sy het nie haar weg oopgesien om gratis te speel nie en die NTO wou haar ook nie toelaat as sy geen betaling kry nie. Daarna het Ria vir Babs Laker genader. Sy wou dit graag doen, maar was in daardie stadium verwagtend en bang vir die val oor die koringkis aan die einde van die tweede toneel van die tweede bedryf. Hermien Dommisse en Suzanne van Wyk het albei hiervan te hore gekom en hard probeer om die rol te kry. Ter wille van die vrede het Ria egter besluit om self die karakter van Melissa te vertolk.

Na weke se repetisie is *Periandros van Korinthe* van 21 tot 29 Mei 1955 in die Klein Teater opgevoer en op 31 Mei en 1 Junie 1955 na die Bothasaal op Stellenbosch geneem. In Kaapstad is die gordyn telkens tussen die tonele laat sak, omdat Fred le Roux in die rol van Periandros nie kans gesien het om die hele tyd op die verhoog te wees nie. Op Stellenbosch was die opvoering egter aaneenlopend. Vir die Kaapstadse opvoering is die verhoog in trappe verdeel en die dekor het 'n strak, feitlik ingetoë indruk gemaak. Die aksent tydens die produksie het op die *sê* geval, nie op uiterlike parafernalia en bykomstighede nie. Naas Fred en Ria le Roux in die rolle van Periandros en Melissa is die medewerking van 'n hele aantal beroeps- en amateurspelers vir die opvoering verkry. Lukophroon is ge-

speel deur Paul Malherbe, Hermionee deur Helena Louw, Kuupselos deur Danie Marais, Arioon deur Gideon Horn, Anacharsis deur Hannes van der Merwe, Ganguloon deur Pieter Bredenkamp, Sappho deur Nerina Ferreira, Prokles deur Kobus van der Colff en Barakos deur Albertus Basson.

Die vers het dan ook geleef en die kritiek van die letterkundiges oor die sêbaarheid van die drama ontsenu, iets waarop die toneelresensente gewys het. In *Die Burger* van 23 Mei 1955 sê L.W. Hiemstra dat die vraag voor die opvoering was of *Periandros van Korinthe* opgevoer sou kon word of slegs 'n leesdrama sou bly. Ná die radio-uitsending bring die verhoogproduksie 'die skitterende bevestiging ...: die stuk is in die hoogste mate speelbaar, dit pak van die eerste woorde af en dit laat die gehoor nooit los nie, tot aan die magtige slot waar "die wildevark" sy eie spoorlose uitwissing van die aardbodem af reël.' Met hierdie opvoering kom die Afrikaanse toneel volgens hom 'op 'n peil wat dit nog selde indien ooit bereik het, waar verantwoorde vertolking gepaar word aan oorspronklike digterskap'. In *The Argus* van 23 Mei 1955 sê die kritikus M.G.: 'Dr. Opperman's sonorous rhymed couplets seemed admirably fitted to the grim story of Periandros, the Corinthian ruler ruled by his own dark passions.' Na die Stellenbosse opvoering sonder W.J. du P. Erlank in *Eikestadnuus* van 3 Junie 1955 Fred le Roux se spel uit vir spesiale vermelding: 'Die volgehoue, stadigaan verdiepende tragiek, wat hy met 'n beheerste soberheid van gebaar dwarsdeur gedra het tot op daardie laaste afskeidsmoment, was 'n kragtoer wat mens nie maklik vergeet nie.'

Maar afgesien van die gepubliseerde resensies het Ria en Fred le Roux baie waardering van vriende en belangstellendes ontvang. Terwyl Canis Scholtz aanvanklik die mening toegedaan was dat die woorde nie gesê kan word nie, was hy na die opvoering verstom en het hy gevra: 'Fred, hoe het jy dit reggekry?'[119] In 'n ongedateerde brief[120] ná die bywoning van die première skryf Izak van der Merwe aan hulle:

> my hartlikste gelukwens met innige dank vir Melissa & Periandros & die res. Jy't pragtig gelyk, Ria, & nog pragtiger gespeel, en Fred, ons beider vriend Louis Hiemstra het reg geskryf in verlede Maandag se Burger: Jy't die rol van jou lewe gespeel. Julle het vir my soveel gegee - & ek is seker vir baie ander ook - waaraan ek nog jare lank sal dink & wat my meermale so saggies alleen-alleen sal laat praat: Dit was baie mooi...uitstekend...onvergeetlik.

In sy waarderende, ongedateerde brief noem Erlank die

> skitterende ontplooiing van beeldhoukunstige groepe op die verhoog, met sy kulminasie telkemale in 'n aangrypende alleenstaan van die hooffiguur. Hierdie lynbeweging is, sonder uiterlike stilering, volgehou dwarsdeur die drama, sodat mens dit byna choreografies sou kan beskryf. Dit het meegebring dat ook die leë ruimtes van die verhoog psigologies gevul is met betekenis.

In 'n brief van 1 Junie 1955, wat getuig van fyn aanvoeling en insig, sê Retha Theron:

> Vir my lê die wonder van die aand hierin: vir eenmaal is die ideale toestand bereik dat dramaturg, regisseuse en hoofspelers soveel liefde vir mekaar se saak gehad het en so opgegaan het in mekaar se belange dat die bes moontlike aangebied kon geword het. Julle twee het voorwaar die beste uit *Periandros* gehaal en alle kritiek wat 'n sweem van twyfel bevat het, die kop ingeslaan.... Baie het getwyfel oor die opvoerbaarheid van *Periandros*. (Ek glo nóg dat min volkome daarin sal slaag want 'n toegewydheid is essensieel.) Baie het saam met A.P. Grové gewonder of die ‘dialoog nie die illusie van die gewone spreektaal ontneem sal word as gevolg van die rym nie’. Dit was vir my een van die hoogtepunte van die aand om na daardie verse te luister wat soos vloeiende prosa absoluut gerol het uit julle monde. Dit was pragtig - en julle kom die lof toe.

Ook Rykie van Reenen bring die kwessie van die rym ter sprake in 'n brief van 4 Junie 1955:

> As ek geweet het hoe om te beduie hoeveel ek dit geniet het, het ek al lankal geskryf. Dit was vir my 'n meevoerende en pragtige stuk toneel.... Mens het natuurlik eintlik uit nuuskierigheid gegaan, eenkant, om te sien of so 'n blikslaer soos Periandros geloofwaardig gemaak kan word; en om te gaan kyk hoe vaar dit met die rymery en die oondjie. Ek het nie verwag om so knop-keel te wees soos wat daardie laaste tonele mens gelaat het nie. Regtig, Fred, ek het altyd gedink ou Donald Wolfit in *Tamburlaine* is my toneel-‘tops’, maar jy as die ou man het my nog meer ontroer. Ek weet net nie hoe jy tussen die oefen deur nog met die eenhand Sarie-vervolgverhale ook kon gehanteer het nie!

Ook Meyer de Villiers skryf in 'n ongedateerde brief dat die ‘skitterende voordrag’ baie van die kritiek op die vers ‘ontsenu’ het. Daaroor verheug hy hom, ‘want die kleinlike gepeuter oor die vers en die taal het baie mense verblind vir die geweld van die verhaal en die held’. En op 23 Mei 1955 skryf hy aan Opperman:

> Dit was een (van) die groot ondervindinge van my lewe. Ek voel so dankbaar dat ek jou nooit alles kan sê wat ek wil uitdruk nie.... Wat Van Wyk soms as 'n visioen gesien het van 'n hoë skoonheid, het Saterdagaand werklikheid geword: 'n Afrikaanse drama, die Afrikaanse taal as 'n openbaring van die grootheid en tragiek van die mens.... Fred het werklik pragtig gespeel en die hele span het saamgespeel. Nie mooi oomblikke en flikkeringe nie, maar vuur.

Oor die sêbaarheid van die vers spreek Fred le Roux homself uit in 'n brief van 23 Junie 1955 aan W.E.G. Louw wat ook getwyfel het daaraan of 'n opvoering van die drama kan slaag. Hy sê:

> Sonder om ydel te wees, dink ek tog dat ek jou die ‘aleksandryne’ sou laat sluk het - afgesien nou daarvan of jy van my spel sou gehou het of nie.... dit is 'n spreekvers met gewone spraakaksente wat selde op die rymwoord val, maar - en dit was by die instudering vir my telkens weer by 'n ‘moeilike’ reël 'n openbaring - inderdaad op die woord wat dramaties die klem vereis. Al het die opvoering niks anders bereik nie, het dit m.i. bewys, soos baie mense wat erg skepties daarna kom kyk het ook geesdriftig daarna moes toegee, dat stuk en vers albei in die hoogste mate speel- en sê-baar is en 'n gehoor binne die eerste kwartier verower en meevoer tot aan die einde. Ria het, vir sover ek mag oordeel, werklik eer van die onderneming. En meer as ooit is ek oortuig daarvan dat die stuk 'n groot werk is, in die ware sin van die woord 'n nuwe begin van die drama in Afrikaans.

Na afloop van die Kaapstadse speelvak betuig Opperman sy dank, waardering en toegeneentheid teenoor Ria le Roux in 'n treffende gebaar. Namens al die spelers oorhandig hy aan haar 'n ring en 'n kwatryn, wat hy spesiaal vir die geleentheid geskryf het, gevolg deur die handtekeninge van al die spelers met tussen hakies die rolle wat deur hulle vertolk is:

> Ria, ons spelers gee as 'n herinnering
> aan jou as regisseuse hierdie ring.
> Mag jy ons saamspeel in *Periandros*
> sien binne dié ametis se warm fonkeling.

As die derde druk van *Periandros van Korinthe* in 1956 verskyn, dra Opperman dit op aan Fred le Roux. In 'n geskenkeksemplaar skryf hy: ‘Aan Ria en Fred wat my woord laat vlees word het - wat my woord geregverdig het.’

Afgesien van die Kaapse opvoering het Opperman ook van ander instansies en persone waardering vir *Periandros van Korinthe* ontvang. Reeds aan die einde van 1955 word hy bekroon met die Nasionale Pers se Hofmeyrprys vir Drama, 'n toekenning wat hy met 'n ‘digterlike dankie’ aanvaar:

> Menere,
> Ek dank u vir die eerbewys
> aan my deur die toekenning van die Hofmeyrprys,
> want al sing ons digters dikwels teen die geld
> open dit vir ons 'n aardse paradys.
> (en daarmee ons brandewyn en ys!)

Verder word die drama bekroon met 'n spesiale prys van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting ter waarde van £350. Van 17-19 Mei 1956 voer C.J.M. Nienaber dit in Pietermaritzburg (en later ook in Durban) op met John van Biljon as Periandros en Eelco Boonstra - seun van Opperman se Wetenskap-onderwyser op Vryheid - as die Segsman van die Matrose. Van 3-9 Oktober en van 11-13 Oktober 1956 voer die NTO die stuk onderskeidelik in die Tegniese

Kollege-Teater in Johannesburg en die SATU-saal in Pretoria op. Opperman reis na Johannesburg om die première daarvan by te woon. Vir dié produksie, wat onder spelleiding van Anna Neethling-Pohl staan, speel Jan Schutte die rol van Periandros, die regisseuse die rol van Melissa, terwyl bekende spelers die ander karakters vertolk: Kuupselos (Jannie Gildenhuys), Lukophroon (Eghard van der Hoven), Hermionee (Iris Coertze), Prokles (Siegfried Mynhardt), Ganguloon (Pieter Geldenhuys), Arioon (Cobus Rossouw), Anacharsis (Kobus van Staden) en Barakos (Billy Pretorius). Anna Neethling-Pohl het te kampe met groot vyandigheid teen die opvoering, waarskynlik omdat 'n suidelike skrywer se werk vir 'n prestige-produksie in Transvaal gekies is. Reeds in *Helikon*, IV:19, Maart 1955 skryf S. Ignatius Mocke 'n negatiewe artikel oor *Periandros van Korinthe*. Tydens die opvoering spreek Dirk Richard kritiek uit in *Die Vaderland*. Vir hom is die hooffiguur te staties, die moord op Lukophroon nie gemotiveer nie en die ryme hinderlik. By dié besware sluit Rud. P. Visser in *Die Transvaler* aan, terwyl André Huguenet die stuk in *Die Vaderland* van 19 Oktober 1956 verdedig ‘as die eerste en enigste vrug van betekenis wat ons taalboord tot dusver opgelewer het’. In 'n brief van 15 Oktober 1956 bedank Opperman Anna Neethling-Pohl vir haar spel en regie. Sy het die gebreke van die stuk in deugde omskep en hy het onder die indruk gekom van die spel van Jan Schutte wat al die drade tot aan die einde vasgehou het. In 'n verdere brief van 17 November 1956 aan haar sê hy dat die Transvaalse opvoering heelwat van die Kaapse produksie verskil het. Die Transvalers, sê hy, ‘wou veral effek bereik deur dit groots en realisties aan te pak en nadruklik te speel’. Die Kaapse opvoering was vir hom ‘meer gestileerd’, die spel ‘meer ingetoë en 'n meer ontroerende geheel’, terwyl die Transvaalse ‘priestertoneel en die abdikasietoneel’ dié van die Kaap oortref het.[121]

Hoewel die literêre ontvangs van *Periandros van Korinthe* plek-plek negatief was, het die radio-uitsending en die Kaapse opvoering vir Opperman meer as genoeg bevestiging gegee dat die paarrym as sodanig nie 'n beletsel by 'n produksie was nie, al kon hy sy tegniek in dié verband verder verfyn. Reeds op 23 April 1954, terwyl hy met die strookproewe van *Periandros van Korinthe* besig is, skryf hy aan Canis Scholtz in Amsterdam dat hy besig is met 'n tweede drama, maar dat hy as gevolg van sy ‘digterlike bygeloof’ om oor ‘koring op die land’ te swyg, nie verder daaroor wil uitwei nie.

Vir hierdie tweede drama het Opperman aanvanklik verskeie ontwerpe gehad wat onder meer op die geskiedenis van Hertzog, die bewind van Savanarola en die wêreld van die diereryk en sprokie as boustof steun, terwyl hy ook met die gedagte gespeel het om die lewe van Boer, Brit en Bantoe *(Die boek van die drie B's)* in hierdie land in die epies-dramatiese briefvorm te verwerk. Hoewel W.A. van der Stel en sy bewind aan die Kaap al by herhaling as agtergrond vir romanskrywers en dramaturge gedien het, was hierdie omstrede figuur aan die begin van die blanke beskawing in Suid-Afrika uiteindelik tog vir hom die

boeiendste moontlikheid. Daarby was daar groot ooreenkomste tussen Van der Stel en Periandros. Albei staan aan die ingang tot 'n nuwe periode in die beskawing, albei het 'n groot droom en ideaal, by albei is daar 'n inherente karakterswakheid wat tot grootdoenerigheid en vertoonsug lei en wat na 'n minderwaardigheidsgevoel oor hulle verlede teruggevoer kan word. Soos in die geval van Periandros is die geskiedskrywers ook verdeeld oor Van der Stel se belangrikheid as historiese figuur.

In die loop van 1954 het Opperman Leo Fouché se uitgawe van *Het Dagboek van Adam Tas* en die ander belangrike werke oor W.A. van der Stel deurgewerk, aantekeninge in 'n klein notaboekie gemaak en stukkies dialoog begin neerskryf. Verdere aantekeninge is in eksamenboeke van die Universiteit van Kaapstad gemaak en daarna het die teks met potlood en ink gevolg. Van die getikte teks is daar by die manuskripafdeling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek verskillende weergawes, sommige met veranderinge met potlood of ink aangebring. Terwyl hy aan die manuskrip gewerk het, is uitgrawings vir die fondamente van die nuwe Kaapstadse poskantoor gedoen en het een van die argitekte vir Opperman 'n muntstuk uit die tyd van Van der Stel gegee.

In Februarie 1955 was die eerste weergawe van *Vergelegen* klaar en lees hy dit op 'n aand vir Fred en Ria le Roux in hulle Milnertonse huis voor. Die Le Rouxs was egter nie baie ingenome met die stuk nie. Vir hulle was wat Opperman geskryf het, totaal onopvoerbaar en geen volwaardige drama nie.[122] Nadat hy dit aanvanklik 'n ruk laat lê en ander werk afgehandel het, het hy weer sy volle aandag aan die drama gegee. Die hele omvang van *Vergelegen* is geweldig uitgebrei en die neiging tot distigering en geslotenheid vermy deurdat die karakters veel meer as in *Periandros van Korinthe* slegs die eerste lid van die paarrym uitspreek en met die klankoordrag na 'n volgende karakter 'n groter kontinuïteit en innerlike stuwing bereik. Verder het hy deeglik rekening gehou met Grové en ander se kritiek dat die karakters in *Periandros van Korinthe* almal dieselfde taal praat en doelbewus probeer om 'n sekere spraakvariasie te bereik. Tydens die hersiening kon hy ook baat by die Kaapse opvoering van *Periandros van Korinthe* en hinderlikhede wat hy tydens die produksie bespeur het, in sy nuwe drama uitskakel.

As hy vroeg in 1956 die manuskrip aan Koos Human van Nasionale Boekhandel gee, skryf hy voorin: ‘Beste Koos, Hiermee *Vergelegen*. Mag jy dit spoedig naby geleë bring.’ Die Nasionale Boekhandel het vinnig aan die werk gespring en tydens die April-vakansie van 1956 kon Opperman die proewe nasien. Daarvoor is hy en sy gesin twee weke lank na Spatsels, die huis van Jack en Retha Theron op Onrus. Uit dankbaarheid vir die geleentheid om die werk daar te doen en terselfdertyd heerlik by die see vakansie te hou, skryf Opperman vir hulle 'n gedig, een van sy mees geslaagde geleentheidsverse. Die Therons laat 'n Kerskaartjie daarvan in Opperman se handskrif maak. Later het hulle die hologaaf in koper laat uitgraveer en teen een van die sitkamermure

opgehang. Die teks van die gedig, wat Opperman ‘Spatsels’ noem, lui as volg:

> Raak mens oorspanne deur die stad miskien,
> by Onrus is 'n woning op die rots
> waar jy deur groot glasruite sien
> hoe golwe breek en spatsels uit jou klots.
>
> Son, sand en see - daarna koel bekers bier,
> kinders jaag mekaar of speel ping-pong.
> Snags maanlig oor die rotse, skuim en wier,
> en soggens soutlug diep in elke long.
>
> Dan ná die stiltes word jy meer bewus
> van 'n skoonheid wat oor alles huiwer,
> en jy keer terug stad toe met jou onrus
> deur die onrus van die see gesuiwer.

Op 21 September 1956 ontvang Opperman die eerste eksemplare van *Vergelegen* tydens 'n geselligheid in die Here XVII. Canis Scholtz was nog ongunstiger oor *Vergelegen* as oor *Periandros van Korinthe* en het dit onomwonde aan Opperman gesê. Ook Van Wyk Louw was negatief oor die drama, al het hy sy mening weens die beëindiging van hulle korrespondensie na *Digters van Dertig* nie regstreeks aan Opperman oorgedra nie. 'n Mens kan egter aanneem dat sy oordeel Opperman op die een of ander wyse sou bereik het. In 'n brief van 28 Julie 1957 skryf Van Wyk Louw aan sy broer:

> Ek het ook aan Rob my mening oor *Vergelegen* geskrywe; ek onthou dat jy indertyd gesê het dis nie onaardig nie en dat die verssoort & taalgebruik hier beter pas as by *Periandros;* ook weet ek dat Rob dit nie heeltemal misluk vind nie. En tóg moet ek sê: vir my is dit werklik *niks*, nog as poësie, nog as drama. Ek glo nie ek is bevooroordeel of jaloers nie. Ek waardeer Dirk se poësie te hoog; en in *Peri*. (met al my baie voorbehoude t.o.v. styl en heelwat plathede) vind ek tog genoeg om te waardeer. Maar hier in *Vergel*. niks! Truida en ek het dit saam hardop, tydsaam, geduldig, ál besprekend, deurgelees; en ek glo haar mening is ook: nog as toneel, nog as poësie! Dit kan 'n ‘blind spot’ in my wees; dit kan 'n E.C. Pienaaronvermoë wees om ook die nuwe e/d gans-andere te waardeer. Maar ‘there you have it’.

Oor die algemeen was die gepubliseerde kritiek op *Vergelegen* gunstig, al het die meeste kommentators gevoel dat die kleiner statuur van die tragiese held en die beperkter wêreld van *Vergelegen* die drama aan die grootsheid van *Periandros van Korinthe* laat inboet. In sy bespreking in *Die Burger* van 30 November 1956 sê W.J. du P. Erlank dat W.A. van der Stel se afstroping in die slotbedryf minder aangrypend is as dié van Van der Heiden in die vierde bedryf. In

Die Huisgenoot van 3 Desember 1956[123] waardeer A.P. Grové die verskeidenheid in die taalgebruik, ‘die raketspel van woord en weerwoord’ en die vers ‘waarin daar vir die ontroerendste gebed plek is sowel as vir die ligsinnigste kwinkslag’. Ook vir hom bereik Van der Stel nie die grootsheid van Van der Heiden nie, met die gevolg dat sy ondergang minder ontstellend aandoen. Rob Antonissen vind in sy beskouing in *Standpunte*, XI:3, Desember 1956-Januarie 1957[124] dat Opperman nou 'n beter beheer oor die dramavers het. Hy skryf:

> Woordomsettings slegs ter wille van een of ander rymposisie is nog meermale 'n storende verskynsel, soos ook die gebruik van partikels nog nie voldoende besnoei is nie. Maar oor die geheel is die dramatiese vers stukke beter as in *Periandros*. Danksy 'n korter, vinniger, aksentryker versvorm, meer wisselende caesurering en veelvuldiger enjambemente, is die distigon-aforistiek en die daarmee saamhangende oorbetoning van die rym grotendeels uitgeskakel, en word die toeskouer-leser meegevoer in 'n losser, lewendiger, meer gevarieerde dialooghandeling wat tewens ryker moontlikhede bied vir die individuele selfkarakterisering van die dramatis personae.

Opperman wou natuurlik graag sien dat 'n opvoering van *Vergelegen* so gou moontlik moet plaasvind. Robert Mohr, in daardie stadium lektor in Drama aan die Universiteit van Stellenbosch, het in die regie belanggestel. Dit was egter 'n probleem om die groot aantal manlike spelers (teenoor die enkele vrou) in Kaapstad en Stellenbosch in die hande te kry. Hy het wel daarin geslaag om twee weke lank spellesings te hou, maar weens die tekort aan goeie spelers daarvan afgesien om met die produksie voort te gaan. In 'n stadium was Fred Engelen - toe nog in België woonagtig maar op gereelde besoeke aan Suid-Afrika - ook geïnteresseerd in 'n produksie, maar uiteindelik het hy gevoel dat die problematiek vir hom as buitelander te vreemd is om aan die drama reg te laat geskied. Voorlopig sou 'n opvoering van *Vergelegen* dus agterweë bly.

X

Terwyl hy met die twee versdramas besig was, het Opperman ook aan gedigte gewerk. Kort ná die verskyning van *Engel uit die klip* in 1950 - en nog voordat hy met die werk aan *Periandros van Korinthe* begin - skryf hy die reeks ‘Kaapse draaie’ wat gedeeltelik in *Standpunte*, VI:2, Desember 1951 gepubliseer word. In die manuskrip is ook ‘Landskipper’ wat hy nie in die reeks opneem nie:

> Vanaf die rantjie sien hy geelstert streep
> en op sy vlag en fluitjie gaan ons skeep;
> hy swaai en vloek en let

hoe boepens span die net
wat brood en bottels uit die see uitsleep.

'n Jaar later, in *Standpunte*, VII:2, Desember 1952, verskyn ‘Kersliedjie’. Blykbaar het Opperman hierdie gedig lank voor publikasie voltooi maar dit eers agterweë gehou, al het hy dit betreklik vroeg reeds aan sy broer Koos gewys wat baie ingenome daarmee was.

In *Standpunte*, VIII:1, September 1956 verskyn ‘Blom van die baaierd’, 'n gedig waaraan Opperman - te oordeel aan die baie variante - lank gewerk het. Vir dié gedig steun hy op 'n verhaal wat Fritz Steyn hom vertel het toe hy in 1945 aan die Helpmekaar Hoër Seunskool in Johannesburg verbonde was. As prokureur het Steyn kontak gehad met speurders van die diamantafdeling en van baie dramatiese voorvalle in verband met diamantsmokkel verneem, onder andere van 'n geestelike by die staatsdelwerye by Alexanderbaai wat uit hoofde van sy werk vryelik tot die afgekampte terrein toegelaat is. Een van sy vriende was finansieel nie goed daaraan toe nie, en deur onwettige diamanthandel het die geestelike persoonlik na dié man se welsyn omgesien en sy posisie só verbeter dat hy 'n behoorlike lewe kon voer. Die speurders van die diamanttak het hiervan te hore gekom en die begunstigde persoon as lokvink gebruik! In die proses is die geestelike deur die polisie doodgeskiet. Steyn - wat teen die valstrikmetode gekant was - het dit 'n interessante verhaal gevind, omdat dit die uiterste verwording van die mens treffend illustreer: iemand wat deur die geestelike se onwettige optrede bevoordeel is, maar tog bereid was om sy weldoener te verraai.[125] Vir Steyn was verraad die gruwelikste van alle misdade en meer as een keer in sy gesprekke met Opperman in dié jare het hy dié oortuiging uitgespreek. Terwyl misdade soos diefstal en moord vir hom meestal simplisties na 'n enkele motief herlei kon word, is verraad die toppunt van amoraliteit en immoraliteit. Opperman, wat juis in hierdie tyd met die skuldprobleem gepreokkupeer was en aan ‘Ballade van die grysland’ gewerk het, was baie geïnteresseerd in Steyn se verhaal en sy siening van verraad as iets gruweliks. Voor voltooiing van ‘Blom van die baaierd’ sou hy juis in die Jorik-figuur die verraaier voorstel as by uitstek dié figuur waarin die essensie van ons eie tyd beliggaam word en daarmee die eeue-oue kollektiewe simbool van Judas met 'n nuwe aktualiteit laai.

Twee maande na die verskyning van ‘Blom van die baaierd’ publiseer Opperman in *Die Huisgenoot* van 27 November 1953 'n aantal ‘Jongste verse’: ‘Ringdans van die hamerkoppe’, ‘Naskrif’, ‘Ou vrouens van die markplein’, ‘Rooi oog’ en ‘Kitaarspeler’ uit ‘Kaapse draaie’ en ‘Draaiboek’. Vir ‘Draaiboek’ steun hy, soos vroeër met ‘Klara Majola’, op 'n berig uit *Die Burger* van 7 Oktober 1946[126] oor 'n seun wat selfmoord gepleeg het omdat hy as gevolg van sy donker vel 'n Kleurlingskool moes bywoon terwyl sy broers en susters almal by skole vir blankes was. Onder die manuskripmateriaal in die

Stellenbosse Universiteitsbiblioteek is daar ook 'n gedrukte teks van ‘Ouddigter’ wat radikaal van die finale gedig in die bundel verskil. Dié teks is in dieselfde letter geset as die reeks ‘Jongste verse’ in *Die Huisgenoot* van 27 November 1953 en het dus waarskynlik deel daarvan uitgemaak. Dit het egter nooit verskyn nie en 'n mens moet derhalwe aanneem dat die gedrukte teks by die manuskripmateriaal as proef na Opperman gestuur is en dat hy dit voor publikasie teruggetrek het.

In vergelyking met sy vroeëre bundels is dit opvallend dat veel minder gedigte uit *Blom en baaierd* voor die finale publikasie in tydskrifte verskyn. 'n Mens kan redelikerwys aanneem dat Van Wyk Louw se standpunt oor terughouding van verse sodat 'n bundel by sy verskyning 'n ‘fris’ indruk kan maak, ook vir Opperman 'n oorweging begin word het. Daarby is dit uit die manuskripmateriaal duidelik dat hy baie aan die gedigte in die bundel gewerk het en dat daar met verloop van jare soms radikale wysigings aangebring is. 'n Gedig wat in sy oorspronklike vorm heeltemal anders daar uitgesien het, is ‘Staking op die suikerplantasie’. In die afdeling ‘Sondvuur’ uit die eerste versie is die verband met die finale gedig as gevolg van die ingrypende veranderinge nouliks te herken. ‘Draaiboek’ is oorspronklik ‘Geregtelike ondersoek’ en later ‘Dambord’ genoem, terwyl ‘Kersliedjie’ se titel aanvanklik ‘Kruisster’ en later ‘Stille wag’ was en heelwat veranderinge ondergaan het. Naas die reeks ‘Kaapse draaie’ het Opperman oorspronklik ook 'n reeks kwatryne met die titel ‘Suur druiwe’ oorweeg waarin hy persone en gebruike hekel. Omdat hulle nie in die bundelgeheel sou inpas nie, het hy die reeks weggelaat, maar enkeles van hulle later op pp. 16, 34, 36 en 37 van *Kuns-mis* opgeneem. 'n Kwatryn uit dié reeks wat hy nooit publiseer nie, is ‘Druiwefees’:

> Ek het nie in Sy wingerd mis gestrooi
> of kluite na die witborskraai gegooi
> maar toe die trosse Februarie swaarsoet hang
> het Hy my na Sy/die wingerd uitgenooi.

By die reeks ‘Bewakers’, oorspronklik ‘Kaartjies’ genoem, is daar sowel in die holograaf as die tikskrif die kwatryn ‘Van Wyk Louw by sy vertrek na Europa’ wat Opperman nie in die bundel insluit nie:

> Wanneer jy vlieënd van dié land vertrek,
> los dit soos 'n voël in vlug sy drek;
> maar weet selfs op 'n ghwano-eiland
> vul geen voël 'n ander voël se plek.

In die oorspronklike versie van ‘Nagwag’, wat ‘Konka’ heet, speel Opperman aanvanklik met Jan F.E. Celliers se ‘Eensaamheid’ as verwysende teks, 'n gegewe waaruit 'n mens kan aflei dat Grové waarskynlik vir sy artikel

‘Maaier en ster in Opperman se “Nagwag”-gedig’[127] waarin Celliers se gedig ook ter sprake kom, inligting van die digter gekry het. Na die eerste voorstadia volg die gedig ‘Beseerde nagwag’ waaruit die finale teks uiteindelik groei. Na ‘Nagwag’ volg in die manuskripboek 'n reeks van tien kwatryne (‘Afrika’, ‘Vierendeel’, ‘Suid-Afrika’, ‘Toeris’, ‘Krisis’, ‘Doringpleister’, ‘Vakansie’, ‘Skyn’, ‘Hoe kan ek ooit...’ en ‘Raaisel’) wat hy ook nie in die bundel opneem nie, maar waarvan enkele beelde later in sy bundel *Dolosse* sal verskyn. Van ‘Kroniek van Kristien’ is gedigte soos ‘Klippe’ en ‘Boom’ die verre voorstadia.[128] Die siklus ontwikkel deur 'n langsame proses van variante tot die uiteindelike voltooide produk. Oorspronklik het Opperman oorweeg om drie ‘dagboek’-gedigte (‘Van 'n Trekker’, ‘Van 'n Kleurling’ en ‘Van 'n Naturel’) te skryf. Al drie is in 'n gevorderde staat, maar uiteindelik het Opperman net ‘Clat boek’ - gebaseer op Trigardt se dagboek - in die bundel opgeneem. Van die ongepubliseerde gedigte is ‘Rooi kransies’, ‘Spookure’, ‘Vakansieganger en haai’, ‘Nat straat’, ‘Dronk man en hond’ en ‘Vissersvrou, Stilbaai’ in mindere of meerdere mate afgewerk; van die laaste drie is die tekste in getikte vorm.

Blom en baaierd verskyn einde Mei 1956 in 'n eerste oplaag van 1 300 eksemplare en word in dieselfde jaar met die Hofmeyrprys bekroon. Die eerste resensie van die bundel is dié van Ernst Lindenberg wat in *Die Burger* van 28 Mei 1956 verskyn, die eerste omvangryke bespreking wat dié kritikus ná sy vroeë stuk oor *Joernaal van Jorik* aan 'n Opperman-bundel wy. Lindenberg wys op die polêre spanning in die titel van die bundel en staan dan stil by die drie epiese gedigte van groter omvang. Wat die korter gedigte betref, waardeer hy die ‘suggestiewe notisie-styl’ van ‘Clat boek’, die ‘visioenêre grootsheid’ van ‘Nagwag’ en die wyse waarop een basiese beeld in al sy vertakkinge in ‘Paddas’ uitgewerk word. Hy loof ten slotte die verskeidenheid van motiewe in hierdie ‘ryke’ bundel waarvan die verskyning ‘ongetwyfeld 'n belangrike gebeurtenis in die Afrikaanse poësie’ is.

In *Die Huisgenoot* van 11 Junie 1956[129] wys Ernst van Heerden daarop dat Opperman in hierdie bundel die resultaat gee ‘van 'n jarelange meelewe met en bepeinsing van ons volksprobleme en dat die digter as gewete van sy volk hier dringender en roerender as ooit tot ons spreek’. Terwyl hy in *Joernaal van Jorik* die geskiedenis van die Afrikaner in Suid-Afrika ‘teen die mosaïek van 'n ganse verlede en hede in ons volkswording’ geprojekteer het, kom daar in *Blom en baaierd* ‘swaarder, somberder instrumente in die orkestrasie by’: die ‘swart mens van Afrika, in sy opbruisende nasionalisme, gooi sy donker skaduwee oor menige bladsye van hierdie boek’. Teen hierdie agtergrond bespreek Van Heerden dan ‘Staking op die suikerplantasie’ en die aantal kort gedigte wat daarop volg. In die analise van ‘Nagwag’ wys hy daarop dat die rassespanning nou nie meer ‘in terme van blanke teenoor nie-blanke gesien (word) nie’ en dat daar 'n ‘opvallende verskuiwing na die algemeen-mens-

like' intree. In 'Kaapse draaie' is dit feitlik 'speelse vingeroefeninge' vir die digter se 'rymlus en virtuose taalbeheer'. 'Bewakers' word 'n reeks kwatryne oor 'stryders teen die chaos', terwyl 'Opperman se bekende tegniek van die deureenskuiwing van tydsvlakke, met simboliese en feite-inhoude onontwarbaar verstrengel', treffend neerslag vind in 'Kroniek van Kristien', 'n reeks waarin 'ras en kleur...met godsdiens en menslike hartstog' vermeng word. 'Blom van die baaierd' vind Van Heerden die 'logiese voortsetting van die Jorik-rigting' in Opperman se werk: die wêreld na die sondeval en die hunkering na 'n verlore paradys. Hy sluit af:

> Soos by geen ander digter in Afrikaans nie, skryf...(Opperman) 'vanselfsprekende' poësie, wat beteken dat die nugterste, elementêrste woord, ding of situasie poëtiese gloed kry as hy die fosfor van sy vinger daaroor stryk. Die 'aardse' element wat so 'n opvallende kenmerk van sy heel eerste bundel was het hier dieper en voller geword, maar miskien is dit ook nou intiemer en vaster verbind met die 'hemelse'. Die digtertaak om die engel uit die klip los te kap, het ruimer geword, het die magtige kompleksiteit van ons veelledige rasseprobleem ingesluit, om óók hieruit die Godsbegrip te 'verlos'. Maar 'n 'oplossing' bied hy nie aan nie, miskien die *suggestie* van vele oplossinge, en veral 'n ondersoek van eie hart.

Ewe hoë lof kry Opperman van Rob Antonissen in sy bespreking in *Standpunte*, XI:3, Desember 1956-Januarie 1957.[130] Antonissen wys daarop dat 'n mens Opperman se digkuns paradoksaal kan karakteriseer as ''n volkome aan die aktualiteit onttoë aktualiteitspoësie'. Alhoewel die Suid-Afrikaanse aktualiteit wel deeglik in sy werk aanwesig is, swaai hy telkens weg van regstreekse aktualiteitspoësie deurdat sy verse op meer as een 'vlak' beweeg. Die slot van sy vorige bundel, waarin daar sprake was van die 'wit en bruin en swart foelie', vorm die sleutel tot die kleurvraagstuk wat in *Blom en baaierd* ter sprake kom. Dit beteken nie dat Opperman 'n 'boodskap' bring nie. Wat hy gee, is ''n eindelose diversiteit van verskynsels', 'n voortdurende '"onteiening" van die Self, om duisend ander gestaltes te word, deur duisend ander gestaltes in besit geneem te word'. Die eerste gedeelte van die bundel 'staan primêr in die teken van die Suid-Afrikaanse "kleur"-aktualiteit'. In die middel van die bundel staan 'Oud-digter' waarin die 'kleur'-tematiek van die eerste deel verbind word met die tweede, 'waar poëties-mistieke motiewe so 'n belangrike aandeel het in die belewing van die spanning "blom-baaierd"'. Die inleiding hiertoe is die reeks 'Bewakers', maar dit bereik sy hoogtepunt in die 'selfonteiening' in die 'Kroniek van Kristien'-siklus: 'Kristien se bereidskap om elke ding te wórd is juis dit wat Opperman as allereerste en -noodsaaklikste bereidskap van die digter beskou.' Opperman se idees oor die boosheid en goddelikheid van die kuns vind 'die volledigste verdigting' in 'Blom van die baaierd'. Die digter bly in homself verdeeld. As hy sy saak as mens verloor het,

sien hy nog steeds die wisseling van plek en spelers en die herhaling van die ‘spel’. Antonissen kom aan die einde tot die slotsom dat *Blom en baaierd*, hoewel dit nie 'n enkele gedig bevat wat so hewig ontroer as ‘Gebed om die gebeente’ nie, Opperman se grootste werk is. Hy sê:

> As *bundel*, as sinvolle, tegelyk panoramiese en perspektiwiese ‘gebou’ van talryke uitmuntende kort gedigte én van 'n aantal langer poëmata wat ewesovele beknopter ‘Joernale’ is, is *Blom en baaierd* beslis sy gróótste bundel tot dusver; en 'n bundel wat dieper as een van die voriges na die *gewete* tas.

A.P. Grové lewer nie 'n resensie oor die bundel nie, maar in die eerste uitgawe van sy bundel *Oordeel en vooroordeel* van 1958 neem hy 'n uitvoerige bespreking daaroor op. Hoewel die bundel oënskynlik na 'n stilstand in Opperman se werk lyk, is dit ‘in breedte en diepte 'n groot vooruitgang op die digter se vroeëre werk’. Dit sien Grové in die groot verskeidenheid strofevorme en rymskemas, die verder gevoerde eksperiment met die gewone woord en die klanksuggestie. Alhoewel daar hier van 'n tematiese verruiming sprake is en Opperman hom met aktuele sake besig hou, streef hy daarna ‘om die aktualiteit in sy essensiële gedaante...op te teken’ sodat digter wees in laaste instansie die hooftema is: ‘...die herskepper wat die hele mankolieke wêreld wil dwing om onophoudelik uit te reik na die volmaakte wat God is’. Aan die hand van die slotgedig ‘Paddas’ bereik hierdie ‘herskeppingsfunksie’ van die digter 'n hoogtepunt. Dit

> laat by ons die vermoede van 'n hele skepping wat tot verlossing gedwing word. Daar is sprake van ‘berg en ster’ wat vanuit die slym opgeroep word, en die lied wat klein en aarselend begin, groei met die eeue tot 'n magtige loflied op God.

Wat al vier resensente van *Blom en baaierd* implisiet of eksplisiet aandui, is dat Opperman met hierdie bundel 'n hoogtepunt in sy gepubliseerde werk tot 1956 bereik, 'n hoogtepunt wat ook uit die indringende aard en gehalte van die kritiek blyk. 'n Mens kan trouens die uitspraak maak dat Van Heerden, Antonissen en Grové se beskouinge oor die bundel hoogtepunte in die Oppermankritiek tot 1956 verteenwoordig: Van Heerden deur die poëtiese sfeer en fyn aanvoeling, Antonissen deur die konstruktiewe opset en analise van die bundel as geheel, en Grové deur die aanduiding van bepaalde lyne en die konsentrasie op spesifieke gedigte. In die jare ná die verskyning van *Blom en baaierd* sal kritici soos Grové, Merwe Scholtz, Lindenberg, Cloete, C.J.M. Nienaber en M. Nienaber-Luitingh hulle studie van die bundel voortsit en oor spesifieke gedigte of bepaalde aspekte belangwekkende opstelle skryf.

Die morele besware wat by herhaling sedert sy debuut oor werke van Opperman uitgespreek is, word na die verskyning van *Blom en baaierd* weer geopper. In *Tydskrif vir Letterkunde*, VII:1, Maart 1957 sien D.F. Malherbe strofe 10

van ‘Nagwag’ as ‘geloofsondermynend’ en ‘'n degradering van die sterrehemel’, en stel hy sy eie woorde in *Spel van blank en swart* daarteenoor ‘om te wys hoe die Gees van die lig vir die Gees van die nag bedui wat die regte houding van die Groot Gees is’. Hy bring die reël ‘wit maaiers aan die lies en pens’ in verband met Peter Blum se vertaling van ‘'n Kadawer’ van Baudelaire waarin daar van 'n verwante beeld gebruik gemaak word. Dit laat hom die vraag stel: ‘Moet daar nou 'n soort maaierkultus ontstaan? Met sulke dinge is ons verskuns aan verval.’ Op hierdie beskouing reageer Grové in *Standpunte*, XII:4, April 1959 (opgeneem in *Fyn net van die woord*, 1965) met 'n voortreflike analise van die ‘Nagwag’-gedig. Teen die gedig ‘Kersliedjie’ word vroeg in 1958 in *Die Transvaler* en *Die Huisgenoot* 'n polemiek gevoer waarin Opperman bestook word met terme soos ‘Godslasterlik’, ‘skokkend’, ‘spot’ en ‘vulgêr’ en waar veral teen die frase ‘God se klong’ beswaar gemaak word.[131] In 'n reeks radiopraatjies wat hy vroeg in die sestigerjare lewer, kom Van Wyk Louw op die hele aangeleentheid terug en verdedig hy die gedig en Opperman se woordgebruik.

XI

Met die publikasie van *Blom en baaierd* en *Vergelegen* in 1956 bereik Opperman se skeppingsvaart van die vyftigerjare 'n hoogtepunt maar ook 'n voorlopige eindpunt. 'n Mens het feitlik die gevoel dat hy met sy twee versdramas, twee digbundels, proefskrif, kritiese opstelle, bloemlesings en redigering van *Standpunte* 'n uitbarstende vulkaan was wat nie gekeer kon word nie. Dit was 'n roekelose drif waaraan hy vryelik uiting gegee het.

En tog was die vreugde van die skeppingsvaart nie sonder gevaartekens nie. Uit sy skeppende werk in hierdie jare word 'n mens daarvan bewus dat die politieke woelinge van die tyd - soos die reeks wette wat die herstrukturering van die rasse- en sosiale verhoudings in die land as doel gehad het, veral die plasing van die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys - vir hom as denkende Afrikaner bekommernisse besorg het. Toenemend het die allesoorheersende en usurperende lojaliteit teenoor die kuns in botsing gekom met sy lojaliteit as Afrikaner en die verpligtinge wat hy as verantwoordelike burger binne die maatskappy vir sy rekening aanvaar het. Aan die ander kant het die anti-Afrikaanse gesindheid by die Universiteit van Kaapstad hom voortdurend bewus gehou van sy Afrikaneridentiteit. Daarnaas was daar ook die ontevredenheid met sy posisie as dosent vir oorwegend Engelstalige studente en die groeiende spanning tussen hom en Canis Scholtz. Terwyl hy, soos Periandros en W.A. van der Stel, vir sy doseerwerk, sy eie menswees en uiteindelik ook vir sy kuns en volk, 'n ‘grootse droom’ gehad het, was daar allerlei faktore wat die verwesenliking van sy ideale aangetas of probeer verydel het. ‘Hoe klein/en vals die

wêreld wat ek daeliks moet duld',[132] Van der Stel se woorde aan sy vrou, is ook tekenend van die situasie waarin Opperman hom bevind het. Sy reaksie op al hierdie inwerkende spanninge was 'n neiging tot onttrekking van probleme, 'n sinisme en 'n toevlug tot die euforie wat alkohol kon bied.

Te midde van die geweldige produktiwiteit en oorgawe aan sy kuns was daar 'n ander bekommernis wat - paradoksaal soos dit mag klink - alle ander probleme oorheers en in die niet laat verdwyn het. Dit was die vrees vir stagnasie en 'n vroeë poëtiese dood. Reeds in 1953 skryf hy in 'Kuns is boos!' dat die kunstenaar voortdurend 'aaslustig' nuwe ondervindings ter wille van sy kuns opdoen, want 'as daar een ding is wat die kunstenaar vrees, is dit die digterlike woestyndood, die Kalahari wit papier'.[133] Hierdie woorde kom beeldend terug in die gedig 'Oud-digter' wat Opperman in die belangrike sentrale posisie van *Blom en baaierd* plaas: die digter wat sy vermoë ''n rukkie net verloor' het, 'intussen van die enkel reël' leef, in plaas van vure net winde kan wek en uiteindelik slegs opgeefsels oor sy 'wit papier' gewaar. Die digter is egter - soos hy dit in 'Kitaarspeler' stel - iemand wat 'alles (sal) doen en selfs verraai/ net dat 'n nuwe deuntjie in (hom) draai'.[134] Daarom is die ouer wordende kunstenaar soos Periandros 'radeloos gevange in 'n soek na prikkels/ dat (hy) as digter...verder kan ontwikkel'.[135] Die gevoel het by Opperman begin posvat dat hy ten spyte van die geweldige produksie 'n sekere plato bereik het. Hy moes ten alle koste nuwe dinge ervaar wat sy kuns kon voed.

In hierdie situasie waarin hy homself bevind het, was daar iets nuuts waarna hy jare lank reeds reikhalsend uitgesien het. Dit was die moontlikheid van 'n uitgebreide Europese reis en verblyf wat nou binne sig was. Die verryking en verruiming wat so 'n ervaring aan hom as mens sou kon bied, sou terselfdertyd - so het hy gemeen - in sy kuns neerslag vind.

Eindnoten:

1 Kaapstad, 1979, p. 15.
2 Ibid.
3 Opgeneem in *Afrikaans uit die vroeë tyd*, Kaapstad, 1965, pp. 280-284.
4 Ibid., p. 284.
5 Die vierde reël van dié kwatryn kan 'n toespeling wees op Scholtz se gewoonte om laggend met vonkelende oë sy kop heen en weer te beweeg terwyl sy tande met goue stopsels sigbaar word. I.W. van der Merwe was later in die vyftigerjare 'n bietjie verveeld met die kritiek se geweldige bewieroking van Van Wyk Louw en Opperman en het 'n keer speels na die apostoliese suksessie en posisie verwys: 'As Van Wyk Louw en Opperman nou in die hemel aankom, wie gaan aan die linkerkant en wie aan die regterkant van die stoel sit?' Die 'hemelinge' van reël 2 kan hierop betrekking hê.
6 As *Vergelegen* in 1964 opgevoer word en Fred le Roux die rol van Van der Heiden speel, skryf Opperman die volgende reëls - deel van 'n onvoltooide gedig - waarin Scholtz se uitspraak figureer:

> Ek was dood en my toneelstuk dood
> beskuldig dat ek my aan sagter stene slyp
> jy het dit laat leef - op die verhoog

het Van der Stel, Van der Heiden en Huising gestap

7 Op 6 Junie 1946 teken hy in sy dagboek aan dat hy oorweeg om versekering vir die pasgebore Trienke uit te neem, want ‘altemit ... sal 'n polis aan my geweier word weens my bloeddruk’. Tydens Opperman se jare in Kaapstad was sy huisarts dr. Max Querido, 'n Nederlandse Jood.

8 In 'n boeiende beskouing oor Hadewijch (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* XXII:1, Maart 1982) wys Edith Raidt op die verwantskap tussen ‘Ou non’ en die eerste visioen van dié Middeleeuse skryfster.

9 Aangehaal deur C.J.M. Nienaber, *Oor literatuur I*, Pretoria/Kaapstad, 1974, p. 50. In hierdie bundel skryf Nienaber in die opstel ‘Van 'n berig tot 'n gedig’ insiggewend oor die ontstaan van ‘Klara Majola’: hy druk die berig uit *Die Burger* volledig af, bespreek die verskillende stadia in die wording aan die hand van die manuskrip en ontleed dan die voltooide gedig. Die opstel van Nienaber is die eerste studie waarin genetiese inligting oor 'n Opperman-gedig betrek word.

10 My inligting oor die ontstaan van die gedig is hoofsaaklik mededelings wat Opperman einde 1978 en begin 1979 aan my gemaak het toe ek besig was met die faksimilee en transkripsie van die oorspronklike dokumente in verband met *Joernaal van Jorik*, 'n uitgawe wat in September 1979 as *Die galeie van Jorik* verskyn het. My weergawe van die ontstaansgeskiedenis hier steun grotendeels op my inleiding tot *Die galeie van Jorik*, alhoewel ek die stof anders orden en ook gegewens byvoeg wat vroeër nie bekend was nie.

11 Die aanvalle op die pers wat later in die gedig verwerk word, steun op die beskadiging van die Voortrekkerpersgebou en die gebou van die APB in Johannesburg waaroor in *Die Transvaler* van 3 Maart 1941 berig word. In haar ongepubliseerde M.A.-verhandeling, *Ontginningsmiddele by die poësie van D.J. Opperman* (Universiteit van Suid-Afrika, s.j.), wys H.S.L. Potgieter op hierdie gegewe.

12 Die feitelike gegewens in verband met Olaf Andresen - soos meegedeel in 'n brief wat sy Vryheidse onderwyser, Gerard (Koos) Boonstra, op 19 April 1950 aan hom skryf - verskil aanmerklik van dié wat Opperman in sy gedig gebruik, terwyl D.J. Hugo (*Standpunte*, XXXIV:3, Junie 1981) bo alle twyfel vasstel dat Andresen nie 'n Duitse spioen was nie. Andresen was 'n Duitse onderdaan en die komponis van enkele later bekende musiekstukke (onder meer ‘Die heidelied’). Met die uitbreek van die oorlog is hy geïnterneer, maar het uit aanhouding ontsnap en hom daarna in Natal, die Vrystaat en Transvaal skuilgehou. In dié tyd het hy kontak gemaak met lede van die Ossewa-Brandwag, maar hulle aangeraai om nie dwase gewelddadighede aan te vang en opstootjies te organiseer nie. As gevolg van hierdie houding het hy ook by hulle in diskrediet geraak en moes hy oor die grens na Mosambiek vlug.

13 Albert Verwey, *Proza*, Deel I, Amsterdam, 1921, p. 100.

14 Jare later, in Maart 1954, lees Opperman op 'n aand vir Fred en Ria le Roux en Jan en Aty Greshoff die hele *Joernaal van Jorik* voor. Greshoff het in dié tyd aan slapeloosheid gely en die vorige nag sy vrou knaend uit die slaap gehou. Die volgende dag kon Greshoff heerlik uitslaap, terwyl Aty in die stad moes werk. Tydens die voorlesing raak sy toe van pure uitputting aan die slaap, iets wat haar die gramskap van Opperman en verwyte van haar man op die hals gehaal het! Hoewel dit geen breuk in hulle verhouding gebring het nie, wou Opperman by 'n volgende voorleesgeleentheid nie vir Aty aanwesig hê nie!

15 *Oor skilders en skrywers*, Kaapstad, 1979, p. 14.

16 Ibid., pp. 14-15. Die manuskrip van *Joernaal van Jorik* en die dokumente in verband daarmee is later deur Scholtz aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad vir bewaring geskenk.

17 Dit was die laaste keer dat 'n uitgewer 'n werk van Opperman vir beoordeling aan iemand voorgelê het. Alle verdere nuwe bundels, dramas of kritiese geskrifte van hom is voortaan summier sonder verwysing na 'n keurder aanvaar.

18 A.P. Grové neem dié bespreking op in *D.J. Opperman: Dolosgooier van die woord* (Kaapstad, 1974) en later word dit gebundel in *Weegskaal* (Kaapstad, 1982).

19 *Rekenskap*, Kaapstad, 1963, p. 114.

20 In enigsins gewysigde vorm neem Malherbe hierdie beskouing later op in sy *Afrikaanse lewe en letterkunde*, Stellenbosch/Grahamstad, 1958.

21 Van Wyk Louw se klasaantekeninge oor *Joernaal van Jorik* word bewaar by die N.P. van Wyk Louw-dokumente in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek. Die samevatting in die res van dié paragraaf berus op dié aantekeninge.

22 Ongeveer in dieselfde trant reageer hy op 15 Maart 1953 as Cloete aan hom 'n eksemplaar van *Trekkerswee en Joernaal van Jorik* stuur. Wat hom hinder, is ‘die omslagtige tweede hoofstuk waar u eintlik net die gevolgtrekkings kon gegee het. Soms lyk dit of u te veel waarde heg aan

Trekkerswee. Hoewel u fynweg 'n waardeoordeel suggereer, mis ek tog 'n duidelike *waardebepaling* van die twee werke. U het albei werke ook so gerubriseer dat die "eenheid" en "lewe" in 'n groot mate verlore is. Daarby is verwikkeldheid en breedheid van struktuur nog geen waarborg vir poësie nie.'

23 *Skrywers en rigtings*,[4] Pretoria, 1961, pp. 130-131.

24 Die materiaal in verband met 'Gebed om die gebeente' ontbreek in die versameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek en word tans bewaar in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad by die materiaal wat J. du P. Scholtz geskenk het.

25 Opperman se suster Liz Theron het met die jare heelparty van haar broer se gedigte in Engels vertaal, onder meer die volledige 'Brandaan' uit hierdie bundel.

26 *Helikon*, VI:23, Maart 1956.

27 *Helikon*, II:10 (geen datum nie).

28 Hierdie bespreking word later opgeneem in *Afrikaanse lewe en letterkunde*, Stellenbosch/Grahamstad, 1958.

29 Grové in die 'Ter inleiding' tot *D.J. Opperman: Dolosgooier van die woord*, Kaapstad, 1974, pp. VII-VIII.

30 Die kritiese opstelle van Grové is van die beste studies oor Opperman en gesamentlik een van die hoogtepunte van die Afrikaanse literatuurwetenskap. Van die verwysings wat Grové hier en ook later in sy *Fyn net van die woord* aandui, steun egter sonder erkenning op gegewens wat Opperman aan hom verskaf het, soos byvoorbeeld dié uit briewe van 1954 oor die bronne vir 'Gebed om die gebeente'.

31 Brief aan Van Wyk Louw, 20 Januarie 1951.

32 T.T. Cloete, *Standpunte*, XIII:6, Augustus 1960.

33 W.E.G. Louw in die commendatio vir die eredoktoraat van die Universiteit van Stellenbosch aan Opperman, 1976.

34 Met die moeilikhede in die *Standpunte*-geledere in 1950 sou die verhouding tussen Opperman en W.E.G. Louw 'n breekpunt bereik. In 1952 bied Louw namens die Bestuur aan Opperman die Hugh le May-Fellowship, aan, 'n beurs wat hom 'n jaar lank van sy doseerverpligtinge sou losmaak om ongehinderd voltyds aan sy navorsing op Grahamstad te wy. Opperman stel 'n brief aan Louw op waarin hy die uitnodiging van die hand wys, maar dit word nooit gepos nie!

35 Dat die Kaapse vriende dus gelag het, soos die gedig 'Man in frokkie' in *Tristia* wil te kenne gee, is 'n waanbeeld van Van Wyk Louw waarop Boerneef in 'Jy kla dat ek en anner vir jou lag' in *Op die flottina* reageer.

36 Brief aan W.E.G. Louw, 22 Februarie 1950.

37 Opperman se aandeel aan *Standpunte* en sy jare as redaksie-sekretaris word ondersoek deur Louise Viljoen in 'n opstel wat in *Standpunte*, XXXII:5, September 1979 verskyn. In hierdie weergawe van Opperman se behartiging van die redaksie-sekretariaat is dankbaar gebruik gemaak van Viljoen se voortreflike studie.

38 E. Lindenberg, *Onsydige toets*, Kaapstad/Pretoria, 1965, p. 105.

39 Louise Viljoen, 'D.J. Opperman se aandeel aan *Standpunte*', *Standpunte*, XXXII:5, September 1979, p. 62.

40 D.J. Opperman, *'n Natsteen vir Koos Human*, Kaapstad, 1981, p. 44.

41 Basan was in die oudheid 'n landstreek ten ooste van die See van Galilea en was bekend vir sy goeie beeste. Verwysings hierna kom voor in *Deuteronómium*, 32:14, *Psalm*, 22:13 en *Esegiël*, 39:18.

42 Opperman, op cit., p. 43.

43 Ibid.

44 Ibid.

45 J.J. Human, 'D.J. Opperman en die uitgewersbedryf', *Standpunte*, XXXII:5, September 1979, p. 3.

46 Ibid.

47 Opperman, op. cit., p. 44.

48 Ibid.

49 Human, op. cit., p. 4.

50 Die rede vir hierdie heildronk is in holograaf en bestaan uit aantekeninge in telegramstyl. Die weergawe hier is 'n rekonstruksie uit die aantekeninge.

51 Jare later, in Mei 1977, kort nadat Opperman van 'n ernstige siekte herstel en Van Heerden self deur 'n reeks operasies sy bene verloor het, verskyn die hersiene tweede uitgawe van *Reisiger*. Van Heerden stuur 'n eksemplaar hiervan vir Opperman met die volgende inskripsie: 'Onthou

jy nog hoe jy die titel voorgestel en my aandag op dié Blake gevestig het ... Met toegeneë groete van Ernst.'

52 Hierdie gegewens kom uit 'n persoonlike brief van Philander, gedateer 27 Maart 1985.

53 Van Philander se latere werke *Vuurklip* en *Zimbabwe* het Opperman min gesê, maar die korter vers by dié digter verkies. *Vuurklip* is vir hom 'n soort 'Hottentotsaga', maar dit mis innerlike bou, noodwendigheid en eenheid en dit het 'nie voldoende beeldende motivering wat sin aan daad en wandaad gee nie'. Daarby is daar 'n gebrek aan samehang tussen onderdele, 'n willekeurige wisseling van reëllengtes, 'n wisselende strofebou en rympatroon en voorbeelde van rymdwang. '*Vuurklip* kan, veral waar dit oor gewelddade van gyselaars handel, 'n bundel van 'skriklike skoonheid' geword het, terwyl dit nou hoogstens vonkies afflits.' Literêr- en kultuurhistories is dit egter van betekenis: '... dit is die eerste openbaring van die Bruinmens se strewe om 'n eie mitos op te bou.'

54 Die verslag oor Peter Blum se debuutbundel is gepubliseer in *Verspreide opstelle*, Kaapstad/Pretoria, 1977, pp. 63-65.

55 Dikwels het Blum die adres op 'n koevert in rymvorm gestel, soos:

> Aan OPPERMAN se oudste, Dirk,
> (Wat voor die kaggel sit en hurk)
> Te Richmond Villas Nr. Een,
> (Briewebesteller, roer jou been!)
> RICHMONDWEG, DRIEANKERBAAI,
> (Terwyl sy vroutjie worsies braai).

56 Opperman stuur Van der Merwe se brief aan Blum. Uit Blum se reaksie van 11 Februarie 1956 blyk dit dat Van der Merwe intussen aan die 'Van alle kante' - rubriek van *Die Burger* na *Steenbok tot poolsee* verwys het as 'daardie boekie, daardie perversiteit, daardie pornografie, daardie smeerigheid, daardie skandvlek op die Nasionale Pers'. Op Van der Merwe se brief reageer Blum as volg:

> Die bokkers het natuurlik au fond gelyk. Ek is ongodsdienstig en sensueel. Ek kan aan baie skrywers dink wat dit ook is en was. Maar dit staan nêrens dat 'godsdienstigheid' 'n vereiste vir kuns is nie, alhoewel baie van die volksgenote nog meen dat die digter 'n soort handlanger van die prediker moet wees. Maar dis juis die opvatting wat enige skrywer sedert die Renaissance (buite die bereik van die Teenhervorming) moet verwerp. Vir die vrome siel, natuurlik, vir die oujongnooiens van beide geslagte, staan die Mooie gelyk aan Die Soetsappige. Nou kan 'n mens nie BEWYS dat dit nie so is nie. After all, hoeveel bewerings op dees aarde kan bewys word? Al wat 'n mens kan antwoord op die Nellies is: Kruip in jou moer met jou femelary.

57 J. du P. Scholtz, *Oor skilders en skrywers*, Kaapstad, 1979, p. 19.

58 Opperman het die verhandeling as geheel vir Scholtz ingelewer, nie hoofstuk vir hoofstuk nie.

59 Later opgeneem in *Kern en tooi*, Kaapstad, 1963, pp. 17-24.

60 W. Gs Hellinga, soos aangehaal deur H. van der Merwe Scholtz, *Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: Eugène Marais: Die towenares*, Amsterdam/Kaapstad/Pretoria, 1950, p. 14.

61 *Digters van Dertig*, Kaapstad, 1953, p. 187.

62 Ibid., p. 193.

63 In sy resensie identifiseer Malherbe nie vir W.E.G. Louw as skrywer nie; wel op p. 127 van sy outobiografiese *Agter die oomblik*, Johannesburg, 1977.

64 Ook later, in sy *Agter die oomblik*, het Malherbe in gebreke gebly om die volle verhaal te vertel. Die manuskrip wat in 1931 deur Van Wyk Louw saamgestel is, was nie *Alleenspraak* nie, maar 'n bundel met die titel *Impressies en dramatiese gedigte*. Hoewel gedigte uit *Alleenspraak* ook hierin voorkom, was baie van die verse power en het die belangrikstes in die latere debuut in dié stadium nog nie bestaan nie. Van Wyk Louw het die manuskrip aan F.C.L. Bosman, indertyd dosent aan die Universiteit van Kaapstad, en aan Malherbe voorgelê. Bosman se reaksie het vir Van Wyk Louw van weinig insig in die poësie getuig. In 'n ongepubliseerde, onvoltooide stuk

wat hy ongeveer vyf en dertig jaar ná die gebeurtenis opgestel het, noem Van Wyk Louw dat Bosman hom gevra het of hy kan dans en hom aanbeveel het om dié kuns te leer beoefen en sodoende 'n gevoel vir ritme aan te kweek. In sy gedig 'Naggesprek', wat in 1972 verskyn, praat W.E.G. Louw van Bosman se onbegrip vir die poësie, ''n uil/ wat agter die skuiling van sy bril die skyn/ van doktorale erudisie moes bewaar' (*Naggesprek en ander gedigte*, Kaapstad, 1972, p. 5 en *Versamelde gedigte*, Kaapstad, 1973, p. 137). As Malherbe dus vra of Opperman hom nie met iemand anders verwar nie, het hy vermoedelik Bosman in gedagte gehad. By rekonstruksie kan 'n mens aanvaar dat Malherbe die manuskrip van *Impressies en dramatiese gedigte* onoopgemaak aan Van Wyk Louw teruggestuur het, waarskynlik weens werkdrukte en die feit dat die naam van die digter in daardie stadium nog niks vir hom beteken het nie. As Van Wyk Louw in 1934 die manuskrip van *Alleenspraak* gereed het, stuur W.E.G. Louw dit aan Malherbe met die versoek om dit te lees en sy invloed by die uitgewers te gebruik. In die brief sê W.E.G. Louw verder dat daar ''n interessante skinderstorie' agter die manuskrip lê, maar dat hy dit eers sal vertel as hy Malherbe beter leer ken het - 'n duidelike toespeling op F.C.L. Bosman se reaksie. Malherbe stuur hierop die manuskrip aan die Pers met 'n sterk aanbeveling. Op 2 Februarie 1935 skryf hy 'n brief aan Van Wyk Louw waarin hy sê: 'Dit was my 'n aangename voorreg om so 'n uitstekende bundel ter publikasie te mag aanbeveel. Die Nas. Pers het my onmiddellik daarop laat weet dat hul nog nie so 'n aanbeveling van 'n boek ontvang het nie en dat hul dadelik besluit het om die bundel uit te gee...Staan my net toe om u hartelik geluk te wens dat dit u gegee is om van die subliemste gedigte in Afrikaans te lewer en daarmee ons hele literatuur op 'n glad ander peil te bring.' By die verskyning van *Alleenspraak* stuur Van Wyk Louw dan ook 'n eksemplaar van die bundel aan Malherbe met die inskripsie: 'met vriendelike groete en dank vir hulp en aanmoediging.'

As 'n mens al hierdie addisionele gegewens byhaal wat Opperman destyds nie onder oë gehad het nie, lyk dit baie aanneemlik dat Malherbe inderdaad die eerste keer 'n manuskrip van Van Wyk Louw aan die einde van 1934 - en nie in die loop van 1931 nie - gesien het. Malherbe het by herhaling teenoor verskillende persone in gesprekke ontken dat hy ooit in 1931 'n manuskrip van Van Wyk Louw ter insae gehad het. By geleentheid het Meyer de Villiers, wat as kollega op die hoogte was van Malherbe se weergawe, na Opperman gegaan om die saak uit te praat. Dit was egter 'n kenmerk van Opperman - en in sy absoluutheid sekerlik ook 'n swakheid in sy karakter - om nooit toegewings te maak of sy mening te wysig nadat hy reeds 'n standpunt ingeneem het nie. Hy was nie geïnteresseerd in die argumente nie en het De Villiers verwyt: 'Fransie het jou aangehits om met my te kom gesels'! In die ongepubliseerde dokument oor die aangeleentheid is dit duidelik dat Van Wyk Louw self nie meer die besonderhede korrek onthou nie. Tog sê hy: 'Wat betref die "persoon" wat "die ms. op 4 Julie 1931 in Kaapstad aan die digter teruggegee het" - ek het reeds by die verskyning v. dr. Opperman se *Digters van Dertig* besef (en miskien ook gesê) dat hier 'n fout begaan is. (In 'n latere druk is die fout nie reggemaak nie.)' Waarskynlik is dié onvoltooide (en deels verwarde) stuk geskryf nadat Abraham H. de Vries met Van Wyk Louw oor die hele aangeleentheid gaan praat het. De Vries het in die sestigerjare ook aan Opperman oor die saak geskryf. Uit hierdie briewe lei 'n mens af dat die twee Louws se misnoeë met Malherbe as kritikus na sy optrede as bestuurslid van die Vereniging vir die Vrye Boek en sy negatiewe beskouing oor Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* teruggevoer kan word. Dit verklaar waarom Van Wyk Louw in 1935 nog bereid was om 'n eksemplaar van *Alleenspraak* met 'n vriendelike inskripsie aan Malherbe te stuur. Ook W.E.G. Louw was in dié stadium gunstig te spreke oor Malherbe. As hy hoor van die rusies in die geledere van die V.V.B., skryf hy op 1 Desember 1936 uit Amsterdam aan Van Wyk Louw om 'n botsing te vermy, 'omdat ek - ten spyte van sekere bedenkinge - op sy (F.E.J. Malherbe se - J.C.K.) goeie smaak as literator en sy menslikheid, sy entoesiasme en liefde vir sy vak vertrou en dit op prys stel'. As Opperman beweer dat W.E.G. Louw in 1934 tydens die bespreking van die manuskrip van *Die ryke dwaas* in so 'n mate aanstoot geneem het aan Malherbe se 'aanmerkings, tussenwerpsels en verwysings na Poelhekke' (*Digters van Dertig*, p. 328) dat hy daarvan afgesien het om verder met dié kritikus te onderhandel, is dit 'n geval van gerekonstrueerde haatlikheid waaraan Louw as Opperman se informant hom jare ná die voorval skuldig maak.

65 In sy brief van 15 Junie 1953 sê Van Wyk Louw hy glo nie dat hy ooit James Thomson se 'The city of dreadful night' - 'n invloed op 'Drie diere' waarop Opperman op pp. 244-246 van *Digters van Dertig* wys - gelees het nie. Hierop reageer Opperman as volg:

Jy sê jy ‘glo’ nie dat jy ‘The City of Dreadful Night’ ooit gelees het nie. Maar jy het my juis daarna gelei...ek kan vir jou die uur, die dag, die jaar en die plek noem, want ek het tot op daardie oomblik niks van dié James Thomson of sy werk geweet nie. Ná Markus (Viljoen - J.C.K.) se begrafnis is jy en ek na die Nederlandse Club, want, soos jy dit nog uitgedruk het: ‘With ham and sherry, (we come) to bury.’ Daar het ons heelwat gedrink, die vrouens gebel dat ons laat huis toe kom, ens. ens. Ons het oor natuurgedigte gesels en ek het afkeurend na James Thomson se ‘Seasons’ verwys. Of jy my verkeerd verstaan het of wat, weet ek nie, maar daar was een of ander misverstand. Jy verdedig toe darem James Thomson omdat hy ‘The City...’ geskryf het. Ons het eintlik verby mekaar gepraat maar ek het dit toe nie besef nie. Omdat ek jou verwysing nie mooi kon volg nie, het ek omgekrap gevoel en nog dieselfde aand in die werk van (die 18de eeuse) Thomson gaan soek, maar ek kon net nie so 'n vers kry nie. Ek het nog vir Marié vertel dat jy Thomson vanaand met 'n ‘fiktiewe’ vers verdedig het! Daarna het ek wel die gedig raakgeloop en toe eers besef dat ons oor twee verskillende Thomsons gepraat het.

66 Die drie briewe oor *Digters van Dertig* verskyn in geredigeerde vorm in *Standpunte*, XXXII:5, September 1979.
67 Waarskynlik 'n skryffout vir ‘rondgekrap’.
68 Van Wyk Louw se moeder.
69 Volgens 'n brief wat Truida Louw op 24 Januarie 1954 aan Marié Opperman skryf, het Van Wyk Louw wel 'n kabelgram met gelukwense met die promosie weggestuur, maar dit het hom waarskynlik deur 'n fout by die poskantoor in Kaapstad nooit bereik nie.
70 As Elize Lindes se proefskrif *Veelheid en binding* in 1956 verskyn, bedank Opperman haar in 'n brief van 25 Januarie 1956. As 'n mens die probleemstelling en uitgangspunt aanvaar, sê hy, is die verhandeling wel oor die algemeen netjies, maar nou is die probleemstelling vir hom nie oortuigend nie. Hy is bly dat sy die oersprokies gevind het, maar dit is jammer dat sy nie die inligting benut en op die wyer verband met Kaïn en Abel gewys het nie. Kort tevore ontvang Opperman 'n brief, gedateer 21 Desember 1955, waarin A.P. Grové ook sy besware teen die verhandeling formuleer. Hy sê: ‘Afgesien van die lang uitweidinge oor dinge wat nie beredenering uitlok nie..., is my hoofbeswaar dat sy in haar strewe om haar dissipline “suiwer” te hou die gedig verarm...'n Dissipline moet 'n mens help, nie dwarsboom nie’. Met hierdie besware kon Opperman ten volle akkoord gaan, want Grové formuleer daarmee 'n instelling ten opsigte van die literatuur wat ook vir Opperman as stelreël vir die kritiek gegeld het.
71 Opgeneem in *Verspreide opstelle*, Kaapstad/Pretoria, 1977.
72 Opgeneem in *Verspreide opstelle*.
73 Die radiorede word gepubliseer in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, April 1950 en in 1977 opgeneem in *Verspreide opstelle*. In hierdie jare skryf Opperman, volgens eie getuienis, ook heelparty hoofartikels vir *Die Burger*. Dié artikels word egter nie in die Opperman-versameling op Stellenbosch bewaar nie en dit is vandag 'n haas onbegonne taak om vas te stel watter hoofartikels wel deur Opperman geskryf is.
74 Opgeneem in *Naaldekoker*, Kaapstad, 1974.
75 Later gebundel in *Wiggelstok*, Kaapstad, 1959.
76 Ibid., p. 112. Later, in 1960, sal Opperman in die lesing ‘Kolporteur en kunstenaar’ 'n verwante uitspraak maak: ‘Dit is natuurlik onmoontlik vir die student of vir enigiemand anders om al die perlemoenagtige betekenisse te kry, maar dit maak hom bewus van die veelkleurige ligvlakke van die kunswerk’ (*Naaldekoker*, p. 70).
77 *Wiggelstok*, p. 113.
78 Utrecht/Brussel, 1946.
79 Opgeneem in *Naaldekoker*. Opperman het ook voor die Somerskool 'n lesing gehou waarin hy die manuskripte van ‘Die hond van God’ en ‘Die swart luiperd’ van Van Wyk Louw ter sprake gebring en ontleed het. Van hierdie lesing is daar egter geen teks in die Opperman-versameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek nie.

80 Hierdie lesing verskyn oorspronklik in *Die Huisgenoot* van 8 April 1955. Opperman se uitspraak dat ‘die vernaamste beoefenaars’ van die swak ontspanningslektuur met sy ‘valse lewensbeeld’, ‘geykte gevoelens’ en die gebruik van ‘reklametaal’ vroue is, lok 'n polemiek in die daaropvolgende uitgawes van *Die Huisgenoot* uit. Onder meer wys een van die briefskrywers daarop dat baie van die vrouename onder die ‘skryfsters’ eintlik pseudonieme van mans is!

81 Hierdie lesing verskyn oorspronklik in *Beskouings oor poësie* (Pretoria, 1957), die huldigingsbundel by geleentheid van G. Dekker se sestigste verjaardag. Dit word in 1959 in *Wiggelstok* opgeneem.

82 In ‘Van berig tot 'n gedig’ (*Oor literatuur I*, Pretoria/Kaapstad, 1974, p. 37) verwys C.J.M. Nienaber na die klaslesing waarin Opperman oor die ontstaan van ‘Klara Majola’ praat. Van hierdie lesing bestaan daar geen teks in die Oppermanversameling aan die Universiteit van Stellenbosch nie.

83 Oorspronklik gepubliseer in *Standpunte*, VIII: 3, Maart 1954, later opgeneem in *Wiggelstok*.

84 *Wiggelstok*, p. 64.

85 Ibid., p. 76. Opperman se lesing lei tot 'n reaksie van Anthony Delius, waarop P. du P. Grobler weer reageer (*Standpunte*, IX: 1 en 5, 1955).

86 In hierdie verband maak Opperman 'n terloopse opmerking: ‘Ek kan byvoeg dat die meeste romans en die romantegniek vir my vandag wel iets ydels bevat: dun van tekstuur, omslagtig van aanbieding, 'n opgaan in die efemere...’ (*Wiggelstok*, p. 143). Alhoewel hy later wel al die belangrikste werke van die Sestigers gelees het, was hy verbasend onbelese wat die groot romans in die wêreldliteratuur betref. Dostojewski het hy wel as jong student bestudeer, maar werke soos *Oorlog en vrede*, *Anna Karenina*, en *Ulysses* het hy nooit gelees nie. Die meeste van Couperus se werke het hy begin maar nooit voltooi nie. Aan Mann het hy nooit geraak nie, ten spyte van die feit dat sy vriend Fred le Roux 'n groot bewonderaar van dié Duitse skrywer was.

87 Die werk van Emants waarop Opperman hier steun, is sy ‘Voorrede’ tot drie novelles, soos afgedruk in N.A. Donkersloot se *Beeld van Tachtig*, Amsterdam/ Brussel, 1952. Enkele sinne hieruit wat ter sake is vir Opperman se opstel, lui as volg: ‘De passive engelen zijn de alleraangenaamste menschen, die goed beschouwd, meer aanspraak op algemeene vereering hebben dan groote mannen als Voltaire, Napoleon, Franklin e.a....Toch hebben zij voor den artiest weinig waarde. De kunst eischt handeling, strijd, en juist die passive, engelachtige eigenschappen van berusting, bescheidenheid, nederigheid enz. stempelen hen misschien in de maatschappij als steunpilaren, maar in het kunstwerk brengen zij het hoogstens tot coulissen waarop niets rust’ (p. 129).

88 *Wiggelstok*, p. 149. Op dieselfde bladsy haal Opperman aan uit Keats. Om die aanhaling in sy konteks te sien, is dit egter nodig om die betrokke paragraaf in sy geheel hier af te druk:

> As to the poetical character itself (I mean that sort, of which, if I am anything, I am a member; that sort distinguished from the Wordsworthian, or egotistical sublime; which is a thing *per se*, and stands alone), it is not itself - it has no self - it is everything and nothing - it has no character - it enjoys light and shade - it lives in gusts, be it foul or fair, high or low, rich or poor, mean or elevated - it has as much delight in conceiving an Iago as an Imogen. What shocks the virtuous philosopher delights the cameleon poet. It does no harm from its relish of the dark side of things, any more than from its taste for the bright one, because they both end in speculation. A poet is the most unpoetical of anything in existence, because he has no identity; he is continually in for, and filling, some other body. The sun, the moon, the sea, and men and women, who are creatures of impulse, are poetical, and have about them an unchangeable attribute; the poet has none, no identity. He is certainly the most unpoetical of all God's creatures. If, then, he has no self, and if I am a poet, where is the wonder that I should say I would write no more? Might I not at that very instant have been cogitating on the characters of Saturn and Ops? It is a wretched thing to confess, but it is a very fact, that not one word I ever utter can be taken for granted as an opinion growing out of my identical nature. How can it,

when I have no nature? When I am in a room with people, if I am free from speculating on creations of my own brain, then not myself goes home to myself, but the identity of every one in the room begins to press upon me (so) that I am in a very little time annihilated - not only among me; it would be the same in a nursery of children. I know not whether I make myself wholly understood: I hope enough to let you see that no dependence is to be placed on what I said that day.

89 Opperman se opvatting is dat 'didaktiek sonder mombakkies' (*Wiggelstok*, p. 152) nooit bevredig nie. Die kunstenaar 'sal eerder die strekking effens bewimpel, sal onopvallend 'n koers aan sy boustof gee, sal sy bedoeling met allerlei estetiese en vormelemente laat saamval, soos byvoorbeeld in die middelstuk van die mirakelspel *Mariken van Nieumeghen*' (ibid., p. 153). Op hierdie hele verskynsel sal Opperman weer in sy lesing 'Kolporteur en kunstenaar' (*Naaldekoker*) terugkom. In 'Kuns is boos!' verwys hy (p. 153) na 'n uitspraak van Poe. Die uitspraak kom uit Poe se opstel oor Nathaniel Hawthorne en lui as volg:

Where the suggested meaning runs through the obvious one in a *very* profound under-current, so as never to interfere with the upper one without our own volition, so as never to show itself unless *called* to the surface, there only, for the proper uses of fictitious narrative, is it available at all. Under the best circumstances, it must always interfere with that unity of effect which to the artist, is worth all the allegory in the world. *Poems and essays*, Londen/New York, 1958, p. 183.

90 *Wiggelstok*, p. 154.
91 Ibid.
92 Ibid.
93 Ibid., p. 155.
94 Ibid., pp. 112-113.
95 Ibid., p. 149
96 Ibid., p. 147.
97 Ibid., p. 154.
98 *Periandros van Korinthe*, Kaapstad, 1954, p. 123.
99 *Wiggelstok*, p. 155.
100 *Vergelegen*, Kaapstad, 1956, p. 104.
101 Ibid.
102 *Joernaal van Jorik*, p. 26.
103 *Digters van Dertig*, p. 292.
104 Toe die Oppermans einde 1959 na Stellenbosch moes verhuis, het P.W. Botha die huis gehuur. Later het Nic Diederichs en sy gesin daar ingetrek. Dit is 'n seldsame verskynsel dat dieselfde huis opeenvolgend deur 'n groot digter, 'n Eerste Minister en 'n Staatspresident bewoon word.
105 *Periandros van Korinthe*, p. 18.
106 J.J. Human, 'D.J. Opperman en die uitgewersbedryf', *Standpunte*, XXXII: 5, September 1979, p. 5.
107 Van hierdie rit doen Opperman verslag in 'n brief van 27 April 1949 aan G.A. Watermeyer (brief in besit van mev. Letsie Watermeyer):

Marié, Trienke en ek het vandag teruggekeer van 'n paar dae se reis. Ons het Vrydag (d.w.s. 20 April 1949 - J.C.K.) vertrek - oor Paarl, Worcester, Robertson na Montagu waar ons die eerste aand geslaap het. Daarvandaan oor Barrydale, Ladismith, Calitzdorp, Oudtshoorn na die beroemde Kangogrotte. Miskien moes ek die grotte gedurende my puberteitsjare besoek het, dan sou hulle altemit 'n besondere indruk op my gemaak het. Ek kan nog nie heeltemal my teleurstelling verklaar nie. En oor die sogenaamde 'Guest Farm' moet ek liewer swyg. Van Oudtshoorn het ons

met die zebra-pad gereis: Herold is 'n pragtige dorpie. Op George 'n rukkie met M.J. Harris gesels. Hy is 'n vriend nog uit die studentedae. Daarna na Wildernis, al langs die mere na Knysna. Dit was 'n koue, triesterige dag en al die dooie water het dit net vererger. Dié middag met die klowepad terug oor George na Heroldsbaai - daar geslaap en tot die volgende middag gebly. Met my strooihoed 'n paar hengelaars uitoorlê! Die hoogwater het in 'n klipkuil vier mooi swartsterte gelaat en ek het hulle met groot pret gevang - en die hengelaars voer toe al die visse drie dae tevergeefs! Een van die grootste verrassings was Stilbaai: die witgekalkte vissershuisies, die pont, die gemeenskap, rivier en see. By Piet Schoeman gaan teedrink. Ens. Ens. Swellendam se Drostdy baie interessant - veral met die ou kombuisgereedskap - Ons het by die 900 myl afgelê.

108 Met sy ingesteldheid op korrekte taalgebruik het Izak van der Merwe hierteen beswaar gehad. Vir hom was die vroulike vorm Diederika, nie Diederi nie!

109 *Periandros van Korinthe*, p. 41.

110 Blum maak hierdie uitspraak in 'n brief van 7 Oktober 1956 aan Ernst Lindenberg en skryf dit toe aan sy 'vriend Retief, 'n wynboerseun van die Pjerêl'. As Merwe Scholtz sy analise van Van Wyk Louw se 'Dood in die berge' vir die eerste keer in 1957 in *Beskouings oor poësie* publiseer, munt Blum tot vreugde van Opperman die volgende rympie:

> O Here, ek raak *sofort* aan 't huile
> as ek Van Wyk se arme uile
> so bang en bewerig sien pols
> onder die mes van Merwe Skols!

111 *Periandros van Korinthe*, p. 23.

112 Die polemiek, met Opperman se briewe, is opgeneem in P.J. Nienaber se *Rapier en knuppel*, Kaapstad, 1965.

113 Enkele van dié gedagtes spreek Opperman uit in 'n radio-onderhoud wat op 3 April 1956 - tydens die Transvaalse opvoering van *Periandros van Korinthe* - uitgesaai is.

114 Die feit dat Van Wyk Louw vir *Germanicus* gebruik gemaak het van die vrye vers en 'n epiese struktuur wat by die tradisie van Shakespeare aansluit, kon Opperman in sy besluit beïnvloed het, want met sy sterk historiese bewussyn het hy telkens - soos vroeër reeds met *Joernaal van Jorik* in vergelyking met *Raka* - baie bewustelik rekening gehou met wat reeds in Afrikaans op 'n spesifieke gebied gelewer is.

115 By geleentheid laat ook Peter Blum uit Stellenbosch weet hoe gewild *Periandros van Korinthe* daar is. In 'n brief van 26 Maart 1955 skryf hy: 'Ek was by ses mense aan huis wat 'n eksemplaar besit, en tweekeer het ek aan playreadings van die stuk deelgeneem, eenkeer as Lukophroon, dan as Periandros self.'

116 Opgeneem in *Oordeel en vooroordeel*, Kaapstad, 1958.

117 Opgeneem in *Kern en tooi*, Kaapstad, 1963.

118 Oor die verkorting en weglatings skryf C.J.M. Nienaber in 'Net tot by die "wit doringtande"', *Oor literatuur 2*, Pretoria/Kaapstad, 1977. Die radioteks dien as basis vir die skooluitgawe van *Periandros van Korinthe* wat vir die eerste keer in 1960 met 'n inleiding en aantekeninge deur J.P.J. van Rensburg verskyn.

119 Tog was Scholtz in 'n brief van 5 Junie 1955 van Van Wyk Louw nog steeds nie so gunstig te spreke oor *Periandros van Korinthe* self nie. Hy skryf:

> Nou onlangs is dit ook opgevoer in die Klein Teater, met groot sukses - maar na my mening sukses weer by die minder noulettende publiek. Die uitstekende regie van Ria, die deurgaans baie goeie spel, die mooi décor, die grimering en kleding van die spelers... - dit alles kon vir my die inherente swakhede van die stuk nie wegwerk of verberg nie. Daar is waarskynlik maar min mense wat oor die stuk dink soos ek; maar ek kan nie dat my vriendskap met Dirk, my geloof in sy digterskap en die gedagte

dat ons nou 'n ‘groot’ speelbare drama in Afrikaans het, in die pad staan van wat ek as 'n suiwer oordeel beskou nie. Ek dink ook dat ek 'n groter diens bewys aan Dirk as ander wat minder krities is.

120 Alle briewe oor die opvoering, waaruit hier aangehaal word, is in besit van mev. Ria le Roux.

121 Afgesien van die eerste radio-uitsending en die eerste Kaapse, Natalse en Transvaalse opvoerings was daar later nog opvoerings van *Periandros van Korinthe*. Die SAUK het nuwe produksies van die stuk in 1963 en 1975 uitgesaai, terwyl die Voortrekker-Hoërskool in Pietermaritzburg dit in 1966 en die Natalse Raad vir Uitvoerende Kunste in dieselfde jaar (met Philip Grobler as Periandros, Jeanette Hanekom as Melissa en met Pieter Geldenhuys as regisseur) 'n verkorte teks op die planke bring. In die sewentigerjare was daar ook opvoerings by die Universiteit van Stellenbosch en tydens die Rehoboth-volkseeufees, laasgenoemde deur bemiddeling van sy oud-student D. Slaverse.

122 J. du P. Scholtz sê op p. 16 van *Oor skilders en skrywers* (Kaapstad, 1979) hy kan hom nie herinner dat hy *Vergelegen* voor publikasie gelees het nie. Tog moet hy dit in een of ander stadium wel ter insae gehad het, want hy het Opperman daarop gewys dat die geweldige gevoel van Van der Stel teen die Vryburgers as ‘stoepsitters’ en ‘meelsakke’ in 'n hoë mate psigologies ongemotiveerd is. Om dit te regverdig, het Opperman die voorval van die sewe boewe in die Amsterdamse kroeg ingevoer, 'n episode wat die eerste keer volledig op p. 11 verskyn en daarna telkens terugkeer.

123 Opgeneem in *Oordeel en vooroordeel*.

124 Opgeneem in *Kern en tooi*.

125 In haar ongepubliseerde M.A.-verhandeling, *Vormtendense by Opperman: met spesiale verwysing na die simboliseringsproses: soos gedemonstreer in die variante van ‘Blom van die baaierd’* (Universiteit van Stellenbosch, 1985), wys Elmari van Niekerk (pp. 30-31) ook op die gegewe en 'n brief van 24 Junie 1982 wat sy in dié verband van regter Fritz Steyn ontvang het. My weergawe berus op 'n persoonlike onderhoud met regter Steyn.

126 Die berig word oorgedruk deur M. Nienaber-Luitingh en C.J.M. Nienaber in *Woordkuns*^{2}, Pretoria, 1962, p. 11 en A.P. Grové in *Woord en wonder*^{4}, Kaapstad, 1977, pp. 11-12 en *Die dokument agter die gedig*, Pretoria/Kaapstad, 1974, pp. 26-29.

127 *Fyn net van die woord*, Kaapstad, 1965.

128 Na voltooiing van ‘Kroniek van Kristien’ het Opperman alle manuskripmateriaal in verband met die siklus geskenk aan Fred le Roux wat dit op sy beurt aan die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek oorgedra het.

129 Opgeneem in *Rekenskap*, Kaapstad, 1963.

130 Opgeneem in *Kern en tooi*.

131 N.J. Snyman gee 'n samevatting van die polemiek in *Tydskrif vir Letterkunde*, XII:4, November 1974. In 1969 publiseer die Rondalia-Toerklub ‘Kersliedjie’ in hulle maandblad *Die Mylpaal*. As te veel lesers besware het teen die ‘godslastering’, vra hulle om verskoning vir die opname!

132 *Vergelegen*, p. 9.

133 *Wiggelstok*, p. 147

134 *Blom en baaierd*, p. 36.

135 *Periandros van Korinthe*, p. 23.

Hoofstuk 8
Europese reis

I

Reeds in 1939, toe hy met sy M.A.-verhandeling besig was, het Opperman die vooruitsig gehad om sy studies in Nederland voort te sit. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die hele gedagte egter van die baan. Deur sy betrokkenheid by allerlei projekte en sy gesinsverpligtinge was dit ook in die laat-veertiger- en vroeë vyftigerjare nie vir hom moontlik om oorsee te gaan nie.

Ná voltooiing van sy proefskrif en die publikasie van die reeks bloemlesings het die vooruitsig weer in sy en Marié se gesprekke opgeduik. In 1955 doen hy aansoek om 'n beurs by die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing om na Nederland te gaan ten einde die literêre kritiek te gaan bestudeer. Dit was sy gedagte om die gebied histories te verken, op die kontemporêre teorie en praktyk te konsentreer en bronne in Nederland te raadpleeg. Tot sy eie en Canis Scholtz se verbystering word die beurs egter nie aan hom toegeken nie, onder meer deur die regstreekse teenstand van F.C.L. Bosman wat sedert die polemiek van 1952 oor die Hertzogprys vir Drama nie baie vriendelik gesind teenoor Opperman was nie.

Tog het die gedagte aan 'n Europese reis by hom steeds sluimerend gebly. Op Saterdag, 21 Januarie 1956, ontmoet hy en Marié toevallig vir Anton Rupert op die Lughawe D.F. Malan. Rupert sê aan Opperman dat hy baie beïndruk was met die Kaapse opvoering van *Periandros van Korinthe* en die hooffiguur eenvoudig nie kan vergeet nie. Hy was verbaas om te hoor dat Opperman nog nie in Griekeland was nie en vra of hy 'n oorsese reisbeurs wil hê: '...jy het dit soos jy daar staan. Ek sal ter wille van *Periandros* en jou gedigte vir jóú die reis besorg waarvan ek self altyd gedroom het'.[1] Hy vra Opperman om intussen ernstig daaraan te dink en 'n toer vir hom en Marié voor te berei; die Rembrandt-maatskappy sal alles betaal.

Dieselfde middag bel Anton Rupert se vrou, Hubert, hulle om die volgende dag na Stellenbosch oor te kom. Rupert sê tydens dié besoek vir Opperman dat dit die beleid van sy maatskappy is om 'n deel van sy winste in die vorm van

skenkings aan die volk terug te gee. Die direksie sou binnekort vergader en dan sal hy die aangeleentheid aan hulle voorlê. Op 20 Februarie laat weet hy die direksie het die beurs amptelik goedgekeur. In 'n brief van 4 Maart aan Rupert sê Opperman dat hy die reis ‘soos 'n Sinte Brandane’ gaan aanpak. ‘Geestelik gaan so 'n reis vir my baie beteken: die hele loskom, die nuwe indrukke as ek teruggaan in die doolhof van die beskawings, die musea, galerye, teaters, konserte, mense, stede.’ In antwoord hierop skryf Rupert op 21 Maart dat Opperman die reis moet beskou ‘as 'n klein huldeblyk van 'n dankbare volk vir wat...(hy) reeds daargestel het’. Op 14 Julie neem Dirk en Marié Opperman, Meyer en Suna de Villiers, Duke en Hettie Erlank, Anna Uys en Hubert Rupert deel aan 'n spellesing van *Vergelegen* en besluit Opperman om die drama aan Rupert op te dra. As *Vergelegen* op 21 September verskyn, gee hy in die Here XVII vir Rupert 'n eksemplaar met 'n gepaste kwatryn as inskripsie:

> In die moderne wêreld van streng sake doen
> styg stralend voor ons volk 'n grootse visioen,
> soos by ons voorgeslagte van die Goue Eeu,
> waar jy die boer, die handel en die kuns versoen.

Intussen het Opperman reeds ernstig begin met die voorbereiding van sy reis. Die amptelike reëlings met die Universiteit om die eerste semester van 1957 weg te wees, het vlot verloop, want Opperman was na 'n dienstermyn van agt jaar ruimskoots geregtig op studieverlof. Met Canis Scholtz het hy gereël dat Roswitha Geggus, 'n buitengewoon knap student in haar Honneursjaar, sy klasse tydens sy afwesigheid sou waarneem. In April het hy die eerste boeke vir die reis - onder meer Van der Meer se *Atlas of Western civilization* - aangeskaf en intensief moderne dramas en werke oor die toneel begin lees. Deur bemiddeling van die Rembrandt-amptenare is reëlings getref met al die ambassades in die lande wat hulle sou besoek en 'n lys van persoonlike kontakte opgestel. Van P.P. Breytenbach van die NTO het Opperman 'n voorstellingsbrief vir die bywoning van teaters in Europa ontvang. Aangesien hy graag, veral vir die kinders, sy indrukke van die reis wou vaslê, het hy 'n rolprentkamera aangeskaf.

Die aanvanklike plan vir die reis was dat Opperman sou vooruitvlieg om met 'n toer deur die Bybellande te begin, terwyl Marié dan per skip sou volg en by hom in Europa sou aansluit. Daarna het hulle besluit om saam per skip te vertrek langs die Ooskus, en deur die Suez-kanaal te vaar, Egipte, Israel, Griekeland en Italië te besoek en dan langer in die stamlande te bly. Voordat hulle egter die besprekings kon doen, is die moontlikheid van 'n vaart langs die Ooskus na Europa vernietig weens die landing van Britse valskermtroepe in Suez, die gevaar van vyandelikhede tussen Egipte en Brittanje en die sluiting van die kanaal. Ten spyte van die gespanne internasionale toestand het hulle

besluit om op 7 Desember met die *Arundel Castle* vanuit Kaapstad na Southampton te vertrek, 'n tyd in Nederland deur te bring, verskeie reise op die vasteland te onderneem en hulle verblyf met 'n toer deur Brittanje af te sluit. Die reise sou agter die teaterprogramme in Europa aan beweeg. Tot op die laaste oomblik kon hulle vertrek egter deur die mat val as die politieke spanninge vererger. In 'n onderhoud met *Die Burger*, wat op 22 November gepubliseer is, sê Opperman dat hulle elke dag die nuusberigte dophou: 'Ons "barometer" is mej. Estelle Strijdom, die dogter van die Eerste Minister en mev. Strijdom. Haar oortog is op dieselfde skip bespreek. Solank sy mag gaan, het ons goeie hoop.'[2] 'n Komiese noot tydens die gespanne afwagting was 'n brief wat G.A. Watermeyer aan Opperman skryf. Watermeyer was bekend vir sy periodieke gesigte en vir die sombere voorspellings oor die ondergang van die Weste wat hy in *Atlantis or The crying of the waters* (1954) gemaak het. In 'n brief van 9 November laat weet hy vir Opperman: 'Man, my hart sal *baie* geruster voel as jy en Marié die besoek aan die buiteland met minstens 'n jaar vertraag. Ek het rede om te glo dat ons binne die bestek van 'n jaar - en dit *kan* binne 'n paar maande gebeur - in 'n veel groter en gruweliker oorlog as die afgelope wêreldkryg gedompel sal wees. Atoombomme mag heel waarskynlik al binne die eersvolgende vier maande op Brittanje gelos word - ATLANTIS!'

Intussen het Dirk en Marié Opperman reëlings getref vir die kinders se verblyf in die tyd dat hulle weg sou wees. Diederi, daardie jaar in April gebore, sou deur 'n verpleegster in Nuweland versorg word, Heila sou by Gerda en Flippie van Zyl bly en Trienke by Hannes van der Merwe en sy vrou, al vier bure in Baaisiglaan. Van der Merwe sou ook Opperman se sake tydens sy afwesigheid behartig.

Uiteindelik het die oomblik van afskeid aangebreek. Op 7 Desember was 'n groot aantal vriende - onder andere die Le Rouxs, die Scholtze, die Spiese, die Therons, die Van der Merwes, Heini Jaekel, Trienke en Heila - in die Kaapstadse hawe om afskeid te neem, die bont papierlinte as laaste bande vas te hou en te sien hoe die boot vertrek. 'Tafelberg swaai en verfrommel tot klowe', teken Opperman as 'n laaste waarneming van Kaapstad in sy dagboek aan.

II

Onmiddellik na die vertrek het die Oppermans drankies gedrink saam met Willem Kempen, Stellenbosse taalkundige, en sy vrou wat ook op die boot was. Aangesien Marié erg hoofpyn gehad het, was die eerste aand vir haar verlore. Opperman het die boot verken, tafelwyn en likeurs gedrink, gekyk hoe die pare op die dek dans terwyl ander brug speel, en beweeg tussen kroeg en kajuit waar Marié siek gelê het. Dat hy die volgende dag met 'n taamlike kater wakker geword het, lei 'n mens af uit die enkele dagboekaantekening van 8 Desember:

‘Water...water...Rimbaud se dronk skip’ ('n toespeling op die Franse digter se ‘Bateau ivre’)!

Afgesien van die Kempens was Eelco Boonstra - seun van die Oppermans se Wetenskap-onderwyser op Vryheid - ook op die boot. Wat die Oppermans besonder geniet het, was die ‘niksheid’ van alles, die niemandsland waarin hulle was. Op die dek kon hulle rondstap en sien hoe die jong mense rondlê in hulle bont rokkies en hemde en ‘amperklere’. Op die agterstewe het die matrose soms hulle eie jong musiek gemaak, in teenstelling tot die suf bootorkessie. Saam met ander passasiers besoek hulle die brug van die boot en geniet die son en die feestelikheid tydens die vaart oor die ewenaar. Vir dié geleentheid trek Marié haar man met krinkelpapier soos 'n vlieënde vis aan! Op die eerste Sondag lei 'n teologiese student die diens op die boot, maar vir Opperman ‘ontstig (hy) die ontroerende bewegings tussen son en see met cliché-taal oor geestelike sake’ en ‘maak hy glad nie gebruik van die geleentheid om toepaslik te praat nie’. Wanneer hulle nie eet of aan die georganiseerde verrigtinge deelneem nie, is Opperman besig om te lees, onder meer Hoornik se *De bezoeker* en Hemingway se *The old man and the sea*; in laasgenoemde word hy getref deur die eenvoud van die woord en deur die vermoë om progressief te bou en die verwagte te vermy. Op 17 Desember kom hulle aan by Las Palmas wat Marié 'n ‘mankolieke stadjie vol arm mense en bedelende kinders’ vind. Daar besoek hulle die katedraal en onderneem hulle 'n bustoer waartydens Opperman vir hom 'n hoed koop wat hy dwarsdeur die reis sou dra. Met die afskeid sien hulle die Spaanse danse op die dek. As hulle weer vaar, is die deining kwaai. In die Baai van Biskaje ondervind hulle 'n storm en raak Marié erg seesiek. Dit val Opperman op hoe baie dinge op die boot vermors word: broodrolletjies, toebroodjies en beskuitjies word oorboord gegooi en selfs messegoed en borde deur die patryspoorte gewerp.

Op Vrydag, 21 Desember, kom die boot in Southampton aan. Met die boottrein gaan die Oppermans na Londen en van daar na Harwich waar hulle die nagboot oor die Engelse Kanaal na die Hoek van Holland neem. Die volgende dag reis hulle per trein na Amsterdam en word hulle onmiddellik getref deur die skoon, oop land en die ywerige mense. In Amsterdam gaan hulle tuis by die Hotel Americain op die Leidse Plein waar hulle blomme van Jan en Aty Greshoff ontvang. Van Wyk Louw bel kort na hulle aankoms, daag die middag op saam met sy dogter Reinet en kuier die aand saam. Die volgende dag gaan hulle saam op 'n gragtevaart en wys Van Wyk Louw hulle die kafees - onder meer die Café Reynders waar die kunstenaars bymekaarkom - en die rooiligbuurt van die walletjies. In die volgende dae wys Van Wyk Louw waar die ou vismark was ‘met al sy reuk en lawaai en met die gekortwiekte ooievaars om hom skoon te hou’,[3] waar Bredero afgekyk het op 'n woelige, kleurryke toneel en waar Gysbreght van Aemstel voor die stadspoort uitgekom het om die vyand agterna te kyk. Oukersaand bring hulle weer saam met die Louws deur en op Kersdag besoek hulle die Rijksmuseum met die Nagwag, loop hulle deur die Vondel-

park en sien hulle 'n opvoering van Shakespeare se *Richard III*. Op 26 Desember ervaar hulle hul eerste Europese sneeu en gesels Opperman en Van Wyk Louw tot laat in die Kafee Eijlders.

Die volgende oggend vertrek hulle na Bremen om 'n nuwe Borgward Isabella vir die reis te gaan haal, 'n motor wat hulle reeds uit Suid-Afrika bespreek het. Deur die skilderagtige Duitse dorpies ry hulle na Groningen waar hulle by Hendrik de Vries eet. Opperman is ‘verras deur sy porseleinagtigheid, in teenstelling met die orkaanagtigheid van sy verse’. Nadat hulle in Leeuwarden oornag het, ry hulle deur Friesland en Groningen oor die afsluitdyk deur Edam terug na Amsterdam.

Op 1 Januarie 1957 gaan hulle met die Louws na Vinkeveen en Schiphol en sien hulle die aand 'n opvoering van Vondel se *Gijsbreght van Aemstel*. Die volgende twee dae stap Opperman deur die boekwinkels, maar daar is niks wat hom trek nie, ‘veral nie die ou bundeltjies van die 'Amsterdamse School' van poësie nie’. Daarna wandel hulle deur Amsterdam - oor die Amstel en die Rembrandtplein na die Kalverstraat waar hulle Adriaan Morriën, Cees Nooteboom, Jan Vermeulen en Simon Vinkenoog ontmoet. Naas die bywoning van toneelopvoerings en gesprekke met Van Wyk Louw loop hulle deur die kafees waar ‘die paartjies...mekaar soos parakietjies (pik)’. Die klanke van die ‘draaiorrel vul die strate, sweef oor gragte, hang oor gewels van die herehuise’ en Opperman word bewus daarvan hoe die kuns eeu na eeu hier woeker. Saterdagaand, 5 Januarie, gesels hy en Van Wyk Louw weer en kom Opperman se proefskrif en die verwydering tussen hulle vir die eerste keer ter sprake. Opperman kry die indruk dat Van Wyk Louw nog ‘vol haat’ is. Elkeen verdedig sy standpunt en soms word dit onaangenaam en emosioneel. Van Wyk Louw wil Opperman daartoe dwing om ook regstreekse invloede in sy eie werk toe te gee en sê vir hom dat hulle verhouding voortaan dié van bul teen bul sal wees. Opperman laat nie op hom wag nie en met die oormoed van baie drank sê hy dat Van Wyk Louw slegs 'n Johannes die Doper maar hy self 'n Christus is! In die bieratmosfeer van 'n kafee met die neweldampe van baie sigarette gesels hulle voort tot half-een die oggend wanneer hulle - ten spyte van harde woorde - vriendskaplik uitmekaargaan.

Die volgende oggend vertrek hulle na Den Haag waar hulle by De Pauwhof tuisgaan. Hier sien hulle heelwat toneel en ook 'n uitvoering van Nederlandse eksperimentele ballet. Vir Opperman bly ballet egter ‘'n problematiese kunsvorm met groot beperkings...hoewel hy fyn momente kan suggereer’. Onder meer besoek hulle die Mauritshuis met die Rembrandt-skilderye en ontmoet hulle Pierre Dubois. Op 13 Januarie keer hulle terug na Amsterdam waar hulle 'n Nederlandse opvoering van Arthur Miller se *A view from the bridge* sien, Ed. Hoornik ontmoet, weer lank en gesellig by die Louws kuier en A. Roland Holst - na hulle ontmoeting in Kaapstad in 1946 - weer sien. Na 'n besoek aan die Muiderslot en Hilversum gaan hulle op 20 Januarie na Utrecht waar Op-

perman boekwinkels en die Domkerk besigtig, S.J. Pretorius en sy vrou opsoek, met W.A.P. Smit gesels en twee van sy lesings - oor Van der Veen en Perk - bywoon. Op 23 Januarie besoek hulle Jan van Riebeeck se geboortehuis in Culemborg.

'n Besonder aangename ontmoeting is dié met Gerrit Achterberg en sy vrou Catrien op 24 Januarie. Kort na die Tweede Wêreldoorlog het Opperman 'n eksemplaar van sy opstel oor ‘Poësie as dolosstukke’ en sy eerste twee bundels aan Achterberg gestuur, tesame met 'n pakkie rosyntjies. Die Achterbergs het dit baie waardeer en vir Opperman laat weet dat hulle in die moeilike naoorlogse jare in Nederland die rosyntjies as 'n besondere lekkerny een vir een afgemeet en korrel vir korrel geëet het. Toe Opperman aan die Achterbergs se woning in Leusden klop, roep Catrien van bo: ‘Wie is daar?’ Opperman antwoord: ‘Dirk Opperman van Kaapstad.’ Hierop laat Catrien hoor: ‘Gerrit, hier is Opperman van de rozijnen’! Die gesprek tussen die twee digters was besonder aangenaam - ‘hy is oorspanne, het 'n vinnige verstand’, skryf Opperman die aand in sy dagboek. Die volgende paar dae kuier hulle by Jacob Kruidenier en sy vrou - skoonouers van Opperman se broer Chris - op hulle boerdery tussen Elst en Rhenen. Daar slaap hulle in 'n kamer waar hulle 'n jakkalsvel as vloermat het. Die rooi en wit van die spits gesiggie, die skerp lug van die boerdery, die geur van appels in die skuur en die bosse met swyne en herte - die enigste diere wat oorgebly het - inspireer hom tot die skryf van ‘Vloervelletjie’ wat hy later in *Dolosse* sal opneem. Van daar ry hulle deur Arnhem na Nijmegen waar hulle Anton van Duinkerken ontmoet, en Maastricht waar hulle by Pierre Kemp kuier.

Op 28 Januarie vertrek die Oppermans na Duitsland waar hulle Keulen, Düsseldorf, Bonn en Darmstadt besoek en beïndruk word deur die wyse waarop 'n jonger geslag uit ‘die gate en murasies’ van die Tweede Wêreldoorlog gekruip en 'n nuwe land opgebou het. In Duitsland sien hulle weer baie toneelopvoerings, onder meer Karl Witlinger se *Kennen Sie die Milchstrasse*, Lessing se *Nathan der Weise*, O'Neill se *Moon for the misbegotten* en Shakespeare se *Hamlet*. Van daar ry hulle deur Luxemburg na België waar hulle op die spoor van Jacques Perk die grotte van Han bekyk en die ‘eerste tekens van die Vos Reynaerde gewaar’. Na 'n besoek aan Brussel waar hulle Hugo Claus ontmoet, gaan hulle na Antwerpen om Fred Engelen en sy vrou Tine Balder weer te sien en saam met hulle na die Rubens-skilderye te gaan kyk. Hulle besoek ook Karel Jonckheere wie se blinde sesjarige seuntjie vir hulle op die gehoor af klavier speel. Van Antwerpen reis hulle per trein na Mechelen en Brugge. In Gent sien hulle Jozef van Hoeck se *Voorlopig vonnis* onder regie van Engelen en ontmoet hulle die dramaturg na afloop van die opvoering. Onderweg na Den Haag doen hulle Middelburg aan waar hulle met Canis Scholtz se skoonmoeder en skoonsuster kennis maak. Op 26 Februarie kom hulle aan in Den Haag en gaan hulle weer tuis in De Pauwhof. Die volgende paar dae ry hulle in die omgewing rond

in afwagting op Fred en Ria le Roux saam met wie hulle ses weke lank in Europa sal rondreis.

III

Tydens die reis het die Oppermans gereeld van hulle kinders en vriende nuus verneem. Aangesien sy geweet het dat hulle bekommerd sou wees oor Diederi se welsyn, het Petro Spies - Johan se vrou - haar weekliks in Nuweland besoek, telkens 'n foto van die baba geneem en aan haar ouers gepos. Hannes van der Merwe het Trienke en Heila gereeld geneem om hulle sustertjie te sien en vir Dirk en Marié laat weet hoe dit tuis gaan. Tog was die Oppermans baie bly om Fred en Ria le Roux te ontmoet en regstreekse nuus uit Suid-Afrika te ontvang.

Reeds op 1 Maart vertrek die Oppermans en die Le Rouxs per motor. Die eerste nag slaap hulle in Montabaur, daarna ry hulle langs die Ryn en die Neckar tot anderkant Heidelberg na München. Van daar gaan hulle drie dae lank na Salzburg waar hulle na musiek van Bach, Brahms, Schumann en Locatelli luister, die kasteel en berg besoek en in die nou straatjies rondstap. Daarna reis hulle oor die Brennerpas na Bressanona en daarvandaan na Verona en Venesië. Hier is die St. Markusplein vir hulle 'n ‘wonderbaarlike verrassing’. Op 14 Maart reis hulle verder na Florence. Hulle besigtig die stad en word veral deur die Michelangelo-beelde geboei. Na 'n besoek aan Assisi gaan hulle na Rome waar Opperman onder meer die Sixtynse kapel van die Vatikaan met Michelangelo se plafonskilderye besigtig, 'n gegewe wat later in sy gedig ‘Carrara’ sal terugkeer. Ook die St. Pieterskerk, die Colosseum, die Katakombes en die Fonteine van Tivoli besoek hulle; by die fonteine word Opperman geboei deur die wyse waarop ‘in die kunstuin die waters wissel’, al is dit dan in laaste instansie 'n ‘beperkte spel’.[4]

Op 26 Maart vlieg Dirk en Marié van Rome na Athene. Opperman word onmiddellik ‘bekoor deur (die) aankomende eilande, (die) kuslyn deur (die) wolke en die sagte sonlig oor die heuwels’ as hulle die stad binnery. Op 28 Maart vertrek hulle op 'n bustoer en by Elefsis sien hy die eerste ‘dolosse’: ‘'n hopie skewe bene/ van 'n seun van twaalf’ en 'n olieskraper waaroor hy die gedig ‘Gedagtes by 'n sarkofaag’ skryf. Die volgende dag is die besoek aan Epidaurus en Korinthe 'n ‘heerlike ondervinding’ en hy skryf daar briewe aan die kinders, Hannes van der Merwe en Anton Rupert. Wat hy veral interessant gevind het, is - soos hy dit later sou stel - ‘hoe klip en pilaar, oorblyfsels van die ou beskawings van Korinthe, met mekaar...(praat)’.[5] Van Periandros was daar haas niks oor nie. Korinthe is verwoes deur aardbewings en daarna deur die Turke en die Romeine, en van die ou bouwerke was daar nog net enkele reste.

Op 31 Maart sluit hulle weer in Rome by die Le Rouxs aan. Op 1 April maak Pompeji 'n ‘besondere indruk’ op Opperman. Hierdie ervaring vind later neerslag in ‘Dennebol’, 'n gedig waarin - volgens 'n mededeling van Fred le Roux - selfs klein besonderhede soos die ‘tor’ en die ‘bruingespikkelde akkedis’ tydens die besoek waargeneem is. Daarna besigtig hulle die museum van Napels, ry deur Rome en swaai af na Bracciano langs die meer waar die Oppermans op 2 April die vyftiende herdenking van hulle huwelik feestelik vier. Van daar reis hulle na Bologna, Rheinfelden en Bern waar hulle op 9 Mei aankom en by die ambassade hoor dat Opperman die Hertzogprys vir *Periandros van Korinthe* gekry het. In Mühletal slaap hulle en vier die toekenning met forelle uit die plaaslike stroom en gestopte kalfsbors. Hulle reis verder na Clarens om die sterfhuis van Paul Kruger te besoek, Genève, Valence, Montpellier en Narbonne waar hulle oornag. Op 13 April reis hulle na Spanje waar hulle aanvanklik in Barcelona en later in Madrid bly en in albei stede stiergevegte sien, 'n skouspel wat Opperman uitvoerig op film vaslê en wat later die boustof verskaf vir sy gedig ‘Op die dood van Roy Campbell’ (wat tydens hulle toer oorlede is). Na besoeke aan die museums, markte en parke reis hulle deur die suide van Frankryk en kom hulle op 25 April in Parys aan waar hulle in die Hotel Pavilion tuisgaan, die bekende toeriste-attraksies besigtig en die musea deurloop. Tydens die reis tref dit Fred le Roux telkens hoe fyn Opperman kan waarneem en dinge feitlik fotografies kan onthou. Na 'n besoek aan 'n museum soos die Prado of die Louvre kon hy in die aand tydens die ete elke skildery wat hom getref het, tot in die kleinste detail beskryf.

Op 30 April neem die Le Rouxs in Parys afskeid van hulle vriende en vertrek hulle per trein na Antwerpen. Vir die res van hulle Europese toer sou die Oppermans alleen reis.

IV

Na die Le Rouxs se vertrek bly die Oppermans nog enkele dae in Parys waar hulle deur die strate en parke dwaal en geskenke vir vriende tuis koop. Alhoewel hulle nog veel van die reis geniet, kom 'n mens uit Opperman se dagboek agter dat daar 'n element van verveling begin intree en dat hy nie werklik 'n goeie toeris is nie. In die daaglikse inskrywings is daar 'n beheptheid met nuus van die huis af en teleurstelling as hulle by 'n nuwe adres aankom en geen briewe uit Suid-Afrika op hulle wag nie. Op 9 Mei skryf hy aan sy suster Liz: ‘(Die reis) is 'n ryk en wonderlike ervaring, maar ons verlang al baie na die kinders en 'n mens voel soms vermoeid, maar die vermoeidheid word telkens deur nuwe prikkels verdring!’ Gedeeltelik kan die element van verveling en onvergenoegdheid toegeskryf word aan Opperman se taalprobleme. Hy kon Duits en in 'n geringer mate Frans lees, maar het dié tale nie goed genoeg geken

om vlot te praat nie. Die gevolg was dat Marié meestal die praatwerk in winkels moes doen, want Opperman het 'n onvermoë gehad om hom met 'n klein woordeskat en gebare verstaanbaar te maak.

Daarom was hy bly om Parys op 5 Mei te verlaat en weer in Amsterdam te wees. In hierdie dae koop hulle presente, besoek die Keukenhof en Alkmaar se kaasmark, en woon 'n opvoering van *Macbeth* by. Op Dinsdagaand 7 Mei gaan hy na Van Wyk Louw se huis om vrae van studente oor sy werk te beantwoord. Van Wyk Louw verwelkom hom, wens hom geluk met die Hertzogprys vir Drama, bedank hom dat hy na 'n lang en vermoeiende reis bereid was om op te tree en sê dat die kollege die vorm sal aanneem van 'n informele gesprek oor die poësie en die versdrama. Volgens Van Wyk Louw se aantekeninge oor dié byeenkoms het hy self begin om oor die presiese betekenis van woorde soos ‘judasklip’, ‘worsvlag’ en ‘kokar’ uit *Joernaal van Jorik*, ‘riethakkers’, ‘houthakkers’ en ‘vlinders’ uit *Blom en baaierd* en ‘die manlike skaar’ uit *Periandros van Korinthe* helderheid te verkry. Verder het hy gevra of die ‘Liid fan di diamant’ in ‘Blom van die baaierd’ selfgemaak of 'n bestaande teks is, waar ‘Neo-Baäl’ geleë is, waar die ‘twaalf simbole van die ritueel’ in ‘Scriba van die Carbonari’ vandaan kom en wat die simboliek van die koffer en kaart in *Joernaal van Jorik* en die koringkis en Kuupselos se koutjie in *Periandros van Korinthe* beteken. Ander sake wat ter sprake gekom het, was die vraag wat die stilistiek op linguistiese grondslag tot die insig in die letterkunde bydra, of daar grense aan die ‘verwysing’ na ander literatuur en historiese data is en hoe Opperman die beoefening van die versdrama sien.

Op Woensdagaand, 8 Mei kom Opperman, Van Wyk Louw en Wytze Hellinga - professor in Nederlandse Taalwetenskap aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam - bymekaar om oor hulle benadering van die literatuur te gesels. Van Wyk Louw lei die gesprek in en sê dat hy besware het teen 'n te diep simboliese interpretasie van 'n kunswerk. As hy na 'n skildery kyk, is hy nie geïnteresseerd daarin of bepaalde kleure wat die kunstenaar gebruik, 'n dieper betekenis het nie, maar bloot in watter verhouding die kleure tot mekaar staan en watter kontraste daarmee bereik word. Teen hierdie standpunt dat ‘alle diepte moet bedrieg’, neem Opperman stelling in deur te sê dat hy wel die kleurespel boeiend vind, maar dat daar vir hom 'n dimensie bykom as hy weet dat die kleure 'n dieper simboliese betekenis het. Hellinga gaan egter nog verder. As daar in 'n skildery byvoorbeeld 'n voorstelling is van 'n man wat sy hand op 'n vrou se maag plaas, is dit die taak van die ondersoeker om die geskiedenis van gebare na te gaan en vas te stel dat die hand op die maag in werklikheid beteken dat die man die vrou as bruid wil hê. Daarmee staan die twee figure in 'n besondere verhouding tot mekaar en het die skildery uiteindelik 'n dieper betekenis as wat die blote kleurkontraste laat vermoed.

Op 12 Mei drink die Oppermans tee saam met Donkersloot en sy vrou. Die volgende dag loop hulle Fred en Ria le Roux raak as hulle pos gaan afhaal.

Toevallig stap Van Wyk Louw ook verby en saam gaan eet hulle rystafel ter afskeid. Op 14 Mei besoek die Oppermans Delft en gaan daarna na Den Haag waar hulle nog by die miniatuurdorpie Madurodam aandoen. Dieselfde aand kom hulle aan by die Hoek van Holland vir die oortog oor die Kanaal en skryf Opperman as afskeid van Nederland een van sy min regstreekse reisgedigte, 'Konsertina-poskaart', 'n vers wat hy later in *Kuns-mis* opneem.

Met hulle aankoms in Londen op 15 Mei soek hulle lank na 'n blyplek voordat hulle tevrede is. By Suid-Afrika-huis die volgende dag ontmoet Opperman vir Roy Macnab. In die volgende dae sien hulle baie opvoerings - onder meer van Noël Coward, Tennessee Williams, Jean Anouilh, John Osborne en Ionesco - maar die meeste vind Opperman onbevredigend. Die hele tegniek van *The chairs* van Ionesco is vir hom ''n "verouderde" maniërisme'! Opperman besoek die boekwinkels en saam besigtig hulle die Londense parke, Westminsterabdy, die Tate-galery en die Toring van Londen en onderneem 'n vaart op die Teems. Die eerste werklike teenspoed van die reis tref hulle as Marié op 27 Mei met pampoentjies in 'n afsonderingshospitaal opgeneem word. Dieselfde dag daag Fred en Ria le Roux uit Nederland op en eet Opperman saam met Bartho Smit en Dawid Engela, terwyl Dawie Couzyn uit Wenen opdaag om in die Albert Hall te sing. Op 30 Mei het Opperman 'n onderhoud met die BBC en kies hy boeke by Foyle. Die volgende dag besoek hy die Britse Museum en in die aand gaan hy saam met die Le Rouxs na die Old Vic waar *Richard III* opgevoer word. Elke dag besoek hy Marié in die hospitaal. Die babas in die kindersaal daar laat hom baie na Diederi verlang, 'in (die) besonder die een vriendelike kaalkop'.

Op 6 Junie kom Marié uit die hospitaal en saam reis hulle op 8 Junie deur Bath, Wallis wat hy lieflik maar 'n 'miniatuurlandjie' vind, en die Meerdistrikte wat vir hom te toeristies is. In Suid-Afrika is daar vir hom 'treffender streke', iets wat 'n mens telkens in Europa besef en so 'n reis iets van 'n 'korrektief' maak. Skotland is vir hulle aantrekliker: die 'klein huisies (is) baie skoner as in Engeland' en die mense 'hartstogteliker en nadrukliker'. Die kos vind hy verbeeldingloos en hy teken in sy dagboek aan dat 'n mens 'Brittanje nie (moet) besoek nadat jy op die vasteland was nie', 'n duidelike aanduiding dat hy teen hierdie tyd baie verveeld was met die reis. Op 12 Junie kom hulle aan in Edinburg, besoek hulle die kasteel en is hy ''n geduldige pakperd' vir al die presente wat Marié in die winkels koop. Die verveling duur voort. 'Dat 'n vakansie soos tandpyn kan word,' skryf hy op 12 Junie in sy dagboek. As hy die eerste tekens van pampoentjies op 13 Junie by homself bespeur, keer hulle dadelik terug na Londen. Alhoewel die dokter vasstel dat Opperman se speekselkliere geswel is, kon hy nie met sekerheid sê of dit wel pampoentjies is nie. Die volgende dae bly Opperman egter tuis terwyl Marié inkopies in die stad doen. Hoewel die siekte nie erg ontwikkel het nie, was sy lus vir verdere reis en verkenning verby. Op 25 Junie vertrek hulle na Southamp-

ton. Die volgende dag handel hulle die laaste inkopies af. In sy dagboek skryf Opperman kripties: ‘Hele teruggaan lyk onwerklik - wag gespanne om kinders weer te sien’. En op 27 Junie teken hy aan: ‘Uiteindelik het dié dag aangebreek. Vol opgewondenheid huurmotor gehaal, deur doeane na skip *Athlone Castle*.’

V

Met die vertrek vaar die boot aanvanklik in digte mis sodat die mishoring kortkort moet blaas. Aangesien Marié siek in die kajuit lê en die passasiers hom nog nie boei nie, lees Opperman Simenon en *The creative process*, 'n versameling opstelle wat onder redaksie van Brewster Ghiselin die ‘genius at work’ nagaan en wat later een van die verwysingsbronne vir sy Stellenbosse digkunde-lesings sal wees. Op 1 Julie doen hulle Las Palmas aan en daarna vaar hulle langs Dakar waar hulle tornyne, seevoëls en vlieënde visse begin sien. In die broeiende hitte van die trope en die swoel benoude nagte slaap Opperman tot drie-uur op die dek; op 4 Julie stuur hy 'n kabelbrief aan die kinders en Hannes van der Merwe-hulle: ‘Twee kraaie by die ewenaar gaap/ maar vlieg vinnig nader na die Kaap.’ Op 9 Julie ontvang hulle 'n kabel van Hannes-hulle: ‘Oos Wes tuis bes/ twee kleintjies piep by die nes/ Ons ses.’ Dit is 'n boodskap wat vir Opperman kostelik is en hom amper tot trane ontroer, want hy ly in hierdie tyd 'n bietjie aan slaaploosheid, verlang baie na die kinders en sien uit na die tuiskoms.

Op 10 Julie sien hulle albatrosse. Op 11 Julie staan hulle om vyfuur op, gewaar die liggies van die Kaap, kyk hoe die sleepboot nader kom en die immigrasiebeamptes aan boord gaan, en die boot begin vasmeer in die motreën. Op die kaai is Hannes van der Merwe, Trienke en Heila. Van die passasiers is die Oppermans, volgens die dagboek, ‘die eerste deur die doeane’ en die ontmoeting met die kinders en hulle vriende is ontroerend. In Hannes se motor en met al hulle bagasie ry hulle huis toe waar die Spiese met Diederi op hulle wag en hulle verder verwelkom word met blomme, telegramme en telefoonoproepe. Opperman moet terug hawe toe om reëlings in verband met die motor te tref en daarna woon hy 'n *Standpunte*-vergadering saam met W.E.G. Louw, Jaekel en Fred le Roux by. Na afloop daarvan is hy en Marié gaste by 'n noenmaal in die Here XVII, staan hy onderhoude toe aan *Die Burger* en *The Cape Times* en bring hy die aand gesellig saam met die Van der Merwes en Spiese tuis deur. Die volgende dag bel hy Izak van der Merwe en Canis Scholtz, gee hy sy aandag aan die kinders terwyl hulle uitpak en sy kop ‘dreun van al die vrae’. Die aand daag vriende op wat hulle eie kos saambring. Anton en Hubert Rupert kom ook en Opperman gee aan hom 'n komboloi present. Dit is 'n beskeie geskenkie in vergelyking met wat hy van Rupert ontvang het, maar - so teken

Opperman in sy dagboek aan - dit is iets wat die antieke en moderne tye verbind en waarmee arm én ryk kan speel.

Op 19 Julie doen Opperman aan Rupert skriftelik verslag van sy reis. In Europa het hy by die vyftig teatervoorstellings bygewoon, spelers en regisseurs ontmoet, kunsmusea, katedrale en plekke van historiese belang besoek, met Nederlandse letterkundiges en skrywers kennis gemaak en boeke aangeskaf. Per motor het hulle 8 915 myl afgelê, per vliegtuig 1 500 myl en per trein 730 myl. ‘Voor my vertrek,’ skryf hy, ‘het ek gevoel dat ek 'n eindpunt bereik het, dat ek nuwe prikkels nodig het.’ Die reis het hom in staat gestel om nuwe dinge te ervaar wat hy in die toekoms kon verwerk. Tydens die reis het hy 'n dagboek gehou, aantekeninge gemaak en soms selfs ontwerpe vir voorgenome stukke neergeskryf.

As 'n mens Opperman se gepubliseerde skeppende werk ná die Europese toer in oënskou neem, val dit op dat belangrike gedigte soos ‘Vloervelletjie’, ‘By die dood van Roy Campbell’, ‘Carrara’, ‘Fonteine van Tivoli’ en ‘Dennebol’ uit *Dolosse* op dié ervaring steun en die reis dus wel bevrugtend op hom ingewerk het. Ook in sy laaste bundel, *Komas uit 'n bamboesstok*, kom hy op die reis terug. Tog kan 'n mens nie van die gedagte loskom dat die Europese ervaring na verhouding min neerslag in sy werk vind en dat hy baie van die ‘Europese’ gedigte in *Dolosse* gemaklik sonder regstreekse kennis sou kon geskryf het. Gedeeltelik hang dit saam met Opperman se hele digterskap wat ten spyte van 'n katolieke oopgesteldheid so intens verstrengeld is met Afrika en Suid-Afrika. Hy was nie geïnteresseerd daarin om 'n soort toeristiese poësie met indrukke van plekke te skryf nie; gedigte soos ‘Konsertina-poskaart’ wat in blote beskrywing of ‘notisies’ vassteek, het hy as afvalprodukte beskou wat hoogstens in *Kuns-mis* onderdak kon vind. By geleentheid, toe André P. Brink se *Sempre diritto* gepubliseer is, het hy (met 'n bietjie oormoed) gesê dat hy so 'n reisverhaal met dagboekaantekeninge, flardes en flitse en optekening van episodes in 'n naweek uit sy mou kan skud, maar dat dit hom nie interesseer nie. Sy kuns was van so 'n aard dat hy by die oppervlakkige indruk en ervaring verby na iets meer wesentliks gesoek het.

Die Afrika-gerigtheid van sy kuns is waarskynlik ook een van die redes waarom hy nooit weer die behoefte gevoel het om in Europa te reis nie. By herhaling het hy in gesprekke gesê dat hy bloot na sy rolprente hoef te kyk om dit alles vir hom op te roep. Terwyl daar by mense soos Canis Scholtz en W.E.G. Louw 'n Europese aanhanklikheid was wat hulle telkens opnuut by die oerbronne laat drink het, was Opperman tevrede om Europa deur sy leeswerk te ervaar en die gegewe in sy kuns na Suid-Afrikaanse situasies te transponeer.

Tog was die Europese reis vir hom 'n verfrissende ervaring en 'n opskerping van sy sintuie.

Eindnoten:

1 Die belangrikste bron vir die besonderhede oor die Europese reis is 'n dagboek wat Opperman vanaf 21 Januarie 1956 - toe daar die eerste keer van die reis sprake was - tot hul terugkeer in Kaapstad gehou het. Dit is - behalwe vir enkele bladsye in sy Franskraal-joernaal - die laaste

keer in sy lewe dat hy 'n dagboek sou skryf. Uit die soms erg kriptiese telegramstyl (wat plek-plek vir die buitestaander volkome onverstaanbaar is) en die slordige en soms nie-ontsyferbare handskrif kom 'n mens agter dat hy die daaglikse verslag oor sy doen en late vervelend gevind het. Oor dieselfde reis het Marié Opperman ook 'n dagboek gehou wat in haar private besit is.

2 Die inligting oor Estelle Strijdom se oortog in *Die Burger*-berig is foutief. Mej. Strijdom het wel ongeveer dieselfde tyd na Europa vertrek, maar saam met 'n studentetoer en op 'n Nederlandse boot.

3 N.P. van Wyk Louw, *Deurskouende verband*, Kaapstad, 1977, p. 27. Van Wyk Louw hou hierdie stuk - waarin hy verwys na die plesier wat hy ‘onlangs’ gehad het om ‘vir 'n Afrikanervriend en -digter die eerste dae in Amsterdam rond te lei’, as 'n radiopraatjie wat op 16 Januarie 1957 in sy reeks *Die oop gesprek* deur Radio Hilversum Wereldomroep uitgesaai word. In sy praatjie gebruik hy die literêre voorbeelde juis om te illustreer dat dit nie werklik nodig is om dié tipe inligting oor Bredero of Vondel te hê ten einde hulle werk te verstaan nie - andermaal 'n versweë reaksie op Opperman se hele literêre instelling en die praktyk van *Digters van Dertig*!

4 ‘Fonteine van Tivoli’, *Dolosse*, Kaapstad, 1963, p. 35.

5 *Die Burger*, 26 Augustus 1957.

Hoofstuk 9
Laaste jare in Kaapstad

I

Na sy terugkeer van Europa het Opperman aan die begin van die tweede semester van 1957 sy doseerwerk aan die Universiteit van Kaapstad hervat. Roswitha Geggus, wat vir hom tydens sy afwesigheid waargeneem het, was onderweg na Amsterdam waar sy haar studie sou voortsit en in 1960 met 'n verhandeling oor *Die wit in die poësie* sou promoveer. Onder sy beste studente in die voorgraadse jare was Adam Small wat in 1957 met *Verse van die liefde* gedebuteer het en Edith Raidt wat kort tevore uit Duitsland as lid van die Rooms-Katolieke Schoenstatt-Instituut na Suid-Afrika gekom het en as dosent in Kaapstad en later Johannesburg belangrike letterkundige en taalhistoriese studies sou publiseer. In die aandklasse by die Buitemuurse Afdeling was Breyten Breytenbach as jong kunsstudent ook vir Nederlands en Afrikaans I ingeskryf en het hy 'n keer of wat van sy eerste gedigte aan Opperman voorgelê. Onder die gevorderde studente was daar Rialette Vogel wat aan 'n studie oor die vroeë Afrikaanse poësiekritiek onder sy leiding gewerk het; na voltooiing van haar M.A. het sy die Queen Victoria Memorial Scholarship verwerf.

In hierdie stadium was daar egter weens die klein getal goeie studente en die beperkinge wat die Middeleeue en die Goue Eeu as doseerterrein vir Engelstalige studente ingehou het, vir Opperman te min uitdagings in sy werk as dosent. Terwyl hy in Natal sy universitêre opleiding in Engels ontvang het, was hy nou minder vlot in die tweede landstaal en het hy talle uitnodigings van die hand gewys om in Engels openbare voorlesings by die Universiteit te hou. Sy standpunt was dat een lewe te kort is om een taal deeglik te ken en te beheer. Hy het nie daarin belanggestel om in twee of meer tale vlot te wees nie. Daarby was hy toenemend ongelukkig om aan 'n Engelstalige inrigting verbonde te wees en het hy uitgesien na 'n verandering.

Aan die einde van 1957 het W.E.G. Louw sy professoraat aan die Rhodes-Universiteit neergelê om kunsredakteur van *Die Burger* te word. Daar was dus nou vir Opperman die moontlikheid van 'n leerstoel. Hy het 'n verskuiwing na

Grahamstad egter geen enkele oomblik oorweeg nie, omdat hy dáár te geïsoleerd van uitgewers en die Afrikaanse wêreld sou wees. As Rob Antonissen hom vra om 'n aanbeveling vir sy kandidatuur vir die professoraat by Rhodes te skryf, is hy dan ook dadelik bereid om dit te doen. In sy verslag sê hy dat Antonissen se ‘wye agtergrond...hom in staat (stel) om fynsinnige vergelykings en oortuigende waardebepalings te maak’ en dat hy nêrens sy gelyke het ‘wat die kennis van sowel die Nederlandse en Vlaamse as die Afrikaanse letterkunde betref nie’.

Aan die begin van 1958 het 'n belangriker moontlikheid vir Opperman opgeduik. Van Wyk Louw het in die tweede helfte van 1957 na Suid-Afrika gekom as kandidaat vir die vakante leerstoel aan die Universiteit van die Witwatersrand. Terwyl hy nog in die land was en ook Kaapstad besoek het, is bekend gemaak dat hy in Johannesburg aangestel is. Opperman het Van Wyk Louw een aand aan huis van W.E.G. Louw saam met 'n groep ander gaste gesien, maar die moontlikheid van opvolging in Amsterdam het tóé nie ter sprake gekom nie.

In 'n brief van 27 Januarie 1958 aan Wytze Hellinga noem Van Wyk Louw Dekker, J. du P. Scholtz, W.E.G. Louw, Opperman, Merwe Scholtz, A.P. Grové en P. du P. Grobler as persone wat in aanmerking kom vir die pos in Amsterdam en in briewe van 26 Maart 1958 vra Garmt Stuiveling verlof van Dekker, J. du P. Scholtz, W.E.G. Louw en Opperman om hulle te benoem as kandidate vir die Amsterdamse professoraat.

Alhoewel die moontlikheid van so 'n belangrike betrekking vir Opperman aantreklik moet gewees het, was hy met sy Afrika-gerigtheid en verbondenheid aan die Suid-Afrikaanse wêreld en problematiek nie bereid om vir 'n onbeperkte aantal jare na Nederland te gaan nie. Daarby het hy opgesien teen die ingeperkte en ‘suinige’ lewe van die Hollanders. In 'n brief van 19 April 1958 aan Stuiveling wys hy dan ook die uitnodiging van die hand. Opperman het geweet dat die professoraat in Afrikaanse Letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch aan die einde van 1959 met die uittrede van F.E.J. Malherbe vakant sou raak. 'n Mens kan aanvaar dat hy sy hoop op dié leerstoel begin vestig het.

II

In die tyd ná sy terugkeer uit Europa tot aan die einde van 1959 verskyn geen nuwe skeppende werk van Opperman nie, maar is hy besig om die ervarings wat hy opgedoen het, in 'n aantal belangrike gedigte vas te lê. Dit beteken nie dat daar in dié periode niks van belang gebeur nie. Hy is steeds besig met die redigeringswerk, enkele kritiese stukke, *Standpunte*-sake en keurdersverslae vir uitgewers.

Kort na sy terugkeer val 'n besondere eer Opperman te beurt as hy op Saterdagoggend, 24 Augustus 1957 in die Ruskamer van die CSV-gebou op Stellenbosch die Hertzogprys vir Drama ontvang. By dié geleentheid voer W.J. du P. Erlank die huldigingsrede. Volgens hom is *Periandros van Korinthe* nie net belangrik vir die geniale behandeling van die verhouding van 'n mens tot sy gesin en van 'n staatsman tot sy volk nie, maar ook van die mens tot die ewigheid. Dit bevat roerend verbrede en verdiepte patetiek. Die volgehoue klank-, bewegings- en vormprobleme in die stuk bind die hele handeling tot 'n rituele beweging wat ver buite die eintlike dramatiese gebeurtenisse sin en betekenis vind. Hy beskou dit as die grootste drama in die Dietse letterkunde sedert die verskyning van Vondel se *Lucifer* driehonderd jaar tevore.[1]

Die toekenning van die Hertzogprys, wat deur Anna de Villiers aan hom oorhandig is, het nie sonder haakplek verloop nie. Die keurkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het bestaan uit G. Dekker, H. van der Merwe Scholtz (senior) en Tj. Buning. Hulle kon nie eenstemmigheid bereik oor die keuse tussen Van Wyk Louw se *Dias* en *Periandros van Korinthe* nie en die Fakulteitsraad het besluit om die saak na 'n breë letterkundige kommissie te verwys. Die uitslag van die stemming was sewe ten gunste van *Periandros van Korinthe* en drie ten gunste van *Dias*. Op die Raadsvergadering daarna was die menings ook erg verdeeld en word *Periandros van Korinthe* met 'n meerderheid van net een stem vir bekroning aanbeveel. As die Akademieraad daarna byeenkom, vra hulle vir 'n duideliker aanbeveling en word die aangeleentheid na die Fakulteitsraad terugverwys. Op die Fakulteitsraadvergadering van 29 Maart 1957 het een van die oorspronklike beswaarmakers sy standpunt verander en steun hy nou die aanbeveling om *Periandros van Korinthe* te bekroon. Die Raad besluit dan ook eenparig om Opperman se drama vir die toekenning aan te beveel, 'n besluit wat deur die Akademieraad aanvaar is.[2]

Hoewel Opperman ingenome was met die Hertzogprys, het hy in dié stadium van sy lewe nie veel waarde geheg aan sulke uiterlike erkennings nie. Hy het 'n basiese wantroue gehad in die wyse waarop die Akademie in literêre sake optree. Een van die bepalings van die toekenningsprosedure van die Hertzogprys was dat dieselfde outeur net een keer in 'n bepaalde genre bekroon kon word. Dit het meegebring dat Opperman ná die toekenning van die Hertzogprys vir Poësie aan *Heilige beeste* nie vir werke soos *Negester oor Ninevé*, *Joernaal van Jorik*, *Engel uit die klip* en *Blom en baaierd* enige toekenning van die Akademie kon ontvang nie, 'n situasie wat hom sowel geamuseer as omgekrap het. Hy kon tereg vra watter sin dié bekronings het as sy (en Van Wyk Louw se) beste werk nie daarvoor in aanmerking kon kom nie.

III

Nog voordat hy sy werk as dosent aan die begin van die tweede semester van 1957 hervat het, moes Opperman dringend aan 'n lastige saak aandag gee. Tydens sy afwesigheid het Peter Blum die manuskrip van sy tweede digbundel, *Enklaves van die lig*, aan Koos Human van die Nasionale Boekhandel voorgelê. Human het aan Opperman geskryf en gevra of hy kans sien om die manuskrip in Europa te beoordeel, maar hy het nie. Sy standpunt was trouens dat Human onmiddellik behoort uit te gee: '... by iemand van Blum se formaat sukkel mens nie nog met 'n keurder nie'.[3] Blum het egter daarop aangedring om 'n mening oor die manuskrip te hê en het aanbeveel dat dit aan J. du P. Scholtz voorgelê word. Scholtz het, veral oor Blum se neologistiese taalgebruik, baie voorbehoude gehad en by Human aanbeveel dat daar tot Opperman se terugkeer met die manuskrip gewag word.

Opperman het betreklik gou na sy aankoms Blum se bundel deurgegaan en met Scholtz bespreek. In sy en Scholtz se gesamentlike verslag, wat deur Scholtz geskryf is, het hulle dit veral teen Blum se 'opsetlike gebruik van woorde wat geen Afrikaans is nie of nie die betekenis of funksie het wat hy in 'n bepaalde verband klaarblyklik daaraan gee nie'. Volgens hulle wek 'hierdie soort taalgebruik by Blum (in byna alle gevalle) op sy bes bevreemding, meestal bloot onsekerheid en verwarring, en soms selfs 'n bietjie ergernis'. In 'n brief van 29 Augustus 1957 skryf Opperman aan Blum dat hy en Scholtz van oordeel is

> dat *Enklaves van die lig* nie op die peil van *Steenbok tot Poolsee* is nie en dit sou jammer wees as jy dit net so wil uitgee. Daar is te veel middelmatige verse en te min wat 'n besondere indruk op 'n mens maak. Ook is daar veral in 'Die Klok in die Newel' 'n onoortuigende gebruik van vreemde woorde. Ons het oral hierdie soort woorde aangestip, woorde wat o.i. nie verdedigbaar is nie...Gedeeltes van 'Die Klok in die Newel' is indrukwekkend, maar gedeeltes daarvan te rou en soms ook studentikoos. Die intieme kamertonele sou ek vroeër afsluit - dan sal hulle aan suggestie wen en 'n sekere oordaad wat nou hinder, uitskakel...ek dink jy is dit aan jou talent verskuldig om nog 'n ruk aan die verse te werk en miskien nuwes by te kry. En my vertroue in jou talent is so groot dat ek weet jy kan met 'n mooier bundel kom.

Scholtz en Opperman het dus nie die bundel afgekeur nie. Die versweë gedagte was eerder dat die besware aan Blum voorgelê moes word en dat hy na weglatings en byvoegings 'n bevredigender manuskrip moes voorlê. Hiervoor was Blum egter nie te vinde nie. Hy het die manuskrip van *Enklaves van die lig* aan Balkema voorgelê wat bereid was om dit met sekere wysigings en die weglating van die Apollinaire-vertalings te publiseer.

Voor die verskyning van die bundel skryf Blum op 10 September 1957 aan Opperman. Uit sy brief is dit duidelik dat hy die verslag en Opperman se reaksie as 'n afwysing van sy bundel interpreteer. Hy begin deur te sê dat hy nie kan saamstem ‘oor die demeriete (vertaal dít gou in boere-Afrikaans) van “Enklaves” nie. Dit is m.i. solieder en suiwerder as jou peetkind “Steenbok”; en jou oordeel laat my wonder of my vroeë werk nie net nuuskierigheidswaarde vir jou gehad het nie. Al sou dit ook swakker wees dan “Steenbok”, vind ek dit moeilik om te glo dat dit swakker is dan “Kruis & Kraai” of die poësie van A.J.J. Visser.[4] Die afwysing van bundel II lyk my dus ekstreem.’ Hy gaan voort:

> Die bohaai oor neolog- en ander -ismes is vir *my* onoortuigend.... Dit was juis my doel om *my* woordeskat, *en* dié van julle taal, te verfyn en uit te brei - dus om woorde te adapteer en te skep waar ek, uit kennis van ander tale, skakerings waarneem wat Afr. nie dek nie. As ek Duits of Engels skryf doen ek dit ook. By Pretoria staan daar 'n ‘adaptasie’ van die VOELKERSCHLACHT-DENKMAL by LEIPZIG - 'n argitektoniese Germanisme - en Scholtz neem my 'n dosyn Germanismes kwalik.... ‘Klok in die newel’ - ek weet nie so mooi wat ‘studentikoos’ wil sê nie; maar jy moes verwag het dat ek, by salige gebrek aan 'n Calvinistiese opvoeding, my jeug langer sal behou as - nou ja, vul maar self in. Ek wou hê hd. outobiografiese vers moet moesseer en skuim en geil wees; ek meen hy doen en is dit...‘Intieme kamertonele’: is hulle werklik so intiem? Van 3 mense aan wie ek dit gewys het, was twee onseker of daar wel ingegaan is; by Kamertoneel II was dit in werklikheid nie die geval nie. Waarvandaan die skielike preutsheid? Vir kamertonele verwys ek jou na Goethe: Römische Elegien, veral No. 20. Oordaad inderdaad! Buitendien is die bou ‘GOLFAGTIG’: elke golf moet kulmineer, en breek. Het dit jou opgeval? Elke passus het sy ‘hoogtepunt’ - dus natuurlik waar nodig 'n seksuele. Maar erg *swelgend* is hulle, volgens 'n nugtere oordeel, nie.

Hy sluit af deur onder meer te sê dat die verse is soos hy hulle wou hê, dat hy geen waarborg het dat Opperman ‘van die HERBEBROEIDE verse *meer* sal hou nie’, dat sy verse nie deur 'n ‘geknutsel’ sal wen nie en omdat hy ‘'n sterk vermoede het dat (sy) werk na die verkiesing onpubliseerbaar sal wees - (die Regiment van Heiliges het bloed geproe)’. Hy wend dus pogings aan om sy werk gepubliseer te kry en beloof om aan Opperman 'n eksemplaar te stuur indien hy slaag.

Vroeg in 1958 verskyn *Enklaves van die lig*, maar Blum - wat teen hierdie tyd 'n sterk gevoel oor die hele aangeleentheid teen Opperman opgebou het - hou hom nie by die belofte van 'n geskenkeksemplaar nie. In 'n brief van 6 Februarie 1958 reageer Opperman op Blum se vorige brief en probeer hy met die gebruik van allerlei neologismes Blum se styl naboots. Hy skryf:

> Die letterperde het toe nooit die presenteksemplaar wat jy my ver-beloof het, begaai nie. I.p.v. 'n Nasionaal-Calvinistiese ondersoek te laat instel om die fout te

ontdek (veral na die verkiesing wat jy so gevrees het!) het ek myself ontvyftiensjielingend (of onttwaalf-en-sessend?) geênklaves-van-die-lig. En ek was verbril om te boog dat jy
1) van die eiename in die lang gedig verander het,
2) party van die koeie weggelaat het
(jy kon nog 'Die Horing van Lehel', 'Die Jagter in die sneeu', 'Op hoë See', ens.)
3) en ook van die gesogtegismes gebalkema het.
Die bundel het bepaald daarby gebaat - toe maar, nie te danke nie! In *Enklaves* is die eksperimentele wel verder gevoer as in *Steenbok* - m.i. te ver en soms ook net herhaal, en daar is bepaald pragtige dinge, maar *Steenbok* bevat meer geslaagde gedigte, is die eerste verrassende deurbraak en is in die ontwikkeling van ons poësie m.i. belangriker as *Enklaves*. Omdat ek nou nie ewe geesdriftig oor jou tweede bundel is nie, wil jy my woeba. Wat Hudson se oordeel is, weet ek nie; ja, miskien stem ons saam. Ook D.F. Malherbe se oordeel ken ek nie - bedoel jy die 'maaier'-stuk? Maar daar tref hy my ook. In elk geval, dit kan my nie skeel wie met my saamstem en wie nie. Stem jy saam met Lindenberg? Ook oor A.J.J. Visser?

Dirk.

Ns. Was verbaas om te sien dat jy by 'n ander uitgewer is aangesien ons nooit jou bundel vir publikasie afgekeur het nie - ten spyte van verblummende selfbemartelegendifikasie! D.

Hoewel Opperman en Scholtz die manuskrip van *Enklaves van die lig* nooit afgekeur het nie, is dit tog so dat hulle voorbehoude die publikasie van die bundel vertraag het en Blum daardeur verplig was om na 'n ander uitgewer te gaan. Oor die intrinsieke literêre gehalte van Blum se twee bundels kan daar verskille bestaan, maar 'n mens voel tog dat *Enklaves van die lig*, veral in vergelyking met die gehalte van ander digbundels uit dieselfde tydperk, sonder aarseling vir publikasie aanvaar moes gewees het. In hierdie opsig gee 'n mens Human gelyk waar hy sê dat dit 'een van die weinige oordeelsfoute'[5] in Opperman se loopbaan was. Die hele gebeurtenis bring 'n breuk in die verhouding tussen Opperman en Blum en hulle sou na die verskyning van *Enklaves van die lig* nooit weer persoonlik met mekaar verkeer nie. In briewe aan vriende uit dié tydvak begin Blum spottend na Opperman verwys as 'ou dik Dirk' en 'Poeperman'. Nadat hy Suid-Afrika in 1960 permanent verlaat het, skryf hy nog enkele briewe en veral snedige kaartjies aan sy eertydse vriend.[6]

Afgesien van *Enklaves van die lig* het Opperman in die periode 1957-1959 ook met ander manuskripte te make gehad. Reeds in 1949 het hy 'n manuskrip gedigte met die titel *Na die somer* van Ingrid Jonker gelees. Indertyd het hy haar genooi om saam met hom 'n koppie tee te drink en die hele manuskrip met haar deur te gaan. Van dié ontmoeting het Ingrid Jonker later onthou dat sy aanvanklik 'baie opgewonde en 'n bietjie bang was', maar dadelik gerusgestel

is deur Opperman ‘se erns en kalmte en, bowenal, die briljante oë wat nie vir...(haar) uitgelag het nie’.[7] In die vyftigerjare het sy gereeld gedigte aan hom gestuur en dan het hy opmerkings daaroor gemaak en haar aangemoedig.[8] Haar debuutbundel *Ontvlugting* van 1956 het hy egter nie onder oë gehad nie.

'n Ander skrywer aan wie se werk hy in hierdie tyd baie aandag bestee, is A.P. Grové. Op versoek van Grové onderhandel hy met Nasionale Boekhandel oor die setwerk, band en tipografie van die bundel *Oordeel en vooroordeel* wat in 1958 verskyn. As Grové en J.L. Steyn hulle *Keur uit die Nederlandse poësie* (1959) voorlê, gaan Opperman die keuse noukeurig na en vergelyk hy sy eie voorkeure met dié van die twee samestellers, soms deur net een digter per aand te lees en daardeur feitlik die hele gebied van die Nederlandse poësie opnuut te verken. Reeds in 1951 werk hy mee as adviseur aan die agtdelige *Die skatkis* onder redaksie van Roy E. Stevens waarvoor hy ‘Janfrederik’ van Eugene Field en die Middelnederlandse ‘Heer Halewyn’ vertaal. Vir dieselfde redakteur se reeks *Wêreldletterkunde* behartig hy in 1959 die keuse uit die Afrikaanse verhaalkuns, voorafgegaan deur 'n inleiding. As *Sarie Marais* op 1 April 1959 'n spesiale uitgawe by geleentheid van ‘Die Wonder van Afrikaans’-fees en die vyftigjarige bestaan van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns publiseer, willig hy op versoek van Fred le Roux in om 'n artikel oor ‘Die vrou in die Afrikaanse letterkunde’ te skryf. Vir 'n spesiale bylae tot *Die Burger* van 6 April 1959 skryf hy na aanleiding van Helena Lochner se kindergedig ‘Albastertyd’ oor die ontstaanswonder en die wonderbaarlike voortbestaan van Afrikaans om dan uiteindelik by die digter se getoorde ghoenie en die skoonheidswonder van die taal uit te kom: ‘Die digter speel met die sterre albaster, sy ghoen gloei van 'n verborge lewe, raak met betowerde behendigheid ál die albasters...laat hulle spat uit die kringe!’

'n Skryfster met wie se werk Opperman reeds in sy jare by *Die Huisgenoot* kennis gemaak het, is Elise Muller. As die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan haar die Hertzogprys vir Prosa op grond van haar bundel *Die vrou op die skuit* toeken, willig hy in om die rede by die oorhandiging te voer, een van sy seldsame optredes by 'n Akademieplegtigheid. Op 23 April 1958 voer hy die woord in die Lesingsaal van die Bellvillese Burgersentrum. In sy rede verwys Opperman na Elise Muller se vroeë romans en onderskei hy tussen haar werk as ‘vakleerling’ en dié van die ‘volwasse kunstenares’ wat sy met *Die vrou op die skuit* en *Van eensame mense* lewer. In haar beste kortverhale ‘kies sy doodgewone voorvalle maar wat deur haar indringing en vormvermoë oomblikke van openbaring word, intense stukkies lewe in taal’. Daarby is ‘haar prosa opvallend deur sy onopvallendheid’. ‘In Afrikaans’, gaan hy voort,

> kry ons veral twee soorte prosa. Die eerste is 'n mooiskrywery, 'n juweeltjiesprosa, 'n opgeblase, geforseerde prosa wat deur 'n hele aantal van ons sogenaamde

> groot skrywers beoefen word, deur 'n professor of twee bedryf word en in die inleidingskolomme van een van ons koerante nageaap word. Hierdie soort prosa is in die verlede telkens deur die Akademie bekroon en dus aangemoedig terwyl dit een van die grootste bedreigings vir ons vertelkuns is. Die tweede soort prosa is die natuurlike, die nugtere en die heldere. Die Akademie het dit te laat by 'n M.E.R. ontdek, dit by 'n Van Melle glad nie raakgesien nie en tot dusver nog nie in 'n Boerneef bekroningswaardig geag nie. Daarom is ek dubbel bly dat die Hertzogprys aan Elise Muller toegeken word: eerste om die intrinsieke waarde van hierdie natuurlike prosa, tweedens omdat die Akademie dit onmiddellik en nie eens op haar oudag ontdek het nie. Die toekenning is dus 'n bekroning vir wat sy reeds bereik het en 'n aanmoediging vir haar en ander om in hierdie rigting voort te gaan.[9]

Afgesien van die behartigenswaardige dinge wat Opperman hier oor Elise Muller se werk sê, is die rede ook van belang vir sy siening van die ontwikkeling van die Afrikaanse prosa, juis in 'n tyd toe heelwat mense gekla het oor die ‘stilstand’ in dié genre en die hoop op die ‘ongeborenes’ gevestig het. Reeds vóór die bekroning van Elise Muller was die eerste tekens van 'n vernuwing op die gebied van die prosa egter al aan die gang. Waarskynlik as gevolg van sy ingesteldheid op die poësie het hierdie eerste ‘roersele’ by Opperman verbygegaan. In die vyftigerjare ontvang hy kortverhale en ‘prosas’ van Etienne Leroux en Jan Rabie vir *Standpunte*, maar weier alles vir publikasie. As Rabie se *Een-en-twintig* verskyn, maak dit op hom - wat in elk geval alle eksperimente met versigtigheid bejeën het - nie 'n besondere indruk nie. Hy laat na om *Die eerste lewe van Colet*, *Hilaria* en *Die mugu* by hulle verskyning te lees en raak eers geïnteresseerd as Van Wyk Louw in *Vernuwing in die prosa* pertinent op die belangrikheid van Leroux wys. Waarskynlik is hy in sy aanvanklike negatiewe gesindheid beïnvloed deur Canis Scholtz se sterk reaksie op sy ‘nefie’ se slordige prosa en swak taalgebruik en deur die feit dat hy en sy vrou by herhaling deur S.P. le Roux - Etienne Leroux se vader en Minister van Landbou in die Malan- en Strijdom-kabinette - vir ete na die Volksraad genooi is om sy seun te ontmoet. Voorlopig sou hy dus die eerste vreugde van die vernuwing in die Afrikaanse prosa nie deel nie.

IV

Na die oordrag van die redaksie-sekretariaat aan W.E.G. Louw maak Opperman hom losser van *Standpunte*, al behou hy sy belangstelling in die tydskrif. In 1959 keur hy die gedigte, W.E.G. Louw die artikels en Fred le Roux die prosa, terwyl Koos Human as redaksie-sekretaris optree. As daar sprake is van 'n uitbreiding van die redaksie, stel hy voor dat Peter Blum genader word om toe te tree en ook die sekretariaat oor te neem.

Teen hierdie gedagte neem Greshoff sterk standpunt in. ‘Een ieder die eenige goede gedichten schreef, ja ieder die een groot dichter is,’ skryf hy op 18 September 1959 aan Opperman,

> is dáárom nog geen goed tijdschriftleider!...Ik waardeer Blum in zijn beste gedichten, maar hij is voor een tijdschrift *véél* te weinig evenwichtig. Hij heeft mij ook te veel van een omgevallen boekenkast. Belezenheid staat niet gelijk met inzicht. Ook mist hij naar mijn overtuiging de noodige mate van objectiviteit voor een redacteurschap.

Aangesien W.E.G. Louw hom van die redigering wou losmaak, stel Opperman voor dat A.P. Grové die sekretariaat moet oorneem. ‘Tegen Grové heb ik minder bezwaren,’ laat Greshoff vir Opperman weet, ‘maar hij is mij wat te kleurloos en hij is in de verste verte geen Opperman.’ Tog moet Opperman se voorstel later vir die meeste redaksielede aanneemlik gewees het, want begin 1962 neem Grové die redaksie-sekretariaat oor.

Onder leiding van W.E.G. Louw verskyn *Standpunte* ongereeld en laat, sodat Blum die blad tot *Sloerpunte* herdoop. As Blum nie sy tjeks vir bydraes aan *Standpunte* van Louw ontvang nie, vra hy in 'n brief van 20 Junie 1957 aan Opperman: ‘... wil hy my bevark? Het daardie geredde siel dalk gewetensbesware teen uitbetaling aan heidene? Of het hy dit uit pure lojaliteit gestort in die Orrelfonds van die gemeente Albanie? Op briewe of telegramme reageer hy natuurlik nie: water off a saint's back. Ek wil graag weer iets instuur, maar ek wil ook nie my geestesprodukte in 'n boomlose vat gooi nie.... Kan jy die mannetjie nie 'n bietjie opdreun nie? Jy weet miskien hoe om met hom te werk te gaan: hy is my talente verby.’

In 'n brief van 16 Maart 1959 aan Opperman kla ook Rob Antonissen dat *Standpunte* byna vyf nommers agter is. Hy het agt keer aan W.E.G. Louw geskryf, ook oor dringende sake, ‘en nooit één enkele letter antwoord gekry nie’. Hy vermoed die swye het te make met sy bespreking van Louw se *Ou wyn van vreugde* en *Vaandels en voetangels* wat in hierdie stadium nog nie verskyn het nie en waarin hy ernstige stilistiese besware opper.

Antonissen se vermoede was korrek. Uit 'n brief van Maart 1959 van Opperman aan Antonissen blyk dit dat Louw baie seergemaak gevoel het oor die kritiek. Hy het aanvanklik geweier om Antonissen se stuk te plaas en Fred le Roux in sy vertroue geneem. Le Roux het dadelik telefonies met Opperman in aanraking gekom en vir hom die artikel ter insae gebring. Hulle was dit eens ‘dat die stuk streng is maar dat dit sonder die minste twyfel moet verskyn’. Hy deel Antonissen verder mee dat as Louw in sy weiering volhard om die stuk te publiseer, Le Roux op 'n redaksievergadering sal aandring sodat Opperman regstreeks inspraak kan hê.

'n Maand later het Louw egter uit eie beweging die stuk aan Opperman gewys, met die begin van 'n antwoord daarop. Opperman het Louw ten sterk-

ste afgeraai om op die stuk te reageer en selfs - in 'n oomblik van kru taalgebruik wat vir hom ongewoon was - sover gegaan as om te sê dat kak tot maatstaf in die repliek verhef word, 'n toespeling op die aanhaling uit Van Wyk Louw se ‘Opskrif vir gaste in 'n klooster’ wat as motto aan die begin van die repliek verskyn.

W.E.G. Louw wou egter nie luister nie. In *Standpunte*, XII:5, Junie 1959 verskyn Antonissen se kroniek tesame met ‘Splinter en balk?’, die skerp bewoorde repliek van W.E.G. Louw wat in die daaropvolgende twee nommers reaksies en teenreaksies van die twee polemiseerders uitlok. Die polemiek het duidelik uitgewys dat Louw onversigtig met feite omgaan. Hy moes Antonissen telkens skoorvoetend gelyk gee dat sy weergawe en berekeninge nie korrek was nie, al het hy hom nie van 'n venynige toon en stelwyse weerhou nie. Afgesien van die skade wat dié onaangenaamheid *Standpunte* aangedoen het, lei dit tot 'n breuk in die verhouding tussen Louw en Antonissen. Dit sou vyf jaar duur voordat die vriendskap herstel is.

V

Reeds voor sy vertrek na Europa het die Nasionale Boekhandel Opperman versoek om die reeks bloemlesings wat hy vir hulle saamgestel het, in te lei met 'n *Kleuterverseboek* en 'n *Klein verseboek*. Dit het beteken dat hy die hele gebied van die Afrikaanse kinderpoësie moes deurgaan en 'n keuse daaruit maak.

In die tweede helfte van 1957 moes hy hard hieraan werk en moet binne 'n kort tyd die werk voltooi het, want nog voor die einde van die jaar verskyn *Kleuterverseboek*, opgedra aan ‘Diederi en haar maatjies’. In sy ‘Verantwoording’ voorin sê hy dat die gedigte ‘volgens die kleintjie se natuurlike groei’ georden is: verse waarin ‘die ouer spelenderwys die baba help om homself te ontdek’, daarna 'n aantal slaapliedjies, ‘dan verse waarin die kleuter van sy omgewing en besittings bewus word’. Die boek is dus ‘in die eerste plek 'n skootboek: die ouer sit met die baba op die een knie en die boek op die ander en hulle kyk saam na die prentjies onderwyl die ouer lees, sing, speel en die teks opvoer...totdat die kleuter self later koers vat’. Daarom is die gedigte gerangskik van die eenvoudige na die moeilike. Opperman wys daarop dat samestellers van jeugbloemlesings dikwels nie die nodige erkenning gee aan digters uit wie se werk hulle opneem nie. Daarom sluit hy *Kleuterverseboek* af met 'n bronnelys en vermeld hy twee belangrike bronne uitdruklik in sy ‘Verantwoording’, naamlik S.J. du Toit se *Suid-Afrikaanse volkspoësie* en W. Versfeld se *Springbok rympies*.

Op *Kleuterverseboek* volg *Klein verseboek* wat in 1959 gepubliseer word, hierdie keer opgedra aan ‘Trienke, Heilarie en hulle maats’. Dié bloemlesing begin met eenvoudige kinderverse, maar word gou meer gevorderd in ooreen-

stemming met die ontwikkeling van die kind. Daarom word ook geskikte verse van erkende digters ingesluit, sodat - soos Opperman dit in die ‘Verantwoording’ stel - die kind ‘op natuurlike en gepaste wyse ingelei word tot die wêreld van die digters wat hy later as volwassene sal leer ken’.

Albei hierdie bloemlesings is by hulle eerste verskyning geesdriftig ontvang. In *Die Burger* van 7 Desember 1957 noem W.E.G. Louw *Kleuterverseboek* ‘een van die heerlikste boeke wat dit in jare my plesier was om onder oë te kry’, terwyl hy na aanleiding van *Klein verseboek* in *Die Burger* van 12 Februarie 1960 verstom staan ‘oor die groot verskeidenheid van die bronne wat Opperman vir dié bloemlesing aangeboor het’. Met die verskyning van dié twee boeke, gaan hy voort, ‘het Opperman nou wel die Afrikaanse poësie, by wyse van spreke, van die wieg tot aan die graf gedek: *Kleuterverseboek*, *Klein Verseboek*, *Junior*, *Senior* en *Groot Verseboek*. Of sou hy nog 'n *Ou Verseboek* vir die hoogbejaardes in die skild voer?’

Afgesien van die twee geleentheidstukke vir die ‘Wonder van Afrikaans’-fees en die inleiding tot die keuse uit die Afrikaanse verhaalkuns vir *Wêreldletterkunde* verskyn daar min kritiese werk van Opperman in hierdie jare. In 1958 publiseer Van Wyk Louw in *Die Burger* 'n reeks artikels oor ‘Geestigheid in die poësie’ waarin hy onder meer sê dat A.G. Visser onregverdig deur die kritiek behandel is. In dié verband verwys hy na die ‘verwaarlosing’ van Visser in *Groot verseboek*. Van Wyk Louw se artikels en veral die kritiek op die keuse in *Groot verseboek* ontlok by Opperman reaksie in *Die Burger* waarin hy sy opname van verse verdedig, die behandeling van Visser deur Afrikaanse kritici ontleed en tot die slotsom kom dat Van Wyk Louw in sy ‘daad van eenvoudige regverdigheid’ nou onbillik is teenoor die ouer kritiek en die indruk wek dat ‘hy as bekeerling bekeerdes probeer bekeer’. Opperman se reaksie, wat hy later in *Naaldekoker* opneem, is punt vir punt oortuigend beredeneer, maar die plek-plek skerp formulering is 'n aanduiding dat die spanning wat sedert *Digters van Dertig* tussen die twee digters ontstaan het, selfs ná die weersiens in Nederland, nie oorgewaai het nie.[10]

'n Ander stuk wat Opperman in dié jare skryf, onderneem hy op versoek van Fred Engelen. In die 1959-speeljaar voer Engelen Colijn van Rijssele se *Spiegel der minnen* in 'n verwerkte vorm vir die Koninklijke Nederlandse Schouwburg in Antwerpen en vir die Nationaal Toneel van België op. Vir die program skryf Eug. de Bock uit Vlaandere, Anton van Duinkerken uit Nederland en Opperman uit Suid-Afrika aantekeninge oor die stuk. In sy kort inleiding vat Opperman die waarde van die drama kernagtig saam en noem hy die optrede van die sinnekens een van die boeiendste elemente deurdat hulle die korrektief en ewewig verskaf en die keersy is van die sentimentele en die ernstige. Hierdie aantekeninge is 'n voorstudie tot Opperman se artikel oor *Spiegel der minnen* wat hy - met 'n verwysing na 'n uitspraak van J.J. Mak - onder die titel ‘Die allerbeste Nederlandse literêre werk?’ in

Standpunte, XIII:2, Oktober 1959 publiseer en in 1974 in *Naaldekoker* opneem.[11]

Teen die begin van 1959 het Opperman gevoel dat hy nou meer as genoeg artikels vir 'n bundel kritiese opstelle gereed het. Daarom besluit hy om sy belangrikste stukke uit *Die Huisgenoot* en *Standpunte* in *Wiggelstok* te bundel, 'n titel wat aan die kwatryn 'Droogte' in *Engel uit die klip* laat terugdink. *Wiggelstok* verskyn in November 1959. Die veertiental artikels in die bundel is chronologies volgens tema of onderwerp gerangskik. Dit begin met twee artikels oor die vroeë Afrikaanse letterkundige kritiek wat op Opperman se navorsing vir sy M.A. steun. Daarna volg artikels oor Totius, C.M. van den Heever, Van Wyk Louw, Campbell en Watermeyer. Na die 'Met apologie'-reeks plaas hy sy teoretiese stukke oor die kwatryn en die versdrama. Dit word gevolg deur die stukke oor Nederlandse digters (Hessels, Roland Holst, Greshoff en Achterberg) en die bundel word afgesluit met 'Kuns is boos!' wat as 'ars poetica' tereg die sluitstuk vorm. In 'n brief van 5 Desember 1959 bedank Izak van der Merwe Opperman vir die bundel en sê hy: 'Voel mos vir my of dit die belangrikste bundel kritiese opstelle is wat nog in Afrikaans verskyn het.'

Alhoewel die meeste resensies oor *Wiggelstok* oorwegend gunstig was, het 'n mens die gevoel dat die analitiese ingesteldheid van die meeste resensente hulle verhinder het om die sintetiese beskouinge van Opperman werklik na waarde te skat. A.P. Grové noem die publikasie in sy bespreking in *Die Huisgenoot* van 5 Februarie 1960 ''n gebeurtenis van groot betekenis', maar wys daarop dat 'n mens by Opperman 'nie die versigtige struktuuranalises (moet) soek wat die beste Afrikaanse kritiek van die jare vyftig kenmerk nie'. Hy gaan selfs sover om te sê dat kritiek vir Opperman 'nie 'n kwessie van redenering (is) nie', maar ''n intuïtiewe, byna op magiese vermoëns berustende werksaamheid'. Die gevolg hiervan is dat Opperman se waardebepalings 'nie altyd die logiese uitkoms van karakterisering (is) nie'. Wat hy veral waardeer, is dat 'hierdie stukke langs verskillende weë en soms omweë toegang bied tot Opperman se digterskap'.

'n Vermaaklike reaksie op *Wiggelstok*, wat terselfdertyd vir Opperman irriterend moes gewees het, is die resensie van Peter Blum. Op 24 Februarie 1960 skryf Blum aan Opperman dat W.E.G. Louw hom gevra het om die bundel vir *Die Burger* te bespreek. Hy stuur die resensie vir Opperman en maak die opmerking dat dit in sekere opsigte meer krities is

> as wat jy in 'die Suide' kry: ek weet nie of jy daarvan sal hou nie. As dit jou affronteer soos dit is, kan jy
> òf dit vir my terugstuur en my vra om êrens 'n bietjie meer geesdrif in te werk, (ek kán dit doen)
> òf Gladstone vra om die boek self te resenseer of vir 'n derde persoon te gee.
> As jy egter tevrede is met die stuk soos dit staan kan jy dit aan Gladstone stuur vir plasing. Jy kan in elk geval nie kla dat jy agter jou rug gekritiseer word nie.

> Ek het jou eie prosedure gevolg en 'n deurslag van hierdie brief gehou vir liassering.

Blum se hele optrede was sekerlik nie sonder 'n aansienlike mate van moedswilligheid nie, want hy moet geweet het dat Opperman nie die tipe persoon was wat met kritiek op sy werk sou inmeng nie. In 'n brief van 2 Maart 1960 skryf hy dan ook aan Blum:

> As redakteur van *Stdpte* het ek wel 'n kritiese bydrae van jou afgekeur omdat ek gereken het dat dit te skerp was, en ek het al persone oorgehaal om 'n uitspraak oor 'n ander minder skerp te herformuleer. Maar ek het nog nooit, en sal ook nooit, vrye uitspraak oor my eie werk beïnvloed of teengaan nie. (Of moes ek maar net geantwoord het: Ek trap nie in daardie slagyster nie!) Daarom het ek jou stuk onmiddellik op ontvangs aan Gladstone gepos.
> Die ‘deurslag’ (eintlik klad) van my brief het ek geliasseer, want jy het vroeër self gesê dat jy alles bewaar en boonop 'n dagboek aanhou - dus (hier wel ter selfbeskerming) 'n prosedure gebaseer op 'n prosedure!

Blum se resensie verskyn in *Die Burger* van 11 Maart 1960 en is 'n besonder eensydige en negatiewe stuk. Hy begin deur daarop te wys dat die opstelle nie 'n wye veld dek nie, toeligtings net uit Duits en Engels gehaal word, vreemde letterkundes en die wetenskap buite Opperman se belangstelling lê en 'n vooroordeel teen prosa-epiek bely word. Die feit dat baie opstelle geleentheidstukke is, bring mee dat daar ‘deurgaans liewers met die heuningkwas gewerk word as met die doringtak’. Die waarde van die bundel lê vir hom in die belangrike insigte in die agtergrond van Opperman se eie verse, sy werkmetode en sy digterlike strewe.

Hoewel Opperman hom altyd voor publikasie deeglik afgevra het of hy in sy werk glo en nooit iets uit sy hande sou laat gaan as hy nie absoluut oortuig was van die gehalte daarvan nie, moet die gedagte dat sy kritiek meer openbarend was in verband met sy eie poësie as dié van die werk onder bespreking, tog by hom ingang gevind het. In die sestigerjare het hy by meer as een geleentheid hom in gesprekke uitgelaat oor die betreklike waarde van die kritiek en van sy teorieë en insigte aan studente oorgelaat om in verhandelinge uit te werk eerder as om self artikels daaroor te skryf. Teen die einde van die vyftigerjare was hy in elk geval reeds só gevestig as digter dat hy die kritiek glimlaggend en gulhartig aan andere kon afstaan. Selfs in sy ‘telyforgaan’ *Helikon* verskyn daar onverwags in die uitgawe van September 1959 'n reeks briewe van lesers wat sý digterskap bo dié van Van Wyk Louw stel, 'n aangename afwisseling op die jarelange kleinlike aanvalle op sy werk en persoonlikheid! Ook in kritiese opstelle en dissertasies word sy gedigte, méér as dié van Van Wyk Louw of enige ander Afrikaanse skrywer, in die vyftigerjare aan streng ondersoek onderwerp en dra dit by tot 'n vernuwing in die Afrikaanse literêre kritiek. In die 1960-uitgawe van P.J. Nienaber se *Perspektief en profiel* stel A.P. Grové die werk

van Opperman by implikasie bo dié van Van Wyk Louw, die eerste Afrikaanse kritikus wat dit onomwonde só op skrif formuleer. Op die gebied van die poësie en die versdrama, skryf Grové, word Opperman

> vandag sonder twyfel aanvaar...as die belangrikste digter van Veertig, indien nie van die hele Afrikaanse literatuur nie. As digter kon hy voortbou op die beste van Dertig, maar meer nog: in die veertigerjare verteenwoordig hy die groeipunt in die Afrikaanse poësie. Hy is nl. die eerste digter wat finaal breek met die 'mooi' woord om sodoende in prinsipe die hele taal vir die poësie bruikbaar te maak. Trouens, in sy werk vind Afrikaans sy hoogste verwesenliking.[12]

VI

Tydens die Julie-vakansie van 1958 was die Opperman-gesin in Natal waar hulle die familie en jeugplekke, onder meer Vryheid, besoek het. Op pad terug is hulle deur Knysna en George en het die lang motorrit Opperman geweldig uitgeput. Hy het begin opsien daarteen om elke vakansie sulke reise te onderneem en begin uitkyk na 'n huis by die see waar hulle kon uitspan en ook vir naweke na kon wegvlug.

Terug in Kaapstad het hy Marié gevra om vir hulle 'n plek te kry waar hulle na die uitputtende reis by die see kon gaan sit en ontspan voordat die Universiteit heropen. Terselfdertyd kon hulle ook dink aan 'n plek waarheen hulle gereeld tydens vakansies kon gaan.

Op aanbeveling van Jan Scannell, Opperman se vriend uit sy studentedae en intussen verbonde as uitgewer aan die Nasionale Boekhandel, besluit hulle om Paul de Villiers, advokaat in die Paarl, se huis op Franskraal te huur. Vir Scannell was Franskraal 'n ideale vakansieplek by die see, sowel wat swem en seelewe as visvang betref. By Uilkraalsmond was 'n stil en veilige swemplek, terwyl rots, sand en duin by Franskraal self vir 'n voortdurende afwisseling vir die oog gesorg het. Daarby was daar naas natuurlike grasbedding ook baie struike, bosse, melkhoutbome, bamboes en 'n pragtige uitsig op die hele baai.

Die paar dae op Franskraal was so verfrissend dat die Oppermans dadelik besluit het om 'n standplaas te koop. In die verlede het hulle onder meer Mosselbaai as vakansieplek oorweeg, maar dit was te ver van Kaapstad vir 'n naweek se wegglip. Daarby het hulle gevind dat die klimaat, water en visvangs op Franskraal meer na hulle smaak was. By so 'n ruwe en afgeleë strandplek kon hulle volkome ontspan en selfs hulle ou klere na hartelus opdra. Ook Waenhuiskrans - waar Canis en Ena Scholtz dikwels gaan vakansie hou het - is oorweeg, maar vir Opperman was dit te ver en as strandoord te eenselwig. Daarby was Waenhuiskrans vir hom - soos hy dit later grappenderwys sou stel - deur Con de Villiers en Audrey Blignault 'literêr te veel opgemors'!

Die besluit het dus op Franskraal geval, ook omdat Opperman deur kostebe-

rekenings vasgestel het dat 'n strandhuis baie goedkoper as die jaarlikse vakansies per motor sou uitwerk. Met die oog op die einde van die jaar wou hy so gou moontlik op 'n standplaas besluit en met die bouery begin. Nog voor sy vertrek terug na Kaapstad was hy in verbinding met Louis Fourie, onderwyser maar ook sommer tandedokter en eiendomsagent op Gansbaai. By Fourie neem hy 'n opsie op 'n erf. Op 20 Julie 1958 ontmoet hy vir Hannes van der Merwe op Gansbaai. In twee motors ry hulle na Franskraal, maar Hannes kies die verkeerde pad oor Kleinbaai en Opperman val vas in die sand! Met 'n groot gesukkel kry hulle die motor weer uit en laai hulle die vrouens en kinders by Uilkraalsmond af. Daarna ontmoet hy en Hannes vir Louis Fourie wat op grond van sy beroep as Louis Lat bekend gestaan het, 'n man wat na aan die grond en die see was en met sy groen hemp, effens opgerolde broek, kaal voete, bietjie regop hare en klein gloeiende ogies volkome tuis was in die wêreld van Franskraal. Opperman koop die erf waarop hy 'n opsie geneem het, vir die bedrag van £285 van Louis Lat. Die standplaas was met varklelies oortrek en teenoor die strand by Mooimeisiesbaai, soos hy en Hannes dit gedoop het, geleë. Van daar het hulle 'n onverstoorde uitsig oor die see gehad.

Vir die bouwerk het Opperman deur bemiddeling van sy vriend Jack Theron geld by Saambou geleen en planne vir 'n houthuisie deur Hannes van der Merwe laat opstel. Die planne is voorgelê aan die Beheerders van Franskraalstrand en deur die Afdelingsraad goedgekeur. Elgin Timbers sou die bouery onderneem en het 'n kwotasie van £1163 vir al die werk ingedien. Hulle het 'n Welcome Dover No. 7-stoof vir die kombuis uitgesoek, want op Franskraal sou hulle geen elektriese krag of telefoon hê nie. Aan die begin van November 1958 was die uitgrawings flink aan die gang. Terwyl Opperman by die Universiteit eksamendiens doen en skrifte nasien, dink en leef hy voortdurend op Franskraal. Op 20 November word die fondamente gelê en vorder die huis vinnig. Die volgende dag word die dak opgesit en op 28 November trek die Oppermans met hulle meubels na Franskraal en bly hulle vir die naweek, die eerste keer dat hulle in die strandhuis kon oornag en die vreugde van 'n eie plekkie by die see kon ervaar.

Nog voordat hul huis op Franskraal gebou was, het Opperman begin belangstel in visvang. Soos sy gebruik in ander sake was, het hy 'n deeglike studie van alle aspekte daarvan gemaak. By Johan Spies en ander vriende het hy navraag gedoen oor die verskillende soorte visgerei en watter tipe katrol vir sy doel die geskikste is. Eers na die opweeg van alle inligting het hy op 'n stok en hoeke besluit. Kort voor lank, so vertel Schalk Pienaar by geleentheid, het hy sy eie visvangplek by Mooimeisiesbaai voor sy houthuisie en by die Blou Sloep gehad en die stok ingegooi ‘asof sy oupa hom geleer het hoe’.[13] Aan die begin van 1959 trek hy vyf klipvisse en 'n galjoen uit, terwyl hy in die Julie-vakansie van dieselfde jaar nie minder nie as een en twintig visse vang, onder meer dassies, galjoene, Hotnotjies, harders en ook 'n biskop van ses pond. Op die rotse het

die kinders krewels en alikruk uitgehaal. As die water begin sak, was Opperman lief daarvoor om na sentimentele liedjies te luister wat Heila met kitaarbegeleiding kon sing en het hy 'n eie sê-ding gehad:

> Alikruk alikrak
> die water die sak.
> Die ouvrou kom
> met 'n hoepel en 'n sak.

Teen sononder het hy graag met 'n dop Oude Meester of 'n glasie rooiwyn in die voorhuis gesit en oor die baai uitgekyk. Soms het Marié-hulle saamgesit en Zoeloeliedjies vir die kinders geleer. 'n Zoeloeliedjie waarvoor Opperman baie lief was en wat hy van kleintyd geken het, lui in die Afrikaanse vertaling: ‘My pa is dood en my ma is dood en nou klop my hart dô dô dô dô.’

Op Franskraal kon Opperman volkome ontspan en het hy ‘inspuitings’ gekry vir die eise wat sy skeppende werk en pligte as dosent aan hom gestel het. Die vakansies was vir die hele gesin heerlik en sorgvry. In dié tyd het die kinders hulle vader ook beter leer ken en saam met hom gaan stap, vis gevang en seekos uitgehaal. Dit was sy gebruik om elke jaar aan die begin van die Desember-vakansie die huis met behulp van sy ‘vroumense’ deeglik skoon te maak, te verf en die hout opnuut te vernis. Aan die begin moes hy ook die werf deeglik skoonmaak, stompe uitkap en met die hulp van die dogters houtmeubels vir die huis maak, iets wat sy praktiese aanleg mooi illustreer. Terselfdertyd was die werk terapeuties. Hy was ook daarop gesteld dat die ongereptheid van Franskraal ongeskonde moes bly en hy het jaloers gehelp om die natuurlikheid van die omgewing te bewaar. As werkspanne opdaag om die bamboes vir bemesting op te tel en dan nog die strand bevuil, skryf hy in 1959 verskeie briewe aan die Caledonse Afdelingsraad en aan die Direksie van Franskraalstrand (Edms.) Bpk. om daaroor te kla. Deur die verwydering van die bamboes gaan die seeluisies weg wat die visse vreet en word die voëllewe ook aangetas, aangesien hulle weer van die visse vreet en die hele ekologie sodoende versteur word.

Op Franskraal en Gansbaai het Opperman daarvan gehou om met die gewoonste vissers en werkers te gesels. Iemand wat gereeld 'n draai kom maak het, was Louis Lat. As hy reeds 'n dop of twee agter die blad gehad het, kon Louis Lat met sy brystem heerlik aan die sing raak:

> As oom Loewie so goed wil wees
> so skenk vir ons 'n bietjie wyn.
> Soveel daghe, soveel jaghe
> sal ons denk aan 'n klein bietjie wyn.

In teenstelling tot sy gewoonte in Kaapstad waar hy selde 'n kroeg sou besoek,

het hy soms op Gansbaai in die hotel gaan sit en met baie van die vissers bekend geraak. Hulle was aanvanklik onder die indruk dat hy 'n mediese dokter is. Hy het die skyn bewaar en boererate vir allerlei skete gegee. Op dié wyse het hy storietjies uit hulle gemelk en heelwat kennis oor die vis- en seelewe by hulle gekry.

Alhoewel Franskraal vir Opperman 'n plek van afsondering en wegvlug van die stadslewe was, het hy daarvan gehou om besoekers te ontvang en met die ander vakansiegangers te gesels. Die vakansiehuis op Franskraal het hom in die geleentheid gestel om met mense van uiteenlopende beroepe en belangstellings kennis te maak en vriendskappe op te bou. Onder sy nuwe vriende was Roelou en Mollie Geldenhuys, boere van Caledon en van die vroegste ‘seebadmense’ op Franskraal. Verder was daar Eddie Mesk, 'n skoolsielkundige, die broers Frikkie en Kosie van Zyl, laasgenoemde later burgemeester van Kaapstad, Hein Basson, senator en vroeër organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland, en Japie de Villiers, L.V. vir Caledon. Toe die Oppermans die houthuisie laat oprig het, was Hannes van der Merwe se huis nog nie klaar nie en het hy naweke in 'n grot kom oorbly! Daar het hulle vleis gebraai en is die eerste vergadering van die Franskraalse huiseienaarsvereniging gehou.

Nog iemand wat deur die Oppermans op Franskraal gekom het, was Schalk Pienaar, in daardie stadium verbonde aan *Die Burger* en bekend as een van die bekwaamste politieke kommentators van die Afrikaanse joernalistiek. Schalk en Antoinette Pienaar het na 'n geskikte strand vir 'n vakansiehuis gesoek en op aanbeveling van Marié Opperman huur hulle Paul de Villiers se huis vir 'n hele vakansie. Franskraal het hulle só geval dat hulle, nes die Oppermans, besluit het om 'n erf te koop en 'n houthuisie te laat oprig. Hoewel hulle mekaar reeds vroeër skraps geken het, was daar nou die geleentheid vir Opperman en Pienaar om 'n hegte vriendskap te ontwikkel. Op Franskraal kon Opperman wegvlug van klasgee en die ‘literêre gedoente’, terwyl Pienaar daar kon wegkom van die koerant. Met die gebruik van 'n hele paar glase brandewyn het die tonge losgekom en het hulle, dikwels saam met Hein Basson en Japie de Villiers, prikkelende gesprekke gevoer oor die politiek of soms net lekker skinderstories sit en vertel. Opperman was lief daarvoor, so kon Hein Basson later onthou, om iemand se tong te skraap. Hy het begin deur in die bondel te gesels, dan 'n klip in die bos te gooi en daarna te geniet as die ander verder baklei. Soms kon die klomp Franskralers vuurwarm rusie maak en kwaad van mekaar wegstap, net om die volgende oggend vroeg weer bymekaar te kom en versoeningsdoppe te drink! Van een so 'n geleentheid vertel Schalk Pienaar in 'n artikel wat hy vir Opperman se sestigste verjaardag in die bundel *Woord en wederwoord* skryf:

> Onder my melkbome op Franskraal om 'n braaivleisvuur wat gestook word lank nadat alle vleis al verdwyn het, het die argument opgevlam. Wat maak dit tog saak waaroor dit alles gegaan het. Niemand sal dit werklik nog

onthou nie. Maar dit was tussen Dirk Opperman en sy argitek-vriend Hannes van der Merwe.
Eintlik was ek aan Dirk se kant, maar toe dit naderhand moord se kant toe staan, het die heer van die bome op die gasreg gesteld geraak. Ek sak toe Hannes se kant in. Daarmee raak die duiwel nog 'n bietjie losser.
Die vroue daar eenkant het agterna vertel hulle het gewonder of hulle nie moet nader staan voordat daar vuis geslaan word nie. Gelukkig het hulle hulle vir 'n wonder bedink.
In die proses het my voorraad kleinigheid - wat glad nie klein was om mee te begin nie - gedaan geraak. Dirk laat daar doer by sy houthuisie 'n aanvullende iets haal en die argument loop op gladde wiele voort.
So het dit skemer geword en is ons, hoe ook al, vir die nag uitmekaar.
Anderdagmôre wonder ek by myself wat tog die nasleep kan wees. Ek ken Dirk toe nog nie so goed nie en 'n mens wil darem nie hê dat 'n ding wat op jou eie werf begin het, kwaaivriendskap op Franskraal moet saai nie.
Ek tel my paar voete op en stryk aan Dirk toe. Half skugter kyk ek om sy huisie se hoek. Daar sit hy en peuter aan 'n agtuurvuurtjie. In dieselfde asem dat hy môre sê, roep hy deur 'n oop venster: Marié, daar is witwyn in die yskas; stuur een van die dogters met 'n fles.
En op daardie ongoddelike uur drink ons, sonder enige verwysing na gister, 'n vredesdop.[14]

Nog voor hulle huis op Franskraal voltooi was, het die Oppermans besluit om 'n soort logboek[15] van die lewe daar te hou. Aanvanklik het Opperman self aantekeninge gemaak oor hulle keuse van 'n strand en besonderhede verskaf oor die koop- en bouplanne, die eerste besoekers en lyste opgestel van die visse wat gevang is en deur wie. Daarna het die kinders hulle indrukke en ervarings begin opteken en het Trienke van haar rympies oor die see neergeskryf, terwyl besoekers ook die geleentheid gegee is om iets daarin neer te pen. Onder die eerste besoekers wat nie self huise op Franskraal gehad het nie, was Jack en Retha Theron, Dik-David de Villiers en sy gesin, Koos Human, Meyer en Suna de Villiers en Duke en Hettie Erlank. Wanneer van dié vriende op besoek kom, het Marié heerlike seegeregte voorberei en het die wyn onder die gesellige pratery gevloei. By geleentheid teken Erlank aan dat Marié 'n gasvrou is ‘soos die Voorsienigheid, onsigbaar en alomteenwoordig’. Die eerste aantekening in die logboek van 'n ‘buitestaander’ is dié van Fred le Roux wat in die styl van die ou skeepsjoernale en dagregisters uit die Hollandse periode aan die Kaap oor sy besoek aan Franskraal tydens die jaarwisseling van 1958-1959 rapport doen:

Op die laaste dag van Desember A^{o} 1958, na lang trek deur barre streke vol benouenisse, aangekom te Franskraal aan die mond van die Uilenkraalrivier by die strandstaning van Diederik Johannes Opperman. Woon met die myne in die boesem van sy gesin vir vier nagte en twee en anderhalfdag. Gespysig met vrugte

van die see, die vettigheid van die land, verkwik in die gees, gesterk deur die sterkte van die vriendskap, vertrek ons bemoedig die onbekende in hede vandag 4e Januarie Ao 1959. (Uit die Dagverhaal van F.J. le Roux.)

VII

Reeds in die vyftigerjare het Opperman heelparty mense van Stellenbosch, soos die Ruperts, die De Villiers's, die Erlanks en Ernst van Heerden, goed geken en oor en weer besoek. Só intiem was hy byvoorbeeld met Meyer en Suna de Villiers bevriend dat hy tydens sy besoeke aan hulle in die middag 'n tydjie gaan slaap het om hom dan later weer by die geselskap aan te sluit. Alhoewel hy vroeër manuskripte van Stellenbosse studente soos Ina Rousseau en Peter Blum moes beoordeel en ook bevriend was met Hennie Truter wat aan sy doktorale studie onder F.E.J. Malherbe gewerk het, was hy nie verder in direkte aanraking met studente van dié universiteit nie. Op 14 September 1957 was hy en Marié die eregaste by die jaarlikse dinee van die redaksie van *Prisma*, indertyd die prestigeblad vir kuns en literatuur van die Stellenbosse studente. By dié geleentheid het die program en spyskaart allerlei toespelings op Opperman se werk bevat en is jong skrywers soos Abraham de Vries en Wilhelm Knobel, wie se eerste werk reeds in daardie stadium begin verskyn het, aan hom voorgestel. Veel verder as 'n eerste kennismaking het dit egter nie gekom nie.

Aan die einde van 1959 sou F.E.J. Malherbe as professor in die Afrikaanse Letterkunde aftree en die betrekking dus vakant wees. In die vyftigerjare het Ernst van Heerden, in daardie stadium lektor in Afrikaans aan die Fakulteit van Opvoedkunde, by herhaling vir Malherbe en Erlank waargeneem wanneer hulle met groot verlof in Nederland of België was, en op Stellenbosch het almal derhalwe verwag dat hy vir Malherbe sou opvolg. Erlank het by meer as een geleentheid te kenne gegee dat hy Van Heerden se kandidatuur sou steun as die pos vakant kom. In 1959 was Van Heerden op 'n uitgebreide reis in die Verenigde State om 'n studie van die moderne Amerikaanse letterkunde te maak. Die gedagte was dan dat hy sou terugkeer om die professoraat te aanvaar.

Reeds lank voor Malherbe se aftrede het Meyer de Villiers egter met Opperman gepraat oor die vakature wat aan die kom is en gevra of hy in die betrekking sou belangstel.[16] Opperman het in daardie stadium ontuis gevoel by die Universiteit van Kaapstad en was teleurgesteld met sy oorwegend Engelstalige studentemateriaal en die onbegrip vir die Afrikaanse wêreld. Op Stellenbosch sou hy die geleentheid hê om binne 'n Afrikaanse gemeenskap te werk met 'n studentekorps wat 'n veel groter potensiaal vir skeppende en kritiese talent ingehou het. Hy het dus onmiddellik aan Meyer de Villiers te kenne gegee dat hy baie in die betrekking belangstel.

Vroeg in 1959 het die vier professore van die Stellenbosse Departement Afrikaans-Nederlands - Malherbe, Erlank, Kempen en De Villiers - byeengekom om oor die komende vakature te gesels. Aanvanklik is gemeen dat hulle slegs 'n senior lektor sou benoem en dat Van Heerden dan gevra sou word om die pos te vul. Toe Meyer de Villiers egter die moontlikheid van Opperman noem, was die ander drie professore - óók Erlank - onmiddellik ingenome met die gedagte. Op 'n gesamentlike vergadering van die vier professore en die aanstellingskomitee is die naam van Opperman voorgelê. Die vergadering het besluit om die pos nie te adverteer nie, maar vir Opperman aan te bied.

Nog voordat die Senaat die aanstelling kon bekragtig, het Kempen in sy hoedanigheid as voorsitter van die Departement, en in daardie stadium ook Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die ongewone en gewaagde stap gedoen om Opperman te bel en hom die betrekking as opvolger van F.E.J. Malherbe met ingang 1960 aan te bied. Opperman het dit onmiddellik en met groot geesdrif aanvaar. Toe die Senaat daarna byeenkom, het Kempen die vergadering meegedeel dat die Departement en die aanstellingskomitee gesamentlik vir Opperman die pos aangebied het en dat dit rééds deur hom aanvaar is. Die Senaat was dus gekonfronteer met 'n voldonge feit en 'n besluit wat reeds vir hom, as die hoogste akademiese liggaam van die Universiteit, deur een van sy komitees geneem is![17]

Die prosedure wat met die aanstelling gevolg is, was dus hoogs ongewoon, en 'n mens kon redelikerwys verwag dat dit reperkussies sou hê. Senaatslede soos P.F.D. Weiss, professor in Semitiese Tale, was ongelukkig oor die benoeming en oor die feit dat Van Heerden verbygegaan is. Op die vergadering het Finus M.P. Oosterhof, professor in Frans, gesê dat hy heelhartig met die keuse van Opperman akkoord gaan, maar dat die aangeleentheid verkeerd gehanteer is. Die koeël was egter deur die kerk. In 'n brief van 1 Julie 1959 bied die registrateur van die Universiteit van Stellenbosch Opperman die professoraat in Afrikaanse Letterkunde aan. Die aanstelling sou geld vanaf 1 Januarie 1960 teen 'n aanvangsalaris van £2070 per jaar wat sou oploop tot £2400 per jaar. Op 23 Julie 1959 maak *Die Burger* bekend dat Opperman op Stellenbosch aangestel is en die pos aan die begin van 1960 sal aanvaar.

Kort ná die amptelike bekendmaking het die Oppermans begin soek na 'n huis op Stellenbosch. Een van die beskikbare huise was dié van mev. Pienaar, weduwee van wyle prof. E.C. Pienaar. Die huis het Opperman egter nie geval nie weens die wankelrige vloer van die studeerkamer. Daarby het hy getwyfel of hy ooit geestelik tuis sou voel in 'n huis wat deur E.C. Pienaar, met sy minagting vir die digkuns van Dertig en later, bewoon is! Intussen het Meyer en Suna de Villiers te hore gekom dat prof. J.J. Strassheim se woning in Mostertsdrift te koop is. Hulle het dadelik gevoel dat dit die ideale huis vir hulle vriende is. Nog vóór die Oppermans dit self kon besigtig, het Meyer de Villiers die huis gaan wys vir Hannes van der Merwe wat toevallig vir 'n gesel-

ligheid op Stellenbosch was. Toe hy in Tamboerskloof tuiskom, het Van der Merwe dadelik oorgestap na Opperman en gesê: 'Dirk, jy het jou huis op Stellenbosch. Prof. Strassheim se woning is die ideale plek vir jou.' Die Oppermans het gaan kyk en Opperman was onmiddellik ingenome met die studeerkamer en dus ook die huis en sy ligging in Thibaultstraat 3, naby die De Villiers's en vlakby die Ruperts wat in dieselfde straat gewoon het. Opperman het die huis vir £6418 kontant gekoop en die koopakte op 13 Augustus 1959 op Stellenbosh geteken. Op sy versoek het Hannes van der Merwe weer die naam van die huis uitgeteken, sodat hy dit op 'n koperplaat kon laat graveer. Hierdie keer het Opperman die huis Kiepersol genoem, 'n boomsoort wat hy van sy jeugjare af geken het en 'n woord wat hy reeds in die eerste gedig in *Heilige beeste* gebruik en wat daarna telkens weer in sy poësie sy verskyning maak.

Aangesien Opperman volgens sy kontrak ses maande kennis moes gee van diensopsegging, het hy in Julie 1959 sy bedanking as senior lektor by die Universiteit van Kaapstad ingedien. Vir Scholtz was dit 'n gevoelige slag, want hy het, ten spyte van verskille, veel aan Opperman as kollega gehad en het geweet dat aan die letterkundige kant van die Departement 'n hiaat kom wat hy nie maklik sou kon vul nie. Aangesien die senior lektoraat 'n persoonlike bevordering van Opperman was, sou dit met sy bedanking verval en sou die pos volgens die 'fixed establishment' van die Departement as 'n lektoraat geadverteer word. Hy was dus bevrees dat hy nie 'n goeie aanstelling sou kon maak nie.[18]

Tog het Scholtz die bevordering aan Opperman gegun, al was hy skepties oor die vraag of 'n skeppende kunstenaar in die klein, knus Stellenbosse gemeenskap werk van formaat kon lewer. Scholtz (en ook Izak van der Merwe en sommige mense van die Nasionale Pers) het 'n bietjie neergesien op Stellenbosch wat - afgesien van Uys Krige (oor wie se werk hulle ook maar hulle bedenkinge gehad het) - geen werklike groot skrywer voortgebring het nie, terwyl die Universiteit van Kaapstad kon roem met prominente digters as oudstudente. Daarby het die gepubliseerde navorsingswerk van Stellenbosse doktorale kandidate yl vertoon naas dié van Kaapstad, ten spyte van die feit dat Stellenbosch potensieel 'n veel groter getal nagraadse studente gehad het. Mense van Scholtz se geslag het die Departement op Stellenbosch geassosieer met E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe, literatore wat volgens hulle knutselwerk verrig het en as vakkundiges van twyfelagtige status was.

Die tyd vir Opperman se vertrek het nader gekom en hy het Scholtz meegedeel dat hy op 28 November 1959 op Stellenbosch sou intrek waar hy telefonies maklik bereikbaar sou wees indien daar iets met die afhandeling van sy universiteitswerk sou opduik. Blykbaar het dié datum nie by Scholtz geregistreer nie, want op 'n aand bel hy Izak van der Merwe om reëlings te tref in verband met 'n afskeidsgeselligheid vir die Oppermans. Toe hy 'n moontlike datum voorstel, sê Van der Merwe aan hom dat die Oppermans dan reeds op Stellenbosch sal wees.

Scholtz was ontsteld oor die aangeleentheid, omdat hy nie van Opperman se planne bewus was nie. Toe hy daarop Opperman bel, deel hy hom mee dat hy niks van die vertrekdatum weet nie en dat Opperman in elk geval as dosent van die Universiteit van Kaapstad nie die reg het om voor die einde van Desember van woonplek te verander nie. In die woordewisseling wat daarop ontstaan, sê Opperman dat hy Scholtz wel deeglik oor sy bewegings ingelig het en vanuit Stellenbosch net so maklik as vanuit Tamboerskloof sy verpligtinge by die Universiteit van Kaapstad - waar alle doseer- en eksamenwerk reeds afgelope was - sou kon nakom. Toe Scholtz herhaal dat hy nooit oor die vertrekdatum ingelig is nie en die taktiese flater begaan om vir Opperman te vra of hy hom tot 'n leuenaar maak, was Opperman se antwoord: ‘Ek hét jou ingelig. As jy dit ontken, is jy 'n leuenaar.’ Daarmee was die gesprek beëindig en het Scholtz en Opperman waarskynlik ongeveer gelyktydig die telefoon neergegooi.

As 'n mens die onmiddellike aanleiding tot hierdie finale breuk in die vriendskap tussen Opperman en Scholtz in isolasie bekyk, moet 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat dit van albei kante af 'n kleinlike aangeleentheid was. In 'n artikel wat hy in 1973 oor sy verhouding met Opperman skryf, sê Scholtz dan ook dat daar aan die einde van 1959 aan hulle ‘saamdink en saampraat oor alles wat vir...(hulle) van belang was, 'n simpel einde gekom het’.[19] Opperman se optrede en sy heftige reaksie was egter die laaste druppel in 'n reeks klein irritasies wat hy moes verduur en waaraan Scholtz se uitgesproke bewondering vir Van Wyk Louw tydens die oggendtee geen geringe aandeel gehad het nie.

Om oor Scholtz se ‘voorskrifte’ in verband met die woonplek van dosente helderheid te verkry, het Opperman 'n afspraak met die registrateur van die Universiteit van Kaapstad gemaak. Hy is meegedeel dat die Universiteit hoegenaamd nie bepalings het wat die residensie van personeel betref nie. ‘You can live in Timbuktu as far as we are concerned, as long as you fulfil your duties,’ was mnr. Benfield se woorde aan hom. In 'n brief van 26 November 1959 stel Opperman Scholtz dan ook in kennis van sy Stellenbosse adres vanaf 28 November en voeg hy by: ‘Die registrateur verseker my dat die Universiteit van Kaapstad hoegenaamd nie voorskryf waar enige van sy dosente moet woon nie.’ Dit was die laaste skriftelike mededeling van Opperman aan Scholtz, maar die brief word nog hoflikheidshalwe met ‘Beste Canis’ aangehef en behoorlik afgesluit. Scholtz was egter in die onbenydenswaardige posisie dat hy en Opperman die beoordelaars was vir 'n Letterkundige Prysvraag by die Universiteit van Kaapstad en dat hy noodgedwonge met Opperman in verbinding moes tree. Op 24 November en weer op 1 Desember stuur Scholtz abrupte mededelings aan Opperman met opdragte dat van die manuskripte per geregistreerde pos aan hom teruggestuur moet word. Die mededelings word egter nie voorafgegaan deur die gebruiklike hoflike aanhef nie.

Die breuk wat daar hiermee in hulle verhouding gekom het, sou nooit weer

ten volle herstel nie. Jare lank het hulle geen kontak met mekaar gehad nie en mekaar geïgnoreer op gesellighede van die Nasionale Pers waar hulle toevallig albei gaste was. By geleentheid het Edith Raidt, wat 'n oud-student van sowel Opperman as Scholtz was, 'n versoening probeer bewerkstellig en daarvoor van Kaapstad na Stellenbosch oorgery. Alhoewel Opperman haar hoflik ontvang het en bereid was om die saak te bespreek, het hy haar goed laat verstaan dat daar niks aan te doen is nie. Scholtz het wel pogings aangewend om die breuk te herstel. Met die verskyning van sy *Taalhistoriese opstelle* in 1963 het hy 'n eksemplaar van die boek aan Opperman gestuur met die inskripsie: ‘For old times' sake.’ Opperman was egter nie geïnteresseerd in 'n voortsetting van die verhouding nie. As antwoord het hy 'n eksemplaar van *Dolosse* aan Scholtz gepos en voorin geskryf: ‘Dankie vir *Taalhistoriese opstelle* en die ou dae.’ Toe Opperman in 1969 die Hertzogprys vir *Voëlvry* in Pretoria moes ontvang, was Scholtz ook aanwesig om 'n toekenning vir sy navorsing op die gebied van die kunsgeskiedenis te kry. By dié geleentheid het daar vir die eerste keer weer 'n gesprek tussen die twee plaasgevind. In 1979, met die verskyning van *Die galeie van Jorik* by geleentheid van Opperman se vyf en sestigste verjaardag, was Scholtz ook op die geselligheid en was daar 'n hartlike gesprek tussen hulle, al het 'n ‘amptelike’ herstel van die vriendskap nooit plaasgevind nie.

Met die naderende vertrek na Stellenbosch het die opgewondenheid by Opperman toegeneem en het hy begin uitsien na die nuwe woonplek, die prikkels van Afrikaanstalige studente en nuwe kollegas. As Matthie Taljaard, professor in Geologie in Stellenbosch en iemand wat 'n groot belangstelling in die letterkunde gehad het, in Oktober 1959 in die Stellenbosse Sanatorium opgeneem word as gevolg van 'n kol op die long, stuur Opperman vir hom op sy versoek 'n eksemplaar van *Joernaal van Jorik* met die volgende inskripsie:

> Mag u weer binnekort agter die wiel
> opnuut - ná die gedwonge rus - besiel
> oor berge en die vlaktes soek...en tolk
> wat spreek uit ertse, strata en fossiel.

Van sy nuwe kollega Erlank ontvang Opperman 'n bladsy van 'n antwoordskrif wat 'n power derdejaarstudent in die Novembereksamen van 1959 vir F.E.J. Malherbe geskryf het. Malherbe se vraag was: ‘Belig een of meer aspekte van D.J. Opperman se digkuns met verwysing na bepaalde gedigte.’ Na aanleiding van ‘Vakansiebrief’ skryf die kandidaat: ‘Hier kry ons 'n moontlike sinspeling op homself: Hy dink ook terug aan die tyd toe hy self nog nie steriel was nie en geboorte kon wek.’ Malherbe teken daarby aan: ‘Arme Opperman!’ Erlank, wat sy lewe lank 'n jeukerigheid vir rympies gehad het,[20] kon hom nie daarvan weerhou om die bladsy uit te skeur en onderaan 'n gewaagdheid te skryf nie:

In memoriam Opper-man

Dirk Opperman is nou steriel,
Daartoe't die digkuns hom gebring;
Wat eenkeer was sy seksepiel
Is nou nog net sy piepieding.

Op 28 November verlaat die Oppermans Baaisiglaan 10 in Tamboerskloof en trek hulle na Thibaultstraat 3, Mostertsdrift. Dieselfde aand skink Opperman sy eerste bier in sy nuwe Stellenbosse woning Kiepersol. Kort daarna ontvang hy 'n rekening van die verhuisingsfirma vir die belaglike bedrag van £22.0.0, wat duidelik 'n vergissing was. Opperman het die rekening onmiddellik betaal en daarmee die moontlikheid van 'n latere korreksie uitgeskakel!

Vir 'n gedeelte van Desember is hulle na Franskraal om te ontspan en uit te rus, maar Opperman wou vroeg in Januarie terug wees op Stellenbosch om sy lesings te beplan en met sy werksaamhede vir die jaar te begin. Hy het oorgeloop van geesdrif vir sy nuwe betrekking.

Eindnoten:

1 Verslae oor die plegtigheid en Erlank se huldigingsrede verskyn in *Die Burger* van 26 Augustus 1957 en *Eikestadnuus* van 30 Augustus 1957.
2 P.J. Nienaber, *Die Hertzogprys vyftig jaar*, Kaapstad, 1965, pp. 90-93.
3 J.J. Human skets die publikasiegeskiedenis van *Enklaves van die lig* in ‘D.J. Opperman en die uitgewersbedryf’, *Standpunte*, XXXII:5, September 1979. Die aangehaalde gedeelte kom uit p. 5 van dié artikel. Op Human se weergawe van die verloop van die gebeure reageer J. du P. Scholtz in *Standpunte*, XXXIV:3, Junie 1981.
4 D.F. Malherbe se *Kruis en kraai* en A.J.J. Visser se *Kaleidoskoop* het albei by Nasionale Boekhandel verskyn, laasgenoemde op aanbeveling van 'n keurdersverslag deur Ernst Lindenberg.
5 Human, op cit., p. 6.
6 In sy briewe het Blum dit veral teen wat hy die ‘samestelers’ of ‘kompielers’ van bloemlesings noem. In 'n brief van 3 Mei 1966 uit Londen laat weet hy vir Opperman dat ‘julle kan bloemlees en kultpropageer vir die vales, maar SONDER MY EN MY WERK;...Hande weg van my en my werk!’ In een van sy periodieke kaartjies wens hy Opperman geluk met Pienaarsdag waarop E.C. Pienaar, ‘Vader van die Afrikaanse Bloemlesing’, herdenk word.
7 Ingrid Jonker, *Versamelde werke*, 2 Johannesburg, 1983, p. 207.
8 Ibid., p. 216.
9 Die Akademie het die geleentheid gehad om hierdie voortreflike rede in een van hulle organe op te neem, maar weier publikasie omdat Opperman kritiek op dié liggaam uitspreek! Jare lank was net die verslag oor dié rede in *Die Burger* van 25 April 1958 bekend en is vermoed dat die manuskrip verlore geraak het. Daarom kon dit dan ook nie in Opperman se *Verspreide opstelle* van 1977 opgeneem word nie. Uiteindelik is die manuskrip in die Akademiekantoor in Pretoria opgespoor.
10 Ook op 'n ander terrein is Opperman in hierdie jare polemies besig. As die Automobiel-Assosiasie in 1959 nie die taalregte van Afrikaners eerbiedig nie, help hy om 'n omsendbrief op te stel en reik hy 'n verklaring uit wat in *Die Burger* van 6 Mei 1959 gepubliseer word. Die voorsitter van die A.A. reageer hierop, maar uit sy verklaring blyk dit dat hy nog nooit van Opperman as digter gehoor het nie! Dit lei tot 'n hoofartikel van *Die Burger* in die uitgawe van 10 Mei 1959.

Sommige mense het ná Opperman se deelname aan hierdie polemiek gemeen dat hy van plan was om tot die politiek toe te tree!

11 In *Kuns-mis* slaan die gedig ‘Spiegel der minne’ ook op Van Rijssele se drama.

12 P.J. Nienaber (red.), *Perspektief en profiel*[5] Johannesburg, 1982, p. 491.

13 Schalk Pienaar, ‘Dirk Opperman’, Merwe Scholtz (red.), *Woord en wederwoord*, Kaapstad, 1974, p. 192.

14 Ibid., p. 191.

15 Die logboek word tans nog bewaar in die Franskraal-woning van die Oppermans.

16 Volgens 'n mededeling van dr. P.R.T. (Philip) Nel - skool- en universiteitsvriend van Opperman en latere Natalse Direkteur van Onderwys - was dr. E.G. Jansen, indertyd die Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika, en sy vrou ongeveer in 1958 op besoek aan Pietermaritzburg. Tydens 'n ete het mev. Mabel Jansen, wat as skryfster steeds haar belangstelling in die literatuur behou het, gevra wie vir die professoraat in Afrikaanse Letterkunde op Stellenbosch in aanmerking kom. Prof. G.S. Nienaber het onmiddellik geantwoord: ‘Dirk Opperman is die man.’ Mev. Jansen was dadelik geïnteresseerd en het te kenne gegee dat sy met prof. H.B. Thom, Stellenbosse rektor, in verbinding sou tree. Of mev. Jansen dit inderdaad gedoen het, kon ek nie vasstel nie, maar sy was die tipe persoon wat dinge kon deurvoer as sy daartoe besluit het. Na alle waarskynlikheid sou 'n aanbeveling van haar kant, selfs as 'n mens haar besondere posisie van destyds in aanmerking neem, nie gewig gedra het nie. In 'n onderhoud kon prof. Meyer de Villiers hom nie herinner of 'n aanbeveling van mev. Jansen ooit ter sprake gekom het nie.

17 As Opperman op 26 Februarie 1960 die ‘Kolporteur en kunstenaar’-lesing voor die Stellenbosse studente hou, skets Kempen by wyse van voorstelling die verloop van gebeure wat tot Opperman se aanstelling gelei het. Kempen se voorstelling (saam met Opperman se rede) is opgeneem deur die SAUK en afgedruk op 'n plaat wat in my besit is.

18 Scholtz se vrees was ongegrond, want in Ernst Lindenberg kon hy 'n jong literator met groot moontlikhede en 'n gewilde, meevoerende dosent aanstel.

19 J. du P. Scholtz, *Oor skilders en skrywers*, Kaapstad, 1979, p. 17.

20 'n Rympie wat Erlank in 1958 vir Opperman stuur, lui as volg:

Rymteelt

Daar was eenkeer 'n teler, Dirk Opperman,
wat ryme geteel het so al wat hy kan.
Hy 't manlike en vroulike ryme gepaar
En die ryme laat paar openbaar
Of, verdoesel, onder kombers,
Laat vry met mekaar
By 'n rokerige kers.
En, gomma!, die goed het geteel
En die aardryk in elke deel
Vervul met ryme wat baar.

IV Stellenbosch 1960-1985

Hoofstuk 10
Hoogleraar

I

Met die aanvaarding van die professoraat op Stellenbosch was Opperman in die geleentheid om binne 'n gemeenskap en werkkring te beweeg wat oorwegend Afrikaanstalig en Afrikaansvoelend was. Al het hy sy ou vriende van Kaapstad deur die geografiese verwydering nou minder gesien, het die nuwe kennismakings, die dorpslewe en die kleiner afstande op Stellenbosch ruimskoots daarvoor vergoed. Betreklik gou kon hy 'n ruim en uiteenlopende vriendekring opbou.

Maar in sy eerste jaar op Stellenbosch het Opperman hom veral vreugdevol aan sy nuwe werkkring, onmiddellike kollegas en studente gewy. Die Departement Afrikaans-Nederlands waarby hy aangesluit het, was van vroeg af aan die taalkunde-kant beroemd vir gedugte vakkundiges soos J.J. Smith en A.C. Bouman wat hulle doseerwerk met groot deeglikheid en nougesetheid verrig het. Aan die letterkunde-kant was daar aan die begin van die twintigste eeu die konsensieuse maar vroeggestorwe Lydia van Niekerk, die eerste persoon wat met 'n proefskrif oor 'n Afrikaanse letterkundige onderwerp gepromoveer het.

Die twee vakkundiges wat oor etlike dekades in beheer gestaan het van die literêre afdeling van die Departement, was egter E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe. Pienaar was bekend as sterk vaderlander en volksman, maar het weinig aanvoeling en begrip vir die Afrikaanse poësie van Dertig en later gehad. Met sy negatiewe resensie oor *Die halwe kring* het hy hom die wantroue en minagting van die Dertigers op die hals gehaal, terwyl sy anti-Engelse gesindheid in *Werda* (1938) deur Elisabeth Eybers die ‘voortdurende en stelselmatige eksploitasie van die kudde-instink’[1] genoem is. Met sy redigering van *Ons Eie Boek* en sy gereelde boekbesprekings in dié blad en *Die Huisgenoot* was Malherbe aktiewer as kritikus, al was hy van vroeg af in onguns by die Dertigers deur sy vermeende betwisbare oordeel oor Van Wyk Louw se vroeë werk, sy foutiewe etikettering van die vernuwing in die poësie as ‘indiwidualisties’ en sy optrede binne die geledere van die Vereniging vir die Vrye Boek. Hy was

dan ook by herhaling in die veertigerjare die prooi van Kees Konyn se striemende aanvalle. In Opperman se Kaapse vriendekring was daar baie mense wat die literêre bedrywigheid op Stellenbosch geassosieer het met Pienaar en Malherbe: wansmaak, oorhaastig afgerammelde werk en oppervlakkige wetenskaplike navorsing.

Na sy dood is Pienaar in 1950 opgevolg deur W.J. du P. Erlank, 'n letterkundige wat eerder op grond van sy roem as volksredenaar en lojale Afrikaner as sy status as digter en literator die benoeming gekry het. Erlank was onder die indruk dat hy as opvolger van Pienaar die Afrikaanse letterkunde sou doseer. Met sy aankoms op Stellenbosch het Malherbe egter 'n groot deel van die Afrikaanse letterkunde en die moderne Nederlandse poësie as sy aandeel opgeeis en die Middeleeue, die Goue Eeu en die res van die moderne literatuur aan sy kollega oorgelaat, 'n werkverdeling wat vir Erlank onaanvaarbaar was. Die twis tussen die twee letterkundiges het tot groot onenigheid gelei, in so 'n mate dat die Senaat moes ingryp en 'n verdeling tussen die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde as oplossing moes instel. As die senior man in die Departement is Malherbe die geleentheid gegee om te kies en het hy besluit om die Afrikaanse letterkunde vir sy rekening te neem. Erlank was dus verplig om die Nederlandse letterkunde te doseer, 'n opdrag wat hy aanvanklik met wrewel aanvaar en uitgevoer het. In sy kursusse het hy haas uitsluitlik gekonsentreer op die Nederlandse poësie van Tagtig tot ongeveer Nijhoff en Achterberg, en die ruim gebiede van die Middeleeue, die sewentiende eeu, die prosa en die drama eenvoudig weggelaat. Die werkverdeling het wel die praktiese probleme in die Departement opgelos, maar daar was weinig toegeneentheid tussen die twee kollegas. Jare lank het hulle haas nie met mekaar gepraat nie.

Met sy koms na Stellenbosch het Opperman dus toegetree tot 'n Departement wat in die Afrikaanse literêre wêreld geen hoë aansien gehad het nie, al was die persoonlike verhoudinge met die aftrede van Malherbe daar beter aan toe. Willem Kempen was professor in die Afrikaanse taalkunde, terwyl Meyer de Villiers Middelnederlands en sewentiende-eeuse Nederlands gedoseer het maar veral in die fonetiek, fonologie en semantiek geïnteresseerd was. Opperman is benoem as professor in die Afrikaanse letterkunde, maar het met Erlank afgespreek om enkele lesings aan die Nederlandse letterkunde te wy in ruil waarvoor Erlank Opperman se eie poësie sou doseer. Die Departement was dus verdeel in vier feitlik afgeslote kompartemente, iets wat op papier na 'n netjiese verdeling gelyk maar bevrugtende wisselwerking en 'n organiese geheel feitlik onmoontlik gemaak het.

Aanvanklik het Opperman goed met sy onmiddellike kollegas saamgewerk. Met sy koms na Stellenbosch het hy Kempen die swakste geken, maar aan die begin gereeld saam met hom gaan visvang op die plaas Goedgeloof wat aan Niel Joubert behoort het. Daarvoor het hulle 'n emmer water met paddas saamge-

neem, 'n padda aan die hoek gesit en gewag tot die vis die padda begin jaag en uiteindelik insluk! Op 'n dag het Opperman vir Kempen gesê om versigtig te beweeg, want daar is nog ‘'n hele agtermiddag in jou emmer’, 'n opmerking wat volgens Kempen hom laat besef het dat hy met 'n man te make het wat, ten spyte van sy vasgeankerdheid in die aarde, beeldend-metafories op verskynsels reageer. Op sy beurt het Kempen vir Opperman vertel van 'n ervaring wat hy op 'n keer in Namakwaland beleef het. 'n Bejaarde boer met min skoolopleiding vra hom op 'n dag: ‘Doktortjie, jy is nou so slim. Sê vir my waarom is 'n skilpad se dop so hard?’ Toe Kempen nie kon antwoord nie, sê die boer: ‘Omdat sy hart so sag is.’ Hierdie storie het Kempen, wat soms taamlik kwasterig in sy klasse kon wees en by tye 'n gevreesde verskyning was, graag vir sy studente vertel om vir hulle indirek te sê dat ook hý ten spyte van sy streng uiterlike taamlik verwondbaar is. Opperman het van dié verhaaltjie gehou en dit later in sy drama *Voëlvry* gebruik.[2]

Alhoewel daar dus aanvanklik 'n mate van kontak was, het Kempen te min van 'n ‘orgaan’ - soos Opperman graag gesê het - vir die letterkunde gehad om ooit 'n intieme vriendskap met sy kollega op te bou. Opperman se voorkeur het uitgegaan na die beskaafde Meyer de Villiers met wie hy aangenaam kon gesels, wat 'n fyn aanvoeling vir die letterkunde gehad het en self voortreflike Afrikaans kon skryf. De Villiers het vir Opperman 'n inskiklike kollega sonder nukke of eienaardighede gevind, iemand wat pligsgetrou sy werk verrig het en met wie hy oor probleme kon gesels. Van die kollegas in die Departement was De Villiers en Opperman die naaste aan mekaar.

Van die begin af het Opperman ook baie kontak met Erlank gehad. Soms, na sy middagslaap, het hy en Marié na Duke en Hettie Erlank gegaan en van Hettie se heerlike toebroodjies met fyn gerasperde biltong geëet. Dan het hulle lekker gesels, al was Erlank vir Opperman nie altyd goed ingelig oor die jongste stand van sake in die literêre wêreld nie. Hy het in dié stadium opgegaan in sy komiteewerk by die NTO en ander organisasies en nie eintlik meer veel gelees nie. Opperman het besef dat Erlank, ten spyte van sy welwillendheid en waardering vir sy skeppende werk, nie op dieselfde akademiese vlak as hy beweeg nie. As studente soms met klagtes oor Erlank by hom gekom het, was hy egter baie lojaal. Hy het hulle gewys op die intrinsieke gehalte van 'n boek soos *Jaffie* en die belangrike volksdiens wat Erlank in moeilike omstandighede moes doen, en die besware probeer demp deur baie daarvan weg te lag. Toe Erlank in die sestigerjare met sy Shakespeare- en Goethe-vertalings begin, het Opperman hom baie aangemoedig en ondersteun. Die *Macbeth*-vertaling het hy noukeurig deurgewerk en by geleentheid die manuskrip 'n hele nag deur uitvoerig met hom bespreek. Met die aanbreek van die dag het Marié vir hulle spek en eiers kom opdis!

Die geringe aansien wat die Stellenbosse literêre afdeling voor sy toetrede gehad het, was vir Opperman nie 'n belemmering nie. Hy het daarin die uitda-

ging gesien om 'n Departement met akademiese statuur op te bou. Hy was dan ook begeesterd om sy doseerwerk as professor met nougesetheid aan te pak en het die grootste deel van Januarie en Februarie 1960 aan die voorbereiding van sy lesings gewy. Volgens die werkverdeling sou hy op Maandae en Vrydae geen lesings hê nie en kon hy dié dae volledig by die huis aan sy eie werk bestee, behalwe as hy nagraadse studente oor hulle verhandelinge te woord moes staan. Dié kandidate het hy gewoonlik op 'n Maandagoggend tuis ontvang en dan dikwels 'n hele oggend aan 'n diskussie gewy.

Aangesien sy lesings almal laatoggend op 'n Dinsdag, Woensdag en Donderdag geval het, was dit Opperman se gewoonte om eers teen tienuur die oggend by die Universiteit op te daag en saam met sy kollegas in die Departement tee te drink. Dan het hy gewoonlik 'n lesing van 10.30 tot 11.10 gehad, gevolg deur 'n tweede van 11.20 tot 12.00. Op Donderdae het hy ook nog 'n lesing van 12.10 tot 12.50 gehad. Die klastye het uitstekend ingepas by die werkpatroon wat hy in Kaapstad gehad het, naamlik om sy doseeropdrag in die oggend af te handel, met 'n drankie by die huis te ontspan, in die middag te slaap en in die aand en nag tot drie-uur soggens te werk. Die enigste verpligtinge in die middag was die periodieke Fakulteitsraads- en Senaatsvergaderings en by tye mondelinge toetse wat hy by die derdejaars afgeneem het.

Met Opperman se aankoms op Stellenbosch was die Departement Afrikaans-Nederlands in die Van der Sterr-gebou gehuisves. Die fisieke inrigting het bestaan uit twee seminaarkamers, 'n studiesaal, 'n teekamer en 'n kantoor vir elk van die vier professore en Jaco van der Merwe (wat van 1960 af die pas ingestelde eenjarige afgeronde kursus in Afrikaans I behartig het). In 1966 het die Departement verhuis na die nuwe Wilcocksgebou, langs die Administrasiekantoor en regoor die Ou Hoofgebou en die Carnegie-Biblioteek, waar die hele tweede verdieping deur Afrikaans-Nederlands in beslag geneem is. In die letterkundige afdeling van die Departement het Opperman pragfoto's van die leidende Nederlandse en Afrikaanse skrywers laat aanbring en in die letterkunde-seminaarkamer fotokopieë van die manuskripte van ‘Die hond van God’ en ‘Die swart luiperd’ in glaskaste uitgestal. Die bode van die Departement was Johnny Martin, 'n geliefde persoon by al die dosente en nagraadse studente en iemand met wie Opperman ook 'n goeie persoonlike verhouding opgebou het.

Aangesien die Departement - met die uitsondering van Jaco van der Merwe wat slegs vir die Afrikaans I-kursus verantwoordelik was - uitsluitlik uit professore bestaan het, moes Opperman die Afrikaanse letterkunde van die eerste jaar- tot die Honneurskursus aanbied. Vir die eerstejaarkursus het hy begin met 'n inleiding tot die Taalbewegings, die studente verwys na Dekker se *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, hulle ingelei in die belangrikste literatuur op die gebied en probleemstellend te werk gegaan, byvoorbeeld deur die twispunt aan die orde te stel oor wanneer die Afrikaanse letterkunde (1652, 1860 of 1875)

begin. Die feitelike besonderhede moes die studente self met Dekker as handleiding bestudeer en by wyse van 'n kontroletoets van 'n honderd kort vragies daaroor verslag doen. Nadat hy - soos hy dit later in die gedig ‘CNOringkorrel’ in *Kuns-mis* sou stel - sy ‘kandidate’ ingelei het ‘met Dekker’, het hy ‘stadig die gesprekke’ geopen en hulle as ‘ontdekkers’ die ‘letterdoelas’ laat ingaan en met voorbeelde uit die verskillende tydvakke 'n oorsig van die Afrikaanse poësie gegee. Die kursus is gewoonlik afgesluit met die behandeling van twee prosawerke. Dit was Opperman se gebruik om - soos sy leermeester G.S. Nienaber vroeër in Natal - ook van die jongste literatuur met eerstejaarstudente te behandel. Van betreklik vroeg af was hy daarop gesteld dat elke student oor die basiese apparaat vir die vak moes beskik. Op die voorgeskrewe lyste is dan ook uitdruklik vermeld dat elke student 'n eksemplaar van M.S.B. Kritzinger en andere se *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (later die *HAT*), die Suid-Afrikaanse Akademie se *Afrikaanse woordelys en spelreëls* en A.P. Grové se *Woord en wonder* of die Nienabers se *Woordkuns* moet aankoop.

By die tweedejaars het Opperman in die eerste paar jaar van sy hoogleraarskap sy kursus begin met 'n bespreking van die klein epe in Afrikaans en Celliers se *Martjie*, Totius se *Trekkerswee* en Van Wyk Louw se *Raka* behandel. Erlank het dié gedeelte van die kursus afgesluit met 'n reeks lesings oor Opperman se eie *Joernaal van Jorik*. Daarna het hy die digkuns van Dertig histories benader, die aard van die vernuwing aangetoon en die werk van die Dertigers en Veertigers bespreek. Aan die einde het hy 'n kort inleiding tot die romankuns gegee en enkele voorbeelde behandel. As oriënterende literatuurgeskiedenisse vir die kursus het hy Antonissen se *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* en sy *Digters van Dertig* voorgeskryf. In later jare het hy - soos by die eerstejaars - ook telkens van die kontemporêre literatuur behandel.

Vir sy derdejaarskursus oor die poësie en die drama het Opperman van bepaalde teorieë en kategorieë uitgegaan. Die eerste aantal lesings is gewy aan Elisabeth Eybers se poësie met Cleanth Brooks se opvatting van die gedig as drama as uitgangspunt. Daarna het hy die verkenning van die dramatisering in die poësie voortgesit met 'n bespreking van die ballade, die dramatiese alleenspraak en die versdrama, telkens met verwysing na Afrikaanse voorbeelde. Vir die kursus oor die prosa (wat oor een lesing per week vir 'n semester gestrek het) was dit Opperman se aanvanklike doelstelling om die studente sowel teoreties as histories te oriënteer. Daarvoor het hy begin met 'n bespreking van die probleme van die verhaalkuns, die studente bekend gestel aan die teoretiese werke en steekproewe gemaak uit die Afrikaanse verhaalkuns. Die werk van die Sestigers en die verskyning van Van Wyk Louw se *Vernuwing in die prosa* was vir Opperman 'n verligting, want hy het dadelik van hierdie werke in sy kursus ingevoer en daarmee terselfdertyd die enigsins droë hout van vroeër uitgekap. Met Van Wyk Louw se beskouing as uitgangspunt het hy van die nuwe prosa behandel en Nienaber se *Perspektief en profiel* as algemene handleiding voorge-

skryf. Met die oorsigte van Dekker, Antonissen en Nienaber, so het hy as idealistiese dosent gemeen, was sy studente dus goed toegerus om in hulle verdere lewe met die Afrikaanse letterkunde om te gaan. In later jare, toe Opperman geen eerste- en tweedejaarsklasse meer behartig het nie, was hy, wat voorgraadse werk betref, verantwoordelik vir 'n semesterkursus oor die Afrikaanse poësie en was dit sy vaste gebruik om Blum se *Steenbok tot poolsee*, Van Wyk Louw se *Tristia* en Breytenbach se *Die ysterkoei moet sweet* te bespreek.

Aangesien sy eie werk deur Erlank behandel is, het Opperman enkele onderwerpe uit die Nederlandse poësie vir sy rekening geneem. In 1960 het hy byvoorbeeld vir die tweedejaars klas gegee oor A. Roland Holst, terwyl hy by die derdejaars oor die poësie van Marsman gepraat het. In 1961 het hy vir die derdejaars lesings aangebied oor die poësie van Henriëtte Roland Holst-Van der Schalk, 'n skryfster oor wie se werk 'n mens - gedagtig aan die opstel oor C.M. van den Heever - by voorbaat kon verwag dat Opperman negatief sou staan. In sy lesings het hy dan ook gewys op die gevaar van 'n te sterk beskoulike, ideële element in die poësie. Die taak van die digter, so het hy dit - met 'n reminissensie aan sy matriekstudie van *A midsummernight's dream* - gestel, is om ‘a local habitation and a name’ in plaas van 'n ‘airy nothing’ te gee. Hierdie voorkeur vir die visuele het hy dan geïllustreer aan die hand van ‘De vredige dood I’ wat in 'n stuk veralgemening ontaard en weinig visueel is, in vergelyking met die Middeleeuse ‘Egidius’-lied wat 'n stuk ervaring dramaties en beeldend gee. Die tipe eksplisiete beelding in ‘De boom van grootverdriet’ was vir hom as poësie 'n te maklike procéde. 'n Moderne digter, so het hy dit aan sy studente gestel, sal die boom nie regstreeks met verdriet verbind nie, maar met beeld en klank só opbou dat hy stadig sy geheim loslaat. Om dit te illustreer, het hy die gedig volledig herskryf en aan sy studente voorgelees, 'n les in die digkunde en die fabrieksgeheime van die digter wat dié lede van die klas wat waardering daarvoor kon hê, lank moet bygebly het.[3]

Vir die Honneursstudente het Opperman aanvanklik sy Kaapstadse kursus oor die Geskiedenis van die Literêre Kritiek met sekere aanpassings aangebied, maar toenemend min doseerwerk self gedoen en eerder verwag dat die studente met voorbereide stukke moes kom wat dan by wyse van seminare in die klas voorgedra is. Aangesien Erlank nie in die Middeleeue en Goue Eeu geïnteresseerd was nie, het Opperman van 1961 tot 1966 ook oor die Middeleeuse literatuur klas gegee. Vir 'n gedeelte van die sestigerjare het hy verder 'n kursus oor die Afrikaanse prosa aangebied. Dit is chronologies benader met die uitlig van hoogtepunte van die aanvang af, maar daar is van die studente verwag om die gebied met behulp van die sekondêre literatuur te verken en seminare in die klas te lewer. Die Honneurskursus wat Opperman self die meeste vreugde verskaf het, was dié oor die Afrikaanse poësie. In 1960 het hy indringend en met groot waardering - as 'n mens sy aanvanklike enigsins negatiewe reaksie oor dié bundel in aanmerking neem - oor Van Wyk Louw se *Nuwe verse* ge-

praat, daarna die twee bundels van Peter Blum behandel en sy kursus afgesluit met seminaarklasse oor die jongste publikasies op die gebied van die poësie. Volgens die uitruilooreenkoms het hy in 1960 oor Achterberg se poësie klas gegee, in later jare ook oor die werk van die Nederlandse Vijftigers. Nog later het hy die kursus begin met 'n oriëntering ten opsigte van die hoogtepunte van die Afrikaanse poësie, die belangrikste bundels aangedui en die studente self aan die woord gestel om in chronologiese volgorde te praat en ook die jongste publikasies te bespreek, telkens afgewissel met sy eie kommentaar.

Met die verskuiwing na Stellenbosch het Opperman veel groter getalle in sy voorgraadse klasse gehad. Die vraag ontstaan van watter metodes hy by die onderrig van die literatuur gebruik gemaak het en hoe geslaag hy as dosent was. Opperman het nooit probeer om met allerlei uiterlike kunsies of oratoriese vermoëns sy vak by die massa gewild te maak of na oppervlakkige populariteit te strewe nie. Vir die gemiddelde student was hy by tye met sy halwe sinne en inartikulate uitsprake verwarrend en soms was daar vir hulle 'n element van verveling in sy klasse. Hy was ook nie altyd op sy gemak voor groot groepe nie. Vir die belangstellende en ingeligte student was hy egter 'n voortreflike dosent. Wat telkens opgeval het, was die uiters logiese en geordende verdeling en aanbieding van die werk, die wyse waarop hy die jong student aan die belangrikste bronne oor 'n bepaalde onderwerp kon bekend stel en sy vermoë om 'n saak kernagtig en sistematies saam te vat. Telkens het hy sy studente verras deur die wyse waarop hy binne die bestek van 'n lesing van veertig minute die hoofpunte van 'n hele digterskap, 'n betreklik omvangryke gedig of 'n bepaalde aspek van 'n oeuvre kon aandui en terselfdertyd riglyne vir verdere ondersoek aan die hand kon doen. Hy was in staat om met enkele opmerkinge tot die essensie van 'n teks deur te dring en met verwysing na ander werk van dieselfde outeur of vergelykbare werk in ander tale verrassende verbande te lê. Deur sy breë kennis van die literêre teorie kon hy ook telkens aan die hand van bepaalde voorbeelde sy kandidate in die groter gebied van die literêre probleemstelling inlei en hulle deur sy vrae na 'n stuk selfontdekte waarheid voer. Vir die swakker student was dié enkele opmerkinge dikwels duister, maar vir die belangstellendes en toegewydes was sy riglyne waardevolle sleutels waarmee hulle verder kon gaan en hulle kennis en insig kon uitbrei. Met dit alles was sy lesings 'n pragtige balans tussen 'n sintetiese en analitiese benadering van die letterkunde, 'n verbinding van teorie en literatuurgeskiedenis aan die een kant en die praktyk van die letterkunde aan die ander kant.

'n Opvallende kenmerk van sy doseerwerk was die afwesigheid van enige dogma. Omdat hy self 'n ruim oopgesteldheid teenoor die literatuur gehad het, was hy nie net geïnteresseerd in 'n klein esoteriese terrein of 'n meganiese metode van analise nie. In sy lesings het hy dan ook herhaaldelik probleemstellend te werk gegaan deur telkens sekere basiese aspekte van 'n teks aan te dui, soms uitsprake van ander literatore te betrek wat op sekere punte ingrypend

van sy eie interpretasie of oordeel oor 'n spesifieke werk verskil en dan aan die hand daarvan by wyse van vraagstelling die student verder aan die dink te sit. Hy was dus ruim genoeg om plek te maak vir uiteenlopende interpretasies en teorieë en kon só die behoeftes en smake van elke student bevredig. By geleentheid het hy hierdie basiese ingesteldheid as volg geformuleer: ‘Dit sou...van enige dosent dwaas wees om sy studente 'n skewe beeld te gee, want op die duur ondermyn hy sy eie doseerwerk. Kom die studente eenmaal buite die sfeer van sy lesings, ontdek hulle tog die waarheid, en terugskouend word sy arbeid ongedaan gemaak.’[4]

In die loop van sy lesings in die sestigerjare het Opperman nie net probeer om die gebied van die Afrikaanse letterkunde te dek nie, maar ook om by sy studente sekere beginsels en teoretiese uitgangspunte tuis te bring. In sy lesings oor die poësie was hy besonder gevoelig vir die juiste woord en treffende siening, die wyse waarop 'n digter sy woorde etimologies kan ontgin of 'n sekere sensitiwiteit vir die ‘insluimerende beeldspraak’ openbaar, 'n begrip wat hy self na aanleiding van Elisabeth Eybers gebruik het.[5] Hierdie gevoeligheid vir die korrekte woord en 'n bevredigende styl het ook duidelik geblyk uit sy nasienwerk, want hy was gesteld op presiese formulering en het graag met sy rooi pen 'n kring om die klakkelose herhaling van dieselfde hulpwerkwoord in 'n sin getrek.

Ná die aandag aan woord en beeld het hy telkens die aard van 'n bepaalde soort gedig, genre, kategorie of digterskap histories gesitueer, by voorkeur probleem- en vraagstellend gewerk en gewys op die sekondêre literatuur oor die teks onder bespreking. Na die literêr-historiese oriëntering het die hoofaksent in sy lesings op struktuursake geval. By voorkeur het hy 'n gedig benader as 'n klein drama en gewys op gevalle waar die beelding deur mymering of denke versteur word. 'n Element wat hy in sy eerste jare as dosent baie beklemtoon het, was die strukturerende funksie van die dramatiese spreker in 'n gedig of die verteller in 'n prosawerk. 'n Gedig moes vir hom selfgenoegsaam wees, as 't ware ‘in sy eie water smelt’, soos hy dit gestel het.

Maar naas die analise van die enkele gedig moes sy studente ook wyer kon werk en die wêreld van een gedig met dié van 'n ander kon vergelyk. Vir so 'n vergelyking het hy die maatstaf van Pepper, soos verder genuanseer deur Warren en Wellek, in sy klasse gebruik, naamlik ‘the amount and diversity of material integrated’, al het hy in sy gesprekke met nagraadse studente erken dat dié maatstaf tog in laaste instansie onbevredigend is en nie alle moontlikhede dek wat die literatuur bied nie. Ander sake wat hy by herhaling ter sprake gebring het, was die verhouding tussen eksegese en beeld, die verskille tussen die belydenis- en beeldingsvers en die wyse waarop 'n skrywer 'n sekere korrektief in sy werk kon invoer.

Wat baie van sy studente waarskynlik die langste bygebly het, was die feit dat hy nie slegs as 'n koel vakman gedigte ontleed het nie, maar 'n digter was wat

kreatief met literatuur omgegaan en die geheime van die ambag deeglik geken het. Dit was nie vir hom genoeg om die kunswerk as 'n stuk timmerwerk of 'n blokkiesraaisel te sien wat jy uitmekaar kon haal of oplos nie. As ‘iemand wat self skryf’, het hy by geleentheid gesê, weet hy ‘dat die kunswerk veel meer as 'n woordspeletjie is, dat hy uit ervaring met die lewe self opgebou word’.[6] Hoewel die aksent in sy lesings telkens op struktuursake geval het, was sy studente uit sy hele omgaan met die vak daarvan bewus dat hulle te make gehad het met iemand vir wie die literatuur veel meer as 'n esoteriese gedoente met die taal was.

Deur die wyse waarop hy sy vak kon doseer, het Opperman dus die respek van sy studente afgedwing, want vir baie van hulle was hy iemand wat as kennisbron nooit uitgeput kon raak nie. Die groot getalle in die voorgraadse jare het dit vir hom onmoontlik gemaak om elkeen in sy klasse persoonlik te leer ken, maar by die nagraadse studente was hy bekend as 'n genaakbare persoon met wie hulle oor probleme in verband met die vak kon gaan gesels. Alhoewel hy nie iemand was wat sy lesings met praatjies gevul het nie, kon sy skerp humor van tyd tot tyd na vore kom. By geleentheid het hy by die eerstejaars gevra waarom die ‘literêre’ liefdesvers, na die anonieme volkspoësie van die negentiende eeu, by die Eerste Geslag na 1900 grotendeels afwesig was en eintlik eers in die werk van die Twintigers verskyn. ‘Celliers was reeds op gevorderde leeftyd toe hy begin skryf het,’ was sy antwoord, ‘Marais se vrou was reeds oorlede, Leipoldt het nie veel belangstelling getoon nie en Totius...nou-ja, ons weet nie met sekerheid of hy ooit gevry het nie’! Op 'n keer het hy ‘Die profeet’ van Van Wyk Louw met die tweedejaars waarderend behandel en aan die einde daarvan ewe droog opgemerk: ‘Vergelyk Van Wyk Louw se gedig nou met die figure wat D.F. Malherbe as profete die wêreld ingestuur het.’ Tog kon hy by tye streng optree. Hy was afkerig van 'n koffieklas, omdat dit sy fyn uitgewerkte program omver gegooi het. Op 'n dag toe die studente nie vir 'n lesing opgedaag het nie, het hy op die swartbord geskryf wat hy van plan was om in dié periode te doen en dit as afgehandel beskou, iets wat 'n hele konsternasie veroorsaak het omdat dié werk essensiële afronding vir 'n komende toets was!

Aanvanklik het Opperman die studente aan die Universiteit van Stellenbosch baie stimulerend gevind. As dorps- en residensiële universiteit met 'n lang tradisie het Stellenbosch naas dié uit Kaapland ook studente uit die ander provinsies getrek, iets wat aan dié inrigting 'n studentekorps met 'n groot akademiese potensiaal besorg het. Daarby het die mense in sy klas oorwegend uit Afrikaanse huise gekom en was die probleme met die medium wat vir baie van sy studente in Kaapstad 'n remmende faktor was, iets van die verlede. Om 'n goeie rekord van sy studente te hê, het hy in die Departement 'n nuwe puntestelsel ingevoer. Elke punt wat 'n student vanaf sy eerste jaar behaal het, is in 'n punteboek aangeteken, die predikaat of jaargemiddelde uitgewerk en die finale

eksamenpunt tydens 'n bespreking aan die einde van die jaar deur die vier professore bepaal. Dié gegewens het hom ook in staat gestel om kundige getuigskrifte oor studente te skryf.

Hoewel Opperman sy administratiewe verpligtinge nougeset nagekom en aanvanklik sy volle aandeel aan die Departement gehad het, was hy nooit tydens sy loopbaan as dosent geïnteresseerd daarin om baie vergaderings by te woon, ekstra administratiewe werk op hom te neem of posisies soos dié van dekaan te beklee nie. Senaatsvergaderings het hy gereeld bygewoon, maar hy het verkies om sy lidmaatskap van komitees tot die minimum te beperk en dit oor te laat aan kollegas wat in dié tipe werk belanggestel het. In Mei 1964 is hy deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangestel as lid van die Senaat van die pas gestigte Universiteit van Port Elizabeth, 'n benoeming wat hom uitgedaag het om te help met die opbou van die nuwe akademiese inrigting en hom - in teenstelling tot die betreklik passiewe rol as lid van die Stellenbosse Senaat - gestimuleer het om 'n positiewe bydrae op die vergaderings te lewer.[7]

Aangesien die vier professore in Afrikaans-Nederlands gelykwaardige status gehad het, was daar nie 'n vaste hoof van die Departement nie, maar 'n voorsitter wat van tyd tot tyd kon wissel. Met Opperman se toetrede tot die Departement was Kempen die voorsitter. Opperman en die ander twee professore het gevind dat Kempen - wat ook in 1960 dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte was - die werk goed behartig. Daarom het hulle hom telkens aan die einde van 'n siklus opnuut voorgestel en só die addisionele las van hulleself weggehou.

Alhoewel hy dus groot vreugde uit sy nuwe werkkring geput het, was die oorskakeling vir Opperman 'n aanpassing en het dit hom 'n hele paar jaar geneem om heeltemal tuis te raak. Betreklik gou het hy gevoel dat hy te veel werk moes behartig en dat die groot klasse en getal studente baie van hom verg. Van 'n uitbreiding van die aantal dosente was daar aanvanklik nie sprake nie, omdat die Departement juis die vorige jaar die Administrasie laat verstaan het dat die besetting bevredigend was. Daarby het die verdeling van die vak in vier eenhede 'n verlammende uitwerking gehad, omdat elke professor jaloers oor sy regte en gebied gewaak het en elkeen presies dieselfde as die ander wou hê.

Om die probleem met die geweldige administratiewe las en die nasiendrag op te los, het die Departement egter in die loop van die eerste semester van 1960 aansoek gedoen om die toekenning van vier assistente, een vir elk van die professore. Die assistente sou verantwoordelik wees vir die nasien van alle eerste- en tweedejaarstudente se werk, probleme verduidelik as daar navrae kom, as skakelpersone tussen die studente en die dosente dien en behulpsaam wees met biblioteekbestellings. Die eerste assistente se dienstermyn het in Julie 1960 begin en hulle is uit die Honneursklas of residerende Magisterstudente gekies. Aangesien die meeste van hulle later in akademiese poste by verskillen-



35 In later jare saam met Meyer de Villiers, sy taalkundige kollega op Stellenbosch.

36 Onder die prieel op die voorstoep van Kiepersol, Opperman se huis op Stellenbosch, saam met Marié en hul dogter Heila.

37 Saam met Koos Human, met wie hy in die sestiger- en sewentigerjare ten nouste saamwerk as keurder, skrywer en direkteur van Human & Rousseau.

38 Tydens N.P. van Wyk Louw se besoek aan Stellenbosch in 1963 saam met Trienke, Diederi en Heila by sy Stellenbosse huis.



39 By die verskyning van *Dolosse* in 1963. Van links na regs: Ernst Lindenberg, Opperman, Marié Opperman, Heini Jaekel en Willem Jordaan, wat dié bundel - soos ook baie ander publikasies van Opperman - tipografies versorg het.



40 Skildery deur Opperman se vader met die onderskrif ‘Plinius studeer’. Dit vorm deel van die boustof vir die gedig ‘Dennebol’ uit die bundel *Dolosse*.

41 Van der Heiden (Fred le Roux) sterwend van honger en ontbering in die Donker Gat, een van die hoogtepunte in KRUIK se opvoering van *Vergelegen* in 1964.



42 Opperman op sy vyftigste verjaardag op Franskraal met die verskyning van *Kuns-mis*.

43 In 1966 ontvang Opperman die Hofmeyrprys vir die derde keer, van Heini Jaekel, bestuurder van die Nasionale Boekhandel.

44 Opperman ontvang die eredoktoraat van die Universiteit van Natal in 1968.



45 In 1968, die jaar waarin *Gees van die wingerd* verskyn.

46 Fred le Roux, Suzanne van Wijk en ander spelers tydens die première van *Voëlvry* in die H.B. Thomteater op 26 Oktober 1967.

47-49 Met enkele van sy studente en lede van sy Letterkundige Laboratorium: Leon Strydom (47), Antjie Krog (48), J.C. Kannemeyer, Lina Spies en J.P. Smuts (49).

50 Opperman gee klas vir sy Letterkundige Laboratorium.

51 Thys Pieterse, die model vir ‘Doors Dubbeldop’ uit ‘Kantelkompas’ in *Edms. Bpk*. wat in 1970 verskyn.

52 'n Tekening van Opperman wat Katrine Harries in 1972 maak.

53 By 'n huldigingsaand net voor sy sestigste verjaardag, gehou deur die Afrikaanse Studiekring op 12 September 1974. Links van die digter staan prof. Merwe Scholtz, regs van hom dr. Helize van Vuuren en dr. Bertie du Plessis, twee van sy nagraadse studente.

54 Op 29 September 1974 saam met Diederi en Marié by die viering van sy sestigste verjaardag.



55 Net ná sy ernstige lewersiekte van 1976.

56 '... toe...ek só eersugtig uit die dood terugstap ...' Opperman ontvang 'n eredoktoraat van dr. J.S. Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, einde 1976.

57 Opperman oorhandig sy dokumente aan die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers, vir bewaring in die Universiteitsbiblioteek, 1977. Regs staan mnr. Flooi du Plessis, hoofbibliotekaris.

58 Saam met sy kollega W.E.G. Louw, van 1967 tot 1978 professor in die Nederlandse Letterkunde op Stellenbosch.

59 Opperman besig met sy bosviool.

60 Tydens 'n noenmaal op 3 Februarie 1979 oorhandig Opperman die manuskrip van *Komas uit 'n bamboesstok* aan die uitgewers Human & Rousseau. Van links na regs: mnre. H.D. Büttner en Leon Rousseau, Opperman en mnre. F.J. Davin, Koos Human en Heini Jaekel.

61 Marco Polo, met Bellela, Donata, Moreta en Fantina. Met die proewe van *Komas uit 'n Bamboesstok*.

62 Koos Human oorhandig 'n leergebonde eksemplaar van *Komas uit 'n bamboesstok* aan Opperman tydens 'n dinee op Stellenbosch op 8 Junie 1979. Voor sit prof. P.J. Cillié, seremoniemeester, en mev. Geraldine de Villiers, vrou van die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers.

63 Die kunstenaar Philip Terblanche rond 'n kopstuk van Opperman af. Dit word tans bewaar in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek.

64 By die SAUK in Johannesburg op 14 Augustus 1979. Van links: Sheila Cussons, S.J. Pretorius, Ernst van Heerden, Dolf van Niekerk, Opperman en Olga Kirsch.

65 Opperman ontvang in Junie 1980 sy vierde Hertzogprys, dié keer vir *Komas uit 'n bamboesstok*, van prof. H.W. Snyman, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

66 Opperman en Marié saam met dr. Philip Nel - jeugvriend en studentemaat - in Augustus 1980 in Durban.

67 Opperman in Malawi besig om tambala's (sente) uit sy beurs te haal om vir die kinders in die lang gras te strooi, soos hy dit in sy kinderjare met die Zoeloetjies in Natal gedoen het.



68 Aan die werk in sy studeerkamer. Sy groot lessenaar was altyd toe onder boeke en papiere.

69 Die laaste foto wat van Opperman voor sy beroerte geneem is. Die geleentheid was die verskyning van Eitemal se *Reinaard die Jakkals*, wat in die Libertassentrum net buite Stellenbosch op 19 Junie 1981 in ontvangs geneem is. Van links na regs: Opperman, Marié, Hettie en Duke Erlank.

70 Opperman se begrafnis op 26 September 1985: mev. Marié Opperman en familielede.

de universiteite aangestel is, was die betrekking as assistent terselfdertyd 'n leerskool wat vir latere onderrig en navorsing van onskatbare waarde was. Deur die biblioteekbestellings het hulle die geleentheid gehad om op die hoogte te kom met die jongste publikasies op die vakgebied, terwyl die nasien van toetse en opstelle hulle ingelei het in die tipe probleme van jong studente. Van 1962 af het Opperman ook 'n stelsel van vakansieleeswerk ingevoer wat dan deur sy assistent by wyse van mondelinge toetse gekontroleer moes word. Eerstejaars moes tydens die Julie-vakansie en tweede- en derdejaars tydens die Desember-Januarie-vakansie 'n aantal boeke uit die Afrikaanse poësie, prosa en drama bestudeer. Dit het gedien as aanvulling tot of voorbereiding vir 'n bepaalde kursus en terselfdertyd as uitbreiding van die studente se leeservaring. Vir die assistente was dit 'n metode om hulle vakkennis te verruim, want hulle moes die boeke deeglik bestudeer ten einde die mondelinge toetse bevredigend af te neem.

Deurdat die assistente voortdurend in noue kontak met die professor moes bly, was hulle in 'n gulde posisie om 'n goeie persoonlike verhouding met hom op te bou en hom deeglik te leer ken. Opperman se assistente was agtereenvolgens John Kannemeyer (Julie 1960-1961), Lina Spies (1962), Johann Botha (1963), Pieter Harteveld (1964-1965), Chris van der Merwe (1966-1967), Charles Fryer (1968-1970), Wium van Zyl (1971), Dorothea Labuschagne (later Van Zyl; 1972), weer Wium van Zyl (1973), Helize van Vuuren (1974), Gerrit Olivier (1975), Anlen Jordaan (later Marais; 1976), Louise Viljoen (1977) en Joan Hambidge (1978-1979). Omdat die meeste van hulle ook met Honneurs- of Magisterstudie onder Opperman besig was, het hulle sy werkmetode, ingesteldheid teenoor die vak en hele persoonlikheid beter leer ken.

Vir die meeste assistente, wat nog maar baie onervare was en oorweldig is deur Opperman se formaat as digter, was dit aanvanklik 'n moeilike aanpassing om op so 'n persoonlike vlak met hom te verkeer. Pieter Harteveld wou tydens sy jare as assistent byvoorbeeld graag vir Opperman beter leer ken. Hy het agtergekom dat Opperman op Donderdae 'n periode vry gehad het en dat hy dan nie altyd aan die werk was nie. Harteveld het gevoel dit is 'n gulde geleentheid, gereeld met Opperman gaan gesels en gevind dat hy baie genaakbaar en toeganklik was. So groot was sy verering vir Opperman dat hy egter besluit het hy mors die man se tyd. Op 'n spesifieke Donderdag het hy toe ook nie weer na Opperman se kantoor gegaan nie en weggebly. Groot was sy verbasing toe Opperman in sy deur verskyn met die woorde: ‘Kom jy gesels?’ Dit was vir Harteveld 'n groot deurbraak en die begin van 'n besondere persoonlike verhouding en vriendskap.

Aangesien Harteveld nie alleen skerpsinnig oor die literatuur kon gesels nie, maar ook - soos Opperman - 'n wye belangstelling in 'n verskeidenheid dinge gehad het, was daar 'n hele paar raakpunte tussen hulle. In 1964, toe baie min Stellenbosse studente nog 'n eie ryding kon besit, het Harteveld vir hom 'n

bromponie aangeskaf en dit vir Opperman gaan wys. Opperman het hom vertel van sy eie Harley Davidson wat hy in sy Pietermaritzburgse studentedae gehad het, 'n motorfiets wat hy Jangroentjie gedoop en waarmee hy die nôi besoek en die ander kêrels groen gehad het! Met sy bromponie kon Harteveld by die see uitkom, sy belangstelling in diepseeduik uitleef en vir Opperman allerlei vreemde seekosse aandra. So het hy van tyd tot tyd aangekom met 'n bottervis en 'n melkvis, 'n kraai- of papegaaibekvis en 'n orgie wat ook 'n varkie of gorra genoem is, 'n knorhaansoort wat bo die water knor of snork. Soms kon Harteveld van die diephoudende visse in die hande kry en moes hy vir Opperman alle onderwaterse seetonele en -geluide haarfyn beskryf: die tik-tik van klippe in die branding, die grom van skuiwende rotse, die omstrengeling van die seebamboes en die toneel van 'n sandvlakte met ingegraafde rôe of vlete by Smitswinkelbaai. Opperman was ook intens geïnteresseerd in die name van die seediere en in hengel- en duikterme en wou graag meer daarvan weet. Hoewel hy self in dié stadium by Franskraal visgevang en die seelewe goed geken het, was hy nie in dié mate met diepseeduik op die hoogte of só toegewyd aan visvang nie. Sy dogter Diederi het by geleentheid vir Harteveld gesê: ‘Pa hengel nie eintlik nie; hy sit maar net en droom en ondersoek opdrifsels en seedierreste. Soms sit hy nie eens aas aan sy hoek nie’! Die kennismaking met Harteveld was dus vir Opperman 'n belewenis, omdat hy deur hom met fasette van die seelewe in aanraking gekom het wat aan hom onbekend was. In sy latere werk kom baie van die see- en visterme, wat hy waarskynlik die eerste keer by Harteveld gehoor het, weer terug, soos in ‘Vreters van die bossie’ in *Komas uit 'n bamboesstok*.

Wat die meeste van sy assistente die langste bygebly het, was Opperman se verbysterende kennis van die literatuur en sy vermoë om selfs die kleinste detail te onthou, sonder dat hy veel kantaantekeninge of kommentaar in sy boeke geskryf of sy lesings uitvoerig uitgewerk het. Sy klasaantekeninge oor die Middelnederlandse letterkunde het byvoorbeeld bestaan uit 'n paar foliovelle met hier en daar 'n fyn gekrabbel. By geleentheid wou Harteveld se vader - wat sy skoolopleiding in Nederland ontvang het - graag weet wie die skrywer van 'n gedig is waarvan hy uit sy jeugjare net twee reëls kon onthou. Die twee reëls het gelui:

> Hij schoof het schuifken open.
> Grootvader, geef mij het maar.

Harteveld is met die twee reëls na Opperman. Na 'n oomblik se aarseling het Opperman gesê hy vermoed dit is die werk van een van die susters Loveling, twee digteresse wat met die eeuwenteling in Nederlands geskryf het maar vandag aan selfs deeglike vakmanne onbekend is. Hy het opgestaan, 'n bloemlesing uitgehaal en binne enkele oomblikke die hele gedig aan Harteveld gegee!

Naas die formidabele geheue is sy assistente dikwels getref deur die lewendige wyse waarop hy 'n verhaal of voorval kon vertel en deur sy humorsin wat van tyd tot tyd tot uiting gekom het. Harteveld kon jare later onthou in watter detail Opperman, in 'n kamerjas, slaapklere en pantoffels geklee en met 'n glas brandewyn in die een hand, van sy ervaring van stiergevegte in Spanje vertel het. Selfs in later jare, toe sy gesondheid nie meer na wense was nie, het hy sy assistente met sy droë humor verras. Die Departement Geskiedenis, onder meer met prof. D.J. Kotzé, was gehuisves op die boonste vlak van die Wilcocksgebou, 'n verdieping hoër as Afrikaans-Nederlands. Op 'n dag daag Opperman betreklik laat in die teekamer op. Annette Theron, Kempen se assistent, sê vir hom: ‘Prof. Kotzé van hierbo het na u gesoek’, waarop Opperman van hom laat hoor: ‘O, en wat wou die engel hê?’

Hoewel Opperman hom nougeset aan sy voorgraadse klasse gewy het, was die instelling van die assistentstelsel vir hom 'n verligting, want hy het gevoel hy word aan flarde geskeur en sy energie op elke moontlike manier getap. Met 'n bietjie wrewel skryf hy dan ook later in *Kuns-mis* in een van die reeks ‘Selfportrette’ van die denneboom wat vroeër ‘die Suidoos moes uitdaag’ maar nou ‘vir tamatiekissies opgesaag’ word, 'n toespeling op wat van hom as dosent by die Maties aan die word is! Daarom het hy van die begin af meer belanggestel in die senior klasse en deur die jare baie studente gehad wat die M.A.-graad onder hom voltooi het, dikwels oor onderwerpe wat hy self in die klas aangevoer of as probleemvelde gesien het. In 1962 verkry John Kannemeyer die M.A. met 'n studie oor *Die dramatiese spreker in 'n vers*, in 1963 Lina Spies oor *Die bewerende en beeldende vers by Elisabeth Eybers*, in 1964 F.M. Gaum oor *Onhistorisiteit in Bybeldramas en -romans* en in 1965 J.C.M.D. du Plessis oor *Tradisie en vernuwing in die Afrikaanse verhalende prosa*.

In die loop van sy jare op Stellenbosch het sewentien studente onder hom hul M.A. voltooi, van wie die meeste later akademiese posisies sou beklee.[8] Na gelang van die aard en gehalte van die kandidaat het die metodes verskil waarop Opperman leiding gegee het. Hy was nooit voorskriftelik of dogmaties nie en het daarop aangedring dat 'n student eers self sy onderwerp - al was dit dan in 'n rudimentêre vorm - formuleer en nie na hom vir 'n tema kom nie. Hy het van sy studente verwag om self helderheid te bereik, 'n voorlopige indeling in te lewer en dan die studie - hoofstuksgewys, as hulle dit verkies het - vir hom te bring. As hy dan iets op papier voor hom het, was hy bereid om 'n stuk met kritiese oorgawe te lees en sy gebruiklike skerpsinnige kommentaar te lewer.

Vir die D. Litt. het Opperman tydens sy loopbaan as dosent drie kandidate gehad wat die studie onder hom voltooi het, nl. John Kannemeyer, Dawid Spangenberg en Johan Smuts. In 1964 promoveer Kannemeyer oor die onderwerp *Die stem in die literêre kunswerk* waarin hy die aanbiedingswyse in die poësie, prosa en drama nagaan. Naas Opperman as promotor tree Erlank as interne en Rob Antonissen as eksterne eksaminator op. In 1973 voltooi Span-

genberg die D. Litt. met 'n studie oor *Die nie-metriese vers in Afrikaans* waarin hy die tradisie van die vrye vers vanaf Marais se Boesmangedigte tot Uys Krige se poësie en die werk van Breyten Breytenbach nagaan. W.E.G. Louw en Merwe Scholtz tree onderskeidelik as interne en eksterne eksaminatore op. In 1975 lewer Johan Smuts sy proefskrif oor *Karakterisering in die Afrikaanse roman* in, 'n studie waarvoor Louw en Scholtz weer die eksaminatore is. Al drie hierdie kandidate betuig in die voorwoord tot hulle studies hulle skatpligtigheid teenoor Opperman.

Ook baie van sy voorgraadse en Honneursstudente spreek later hulle waardering uit vir sy onderrig. Tussen sy dokumente in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek is daar baie briewe van oud-studente wat hom vir sy aandeel aan hulle vorming bedank. Amanda Boshoff skryf waarderend oor sy lesings wat vir haar ‘uniek’ sal bly, sy lesse om noukeurig op taalgebruik te let en sy aanmoediging tot eie skeppende werk. Bridget du Toit bedank hom vir die insig in die spesifieke werke en die ‘liefde vir ons taal’ wat hy daarmee aangewakker het. En D.W. van Rensburg, vader van Ria Smuts, bedank hom vir wat hy vir hulle dogter beteken het:

> By herhaling het sy (Ria - J.C.K.) met hoë waardering van u as mens en as dosent gepraat. Met groot dankbaarheid het sy vertel wat u vir haar vorming beteken het. Sy is diep beïndruk deur u vakkennis, u voorbereidheid vir elke dag se lesing, maar veral deur die vaderlike en natuurlike menslikheid waarmee u u studente behandel. Sy het groot waardering vir die manier waarop u hulle gedissiplineer het tot strenge objektiwiteit en wetenskaplike vorsing.

II

Die jaar voor Opperman se koms na Stellenbosch het Meyer de Villiers begin om by een van sy lesings vir die derdejaars die klas in twee te verdeel, met een groep studente werk te behandel wat nóú by die literatuur aansluit en met die ander groep - wat oorwegend 'n belangstelling in die taalkunde gehad het - gevorderde werk op 'n gespesialiseerde gebied te doen. Kempen het hiervan te hore gekom en gemeen dit is 'n baie goeie gedagte. Toe die vier professore aan die begin van 1960 byeenkom om oor die jaarprogram te praat, het De Villiers die gedagte genoem en gevra of die ander dosente nie ook met so iets wil begin nie.

Opperman het dit onmiddellik aangegryp, want met die verdeling van die klas in twee groepe, van wie een groep, kleiner in getal as die ander, in die letterkunde sou spesialiseer, het hy die moontlikheid gesien van die verwesenliking van 'n ideaal, nl. om 'n werkswinkel of 'n laboratorium te stig waarin hy voornemende jong digters van advies oor hulle skeppende werk kon bedien, 'n

‘school der poëzie’ wat die studente deur bestudering van mekaar se werk kon help om hulle eie foute in te sien en geleidelik deur eie ervaring tot selfstandige digters te ontwikkel. Voor Opperman se koms was Erlank wel altyd bereid om studente se skeppende werk te bekyk, maar sy advies het privaat geskied en nie deel van die curricula gevorm nie. Ook Ernst van Heerden was tydens sy jare as lektor op Stellenbosch toeganklik vir voornemende skrywers en het van tyd tot tyd hulle werk gelees en hulp verskaf. In 1959 was hy 'n jaar lank met verlof met die doel om die ‘creative writing schools’ aan Amerikaanse universiteite te bestudeer, 'n ervaring waaroor hy in 'n atikel in *Standpunte*, XIV:1, Oktober 1960 verslag doen. Alhoewel hy ná sy terugkeer na alle waarskynlikheid met Opperman oor sy navorsing sou gesels het,[9] was Van Heerden se inligting nie deurslaggewend vir Opperman se besluit nie.[10] Die feit dat hy reeds in Pietermaritzburg skoliere aangemoedig en van hulle skryfpogings nagegaan het, sy jarelange werk as uitgewerskeurder vir die Nasionale Boekhandel en sy persoonlike bemoeiing met die werk van digters soos G.A. Watermeyer, Ernst van Heerden, Ina Rousseau en Peter Blum[11] het die instelling van 'n kursus in die digkunde eintlik 'n logiese voortvloeisel van sy belangstelling in ander se skeppende werk gemaak. In Kaapstad met sy baie Engelstalige studente was so 'n kursus nie prakties moontlik nie, anders sou hy waarskynlik reeds vroeër in sy loopbaan as dosent daarmee begin het.

Die akademiese jaar aan die Universiteit van Stellenbosch het in 1960 op Maandag, 22 Februarie begin. Op dié dag is Opperman deur Kempen as voorsitter van die Departement in die teenwoordigheid van die ander kollegas aan die studente voorgestel. Op Dinsdag, 23 Februarie het hy sy eerste lesings gegee, hoofsaaklik deur inleidend te praat, die program vir die jaar in die vooruitsig te stel en die voorgeskrewe boeke aan te kondig.

Sy eerste werklik volledige lesing was egter 'n voordrag wat hy op Vrydagaand 26 Februarie op uitnodiging van die Afrikaanse Studiekring, die letterkundige vereniging van die studente, gehou het. By dié geleentheid kon hy vir die eerste keer van sy senior studente op 'n meer persoonlike vlak ontmoet. Voor die lesing het die bestuur van die Studiekring al vier die professore en hulle vrouens uitgenooi na 'n dinee in die Drostdy-Hotel. By dié geleentheid het Meyer de Villiers die Oppermans op 'n geestige wyse baie hartlik welkom geheet. Die Van der Sterr-gebou is dieselfde middag geopen en die eerste openbare voorlesing in die hoofsaal van dié gebou was dié van Opperman. Sy onderwerp het hy geformuleer as ‘Kolporteur en kunstenaar’,[12] 'n formulering waarmee hy die dubbele taak van dosent oor die literatuur en vervaardiger van die literatuur aandui. In die eerste gedeelte van sy voordrag het hy gekonsentreer op sy belangstelling as vakman in die ‘strata en struktuur van 'n kunswerk’, al wou hy nie benaderings soos die historiese, die biografiese, die genetiese en dergelike meer heeltemal verwerp om 'n bydrae tot die verstaan van 'n kunswerk te lewer nie. In die tweede helfte van sy lesing het hy die

aksent verskuif na sy eie skeppende werk en sy opvattinge in dié verband. ‘My eerste taak is natuurlik om die literatuur te doseer,’ het hy gesê,

> maar as iemand wat self skryf, stel ek ook belang in die skeppende werk van die studente. Met die groot Afrikaanse studentemateriaal behoort die verhouding van die Afrikaanse skeppende genie hier aansienliker as op die meeste ander plekke te wees. Die bedoeling is dan om 'n groepie studente hulle eie skeppende werk krities te laat bespreek, dus 'n soort letterkundige laboratorium aan te lê. Dit kan 'n uiters omslagtige en tydrowende manier van doseer wees - daarom is dit noodsaaklik dat die deelnemers tot 'n klein groepie beperk word. Dié groepie moet alreeds in die literatuur onderrig ontvang het en dus oor 'n sekere agtergrond beskik. Dit sal heel moontlik gevorderde studente wees wat al self gedig het.

Na hierdie aankondiging oor die instelling van 'n Letterkundige Laboratorium het hy voortgegaan om sy eie opvattinge oor die skryfarbeid uiteen te sit: 'n afkeer van eksegese binne die kunswerk behalwe waar dit esteties verantwoord is en 'n voorkeur vir beeldende poësie, ‘die verstand deur die oog en oor gevoed’.[13] Die gedig moet as 't ware homself skryf, ‘die digter moet hom in die proses net help’.[14] Vir baie van die studente wat as jong mense ontvanklik gestaan het teenoor nuwe indrukke, was dié lesing 'n hele belewenis: Opperman se programmatiese inset wat by herhaling in die loop van die jaar in hulle gesprekke opgeduik het namate hulle sy lesings aangehoor en sy werkwyse en teoretiese beginsels beter leer ken het.

Die Letterkundige Laboratorium het eers aan die begin van die tweede semester van 1960 'n aanvang geneem toe Opperman twee lesings by Afrikaans-Nederlands III gehad het en die verdeling van die klas in twee groepe kon plaasvind. Studente wat vir die kursus[15] in aanmerking wou kom, moes aan die einde van die tweede jaar 'n bevredigende akademiese prestasie van ten minste 60% behaal het of moes deur voorlegging van skeppende werk hulle toelating tot die kursus kon motiveer. Van studente wat reeds gedigte geskryf het, is verwag om van hulle werk in te lewer. Daaruit het Opperman dan 'n bloemlesing van ongeveer twintig gedigte saamgestel wat oorgetik, afgerol of gefotokopieer en in 'n boekie ingebind is. By die oortik is die name van die skrywers weggelaat. In later jare het hy vir die gedigte 'n mooi houer laat maak wat deur Tafelberg en Human & Rousseau verskaf is: 'n lêer met aan die een kant 'n bladsy uit die geskrewe manuskrip van Van Wyk Louw se ‘Groot ode’ en aan die ander kant 'n gedeelte uit die manuskrip van Opperman se eie *Joernaal van Jorik*. Die klasse, waarvan die getal tot sestien of hoogstens twintig beperk is, het die vorm aangeneem van 'n streng kritiese bespreking van die tekste waaraan alle studente onder leiding van Opperman moes meedoen. Aangesien die studente 'n persoonlike betrokkenheid by hulle eie werk gehad het, was daar 'n sterk motivering om die werk onder bespreking te verdedig of aan te val. Die hele metode van onderrig was dus gegrond op die intense betrokkenheid van

die aanwesiges, indiwiduele kontak en wisselwerking, en genadelose en eerlike kritiek terwyl die skrywers deur hulle anonimiteit beskerm is.

Omdat Opperman dit as 'n anomalie beskou het dat die beeldende kunstenaar en selfs die komponis aan universiteite met hulle skeppende werk punte kon verwerf maar nie die digter nie, was dit van die begin af sy oortuiging dat ook die skeppende literêre genie dieselfde voorreg moes geniet. Die digter hoef nie - soos hy dit baie later in 'n onderhoud van 26 Oktober 1979 met *Die Suidwester* sou stel - ‘versmoor (te) word onder muwwe taalteorie’ nie. Met die ingelewerde gedigte het die studente dus reeds punte verwerf. Daarnaas het hy nog twee kriteria aangewend by die toekenning van punte: die ontleding van gedigte (waarvoor die nie-skeppende lede van die Letterkundige Laboratorium stukke moes inlewer) en die responsievermoë op 'n stuk wat ter bespreking voorgelê is. Hieruit is dan 'n gemiddelde punt saamgestel. Die eksamenvraag was altyd 'n vergelyking en ontleding van die gedigte in die betrokke jaar se werkboek.

Dit was Opperman se gewoonte om eers heel aan die einde van 'n bespreking self toe te tree en op ontledings en waarnemings te reageer. Nooit het hy egter probeer om sy eie sienings, oordele of vooroordele aan sy studente op te dring nie. In die besonder het hy daarteen gewaak om sy eie voorkeur uit te spreek waar dit by 'n lewensbeskouing of 'n -isme kom. In sy onderhoud met *Die Suidwester* sê hy dat hy vrede het met ideologie, lewensbeskouing of moraliteit; in die digkunde-klasse het dit gegaan om vakmanskap en tegniek: ‘Ons grootste gemene deler is nie lewensbeskouing nie, maar skerpsinnigheid, nie drilvisagtige aanploetery nie, maar geraffineerde intellek.’

Tog het Opperman in die loop van die kursus sekere beginsels by die voornemende skrywers tuisgebring. Gewoonlik het hy aan die begin die verskil tussen 'n gewone rympie en 'n goeie gedig geïllustreer deur van die versies in *Die Burger* se in memoriam-kolomme teenoor die Middeleeuse ‘Egidius’-lied te stel en daarna die verhouding tussen inspirasie en perspirasie te bespreek. Al het hy toegegee dat daar voorbeelde in die literatuur is (onder meer sy eie ‘Sondag van 'n kind’!) waar die digter deur een of ander inblasing feitlik mediumisties 'n vers kon skryf, was dit geïsoleerde gevalle. Die totstandkoming van poësie vereis meestal harde arbeid. Hy het die geval genoem van Tagore wat 'n kind sy digterlike vader laat sien as iemand wat snippermandjies vol papier skryf, al het hy gewaarsku dat 'n gedig nie - soos die Nederlandse diggenootskappe geglo het - net deur arbeid verkry kon word nie. As die beerwelpie doodgebore is, sal - soos Staring tereg sê - die gelek van die moeder niks help nie. Die vonk en die aanvoeling moet dus daar wees, maar daarnaas moet die kunstenaar homself nie spaar nie. Om sy studente van die romantiese opvatting van die digterskap te genees, het hy 'n bestudering van *The creative process* aanbeveel, 'n boek waarin verskillende skrywers uit uiteenlopende gebiede onder redakteurskap van Brewster Ghiselin oor die skeppingsproses uit-

wei. In later jare het hy die ‘groot besinnings’ oor die poësie en die digterlike ambag vir die studente laat fotokopieer en vir hulle uitgedeel: vanaf Aristoteles en Horatius se uitsprake, deur Dante, Van Boendale, Sidney, Shakespeare en Vondel tot Shelley, Keats, Wordsworth, Coleridge, Poe, Whitman, Kloos en Van Ostaijen.

Vervolgens het hy, meestal na aanleiding van tekste in die betrokke jaar se bloemlesing, studente gemaan om veralgemenings te vermy, hulle sintuie te kultiveer en eerder beeldend as beredenerend te werk te gaan. Jare na haar bywoning van sy klasse kon Lina Spies byvoorbeeld nog duidelik onthou hoe Opperman gewaarsku het teen woorde soos ‘twyfel’, ‘sekerheid’, ‘krag’ en ‘vrees’ wat eerder met konkrete beelde en metafore vervang moes word.[16] Hy het sy studente gewys op die gevare van -ismes en ideologieë en hulle afgeraai om Filosofie as vak te neem. Die dosente in die Filosofie, so het hy dit gestel, is met hulle abstrakte denke ‘'n bedreiging vir...(sy) klein skeppende kudde’.[17] In aansluiting hierby het hy aanbeveel dat die digter van sy eie ego af moet wegskryf. As hy byvoorbeeld oor die verganklikheid wil uitwei, moet hy in dinge soos roes, mos, sens of wurm 'n ekwivalent daarvoor kry. Hy moet dus na 'n ‘objective correlative’ soek soos Eliot gesê het, hy moet leer soos Nijhoff om nie met sy mond te fluit nie maar met 'n fluit, hy moet die ‘slobberige kwyldrade van die bibberende mond’[18] probeer vermy. ‘Hy het my geleer dat ek die self moes aflê as ek wou skryf,’ sê Lina Spies, ‘dat ek die wêreld met opgeskerpte sintuie moes ontdek, dat ek moes kon kruip in die vel van my medemens en hom met 'n sesde sintuig moes aanvoel, dat die oop oog en die oop hart nodig is en nie die toemaak in die eie klein binnewêreldjie nie. Dit alles beteken vir die digter harde werk om waardig te wees vir die bedryf.’[19] ‘Die voordeel van hierdie wegskryf van jouself af is,’ sê Opperman, ‘jy bekyk jouself klinies en selfs sinies, in elk geval objektief. Dit bring verhouding en perspektief en die siening van alles in betreklikheid. En die allerbelangrikste nog: jy kan rustig werk en oordeel oor die finale vormgewing. Jy byt deur die atavistiese naelstring.’[20]

'n Ander belangrike saak wat Opperman telkens in sy klasse by die Letterkundige Laboratorium ter sprake gebring het, is dat die persoon wat wil skryf, deeglik op die hoogte moet wees van die literêre tradisie waarbinne hy optree. ‘Die kunstenaar moet, om te kan skep,’ het hy reeds in sy ‘Kolporteur en kunstenaar’-lesing gesê, ‘'n tegniese én historiese vakkennis hê. Die literatuur ken geen of weinig voorbeelde van skrywers wat nie by 'n tradisie aansluit nie.’[21] In sy klasse het hy by herhaling op die uitspraak in Van Wyk Louw se ‘Ars poetica’ gewys: ‘Uit die gevormde literatuur/ is nooit weer poësie te maak nie.’ Uit die dae van sy Pietermaritzburgse leeswerk oor die literêre teorie en kritiek kon hy vir hulle Hopkins aanhaal, woorde wat vroeg reeds in sy lewe vir hom 'n stelreël geword het: ‘I read masterpieces and do otherwise.’ Die gevaar dat 'n ander digter die eie stem van die skrywer mag demp, was vir

Opperman 'n baie belangrike saak wat die jong digter vroeg in sy loopbaan deeglik moes leer ken. 'n Digter kon, soos Vondel gesê en Opperman self ook in die praktyk bewys het, leer om behendig te steel, maar hy moes daarteen waak dat iemand anders in sy ‘woordklank...saampraat’.[22] By geleentheid het 'n gedig van een van die studente ter sprake gekom waarin 'n kat geteken word wat versigtig oor die nat teerstrate stap:

> 'n Kat sluip druipstert
> oor die swart slang;
> skuur half-bang teen 'n kaal lamppaal,
> wat sy flou liggie troosteloos uitsprei.

Opperman het gevra of hierdie siening nie aan 'n bestaande gedig herinner nie. 'n Lid van die klas het gewys op Van Wyk Louw se ‘Straat’ uit *Alleenspraak* met die slotbeeld van:

> 'n kat
> met koue glim van swart fluweel
> en voete vies'rig vir die nat.

Een van die studente het gevra wat die posisie is as die skrywer voor die skryf van die gedig onbewus was van dié spesifieke vers van Van Wyk Louw en dat daar dus nie sprake van beïnvloeding kon gewees het nie. Opperman se onmiddellike antwoord was dat dit nie net 'n saak van beïnvloeding is nie. As 'n digter vandag in Afrikaans die beweging van 'n kat oor 'n nat straat wil uitbeeld, móét hy weet dat Van Wyk Louw vóór hom reeds so 'n tekening gegee het en dat sy gedig aan dié van Van Wyk Louw s'n gemeet gaan word. Hy moet dus rekening hou met die gedig van Van Wyk Louw en dit is deel van sy taak om die literêre tradisie voor hom te ken indien hy in daardie tradisie wil skryf.

In die loop van jare het baie studente wat in die digkunde-klasse was, begin publiseer. In sy artikel in *Tydskrif vir Letterkunde* noem Opperman die name van ‘produkte soos Kannemeyer, Smuts, Spies, Strydom, Van Vuuren, Britz, Olivier, e.a.’[23] wat op die gebied van die kritiek werksaam is. Onder lede van die Letterkundige Laboratorium wat later ander genres beoefen het, is die dramaturg Pieter Fourie, die draaiboekskrywer Franz Marx en die prosaskrywers Louis Krüger en Etienne van Heerden; laasgenoemde is ook die skrywer van 'n digbundel. Van ses digters verskyn verse in *Stiebeuel 2* (1965), naamlik Pieter Fourie, Pieter Harteveld, André Potgieter, Lina Spies, Annette Theron (later Snyman) en Margaretha van der Merwe. In die sewentiger- en tagtigerjare verskyn dan debuutbundels van twaalf digters: Lina Spies, Fanie Olivier, Leon Strydom, Niel van Tonder, André le Roux, Rika Cilliers, Marlene van Niekerk, Charles Fryer, Etienne van Heerden, Annette Snyman, E.W.S. Hammond en Daniel Hugo. In die bundel *Visier* (1984) verskyn verse van Robin Hawkins, Anlen Marais en Wium van Zyl wat ook die Letterkundige

Laboratorium bygewoon het. Tereg kon Opperman in sy artikel dus sê dat daar met hierdie werk ‘'n duidelike Stellenbosse impuls in ons jongste digkuns gekom het’.[24] Baie van hierdie werk is dan ook met literêre pryse bekroon.

Die geslaagdheid van die Letterkundige Laboratorium deur die jare is in die eerste plek toe te skryf aan Opperman se persoonlike betrokkenheid as dosent. Dit was 'n kenmerkende eienskap van hom dat hy altyd werklik opgewonde kon word as iemand anders presteer en gedigte kon inlewer wat hy as geslaag beskou het. Daarnaas kon hy ook met sy hele inset as digter doseer en sy eie beginsels by die skryf van poësie oordra, al het sy katolieke smaak, oopgesteldheid en gebrek aan vooroordele verhoed dat hy aspirant-digters in 'n smal voortjie laat loop het. Daarom dat George Boshoff, een van die lede van die Letterkundige Laboratorium en later sportredakteur van *Beeld*, by geleentheid met groot waardering oor Opperman se digkunde-klasse kon skryf:

> Onbewus het hy homself, Opperman die mens en skepper van groot poësie, aan ons blootgelê, hoe hy te werk gaan met die skrywe van 'n gedig, sy deeglikheid, sy moeitelose volharding en sy tevredenheid met net die beste. Dit was ook in hierdie klasse dat ek hom leer ken het as 'n skerpsinnige kritikus, 'n virtuose vakman wat altyd weet wat hy wil hê.[25]

Vir Leon Strydom was die opname van gedigte in die Laboratorium se bloemlesing 'n eerste ‘groot uitdaging vir die aspirant-digter, en 'n eerste onderwerping aan die “literatuurkritiek”. Eintlik kan mens sê: D.J. Opperman was ons eerste redakteur, ons eerste uitgewer; opname in sy *Laboratorium* en die daarmee gepaardgaande “bloemlesing” was 'n eerste doelwit.’[26] En die dinge wat die studente in die digkundeklasse geleer het, is nie aan hulle opgedring nie. Leon Strydom sê:

> Belangrik is dat dié waarhede jou nie gevoer is nie, maar dat die geleentheid vir jou geskep is om dit proefondervindelik self te ontdek, dat jy reeds tóé kon begin leer, en wel in die geselskap én onder beskerming van D.J. Opperman vir wie wedersydse vertroue en kreatiewe betrokkenheid voorwaardes was vir die studiesituasie.[27]

Alhoewel Opperman dikwels studente aangeraai het om ná opname in die Letterkundige Laboratorium se bloemlesing van hulle gedigte aan *Standpunte* te stuur, het hy hulle dikwels gemaan om nie oorhaastig met publikasie te wees nie. Aan Pieter Harteveld het hy vertel dat die eerste weergawe van ‘Sprokie van die spikkelkoei’ drie jaar in sy laai was voordat die slotstrofe homself aangebied het. ‘'n Mens moet nie 'n ding probeer ryp druk nie. Tyd bring ryping en rypheid. 'n Jong digter moet versigtig wees vir te vroeë bundeling,’ het hy graag gesê. Toe Lina Spies in 1968 'n eerste bundel aan hom voorgelê het, was hy beïndruk, maar het hy gemeen dat sy nog nie reg is vir publikasie

nie. Onderweg na Natal het hy in Port Elizabeth aangekom en met haar in die Algoa-Hotel gesels. Daar was vir hom baie goeie gedigte in die manuskrip, maar nog te veel swakkeres. ‘As jy jou nek wil afsny,’ het hy aan haar gesê, ‘moet jy die bundel só uitgee.’ Terug uit Nederland in 1970 het Lina Spies hom weer 'n manuskrip gewys wat toe feitlik sonder wysiging vir hom goed was. In so 'n geval, waar hy 'n manuskrip as goed genoeg vir publikasie beskou het, kon hy deur sy jarelange kennis van die uitgewersbedryf sy studente verder bystaan deur 'n ontmoeting tussen die skrywer en 'n spesifieke uitgewer te reël en selfs advies te gee wat formaat, bandontwerp en lettertipe van die komende uitgawe betref.

Die verhouding tussen Opperman en sy laboriete - soos hy hulle graag genoem het - was dus veel meer as dié tussen dosent en student en selfs dié tussen studieleier en promovendus. Opperman het met sy optrede absolute vertroue geskep en van die studente kon openlik oor baie sake met hom gesels, al het hy nie gehou van 'n sieklike belangstelling in die self of 'n ‘metafisiese gekwyl’ oor religieuse aangeleenthede nie. Gedagtig aan sy vader se eksperimente in sy dae as kind en jong man het hy in verband met die spiritisme vir Harteveld gesê: ‘Bly maar weg daar, dit is 'n doodloopstraat - hoogstens interessant.’ Hy was 'n man van die aarde en konkrete dinge en verskynsels het hom geïnteresseer, nie abstrakte bespiegelings wat nêrens heen lei nie.

Tydens hulle persoonlike kontak met hom is daar soms vir die laboriete bepaalde aspekte van hulle leermeester se karakter treffend geïllustreer. By geleentheid is Bertie du Plessis, van 1968 tot 1975 literatuur- en teologiese student op Stellenbosch en iemand wat ook die skilderkuns beoefen, deur die studentetydskrif *Penseel* gevra om pentekeninge van Van Wyk Louw en W.E.G. Louw vir die omslag te maak en daarna ook van Opperman met die oog op sy sestigste verjaardag in 1974. Terwyl Opperman tuis vir Du Plessis aan die poseer was, het hy vir Marié gevra om 'n fles wyn met net een glas daarby neer te sit. Toe Du Plessis vra waarom nie ook hý wyn kry nie, het Opperman speels gesê hy is bang daar word 'n skewe beeld van hom geteken. In alle erns het hy egter voortgegaan en gesê dat 'n kunstenaar miskien sy ingewings deur drank kan kry, maar dat hy nie onder invloed kan skep nie. ‘Alkohol is 'n verwarrende invloed en dit belemmer jou tegniese afronding,’ het hy gesê.

'n Ander beginsel wat by herhaling in gesprekke met Opperman na vore gekom het, is die sentrale en alles usurperende posisie wat skeppende werk in 'n kunstenaar se lewe inneem. In 1975 het Antjie Krog die Letterkundige Laboratorium as gasstudent bygewoon en was sy aan die werk aan haar bundels *Beminde antarktika* en *Mannin*. Opperman het albei bundels - wat oorspronklik as een manuskrip voorgelê is - deurgegaan, wysigings voorgestel en vir publikasie aanbeveel. Na die goedkeuring van die manuskrip het Antjie Krog egter 'n bepaalde gedig uit 'n siklus verwyder, omdat sy bang was dat dit in later jare 'n negatiewe uitwerking op een van haar kinders kon hê. Ná die

verskyning van die bundel het Opperman haar in 'n gang van die Wilcocksgebou gekry en gevra dat sy met hom moet kom gesels. In sy kantoor het hy, so vertel Antjie Krog self, die bundel ‘op die lessenaar laat kletter en kortaf gevra na die uitgelate gedig’. Haar ‘senuweeagtige verduideliking is saaklik, maar wreed, kort geknip: “As jou lojaliteit teenoor die poësie só lyk, moet jy asseblief nóú ophou skryf”’.[28] Die onvoorwaardelike oorgawe en lojaliteit aan die kunstenaarskap was vir Opperman een van die min aangeleenthede waaroor nie geredeneer word of waaroor ander gesigspunte bestaan nie. In ‘Kuns is boos!’ het hy reeds uitvoerig uiteengesit dat die digter geen lojaliteite behalwe dié teenoor die poësie ken nie, 'n beginsel wat in sy lewe as kunstenaar allesoorheersend was en wat hy ook onvoorwaardelik van sy laboriete verwag het.

Iets wat baie studente ná aan hom opgeval het, was dat Opperman 'n kunstenaar alles sou vergewe en dat sy lojaliteit en verskilpunte tussen persone in laaste instansie altyd by die kunstenaar sou lê. Vir 'n enigsins verbeeldinglose kollega, wat een van sy laboriete as 'n bietjie mallerig beskou het, was sy antwoord baie gou: ‘Baie kunstenaars wyk af, maar dit beteken nie dat hulle noodwendig sertifiseerbaar is nie. Jyself was ook nog nooit heeltemal normaal gewees nie.’ Toe 'n digteresvriendin aan die skei was, het hy aanvanklik simpatie met die man gehad. ‘Ek wil ook nie 'n vrou hê wat in die oggend gediggies skryf en in die aand aan migraine ly nie,’ het hy gesê. Tog het sy medelye en bekommernis uiteindelik na haar uitgegaan, omdat sy die skeppende persoonlikheid is en kragtens haar werk in sy waardesisteem 'n belangriker posisie beklee het. Studente met skeppende talent kon dus op hierdie basiese ingesteldheid van Opperman steun. By geleentheid het hy selfs in die hof getuig ten gunste van 'n aspirant-digter wat hom aan dwelmmisdade skuldig gemaak het.

Die Letterkundige Laboratorium, soos Opperman dit op Stellenbosch aangebied het, was 'n unieke eksperiment op die gebied van die literatuuronderrig in Suid-Afrika. Met sy seldsame verbinding van skerp kritiese vermoëns en digterskap, van intellek en hartstog, was hy die ideale persoon om so 'n kursus aan te bied. Daarom het Hennie Aucamp gelyk as hy beweer ‘dat die Opperman-skoling in 'n hoë mate die Opperman-persoonlikheid was’.[29] Hy was nie geïnteresseerd daarin om 'n stelsel of 'n ‘model’ te ontwerp wat ander ná hom meganies kon voortsit nie, waarskynlik omdat hy intuïtief geweet het dat so 'n stelsel of ‘model’ nie bestaan nie en slegs 'n sterk persoonlike betrokkenheid by dié tipe doseerwerk resultate sou hê. Wat Johan Smuts van Opperman se doseerwerk as sodanig sê, geld in die besonder vir die Letterkundige Laboratorium:

> Opperman was as dosent glad nie in die eerste plek daarin geïnteresseerd om vir sy studente 'n aantal literatuurwetenskaplike handgrepe by te bring nie, maar wel om hulle tot 'n verantwoorde kritiese gesprek te dwing. Omdat hy self so 'n buitengewone literêre aanvoeling gehad het en feilloos kon oordeel, was hy in

> staat om deur sy kommentaar op 'n teks of 'n student se ontleding telkens tot die kern deur te dring. In dié proses is jou literêre intuïsie op 'n feitlik magiese wyse verfyn, terwyl hy terselfdertyd deur sy gedronge formulering jou styl geslyp het.[30]

III

Met sy verskuiwing na Stellenbosch en sy toetrede tot 'n Afrikaanstalige universiteit was Opperman as dosent in 'n gunstiger posisie as in Kaapstad om nuwe talent en opkomende skrywers na *Standpunte* en die Nasionale Boekhandel vir publikasie te kanaliseer. Daarby was die groter afstand van Kaapstad geen belemmering vir 'n voortsetting van sy werk as keurder nie, aangesien hy telefonies bereikbaar was en die uitgewers hom maklik op Stellenbosch kon besoek.

In sy eerste drie jaar op Stellenbosch skryf hy dan ook heelwat verslae vir die Nasionale Boekhandel en by geleentheid 'n enkele vir HAUM en Perskor. Hoewel 'n manuskrip gedigte onder die titel *Getuie* van Pirow Bekker ‘'n simpatieke indruk maak, is die bundel as geheel te skraal, is baie van die verse onvolkome of nog blote probeerslae’ en doen die digter te veel mee aan die ‘kwatrynekultus’ wat al begin mode word het. Ook Lionel Sheldon se ‘rou’ gedigte vind hy minder goed: ‘... hy worstel langs die digterlike Jabbok en kom meestal geskonde daarvan af.’ Verse van Pieter W. Grobbelaar is vir hom, ten spyte van mooi sienings, ‘blote rymjoernalistiek’. *Suiderkruis* van S.V. Petersen vind hy ‘nie 'n rewolusionêre of indrukwekkende bundel nie’, maar dit is ‘suiwerder en meer ingetoë’ as sy vroeër werk en in 'n groot mate het die digter die ‘cliché-taal’ en die ‘oorbeklemtonings’ oorwin. In 'n verslag van 28 Maart 1960 oor die manuskrip *Ukulele* van Ingrid Jonker dui hy as geslaagde gedigte aan ‘25 Des. 1959’, ‘By die dood van 'n maagd’, ‘Swanger vrou’ en ‘Jy't my gekierang’ en wys hy ook op mooi onderdele in ander verse. Alhoewel dit vir hom 'n ontwikkeling ná *Ontvlugting* toon, is dit nog nie 'n sterk bundel nie. ‘Persoonlik voel ek die digteres behoort die groep verse wat ek uitgesonder het, as 'n kern te beskou en daarvandaan opnuut te begin werk. Sy is 'n strenger dissipline aan haar vinnig ontwikkelende talent verskuldig.’ As hy in Maart 1961 'n hersiene teks van *Ukulele* ontvang, oordeel hy skerper. Die verse ly vir hom aan 'n ‘struktuurloosheid’, hulle is ‘vol los funksielose reëls en beelde (en) daar kan willekeurig bygevoeg of weggelaat word’. Verder is die beeldvorming ‘cliché-agtig’, die verstegniese effekte van ‘beweging, nadruklikheid en opeenstapeling herinner aan die oorspronklike werk en/of vertalings uit die Spaans van Uys Krige’ en baie van die gedigte ‘kom nog te sterk eksperimenteel-surrealisties...voor’.

As hy vroeg in 1960 'n manuskrip van Adam Small onder die titel *Jesus en ander verse* ontvang, beveel hy aan dat die digter van die swakker verse weglaat

en aan party verder werk. Vir die afdeling ‘Vir die kitaar’ het hy besondere waardering. Dit is nie 'n navolging van Van Wyk Louw, Boerneef en Blum se volkse verse nie, maar ‘'n soort Bybelse klopslied wat eerder aan 'n Afrikaanse Vachel Lindsay laat dink’. In Julie 1961 lê Small die bundel *Kitaar my kruis* voor waarin die volkse verse 'n sentrale plek inneem. In sy uitstekende verslag karakteriseer Opperman die ‘basiese patroon’ van dié gedigte as ‘een wat van die ghommalied tot die lekepreek wissel sodat die gedigte beweeg van die lied tot die spreekvers’, 'n produk ‘wat verwantskap toon met die Amerikaanse gedigte gebaseer op die “Negro spirituals”’. Hy het beswaar teen die ‘raserigheid, herhalings en veelwoordigheid’ en oor die algemeen mis die verse die ‘gekonsentreerdheid en gehalte’ van Blum se ‘Kaapse sonnette’. Die gevaar van die rasseprobleem as sentrale tema ‘is dat dit 'n obsessie word en aan die verse 'n doel buite die digkuns gee’. Die hoofsaak is dan nie meer ‘die interne lewe en verborge skoonheid van die gedig nie, maar die buite-literêre probleem waarop die aandag telkens gevestig word’. *Kitaar my kruis* maak dus ‘die indruk van roue digterlike improvisasies oor 'n uiters aktuele probleem’, maar dit is ‘improvisasies met so 'n eie hartstog en noodsaak, so 'n eie selfregverdiging dat...(hy) publikasie daarvan kan aanbeveel’.

Hoewel die meeste van hierdie keurdersverslae vir die Nasionale Boekhandel geskryf is, kom daar in die sestigerjare 'n onvergenoegdheid by Opperman oor dié uitgewery se doen en late. Reeds in die vroeë vyftigerjare het sekere onoordeelkundige besluite om werke nie te publiseer nie, hom omgekrap, maar sy ontevredenheid is besweer deur die bestendige aanwesigheid van Ben Olivier wat die herdrukke van sy verseboeke goed behartig het. Met die aanstelling van Koos Human wat sy eie publikasies voortreflik gehanteer het en deur sy ondernemingsgees medewerkers kon stimuleer, het Opperman 'n belese en kundige gespreksgenoot op die gebied van die literatuur en 'n goeie vriend bygekry.

In 1958 het Human egter, waarskynlik as gevolg van 'n sekere Jan Salie-gees by die uitgewery en 'n gebrek aan deskundige leiding, besluit om 'n betrekking by die Afrikaanse Pers-Boekhandel in Johannesburg te aanvaar. 'n Tyd lank is die Algemene Publikasies weer deur George Minnaar waargeneem wat die uitgawe van Opperman se *Astrak* - 'n bloemlesing uit sy werk - behartig het. Jan Scannell, Opperman se Natalse studentevriend, was in daardie stadium verbonde aan *Naweekpos*, maar het 'n uitnodiging van die Nasionale Pers aanvaar om 'n *Kernensiklopedie* saam te stel. Toe sy werk daaraan klaar was, het hy weer tot die Algemene Publikasies van die Nasionale Boekhandel toegetree en was hy in 1963 verantwoordelik vir die uitgawe van Opperman se *Dolosse* waarvoor die omslag deur Willem Jordaan ontwerp is. In 1964 hanteer hy ook *Kort reis na Carrara*, 'n bloemlesing deur A.P. Grové uit die werk van Opperman wat by geleentheid van die digter se vyftigste verjaardag verskyn. Van die beperkte oplaag is 120 genommerde en getekende eksemplare in 'n luukseband

uitgegee. Die tipografie is behartig deur Jürgen Fomm. Dit het die prys vir die bes versorgde boek van die jaar van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging ontvang. Die verskyning van die bloemlesing is in die Lobster Pot in Bellville gevier. Vir dié geleentheid het Scannell die laaste strofe van die gedig 'Negester en stedelig' met 'n bietjie aanpassing agterstevoor geskryf, dit deur Fomm op handgeskepte papier laat druk en dit by die geselligheid voorgelees en aan Opperman oorhandig:

Dirk in trurat - Na 50

Terwyl die stedeligte in jou siel nog skitter,
straal altyd Suiderkruis en Negesterre witter
in jou besef van vegter weer van die begin, alleen.
Jy gee aan die geslagte sin deur eeue heen,
en aan jou werke grens die ewigheid.
Wat sal ons dan onthou altyd?
Sal ons die buffel sonder metafisika hier noem,
die flits, die nartjie, Dabor wat verdoem?
Mag jy nou verder deur die grysland reis,
met vyftig nuwe sterre om die weg te wys.

Koos Human was egter nie lank in Johannesburg nie. As iemand wat goed op die hoogte was van die jongste strominge in die Afrikaanse literatuur, met heelparty skeppende kunstenaars bevriend was en daarby as sakeman 'n uitstekende kennis van die uitgewerswêreld gehad het, was dit sy oortuiging dat daar by baie mense 'n behoefte bestaan het aan 'n jong en ondernemende firma wat nuwe dinge sou aandurf. Die APB het in daardie stadium veral gekonsentreer op populêre leesstof en sy boeke was tipografies swak versorg. By Van Schaik is weinig nuwe werke van jonger skrywers gepubliseer en die firma het met die oog op die voorgeskrewe mark hoofsaaklik aan die ouer gevestigde figure se werk voorkeur gegee. Onder leiding van Opperman as kundige keurder het die Nasionale Boekhandel die voortou geneem wat publikasies op die gebied van die poësie betref, maar op die terrein van die prosa was die firma minder ondernemend. In die vyftigerjare is Eitemal se *Jaffie*, Elise Muller se *Die vrou op die skuit* en C.G.S. de Villiers se *Snel dan jare* vir publikasie afgewys[31] en die skrywers het hulle tot A.A. Balkema gewend wat in daardie stadium in die Afrikaanse literêre mark geïnteresseerd was en sy uitgawes tipografies puik versorg het. Human het dus tereg gemeen dat 'n ondernemende Afrikaanse saak 'n funksie sou kon vervul. Op 1 Februarie 1959 was hy terug in Kaapstad om saam met Leon Rousseau die nuwe uitgewery Human & Rousseau te loods. Later dié jaar verskyn hulle eerste twee publikasies: *The last division* van Anthony Delius en die heruitgawe van W.E.G. Louw se vertaling van Gustave Flaubert se *Die legende van die heilige Julianus die herbergsame*.

Van die begin af wou Human graag Opperman se samewerking hê. Reeds

terwyl hy by die Nasionale Boekhandel werksaam was, het Opperman teenoor hom die gedagte uitgespreek dat 'n ondernemende Afrikaanse uitgewersfirma 'n figuur van literêre allure as direkteur behoort aan te stel, soos T.S. Eliot dit vir Faber & Faber was. In daardie stadium het Opperman iemand soos Canis Scholtz in gedagte gehad wat met sy ervaring as korrektor goed op die hoogte was van die uitgewerswêreld. Human het egter gemeen dat Opperman sélf met sy jarelange keurwerk, noue kontak met jonger skrywers, praktiese ingesteldheid en verbluffende kennis van die literatuur en die boekdrukkuns die aangewese persoon vir sy nuwe uitgewery sou wees. Hy het die saak teenoor Leon Rousseau genoem, maar dié het gemeen hulle moet 'n jaar of wat wag en die firma eers behoorlik opbou.

Intussen was Human egter gereeld met Opperman in aanraking en het hy heimlik gehoop dat hy die een of ander tyd sy regstreekse samewerking sou kon kry. Vroeg in 1960 het Opperman vir Human gesê: ‘Bel my oor ses maande in verband met L.L.’, want hy het in daardie stadium gemeen dat die Letterkundige Laboratorium se bloemlesing tot 'n beperkte klein uitgawetjie kon lei. Human het die datum in sy sakboekie aangeteken, maar moes ses maande later verneem dat Opperman nog niks definitiefs oor ‘L.L.’ kon sê nie. Intussen het die Afrikaanse Studiekring verskeie skrywers en letterkundiges van oor die hele land uitgenooi om as sprekers op te tree en het die bestuur ernstig daaraan gedink om die lesings in een of meer bundels te laat publiseer. Opperman het met Human geskakel en die moontlikheid daarvan genoem. Op dié wyse het *Aanslag* en *Woordwêreld* wat 'n jaar of wat later die lig sou sien, ontstaan. Dit het vir die jong Stellenbosse studente - onder andere Kannemeyer, Smuts en Hans Büttner, laasgenoemde later 'n lid van Human & Rousseau se personeel - 'n eerste ervaring gegee met die kontrolering van proewe en die hele produksie van 'n boek.

Die deurbraak vir Human & Rousseau as firma en sy vestiging as toonaangewende nuwe uitgewery het in 1962 gekom. In dié jaar het Human daarin geslaag om die manuskripte van Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* en Brink se *Lobola vir die lewe* - wat albei eers aan ander uitgewers voorgelê is - te bekom en terselfdertyd met die publikasie van N.P. van Wyk Louw se *Tristia* en Elisabeth Eybers se *Balans* die medewerking van twee van die voorste Afrikaanse digters te verkry. Human het gemeen dat die firma nou genoeg status het en dat hulle Opperman kon uitnooi om as direkteur toe te tree. Oor 'n ete by Leon Rousseau se huis in Somerset-Wes het die twee vennote die saak aan hom gestel. Indien Opperman sou inwillig, sou dit nie vir hom nodig wees om aandele te koop nie en sou hy onder geen verpligting wees wat sy eie publikasies betref nie. Opperman het gevra om oor die hele aangeleentheid na te dink. Na afloop van 'n geselligheid in November 1962 by Ernst Lindenberg se huis in Pinelands het hy egter onderweg na Milnerton vir Human gesê dat hy bereid is om direkteur te word. ‘Ek aanvaar dit met vreugde en met dankbaarheid,’ was

sy woorde. Hy het in so 'n toetrede die geleentheid gesien, so sou hy dit later formuleer, ‘om as skeppende kunstenaar, soos Eliot, saam met twee besielde jong manne regstreeks aan 'n uitgewery verbonde te wees’.[32]

Alhoewel hy nie verplig was om in die maatskappy te belê nie, het Opperman daarop aangedring en heelwat aandele gekoop. Sy onafhanklikheid as skrywer en sy trou teenoor die Pers het hy egter herbevestig deur in 1963 sy bundel *Dolosse* by die Nasionale Boekhandel te laat verskyn. *Kuns-mis* (1964) en *Edms. Bpk.* (1970) het hy daarna wel by Human & Rousseau gepubliseer, terwyl ook die omvattende *Gees van die wingerd* (1968) by dié uitgewery verskyn het. By haas alle besluite van die vitale en snelgroeiende firma het Human toenemend vir Opperman regstreeks betrek en gereeld na Stellenbosch oorgery om met hom te onderhandel en nuwe manuskripte voor te lê. In dié omstandighede het Opperman dit gerade geag om sy keurwerk vir Nasionale Boekhandel te beëindig en sy volle gewig by Human & Rousseau in te gooi.

Leon Rousseau het Opperman by die jeugafdeling ingespan, hom 'n aandeel laat neem aan groot ondernemings soos die *Kennis*-ensiklopedie en hom selfs sover gekry om Sunny B. Warner se *Tobias en sy groot rooi tas* (1964) in Afrikaans te vertaal. Tussen Human en Opperman het daar egter 'n nouer samewerking ontstaan. Human het daarin geslaag om ouer digters soos Uys Krige, S.J. Pretorius, Olga Kirsch en Ina Rousseau by sy firma te laat uitgee en het nuwelinge soos George Louw, Rosa Keet en H.W. Truter gelok. Op sy beurt het Opperman die Stellenbosse skeppende talente aangeraai om hulle manuskripte na Human & Rousseau te stuur en dikwels self as bemiddelaar tussen die jong digters en Human opgetree. Op dié wyse het Lina Spies, Leon Strydom, Fanie Olivier, Niel van Tonder, André le Roux en Marlene van Niekerk in die loop van die sewentigerjare by Human & Rousseau gedebuteer. In 1970 was dit Opperman wat aanbeveel het dat Human die gedigte publiseer van Antjie Krog, in daardie stadium 'n Kroonstadse skooldogter wat met haar ‘gewaagde’ verse en prosastukke in die skooljaarblad en deur die oorname daarvan in die Sondagkoerant *Die S.A. Beeld* van 16 Augustus 1970 landwyd bekendheid verwerf het. As hy 'n paar jaar later toevallig in 'n boekwinkel afkom op 'n eksemplaar van *Vir die bysiende leser*, die in daardie stadium vir hom onbekende debuut van die digteres Wilma Stockenström, is hy dadelik só entoesiasties dat hy vir Human bel met die versoek om die regte vir die bundel oor te neem en met die skryfster in aanraking te kom.[33]

Maar Human het Opperman se kragte nie alleen vir die poësie opgeëis nie. Toe Human in 1965 van 'n uitgebreide reis deur die VSA terugkeer met voorbeelde van kernagtige literatuurstudies wat as handleiding vir studente bedoel was, het Opperman die wenslikheid en noodsaaklikheid van 'n soortgelyke reeks in Afrikaans ingesien. Hy het dit *Blokboeke oor die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde* genoem, 'n beknopte samevatting van riglyne en metodes geskryf, 'n lys eerste onderwerpe opgestel en deur bemiddeling van Human

medewerkers genader. Die reeks was 'n groot sukses, want feitlik alle uitgenooide letterkundiges het geesdriftig meegedoen. Binne enkele jare het 'n hele aantal handleidings die lig gesien wat sowel by universiteite as skole 'n belangrike hulpmiddel vir die literatuuronderrig geword het, soos Opperman se reeks verseboeke dit sedert hulle verskyning vir die poësie-onderrig was.

Die sestigerjare in die Afrikaanse letterkunde was egter in die besonder 'n tydperk van vernuwing op die gebied van die prosa, 'n vernuwing waaraan Human & Rousseau met sy publikasie van baie van die jongeres se werk 'n belangrike aandeel gehad het. Reeds voor Opperman se toetrede as direkteur het die firma *Lobola vir die lewe* en *Sewe dae by die Silbersteins* gepubliseer. Na sy aanvanklike gebrek aan geesdrif vir Leroux se werk in die vyftigerjare was *Sewe dae by die Silbersteins* vir hom 'n groot verrassing en het hy dit vir sy Stellenbosse studente voorgeskryf. Ook *Lobola vir die lewe* was vir hom 'n belangrike deurbraak. In gesprekke het hy die hantering van seks in dié roman verdedig teen kritici soos F.E.J. Malherbe wie se oordeel minder gunstig was en dit ook met sy klasse behandel. Van Leroux se vroeëre werk het sy voorkeur by die hernieude kennismaking na *Die mugu* uitgegaan, 'n roman wat hy met sy pakkende inset as die hiperbool van 'n skoolopstel gesien en vir sy eerstejaars voorgeskryf het. Leroux was daarop gesteld dat Opperman sy manuskripte bekyk. In die sestigerjare was dit Leroux se metode om 'n nuwe manuskrip na voltooiing aan Human te pos wat dit self deurgegaan, daarna aan Opperman besorg en soms ook aan een van die taalkorrektors voorgelê het. As die werk aan die manuskrip deur al drie voltooi is, het Leroux vir 'n paar dae na Kaapstad gekom. Gewoonlik was hy in die Hotel Metropole in Langstraat tuis, maar Human het hom so gou moontlik na sy aankoms vir 'n sessie met Opperman na Stellenbosch geneem waartydens die manuskrip deeglik deurgegaan en bespreek is. Opperman het byvoorbeeld teen die slot van *Een vir Azazel* beswaar gehad en Leroux het in die Metropole daaraan verander, al het hy volhard en nie Opperman se wenk opgevolg om die hoofstuk ‘Deur die oog van die luiperd’ weg te laat nie. Teen die middeldeel van *Die derde oog* het Opperman ook besware gehad, maar oor *18-44*, veral oor die funksionele refreinvertelling, was hy meer geesdriftig.

Aangesien die onderhandelinge met Leroux meestal mondeling plaasgevind het, is daar geen volledige verslae van Opperman oor dié romans nie - hoogstens enkele aantekeninge op los stukkies papier. Oor Brink se werk in die sestigerjare bestaan daar vollediger verslae. Opperman was egter meermale negatief in sy oordeel of het aangedring op ingrypende hersiening. Alhoewel hy uiteindelik *Miskien nooit* bevredigend genoeg vind vir publikasie, is daar vir hom ‘iets verkeerds met die ratio tussen die soektog en die geweld’ in die roman en kom ‘die kamera...telkens in die pad van die pen’. Die ‘newevertellings en -beskrywings wil miskien doelbewus iets flenterigs aan die verhaal bring, maar dit werk versperrend’. Teen 'n manuskrip van Brink onder die

titel *Dood van 'n by* het Opperman ernstige besware. Dit wil ‘'n Afrikaanse *Waste Land* op die ruwe raamwerk van Sofokles se *Antigone* wees’ en in dié opsig die mite-wêreld van Etienne Leroux benader, maar die geheel en die ooreenkomste met Sofokles en Eliot vind hy verwarrend. *Die rebelle* lees vir hom vervelig en gerek, die kragwoorde is te willekeurig en die historiese aantekeninge oorbodig. Hy beveel dit wel aan vir publikasie omdat die firma deur die verskyning van *Die verhoor* - die ander Slagtersnek-drama waarmee *Die rebelle* 'n tweeluik vorm - homself gekompromitteer het, maar maak dit duidelik dat die uitgawe teen sy sin is. Hoewel ‘die naaktonele en beskrywings van geslagtelike omgang’ in *'n Oomblik in die wind* ‘soberder is as in party van sy vorige romans, is dit nog volgens die tipiese Brink-resep’. Die ‘vroeëre strafmetodes’ teen nie-blankes aan die Kaap word te sterk beklemtoon en ons kry, volgens Opperman, ‘'n uiters eensydige siening van die blanke: hy is wreed, negatief, sadisties. Daar is oral die genot wat die verteller haal deur uit te wei oor besonderhede en buite die verhouding van sy verhaal daarmee aan te hou.’ Die roman as geheel bied ‘'n uiters geringe leesavontuur; dis eindelose reisbeskrywings, af en toe onderbreek deur “flash-backs”....Verder het ons dié soort reisbeskrywings en tegniek alreeds gehad by Jan Rabie, en meer elementêr by G.R. von Wielligh en Karl Kielblock. Hier wil dit ook 'n “innerlike reis” word, maar dit word te veel oorwoeker deur uiterlikhede. Ten spyte van die geloop, gereis, raak die verhaal eintlik staties. Die slot is uiters teleurstellend, die probleemstelling word ontduik ... It just peters out.’

Oor baie van die prosawerke wat hy in die sestiger- en vroeë sewentigerjare beoordeel, skryf Opperman nie volledige verslae nie omdat heelparty mondeling afgehandel is. Daarby is sy prosa - ook in sy briewe uit dié tyd - soms slordig deur te vlugtige oorgange wat selfs grammatikaal gewelddadig aandoen. 'n Mens kry die gevoel dat dit vir hom 'n oorlas was om prosa te skryf en dat hy gevoel het hy mors waardevolle tyd wat hy aan skeppende werk kon gewy het, al is daar van tyd tot tyd steeds verrassende formulerings in sy motiverings. 'n Prosawerk waaroor hy sy oordeel redelik uitvoerig motiveer, is *Dambord* van Anna-Louize Heiberg wat hy met al die sielkundige uitpluisings onaanvaarbaar vind. Die veelduidigheid van die vertelling in *Die moeder* van Dolf van Niekerk het vir hom iets onbevredigends, omdat die verhaal ‘in die baarmoeder’ bly, nie tot ‘betekenisvolle vertelling’ uitgroei nie en om diepsinnigheid ‘bedel’. Die verhaal van Jan Rabie se *Klipwieg* is te ‘skraal’, die vertelling ‘sloer’ en die geheel is te ‘uitgerek en eentonig’, terwyl die karakters ‘“eksentrieke” van die moderne wêreld’ is, telkens met ‘dieselfde etikette’. Verder dreig ‘'n tweespalt tussen reisbeskrywing en karakterverkenning’ en bestaan die gevaar dat ‘bespieëling en gefilosofeer...oral die reisbeskrywing en handeling (versper)’. Uiteindelik beveel hy die uitgawe aan, maar vra dat die roman ‘dramaties verkort en hersien word’. 'n Prosageskrif waarvan Opperman stap vir stap die hele wordingsproses belewe en wat hy uitvoerig

met die skrywer bespreek het, is Leon Rousseau se *Die groot verlange*. Nog voor die skryf daarvan het hy vir Rousseau sekere bronne aangedui oor hoe 'n biografie geskryf behoort te word en daarna elke hoofstuk volledig deurgewerk soos dit ontstaan het. ‘Dit was sy oordeel,’ sê Koos Human, ‘dat die werk aan *Die groot verlange* 'n doktorsgraad waardig is.’[34]

Maar Opperman se grootste belangstelling was nog steeds die poësie. Soms gee hy aan aspirant-digters waardevolle advies, onder meer om Grové se *Woord en wonder* te bestudeer, 'n groot verskeidenheid gedigte in *Groot verseboek* te lees en vas te stel hoe die digter te werk gegaan het, met 'n beeld of reël te begin en geduldig daaraan te werk en die geheel te ‘voed’, daarna van die voltooide verse aan 'n tydskrif te stuur en van die redaksie se optrede af te lei of daar vordering is, en uiteindelik om uit die tydskrifverse 'n keuse te maak en die bundel aan 'n uitgewer voor te lê. Alhoewel daar in onderdele heelwat in die gedigte van Wilhelm Knobel uit 'n manuskrip van 1968 te waardeer is, bly die meeste verse ‘yl en fasiel’, bereik hulle ‘selde die magiese wat hy in party gedigte nastreef’ en beoefen hy ‘oor die algemeen 'n soort joernalistieke vers: 'n vers wat jy met 'n eenvoudige lees uitgeput het’. Antjie Krog se *Januariesuite* bevat vir hom talle mooi sienings en 'n paar goeie verse, maar die gedigte ‘word gekenmerk deur 'n toenemende vormloosheid, 'n opsommingstegniek, beperkte temas en die “ek:jy”-gedigte wat, ten spyte van sporadiese treffende beelde, eentonig raak’. Die bundel is wel sterker as haar eerste en hy beveel publikasie aan, maar hy waarsku: ‘Die digteres ken die vonk..., maar 'n mens kry effens die indruk dat sy vlamme aan haar voete voel.’ Oor Barend J. Toerien se *Illusies*, *elegieë*, *oorveë*, *transfusies* oordeel hy gunstig. Die Shakespeariaanse sonnette in dié bundel vorm ‘'n boeiende mikrokosmos van Suid-Afrikaners en die mens oor die algemeen’. Die gedigte is ‘vlot geskryf’, maak gebruik van die ‘enumerasie-tegniek’ en deur die epiese en die terugkerende karakters is daar 'n ‘sikliese element’ wat vir ‘'n indrukwekkende eenheid’ sorg. Oor Ina Rousseau se *Taxa* is hy baie geesdriftig. Dié ‘harde, amper emosielose poësie’ het vir hom 'n ‘vaart’, is ‘skerp en helder’ met die ‘interne en snelle rymklanke, interessante ritmes en vaart’. Die poësie in Marlise Joubert se *So ver en verder* bly te veel ‘geïsoleerde siening en beeld’, dit gee nog nie ‘daardie intuïtiewe, assosiatiewe oorrompelende spronge’ wat 'n mens verwag om 'n ‘magiese eenheid’ te kry nie - ‘daardie amper biologiese opbloei van die wonder vind nie plaas nie’. In die bundel is daar ‘'n baie sterk element wat gedig na gedig uitmekaar ruk, i.p.v. bind, sodat ons 'n fragmentasie kry wat hierdie talentvolle digteres se werk vernietig’. Oor die werk van Opperman se laboriete bestaan daar geen volledig geskrewe verslae nie, waarskynlik omdat dié manuskripte mondeling met Human afgehandel is. Alleen in die geval van Lina Spies se *'n Mus vir Marjolein* - die voorloper van *Digby vergenoeg* - en Fanie Olivier se *Om alleen te reis* is daar in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek enkele aantekeninge. In later jare het hy daartoe oorge-

gaan om 'n puntestelsel vir gedigte aan te lê en op dié wyse vas te stel of 'n manuskrip publiseerbaar is. Een van sy maatstawe was dat 'n bundel ten minste vyf goeie verse moet hê wat in 'n bloemlesing soos *Groot verseboek* opgeneem kan word.

Ten nouste verbonde met sy werk as uitgewerskeurder en sy belangstelling in ander se skeppende werk is sy lidmaatskap van komitees wat literêre pryse moes toeken. Ten spyte van die feit dat hy lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was, het hy nooit in dié liggaam se keurkomitees gedien nie. In 1961 tree hy op as keurder toe die eerste CNA-prys aan Chris Barnard vir *Bekende onrus* toegeken word en later is hy in die komitee wat Fanie Olivier met die Reina Prinsen-Geerligsprys vir sy bundel *Gom uit die sipres* bekroon. In 1963 dien hy in die komitee wat die eerste Perskorprys aan Ingrid Jonker vir haar bundel *Rook en oker* toeken, 'n bundel wat veel sterker is as die voorlopers wat hy onder die titel *Ukulele* ter insae gehad het. In 1964 is hy en Van Wyk Louw baie geesdriftig oor Breyten Breytenbach se *Katastrofes* en *Die ysterkoei moet sweet* en oorreed hulle F.I.J. van Rensburg, die ander lid van die komitee, wat Chris Barnard se *Dwaal* wou bekroon, om 'n eenparige aanbeveling ten gunste van Breytenbach in te stuur. In sy verslag vind Opperman die twee werke van Breytenbach nou verwant aan mekaar. Die spreker in albei is ‘'n dubbelgestalte ...: 'n realis en 'n fantas wat 'n eie grillige wêreld opbou’. Die vrye verse neig na die prosa en die prosa neig na die poësie en albei is opvallend los van Afrikaanse invloede. *Katastrofes* vind hy 'n verdere ontwikkeling ná Jan Rabie, terwyl die ‘selfportrettering’ wesentlik verskil van ‘die Dertiger se narcissisme’ en nader kom ‘aan Peter Blum se selfspot’. Die selfportrettering is ‘'n egosentriese tekening wat óns en die tydgenootlike wêreld intelligent, sterk sintuiglik, verbeeldingryk, geestig maar ook simpatiek sien’. Soms is die verse in *Die ysterkoei moet sweet* ‘gesog en ekshibisionisties’ en soms ‘is daar 'n te groot willekeur in die assosiasies en die katalogisering van indrukke’, al het hy waardering ‘vir die avontuurlike woord- en beeldgebruik’ in albei boeke. Oor die algemeen slaan hy *Katastrofes* hoër aan as die verse, omdat dié ‘digterlike prosa ... meer (kan) verduur as die soms prosaïese gedigte’ en meer stukke op hulle eie kan staan.[35]

Opperman se noue betrokkenheid by Human & Rousseau en die werk van jonger Afrikaanse skrywers was medebepalend vir sy standpunt in verband met en reaksie op 'n saak wat die hele literêre wêreld in Suid-Afrika in die sestigerjare geraak het, naamlik die wetgewing om binnelandse publikasies te beheer en eventueel te verbied. Met die verskyning van die werk van prosaskrywers soos Leroux en Brink en digters soos Small en later ook Breytenbach was die eerste stappe in die rigting van beheer oor binnelandse publikasies al aan die gang. Reeds in 1953 is die Cronjé-kommissie aangestel om ‘die euwel van onwelvoeglike, aanstootlike of skadelike leesstof’ te ondersoek, maar die verslag wat in 1956 in die Volksraad ter tafel gelê is, was uiteindelik vir die rege-

ring onaanvaarbaar. Van tyd tot tyd was daar egter sterk druk op die regering van die kant van die Afrikaanse kerke en was senator Jan de Klerk, Minister van Binnelandse Sake onder wie moontlike wetgewing sou ressorteer, verplig om iets aan die saak te doen. Opperman, wat reeds in 1953 met die oog op die Cronjé-kommissie se bevindinge 'n groot aantal persone gevra het om hulle mening oor die saak in *Standpunte* te stel, kon as gevolg van sy werk as dosent van die Afrikaanse letterkunde, sy optrede as keurder en direkteur van 'n uitgewersmaatskappy en sy aktiwiteit as skeppende kunstenaar nie sy oë vir die ontwikkelings sluit nie. Daar is openlik gegis of werke soos *Lobola vir die lewe* en *Sewe dae by die Silbersteins* verbied sou word indien die wetgewing wat vir 1963 beoog is, op die wetboek sou kom. Sulke besluite sou Human & Rousseau regstreeks raak en ernstig knou.

Terwyl iemand soos Van Wyk Louw by herhaling in die pers protes aangeteken het teen die beoogde wetgewing, het Opperman eerder by wyse van private gesprekke as openbare optrede probeer om sy invloed te laat geld. Namate meer besonderhede oor die beoogde wetsontwerp bekend geraak het en moontlike kandidate vir die Publikasieraad genoem is, het sy ontsteltenis en verontwaardiging egter gegroei. Die bepaling dat 'n publikasie ongewens verklaar kan word indien dit ‘of 'n deel daarvan’ onbetaamlik, onwelvoeglik of ongewens is, het vir hom die teoretiese moontlikheid geskep dat 'n boek op grond van 'n enkele paragraaf of woord verbied kon word. Die wetsontwerp het nêrens rekening gehou met die besondere aard van die literatuur en die elementêre stelreël dat 'n kunswerk alleen as 'n geheel beoordeel kan word nie. Voor die wetsontwerp goedgekeur en die name van die lede van die Publikasieraad bekend gemaak is, het gerugte die ronde gedoen dat Abr. H. Jonker - een van die belangrikste regeringswoordvoerders vir die wetsontwerp in die Volksraad - voorsitter van die Raad sou word en dat Abel Coetzee, professor aan die Witwatersrandse Universiteit, sy bereidwilligheid te kenne gegee het om as lid te dien. Albei hierdie persone was om 'n verskeidenheid redes vir die meeste skrywers onaanvaarbaar.

Terwyl die aangeleentheid in die Volksraad onder bespreking was, het W.A. de Klerk (met die medewerking van Van Wyk Louw) en Mary Renault 'n ‘credo’ opgestel waarin namens Suid-Afrikaanse skrywers beswaar teen die beoogde wetgewing aangeteken is. Die wetsontwerp hou, volgens hulle, nie rekening met ‘die aard en intensie van 'n werk as letterkunde’ nie en die kunswerk word ‘nie as 'n geheel geoordeel’ nie. Daarby bestaan die gevaar dat uitgewers in die lig van die hoë koste om 'n saak in die hof te beveg, oorversigtig sal raak. Dit is 'n situasie wat veral die Afrikaanse skrywer tot ‘swye of oppervlakkigheid’ kan dwing en ‘noodlottige gevolge’ kan hê, aangesien die Afrikaanse letterkunde in 'n hoë mate alleen plaaslik gepubliseer en bemark kan word. Saam met 'n hele aantal prominente skrywers onderteken Opperman hierdie ‘credo’ wat deur die opstellers persoonlik aan min. De Klerk oorhandig is.

Tydens die algemene debat oor die tweede lesing van die wetsontwerp het senator J.J. Boshoff van die Nasionale Party in die Senaat gesê dat skrywers wat fout vind met die beoogde wetgewing, aan 'n 'skuldige gewete' ly. Daar was 'n tydstip toe Afrikaanse skrywers 'n groot bydrae tot die land se letterkunde gelewer het, maar hy meen dit het in die jongste tyd nodig geword om die ondermyning van sedes te voorkom. Van Wyk Louw, wat hom by herhaling teen die wetsontwerp uitgespreek het, is volgens Boshoff die laaste persoon wat moet praat, want hy is 'n opvoedkundige en geen letterkundige nie.[36]

Dit was vir Opperman onmiddellik duidelik dat senator Boshoff nie op eie insig en kennis steun nie, maar - soos hy later trouens sou erken - inligting oordra wat deur iemand anders aan hom gegee is. Opperman het gevoel dat hy nie langer kan swyg nie. In 'n brief wat hy telefonies gedikteer het en wat in *Die Burger* van 20 Maart 1963 gepubliseer is, verwyt hy die regering dat hy nie alleen met die wetsontwerp volhard nie, maar 'hom selfs die reg veroorloof om by monde van sen. Boshoff ons grootste kunstenaar, N.P. van Wyk Louw, én die Afrikaanse letterkunde te beledig'. Na 'n aanduiding van die status van Van Wyk Louw sê hy dat 'n simpatieke regering met 'die grootste agting en waardering' na so 'n persoon sou geluister het, maar nou word hy 'beledig' en in sy 'beroepseer' aangetas. Ten grondslag van die hele wetsontwerp lê 'n 'agterlike literatuurbeskouing', terwyl die beoogde wetgewing 'die literêr ongesonde toestand van 'n pre-publikasie-sensuurraad' tot gevolg sal hê en 'groot magte van willekeur in nie-literêre hande' sal plaas.[37] Nog voor publikasie van die brief tree *Die Burger* met senator Boshoff in verbinding om kommentaar te lewer. Boshoff, wat hom kennelik oor sake uitgespreek het waaroor hy nie behoorlik ingelig was nie, het Opperman gebel met die versoek om die brief terug te trek. Daarvan wou Opperman nie hoor nie en hy het die senator daarvan beskuldig dat hy hom op 'n terrein begewe waarvan hy volkome niks weet nie. 'Maar wat raai u my aan om nou te doen?' het Boshoff gevra. 'Ek sou sê,' was Opperman se antwoord, 'vra vir die man deur wie u u laat misbruik het, nl. Abraham Jonker, om u uit die gemors te help.'[38]

Die skermutseling met senator Boshoff was Opperman se eerste openbare toetrede tot die stryd in verband met die beoogde publikasiewetgewing. Dit sou egter nie net hierby bly nie, al het hy verkies om eerder deur gesprekke as deur briewe na koerante 'n verandering in die regering se standpunt en die behandeling van skrywers oor die algemeen teweeg te bring. Ná die wetgewing deur die Parlement aanvaar is, het Van Wyk Louw persoonlik die minister geadviseer om bevoegde persone as lede van die Publikasieraad aangestel te kry en só die gevare van die wet in onkundige hande te besweer. Deur sy bemiddeling is G. Dekker as voorsitter en A.P. Grové, Merwe Scholtz en T.T. Cloete as lede van die raad benoem en mense soos Jonker en Coetzee weggehou. Opperman lewer ook 'n bydrae as Dekker op 20 Junie 1963 vertroulik aan hom skryf en inligting vra oor die geskiktheid van C.J.D. Harvey en A.H. Murray

as moontlike lede. Hoewel hy soos Van Wyk Louw hom teen die wetgewing verset het, was dit sy oortuiging dat hy Dekker eerder moes help as om hom heeltemal te onttrek. Daarom reageer Opperman op die brief en spreek hy hom gunstig uit oor albei se eventuele lidmaatskap.

In sy gesprekke het Opperman egter voortgegaan om by herhaling op die gebreke in die wetgewing te wys en die gevare aan te toon wat daardeur vir die letterkunde sou ontstaan. Op Franskraal het hy dikwels die geleentheid gehad om met lede van die Volksraad te gesels en het hy onomwonde sy standpunt oor die saak gestel. Meer as een keer moes Grové en Merwe Scholtz vir vergaderings van die Publikasieraad na Kaapstad vlieg en het hulle dikwels ná afhandeling van hulle werk by Opperman op Stellenbosch 'n draai gaan maak. In gesprekke by hom aan huis het hy sy misnoeë oor die hele sensuurgedoente te kenne gegee en met Scholtz gespot wat metodologies enige verwysing na die outeur in literêre analises as iets uit die bose beskou, maar nou as lid van die Publikasieraad ewe gedwee rekening hou met die leser wat ook vroeër vir hom irrelevant by stilistiese ondersoeke was.[39] Alhoewel hy onder die indruk van Scholtz se intelligensie was en hom 'n boeiende gespreksgenoot gevind het, was Opperman skepties oor die metodes van die stilistiek op linguistiese grondslag en Scholtz se manier om telkens met 'n verrassend nuwe siening van 'n gedig sy eie slimmigheid as leser te illustreer. Toe Scholtz se opstel ‘Wat vertel “Oom Gert vertel”?’ met 'n radikaal nuwe interpretasie van Leipoldt se gedig in die vroeë sestigerjare verskyn, het Opperman op 'n vraag ewe droog opgemerk: ‘Merwe probeer nou weer om met een poep 'n hele akker te bemes’![40] In 'n bitter oomblik het Opperman vir Scholtz op die betreklike waarde van die kritiek gewys. ‘As ek en my soort,’ het hy gesê, ‘vanaand besluit om nooit weer 'n enkele woord te skryf nie, is jy en Grové geestelik gesproke werkloos.’ Dit was woorde waaraan die jong en soms weerbarstige Scholtz moeilik gesluk het.

Ook teenoor Grové het hy sy ongeduld oor die wetgewing en die vermeende magsposisie van sommige kritici nie weggesteek het. Grové was in hierdie jare in beheer van *Standpunte* en Opperman het besef dat dié kritikus deur sy redaksionele werk, sy lidmaatskap van die Publikasieraad, sy posisie as dosent aan die Universiteit van Pretoria waar hy 'n groot getal studente kon beïnvloed, die rol wat hy met die voorskryf van boeke kon speel en sy funksie as lid van die Akademie se bekroningsliggame groter mag gehad het as enige Afrikaanse letterkundige voor hom, groter selfs as F.E.J. Malherbe wat nooit ‘staatserkenning’ vir sy werk gekry het nie. Hoewel hy waardering gehad het vir Grové se kritiese insigte en sy meestal suiwer oordeel, was daar in die sestigerjare gevalle waarin Opperman dikwels radikaal van hom verskil het, soos die negatiewe *Standpunte*-opstel oor Breytenbach se werk. ‘Alewyn, ek is geskok,’ was sy woorde toe Grové dié opstel as lesing op Stellenbosch aangebied het. Daarby was hy bewus van Grové se sterk gevoel oor die posisie wat Antonissen as

kroniekskrywer in die geledere van *Standpunte* beklee het. As Grové in *Die Vaderland* van 2 Augustus 1963 Antonissen se bundel *Kern en tooi* negatief bespreek en voorkeur gee aan Cloete se *Op die woord af*, bedank Antonissen as kroniekskrywer en is Opperman die persoon wat die gemoedere na albei kante toe moet kalmeer en 'n gewapende vrede bewerkstellig. Opperman se simpatie was egter duidelik by Antonissen en hy het nie geaarsel om sy gevoel teenoor Grové te laat blyk nie. Vir Opperman was Grové en Cloete - vir wie hy persoonlik nie so goed geken het nie, maar wie se oordele en insigte vir hom dikwels teleurstellend was - glad te eenstemmig in hulle uitsprake. Op 'n keer het hy met heelwat onnutsigheid sover gegaan as om na hulle te verwys as ‘twee poepe uit een hol’! Saam met Scholtz, wat soos die ander twee 'n kwekeling van Dekker was, het hy graag gepraat van die ex-Potchefstroomse kliek in die Afrikaanse kritiek. Tydens 'n besoek van Scholtz en Grové een aand aan hom het Scholtz met allerlei slimmighede en spitsvondighede die standpunt ingeneem dat hy en Grové in die Publikasieraad dien om mense soos Opperman en Van Wyk Louw die geleentheid te gee om te lees. Opperman het dadelik deur die sofistiese redeneerpatroon gesien en laat hoor: ‘Griet, man, hou op, ek laat my nie bebôgger nie’!

Die solidariteit tussen Scholtz, Grové en Cloete en hulle skakeling met verteenwoordigers van die regering was toenemend 'n bron van ergernis vir Opperman, veral omdat nie een van die drie openlik standpunt ingeneem het in gevalle waar die letterkunde van owerheidsweë met 'n gebrek aan kennis en begrip benader is nie. Op 31 Mei 1966 het die indertydse Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, by geleentheid van die vyfde herdenking van die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika in Pretoria 'n toespraak gehou waarin hy die versugting uitgespreek het

> dat daar vir ons ook, soos by ander volke in hulle wonderuur, die skrywers en die digters mag ontstaan wat kan en sal wil besing die heldedade van hul eie geslag. O, kan dit vir ons gegee word, soos dit in die uur van roem van groot volke in die verlede was, dat daar diegene kan opstaan wat nie weifelend vra: wat is 'n volk nie, maar wat sal uitjubel: dit is my volk, só is my volk, só kan hy ook wondere verrig, só is hy as skepper van 'n eie toekoms! Die skrywer en digter wat in hierdie tyd sou kon besing wat nou gebeur, sal aangehaal word solank soos die volk van die Republiek van Suid-Afrika bestaan.[41]

Hierdie uitspraak van Verwoerd was 'n duidelike toespeling op Van Wyk Louw se *Die pluimsaad waai ver* wat met die woorde ‘Wat is 'n volk?’ begin. Opperman was ontstig oor hierdie onbegrip van regeringskant en het die drie Afrikaanse kritici in die Publikasieraad verwyt dat hulle niks gedoen het om Van Wyk Louw te verdedig nie, terwyl mense soos Chris Barnard, F.I.J. van Rensburg en F.A. van Jaarsveld wel in perskommentare bereid was om sterk te reageer.

'n Paar dae na Verwoerd se toespraak moes Opperman na Transvaal gaan om Van Wyk Louw se sestigste verjaardag by te woon en namens Human & Rousseau die *Tristia-sketsboek*, een van die huldigingsuitgawes vir dié geleentheid waarvoor hy en Ernst Lindenberg die keuse gemaak het, te oorhandig. In sy toespraak het Opperman gevra 'dat daar van owerheidsweë groter begrip vir Van Wyk Louw se werk...(behoort te) kom'[42] en het hy uitgewei oor die slegte behandeling wat die letterkunde van regeringskant ontvang. Na afloop van die funksie is Opperman na Johan en Elize Botha se huis in Pretoria, waar ook Grové en regter Kowie Marais aanwesig was. Tydens die gesprek oor *Die pluimsaad waai ver* by dié geselligheid was slegs Marais bereid om die stuk te verdedig. Die ander was van mening dat die drama nie die waarheid weerspieël nie, omdat dit die verraad van die Afrikaner uitbeeld maar geen woord oor die konsentrasiekampe sê nie. Opperman was ontsteld oor hierdie eng perspektief by mense van wie hy tereg 'n groter ruimheid en openheid kon vermoed het.

Kort ná Verwoerd se toespraak en die viering van Van Wyk Louw se verjaardag het Opperman 'n naweek by sy vakansiehuis op Franskraal gaan uitspan. In die loop van die naweek is daar vleis gebraai by die huis van senator Hein Basson, voormalige organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland, en P.W. Botha het spesiaal vir die geleentheid van Kaapstad af oorgery. Die vriende het gesellig verkeer, die rooiwyn het gevloei en heel gou het die gesprekke, soos dikwels op Franskraal, in die rigting van die politiek begin ontwikkel. P.W. Botha, wat vroeër die portefeulje Kleurlingsake in die kabinet behartig het maar op 5 April 1966 deur Verwoerd as nuwe Minister van Verdediging aangestel is, het sy vreugde oor sy nuwe taak uitgespreek en in gemoedelike stemming woorde oor sy vorige portefeulje gebruik wat Opperman teen die bors gestuit het. Die woordewisseling het daarop begin warm word. In aansluiting by Verwoerd se oproep tydens die Republiekfees het Botha vir Opperman en sy medeskrywers van 'laksheid' begin beskuldig. 'Julle skrywers, wat doen julle?' het hy gevra. 'Julle moet die Republiek besing. Man, Dirk, jy sit so lekker hier by die see - gaan sit op 'n rots en skryf 'n epos oor hoe ons ons Republiek gekry het.'[43] Opperman se antwoord was dat hy lank voor die koms van die Republiek in *Joernaal van Jorik* reeds daaroor geskryf het. Dit het Botha egter nie tevrede gestel nie. 'Al jou bundels staan op my rak,' het hy vir Opperman gesê, 'maar ek begryp daar bôggerol van.' Opperman was gekwets hieroor en het onder die invloed van die rooiwyn warmer as gewoonlik geword. Met 'n bietjie moedswil het hy na Botha verwys as 'jou Knysnase kakkerlak' en gesê: 'Met die nuwe mag wat jy gekry het, kan ek aan drie vier dinge dink wat jy nou kan doen. Die eerste is om doringdrade op te rig vir skrywers. Omdat jy 'n mislukte skrywer is, wil jy nou aan óns voorskryf hoe om te skryf. Johnson, Macmillan, De Gaulle rig nie doringdrade op nie, maar wel die Russe!'[44] Op al die argumente het Botha telkens laat hoor: 'Gaan sit op 'n rots en besing die Republiek', 'n refrein wat Opperman uiteindelik laat ant-

woord het: ‘Man, die eerste rymwoord met rots wat by my opkom, is kots. En vir elke ander woord wat jy kan noem, sal ek 'n rymwoord hê.’[45] Toe Botha moes teruggaan Kaapstad toe, was die ligte van sy motor defek en moes Hein Basson iemand van Gansbaai vir die herstelwerk laat kom. Almal was bewus daarvan dat daar ten spyte van die gejil tog nou 'n wesentlike breuk tussen Opperman en Botha plaasgevind het en hulle wou graag die vrede herstel. In 'n mate is die gemoedere dan ook gekalmeer. Toe Botha uiteindelik kon vertrek, het Opperman saam met die ander op die stoepie uitgekom. Uit die vertrekkende motor het Botha 'n laaste keer aan hom die advies gegee om die volgende dag op die rots te gaan sit en skryf, iets wat Opperman se woede opnuut laat ontvlam en hom in 'n erg gesteurde toestand huis toe laat loop het. Toe Van Wyk Louw in November 1966 'n toespraak voor die Johannesburgse Rapportryerskorps moes hou, het hy sonder die noem van name in breë trekke dié hele voorval vertel. Alhoewel Opperman geen twyfel gehad het oor die korrektheid van die standpunt wat hy teenoor Botha ingeneem het nie, was hy tog ontsteld dat die rots-kots-storie sonder sy medewete openbaar gemaak is, want hy het Botha steeds as een van die knapste politici in die Kabinet beskou en wou nie iets doen wat sy beeld kon skaad nie. Uit sommige verkrampte Pretoriase kringe het stringe briewe in noordelike koerante verskyn waarin verontwaardiging uitgespreek is dat 'n vieslike woord soos ‘kots’ in plaas van ‘trots’ die eerste by 'n digter sou opkom.[46]

Die onderonsie met Botha oor die verwagting van politieke leiers ten opsigte van skrywers en die algemene sfeer van sensuur wat deur die publikasiewetgewing geskep is, was egter nie die enigste konfrontasie tussen Opperman en 'n verteenwoordiger van die regering nie. In 1967 het Breyten Breytenbach sy tweede bundel gedigte, *Die huis van die dowe*, aan Human & Rousseau voorgelê. Human het die manuskrip aan Opperman vir beoordeling deurgestuur. In sy verslag sê Opperman 'n mens mis aanvanklik ‘die jeugdige frisheid en parmantigheid van *Die ysterkoei moet sweet*..., maar algaande - veral met die tweede lees - besef jy daar het iets rypers en innigers bygekom en dat die geestigheid milder geword het’. Die afdeling ‘Eet my woorde, trooswoorde’ is 'n voortsetting van die liefdesverse in die debuutbundel. ‘Die ontroering en wondersfeer van opbloeiende beelde voer mee, die versbeweging het 'n nuwe bekoring bygekry en die binnerym en refrein word meer dikwels gebruik. Mens sou by Breytenbach kan praat van impressie-improvisasies ... wat meermale aan 'n soort Afrikaanse D.H. Lawrence laat dink: die assosiatiewe spel wat plekke by hom oproep: “in die gebalde dag van jou oog”.’ Die strydpoësie in die afdeling ‘Wit vlieg’ vind hy minder, omdat die fynheid van beelding dikwels deur die betoog verbreek word. ‘Wat wel duidelik na mode stink,’ sê hy ten slotte, ‘is die vlieg- en kakkultus’ in die verse.

Opperman het die manuskrip baie sterk vir publikasie aanbeveel, maar Human het dit gerade geag om op grond van regsadvies 'n paar wysigings aan die

hand te doen en voor te stel dat die gedig ‘Swart dood’ weggelaat word. Hierdie wysigings is deur Breytenbach aanvaar en die bundel het in 1967 verskyn. Vroeg in 1968 moes die toekenning van die jaarlikse CNA-prys bekend gemaak word en Opperman was een van die beoordelaars in die Afrikaanse afdeling. Dit was vir hom onmiddellik duidelik dat *Die huis van die dowe* die sterkste aanspraakmaker op die toekenning was en hy het vermoed dat die ander lede van die komitee sy mening sou deel. Aangesien Breytenbach egter by herhaling in die voorafgaande jare politieke uitsprake in briewe aan koerante en in onderhoude met die media gemaak het en 'n visum aan sy vrou tydens die Verwoerd-era geweier is, wou Opperman graag weet of die regering hulle in die land sou toelaat as die egpaar sou wou kom om die prys persoonlik in ontvangs te neem. Daarom het hy sy vriend Johan Spies gevra om met die Eerste Minister, mnr. John Vorster, in verbinding te tree om te hoor of 'n visum aan mev. Breytenbach toegestaan sou word. Vorster het in daardie stadium oor meer besonderhede in verband met Breytenbach se betrokkenheid by politieke organisasies beskik as wat algemeen bekend was. Hy het aan Spies gesê dat Yolande kan kom en dat haar Viëtnamese herkoms geen beletsel vir die toekenning van 'n visum sal wees nie, maar dat Breytenbach as gevolg van sy politieke aktiwiteite onwelkom is. ‘Indien hy sy voet in die land sit,’ het hy aan Spies gesê, ‘stop ek hom so ver in die tronk weg dat hy nooit weer daaruit kom nie.’

Toe Vorster hoor dat daar sprake was dat die CNA-prys aan Breytenbach toegeken sou word, het hy uit sy pad gegaan om te keer dat die bekroning plaasvind. Vroeg in 1968 sou Opperman 'n eredoktoraat van die Universiteit van Natal ontvang en voor sy vertrek na Pietermaritzburg het Rupert as jarelange vriend besluit om 'n onthaal ter ere van hom op Stellenbosch te hou. Opperman het Koos Human, Johan Spies en hulle vrouens, wat ook die onthaal sou bywoon, gevra om vooraf na sy huis te kom. Terwyl hulle in die studeerkamer oor 'n drankie sit en gesels het, was daar 'n oproep vir Opperman van die Eerste Minister se kantoor. Telefonies het Vorster gesê Breytenbach is 'n vyand van die volk en sy poësie is moreel verderflik en polities aanstootlik vir die Afrikaner. Opperman het gevra of Vorster 'n eksemplaar van die bundel besit en of hy dit gelees het. ‘Ja,’ was sy antwoord, ‘ek het dit gelees, en, professor, ek kan u sê ek is geskok.’ ‘Hoe lank het u daaraan gelees?’ was Opperman se volgende vraag. ‘So 'n uur of wat,’ het Vorster geantwoord. ‘Wel, ek kan u verseker,’ het Opperman voortgegaan, ‘ek het drie maande daaraan gewerk, my studente bestudeer dit nege maande lank en ons het nog nie duidelikheid oor alles nie.’

In daardie stadium was daar 'n dringende oproep vir Vorster en het hy onderneem om na afloop daarvan vir Opperman terug te bel. Terwyl hy gesit en wag het vir die telefoon om te lui, het Opperman Human en Spies se advies gevra oor hoe om die saak verder te voer. Human het verwys na Vorster se

uitspraak dat hy self min van die ekonomie weet en daarom volkome op sy raadgewers se advies aangewys is en dan ook vertroue in hulle het. Op dieselfde wyse behoort Vorster nou ook as leek op die gebied van die literatuur van adviseurs gebruik te maak.

Toe die gesprek voortgesit is, het Opperman die wenk van Human opgevolg en aan Vorster voorgestel dat hy kundiges se oordeel oor Breytenbach se werk moet aanvaar en hom nie met literêre toekennings behoort te bemoei nie. Vorster wou egter nie luister nie en het aan die hand gedoen dat Opperman na Groote Schuur moes kom sodat hulle oor die bundel en die implikasies van 'n bekroning van Breytenbach kon gesels. Opperman het geantwoord: ‘Mnr. Vorster, ek is al meer as vyf en twintig jaar besig om die literatuur te doseer. Ek is belese, ek ken digters in alle tale wat vir my toeganklik is en daar is nou nog dinge in Breytenbach se werk waaroor ek nie helderheid het nie. Ek is nie gewillig om dit met 'n amateur te bespreek nie. Indien u 'n gesprek met my oor Breytenbach se bundel wil voer, stel ek as voorwaarde dat u eers drie jaar lank my klasse op Stellenbosch kom bywoon sodat ek u vir so 'n gesprek kan oplei.’

Ná die toekenning van die CNA-prys aan *Die huis van die dowe* het Breytenbach in 'n onderhoud met *Vrij Nederland* gesê dat die toekenning van die prys oëverblindery is en ‘'n vorm van omkopery om hom te probeer oorreed om nie sy sê te sê nie’.[47] Hy het verder bygevoeg dat hy as gevolg van sy vrou se velkleur toegang tot Suid-Afrika verbied word en dat hy elke sent uit sy outeursaandeel aan organisasies gaan skenk wat optrede teen Suid-Afrika bepleit. Koos Human was egter kort tevore in Parys waar hy Breytenbach gesien en die hele geskiedenis van Vorster se reaksie op die imminente CNA-toekenning, die moontlikheid van 'n visum vir mev. Breytenbach en die telefoongesprek met Opperman vertel het. Dit was vir hom glashelder dat Breytenbach opsetlik 'n verdraaide en feitelik onjuiste prentjie aan 'n buitelandse joernalis voorgehou het, in so 'n mate dat dit vir Human & Rousseau as uitgewers van *Die huis van die dowe* skade kon berokken. Hy het met Opperman en Leon Rousseau oor die aangeleentheid gesels en op 13 November 1968 publiseer hulle as direkteure van Human & Rousseau gesamentlik 'n ope brief aan Breytenbach in *Die S.A. Beeld*. In dié brief wys hulle daarop dat dit nie in die eerste plek Yolande se ras was wat die Breytenbachs se koms na Suid-Afrika verhinder het nie, maar die feit dat Breytenbach hom ‘al lank op verskillende maniere vir 'n bloedige inval in ... (sy) eie vaderland beywer.’ Hulle wil graag hê Breytenbach moet weet dat hulle ‘Suid-Afrika se eie vryheidsvegters steun en bydra tot die fonds teen die terroriste’. ‘Miskien,’ so sluit hulle af, ‘moet ons nog verder gaan en vir elke rand wat ons in die vorm van outeursaandeel aan jou uitbetaal, 'n rand tot die anti-terroristefonds bydra - net om die balans te bewaar. Maar dit lyk dalk te berekend, en indien nodig dra ons graag nog meer as jou verdienste by.’ Die ope brief lei daartoe dat Breytenbach sy bande met Human & Rousseau verbreek en sy boeke by ander uitgewers laat publiseer, al is die gedeeltelike breuk

met Opperman veel later tydens 'n besoek van hom aan Breytenbach in die gevangenis herstel.[48]

Deur sy telefoongesprek met Vorster het Opperman daarin geslaag om die onafhanklikheid wat die literatuur en die bekroningsprosedure in Suid-Afrika behoort te geniet, helder en onomwonde te stel, al het sy gespreksgenoot dit slegs wrokkig geduld. Die aantasting van hierdie outonomiteit het vir hom voortgevloei uit die hele sfeer wat deur die publikasiewetgewing geskep is en hy het voortgegaan om hom daarteen te verset. In Februarie 1970 onderteken hy 'n versoekskrif wat deur Van Wyk Louw en Ernst van Heerden opgestel en aan die voorsitter van die Publikasieraad gerig word. Daarin word gevra dat persone wat regstreeks met die literatuur te doen het, nie aansoek hoef te doen om 'n verbode boek te lees of te koop nie, maar dat 'n vrystelling uitgereik word waarmee hulle na 'n boekhandelaar kan gaan om die nodige boeke te bestel. Hierdie aksie het geen positiewe resultaat tot gevolg nie, behalwe dat dit lede van die Publikasieraad bewus kon gemaak het van die gevoelens van prominente skrywers en letterkundiges oor die posisie waarin hulle as gevolg van die wetgewing verkeer.

As André P. Brink se *Kennis van die aand* in 1974 die eerste Afrikaanse literêre werk is wat kragtens die wetgewing van 1963 as ongewens verklaar word, is Opperman dadelik bereid om met die oog op die komende regsgeding skriftelike getuienis ten gunste van die skrywer in te dien. Opperman betoog dat die waarskynlike leser van die roman die ‘uitsonderlike, volhardende of professionele leser’ sal wees omdat die geleerde aanhalings vooraf, die stadige verteltrant, die omslagtige beskrywings, die literêre verwysings en die filosoferings die gewone man sal verveel. Die roman sal dus in die eerste plek spreek tot die persoon wat in die literatuur geïnteresseerd is. Wat die wêreld van die roman betref, wys hy daarop dat die funksie van die kunswerk as spieël vandag verouderd is. Die roman word deesdae gesien ‘as 'n seepbel wat 'n sferiese siening, geboë weerkaatsing van die werklikheid gee’. Waar die hoofkarakter in *Kennis van die aand* reeds veroordeel is, verwag 'n mens by voorbaat oorbeklemtonings en verdraaiings en 'n ‘verwarde siening van die wêreld’. Vanuit hierdie ‘retrospektiewe vertelling wat wissel tussen werklikheid en waan’ moet dit as 'n geheel beoordeel word. Opperman vind die meeste geslagtelike beskrywings ‘teer, idillies en selfs adolessent’; in *Lobola vir die lewe* en *Orgie* word daar in byna alle opsigte meer ‘gesondig’ as in *Kennis van die aand*. Alhoewel hy die werk soms te ‘langdradig’ en die procédé soms te ‘eentonig’ vind, ‘bly dit 'n besondere poging om groter volwassenheid in die Afrikaanse roman te bring’. Ten spyte van die sterk pleidooie wat Opperman en letterkundiges soos I.D. du Plessis en Ernst Lindenberg lewer, bevind die regbank in Augustus 1974 dat die boek op godsdienstige, sedelike en politieke gronde ongewens is. Opperman was veral verontwaardig oor die feit dat Grové en veral Cloete lang pleitstukke ten gunste van die Publikasieraad ingedien het.

Volgens 'n aantekening in sy eksemplaar van Cloete se stuk was hy onthuts oor die diskrepansie dat Cloete onder meer sy getuienis staaf met aanhalings uit Brink se *Standpunte*-artikel ‘Op soek na Afrika’ en dat die ‘kernstuk’ van *Kennis van die aand* in *Standpunte* 100 verskyn het, terwyl Cloete en Grové albei lede van die redaksie was en in dié hoedanigheid geen beswaar teen die publikasie gehad het nie. Indien hulle só sterk oor die saak gevoel het, was dit hulle plig om te kla, as lede van die redaksie of as lede van die Publikasieraad te bedank. Daarby het Opperman dit verregaande gevind dat professore wat 'n skatpligtigheid en lojaliteit teen die letterkunde behoort te hê, hulle eie vakgebied só kan ondergrawe deur in 'n hof te pleit dat 'n verbod op 'n roman in daardie taal gehandhaaf moet word.

Terwyl die hofsaak oor *Kennis van die aand* aan die gang was, het die Parlement egter reeds wysigings goedgekeur wat die oorspronklike wetgewing van 1963 moes vervang. Die wysigings het onder andere behels dat die Minister veel meer arbitrêre magte verkry en die reg van appèl na die howe afgeskaf word, terwyl die belangrikste beswaar uit 'n literêre oogpunt nog steeds was dat 'n werk nie in sy geheel beoordeel word nie en estetiese oorwegings vir die wetgewer irrelevant is. Waarskynlik het die teleurstelling oor die hofuitspraak en die strenger nuwe maatreëls Opperman beïnvloed om nog sterker as vroeër te voel oor publikasiebeheer en die gevolge daarvan vir die Afrikaanse letterkunde, al het hy nie onmiddellik iets aan die saak gedoen nie.

Op 29 September 1974 sou hy egter sy sestigste verjaardag vier. Die uitgewersfirmas Human & Rousseau en Tafelberg het besluit om op dié dag 'n groot aantal gaste na 'n noenmaal in die 1900-Kamer in Woodstock uit te nooi waartydens 'n hele paar spesiale uitgawes aan Opperman oorhandig sou word. J.D. Pretorius, uittredende hoof van Tafelberg, sou 'n eerste eksemplaar van *Naaldekoker*, Opperman se ongebundelde kritiese stukke, aan hom gee, A.P. Grové *Dolosgooier van die woord*, 'n versameling resensies en opstelle oor sy werk, Merwe Scholtz *Woord en wederwoord* met nuwe studies oor Opperman, en Koos Human *Verse vir Opperman* waarin 'n groot aantal digters in nuwe gedigte hulde aan die jubilaris bring. By dié geleentheid sou D.P. de Villiers, besturende direkteur van die Nasionale Pers, as seremoniemeester optree, terwyl Piet Cillié, redakteur van *Die Burger*, die heildronk op Opperman sou instel. Grové en Scholtz sou albei by die oorhandiging van hulle onderskeie bundels kort toesprake lewer. Albei was tot kort tevore lede van die ou Publikasieraad en nou ook gemoeid met die nuwe sensuurbedeling wat toe pas ingestel is.

Na die feestelike maal, die toesprake en die oorhandiging van die spesiale uitgawe het Opperman aan die woord gekom. Hy het sy toespraak begin deur kortliks oor eie agtergronde uit te wei en die sprekers voor hom vir hulle gewaardeerde woorde en die geskenke te bedank. Daarna het hy voortgegaan:

> Na hierdie woorde van dankbaarheid moet ek tot my spyt 'n woord van teleurstelling uitspreek oor ons huidige owerhede se optrede. Hulle het deur ons taalbeweging en Afrikaanse letterkunde die teenswoordige hoogtepunt bereik. En uit dankbaarheid word ons nie eers die eenvoudigste reg, nl. appèl na die hof, gegun nie, maar hulle vaardig 'n klomp wette uit wat ons terugdwing tot 'n kleuterletterkunde. Maar goeie skrywers verloor nooit op die duur teen 'n owerheid nie - hulle maak 'n plan, gebruik dan die wêreld van die sprokie en die fabel. Maar dit is 'n bose dag wanneer die owerheid teen sy skrywers oorlog verklaar. Hulle het 'n nuwe letterkunde begin met die volgende resep: Jy begin altyd met ‘Daar was eendag...’, dan voer jy wesentjies, denkbeeldige diertjies en plantjies, in. Ek gaan vandag die eerste bydrae lewer.

Hy het sy toespraak afgesluit met ‘Die sprokie van Tjienk en Tjonk’ waarin toespelings voorkom op Vorster, Connie Mulder en A.P. Treurnicht, drie van die leidende politici in die Nasionale Party van destyds:

> Daar was eendag 'n tokkelosie en terselfdertyd 'n tjienkerintjietjie, maar bo almal was die Vos. Albei Tjienk en Tjonk wou die volgende ster wees. Tokkelosie besluit toe om te sê die kriekies lokketossie te veel, maar Nig Tjienkerintjie treur en hy gaan hom nie laat uitoorlê nie. Hy sê die krieke die tjiee te veel. Maar toe tjirp die krieke dat hulle na die oerwaters teruggevoer word op die Kontjiekie.

Opperman se toespraak en sy kritiek op die sensuurwetgewing[49] het groot ontsteltenis by sommige aanwesiges veroorsaak. Grové en Scholtz het albei met lang gesigte gesit en Hannes van der Merwe was verontwaardig oor wat hy as 'n onbillike aanval op die wetgewers beskou het. ‘Piet, jy kan nie hierdie ding sommer so laat verbygaan nie,’ was sy woorde aan Cillié wat saam met Grové en Scholtz aan die hooftafel gesit het. Cillié was as goeie vriend van Grové en veral Scholtz in 'n moeilike posisie. Alhoewel hy bedenkinge gehad het oor die nuwe wetgewing, het hy in *Die Burger* se hoofartikels die standpunt ingeneem dat die komende bedeling 'n kans gegun moes word. Die feit dat Grové en Scholtz steeds bereid was om 'n aandeel aan die publikasiebeheer te hê, het groot gewig by hom gedra. Op pad terug van die noenmaal af het hy by *Die Burger* se kantoor in Keeromstraat aangegaan en onder die opskrif ‘Dis nog nie oorlog nie’ 'n hoofartikel vir die volgende dag se koerant geskryf. Daarin sê Cillié dit ‘is jammer dat die digter Dirk Opperman sy mooi en literêr belangrike sestigste verjaardagviering vir sommige van sy vriende enigsins bederf het met 'n oorlogsverklaring teen ons bewindhebbers’. Hy het begrip vir ‘die kommer van die doyen van ons digters’, maar kan sy ‘opgewondenheid’ nie deel nie. Hy gaan voort:

> Was sulke swart beskouinge van die literêre toekoms nie ook algemeen toe die sensuurstelsel gewysig is om binnelandse publikasies te omvat nie? Toe was die

> verstandigste skrywers en letterkundiges bereid om die nuwe bedeling 'n kans te gee, en sommige van die voorstes het saamgewerk om dit te laat slaag.
> Sensuur, waarmee prof. Opperman nie in beginsel twis nie, was nog altyd en oral 'n standhoudende turksvy. Is dit reg om met stelligheid die koms van 'n gedwonge ‘kleuterletterkunde’ te voorspel, vóórdat die nuwe wetgewing in die praktyk getoets is en naderhand miskien op grond van die ervaring ook verbeter word?
> Die digter sê die owerheid die stryd aan in 'n tyd van gevaar vir die vaderland. Suid-Afrika sal sy skrywers nodiger hê as ooit. Hulle mag nie na die vyande se kant neig omdat die politici hulle kwaad gemaak het nie. Hulle sal grootheid toon as hulle, ondanks begryplike teleurstelling, nou harder arbei tot heling, nie tot verdeling nie.

Onder invloed van Hannes van der Merwe en Merwe Scholtz het Cillié die vermeende reaksie op die toespraak verkeerd getakseer, want sy hoofartikel het by baie skrywers en persone ná aan Opperman 'n gevoel van wrewel gewek. In 'n brief wat Koos Human op 30 September 1974 aan *Die Burger* skryf, sê hy dat hy met ‘stygende ongeloof en ergernis’ die hoofartikel gelees het. Hy vind dit ‘aanmatigend, onhoflik en in bedenklike smaak’. Met ‘'n literêre nonentiteit’ soos Jannie Kruger as voorsitter van die Publikasieraad is ‘ernstige wantroue in die eventuele raad realisties, nie pessimisties nie’ en om teenstand teen ‘hierdie drastiese wet aan landsveiligheid te koppel, is belaglik’. Cillié weier om dié brief te plaas en sê dat die hoofartikel bedoel was om kritiek op Opperman se verjaardagrede te voorkom, nie om dit aan te blaas nie! Ook 'n brief van protes deur Abraham H. de Vries word nie gepubliseer nie. Die hoofartikel lei tot 'n driftige telefoongesprek en 'n tydelike verwydering tussen Cillié en Opperman. Veel later skryf Opperman in die geestig-satiriese ‘Ballade van die groot paartie’ in *Komas uit 'n bamboesstok* oor sy toespraak en die ‘selective journalism’ wat Cillié met die weiering van briewe oor die aangeleentheid toegepas het.[50]

Dat Opperman se waarskuwing oor die nuwe sensuurbedeling van 1974 nie onvanpas was nie en Cillié die gevaar van die wetgewing heeltemal onderskat het, word bevestig deur die groot aantal Afrikaanse literêre werke wat in die sewentigerjare tydens die regime van regter J.H. Snyman as voorsitter van die nuwe Appèlraad in die ban gedoen is. Ook aan sommige van die pogings om 'n verbod opgehef te kry, sou Opperman 'n aandeel hê. Sowel in sy hoedanigheid as dosent en skeppende kunstenaar as in sy funksie as keurder en direkteur van 'n uitgewersfirma het die publikasiewetgewing hom geraak en gegrief en het hy hom geroepe gevoel om by herhaling daarop te reageer.

IV

Kiepersol, die huis in Thibaultstraat 3 in Mostertsdrift wat die Oppermans in November 1959 betrek het, was 'n ideale huis vir die besondere dagindeling en werkprogram van 'n digter en akademikus. Die huis was op twee vlakke geleë. Voor was 'n pragtige tuin wat met die jare verder ontwikkel is, met 'n oprylaan aan die regterkant na die motorhuise agter die woning en 'n syingang wat na 'n portaal lei. Aan die linkerkant was 'n ruim sitkamer, terwyl die eetkamer en groot studeerkamer langs die kombuis geleë was. In die studeerkamer het Opperman met die jare houtrakke ingerig, terwyl sy dokumente, knipsels en korrespondensie in kartonleggerdose weggebêre is. Aan die kant van die trap was daar was- en toiletgeriewe, terwyl die tweede verdieping uit vyf ruim slaapkamers en 'n badkamer bestaan het. Opperman se slaapkamer was terselfdertyd ingerig as 'n tweede studeerkamer waar hy kon werk as hy vroegoggend wakker word of as hy invalle of ‘bevliegings’ vlugtig wou neerkrabbel. Agter die huis het die erf gestrek tot teenaan die historiese meulsloot. Dáár kon die gesin heerlik stap tot by die Eersterivier en van daar teen die hang op na Bothmaskop. In later jare het die Oppermans die stoep voor die sit- en eetkamer laat toebou en dit het mettertyd die gesin se geliefkoosde leefruimte geword.

Die huis in Mostertsdrift was geleë in dieselfde straat as dié van die Ruperts en binne loopafstand van Meyer en Suna de Villiers en die Kempens in Van der Stelstraat. 'n Paar jaar na hulle aankoms het die komponis Arnold van Wyk regoor die Oppermans in 'n betreklik nuwe huis ingetrek, terwyl Ronnie Melck van die Stellenbosse Boerewynmakery die huis langsaan hulle laat herbou en in 'n pragwoning omskep het.

Vir Opperman was die oorskakeling na Stellenbosch ingrypend en hy het tyd nodig gehad om ten volle aan te pas, maar uiteindelik was hy baie gelukkig in sy nuwe vriendekring. Naas sy onmiddellike kollegas in die Departement Afrikaans-Nederlands het hy kontak gehad met die bibliotekaris Flooi du Plessis, J.P.J. van Rensburg van Grieks (wat die inleiding tot die skooluitgawe van *Periandros van Korinthe* geskryf het), Frans Smuts van Latyn, Piet van der Merwe van Geskiedenis, en later ook C.J.D. Harvey van Engels. Twee kollegas buite die onmiddellike terrein van die taal- en letterkunde met wie hy bevriend geraak het, was Matthie Taljaard van die Departement Geologie en James Yeats van die Regsfakulteit. Met albei se wye belangstellingsvelde kon hulle vir die tipe gesprekke sorg wat Opperman altyd op prys gestel het as hy van die eng gebied van die letterkunde wou wegkom, terwyl albei sy groot waardering vir die verfyning van die druif gedeel het. Taljaard was geïnteresseerd in die literatuur en het Attilio Gatti se *Saranga*, *dwerg van die reënwoud* (1951) vry uit Italiaans en *Ooms* (1961) uit die Amerikaanse volkstaal verwerk. Na sy vroeë dood in 1966 het Opperman die postume *Enthout* en *Wind in die*

solder (albei 1970) versorg waarin Taljaard outobiografies-reminisserend oor die outydse leefwyse in Namakwaland en op Stellenbosch skryf. Aan die begin van hulle vriendskap moes Taljaard wel daarop gewys word dat Opperman in die middag slaap, want hy het tydig en ontydig kom kuier, soms die voordeur geïgnoreer en by die buitedeur van die studeerkamer aangeklop. Opperman was verplig om twee dromme in die paadjie na die studeerkamer te plaas ten einde Taljaard en ander besoekers op ongeleë tye te ontmoedig!

Aan die begin het Meyer en Suna de Villiers, wat van die Stellenbossers die beste met hulle bevriend was, nie so dikwels by die Oppermans gekom nie, omdat hulle hulle die geleentheid wou gee om eers 'n eie vriendekring op te bou. In so 'n mate was hulle afsydig dat Opperman selfs op 'n keer gesê het hy dink Meyer de Villiers is snaaks! As hy hoor daar was besoekers by die De Villiers's en hy was nie ook genooi nie, het hy met sy knaende nuuskierigheid gesê: ‘Ek hoor julle het mense gehad’! Dit was ook gou vir die De Villiers's duidelik dat Opperman daarvan gehou het om vriende buite die klein kring van die letterkunde en die akademiese wêreld te maak. Afgesien van Rupert het hy nou ook Dirk Hertzog van die Rembrandt-maatskappy leer ken, terwyl hy vir sy buurman Ronnie Melck 'n kort verhelderende beskrywing van die Nederburg-wyne opgestel het wat op die etikette afgedruk is.[51] Onder die Stellenbosse boere was sy vriende veral Niel Joubert van Spier en Nico Myburgh, die eienaar van die historiese landgoed Meerlust. Saam met Matthie Taljaard het Opperman dikwels Meerlust besoek en soms 'n naweek lank by Myburgh se strandhuis op De Hoop naby Bredasdorp gaan uitspan. Joubert was direkteur van die KWV en kon Opperman tydens die werk aan *Gees van die wingerd* in opdrag van die KWV help om met persone in die wynbedryf te skakel en korrekte inligting te bekom. Dit het Joubert opgeval dat Opperman verkies het om van 'n fles in plaas van 'n bottel wyn te praat en ook die woord verflessing in die plek van bottelering gebruik het. In die laat-sestigerjare het hulle 'n paar keer gaan jag op Schietfontein, die spogplaas van Henry Barnard, Opperman se swaer en die eggenoot van sy vrou se suster Mien. Die plaas was in die Aberdeense distrik geleë en vir die jaggeleenthede het Opperman spesiaal 'n jaggeweer, Sako 308, vir hom aangeskaf. Hoewel hy by geleentheid 'n springbok geskiet het, was jag nie in sy bloed nie en het hy die geweer later weer by Jacques Arzul, die Stellenbosse wapensmid, van die hand gesit. Hy het meer daarvan gehou om op die solder van die plaashuis rond te snuffel of die restante van die klipmure te ondersoek.

Die Stellenbosse kennisse was egter net 'n onderdeel van Opperman se ruim vriendekring, want hy het voortgegaan om sy vriende in Kaapstad gereeld te sien en kontak te behou met die Franskralers deur sy naweekbesoeke aan sy vakansiehuis. In die sestiger- en vroeë sewentigerjare het hy toenemend met Koos Human te make gehad soos sy betrokkenheid by die firma Human & Rousseau groter geword het. Maar ook letterkundiges en skrywers van oor die

hele land het tydens besoeke aan Kaapstad altyd moeite gedoen om by Opperman uit te kom. Naas ou vriende soos Philip Grobler, Stoffel en Miep Nienaber, A.P. Grové en Ernst van Heerden het hy nou ook Rob Antonissen, Ernst Lindenberg, Elize Botha, André P. Brink en Etienne Leroux beter leer ken. Alhoewel Van Wyk Louw na 'n ernstige hartaanval aan die einde van 1961 minder gereeld in die Kaap gekom het, was dit vir Opperman - ten spyte van die gewapende vrede tussen hulle na die *Digters van Dertig*-geskiedenis - altyd 'n vreugde om sy ou vriend te sien. Aan die einde van 1964 was Van Wyk Louw en sy gesin in C.F. Albertyn se huis op Hermanus en het hy en Opperman een aand heerlik soos in die vroeë jare in Kaapstad met mekaar gesels. Die gesprek het onder die klink van glase in so 'n skittering en flonkering van geestigheid ontwikkel dat dit vir die vroue en ander gaste 'n vreugde en voorreg was om dit aan te hoor. Ten spyte van die verskille van die verlede was hulle tog nog geheg aan mekaar. Tydens een van sy besoeke aan Stellenbosch in die vroeë sestigerjare het Van Wyk Louw Opperman se nagraadse studente oor sy bundel *Tristia* toegespreek en van hulle vrae beantwoord. In 1966, toe Van Wyk Louw sestig jaar geword het, is Opperman namens Human & Rousseau vir die geleentheid na die noorde om die viering by te woon. Vir die huldigingsbundel *Smal swaard en blink* het hy ‘Vele woninge’ geskryf, 'n gedig waarin hy na sy klipperige wêreld as kind van 'n spoorwegwerker terugkyk en as ‘ou steenmaker’ sy vriend se ‘bouwerk’ vereer wat

> telkens met 'n skok verras
> in elke bundel, gebak uit ander klei:
> 'n blywende binnevuur wat wisselend speel
> deur ruite
> vanuit kleurwronge glas.

Waarskynlik is die gedig ingegee deur twee voorvalle[52] uit die lewe van Thomas Mann waarop Fred le Roux vir Opperman gewys het. Thomas Mann vertel by geleentheid hoe Hermann Hesse se roman *Das Glasperlenspiel* hom getref het as 'n werk wat ten spyte van verskille op 'n merkwaardige wyse met dié van sy eie ooreenkom, iets wat by hom 'n onaangename gevoel en die vraag laat ontstaan het: hoe kan ek lewe as Hesse ook lewe? En by die dood van Gerhart Hauptmann kon Mann onthou hoe Hauptmann op 'n keer iets uit sy eie werk voorgelees en vir Mann gevra het om ook uit *Der Zauberberg* voor te lees. Toe Mann aanvanklik weier, het Hauptmann kwaad geword en gesê dat daar in die huis van die Vader vele woninge is. Vir Opperman was dit merkwaardig hoe Van Wyk Louw in *Tristia* van Ovidius se werk uitgaan maar iets anders daarvan maak as hy self. Ovidius is die digter wie se *Metamorfoses* sedert sy kennismaking daarmee tydens die Matriekkursus in Latyn 'n groot indruk op Opperman gemaak het, in so 'n mate dat dit algaande 'n sentrale posisie in sy skeppende werk en sy opvatting van die kunstenaarstaak sou inneem. By ge-

leentheid het hy gesê Van Wyk Louw se ‘Cartesiaan’-sonnette in *Tristia* met die aanspreking van siel en liggaam is 'n variasie in 'n ander toonsleutel van sy eie ‘Troumars’, die slotgedig van die ‘Kroniek van Kristien’-reeks in *Blom en baaierd*:

> Ag, ou liggaam, vol littekens en jong sere,
> hoe lank hou jy my weg nog van my Here?
> En jy, armsalige en agterbakse siel,
> waarom word ek deur jou soveel verniel?

Die ooreenkoms in hulle werk moes dus vir hom, soos vir Mann, 'n onaangename ervaring gewees het, al was die gedagte dat hulle albei soos steenmakers aan hulle poëtiese huise bou, 'n vertroosting en versekering dat die wêreld van die poësie inderdaad ‘vele woninge’ toelaat. Toe Van Wyk Louw in 1968 ernstig siek was aan sy hart en weens sy benoudheid met 'n suurstofapparaat in sy studeerkamer in Johannesburg gelê het, was Opperman by hom op besoek. Ten spyte van sy siekte het Van Wyk Louw die besoek waardeer en 'n bietjie met Opperman gesels. Toe Opperman die trappies uit die studeerkamer in die geselskap van Truida Louw opklim, was hy baie bewoë oor sy vriend se toestand en het hy in die woonkamer onbedaarlik begin huil, iets wat 'n aanduiding is van die sterk gevoel en liefde wat hy vir Van Wyk Louw gekoester het.

Ten spyte van die druk program wat hy ook op Stellenbosch volgehou het, was daar altyd vir Opperman tyd om aan sy vrou en kinders te wy. Marié Opperman het in die vroeë sestigerjare 'n uitnodiging van Human & Rousseau aanvaar om die volledige werk van Hans Christian Andersen in Afrikaans te vertaal, 'n opdrag waarvoor sy spesiaal Deens bestudeer en wat 'n paar jaar van haar tyd in beslag geneem het. Van sy kinders was Trienke die ingetoë een wat - soos hy dit in 'n brief van Oktober 1961 aan sy suster Liz stel - rustig en intens toegewyd voortstudeer en ook 'n belangstelling in die literatuur openbaar. Heila was vir hom vinnig van begrip en met haar wye belangstelling het sy tot 'n uitstekende gespreksgenoot ontwikkel wat haar woord goed kon doen. Om Diederi se liggaamlike en geestelike groei te ervaar, was vir hom 'n hele ervaring. In die oggend as die koerant kom, het hy en Diederi dikwels saam in die bed gelê en lees. Die twee oudste dogters het albei later die graad B.A. met Afrikaans-Nederlands as hoofvak voltooi en hul vader dus as dosent gehad. Heila was 'n tyd lank onderwyseres en vertaler, terwyl Trienke kort na die voltooiing van haar graad getroud is met Dirk Laurie, later professor in Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap by die Vaalrivierkampus van die Potchefstroomse Universiteit op Vanderbijlpark. Diederi se hoofbelangstelling was van betreklik vroeg af die musiek. Later het sy die graad B.Mus. voltooi en as violiste in die Kaapstadse Stadsorkes gespeel. Sy is getroud met Dale Lippstreu, 'n beleggingskonsultant in Kaapstad. Vir haar het Opperman by geleentheid die kwatryn ‘Aan my laatlam’ geskryf:

Diederi, mag jy altyd,
soos nou, die kriek en reënvoël
terug antwoord op geluid
van klavier, blokfluit en viool.

Op Stellenbosch kon Opperman sy daaglikse roetine voortsit waaraan hy in Kaapstad gewoond geraak het. Soggens het hy vroeg wakker geword en was Marié gereed om vir hom roereier en tamatiesous of skywe eiervrug met 'n degie daarom te bring, twee geregte waarvoor hy besonder lief was. Daarna het hy soms weer ingesluimer, gebad en aangetrek en na die Universiteit vertrek as hy die dag doseerverpligtinge gehad het. Omstreeks halfeen was hy terug by die huis. Dan het hy met 'n paar drankies gesit en ontspan en gekyk hoe die voëltjies in die tuin broodkrummels oppik, geëet en gaan slaap. So teen vieruur het hy 'n klokkie gelui vir lemoensap en 'n koppie karringmelk of biltong, weer ingesluimer en ná aandete deurgewerk tot laat in die nag. Alhoewel Opperman nie van diere in die huis gehou het nie en nooit 'n kat wou besit nie, het hy in die laat-sestigerjare 'n Staffordshire-bullterriër by Nico Myburgh op Meerlust gaan haal. Dié hond het hy met biltong as beloning opgelei en met 'n spesiale hondefluit bo die toonhoogte van die menslike oor geroep om saam met hom te gaan stap. Op Franskraal het die hond bosluiskoors ontwikkel en was Opperman verplig om hom op Kersoggend 1973 dood te skiet.

Soos sy kring van kennisse in ander stadia van sy lewe is Opperman se Stellenbosse vriende getref deur besondere aspekte van sy karakter. Hoewel sy studeerkamer vir almal behalwe homself chaoties voorgekom het, was hy uiters georden en het daar 'n duidelike sisteem ten grondslag gelê van alles wat hy wou onderneem. Hy het nie daarvan gehou as daar dinge in die huis stukkend was nie; wat onbruikbaar geword het, moes so gou moontlik vervang word. Voordat hy op iets besluit of 'n bepaalde standpunt ingeneem het, was dit sy gewoonte om eers 'n saak van alle kante te bekyk. Dit het sy vriende opgeval dat daar by hom geen poging was om gesofistikeerd te wees of hom anders voor te doen as wat hy is nie. Hy was basies 'n nederige mens, onvervals en onopgesmuk, opreg en openhartig. Daarby was sy hele menswees, soos sy digterskap, oop en ontvanklik vir die aarde. ‘Ek het die aarde nie gesien’, 'n reël uit Van Wyk Louw se *Alleenspraak*, was vir hom 'n ingesteldheid waarvan hy gegru het en waarop hy met sy kunstenaarskap en sy hele wese as mens fel gereageer het.

Opperman het 'n groot affiniteit vir die werk van Michelangelo gevoel en sy beeldhouwerk deeglik bestudeer, maar oor die algemeen het hy 'n beperkte belangstelling in ander kunste gehad, selde uitstallings van skilderye bygewoon, baie min die teater besoek en musiekuitvoerings slegs sporadies saam met sy vrou bygewoon. Daarteenoor het hy sy lewe lank ou reisbeskrywings met oorgawe gelees en bestudeer. Oor staatkundige aangeleenthede het hy hom in die openbaar slegs by hoë uitsondering uitgespreek, maar sy politieke vrien-

de op Stellenbosch en Franskraal was soms verbysterd oor die kennis en insig wat hy wel gehad het. Hy was krities teenoor baie aspekte van die Nasionale regering en daarom ook teen baie akademici wat prominente posisies aan die Universiteit van Stellenbosch beklee het. In 1961 het ds. D.P. Botha kort na die verskyning van sy opspraakwekkende *Die opkoms van ons derde stand* 'n lesing voor die Afrikaanse Studiekring gelewer. By 'n klein geselligheid in die Uitspankafee daarna het Erlank die standpunt ingeneem dat Verwoerd die ruimheid sal hê om toegewings teenoor die bruinmense te doen. Opperman, wat waarskynlik in daardie stadium beter ingelig was oor die Eerste Minister se onverbiddelikheid, het dadelik gewys op gevalle waar die regering uiters ekstremisties in sy optrede was en die oortuiging uitgespreek dat niemand daarin sal slaag om Verwoerd tot ander insigte te bring nie. En tog het hy dit nooit oorweeg om radikaal met die Nasionale regering te breek, uit die Afrikaner-Broederbond te bedank of uit die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te tree nie. Hy het selfs naïef meegedoen aan die stryd van die Afrikaner. In 1960, toe die referendum vir die republiekwording ophande was, het *Die Burger* gevra dat mense slagspreuke moet instuur wat deur politici en joernaliste gebruik kon word. Opperman het 'n hele paar slagspreuke bedink wat deur *Die Burger* gepubliseer is, soos

> Die repliek
> van ons kroniek
> is Republiek.

Met die groeiende inkomste uit sy tantièmes en sy versigtige beleggings was Opperman reeds in die sestigerjare 'n welgestelde man. Met sy koms na Stellenbosch was hy finansieel so sterk dat hy die nuwe huis kon betaal en Kraaines - wat hy nie onmiddellik voordelig kon verkoop nie - saam met sy vakansiehuis op Franskraal kon behou. Vroeg in 1960 het hy ook 'n nuwe Borgward Isabella aangeskaf. Tog was hy finansieel baie konserwatief. Hy was daarop gesteld dat al die huise so gou moontlik afbetaal en leningvry moes wees. Hy het verkies om sy geld veilig teen rente te belê en was nie daarin geïnteresseerd om veel te spekuleer of om aandele te koop nie, behalwe in gevalle van firmas soos Human & Rousseau en die Nasionale Pers waar hy dit in belang van die Afrikaanse letterkunde gedoen het. Ook wat die behartiging van lopende uitgawes betref, was hy konserwatief. As dinge aangekoop moes word, het hy verkies om kontant of per tjek daarvoor te betaal of hoogstens van 'n koophulpskema, waarvan hy lid was, gebruik te maak. Kredietkaarte het hy nooit benut nie.

Afgesien van literêre bekronings is Opperman by herhaling in die sestigeren vroeë sewentigerjare vereer soos die waardering vir sy werk gegroei het. In bloemlesings in Engels en Duits is vertalings van sy werk deur C.J.D. Harvey en Helmut Erbe opgeneem, terwyl die publikasie van 'n bloemlesing uit sy poësie by die Nederlandse uitgewer Van Oorschot baie gunstige resensies uit-

gelok het. Ná Grové se vroeë voorkeur vir die werk van Opperman bo dié van Van Wyk Louw is ook Stoffel Nienaber toenemend in die sestigerjare geboei deur die konkreetheid, agterhaalbaarheid en boumeesterskap van sy vriend se poësie bo die 'veilige vaagheid', selfs wollerigheid, in baie van die Dertigers se werk. In later jare het onder andere André P. Brink toenemend waardering gehad vir Opperman wie se verskyning vir hom ''n literêre ontploffing' ná die woordverliefdheid van Dertig was en wie se werk deur sy verankerdheid aan Suid-Afrika en die wêreld die leser op die aarde met sy konkrete dinge gefassineerd gevange hou. Ook van persone buite die literatuur het Opperman by herhaling lof ontvang. Op 12 Julie 1962 skryf die historikus F.A. van Jaarsveld aan hom hoe hy sy poësie bewonder, miskien omdat daarin 'so 'n sterk historiese inslag' aanwesig is. 'Dit asem deur en deur 'n gees wat ek verstaan, 'n gees wat uitspreek wat 'n Afrikaner onbewus dra...'

Met hierdie toenemende waardering het vererings dan ook nie uitgebly nie. By geleentheid van sy vyftigste verjaardag in 1964 verskyn sy bundel *Kuns-mis* en *Kort reis na Carrara*, 'n bloemlesing uit sy poësie deur A.P. Grové. Naas spesifiek literêre bekronings ontvang hy in 1970 die erelidmaatskap van die Stellenbosse Boere- en Wynproewersvereniging 'as hoë blyk van...erkentlikheid vir die voortreflike dienste deur hom gelewer ten behoewe van die belange van ons boere, waarvoor hy hom nie alleen ingespan het nie, maar waarin hy hom ook onderskei het as vriend van die boer'.[53] In 1971 word hy benoem tot buitelandse erelid van die Koninklijke Vlaamse Academie voor Taal- en Letterkunde, 'n benoeming wat hy hom laat welgeval, al was hy in daardie stadium gesteur oor Nederland se politieke houding jeens Suid-Afrika en het hy jare lank reeds nie meer sy lidmaatskapsgelde vir die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde betaal nie. Vir sy naderende sestigste verjaardag in 1974 het sy studente 'n huldigingsprogram met voordragte uit sy werk gereël. In sy toespraak by dié geleentheid het Bertie du Plessis gewys op die wisselende spel van evangelis en objektiewe waarnemer in Opperman se werk, sy voorliefde vir die geskiedenis en die verbinding van hede en verlede, die ontdekkingstema, die besondere vakmanskap en verbinding van Afrika en Europa. Reeds in 1969 skilder Alfred Krenz 'n portret van Opperman en in 1973 maak Katrine Harries 'n tekening van hom in 'n stadium toe hy taamlik oorgewig en sy algemene liggaamlike toestand ongesond was. Met die oog op die tekening moes hy vir Katrine Harries poseer. Na ontvangs van 'n brief van waardering van haar skryf hy om haar te bedank vir die informele en gesellige tekensessie. 'To tell you the truth,' sê hy,

> initially I was rather nervous, later it became a game: You stare at me, I stare at you - to such an extent that I was continually tempted to wink at you! Perhaps that is why I admire the eyes, but I don't like your model and that is not your fault! I saw the drawing for only a few minutes, my wife has not seen it at all. I have no objection to any exhibition. I am your creation!

Van alle eerbewyse wat hy in die sestigerjare ontvang, moet die eredoktoraat van sy alma mater, die Universiteit van Natal, vir hom besonder aangenaam gewees het. Op 23 Maart 1968 word die graad D. Litt. honoris causa in Pietermaritzburg aan hom toegeken. In die laudatio wat by dié geleentheid gelewer is, word Opperman se agtergrond en prestasies vlugtig geskets en op sy verbintenis met Natal gekonsentreer. Aan die einde van sy rede het die 'University Orator', prof. J.V.O. Reid, gesê:

> The role of the poet in the human drama is something difficult to define; but in the case of D.J. Opperman it is fairly easy because he stands out so well: to help produce a new language, clear and suited to new tasks, to bring to the field of poetry in his language the real subjects and the real objects of present day life and to deal with them in a modern way. If indeed one wanted to describe his poetry with the one best suited word, one would not call it Afrikaans poetry, or South African poetry, but modern poetry. Whatever of good this University gave him years ago he has multiplied many times, and he is here now to receive due recognition from it.

By dieselfde geleentheid het ook die Engelse Suid-Afrikaanse skrywer Alan Paton 'n eredoktoraat ontvang. Alhoewel daar nie van die eregraduandi verwag is om iets te sê nie, het Paton uit sy eie opgestaan en 'n voorbereide toespraak gelewer. Opperman is gevra of hy ook 'n paar woorde wou sê. Hy moes dus uit die vuis praat, 'n situasie waarin hy gewoonlik sy beste toesprake gelewer het! Hy het begin deur te vertel dat hy eintlik sy verstand begin kry het in die Natalse spoorwegdorpe waar daar nie 'n sterk nasionale bewussyn onder die mense aanwesig was nie. Daarby was daar baie Engelstaliges onder hulle en as kind het hy goed met hulle oor die weg gekom en Engels in 'n stadium veel beter as Afrikaans geken. Aan die Engelstalige Natalse Universiteitskollege het hy - na die vier jaar op die Hoërskool Vryheid - baie dinge geleer, maar onder meer van sy herkoms en nasionaliteit bewus geword en in 'n pleitbesorger van die Afrikaner onder die Engelse ontwikkel. Dit is daarom ook maar goed, het hy met 'n vonkel in die oog afgesluit, dat hy in Natal kom studeer het, anders was hy vandag ook 'n Alan Paton!

Die uitgebreide doseeropdrag en groot getal studente tesame met sy werk as direkteur en keurder vir Human & Rousseau het met die jare sy tol begin eis en Opperman se gesondheid beïnvloed. In die sestigerjare moes hy gereeld vir die Senaatsvergaderings na die nuwe Universiteit van Port Elizabeth vlieg, maar tydens die besoeke aan die Oos-Kaap was dit meestal vergadering op vergadering en het hy moeg na Stellenbosch teruggekeer. Afgesien van enkele besoeke aan Schietfontein het hy in 1968 groot verlof van ses maande geneem en tydens die April-skoolvakansie 'n uitgebreide reis per motor deur die hele Suid-Afrika tot in Botswana onderneem. Vergesel van Marié en Diederi het hy M.E.R. op Swellendam besoek, Port Elizabeth aangedoen en op Grahamstad twee dae

lank by die Antonissens oorgebly. Van daar is die gesin na Pietermaritzburg, Durban en Vryheid waar hulle familie en ou vriende besoek het. In Johannesburg het hulle by Schalk Pienaar oorgebly en het Opperman ook besoeke aan Grové in Pretoria en Dekker in Potchefstroom gebring. Daarvandaan is hulle na Kimberley waar hulle saam met sy broer Koos na die uitsending van sy drama *Voëlvry* geluister het en na Gabarone waar hulle 'n ruk lank by sy suster Liz kon oorbly. In Kimberley het Koos vir Opperman 'n lieflike karos van jakkalsvel present gegee waaronder hy van toe af altyd geslaap en wat hy op koue wintersdae om sy bene gevou het. Op pad terug het hulle by Etienne Leroux op Koffiefontein aangedoen en oorgebly. Tydens sy besoek aan die Reinethuis op Graaff-Reinet het hy onverwags in D.F. Malherbe vasgeloop. Opperman het, so sou hy later vertel, Malherbe speels aan die baard gepluk en hom herinner aan die aantygings van godslastering en die maaierkultus wat hy kwansuis in die Afrikaanse poësie ingevoer het. Toe die bejaarde Malherbe uiteindelik agterkom wie voor hom staan, het hy begin stamel en wou hy 'n ‘drinksessie’ reël, maar Opperman was teen dié tyd al in sy motor onderweg na Aberdeen waar hy die landsreis met 'n paar dae op Schietfontein afgesluit het.

Afgesien van hierdie reis het die Oppermans enkele kere saam met die Yeatse na die lenteblomme by Clanwilliam gaan kyk. Toenemend het Opperman egter opgesien teen lang motorritte en naweke en vakansies reikhalsend weggevlug na Franskraal waar hy los van alle verpligtinge kon wees. Daar kon hy volkome ontspan, die irritasies van Stellenbosch en die literêre wêreld vergeet en feitlik 'n dier of 'n plant word as hy met sy visstok op die rotse sit, alikruk uithaal, hout kap of die erf en die huis skoonmaak. Hy het graag met die vissers gemeng om die lewe van die gewone mens te ervaar en na aan die aarde te beweeg. Op Franskraal het die kinders hom ook leer ken as 'n gewone mens. As hy daar intellektueel verkeer het, was dit hoofsaaklik om te gesels oor die politiek: die riglyne en optredes van die Nasionale Party, die beleid teenoor die bruinmense en die publikasiewetgewing - alles omstrede sake waaroor die Franskralers driftige gesprekke kon voer. Op Oujaarsaand het hulle dikwels die see ingevaar en gestaan en sing as die boot by die punt gaan draai. Oor die Paasnaweek het hulle 'n groot vleisbraaiery gereël en dan het die Yeatse, die Erlanks en die De Villiers's van Stellenbosch oorgekom om saam te eet. Op Franskraal het Opperman in sy ou rugbytrui, kortbroek en baret altyd soos 'n gogga gelyk en hom nie gesteur aan wat mense van sy kleredrag mag dink nie.

Die houthuisie wat die Oppermans in 1957 laat bou het, was mooi geleë aan die see en het hulle baie vreugde verskaf. Daar was egter net twee slaapkamers, die dogters het groter geword en wou by tye graag van hulle maats saamneem en hulle het ook nie plek vir 'n bediende gehad nie. Aangesien Opperman Franskraal ideaal gevind het as uitspanplek en kuuroord, het hy besluit om hoër op nog 'n erf te koop en van siersteen 'n praghuis te laat bou. Die planne is

na uitvoerige samesprekings deur Hannes van der Merwe opgestel en Opperman het Piet Vermeulen, 'n plaaslike aannemer, saam met elf handlangers vir die bouwerk in diens geneem. Omdat die padvervoerordonnansie dit belet dat 'n eienaar self sy materiaal vervoer, het Opperman die stene en sement snags onwettig laat aanry en self oor naweke gegaan om toesig oor die bouery te hou. Op 'n dag toe hy weer daar was, kom George Slabbert, een van die messelaars, en ou Jood, 'n handlanger, agter dat Opperman 'n mandjie met twee bottels saamgebring het. Hulle was teen dié tyd bewus daarvan dat hulle werkgewer lief was vir 'n glasie brandewyn, en George sê vir Jood: ‘Jong, Doktor kan nie uit twee bottels tee drink nie. Hy kom in die oggend hier met sulke “buckle”-beentjies aan. Iewers moet daar 'n “flop” wees. Ons moet loer wat is in die bottels.’ Toe George gaan kyk, vind hy brandewyn in die een bottel en besluit hy om die tee en drank deurmekaar te gooi. ‘Dit was die stilste dag op die job; Doktor het nooit iets daaroor gesê nie,’ kon Jood jare later nog onthou!

Die bouery het ongeveer agt maande geduur. Vroeg in 1965 was die nuwe dubbelverdiepinghuis klaar en kon die gesin intrek. Hierdie keer het Opperman die huis Bieblebom gedoop en die naambordjie weer deur Hannes van der Merwe laat ontwerp. Bieblebom is 'n naam uit 'n ou Afrikaanse kindergedig wat hy ook in *Kleuterverseboek* opgeneem het en slaan op wesentjies van die verbeelding wat in 'n onwerklike huis woon. Bo-aan elkeen van die kamers het die kinders die name van Opperman se bundels aangebring. Die verste toilet onder in die hoek is Vergelegen gedoop, die ander een nader het die naam Kuns-mis gekry! Onder het Opperman 'n Japannese net gespan waarin optelgoed van die land en see versamel is: 'n stompkop, 'n muskeljaatkat, 'n see- en 'n landskilpad, die werwelbeen van 'n walvis, 'n seevarkie, see-eiertjies, 'n seemanspet en 'n rob se kop - 'n ‘net van die dood’ soos hy dit by geleentheid genoem het. Die huis was geleë op 'n erf met melkhoutbome en Opperman het buite vir hom 'n ‘boskamer’ tussen die melkhoutbome ingerig en 'n bosviool - 'n eensnaarinstrument - gemaak wat hy by tye bespeel het as Heila op die kitaar besig was en die gesin lekker saamgesing het. Franskraal was dus vir Opperman tegelyk 'n paradys en 'n monument, want die nuwe huis was 'n pragwoning wat hy vir hom, Marié en die kinders op ‘Dirk se erf’ gebou het, 'n Taj Maria soos hy dit op 'n keer sou noem.

Met die werk aan die huis het Opperman van die vaste inwoners van Franskraal nog beter leer ken. Iemand wat gereeld vir ‘Miester’ Opperman kom dagsê het, was Thys Pieterse met die byname Thys Vlooi of Thys Voël. Hy was 'n visterman, maar het die gesin van brandhout voorsien en die ystervarke van die bolplante verwilder. Terwyl Opperman op 'n dag besig was om die huis skoon te maak en weggooiklere vir die morsige affêre aangetrek het, kom Thys verby, steek verbaas vas en sê: ‘Hene ekskuus miester Opperman, ek dag jy is een van jou Hotnots’![54] Met sy pragtige gelaatstrekke en Herejesussandale het Thys gelyk soos iemand uit die Bybel. Op betreklik gevorderde leeftyd is hy

getroud met Gertie en het hulle in 'n klein huisie met die naam Evergreen ingetrek. Op 14 Desember 1963 is hy en Mike Germishuys die see in om te gaan visvang. Dit was 'n volmaakte kalm dag met geen onweer in die lug nie. Die volgende dag toe Schalk Pienaar gaan visvang, vind hy die skuitjie op die strand. Hein Basson het die polisie in kennis gestel en almal het vermoed dat die twee mans verdrink het. Twee dae later het Mike se lyk uitgespoel by die Blou Sloep, aaklig gevreet deur die visse en verinneweer deur die see. Van Thys was daar egter geen spoor nie. Opperman was baie geïnteresseerd in die hele gebeurtenis en het op en af langs die strand geloop en soek of hy iets van Thys gewaar. Eers op 19 Desember het Thys se lyk by die skuithuis uitgespoel, dieselfde plek van waar dit sy gewoonte was om met die boot uit te gaan. In teenstelling tot Mike was Thys se liggaam ongeskonde maar sonder klere soos die see met hom gewoel het. Deur die strome, so kon hulle vasstel, is die lyk oor die hele lengte van die baai om die Blou Sloep en die Groot Eiland gevoer totdat hy by die vertrekpunt uitgespoel is. Nakend het die liggaam daar op die strand gelê, pragtig behoue en groot soos 'n beeld van Michelangelo as gevolg van die seewater wat die longe laat opblaas het. Opperman het drie keer na die lyk gaan kyk en die begrafnis bygewoon.

Opperman het die verhaal van Thys se verdrinking by herhaling en met oorgawe vertel, onder meer aan Etienne Leroux wat dáár die ingewing vir die verdrinking van die reus Adam Kadmon Silberstein in *Een vir Azazel* gekry het.[55] Self verwerk hy die geskiedenis van Thys se dood in sy gedig ‘Kantelkompas’ in *Edms. Bpk.*, 'n bundel wat in 'n groot mate - soos vroeër die gedig ‘Seevelde van bamboes’ in *Dolosse* - op die wêreld van Franskraal en sy ervarings daar steun. Een van die ‘optelgedigte’ kry hy present van Japie de Villiers wat vir hom op 'n dag op sy versoek die name van die visvangplekke op 'n Rembrandt-sigaretdosie afgeskryf het. Voorin die geskenkeksemplaar aan De Villiers staan die woorde: ‘Baie dankie, Japie, vir Bls. 25!’ Die gedig heet ‘Visvangplekke op die plaat’ en bekoor 'n mens deur die ‘soet musiek van name’[56] waarvan W.A. van der Stel in *Vergelegen* praat:

Haakgat
Die Polle
Sopiesklip
Mierkom
Voorsteklip
Vyeklip
Maerbankies
Otterbaai
Tafelklip
Hoëkrans
Skeurbank
Galjoenbank

Klipgat
Bontlakei
Varswater
Waenhuis
Verwulf
Pofadderbank
Die Stal
Die Kruis
Hemelhoog
Die Hel

V

Alhoewel Opperman in die sestigerjare en later minder kritiek beoefen as vroeër en geen resensiewerk meer onderneem nie, was hy tog verplig om van tyd tot tyd sekere opdragte te aanvaar of as geleentheidspreker op te tree. Van die redigeerwerk wat hy in hierdie jare onderneem, was dikwels die logiese voortvloeisel of finale afwerking van vroeër belangstellings, soos die bloemlesing uit Gustav S. Preller se kritiese opstelle (*Eerstelinge*, 1961) waaraan hy reeds in sy M.A.-verhandeling aandag gegee het, en die keuse uit H.A. Mulder se nagelate werk (*Laaste opstelle*, 1961) waarmee hy reg laat geskied aan een van die fynste kommentators oor die Afrikaanse letterkunde oor wie hy reeds in die veertigerjare uitgebreid geskryf het. In 1962 maak hy 'n keuse uit die beskouinge van P.C. Schoonees (*Die tweede verdieping*) en skryf hy in die voorwoord met groot waardering oor sy eerste leermeester en ‘volksonderwyser’ wat gewillig was om sy mense op verskillende vlakke te dien. In aansluiting by sy werk as uitgewerskeurder, dosent van die Letterkundige Laboratorium en adviseur vir digters stel hy en Fred le Roux in 1965 *Stiebeuel 2* saam. Soos sy voorloper in 1946 bied dit vir jong skeppende talente die geleentheid om hulle werk te vergelyk met dié van hulle tydgenote en reaksie van kritici op hulle werk te verkry.[57] Die jaar daarna is hy verantwoordelik vir die Afrikaanse afdeling van *Dubbelloop*, 'n bloemlesing van hom en Stoffel Nienaber uit die Afrikaanse en moderne Nederlandse poësie. Die doel hiervan was om die skolier ‘tot selfstandige kennismaking en tot 'n persoonlike ontdekkingsvreugde’ te prikkel, maar ook vergelykingsmateriaal te verskaf wat tot ‘fyner karakterisering en uiteindelike waardebepaling’ kon voer. Omdat hy na sy werk aan die *Kleuter*- en *Klein verseboek* 'n behoefte gevoel het aan 'n *Kinderkeur uit A.G. Visser* om reg aan dié digter se verse vir die jeug te laat geskied, stel hy in 1967 'n bloemlesing onder dié titel met illustrasies deur Katrine Harries saam. In dieselfde jaar skryf hy 'n voorwoord vir die bundel redevoerings wat Anton Rupert in *Wie in wondere glo* versamel en word hy meegevoer deur die besondere poësie van 'n man wat handel, wetenskap en kuns kon versoen en ‘illusies

en drome...in vervulling (kon laat) gaan in groter syfers, nuwe sake, nuwe lande, nuwe direksies'.

Die opstelle en voordragte wat Opperman in die sestiger- en vroeë sewentigerjare lewer, is meestal kleiner van opset as die reeks groot studies wat hy in *Wiggelstok* versamel, al maak hy ook in dié stukke verhelderende uitsprake en kom daarin steeds van sy verrassende formulerings voor. Die enigste artikel wat hy sonder aandrang van buite skryf, is 'Dina van Witwatersrand' (*Standpunte*, XV:2-3, Februarie 1962) waarin hy op verrassende ooreenkomste tussen *Trekkerswee* en die Middeleeuse mirakelspel *Mariken van Nieumeghen* wys. Hierdie kort studie is waarskynlik 'n neweproduk van die lesings wat hy vanaf 1960 oor Totius se gedig vir sy tweedejaarskursus aangebied het. As hy in Maart 1961 gevra word om 'n lesing by die Universiteit van Pretoria te hou, kies hy 'Die aard van die dramatiese alleenspraak' as onderwerp. Met die oog op die voorbereiding van sy derdejaarskursus in 1960 het hy onder meer die dramatiese alleensprake van Leipoldt en Van Wyk Louw opnuut bekyk en Robert Langbaum se monografie *The poetry of experience* oor die dramatiese alleenspraak as vorm intensief deurgewerk. Die lesing in Pretoria gee hom die geleentheid om sy gedagtes oor dié onderwerp verder te orden en die uitstekende studie van Langbaum bekend te stel. In dieselfde jaar lewer hy by geleentheid van die Stellenbosse Kunsfees 'n voordrag oor 'Moderne digkuns' waarin hy die vernuwing in temas, verspatroon, taal en beeld nagaan en met enkele voorbeelde uit die Afrikaanse poësie illustreer. Die volgende jaar word hy deur die FAK uitgenooi om by hulle kongres in Durban op 11-13 Julie 'n lesing oor moderne tendensies in die Afrikaanse poësie te lewer. Aanvanklik weier hy, maar dit lei tot 'n besoek van prof. H.B. Thom, rektor van die Universiteit van Stellenbosch en voorsitter van die FAK, aan sy huis en 'n sterk beroep om tog in te stem. 'Maar ek het al verlede jaar daaroor gepraat,' het Opperman probeer skerm. 'Dan weet jy presies wát om te sê,' was Thom se antwoord! Dié lesing van Opperman verskyn in 'n bundel FAK-referate en word ook in *Standpunte*, XVI:1, Oktober 1962 opgeneem.

Die aanvanklike onwilligheid om die FAK-lesing te hou, was tekenend van 'n geestesgesteldheid wat toenemend in die sestigerjare by Opperman voorgekom het. Met die tyd en energie wat die professoraat en sy verantwoordelikhede by Human & Rousseau van hom geëis het, was daar minder geleentheid as vroeër vir skeppende en kritiese werk. Daarby het hy gevoel dat hy met die groter getal goeie studente en potensiële vakmanne op Stellenbosch van sy teoretiese opvattinge en kritiese insigte deur nagraadse kandidate wou laat uitwerk eerder as om dit self te doen.

Die gevolg hiervan is dat sy kritiese publikasies in hierdie tydvak hoofsaaklik geleentheidswerk was wat hy op uitnodiging as voordragte gehou of as artikels gelewer het. Na die 'Kolporteur en kunstenaar'-lesing in 1960 wat as 'n soort beleidsverklaring vir die Stellenbosse professoraat beskou kan word, lewer hy

op 23 April 1964 'n rede by die opening van 'n tentoonstelling oor die ontwikkeling van Afrikaans in die Carnegie-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch. Hoewel hy gevra word om binne tien minute Langenhoven se aandeel te beklemtoon en dit as 'n 'kwasterige opdrag' beskou, buit hy die aweregse element in dié taalstryder se karakter en sy besondere verbintenis met Stellenbosch uit deur Langenhoven self aan die woord te stel en sy tipe kwinkslae na te boots. In 1963 word hy oorgehaal om 'n kort praatjie vir die BBC oor Afrikaans as taal en die ontwikkeling van die literatuur te lewer, terwyl hy in 1965 'n stuk opstel vir die herdenking van Jan Celliers se honderdste verjaardag waarin hy 'n uitstekende samevatting van dié volksdigter se werk gee.[58] Die verskyning van Celliers se poësie dui hy aan met dié digter se beeld van die rustige vlakte waaroor die haelstorm skielik opsteek: soos dié haelstorm was die verskyning van 'Die vlakte' saam met Marais se 'Winternag' van groot betekenis as inset van die Tweede Afrikaanse Beweging ná die eeuwenteling. Uitgaande hiervan tipeer hy Celliers se werk en dui hy ook die swakhede in dié poësie aan. Hy sluit af:

> Daar is egter 'n groepie verse waarin ons die statige woord en ruimtelikheid waardeer, soos bv. in party strofes van 'Die vlakte'; ten tweede het ons die karakterisering van enkele nasionale figure, soos De Wet en Kruger; en ten derde het ons die vaslegging van 'n heengegane tydperk in die ontwikkeling van ons Boerekultuur soos dit so mooi en natuurlik sy uiting vind in *Martjie*. Hier is Jan Celliers in die skoonste sin van die woord volksdigter, en 'n later geslag bly hom dankbaar vir hierdie verse.

Wanneer Duke Erlank as professor aftree, lewer Opperman op 19 Oktober 1966 by geleentheid van 'n kultuurprogram op Stellenbosch 'n rede waarin hy op sy kollega se werk as spreker en stryder wys en sy letterkundige bydrae bespreek. Vir sy oud-professor Gawie Nienaber se sewentigste verjaardag skryf hy in 1973 die artikel 'Twee bottels wyn' wat oorspronklik in *Sewentiger G.S. Nienaber* gepubliseer word en waarin hy reminisserend oor sy Natalse studentejare en sy verhouding tot die jubilaris skryf.

In dieselfde jaar hou hy op uitnodiging van die Hoërskool Bloemhof - waar sy dogter Diederi toe was - 'n lesing oor die voorgeskrewe werk *Periandros van Korinthe*, die enigste keer dat hy 'n lesing uitsluitlik aan 'n werk van homself gewy het. Vir die onderwysers en skoliere moet die lesing egter 'n teleurstelling gewees het, want Opperman was weinig verhelderend oor sy eie drama! In sy rede begin hy deur daarop te wys dat sommige persone die digter as die beste kritikus van sy eie skepping beskou, maar dat die ervaring leer dat hy dikwels die swakste insig en oordeel oor sy eie werk het. Die skrywer as kritikus is ook gevaarlik, omdat hy ''n verdedigende of beskermende houding of selfs 'n aanvallende houding oor sy beste werk kan inslaan'. Die skrywer is wel inherent kritikus as hy tydens die skeppingsproses tussen verskillende moontlikhede

soos woorde en situasies moet kies, maar dan is dit deel van die skeppingsproses. Dit is dus beter om nie die skrywer nie, maar die kunswerk self te raadpleeg. Daarna wei hy uit oor 'n paar sake in verband met *Periandros van Korinthe*. 'n Mens moet nie verwag dat die drama sal voldoen aan die vereistes van die klassieke tragedie nie, al skep die klassieke boustof en indeling in vyfbedrywe ‘'n basis van verwagting en dus 'n spanning met wat die kunstenaar aangevang het’. As tragiese held voldoen Periandros nie aan die vereistes van Aristoteles nie, maar toon hy eerder ooreenkomste met die wreedaard in *Richard III*. Daarna konsentreer hy op die verhouding digter-heerser in die drama. Alhoewel Opperman plek-plek insiggewende dinge sê, is die motivering onvolledig en volg die gedagtes te kripties en soms verbandloos op mekaar.

Die lesing oor *Periandros van Korinthe* is slegs in handskrif oorgelewer, nie orals volledig uitgeskryf nie en nooit gepubliseer nie, terwyl die meeste van die geleentheidstukke uit die sestigerjare later in *Naaldekoker* (1974) opgeneem word of in *Verspreide opstelle* (1977) versamel is. In aansluiting by die kort rede oor Langenhoven oorreed die redaksie van *Matieland* hom in Augustus 1973 by geleentheid van dié volkskrywer se honderdste verjaardag om 'n waardering van ‘Die stem van Suid-Afrika’ te skryf, die enigste artikel van Opperman wat uitsluitlik aan die analise van 'n enkele gedig gewy is. As die Universiteit van Stellenbosch in 1975 besluit om in die taalfeesjaar 'n aantal persone wat op die gebied van die Afrikaanse taal en letterkunde werksaam is, met eredoktorate te vereer, stel Opperman voor dat Uys Krige as oud-student van Stellenbosch en as gevierde Dertiger bekroon word. Vir die gradeplegtigheid op 10 Desember 1975 lewer hy die commendatio wat deur die rektor voorgedra is, terwyl hy by die noenmaal daarna 'n kort tafelrede hou waarin hy met Krige se belangstelling in eie juvenalia spot. Hy stel die heildronk op Krige in met ‘'n kwatryntjie’:

> Ten spyte van sy periodieke maagpyn
> en dat hy kort-kort na die buiteland verdwyn,
> trap hy tussendeur uit flonkerende korrels
> telkens in ons letterkunde 'n kroonjaarwyn.

Toenemend het Opperman hom egter in die laat-sestigerjare en vroeë sewentigerjare van allerlei kritiese aktiwiteite of verpligtinge onttrek wat sy tyd gevreet en hom van sy skeppende werk weggehou het. As hy in 1963 deur Bartho Smit uitgenooi word om 'n nuwe literatuurgeskiedenis vir die APB te skryf, wys hy dit begryplikerwyse onmiddellik van die hand, waarskynlik omdat hy in daardie stadium nie meer in 'n omvangryke onderneming van dié aard geïnteresseerd was nie en omdat hy nooit 'n daadwerklike verbintenis met die APB gehad het nie. Maar ook as F.I.J. van Rensburg hom vra om in 1968 vir Pirow Bekker se doktorale proefskrif en weer in 1975 vir dié van Chris van der Merwe as eksterne eksaminator op te tree, weier hy. Van Rensburg se uitnodi-

ging om by die RAU 'n lesing oor Van Wyk Louw te kom hou, beantwoord hy op 4 November 1970 telegrafies en kripties-digterlik: ‘Beste Frans sien nie kans.’ In 1971 wys hy ook 'n uitnodiging van die hand om 'n studiereis deur België te onderneem. In Junie 1973 word hy deur Ernst van Heerden gevra om 'n nuwe reeks Jan Hofmeyr-lesings by die Universiteit van die Witwatersrand in te lei oor enige tema wat hy verkies, maar ook dié versoek weier hy. As hy in 1974 gevra word om as eksaminator vir André P. Brink se D. Litt. op grond van reeds gepubliseerde kritiese werk by die Rhodes-Universiteit op te tree, sien hy ook nie kans nie en sê hy in 'n brief van 5 Maart 1974 aan Brink dat hy naas 190 derdejaar- en vyf B.A.-Honneurs-studente ook tien M.A.- en drie D. Litt.-kandidate het wat almal wil klaarmaak en dat hy dus hoofstuk na hoofstuk moet nasien, bespreek en weer moet nasien.

Die groot drag werk was dus beslis een van die oorwegings waarom hy hom toenemend aan die kritiek onttrek en die standpunt ingeneem het dat hy meer tyd aan sy skeppende werk wou wy. As 'n mens egter die omvang van Opperman se publikasies in die sestiger- en vroeë sewentigerjare met dié in sy periode in Kaapstad vergelyk, is dit kwantitatief en by tye kwalitatief veel minder. Vermoedelik was daar dus ook ander faktore vir hierdie afname in die skeppingsdrif by hom aanwesig.

Met sy aankoms op Stellenbosch was daar egter nog niks hiervan merkbaar nie. Ongeveer ses maande nadat hy die professoraat aanvaar het, verskyn *Astrak van die gedigte van D.J. Opperman*, 'n omvattende bloemlesing uit sy eerste vier digbundels wat, volgens A.P. Grové in *Die Huisgenoot* van 28 Oktober 1960, ‘'n pragtige en verantwoorde beeld gee van Opperman se digterskap’. In dieselfde jaar versorg Merwe Scholtz vir die Nederlandse uitgewer Van Oorschot *D.J. Opperman: 'n Keur uit sy gedigte*, 'n bundel waarin die volledige *Joernaal van Jorik* opgeneem is en wat baie gunstige reaksies in die Lae Lande uitlok. In *Vrij Nederland* van 8 Oktober 1960 sê A. Nuis onomwonde dat van die bloemlesings uit Opperman en Van Wyk Louw (van wie gelyktydig 'n keur by Van Oorschot gepubliseer is) dié uit Opperman die meeste indruk op hom gemaak het. Die rede hiervoor, so lei 'n mens uit sy betoog af, is dat land, volk en geskiedenis by Opperman 'n veel belangriker rol speel as by Van Wyk Louw, dat Opperman se besondere beeldspraak die Afrikaanse landskap sterker in die geheue laat vashaak en dat hy meer gebruik maak van die spesifiek Afrikaanse woord. Nuis se argumente laat 'n mens terugdink aan Albert Verwey se uitspraak dat Leipoldt in vergelyking met Totius en Celliers veel meer daarin slaag om aan ‘de dichterlijke inhoud van Zuid-Afrika’[59] gestalte te gee. Dié uitspraak was vir Opperman in die veertigerjare 'n ‘haunting phrase’ en 'n tartende uitdaging om in die vorm van die epiese gedig *Joernaal van Jorik* op sy besondere wyse dié ideaal te verwesenlik. Op 7 Februarie 1961 gee N.A. Donkersloot, professor in Nederlandse letterkunde aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam, in 'n rede vir Radio Hilversum

ook voorkeur aan Opperman se poësie bo dié van Van Wyk Louw en Elisabeth Eybers. Opperman is 'n digter van die land,

> maar zijn geladen poëzie is verre van pastoraal of idyllisch, en zij omspant veel meer dan een landstreek of plaatsleven, zij groeit uit tot een symboliek van het gehele land en men kan zeggen van het gehele leven. Het lijkt een paradox maar toch zou men kunnen zeggen dat van deze drie groten (Van Wyk Louw, Elisabeth Eybers en D.J. Opperman - J.C.K.) de dichter Opperman, de meest plaatselijke, toch tegelijkertijd de meest omvattende, de universeelste is.

Nog voor die verskyning van *Astrak* lees Opperman 'n aantal van sy nuwe gedigte oor die radio voor en in *Standpunte*, XIII: 4, April 1960 verskyn ‘Dennebol’, gevolg deur ‘Carrara’, ‘Ou kroonkandelaar’, ‘Sondag van 'n kind’ en ‘Seevelde van bamboes’ in *Standpunte*, XIII: 5, Junie 1960. Saam met ‘By die dood van Roy Campbell’, ‘Fabel’, ‘Bulalalamp’ en ‘Wensbeentjie’ word dié verse in die afdeling ‘Ongebundelde gedigte’ in *Astrak* opgeneem, die eerste nuwe verse wat Opperman na *Blom en baaierd* publiseer en die eerste aanduiding dat hy met verdere skeppende werk besig was. Tog duur dit nog meer as drie jaar voordat hy dié gedigte saam met ander in *Dolosse* publiseer, 'n bundel wat op 13 November 1963 verskyn en waarvoor Willem Jordaan die stofomslag ontwerp. Van die gedigte in die bundel dateer terug na ervarings tydens Opperman se Europese reis van 1957, soos sy besoek aan 'n Atheense kerkhof (‘Gedagtes by 'n sarkofaag’), die Sixtynse Kapel in Rome (‘Carrara’) en Pompeji (‘Dennebol’), al is dit nie reispoësie in die oppervlakkige sin van die woord nie. 'n Gedig soos ‘Springbokke’ is reeds in 1957 in Londen geskryf nadat hy met C.W. de Kiewiet se *Anatomy of South African misery* kennis gemaak het, terwyl ‘Vuurbees’ ontstaan na die lees van ‘The epic of man’ in 'n 1961-uitgawe van *Life*. Wat 'n mens in dié bundel opval, is die onthutsende toekomsblik wat Opperman hier op die Westerse wêreld as sodanig het. Daar is sprake van die einde van die Westerse beskawing, 'n ‘allesuitwissende slagveld’,[60] ‘atome (wat) stoel uit die atol’[61] en die mens as 'n frats in die mutasieketting van die heelal. Meer spesifiek word daar ook gepraat van Suid-Afrika wat in die ‘wêreldraad’ aangekla word en van die Afrikaner wat ‘geroepe (is) om 'n groot afspraak/ met die dood te maak’.[62] Hierdie kultuurpessimisme is Opperman se persoonlike ‘Untergang des Abendlandes’ van die sestigerjare. 'n Voorspel hiertoe is die kort maar insiggewende ‘Blik in die toekoms’ wat hy vir die Uniefees op 24 Mei 1960 tot 'n spesiale bylae van *Die Burger* bydra.[63] Uitgaande van 'n strofe uit A. Roland Holst se ‘Bij het kristal’ skets hy die Afrikaner se fenomenale ontwikkeling sedert Uniewording, al het dit meegebring dat ons van mekaar af wegbeweeg en in 'n volk van ‘kultuurlose vakmanne’ aan die ontwikkel is: Daarby het ons verhouding met ander rassegroepe en volkere versleg:

> Die Afrikaner het gebou aan sy wêreld, het hom sterk gemaak en in dié proses die Engelsman, Kleurling en Bantoe van hom vervreem. Dié vervreemding is verhaas deur 'n verstedeliking of eerder 'n verfabrieking wat onpersoonlike verhoudings verder versterk het. Dit het ook 'n geestelike vervreemding meegebring, dit wil sê ons kultuurwêreld het verarm: ons kinders praat slegter Engels as wat ons dit gepraat het, lees minder graag Nederlands en Engels, die stedelike Kleurling praat al minder Afrikaans en ons dwing die naturel terug na sy eie taal, tydskrifte, boeke...Max Lamberty het gesê 'n volk moet 'n aantrekkingskrag ontwikkel; dit lyk asof ons die teenoorgestelde voortreflik beoefen het: 'n sterk wegstotende mag. En dit werk ook deur na die buiteland: deur ons rassespanning stel oorsese vriende al hoe minder in ons kultuurprestasies belang.

Die ander gesig in die kristal is dus ‘'n geestelike lewe oorheers en verdor deur rassespannings en rassewaardes’. Daar is wel die moontlikheid dat die magte weer in ewewig kan kom en ons 'n geestelike vernuwing kan belewe,

> maar op die oomblik bly die oorheersende beeld van ons toekoms dié wat ek geskilder het: binne-in ons eie geledere én na buite, magte wat wegstoot, ons van mekaar, ander van ons - 'n uitdyende heelal. Die sterre beweeg verder en verder van mekaar, hulle koel af en elkeen sal uiteindelik in sy eie selfgenoegsaamheid tot stilstand kom. Wat mens met skrik vervul oor ons eie toekoms, is die gesig van hierdie koue geestelike hel.

Hy sluit die opstel af deur Van Wyk Louw se ‘Inferno’ aan te haal, 'n gedig waarin dié ‘koue geestelike hel’ angswekkende gestalte vind. As dié artikel in *Die Burger* verskyn, is Izak van der Merwe só beïndruk dat hy aan Opperman skryf om te sê hoe ‘skitterend’ hy dit vind, terwyl sy vrou Fannie byvoeg: ‘Die beste artikel wat ek in TYE gelees het.’ By herhaling sou Adam Small in die toekoms ook op dié artikel terugkom.

Die verskyning van *Dolosse* word tydens 'n noenmaal in die Here XVII op 13 November gevier. By dié geleentheid stel Ernst Lindenberg die bundel aan die gaste bekend, wei hy uit oor die toepassingsmoontlikhede wat die titel kan hê en staan hy ook stil by die benouende ‘boodskap’ wat Opperman hier gee:

> ons sien mense gevange in ‘getye van verdriet’, seëvierende ‘rooi reinaerdes’, 'n kraaminrigting vir radiumgevalle, atome ‘wat stoel uit die atol’, 'n ‘aasdrywer’, 'n ‘sterbemorste nes’ en uitgebraakte ‘uilballe’; die uitwissing van die Afrikaner, die kultuur, homo sapiens...

As Opperman 'n eksemplaar van *Dolosse* aan sy oud-kollega Izak van der Merwe stuur, ontvang hy op 4 Desember 1963 'n bedankingskaartjie met 'n ‘versie’:

Vir Dirk Opperman

Selfs nie die nooit volprese doloswoord
is vir atoom se doodkastyding woord genoeg
geen woord is daarvoor woord genoeg
en palissandertaal te muggieswak
dis die dat ek al sê jy ook dis dwaas
terwyl die Bolandslug nog suiwer is
troos soek in wat vir jou so nietig is
noudat die lug nog stil en suiwer is

Ook A.P. Grové bedank hom op 11 Desember 1963 vir die toesending van *Dolosse* en skryf - in aansluiting by Opperman se gebruik van rympies voorin geskenkeksemplare aan sy vriende - 'n kwatryn wat by die trant van die bundel aansluit:

Hopies beendere - Paris en Hélena - byeengevoer
borskas sonder hart, bekkenholte sonder moer;
laat die digter formules prewel of stilweg soos die mantis bid
totdat met spier en vleis die dor geraamte roer.

Grové is ook die eerste kritikus wat in 'n resensie op die bundel reageer. In *Die Huisgenoot* van 13 Maart 1964[64] wys hy op die deurlopende ondergangsmotief, al is daar tog aan die slot van sommige gedigte vir hom sprake van 'n bevryding en 'n triomf. In *Kriterium*, I:4, Januarie 1964[65] werk Ernst Lindenberg die verskillende interpretasies van die bundeltitel verder uit en wys hy op die ‘speelse beweeglikheid’ wat daar met sommige gedigte in Opperman se poësie kom. Rob Antonissen toon in *Standpunte*, XVII: 5, Junie 1964[66] aan dat Opperman met hierdie bundel in 'n mate van die ‘metaforisme’ van vroeër wegswaai en veel meer ‘saaklike mededeling (gee), verbinding van feitlike gegewens, superposisie van historiese en mities-historiese tekens, kruising van 'n menigte begrippe en gebeurtenisse gerig op wedersydse verduideliking en op duiding van een gemeenskaplike sin, 'n basiese eensinnigheid’. T.T. Cloete wys in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, IV:2, Junie 1964[67] op die gemak waarmee die digter beelde, simbole en motiewe uit gans verskillende sfere bymekaarhaal’ en op die ‘vormrykdom’ wat Opperman hier soms in ‘die doodgewoonste Afrikaans’ gee. Soos Lindenberg noem André P. Brink in *Sestiger*, I:4, Augustus 1964 die oper vorm van dié poësie: ‘betekenismoontlikhede wat nie bo-op mekaar gestapel word soos in 'n palimpses nie, maar as 't ware sirkelvormig uit die gedig uitwaaier, *horisontaal*’, 'n procédé wat byvoorbeeld die ‘verbysterende beweeglikheid’ van ‘Vloervelletjie’ oplewer.

Dolosse was een van die belangrikste aanspraakmakers op die CNA-prys wat vroeg in 1964 toegeken moes word. Die beoordelaars vir die Afrikaanse afdeling was W.J. du P. Erlank, Audrey Blignault en Piet Beukes, redakteur van *Die Landstem*. Erlank en Blignault het albei, volgens die puntestelsel wat vir

die CNA-bekronings gevolg moes word, *Dolosse* eerste geplaas en die hoogste moontlike punte daaraan toegeken, terwyl hulle *Die ambassadeur* van André P. Brink die tweede plek laat inneem het. Beukes was egter van mening dat Brink se roman die beste publikasie van die jaar was en dat *Dolosse* geen plek op die merietelys behoort te kry nie! Toe die drie beoordelaars se berekeninge bymekaargetel is, was *Die ambassadeur* eerste met dertien teenoor tien punte vir *Dolosse*. Vir Erlank was die uitslag onaanvaarbaar en onbillik teenoor Opperman. Hy het die hoofbestuurder van die CNA geskakel en hom daarop gewys dat twee beoordelaars vir Opperman die hoogste punte gegee het en dat hy en Blignault 'n persverklaring sal uitreik indien die prys nie aan Opperman toegeken word nie.

Blykbaar moet die hoofbestuur van die CNA Erlank se beswaar in 'n ernstige lig beskou het, want op 12 Maart 1964 word die prys by 'n geselligheid in Kaapstad aan Opperman oorhandig. Die commendatio word gelewer deur niemand minder nie as Piet Beukes wat egter meer oor *Die ambassadeur* as oor *Dolosse* uitwei! In aansluiting by die ‘dampkring’ waaruit die bundel ontstaan, wys Opperman in sy antwoord[68] op die gevaar van 'n ‘totale uitwissing’ vir die mens as sodanig en die gevaar vir 'n klein volkie as gevolg van ‘die stryd tussen die groot volke of magsgroepe’. Terwyl so 'n ingryp vir die Engelstalige skrywer geen wesentlike gevaar inhou nie, is die ‘Afrikaanse skrywer en meer bepaald die Afrikaanse digter...onlosmaaklik en noodlottig verbonde aan die Afrikaanse klankwêreld’. Daarby is die gevaar dat die Afrikaanse kunstenaar deur politieke betrokkenheid mislei kan word tot ‘propaganda’ en ‘strekking’, terwyl dit sy eerste taak is om ‘eerlike kunswerke’ te bou. Die skrywer het in Suid-Afrika deur die verskeidenheid mense ‘'n wonderlike bron van prikkels’ en hy behoort ‘met die verskuldigde dankbaarheid, trots en eerlikheid van die vakman dáármee (te) werk’.

Dolosse het egter ook vir 'n ander toekenning gekwalifiseer. In 1965 moes die Hertzogprys vir Poësie toegeken word uit alle digbundels wat in die tydvak 1962-1964 gepubliseer is. Vir ingeligtes op die gebied van die letterkunde was dit duidelik dat *Dolosse*, Van Wyk Louw se *Tristia* en Elisabeth Eybers se *Balans* die sterkste aanspraakmakers op die prys was. Die keurkomitee van die Akademie, met A.P. Grové as sameroeper en Ernst van Heerden en Elize Botha as bykomende lede, sou dus 'n aanbeveling moes maak.

Op hulle vergaderings in Maart en April 1965 het die lede dan ook die bundels van Opperman, Van Wyk Louw en Eybers uitgesonder as dié wat vir die bekroning in aanmerking kom. Na verdere oorweging het *Balans* verval en die komitee was daarna twee maal bymekaar om 'n finale keuse tussen *Dolosse* en *Tristia* te probeer doen. Ter sake vir die beslissing was onder meer dat albei digters een keer tevore vir 'n digbundel die onverdeelde prys ontvang het en dat daar van albei belangrike bundels was wat, as gevolg van die vroeëre bepaling dat 'n skrywer net een maal in 'n bepaalde genre met die Hertzogprys

bekroon kon word, nooit vir toekenning in aanmerking gekom het nie. Die komitee kon op grond van die twee bundels alleen tot 'n slotsom kom. ‘Maar,’ lui die verslag wat uiteindelik aan die Fakulteitsraad voorgelê word,

> hoe verder die diskussie gevorder het, hoe duideliker het dit geword dat 'n finale rangordening so goed as uitgesluit was. Hierdie bundels is eintlik nie vergelykbaar nie. *Tristia* is dikker, bevat meer gedigte, is in 'n sekere sin ruimer, ‘vetter’, stoutmoediger in sy eksperimentering met die taal. Maar let jy op die afsonderlike gedigte, oorval die twyfel jou weer. Opperman se ‘geraamte’-bundel bevat, ten spyte van sy beperkte omvang, miskien meer werklike groot gedigte as een van sy vorige bundels, afgeronde gedigte wat bo alle eksperimentering uitstyg en na konsepsie en vormgewing behoort tot die allerbeste in ons taal. As 'n mens uit elk van die twee digters se hele oeuvre 'n bloemlesing van sê 30 gedigte sou saamstel, dan sal *Dolosse* in die Opperman-bundel waarskynlik net so goed verteenwoordig wees as *Tristia* in die Louw-bundel. Daarmee is gesê dat die twee bundels hoogtepunte vorm in die werk van die twee digters, hoogtepunte ook in ons letterkunde.

Omdat die komitee albei bundels derhalwe as ‘vorstelik...in hulle eie reg’ beskou en die kritiese apparaat vir 'n keuse by so 'n ‘peil van voortreflikheid’ die letterkundige in die steek laat, lê hulle albei aan die Akademieraad voor:

> Ons weet dat 'n verdeling van die prys selde populêr is. Maar in die verlede is verdelings al gemaak, en ons glo dat 'n verdeling in hierdie geval, waar dit ons twee grootste skrywers geld, nie een van die twee tot oneer sal strek nie. Ten slotte, ons maak hierdie aanbeveling, nie omdat ons verskil nie maar juis omdat ons tot die eenparige slotsom gekom het dat 'n wetenskaplik gefundeerde rangordening in hierdie geval nie moontlik is nie.

Die Fakulteitsraad van die Akademie sou op 23 April 1965 in Pretoria vergader om onder meer oor die toekenning te besluit. In daardie stadium was die aanbeveling van die komitee reeds aan Van Wyk Louw bekend en het hy Ernst van Heerden en P.J. Nienaber, sy kollegas by die Universiteit van die Witwatersrand, duidelik laat verstaan dat hy die prys sal weier indien 'n verdeling plaasvind. Op die vergadering wys Nienaber dan ook daarop dat verdeelde pryse in die verlede tot rusies in die pers aanleiding gegee het. Die Fakulteitsraad besluit dat die komitee se aanbeveling na 'n breë letterkundige komitee verwys moet word indien die Akademieraad dit nodig ag.

As die uitvoerende komitee van die Akademieraad die volgende dag onder voorsitterskap van dr. A.J.A. Roux vergader, sê die gemoedelike prof. Nienaber by herhaling dat die aanwesiges moet onthou Van Wyk Louw is sy ‘baas’ - tot ergernis van die voorsitter wat hom versoek om nie weer so iets te noem nie! Op die vergadering van die Akademieraad op 8 Mei 1965 in Bloemfontein voel Gerhard J. Beukes dat die eenparige verslag van die keurkomitee aanvaar moet word, 'n standpunt wat die meerderheid van die Raad steun. Die voorsitter wys

egter op paragraaf 12 (a) van die reglement by die toekenning van die Hertzogprys wat bepaal dat die Raad 'n breë komitee van tien lede moet benoem indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel. Op voorstel van V.G. Hiemstra word 'n breë letterkundige komitee dan ook aangewys, bestaande uit G. Dekker, Ernst Lindenberg, F.I.J. van Rensburg, P.D. van der Walt, P. du P. Grobler, J. du P. Scholtz, T.T. Cloete, Ampie Coetzee, S. Strydom en W.J. du P. Erlank.

Wanneer die Fakulteitsraad weer op 30 Junie 1965 op Potchefstroom vergader, word die verslag van die breë letterkundige komitee voorgelê. Coetzee, Cloete, Dekker, Grobler, Lindenberg, Scholtz en Van Rensburg was ten gunste van 'n toekenning aan *Tristia*, terwyl Erlank en Van der Walt van mening was dat *Dolosse* bekroon moes word. In sy aanbeveling sê Erlank dat *Tristia* in vergelyking met die Opperman-bundel ongelyk van waarde is, *Dolosse* tematologies en struktureel as bundel sterker vertoon en Opperman se verse 'n ‘meer dwingende taalkrag’ en 'n sterker ‘konkretiserende vermoë’ openbaar. Opperman, so voeg hy by in 'n formulering wat selfs vir 1965 merkwaardig was, het groter ‘aktualiteitswaarde, van Boerestandpunt gesien’! Strydom het die ongewone stap gedoen om, strydig met die moontlikhede wat die reglement bepaal, aan te beveel dat 'n volle Hertzogprys - en nie 'n verdeelde prys nie - aan elk van die twee digters toegeken moes word. Die aanbeveling was dus sewe ten gunste van *Tristia*, twee ten gunste van *Dolosse* en een vir albei. In die lig daarvan besluit die Fakulteitsraad dat *Tristia* bekroon moet word, 'n aanbeveling wat later dieselfde dag deur die Akademieraad bekragtig is.

Terwyl die vorige verwysing na 'n breë letterkundige komitee in die besluit oor *Dias* en *Periandros van Korinthe* ten gunste van Opperman verloop het, was dit dié keer dus Van Wyk Louw wat bekroon is. Alhoewel Opperman die prys aan Van Wyk Louw gegun en self by geleentheid verklaar het dat *Tristia* ‘letterlik en figuurlik een van die grootste digbundels in Afrikaans’[69] is, was hy ontstig oor Van Wyk Louw se kleinlike weiering om 'n verdeelde prys te aanvaar en woedend oor Nienaber se rol in die hele geskiedenis, in so 'n mate dat hy later geweier het om Nienaber aan huis te ontvang. Hy weier ook die Akademie se versoeke om so ‘grootmoedig’ te wees en die commendatio vir die toekenning aan *Tristia* te lewer.

Dolosse was egter die sterkste aanspraakmaker vir 'n ander bekroning. Op 23 Februarie 1966 oorhandig Heini Jaekel van Nasionale Boekhandel die Hofmeyrprys tydens 'n noenmaal by die hoofkantoor van die uitgewery in Parow aan Opperman. By dié geleentheid word die rede gelewer deur Merwe Scholtz, toe pas aangestel as nuwe professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. In sy commendatio sê Scholtz dat hy geen ander Afrikaanse digter ken wat meer fasette van die Afrikaanse werklikheid en die Suid-Afrikaanse problematiek in sy poësie onder oë gesien het as Opperman nie. Hy gaan voort:

> Die hele bonte, kaleidoskopiese beeld van hierdie land en sy mense, dit kom veral in en sedert *Joernaal van Jorik* in toenemende mate tot uitdrukking in sy poësie. Maar dit is dan nasionale poësie wat baie ver gekom het sedert die dae toe ons poësie nog sy voorkeur uitgespreek het vir 'n man wat sy man kan staan. In Opperman se poësie is die Afrikaner in die eerste plek...mens. Meer spesifiek Westerling.

In sy antwoord bedank Opperman die Nasionale Boekhandel met 'n kwatryn (waarin 'n toespeling voorkom op Marlene Dietrich wat toe op besoek was in Suid-Afrika):

> Vir 'n bundel knoetsige ou bene,
> nie volgens die maatstaf van Athene,
> kry ek die prys, want die Here Direkteure
> dog my naam is Dieterich Marlene.

Kort ná die ontvangs van die CNA-prys vir *Dolosse* en nog voor die debakel oor die Hertzogprys en die toekenning van die Hofmeyr-prys was daar die geleentheid vir 'n verdere huldiging van Opperman. Op 29 September 1964 sou hy vyftig jaar oud word. Vir dié besondere verjaardag het A.P. Grové die bloemlesing *Kort reis na Carrara* saamgestel wat in 'n luukseband by die Nasionale Boekhandel verskyn het. Aanvanklik was daar die gedagte om by Human & Rousseau 'n bundel opstelle oor sy werk deur verskillende skrywers te publiseer, maar Opperman het gemeen vyftig is te vroeg vir so 'n huldigingsuitgawe en het self daarteen geadviseer. Aan Human het hy die gedagte genoem om 'n bundel saam te stel uit gedigte wat hy om 'n verskeidenheid redes nie by vroeëre publikasies ingesluit het nie, maar wat tog bestendig kon word. Op sy verjaardag word die bundel *Kuns-mis* dan ook aan Opperman by 'n feestelike geleentheid op Franskraal oorhandig, sy eerste publikasie by die firma Human & Rousseau (afgesien van die Preller- en Mulder-bundels wat hy geredigeer het). Dit is 'n versameling waarin, soos A.P. Grové dit in *Die Vaderland* van 16 Oktober 1964 formuleer, ‘die sublieme en belaglike, erns en spel’ mekaar afwissel, 'n bundel waarin Rob Antonissen die ‘woordpuntigheid’ naas die bittere erns van die twee ‘Dylan Thomas’-gedigte waardeer[70] en wat vir Stoffel Nienaber ‘'n welkome uitbreiding op die letterkundige vernufspel en die aanwending van speelse spot’[71] in die Afrikaanse poësie bied. In aansluiting by die ‘Met apologie’-reeks in dié bundel ontvang Opperman op sy verjaardag 'n besondere geskenk van sy student Pieter Harteveld: 'n verdere parodie op die oerteks van die ‘weduwee Viljee’.[72]

Maar ook op 'n ander wyse word Opperman tydens sy vyftigste verjaardag vereer. Na die verskyning van *Vergelegen* in 1956 het Robert Mohr en later ook Fred Engelen in 'n produksie van die drama belanggestel, maar weer daarvan afgesien, hoofsaaklik as gevolg van die groot rolbesetting met manlike spelers

wat nie so maklik in Kaapstad en Stellenbosch beskikbaar was nie. Met Opperman se naderende vyftigste verjaardag het Jack Theron, direkteur van KRUIK, egter gevoel dat dit 'n goeie geleentheid is om *Vergelegen* op te voer. Theron en Laurie van der Merwe, die organiseerder van toneel, besluit om Ria Olivier te nader, omdat sy *Periandros van Korinthe* so suksesvol in 1955 opgevoer het. As goeie vriende van Opperman was sy en Fred le Roux dadelik bereid om die opvoering te onderneem, maar die vraag was waar om al die spelers vandaan te kry. Stephen de Villiers was beskikbaar vir die dekor- en kostuumontwerp, terwyl Paul Malherbe die rol van Willem Adriaan van der Stel en Fred le Roux dié van Jakobus van der Heiden sou speel. Van die ander leidende rolle is gespeel deur André Rossouw (Elsevier), Jurie Hanekom (Kalden), Bertie van der Merwe (Starrenburg), Herman Steytler (Huising), Fanie Bekker (Tas), Magdalena Swanevelder (Maria van der Stel) en Dawie Maritz (Arie). Van die ander spelers was baie onervare en moes letterlik geleer word hoe om op die verhoog te beweeg en die woorde uit te spreek.

Aangesien sy nie genoeg spelers kon kry nie, het Ria Olivier besluit om die Hugenote-episode (derde bedryf, tweede toneel) heeltemal weg te laat, ook omdat dié gedeelte wel die groeiende onrus mooi voorstel maar weinig tot die problematiek van die drama bydra. Daarby het sy en Fred le Roux sommige van die doprympies in die derde toneel van die derde bedryf weggelaat en die herhaling van die ‘Onse Vader’ só laat speel en gedeeltelik gesny dat dit tot die insig en herkennis van sowel Van der Heiden as Van der Stel in die laaste twee bedrywe bygedra het. Die opvoering, wat sy première op 22 Augtustus 1964 in die Hofmeyrteater beleef het en ná die Kaapse speelvak op toer geneem is deur die Boland, het veral in die groepstonele as gevolg van die onervare spelers 'n bietjie stamperig verloop. Die voorstelling as 'n geheel was egter 'n groot sukses en opnuut 'n bevestiging dat Opperman se verse in die hoogste mate speelbaar was. W.E.G. Louw noem dan ook in *Die Burger* van 24 Augustus 1964 die besondere wyse waarop die spelers ‘deur versnelling en vertraging, deur aksentplasing en vermyding, dié verse laat lééf het’. Die hoftoneel het met die bewegings, inkledings en dekor feitlik 'n sewentiende-eeuse skildery geword, terwyl die Donker Gat-toneel met Fred le Roux se sterk spel van elke aand 'n belewenis gemaak het. Na afloop van die openingsaand word die spelers deur Nico Myburgh uitgenooi na 'n onthaal op Meerlust, die ou plaas van Henning Huising. Dit is 'n ervaring waardeur die gaste as 't ware kon voel hoe verlede en hede deureenskuif: ‘elke speler voel in hom/ sy dode loop’, soos Opperman dit later in ‘Nagfees van toneelspelers’ in *Edms. Bpk.* sou sien. Na die eerste aand skryf Fred le Roux 'n brief waarin hy sy waardering vir Opperman se drama uitspreek en hulle vriendskap herbevestig. ‘Ek sou lieg,’ skryf hy,

> as ek sou sê dat die lof wat ons tot dusver ontvang het, nie lekker is nie. Tog, en dit is die waarheid, lê my vreugde en Ria s'n eintlik in die feit dat dit jou werk is

> waarmee die byval behaal kon word, en dat ons in hoe 'n geringe mate ook al, kon bydra tot 'n beter begrip en waardering van 'n werk wat jy in al sy fasette volledig geskep het.

Waarskynlik het die sukses van *Vergelegen* Opperman begeester, want in die sestigerjare maak hy aantekeninge vir 'n hele paar dramas wat hy wou onderneem. Die poppespel *Ega en Eggo*, waarvan daar twaalf bladsye teks en ontwerp oorgelewer is, sou Skilpad en Skilpadin, Jakkals en sy Vrou, Kriek of Krap en Ega en Eggo as karakters hê. Die bestaande twaalf bladsye bevat 'n onvoltooide vrytoneel tussen Skilpad en sy nooi en erg voorlopige reëls, sonder dat 'n mens veel uit die ontwerp kan wys word. 'n Figuur wat hom ook boei, is Savanarola oor wie hy in September 1969 boeke in die Carnegie-biblioteek uitneem, vier bladsye aantekeninge maak en notas agterop sy Stuyvesant-dosies neerkrap. In dié stadium oorweeg hy om in die stuk oor Savanarola karakters soos Van Riebeeck, Simon van der Stel, Adam Tas, Kruger, Smuts, Hertzog, Malan, Verwoerd en John Vorster te laat optree of om die Medici, Savanarola en Machiavelli onderskeidelik deur Rupert, Koot Vorster en Verwoerd te laat verteenwoordig.

Van hierdie planne kom egter niks tereg nie. As hy uitgenooi word om vir die Republiekfees van 1966 in opdrag van KRUIK 'n drama te skryf, wys hy dit aanvanklik van die hand. Tog aanvaar hy uiteindelik die uitnodiging, waarskynlik uitgedaag deur Van Wyk Louw wat by dieselfde geleentheid vir TRUK *Die pluimsaad waai ver* lewer. As boustof kies hy die geskiedenis van Louis Trigardt se trek en raadpleeg daarvoor Gustav Preller en T.H. le Roux se uitgawes van die Trigardt-dagboek. Die eerste aantekeninge en teks van dié drama, wat hy *Voëlvry* noem, skryf hy in potlood, terwyl Opperman vir die eerste weergawe 'n balpuntpen gebruik in 'n handskrif wat - in teenstelling tot dié van die manuskripte uit die vyftigerjare - 'n bietjie bewerig en onvas voorkom. Van die getikte teks is daar verskeie afskrifte met veranderinge en ook 'n kopie met aantekeninge deur Fred Engelen.

In teenstelling tot die paarrym van die eerste twee versdramas is *Voëlvry* in 'n losser, feitlik prosaïese vers geskryf en toon die opeenvolging van die tonele eerder 'n ooreenkoms met die ‘oop’ vorm van die epiese teater as met die ‘geslote’ bou van die klassieke tragedie wat Opperman in *Periandros van Korinthe* en *Vergelegen* volg. In aansluiting by die bekommernis oor die Westerse beskawing en meer spesifiek van die Afrikaner, wat reeds uit sommige gedigte in *Dolosse* spreek, is *Voëlvry* 'n besinning oor die aard van 'n volk en die vraag of al die ontberings tevergeefs was en of die trek wel sin gehad het. Wat hierdie problematiek betref, is die gedig ‘Springbokke’, waarin daar van ‘'n groot afspraak /met die dood’ sprake is, die onmiddellike voorloper van *Voëlvry*. Daar is iets ontsettend tragies in die wyse waarop dié groep mense deur die siektes en vlieë heentrek en uiteindelik, by wyse van spreke, afstort in die see,

terwyl Trigardt ten spyte hiervan voortgaan om alles neer te skryf in die wete dat ‘dié krabbelinge, dié boek’ miskien die enigste sal wees wat ‘sal kan getuig/ aan dié wat na ons kom dat ons hier was’.

Met die eerste weergawe van die teks is Opperman na Fred en Ria le Roux. Fred se reaksie was dat dit in dié stadium nog na 'n blote ‘geraamte’ lyk en dat Opperman meer ‘vleis’ daarin moet sit. Die hersiene teks was aansienlik beter, maar Ria het gevoel dit is nie reg dat sy elke keer die regie van 'n Opperman-stuk behartig nie en dat Fred Engelen, wat sedert 1961 as professor in Drama aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was, as regisseur moet optree. Na samesprekings het Fred Engelen die uitnodiging aanvaar, op voorwaarde dat Ria hom as assistent-regisseuse bystaan en Fred le Roux die rol van Trigardt speel.

Op 26 Oktober 1967 vind die première van *Voëlvry* in die nuwe H.B. Thomteater op Stellenbosch plaas. Naas Fred le Roux is die belangrikste rolle gespeel deur Suzanne van Wyk (Martha), Johan Malherbe (Karel), Jannie Gildenhuys (Jan Pretorius) en Ernst Eloff (Pieta), terwyl Otto Schröder, professor in Kuns op Stellenbosch, doekskilderye vir die opvoering gemaak het en agtergrondmusiek deur Georg Gruber van die Rhodes-Universiteit gekomponeer is. Engelen het die drama filmies geïnterpreteer wat aan die opeenvolgende tonele 'n sekere gedateerdheid en matheid gegee het, terwyl die doekskilderye van verskillende diere in dreigende posisies nie bevredigend was nie. Die musiek wat Gruber by die werksliedere aan die begin van die tweede deel gekomponeer het, was vir Engelen die aanleiding om die hele toneel ritmies met stampende koevoete te laat uitvoer, 'n interpretasie wat aan die groteske gegrens het. In 'n opvoering van *Voëlvry*, so het Fred le Roux dit jare later as sy oortuiging uitgespreek, behoort 'n regisseur uit te gaan van die feit dat alles in die drama deel van 'n koorsdroom is. Trigardt se bed moet derhalwe sentraal wees om die koorsdroomeffek latent te hou en die ander karakters moet dan as 't ware uit die koorsdroom voortkom. Met so 'n uitgangspunt, het Le Roux gemeen, sou die drama tot sy reg kan kom en besit dit 'n potensiaal wat nie in Engelen se opvoering gerealiseer is nie.

As die drama in 1968 gepubliseer word, wys P.D. van der Walt in 'n resensie in *Standpunte*, XXII: 1, Oktober 1968[73] daarop dat *Voëlvry* nie die ‘grootsheid en tragiese krag’ van *Periandros van Korinthe* of *Vergelegen* het nie, maar tog 'n drama is met ‘'n onmiskenbare kwaliteit, met 'n artistieke integriteit van vorm, en 'n seggingskrag wat boei en veelal ontroer’. In sy bespreking in *Die Burger* van 2 September 1968 is dit vir P.J. Conradie 'n stuk wat die vraag na die sin van die verlede en ‘na die wese van 'n volk pertinent stel’, al is Trigardt nie ‘'n figuur wat kragtig genoeg is om die handeling te oorheers’ of wat ‘gewikkel is in 'n titaniese worsteling om die sin van sy bestaan te ontdek nie’. Wat 'n mens by die verskyning van *Voëlvry* opval, is die relatief klein getal besprekings oor die drama. Van al Opperman se publikasies is dit die werk wat

ook in later jare die minste aandag van kritici ontvang - miskien 'n implisiete erkenning dat die drama inherent nie genoeg fasette bevat nie.

Tog het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die spel as goed genoeg beskou om dit met die Hertzogprys vir Drama te bekroon. Op 4 Julie 1969 ontvang Opperman die toekenning in die Aula van die Universiteit van Pretoria. In sy huldigingswoord sê A.P. Grové dat *Voëlvry* 'die pioniersmens op pad na 'n nasionale bestemming' uitbeeld, al gebruik die dramaturg die Trigardt-gegewe om ons iets te 'laat voel van die lot van die Afrikaner in sy gang tot nasieskap'. In vergelyking met Opperman se vorige twee dramas is die 'versdialoog...hier...sappiger, natuurliker, nader aan die spreektaal en dus as menslike spraak aanneemliker as bv. in *Periandros van Korinthe*'.

Dié hoë loftuiting en die feit dat jonger dramaturge vir die bekroning verbygegaan is, lok reaksie uit van sommige kritici, onder meer van F.I.J. van Rensburg, John Kannemeyer en Ernst Lindenberg wat in *Kol*, I:8, Junie 1969 skryf dat die Akademie Opperman se status as skrywer misbruik om ander dramaturge van die bekroning weg te hou en sy eie klousule 9 van die toekenningsprosedure verkrag wat bepaal dat die prys slegs aan dieselfde skrywer in dieselfde genre toegeken kan word 'mits 'n duidelike stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is'.

Al vind dit dus nie sterk neerslag in die gepubliseerde reaksies nie, was daar die gevoel dat *Voëlvry* 'n insinking vertoon en dat daar in Opperman se skeppende vaart 'n stilstand ingetree het, iets wat vir baie letterkundiges ook merkbaar was uit die klein omvang van bundels soos *Dolosse* en *Kuns-mis* in vergelyking met die groot konstruksies van die vyftigerjare. As 'n mens die publikasie van *Kuns-mis*, wat 'n versameling is van 'afvalprodukte' uit die jare 1947-1964, buite rekening laat, is die eerste nuwe bundel van Opperman in die bestek van sewe jaar *Edms. Bpk*. van 1970. Dit is 'n nog kleiner versameling as *Dolosse*, al is daar 'n hele paar indrukwekkende gedigte in aanwesig. Terwyl *Dolosse* van die ondergang van die Weste en Suid-Afrika praat, is daar in *Edms. Bpk.* telkens toespelings op siekte, dood en die nietigheid van die mens. In die lig hiervan is dit opvallend hoe die digter, soos A.P. Grové in sy bespreking in *Die Burger* van 31 Julie 1970[74] opmerk, hom 'meer en meer terugtrek na die vertroude domein, op die aarde waar die wortels lê'. Tog bly Opperman ook in hierdie relatief kleiner werk van hom getrou aan sy eie digterskap, soos blyk uit die wyse waarop hy van die Ovidiaanse gedagte van die gedaantewisseling in die motto uitgaan en die wêreld in die lig daarvan verken, 'n procédé waarmee hy 'n basiese gegewe in sy poësie verder ontgin. Daarom dat André P. Brink in sy bespreking in *Voorlopige rapport* (1976) op die 'bundelgeheel' en die 'béperking en ínperking, die inkrimp tot essensie toe' konsentreer, terwyl T.T. Cloete in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, X: 4, Desember 1970[75] wys op 'die onbeperkte moontlikhede (van die digter) om die vorme van alle dinge in nuwe liggame te verkeer'.

Ten spyte van die suiwerheid van *Edms. Bpk*. moet dit vir die lesers van Opperman duidelik gewees het dat die nog kleiner omvang van die bundel in vergelyking met *Dolosse* op 'n afname in sy skeppingsdrang dui en dat daar iets aan die gebeur was wat hom tot swye gedwing het. Reeds in die vyftigerjare praat hy in *Periandros van Korinthe* van die radelose soeke na prikkels om as digter en denker verder te ontwikkel, terwyl daar in die gedig 'Oud-digter' in *Blom en baaierd* van 'n poëtiese dood sprake is. In 'n brief van 15 Oktober 1961 skryf hy vir sy suster Liz dat die universiteitswerk hom baie besig hou, met die gevolg dat hy niks aan sy eie skryfwerk kan doen nie. 'Miskien,' voeg hy by, 'het ek ook niks meer te sê nie!', 'n uitspraak waaruit 'n mens kan aflei dat Opperman self van die stilstand in sy werk bewus was en dat dit vir hom 'n kwellende gedagte begin word het.

Hierdie stilstand blyk ook uit Opperman se manuskripboeke van dié jare. Die aantal onvoltooide gedigte[76] uit hierdie tydvak is veel minder as dié uit die vyftigerjare en die ongepubliseerde voltooide verse slegs 'n handvol. Onder die titel 'Baken' skryf hy 'n vyfreëlige vers, die enigste gedig wat naas die holograaf ook die tikstadium bereik:

> In hom beur baie kragte
> tegelyk na alle kante;
> trek gespanne in hom vas
> doringdrade, vetes, kiltes
> sonder kwispelende kwas.

Sy vriendskap met Matthie Taljaard en ander natuurwetenskaplikes vind neerslag in 'n kort vers:

> Graag verkeer ek met plantkundiges of bioloë
> met sterrekundiges of geoloë
> - sien saam met hulle die wonder
> van die skepping as gedig
> deur normale, tele- of mikro-oë.

As John Vorster op 28 Mei 1967 saam met hom 'n gas is op Nico Myburgh se plaas Meerlust, skryf hy 'n kwatryn waarin hy die historiese verlede van Henning Huising se landgoed en die klagskrif oproep om die Eerste Minister te bedank vir die gewaande groter vryheid wat die mense nou ná die Verwoerdera in Suid-Afrika kan geniet:

Anti-Klagskrif

> U het u voorgangers, John Vorster,
> se visie en graniet; maar Pater Noster,
> dankie dat ons as Vryburgers
> vandag meer lust voelt en wat losster.

In sy mooiste ongepubliseerde gedig uit dié periode sluit hy aan by die tradisie wat Leipoldt begin het met verse soos ‘Ek het 'n mannetjie van potklei gemaak’:

Tableau op my tafel

My dogtertjie het vir my
'n ou verhaal gekneus uit klei:

'n vaal mannetjie met rooi pet -
skuins in sy mond 'n sigaret,

daarnaas 'n vroutjie (vol in die knop)
wat stil sit en ertjies dop.

Die derde was 'n kêrel of nooi -
a lá Michelangelo, onvoltooi.

Toe (vuil rympie oor Vondel)
is die hele boel saamgebondel.[77]

Ten spyte van die stilstand het die belangstelling in Opperman se werk in die sestigerjare eerder toegeneem as verflou, soos blyk uit die talle opstelle en studies van kritici soos A.P. Grové, Merwe Scholtz, C.J.M. Nienaber, Ernst Lindenberg, T.T. Cloete, F.I.J. van Rensburg, S. Strydom, P.D. van der Walt, Edith Raidt, D.H. Steenberg, R. Geggus, Louise Combrink en J.C. Kannemeyer wat bestendig gepubliseer is. Aan alle universiteite is Magisteren doktorale studies aan sy werk gewy, terwyl sy bundels gereeld vir voorgraadse studente voorgeskryf is. Dié belangstelling wat Opperman se poësie en dramas geniet, blyk ook daaruit dat die oplae van sy publikasies in die sestigerjare en later buitengewoon groot is in vergelyking met die meeste ander digbundels van sy tyd.

Ook verdere eerbewyse en besondere onderskeidings is steeds aan Opperman toegeken. Op 23 Oktober 1969 word 'n program met voordragte uit sy werk in die H.B. Thom-teater uitgevoer. In dieselfde jaar is Hannes van der Merwe na Europa om 'n aantal skouburge te bekyk voordat hy as aangewese argitek sy planne vir die nuwe Nico Malan-teater in Kaapstad sou finaliseer. In die Cultuurcentrum De Doelen in Rotterdam het hy gesien dat daar in een van die portale 'n kwatryn van A. Roland Holst uitgebeitel is en die gedagte het by hom ontstaan om vir die nuwe skouburg iets soortgelyks te kry. By sy terugkeer skryf hy dan ook in September 1969 aan Guy Butler, Van Wyk Louw en Opperman en vra hulle om elk 'n kwatryn te lewer wat by die toneelaktiwiteite van die teaterkompleks sal aansluit. Van Butler het hy binne enkele weke 'n kwatryn ontvang, terwyl Opperman laat weet het dat hy iets sal lewer. As Van Wyk Louw egter na verskeie briewe nog nie antwoord nie, vra Van der Merwe

vir die Administrateur, Nico Malan, om self te skrywe. Hierop laat weet Van Wyk Louw dat hy nie eintlik 'n kwatrynskrywer is nie en dat hy sal verkies dat sy broer W.E.G. Louw iets uit sy werk vir die skouburg kies. Op 12 April 1970 stuur Opperman sy kwatryn:

> Hier wissel stuk en spelers, hulle oord
> en toeskouers; maar kragtens die woord
> gaan deur die eeue - soos oor Tafelberg
> die wolke - die spel steeds voort.[78]

In die brief wat die kwatryn vergesel, sê Opperman: ‘U vra dat ek u 'n aanduiding van die vergoeding moet gee; ek kan net sê: die maksimum!’ Blykbaar het hierdie besondere ‘aanduiding’ nie op dowe ore geval nie, want Opperman ontvang vir die kwatryn 'n tjek van R750,00 waarskynlik die hoogste vergoeding wat ooit per letter aan 'n Afrikaanse skrywer uitbetaal is!

Ook 'n ander besondere onderskeiding het Opperman te beurt geval. In 1968 sou die KWV sy vyftigste bestaansjaar vier en by dié geleentheid sou Human & Rousseau 'n omvangryke boek oor die wynbedryf in sowel Afrikaans as Engels die lig laat sien. Human het met Opperman oor die saak gaan gesels en tot sy blydskap en verrassing het Opperman hom meegedeel dat hy bereid is om as redakteur op te tree. Hy het die titel *Gees van die wingerd* bedink wat in 1968 saam met die Engelse uitgawe, *Spirit of the vine*, gepubliseer is. Oor die werk aan die boek vertel Human:

> Met sy enorme werkkrag en verbeeldingrykheid het hy binne die bestek van 'n week of wat sy plan vir die boek uitgewerk en sy skrywers vir elke hoofstuk gekies. Voorlopige kosteberekeninge is gemaak en nadat die direksie van die K.W.V. die onderneming amptelik goedgekeur het, het die werk in alle erns begin. Opperman se medewerkers het nie besef dat hulle met 'n ware slawedrywer te make sou hê nie. *Gees van die wingerd* is, hoe ongelooflik dit ook al mag lyk, in die bestek van agtien maande gekonsipieer, geskryf, vertaal, geset en gedruk. Enigiemand wat weet wat alles betrokke is by die skryf en produksie in twee tale van 'n boek van hierdie omvang, deurgaans in volle kleur, sal besef watter enorme prestasie dit was.[79]

Die eerste eksemplare van *Gees van die wingerd*, waarvoor Opperman 'n inleiding skryf en 'n studie oor ‘Die wingerd in die Afrikaanse letterkunde’ maak, word by geleentheid van 'n groot onthaal by die hoofkwartier van die KWV in die Paarl bekend gestel. Die direkteure van die KWV was hoogs in hulle skik met die deeglike werk en ook in die buiteland was daar besondere belangstelling in die publikasie. In 1970 ontvang Opperman die Franse Diplôme d'Honneur du Prix de la Propagande vir sy redigering van *Gees van die wingerd*.

Ná die publikasie van *Edms. Bpk*. verskyn daar in die vroeë sewentigerjare geen nuwe werk van Opperman nie, al ontvang sy poësie steeds baie aandag. In

1972 word *Periandros van Korinthe* deur die Universiteitspelers onder regie van Ria Olivier in die H.B. Thom-teater opgevoer. As hy op 29 September 1974 sestig jaar oud word, verskyn *Woord en wederwoord*, *D.J. Opperman: Dolosgooier van die woord*, *Naaldekoker* en *Verse vir Opperman* wat tydens 'n dinee in Kaapstad aan hom oorhandig word. Vir dié geleentheid maak die Nasionale Filmraad 'n kleurprent van vyftien minute waarin Opperman se lewensloop vlugtig geskets word, terwyl Morkel van Tonder oor die radio 'n onderhoud met hom voer en huldigingstukke deur Lina Spies en John Kannemeyer in *Die Burger* van 28 en 30 September 1974 onderskeidelik verskyn. Soos Harteveld vroeër skryf sy student en assistent Charles Fryer vir hom 'n 'verjaardagwens' wat hy later onder die titel 'Vir D.J. Opperman' in sy bundel *Rooiwielwa* (1978) opneem.

Tydens die noenmaal by geleentheid van Opperman se sestigste verjaardag was een van die aanwesiges Danie van Niekerk wat toe pas hoofbestuurder van Tafelberg-uitgewers geword het. Van Niekerk wou graag die noue kontak van vroeër tussen Opperman en die Nasionale Pers-groep herstel. Reeds in Junie 1974, nog voor sy koms na Kaapstad, het hy Opperman toevallig in Pretoria raakgeloop. Opperman was bly om te hoor van sy aanstelling en het aan Van Niekerk gesê dat hy baie lekker met hom gaan saamwerk.

Een van die eerste dinge wat Van Niekerk gedoen het, was om daarop aan te dring dat die verseboeke ingrypend hersien moes word. Terwyl Opperman daarmee besig was, verskyn 'n heruitgawe van D.F. Malherbe en F.V. Lategan se *Afrikaanse verse*. Uit die resensie van André P. Brink in *Rapport* van 1 Junie 1975 het Opperman die indruk gekry dat Tafelberg sonder sy toestemming en medewete van sy gedigte in die bloemlesing opgeneem het. Die woorde van Brink wat hom op dié idee gebring het, was: 'Volgens die voorwoord het net een belangrike digter (mens lei af dat dit Breytenbach was) verlof tot opname geweier.' As hy *Rapport* klaar gelees het, bel hy vir Van Niekerk en sê hy dat hy 'n interdik teen Tafelberg gaan instel. Van Niekerk moes op die Sondagoggend ingaan kantoor toe, 'n eksemplaar van die bloemlesing kry en uitry na Stellenbosch om vir Opperman persoonlik te gaan wys dat daar nêrens van sy gedigte in die bundel verskyn nie. Vir al sy moeite het hy darem 'n bottel wyn present gekry!

In die Junie-Julie-vakansie van 1975 het Opperman hard gewerk aan die aanvulling van die bloemlesings en hy kon die hersiene tekste aan die begin van Augustus aan Van Niekerk lewer. In dieselfde jaar wou die Kaapse Onderwysdepartement *Groot verseboek* op inisiatief van G.F. Marais, inspekteur van skole, vir die Senior Sertifikaat voorskryf indien Tafelberg sekere tekste weglaat. Die gedigte waarteen daar besware geopper is, was 'John Williams, De Doelen' (Leon Strydom), 'Jong Seun' (Elisabeth Eybers), 'Doemanie' (Adam Small) en 'Hoekie vir eensames' (M.M. Walters). Hiervoor was Opperman egter nie te vinde nie. Sy standpunt was dat *Junior* en *Senior verseboek*

vir skole saamgestel is en dat hy dáárvoor bereid is om naas literêre oorwegings ook ander maatstawe aan te lê en toegewings te maak. Vir *Groot verseboek* was egter alleen literêre meriete die oorweging. As die Indiërraad beswaar maak teen die woorde ‘Kruisband-koelietjies’ en ‘Kaffer’ in D. Couzyn se ‘Diagonaalstraat’, weier hy op dieselfde gronde om dié gedig uit die hersiene uitgawe weg te laat.

Die nuwe uitgawes van die verseboeke verskyn in 1976 en is allerweë as 'n belangrike uitbreiding begroet. In daardie stadium het daar egter reeds 'n ander verwikkeling in Opperman se lewe gekom.

VI

As Opperman die professoraat op Stellenbosch in 1960 aanvaar, is hy geweldig geesdriftig en doseer hy aanvanklik met groot oorgawe en hartstog. Hy ontwerp nuwe kursusse, berei nuwe lesings voor en loop oor van entoesiasme as hy uit die reaksie van die studente en die gesprekke met hulle die indruk kry dat hy met sy lesings die nodige aanklank vind. ‘Ek het opnuut geïnteresseerd geraak in studente en doseerwerk,’ sê hy op 'n keer. Binne 'n paar jaar het hy dan ook meer nagraadse kandidate as enige van sy kollegas.

Tog was daar van betreklik vroeg af ook 'n mate van desillusie. Met die groter verantwoordelikhede, omvangryker klasse, administratiewe verpligtinge en nasienwerk was die professoraat vir hom 'n geweldige opgawe om te behartig. Daarby was daar steeds die spanning tussen verantwoordelikheid en impuls, Afrikanerskap en kunstenaarskap in hom aanwesig. Met die toenemende politieke probleme van die sestigerjare het hy duidelik die meer liberale kant gekies, al was hy steeds lid van die Afrikaner-Broederbond en weier hy om as kunstenaar sy werk tot propaganda te vervlak, ten spyte daarvan dat Jan Rabie hom by geleentheid verwyt het dat hy 'n ‘lafaard’ is en nie duidelik standpunt inneem nie. Ook van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bly hy lid, al verskil hy soms sterk van die bekronings en spreek hy hom in 1966 heftig uit as die Akademieraad, téén die aanbeveling van sy letterkundige kommissie in, besluit om die Hertzogprys vir Drama nie aan Uys Krige toe te ken nie. Met die publikasiewetgewing voel hy dat die regering - teenoor wie hy, en ander skrywers soos hy, deur die jare lojaal was - nou ook sy vak en die Afrikaanse letterkunde as sodanig bedreig. Toenemend was hy ook vervul van 'n ondergang wat die Weste en sy volk bedreig en het hy die mens begin sien as 'n frats in die evolusie, 'n mutasie wat per ongeluk tot stand gekom het. Dit alles lei tot 'n mate van depressiwiteit en 'n toename in sy drankgebruik.

Hoewel hy aanvanklik sy lesings met vreugde gegee en 'n goeie verhouding met sy kollegas opgebou het, was daar gou 'n element van ontnugtering. Ter-

wyl hy in Kaapstad in die persoon van I.W. van der Merwe iemand gehad het met wie hy oor die nuutste publikasies kon gesels en wat kennis geneem het van die jongste strominge (al het hy dan dikwels nie van die metodes gehou nie), was Erlank nie meer geïnteresseerd in nuwe dinge nie en kon hy met moeite sover gekry word om iets nuuts te lees. Hulle verhouding moes dus noodgedwonge oppervlakkig bly, al was hy bewus van die feit dat Erlank 'n baie groot bewondering vir sy skeppende werk gehad het. Alhoewel hy aan die einde van sy termyn in Kaapstad nie meer goed met Canis Scholtz bevriend was nie, het hy eerbied gehad vir Scholtz se vakmanskap en vir die intellektuele uitdaging wat die kontak met hom ingehou het. Meyer de Villiers was as vriend, intellektueel en vakman die persoon in die Departement wat die naaste aan hom was, maar betreklik vroeg was daar verwydering as gevolg van kritiek op sy drinkgewoontes. Aan die begin het Kempen hard probeer om aanklank te vind en gereeld vir 'n whisky opgedaag, maar hy het Opperman nooit teruggenooi nie. Hulle was buitendien in belangstellingsvelde en geaardhede te uiteenlopend om hegte vriende te word. Daarby het Opperman 'n renons gehad in die klein akademiese politiek wat hy daagliks moes belewe. As hy na 'n oggend by die Universiteit by die huis terugkom, het hy dikwels gepraat oor al die sette en teensette in die Departement. ‘Hoe klein/ en vals die wêreld wat ek daeliks moet duld’,[80] kon hy weer 'n keer saam met sy karakter Willem Adriaan van der Stel sê. Soms het dit hom ure en 'n groot aantal drankies geneem om uiteindelik weer te ontspan.

Daar was dus gebeurtenisse wat Opperman se entoesiasme gedemp en sy groot droom vir 'n goeie Departement verydel het. Aan die einde van 1966 sou Erlank egter aftree. Opperman wou graag iemand met 'n grondige kennis van die Nederlandse literatuur hê om die leerstoel te beset, iemand wat hom kon help om die letterkundige afdeling van die Departement tot die beste in die land op te bou. In die sestigerjare het Antonissen elke jaar in November 'n week lank na die Universiteit van Kaapstad gekom waar hy as eksterne eksaminator die grensgevalle se skrifte moes nasien en by die mondelinge eksamens moes help beoordeel. Dit was sy gewoonte om na afloop van sy verpligtinge in Kaapstad ook vir Opperman op Stellenbosch te besoek. Op dié manier het Opperman ná sy briefwisseling oor *Standpunte*-sake in die vyftigerjare Antonissen as mens en akademikus beter leer ken en het hy 'n groot waardering vir hom ontwikkel.[81]

Reeds so vroeg as November 1962 het Opperman ten huise van Ernst Lindenberg konfidensieel vir Antonissen gesê dat Erlank oor 'n paar jaar sou aftree en dat hy dit baie op prys sou stel as Antonissen bereid sou wees om die vakature te vul. Vir Antonissen was dit 'n opwindende vooruitsig. As toegewyde dosent, uitstekende administrateur en voortreflike vakman was hy hoog aangeskrewe aan die Rhodes-Universiteit en het hy 'n goeie verhouding met sy studente en kollegas gehad, maar Stellenbosch sou met die groter getal goeie stu-

dente en potensiële vakmanne die moontlikheid bied om sy talente ten volle te ontplooi. Opperman het hom verseker dat sy Rooms-Katolieke geloofsoortuiging geen rol by die benoeming sou speel nie, omdat daar reeds met die aanstelling van ander dosente presedente geskep is en die gewetensklousule van die Universiteit van Stellenbosch in elk geval geloof as faktor by 'n benoeming buite orde reël. Antonissen het derhalwe gesê dat hy baie geïnteresseerd sou wees in die betrekking.

In 1966 moes die opvolger van Erlank aangestel word. Tydens 'n byeenkoms van die vier professore het Opperman voorgestel dat die pos nie geadverteer word nie, maar dat Antonissen uitgenooi word om die leerstoel te aanvaar. Die voorstel is voorgelê aan die aanstellingskomitee wat die Departement se aanbeveling eenparig gesteun en aan die rektor, prof. H.B. Thom, oorgedra het. Thom wou graag by so 'n belangrike aanstelling vir Antonissen persoonlik ontmoet en met hom oor die betrekking en sy opdrag gesels. Antonissen was in daardie stadium druk besig met die regiewerk van Euripides se *Die vroue van Troje* wat hy vir die nuwe universiteitsteater op Grahamstad onderneem het en kon aanvanklik nie sy weg oopsien om dié verpligtinge te los en Kaapstad toe te vlieg nie. Uiteindelik kon hulle egter ooreenkom dat hy op Saterdag, 20 Augustus na Stellenbosch sou kom, maar dieselfde aand weer na Port Elizabeth sou terugvlieg. Tydens die onderhoud op 20 Augustus het Thom kortliks vir Antonissen ingelig oor die inrigting van die Departement en wat sy verpligtinge sou wees. Op die ongewone vraag ‘Wie is u opvolger?’ kon die verbaasde Antonissen alleen maar sê dat hy uit die aard van die saak sy moontlike verskuiwing na Stellenbosch met niemand bespreek het nie en dat 'n opvolger eers na sy bedanking aangewys sou kon word. Aangesien hy egter as dekaan van die Lettere-Fakulteit, lidmaatskap van prakties alle komitees en as een van die Senaatsverteenwoordigers in die Universiteitsraad 'n senior posisie aan die Rhodes-Universiteit beklee, het Antonissen vir Thom versoek om hom die geleentheid te gee om sy besluit persoonlik aan die owerhede op Grahamstad mee te deel en dat verdere rugbaarheid, deur die pers of andersins, voorlopig agterweë sou bly. Prof. Thom het hiermee akkoord gegaan.

By sy terugkeer op Grahamstad het Antonissen 'n enigsins ‘vreemde’ telegram ontvang dat hy as professor in die Nederlandse letterkunde op Stellenbosch aangestel is, nie 'n formele uitnodiging om die pos te aanvaar nie. In die telegram is egter melding gemaak dat daar 'n brief sou volg en Antonissen het vermoed dat dié brief die korrekte bewoording sou bevat. Nog voordat die brief hom kon bereik en dus ook voordat hy die owerhede van die Rhodes-Universiteit oor sy voorneme kon inlig, verskyn daar in *Die Burger* van 1 September 1966 'n berig met die nuus dat hy op Stellenbosch aangestel is en die betrekking op 1 Januarie 1967 sou aanvaar. Hierdie berig, amptelik vrygestel deur P.J. Lombard, skakelbeampte van die Universiteit van Stellenbosch, is deur ander koerante - onder meer die Port Elizabethse *Oosterlig* - oorgeneem

en binne 'n kort tydjie was die nuus van Antonissen se aanstelling oor die lengte en breedte van die land bekend. Die eerste woord wat Antonissen van die berig in *Die Oosterlig* verneem het, was toe die skakelbeampte van die Rhodes-Universiteit hom bel met die woorde: 'Ek moet u seker gelukwens.' 'Baie dankie,' was Antonissen se antwoord, menende dat dit 'n verwysing is na sy suksesvolle opvoering van *Die vroue van Troje*. 'Maar is dit waar?' was die volgende vraag, waarop die inhoud van die koerantberig aan hom meegedeel is. Op Grahamstad het die nuus algemene verslaenheid veroorsaak en vir Antonissen as senior professor in 'n onhoudbare posisie geplaas. Hy was iemand met 'n groot pligsbesef en lojaliteit en hy het groot waarde geheg aan die korrekte en ordelike afhandeling van sake.

In 'n brief van 3 September 1966 skryf Antonissen dan ook aan Thom dat die skielike persberig alles 'sinloos gemaak en uit die bloute 'n onhoudbare toestand geskep (het), wat...(hom) eenvoudig geen ander keuse laat nie as die teenoorgestelde van dié waarop...(hy hom) sedert lank voorberei het: dat... (hy sy) aanstelling in Stellenbosch moet versaak'. Hy beklemtoon dat 'niemand hoegenaamd die geringste druk op...(hom) uitgeoefen het nie, en allermins die owerhede van die Universiteit Rhodes, en dat die besluit geheel en al en in volle vryheid...(syne) is'. In 'n brief aan Opperman op dieselfde dag skryf hy:

> Ek wou dadelik verlede Donderdag geskryf het maar het letterlik te siek gevoel van leed. Eers vandag kon ek my dwing tot die onherroeplike stap. Dis presies veertien dae gelede dat ek by julle was, in 'n ander stemming as vandag, met groot planne vir die toekoms, akademies en persoonlik. Dat dit blykbaar nie mág waar word nie - daarin begin ek nou allengs berus, en die tyd sal wel heling gee.

Hy hoop dat hulle vriendskap sal voortbestaan, want 'dit sou vir my die ergste van alles wees en die einde van baie beteken.'

Vir Opperman was Antonissen se besluit 'n ontsettende slag. Vir die verwesenliking van sy groot droom vir die Stellenbosse Departement was Antonissen met sy belesenheid in die Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse letterkunde die ideale persoon. Daar was niemand anders in Suid-Afrika wat dieselfde kundigheid en status as vakman op dieselfde terrein gehad het nie. Alles wat Opperman gehoop het vir 'n prikkelende akademiese milieu en 'n gesonde wisselwerking tussen hom en sy letterkundige kollega het aan skerwe gelê. In die dae ná ontvangs van die brief het hy letterlik ure bestee aan telefoonoproepe en by herhaling 'n dringende versoek tot Antonissen gerig om sy besluit te heroorweeg. In 'n brief van 10 September 1966 herbevestig Antonissen egter weer sy besluit en sê hy dat hy die betrekking in die omstandighede nie kan aanvaar nie.[82]

Antonissen se besluit het Opperman só omgekrap dat hy weke lank by die Universiteit net vir sy lesings opgedaag en onmiddellik daarna teruggekeer het

huis toe. Tog moes die Departement nou dringend aandag skenk aan 'n opvolger vir Erlank wat reeds in daardie stadium 'n betrekking as kultuurattaché by die Suid-Afrikaanse Ambassade in Den Haag aanvaar het en nie beskikbaar sou wees om in 1969 die Nederlandse letterkunde op 'n tydelike basis te behartig nie.[83] By 'n vergadering van die Departement het die vier professore besluit om Ernst van Heerden te nader om die betrekking te vul, 'n aanbeveling wat deur die aanstellingskomitee bekragtig is. Thom sou juis in daardie tyd in transito op die Lughawe Jan Smuts wees en het Ernst van Heerden geskakel, 'n afspraak met hom op die lughawe gereël en tydens hulle gesprek die leerstoel vir hom aangebied. Van Heerden was in daardie stadium senior lektor by die Universiteit van die Witwatersrand, maar het ook die besondere onderskeiding gehad dat hy benoem is tot 'reader' in die Algemene Poëtiek. Die professoraat was vir hom aanloklik, maar hy was baie gelukkig in sy Johannesburgse betrekking en het die vriendskap en kollegialiteit van Van Wyk Louw hoog op prys gestel. Daarby is hy in 1959 vir die Stellenbosse professoraat oor die hoof gesien, ten spyte van die feit dat Erlank die bevordering by meer as een geleentheid aan hom belowe het. Afgesien van die goeie verhouding wat hy deur die jare by die Universiteit van die Witwatersrand met kollegas van verskeie departemente kon opbou, het hy ná Van Wyk Louw se ernstige hartaanval aan die einde van 1961 baie van die administratiewe werk behartig en het hy 'n gevoel van lojaliteit en skatpligtigheid teenoor sy departementshoof en kollegas gehad. In 'n brief aan Thom wys hy dus die uitnodiging van die hand.

Die Stellenbosse Departement was nou in 'n groot dilemma, omdat vakkundiges van oor die hele land die dramatiese gebeure intens gevolg en meewarig geglimlag het oor wat hulle as 'n onbeholpe hantering aan die kant van die Universiteit van Stellenbosch beskou het. By die volgende byeenkoms van die vier professore is besluit dat die betrekking in Nederlandse letterkunde alternatiewelik as 'n professoraat, senior lektoraat of lektoraat in Suid-Afrika, Nederland en België geadverteer sou word, alhoewel dit van die begin af die vaste voorneme was om ten alle koste 'n hoogleraar aan te stel. Nog voor die aansoeke gesluit het, is Opperman uitgenooi vir ete na W.E.G. Louw wat toe pas van 'n besoek aan Europa terug was. Tydens hulle gesprek het Louw, wat sedert einde 1957 kunsredakteur van *Die Burger* was, laat deurskemer dat hy 'n bietjie uitgekuier is by die koerant en daarteen opsien om elke dag die kunsbladsy met een of meer artikels vol te kry, dikwels met medewerkers wat hom op die laaste oomblik in die steek laat.

Vir Opperman was die rigting waarin Louw die gesprek gestuur het, 'n aanduiding dat hy in die Stellenbosse professoraat belangstel. Alhoewel hy as vakman vir hom nie op dieselfde peil as Antonissen was nie, het Opperman gevoel dat Louw met sy proefskrif oor *Die invloed van Gorter op Leopold* en enkele artikels 'n besliste bydrae tot die Nederlandse kritiek gelewer het. Jan Greshoff het jare lank gesê dat Louw saam met Canis Scholtz die enigste Suid-

Afrikaner was wat na sy wete Nederlands sonder enige sweem van 'n Afrikaanse aksent kon praat. Alhoewel hy in die verlede met die werk aan die verseboeke, met *Standpunte*-aangeleenthede en met die aansoek om die Kaapstadse professoraat ernstig met Louw gebots het, was dié sake - so het Opperman gemeen - iets van die verlede. Met die sluitingsdatum vir die aansoek om die professoraat was daar nie noemenswaardige kandidate uit Nederland of België nie. Op 'n vergadering het Opperman die ander lede van die Departement meegedeel dat hy die indruk gekry het dat Louw in die pos geïnteresseerd was, maar dat hulle nie kon verwag dat hy sou aansoek doen nie. Daarom wil hy voorstel dat Louw uitgenooi word om die leerstoel te vul. Die gedagte was vir die ander professore aanneemlik. Die aanstellingskomitee het die gedagte gesteun en na deursending deur die gebruiklike kanale is Louw die pos aangebied. Hy het dit met ingang 1967 aanvaar.

Die samewerking tussen Opperman en W.E.G. Louw het vriendskaplik begin, maar 'n mens kon by voorbaat voorspel dat die hartlikheid nie lank sou duur nie. Opperman het 'n digterlike, vakkundige en persoonlike renons in Louw gehad wat hy met die beste wil ter wêreld nie kon afskud nie. Afgesien van die baie triviale verse, die gemaksugtige prosa en die impressionistiese metode wat vir hom simptomaties van 'n geestelike luiheid was, het Opperman gevoel Louw is wollerig, dat hy sy lesings met praatjies vul en dat hy die studente met sy mooi stem verlei. Daarby het daar wrywing ontstaan as gevolg van die werkverdeling. Louw wou graag 'n gedeelte van die Afrikaanse letterkunde doseer, in ruil waarvoor Opperman sekere dele van die Nederlandse literatuur moes oorneem. Hiervoor was Opperman egter nie te vinde nie. Hy was krities teenoor Louw en het die standpunt ingeneem dat hy gaan handhaaf wat hy het en nie enige toegewing gaan maak nie. Die ou spook van Fransie Malherbe en Erlank het weer begin loop.

Voor die koms van W.E.G. Louw het Opperman haas alle M.A.- en doktorale studente onder hom gehad, aangesien Erlank na die afhandeling van sy laaste kandidate in 1962 geen nuwes bygekry het nie. Met die nuwe aanstelling het hy egter gevoel dat dit nou die aangewese tyd is vir iemand om sy las te verlig en is alle voornemende verhandeling-studente wat in 1967 wou registreer, aan Louw toegewys. Daarby het hy begin om minder op kantoor te kom, hom aan die administrasie onttrek en die indruk geskep dat hy nie juis gemoeid wil wees met die konstruksie en organisasie van die Departement nie. Hoofsaak was sy nagraadse studente en die kwekelinge in sy Letterkundige Laboratorium wat steeds vir hom 'n boeiende spel was en baie bevrediging verskaf het. In die laat-sestigerjare het sy doseerwerk ook begin verswak. Soms het hy voor 'n lesing half verlep op die trappies gestaan en iets op die agterkant van 'n sigaretdosie aangeteken. In die klas het hy mompelend en in halwe sinne voorgedra, al het sy opmerksame studente steeds gevoel dat hy oor 'n verbluffende rykdom kennis beskik en dat sy insigte steeds helder is. Die gemompel was

vir die belangstellendes meer werd as die welsprekendheid van talle ander.

Met die toename in die getal studente het die vier professore gevoel dat hulle 'n sterk saak vir die aanstelling van addisionele dosente kon uitmaak. Die probleem was egter steeds die vier hermeties geslote afdelings waarin die Departement verdeel was. Die twee letterkundiges en die twee taalkundiges het egter ooreengekom om 'n lektoraat elk tussen hulle te verdeel; by 'n later geleentheid kon hulle dan twee verdere poste skep. Die eerste tydelike lektore is in 1969 aangestel. Die letterkunde-pos is gevul deur Leon Strydom wat die betrekking tot die einde van 1970 beklee het. In 1971 is Johan Smuts as die eerste vaste lektor in Afrikaanse letterkunde aangestel, terwyl Lina Spies aan die begin van 1972 in 'n verdere nuwe pos benoem is. In 1971 het Opperman nog 'n halfjaar lank vir die eerste- en tweedejaars klas gegee, maar van 1972 af het hy dié werk volledig aan die twee lektore oorgelaat. Hy het net 'n semester lank oor die Afrikaanse poësie by die derdejaars gepraat, die Letterkundige Laboratorium in die tweede semester behartig en vir die Honneursstudente kursusse oor die Afrikaanse Poësie en van tyd tot tyd ook die Literêre Kritiek aangebied.

Reeds in die laat-sestigerjare het vriende en kollegas die indruk gekry dat Opperman belangstelling in dinge begin verloor het. In 1967 is hy uitgenooi om 'n gashoogleraarskap aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam te beklee met behoud van sy professoraat op Stellenbosch. Die gedagte was 'n eenmalige of herhaalde verblyf in Amsterdam van Oktober tot Pase of van Januarie tot Pase. In dié stadium van sy lewe was so 'n pos egter vir Opperman volkome onaanneemlik. In 'n brief van 18 Oktober 1967 aan G.W. Ovink van die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam skryf hy dat dit 'n verleidelike gedagte is om twee leerstoele - ‘skoenlapperend tussen twee wêrelddele!’ - te beset. Daarvoor, sê hy, ‘moet jou van nie slegs Opperman wees nie, jy moet in der werklikheid 'n Superman wees!’ Hy is bevrees die menslike gestel is te broos om aan so 'n groot uitdaging reg te laat geskied. Hy wys dus die uitnodiging van die hand.

Uit die weiering van so 'n uitnodiging, saam met al die ander dinge wat hy in hierdie jare van die hand wys, vermoed 'n mens dat hy lewensat was en dat hy 'n soort doodsgang begin belewe het. By die Universiteit het hy slegs 'n stuk of drie lesings per week gegee, vyf minute voor 'n klas opgedaag, sy pos in sy kantoor gaan haal en reguit van die lesingslokaal af na sy motor gegaan. Studente het hom asosiaal en moeilik toeganklik gevind, 'n moeë afgetakelde man wat min lus was vir die lewe.

VII

As 'n mens die oorsake probeer vasstel vir die doodsgang wat Opperman in die laat-sestiger- en vroeë sewentigerjare beleef het, stuit jy op 'n hele kompleks verwikkelde faktore. Daar is die groot hoeveelheid werk wat hy voor die aanstelling van die bykomende lektore moes behartig, die spanning tussen verantwoordelikheid en impuls wat steeds in hom aanwesig was en die ondergangsgedagte wat deur die politieke probleme van die sestigerjare vererger is.

Verder kan 'n mens twee gebeurtenisse noem wat 'n groot uitwerking op hom gehad het. Met die uittrede van Erlank in 1966 het hy gehoop dat Antonissen die pos sou vul en hom sou help om die letterkundige afdeling van die Departement te versterk, iets waarop hy hom jare lank voorberei het. Toe dit misluk, het daar iets in hom doodgegaan en het hy hom aan die Departement begin onttrek.

Ook die dood van Van Wyk Louw in 1970 was vir hom 'n gevoelige slag. Jare lank was daar van Opperman se kant 'n haat-liefde-verhouding teenoor Van Wyk Louw: aan die een kant 'n geweldige verering en bewondering, aan die ander kant 'n kritiese kyk op sekere aspekte van dié digterskap wat hy as minder bevredigend of as gevaarlik vir die poësie beskou het. Van betreklik vroeg af was daar 'n besliste wedywering van Opperman se kant. Hy was gepreokkupeer met Van Wyk Louw en baie van sy werke was 'n doelbewuste poging om op 'n ander wyse in dieselfde kategorie die peil van sy mededinger te ewenaar en te oortref. Lank voordat Van Wyk Louw vir hom in Amsterdam gesê het dat hulle in die toekoms bul teen bul sal staan, het Opperman reeds daardie instelling gehad, al het dit altyd by hom gepaard gegaan met 'n basiese welwillendheid en lojaliteit teenoor sy ou vriend en was hy intens teleurgesteld en geskok oor Van Wyk Louw se houding en gesindheid tydens die debakel oor die Hertzogprys vir Poësie in 1966. Met Van Wyk Louw se dood het hy egter, naas die persoonlike verlies, gevoel dat sy groot sterk mededinger hom ontval het en dat hy hom nie meer kon meet nie. ‘Ek het nou geen kompetisie meer in die Afrikaanse poësie nie,’ het hy by geleentheid gesê. Daar het iets koersloos in hom gekom.

Al hierdie faktore gee egter met 'n gedeeltelike verklaring vir Opperman se lewensatheid en die afname in sy skeppingsdrang. Vir baie van sy Kaapstadse vriende was sy oorskakeling na Stellenbosch 'n verkeerde besluit. In vergelyking met die anonimiteit van die stad, wat vir 'n skeppende kunstenaar bevorderlik is, het hulle gevrees dat die besondere kulturele en maatskaplike opset van 'n kleiner plek 'n verlammende uitwerking op hom sou hê en dat daar nie genoeg uitdagings sou wees nie. By meer as een geleentheid het die Kapenaars ná sy aanstelling vir Opperman goedig geterg dat hy op Stellenbosch gaan stagneer. ‘Nou gaan jy daar in die skaduwee van die eikebome sit en net soos

die Stellenbossers word; nou gaan daar niks meer uit jou kom nie, want jy het daardie prikkel van U.K. en die stad nodig,' het Hannes van der Merwe as die voorperd gesê. Op sulke opmerkings het Opperman meestal net gereageer met: 'O, dis wat jy dink, nè?' Alhoewel iemand soos Jan Celliers na sy aanstelling as buitengewone professor niks meer van waarde gelewer het nie en Stellenbosch 'n power reputasie as kweekplek vir digters gehad het, sou so iets vir Opperman juis uitgedaag het. Daarby was die opmerking onbillik teenoor die geestesenergie wat wél op Stellenbosch aan skeppende werk bestee is.

Tog was die vrees vir 'n digterlike swye vir Opperman in die sestigerjare 'n kwellende probleem. Daar is van hom verwag om in die produksie-tempo van die Kaapse jare voort te gaan, 'n verwagting wat 'n sekere onvergenoegdheid by hom laat ontstaan het en hom ongeduldig laat word het as daar vrae was oor waaraan hy werk. Die verskyning van *Tristia* in 1962 was vir Opperman 'n vreugde, maar ook 'n uitdaging wat hy in die sestigerjare nie kon beantwoord nie. Alhoewel hy werk van gehalte kon lewer, was dit in daardie stadium nie vir hom moontlik om met so 'n demonstrasie van uiteenlopende temas en tegnieke as Van Wyk Louw te kom nie en het sy bundels 'n yl indruk gemaak in vergelyking met die groot werke van die vyftigerjare.

In hierdie omstandighede is dit nie verbasend nie dat hy meer begin drink het. Met sy aankoms op Stellenbosch was dit reeds algemeen bekend dat hy taamlik baie alkohol gebruik, al was hy oor die algemeen 'n stadige drinker en kon 'n mens haas nooit - behalwe deur 'n groter spraaksaamheid en vlotter formulering - bespeur dat hy onder die invloed was nie.

Tog moet dit die meeste van sy vriende en kennisse opgeval het dat hy te veel drink. Agterna gesien is dit moeilik om te sê of baie van die probleme wat Opperman in die sestigerjare ondervind het, deur die drankgebruik veróórsaak is of die gevolg daarvan was. 'n Mens kan egter met redelike sekerheid aanvaar dat die afname in skeppende krag hom meer laat drink het, want vir iemand vir wie die kunstenaarskap so sentraal was en wie se lewe in so 'n mate op dié drif gerig was, moes die vrees vir 'n vroeë poëtiese dood iets verskrikliks gewees het. Dit is ook bekend dat alkohol by baie gebruikers 'n sekere mate van depressiwiteit kan laat ontstaan, en dit is 'n ope vraag of die sterk gevoel van ondergang by Opperman deur die drank veroorsaak of versterk is. Moontlik het die onttrekking aan baie aktuele sake en verantwoordelikhede en die vlug na Franskraal ook baie daarmee te doen gehad.

Daar was dus 'n sameloop van faktore en omstandighede wat tot Opperman se geestestoestand in die sestigerjare gelei het. In die oggend by die Universiteit het dit kollegas en studente opgeval dat hy aan 'n sekere bewerigheid ly, iets wat hy probeer wegsteek het deur sy sigaret peinsend met sy hand teen die kop te hou. Die eerste besliste aanduiding dat die alkohol sy gesondheid nadelig beïnvloed, was in Augustus 1964. Kort voor die première van *Vergelegen* het hy op 'n Saterdagaand heelwat gedrink en rosyne en neute daarby geëet. Toe hy

hom weer kom kry, het hy begin bloed spu en moes hy inderhaas per ambulans na die Karl Bremer-hospitaal in Bellville geneem word. Hy is op aarvoeding geplaas en die geneeshere het vasgestel dat die alkohol die maagslymvlies geïrriteer, die maagwande aangetas en die lewer effens laat vergroot het. Na 'n week is hy ontslaan met die vermaning om onmiddellik op te hou met drink en rook.

Aan die rookverbod het Opperman hom glad nie gesteur nie, maar tog drie maande lank heeltemal van alkohol weggebly en daarna aanvanklik baie stadig gedrink. Tog was dit vir mense ná aan hom duidelik dat hy nie gesond is nie en dat hy uiterlik sigbaar aan die verouder is. Hy het losser gestaan van letterkundige vriende en akademici en verveeld gelyk met die hele literêre 'gedoente' en die Universiteit. Toenemend, terwyl hy met *Gees van die wingerd* besig was, het hy die ryk boere, KWV-mense en 'tycoons' se geselskap opgesoek en in 'n mate verwyderd geraak van goeie vriende soos Meyer de Villiers en Fred le Roux wat in 1969 professor in Drama op Stellenbosch geword het. Dit was asof 'n roekelose drif hom meegevoer het. Alhoewel daar vroeër in gedigte soos 'Man met horries', 'Kitaarspeler', 'Oud-digter', 'Kroniek van Kristien' en die 'Dylan Thomas'-gedigte 'n beheptheid met die 'drankduiwel' was, het hy in die laat-sestigerjare openliker oor drank en sy drankgebruik gepraat. Hy het allerlei sêgoed oor drinkgewoontes gehad, soos 'Dit is nou Het uur U', 'Dis nou Tassenbergtyd' of 'Die Boeing is al oor'. In die teekamer by die Departement het hy feitlik nooit meer gekom nie. Toe hy op 'n oggend wel daar inloer en Annette Theron, Kempen se assistent, hom vra of hy tee wil hê, was sy antwoord: 'Nee, ek wil nie die ander dors nou wegneem nie!' Behalwe teenoor Liz was hy ook gedistansieer van sy familie en nie altyd bereid om hulle aan huis te ontvang nie. Hy was wars van openbare optredes en het geweier om besoekende oorsese letterkundiges, selfs iemand van die formaat van Wayne C. Booth, te ontmoet. Sy standpunt was dat hy liewers so 'n skrywer se boeke lees en hom op dié wyse leer ken. Selfs jonger digters, behalwe sy eie laboriete, kon moeilik 'n afspraak met hom gereël kry. By geleentheid het Casper Schmidt knaend gebel om te hoor of hy Opperman kan kom spreek. Marié se woorde was by herhaling: 'Dirk is in die bad', 'n antwoord wat Schmidt later moedeloos laat vra het: 'Mevrou, is u man 'n digter of 'n dolfyn?'

Opperman se leefwyse het in die laat-sestigerjare verdere gesondheidsprobleme opgelewer. Hy moes vir hoë bloeddruk behandel word en op 11 Oktober 1968 is hy in die Karl Bremer-hospitaal vir aambeie geopereer, 'n operasie met reperkussies toe hy aan die bloei geraak het en sonder narkose toegewerk moes word. Ná die operasie het die chirurg met hom gesels oor sy drankgebruik. Opperman, wat allergies was vir kalmeermiddels, het homself verdedig: 'Julle weet nie wat dit is om spanninge te beleef en niks behalwe alkohol te hê om daarvan ontslae te raak nie.' Kort na die voltooiing van *Gees van die wingerd* was hy op Franskraal en het hy een aand deurmekaar begin praat en ineenge-

stort. Aangesien daar geen geneesheer op Franskraal was nie, moes Marié 'n dokter uit Hermanus ontbied wat bevind het dat hy oormoeg is en rus dringend nodig het. Marié self het in 1968 'n klein trombose in die kop gehad wat rukkings en selfs by tye 'n verlamming veroorsaak het. In 1970 skryf Oppeman in 'n ongedateerde brief aan sy suster Liz: ‘Marié is pimpel en pers van al die naalde, drade en pypies soos hulle probeer vasstel wat alles verkeerd is voordat hulle opereer.’

Terwyl albei in hulle ellendes inplons, het ook die kinders begin vrees vir hulle ouers se gesondheid en in opstand gekom teen hulle vader se drankgebruik. Diederi was bekommerd as Opperman as gevolg van die baie rook hoesbuie kry sodat hy minute lank nie kon praat nie, terwyl Heila in 'n brief van 12 Maart 1969 hom gesmeek het: ‘asseblief, moenie voortgaan om so stadig feitlik selfmoord te pleeg nie.’ Fred le Roux kon in later jare onthou hoe Opperman skuifelend, waggelend en onder invloed die Senaatsaal binnekom, opgehewe in die gesig, en hoe Francie van Zyl, professor in Geneeskunde, hom met sy oë volg vandat hy in die deur verskyn totdat hy in sy bank gaan sit. Hy het tree vir tree geloop, toenemend in halwe sinne gepraat, 'n misnoegdheid oor sy lesings en verantwoordelikhede openbaar en op allerlei maniere tekens getoon dat hy veels te veel drink.

Opperman moes self besef dat sy gesondheid besig was om tot niet te gaan. Op 15 Maart 1969, as Hubert Coetzee van die Nasionale Pers aan 'n longaandoening sterf, besluit hy om op te hou rook en om sy alkohol tot rooiwyn te beperk. Al het hy vroeër by geleentheid aan Ernst Lindenberg gesê dat rooiwyn ‘jou lewer vreet’ en hy daarom voorkeur gee aan brandewyn, het die verandering in sy gebruike aanvanklik sy gesondheid laat verbeter en van die ou vreugdes laat terugkeer. Die verbetering was egter net tydelik, want Opperman het enorme hoeveelhede rooiwyn - hoofsaaklik Tassenberg - gedrink. Sy dogter Heila het in dié jare baie sterk die indruk gekry dat hy gefrustreerd is, verstandelik en liggaamlik ingehok voel en dat hy begin twyfel het aan sy eie vermoëns. Die kinders kon weinig kontak met hom maak en hulle het gevoel dat hy nie verbintenisse wou hê wat emosioneel van aard is nie. Hy wou nie belas word met dinge wat hy as ‘beuselagtig’ beskou het nie. Daarby was hy in 'n stadium oortuig daarvan dat hy sou doodgaan, omdat baie lede van sy familie betreklik jonk oorlede is. By geleentheid het hy selfs gesê dat hy nooit kinders wou hê nie, 'n uitspraak wat sy dogters diep geskok en laat dink het dat hy hulle van hom wou wegstoot. Niks kon sy aandag prikkel nie. Mense om hom het die indruk gekry dat hy alleen wil wees en tog ook nie alleen nie. Die spanning tussen verantwoordelikheid en impuls het soms feitlik 'n breekpunt bereik. Soos by baie ander skrywers was daar by hom 'n vae, romantiese drang om na vreemde gebiede uit te vaar, al was hy tog verankerd in sy vrou en gesin. Op 'n keer het hy gesê hy wil sy goed vat en loop dat niemand hom ooit weer sien nie. As iemand met hom oor sy drankgebruik sou praat en daarop wys dat hy gaan

sterf as hy nie ophou nie, was sy antwoord: ‘Wat maak dit saak? Is die lewe die moeite werd?’ As daar oor sy skeppende werk gepraat is, het hy in somber oomblikke gevra: ‘Het dit enige sin om te skryf?’

Hy was dus vervul met 'n allesoorheersende fatalisme. Mense ná aan hom het gesien 'n katastrofe is aan die kom. By die huis het hy een bottel wyn na die ander gedrink. Soms, as Koos Human teen halftwaalf by hom aankom, was daar reeds twee leë bottels in die snippermandjie. Meestal het hy oor die middaguur drie bottels gedrink, 'n verdere bottel boontoe geneem as hy gaan slaap en in die aand laat weer verder gedrink. Vir die eerste keer het drank hom nou ook sigbaar aangetas. Enkele kere het dit gebeur dat hy die trap na die boonste verdieping nie kon klim nie en gehelp moes word. Ten spyte van die belangstelling in sy werk was hy suspisieus oor mense en het hy die gevoel gehad dat alles en almal hom verloën het. Slegs enkele persone kon nog tot hom deurdring.

Dat Opperman op 'n katastrofe afstuur, was ook die indruk van ou vriende wat hom van tyd tot tyd besoek het. Stoffel Nienaber was ontsteld toe hy op 26 Februarie 1975, by geleentheid van die viering van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag en die oorhandiging van die huldigingsbundel *Ter wille van die edel spel* aan haar, gemerk het hoe onsamehangend Opperman praat en hoe onvas hy op sy bene was. Na die onthulling van die Paarlse Taalmonument in dieselfde jaar het Philip Nel, ou skool- en universiteitsvriend en Direkteur van Onderwys in Natal, Opperman op Stellenbosch kom besoek. Marié se aanbod van tee het Opperman summier met 'n ‘Wie drink dan nou tee?’ van die hand gewys en reeds elfuur die oggend begin rooiwyn skink. Toe Nel die middag laat daar weg is, was hy geskok en oortuig daarvan dat sy ou vriend op 'n ramp afstuur. By geleenthèid van sy een en sestigste verjaardag op 29 September 1975 het Opperman 'n paar gaste oorgenooi. Na die geleentheid het Johan Spies agtergebly om 'n bietjie met Opperman te gesels. Terwyl hulle in die studeerkamer alleen was, het hy gemerk dat sy vriend al taamlik ver heen was, dat hy nie meer kon ophou met alkohol nie en dat sy drinkery ook slordig geword het. Opperman het nie baie gepraat nie, maar iets begin sê oor die ‘demoon’ en toe onsamehangend geraak. Kempen, wat laat vir die geselligheid was, het ingekom, gesien hoe sake daar uitsien, meewarig na Opperman geloop, hom gelukgewens en weer vertrek. Na Kempen weg is, het Opperman voortgegaan. ‘As jy die begeerte het om te skep,’ het hy gesê, ‘as jy die drang het maar jy kan nie aan die gang kom nie, as daardie demoon jou vat ...’ Soos dikwels het hy nie sy sin voltooi nie, maar Spies het afgelei dat Opperman iets van sy probleem wou oordra en was oortuig daarvan dat die vrees vir 'n digterlike dood die groot spanning in hom was.

Hierdie oorgawe aan die ‘duvel’ - soos Opperman dit self gestel het - was die oorsaak van rusies en spanninge. 'n Hele paar keer het Marié in trane uitgebars oor die toestand en vir die kinders gevra om met hulle vader te praat.

Alle gesprekke was egter soos water op 'n eend se rug. Hy was hopeloos gevange as verslaafde en vervul met die gedagte van 'n gewisse ondergang, al het hy selde met iemand daaroor gepraat. ‘Ek slaap nooit een nag nie. Ek sit net en dink aan die dood,’ hy het in dié tyd vertroulik aan 'n vriend gesê.

Teen die einde van 1975 het Opperman 'n veluitslag begin kry wat as psoriase begin en tot rosasee in die gesig ontwikkel het. 'n Spesialis by wie hy was, het die velmiddel Roxy voorgeskryf, 'n vorm van oksitetrasiklien wat hy in pilvorm van 12 Oktober af moes neem. Toe hy uitstap by die spreekkamer het die geneesheer, feitlik as 'n terloopse bygedagte gesê: ‘Die goed sal op jou lewer werk. Ek sien jou weer op 28 Januarie.’ Opperman het gevra: ‘Wat van my rooiwyn?’ Die geneesheer het geantwoord: ‘Drink maar, of stuur liewer van die goed aan my.’

Opperman het hom nie aan hierdie opmerking gesteur nie. Onmiddellik na die gradeplegtigheid op 10 Desember 1975 het hy na Franskraal vertrek. Hy het egter reeds die eerste dag gemerk dat sy urine 'n ongesonde bruin kleur vertoon en dat hy 'n al hoe dikker vloeistof uit sy blaas afskei. Daarby was dit vir sy huismense asof sy maag begin opswel en sy bene nie meer sy gewig wou dra nie.

In die loop van die maand het sy broer Koos by sy vakansiehuis aangekom. Koos het gesien sy broer se oë is goudgeel, dadelik vermoed dit is 'n ernstige leweraandoening en hom aangeraai om so gou moontlik by 'n dokter uit te kom. Opperman wou egter nie sy vakansie onderbreek nie. Eers op 18 Januarie het die gesin teruggekeer na Stellenbosch. Maar toe was hy reeds ernstig siek.

Eindnoten:

1 Elisabeth Eybers, *Voetpad van verkenning*, Kaapstad/Pretoria, 1978, p. 63.
2 *Voëlvry*, Kaapstad, 1968, p. 33.
3 Soos die klaslesings van Kaapstad het Opperman se Stellenbosse lesings op onverklaarbare wyse haas volledig verlore geraak. Aangesien hy sy herskrywing van Henriëtte Roland Holst-Van der Schalk se gedig teen normale spoed voorgelees het, is dit prakties onmoontlik dat 'n lid van die klas 'n volledige afskrif kon maak.
4 ‘Kolporteur en kunstenaar’, *Naaldekoker*, Kaapstad, 1974, p. 68.
5 *Digters van Dertig*, Kaapstad, 1953, p. 377.
6 ‘Kolporteur en kunstenaar’, *Naaldekoker*, p. 77.
7 Met sy aankoms by die eerste Senaatsvergadering in Port Elizabeth het Opperman 'n boodskap ontvang dat die rektor, prof. E.J. Marais, hom wil spreek. Tydens hulle gesprek het prof. Marais hom die professoraat in Afrikaans en Nederlands aangebied en hom gevra om te help met die opbou van die nuwe inrigting. Alhoewel Opperman in die aanvangsjare van die nuwe Universiteit heelwat energie aan die beplanning bestee het, was hy egter nie bereid om sy pos op Stellenbosch te laat vaar nie.
8 Die ander studente is: Chris van der Merwe (*Die wegbreek van die realisme in die Afrikaanse verhaalkuns*, 1967), Johann Botha (*Die verhouding tussen eerste en derde persoon in die romankuns*, 1967), D.F. Spangenberg (*Die ongelyk-metriese vers in Afrikaans*, 1967), Johan Smuts (*Die reisende karakter in die Afrikaanse roman*, 1968), Fanie Olivier (*Aspekte van ballingskap en vaderland in die poësie van Breyten Breytenbach*, 1972), Dorothea Labuschagne (*Die Afrikaanse kinderpoësie*, *met spesiale verwysing na die werk van A.G. Visser*, 1974), Ingrid Winterbach (*'n Ondersoek na enkele struktuuraspekte van Om te vlieg van Breyten Breytenbach*, 1974), Ena Jansen (*Die karakterisering van hoofkarakters*, *met spesiale verwysing na Karel*

Schoeman, 1974), Wium van Zyl (*Die Afrikaanse volkspoësie*, *met spesiale toespitsing op Boerneef se poësie*, 1975), Helize van Vuuren (*Enkele aspekte van tyd in die Afrikaanse verhaalkuns*, 1975), Kerneels Breytenbach (*Enumerasie in die Afrikaanse letterkunde*, 1976), Gerrit Olivier (*N.P. van Wyk Louw se manuskripverse rondom Tristia*, 1977) en Marion Bredell (*Ironie in die poësie van Wilma Stockenström*, 1979).

9 In sy artikel ‘'n Bloudruk vir 'n skryfskool’ (*Tydskrif vir Letterkunde*, XXII:4, November 1984) beweer Hennie Aucamp dit as 'n definitiewe feit (p. 15). In 'n onderhoud kon Van Heerden dit egter teenoor my net as 'n moontlikheid noem, nie met sekerheid sê of so 'n gesprek wel plaasgevind het nie.

10 In sy reeds genoemde artikel sê Aucamp dat ‘Opperman se werkwyse deur Van Heerden se ervarings in Amerika beïnvloed is’ (p. 15). Vir hierdie uitspraak steun hy na alle waarskynlikheid op Van Heerden se uiteensetting van die Amerikaanse kursusse: ‘Most of the courses have a basic pattern: student work is mimeographed and circulated some days before the group meets for discussion and is eventually very thoroughly analysed and criticised by a limited number of students, with the professor acting as chairman and guide’ (*Standpunte*, XIV:1, Oktober 1960, p. 24). Dit is wel so dat Opperman in breë trekke hierdie metode in sy digkunde-klasse gevolg het, maar dit is 'n metode wat homself by voorbaat aanbied by die behandeling van dié tipe werk en hoef dus nie noodwendig deur 'n gesprek met Van Heerden ingegee te gewees het nie. Dit is opvallend dat Opperman nooit van die ander metodes waaroor Van Heerden skryf, gebruik gemaak het nie, naamlik om skrywers te nooi om sy studente toe te spreek of lede van ander taaldepartemente as gasdosente te laat optree. Om dus soos Aucamp te sê dat die Letterkundige Laboratorium ‘'n boegbeeld met twee koppe: dié van Ernst van Heerden en dié van D.J. Opperman’ vertoon, is om aan Van Heerden 'n groter rol toe te ken as wat hy in werklikheid kon vervul. Nog voor Opperman met sy doseeropdrag op Stellenbosch kon begin, het Van Heerden 'n betrekking aan die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar en Stellenbosch in Februarie 1960 verlaat. Hy kon dus nie deur regstreekse deelname of gesprekke met Opperman 'n aandeel aan die vorming van die Letterkundige Laboratorium gehad het nie.

11 Aucamp (op cit. p. 19) beweer dat ander Stellenbosse dosente - Erlank, F.E.J. Malherbe, Ernst van Heerden en C.G.S. de Villiers - die skryfwerk van studente nog voor Opperman se koms nagegaan het. Hierdie bewering is inderdaad juis. Erlank was byvoorbeeld besonder toeganklik vir studente wat in skeppende werk belanggestel het en hulle was welkom om by hom aan huis daaroor te kom gesels. Met sy belangstelling in die ‘filosofie’ van die gedig eerder as strukturele aangeleenthede kon hy egter weinig praktiese advies by die skryfarbeid verskaf, al het hy (en ander dosente) met geesdrif en aanmoediging 'n besliste bydrae tot die vorming van skrywers soos Abraham H. de Vries en Aucamp self gelewer. Waar Aucamp beweer dat hierdie dosente dié advies ‘sonder betaling’ (p. 19) gedoen het, skep hy die indruk dat Opperman alleen bereid was om dit teen finansiële vergoeding of as deel van sy gesalarieerde werk by die Universiteit te onderneem, 'n opmerking wat die aksente verkeerd lê en in elk geval nie korrek is nie.

12 ‘Kolporteur en kunstenaar’ verskyn oorspronklik in *Aanslag: Lesings van die Afrikaanse Studiekring Stellenbosch* (Kaapstad, 1961) en word later opgeneem in *Naaldekoker* (Kaapstad, 1974). Daar bestaan ook 'n SAUK-plaatopname van dié lesing.

13 *Naaldekoker*, p. 75.

14 Ibid.

15 By twee geleenthede het Opperman self 'n uiteensetting van sy doel met en metodes vir die digkunde-klasse gegee: in 'n artikel in *Tydskrif vir Letterkunde*, XVI:3, Augustus 1978 en in 'n uitvoerige onderhoud met Flip Strydom in *Die Suidwester* van 26 Oktober 1979.

16 Lina Spies, *Ontmoetings*, Kaapstad, 1979, p. 7.

17 Opperman, *Tydskrif vir Letterkunde*, XVI:3 Augustus 1978, p. 6.

18 Ibid.

19 Spies, op. cit., p. 7.

20 Opperman, op. cit., pp. 6-7.

21 *Naaldekoker*, p. 67.

22 Spies, op. cit., p. 7.

23 Opperman, op. cit., p. 1.

24 Ibid., p. 8.

25 *Die Burger*, 29 September 1964. Dié artikel van Boshoff is geskryf by geleentheid van Opperman se vyftigste verjaardag en verskyn onder die pseudoniem Oudstudent.

26 Leon Strydom, ‘D.J. Opperman se poësie-laboratorium’, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, XXIII:1, Maart 1983, p. 11.

27 Ibid., p. 12.
28 Antjie Krog, *Familiefigure in die poësie van D.J. Opperman*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1982, p. 1.
29 Hennie Aucamp, *Tydskrif vir Letterkunde:* XXII:4, November 1984, p. 15.
30 Johan Smuts, soos aangehaal deur Aucamp, op. cit., p. 15.
31 Etienne Leroux, 'In gesprek met Koos Human by geleentheid van die 25e bestaansjaar van Human & Rousseau Uitgewers', *Tydskrif vir Letterkunde*, XXII:4, November, 1984, p. 53.
32 *'n Natsteen vir Koos Human*, Kaapstad, 1981, p. 45.
33 J.J. Human, 'D.J. Opperman en die uitgewersbedryf', *Standpunte*, XXXII: 5, September 1979, pp. 6-7.
34 Ibid., p. 8.
35 Opperman se motivering word saam met dié van Van Wyk Louw en Van Rensburg deur die SAUK uitgesaai, daarna in *Kriterium*, III: 1, April 1965 gepubliseer en uiteindelik in *Verspreide opstelle* (Kaapstad/Pretoria, 1977, pp. 82-83) opgeneem.
36 *Die Burger*, 19 Maart 1963.
37 Opgeneem in *Verspreide opstelle*, pp. 80-81.
38 Hierdie besonderhede word verstrek in 'Van Wyk Louw en die verkrampte aanslag', 'n ongepubliseerde lesing wat J.J. Human in 1974 by die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad hou. Senator Boshoff het 'n paar dae ná publikasie van Opperman se brief in *Die Burger* sy apologie teenoor Van Wyk Louw en die Afrikaanse letterkunde aangebied. In sy brief verwyt Opperman verder *Die Burger* oor die versigtig-behoudende standpunt wat hy oor die publikasiewetgewing neem en vra hy of dié koerant so maklik gaan lê het omdat hy hom veilig voel as lid van die Persunie wat nie deur die nuwe wetgewing in gevaar gestel is nie. Dit ontlok 'n snedige redaksionele aantekening van die redakteur, Piet Cillié, en is die begin van die spanning tussen hom en Opperman wat oor die jare deur 'n hele reeks gebeurtenisse vererger sou word. In 'n brief wat hy aan *Die Burger* skryf maar nooit pos nie, wys Leon Rousseau op die 'bekende feit' dat 'n mens die regering kan kritiseer, maar nooit *Die Burger* nie! *Die Burger* het vir hom '*'n sensitiewe plant' geword, 'dié blad wat in sy stigtingsjare soos 'n kanniedood teen byna oorweldigende teenstand kon staande bly'!
39 Hierdie kritiek vind neerslag in die gedig 'Publikasieraad' in *Kuns-mis*.
40 André P. Brink moet hierdie uitspraak te hore gekom het, want hy gebruik dit later op p. 135 in *Kennis van die aand* (Kaapstad, 1973).
41 A.N. Pelzer (red.), *Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948-1966*, Johannesburg, 1966, p. 674.
42 *Die Burger*, 13 Junie 1966.
43 Hierdie woorde word deur J.J. Human in sy ongepubliseerde lesing oor 'Van Wyk Louw en die verkrampte aanslag' as die regstreekse woorde van Opperman gegee. Opperman het 'n breedvoerige onderhoud met Human voor dié lesing gehad en die hele gebeurtenis met P.W. Botha en hulle regstreekse uitlatings feitlik woord vir woord gedikteer.
44 Regstreekse aanhaling uit Human, op. cit. Opperman se verwysing na Botha as 'n 'mislukte skrywer' berus op 'n misverstand. In die dertigerjare het 'n skrywer met die naam P.W. Botha heelwat gedigte in *Die Huisgenoot* gepubliseer en ook enkele dramas en die roman *Joggie* die lig laat sien. Hierdie P.W. Botha, wat onderwyser in die Vrystaat was, het Opperman verwar met die politikus wat nooit enige letterkundige pretensies gehad het nie.
45 Ibid.
46 Ibid.
47 Etienne Leroux, 'In gesprek met Koos Human by geleentheid van die 25e bestaansjaar van Human & Rousseau Uitgewers', *Tydskrif vir Letterkunde*, XXII: 4, November 1984. Die onderhoud met Breytenbach verskyn in *Vrij Nederland*, 9 November 1968. Kyk ook *Die Burger*, 14 en 19 November 1968.
48 Human & Rousseau se ope brief word saam met 'n brief van Breytenbach uit 1971 in *Stet*, III:2, Junie 1985 afgedruk.
49 In 'n onderhoud met *Rapport* wat op 29 September 1974 verskyn, wei Opperman verder uit oor die wetgewing en die spanning wat daardeur tussen regering en skrywers ontstaan het.
50 Ná sy onderhoud met *Rapport* ontvang Opperman 'n brief van Josua Richter wat dit sy plig ag om Opperman tereg te wys oor die geselskap waarin hy verkeer. Die brief is gedateer 12 Oktober 1974.
51 Die beskrywing van die Nederburg Riesling lui byvoorbeeld as volg:

Die Nederburgkelder is geleë in lieflike wingerde in die Paarl-vallei. En dit is hier waar elke wyn met oneindige sorg gemaak word. Nederburg Riesling is 'n klassieke voorbeeld van dié sorg. Hierdie wyn is ook as Weisser Riesling bekend - dié druifsoort wat Duitse wyne wêreldroem besorg het. Dit toon 'n geurige boeket en verfrissende talmende smaak.

Dié van die Paarl Cabernet Sauvignon:

Edel Cabernet-druiwe bring na sorgvuldige veroudering 'n vol, ryk wyn voort met 'n eiesoortige neutagtige smaak.

52 Die twee voorvalle kom uit Thomas Mann se *The genesis of a novel*, vertaal deur Richard en Clara Winston, Londen, 1961 en lui as volg:

The literary event, which for days concerned me in the deepest and most personal way, was the arrival from Switzerland of both volumes of Hermann Hesse's *Glasperlenspiel*. After years of work, my friend in distant Montagnola had completed this difficult and beautiful novel of his old age, of which I had hitherto seen only the magnificent introduction that had come out in the *Neue Rundschau*. I had often said that this writing was as close to me 'as if it were part of myself', as it goes in the old poem, *I Had a Comrade*. Now, seeing the whole thing, I was almost alarmed at its kinship with the task I had elected: the same idea of fictional biography - with the dashes of parody that this form necessarily involves; the same connection with music. Also, a criticism of culture and our era, although from the point of view of a visionary cultural utopia and theory of culture rather than of a passionate and telling dramatization of our tragedy. With all the differences, there remained a disturbing similarity. My diary note, 'To be reminded that one is not alone in the world - always unpleasant,' bluntly renders this aspect of my feelings. It is another version of the question in Goethe's *Westöstlicher Divan:* 'Do we then live if others live?' and is also reminiscent of certain remarks by Saul Fitelberg on the unwillingness of artists to know about one another - remarks that I later wrote without applying them to myself. (p. 62)

One evening in Hiddensee, perhaps in the summer of 1923, he (Gerhart Hauptmann - J.C.K.) had read to us from his *Till Eulenspiegel* epic. He selected that uncanny song in which the sun neglects to rise. After we had discussed this a while, he asked me to read something from *The Magic Mountain* - I was then about three-quarters into it. I refused. I felt honestly disinclined to read after he had read, and said so. At that he became quite agitated. There was something of a performance before he brought out the idea that was working inside him. First came an elaborate pantomime of protests, gestures of dismay, compelling signals for attention. Then it came: 'Dear friend...Not so...You are wrong...In our Father's house are many mansions!' (p. 156)

53 *Die Burger*, 26 Junie 1970.

54 Schalk Pienaar in Merwe Scholtz (red.) *Woord en wederwoord*, Pretoria/Kaapstad, 1974, p. 192.

55 Oor hierdie ‘diefstal’ kom daar in Opperman se ‘kweektuin’ uit die sestigerjare net twee reëls voor:

> ek het hom vertel
> toe steel hy my drywende lyk.

Dit was nie die enigste keer dat Opperman 'n skeppende kunstenaar op dié wyse deur sy vertelling kon begeester nie. Aan die begin van 1966 het Koos Human 'n partytjie by sy huis in Oranjezicht gehou terwyl Van Wyk Louw by hom met vakansie was. By dié geleentheid was George Louw en Opperman ook aanwesig. Opperman het die grusame verhaal vertel van Robert Stanford wat deur sy verbintenis met die Britse leër tydens die Anti-bandiete-beweging van 1848-1849 deur die koloniale regering gedwing is om vleis en groente van sy plaas af aan die skip met gevangenes te verskaf en daarna deur die gemeenskap uitgewerp is, in so 'n mate dat hy selfs vir sy sterwende kind geen mediese behandeling kon ontvang nie. In sy drama *'n Skip is ons beloof* (1969) verwerk George Louw hierdie gegewe.

56 *Vergelegen*, p. 16.

57 Vergelyk die ‘Voorwoord van die Uitgewer’ voorin.

58 Dit is onseker of dié rede wel gelewer is. Marié Opperman het geen herinnering daaraan nie en nêrens in die pers is dit gerapporteer nie, alhoewel dit uit die teks duidelik blyk dat dit met die oog op Celliers se honderdste verjaardag geskryf is. In 1962 het hy op uitnodiging van sy vriendin Retha Theron voor 'n Kaapstadse damesleeskring 'n praatjie gehou oor die werk van Ernst van Heerden. Van hierdie teks is daar egter geen spoor in die versameling in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek nie.

59 Albert Verwey, *Proza*, Deel I, Amsterdam, 1921, p. 100.

60 *Dolosse*, p. 10.

61 Ibid., p. 40.

62 Ibid., p. 19.

63 Opgeneem in *Verspreide opstelle*, pp. 123-126.

64 In uitgebreide vorm opgeneem in *Oordeel en vooroordeel*,[2] Kaapstad, 1965.

65 Opgeneem in *Onsydige toets*, Kaapstad/Pretoria, 1965.

66 Opgeneem in *Spitsberaad*, Kaapstad, 1966.

67 Opgeneem in *Kaneel*, Kaapstad, 1970.

68 Opgeneem in *Verspreide opstelle*, pp. 121-122.

69 *Naaldekoker*, p. 116.

70 Opgeneem in *Spitsberaad*, Kaapstad, 1966, pp. 128-129.

71 C.J.M. Nienaber, *Oor literatuur I*, Pretoria/Kaapstad, 1974, p. 85.

72 Daar is ook ander parodieë op die oerteks, soos dié van Ernst van Heerden (‘Met apologie - 'n aanvulling’, *Anderkant besit)*, Ernst Lindenberg (*Standpunte*, XIV: 3, Februarie 1961) en 'n ongepubliseerde teks wat I.D. du Plessis op 24 Julie 1960 vir Opperman stuur.

73 Opgeneem in *Mené tekél*, Kaapstad, 1969.

74 Opgeneem in A.P. Grové (red.), *D.J. Opperman - Dolosgooier van die woord*, Kaapstad, 1974.

75 Opgeneem in Grové, op. cit.

76 Hieronder is daar 'n aantal reëls wat deur die Tulbagh-aardbewing van 1969 ingegee is, 'n onvoltooide vers wat gebaseer is op 'n moordgeskiedenis in *Die S.A. Beeld* en 'n gedig ‘Besoek’ wat waarskynlik geskryf is na aanleiding van die verskyning van J.P.J. van Rensburg se *Odusseia*-vertaling.

77 Aangesien die ‘vuil rympie oor Vondel’ in die slotstrofe aan my onbekend was, het ek die gedig aan prof. Karel Porteman van die Katholieke Universiteit van Leuven, België voorgelê. In 'n brief van 5 November 1985 laat weet hy my dat die slotstrofe hom laat dink aan 'n ondeunde versie van Vondel oor Michelangelo se beeld van Leda en die swaan (die vermomde Jupiter). Die gedig (W.B.-edisie, IV, p. 598) lui as volg:

Op Iupijn en Leda

> Ay, schuif, van schaamte, de gordijn,
> Voor d'onbeschaamtheit van *Iupijn*,
> De Zwaan, aan 't poezelige albast
> Der moedernaackte *Leda* vast.

Het marmer schijnt hier pluim, en vel.
De kunst geeft stof aan overspel.

Alhoewel in die manuskrip ‘vuil rympie *oor* Vondel’ en nie ‘*van* Vondel’ nie staan, sluit ‘Op Iupijn en Leda’ pragtig aan by die Michelangelo-verwysing in die voorlaaste strofe van Opperman se gedig, terwyl die voorstelling van Leda en die swaan by herhaling in Opperman se poësie voorkom, onder meer in ‘Nagstorm oor die see’ in *Negester oor Ninevé* en in die derde afdeling van *Joernaal van Jorik*. Oor Vondel se gedig skryf Porteman in *Historische letterkunde: Facetten van vakbeoefening* onder redaksie van Marijke Spies, Groningen, 1984, p. 108.

78 In die manuskripboek is daar verskeie probeerslae voordat Opperman uiteindelik by die finale teks uitgekom het.

79 J.J. Human, ‘D.J. Opperman en die uitgewersbedryf", *Standpunte*, XXXII: 5, September 1979, p. 8.

80 *Vergelegen*, p. 9.

81 In die laat-vyftigerjare het Opperman 'n gedig geskryf oor die dood van Diederik, die seuntjie van die Antonissens, wat oorlede is tydens 'n bootreis toe die gesin onderweg was na België. Opperman het die gedig, waarin hy van die lang Middeleeuse aanroep in gebede en die uitswaai van die sin gebruik maak, nooit gepubliseer nie. Ook Ernst van Heerden het in ‘Klein elegie’ in *Koraal van die dood* 'n gedig geskryf oor die dood van die Antonissen-seuntjie aan wie se nagedagtenis sy vader later *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* opgedra het.

82 Tydens sy landsreis in 1968 het Opperman vir Antonissen op Grahamstad besoek en 'n paar dae by hom oorgebly. Dit was ook die laaste keer dat hulle mekaar gesien het, want in 1972 is Antonissen aan longkanker oorlede. As hy reeds ernstig siek is, skryf prof. H.J. Schutte, dekaan van Lettere en Wysbegeerte aan die Rhodes-Universiteit, aan Opperman om te vra of die Universiteit van Stellenbosch nie bereid sal wees om met die toekenning van 'n eredoktoraat erkenning aan Antonissen te gee vir sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde nie. Op 15 Augustus 1972 reageer Opperman: ‘Soos u heel waarskynlik weet, het hierdie Departement, en ek in die besonder, 'n groot waardering vir prof. Antonissen se werk. Ons het so onopvallend as moontlik ander kollegas gepols in die rigting wat u skryf. Dit het egter geblyk dat ons nie genoegsame steun sal geniet nie en ons ag dit dus gerade, tot ons groot spyt, om nie met die saak voort te gaan nie.’ In 'n vroeëre, ongebruikte weergawe van die brief het Opperman dit enigsins meer eksplisiet geformuleer: ‘Dit was dan ook op ons inisiatief dat die Universiteit van Stellenbosch enkele jare gelede 'n professoraat aan hom aangebied het. Hy het dit aanvanklik aanvaar, maar later van die hand gewys. Wie die skuld dra in hierdie ongelukkige geskiedenis, is nie nou van belang nie, wel dat die hele aangeleentheid vermoedelik nie in party kollegas se klere gaan sit het nie.’

83 Met die Erlanks se vertrek na Nederland neem Opperman van hulle afskeid met 'n kwatryn:

Duke & Hettie, dit is nie altemit,
Ek verloor in julle twee 'n groot besit.
Waar sal D.J.O. nou in die toekoms
sy derde loopdop drink en nog bly sit?

Hoofstuk 11
Lewerversaking

I

Toe die gesin op 18 Januarie 1976 na Stellenbosch terugkeer, het Opperman op 'n stoel gaan sit en bewoë geraak. ‘Ek is baie siek; roep nou maar die dokter,’ het hy vir Marié gesê. Sy het hulle huisdokter, dr. H.E.C. (Boet) Krüger, ontbied wat dadelik geelsug en 'n opgeswelde maag gediagnoseer het. Met Opperman se alkoholverbruik oor baie jare, so het hy tereg vermoed, was dit 'n ernstige toestand. Hy het onmiddellik met prof. Andries Brink, praktiserende internis en dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch, in verbinding getree en dieselfde dag is Opperman opgeneem in die Tygerberg-Hospitaal as prof. Brink se pasiënt.

Met sy opname in die hospitaal was Opperman se toestand reeds só ernstig dat alle besoeke, behalwe dié van Marié en die dogters, verbied is. Die enigste ander persoon wat hom in dié eerste dae kon besoek, was Koos Human. Alhoewel hy baie siek was, het Opperman nog kans gesien vir 'n geestige opmerking. ‘Marié vóér die dokters met inligting oor my drankgebruik,’ het hy aan Human gesê. Met verwysing na die geelsug het hy opgemerk: ‘Wat kan 'n mens nou anders verwag van 'n ou wat ses bottels wyn per dag gedrink het?’ Aan Marié het hy belowe dat hy by sy terugkeer op Stellenbosch sal ophou met drink; sy moet net sorg dat daar orals rond in die huis bottels met suurlemoensap staan wat hy vir die dors kan gebruik!

Aanvanklik is gemeen dat Opperman na 'n periode van twee weke in die hospitaal en twee weke by die huis sy werk sou kon hervat. Sy terugkeer sou egter nie so gou wees nie. Alhoewel die spesialis vir sy veltoestand hom ligweg gemaan het oor die gebruik van rooiwyn saam met die voorgeskrewe oksitetrasiklien, is die geweldige uitwerking van dié middel op die lewer en die gevare van alkohol daarmee saam nie pertinent aan Opperman oorgedra nie. Vir 'n reeds siek lewer sou die effek veel erger wees. Die geneeshere van Tygerberg het dan ook onmiddellik besef dat oksitetrasiklien vir die kleur van die urine verantwoordelik is. In Opperman se toestand het dit 'n verwoestende uit-

werking op die lewer gehad en die toediening daarvan is onmiddellik gestaak. Die ondersoek het aangetoon dat hy nie alleen aan geelsug in die ergste graad ly nie, maar aan akute lewerversaking en dat sy bloeddruk hoër as normaal was. Vir die lewerversaking is hy behandel met 'n lae proteïne-dieet en die toediening van vitamines. Omdat die swelsel van die maag nie so geredelik verklaar kon word nie, het die dokters besluit om te opereer sodat hulle kon vasstel wat aan die gang was. Sy toestand was egter só ernstig dat hulle na 'n samespreking in die teater van gedagte verander en die operasie afgestel het. Indien dit lewerkanker was - en die moontlikheid kon nie uitgesluit word nie - sou 'n operasie in elk geval geen doel gedien het nie.

By die Universiteit van Stellenbosch het Opperman se kollegas met skok van die verslegting in sy toestand kennis geneem en besef dat hy nie die eerste kwartaal sou kon doseer nie, indien hy hoegenaamd ooit weer sou terugkeer. Bertie du Plessis is tot die einde van die eerste kwartaal aangestel as sy plaasvervanger en die lede van die Departement het vir hom op aanbeveling van Marié 'n wekker present gegee, omdat hy moeite ondervind het om die syfers op sy polshorlosie te lees. Binne die eerste tien dae het sy toestand nog verder versleg. Hy het beheer oor sy funksies verloor en in 'n koma weggesink, 'n ontwikkeling wat regstreeks met die lewerversaking saamgehang het. As gevolg van infeksie wat deur die dreinasiebuis van die kateter veroorsaak is, het hy ook ernstige blaasontsteking ontwikkel. Van oor die hele land het skrywers en letterkundiges die verloop van die siekte gevolg en die algemene verwagting was dat hy sou sterf. Mollie Geldenhuys, vrou van Rudo, met wie hy jare lank op Franskraal bevriend was en by wie se huis hy sy laaste drankie voor sy vertrek na Stellenbosch gedrink het, was só oortuig dat hy nie weer sou opstaan nie dat sy vir haar 'n swart rok vir die begrafnis gaan koop het. Van Victoria-Wes het Mien Barnard, weduwee van Henry Barnard van Schietfontein, gekom om haar suster by te staan en uit Transvaal het Trienke en Heila gereis om hulle vader te besoek. In Kiepersol het die telefoon onophoudelik gelui en die briewe ingestroom. Ten spyte van die spanninge sedert die viering van Opperman se sestigste verjaardag skryf Piet Cillié aan Marié: ‘Net om jou en die kinders te laat weet dat ons aan julle dink in hierdie swaar dae. Hy is tog ons almal se Grootman.’

Teen die algemene verwagting van vriende en die somber diagnose van die geneeshere in het Marié Opperman egter bly glo dat haar man gaan herstel. Elke dag het sy van Stellenbosch oorgery na die Tygerberg-Hospitaal om hom te versorg. Ná die eerste koma, waarvan hy weer in 'n mate herstel het, was hy oor die algemeen gedisoriënteerd en verward en het hy dit moeilik gevind om te praat. Marié het gehelp met die voeding, hom behandel teen die vyf bedsere wat hy intussen ontwikkel het en hom bemoedig as hy die dag helder genoeg was. Telkens het hy egter weer in komas of stupors verval. Vyf keer het die geneeshere gedink hy gaan sterf en vir Marié gesê dat hy nie die volgende oggend sou haal nie.

Teen die middel van Maart 1976 was daar 'n effense verbetering in Opperman se biochemiese toestand, maar sy bewussynsvlak het nog nie na wense gevorder nie. Die hele tyd was prof. Brink baie negatief oor sy pasiënt en het hy by herhaling aan Marié gesê sy moet nie verwag hy gaan lewe nie. Marié het intussen in die *Encyclopaedia Britannica* en mediese handleidings oor die werking van die lewer en lewersiektes gelees. Sy het gemeen dat haar man te veel proteïne inkry en dat die geneeshere moes sorg vir gereelde maagwerkings om sy lewer te suiwer. In 'n gesprek met Brink het sy dié dinge genoem en ook gevra dat hy meer vitamines moet voorskryf. As ervare medikus met 'n hoë status was Brink gesteur oor wat hy as Marié Opperman se inmenging beskou het. Hy het haar gevra of sy nou vir hom wil leer hoe om sy werk te doen en haar beskuldig dat sy as vrou haar plig versuim het deur nie twintig jaar tevore iets daadwerkliks aan haar man se drankgebruik te doen nie.[1] Marié se verweer was: 'Professor Brink, so min as wat ek u vak ken, so min weet u van my man en sy vak en watter sensitiewe soort mens hy is.' Omdat sy gevoel het dat sy nie met die behandeling tevrede was nie, het sy prof. S.J. Saunders, internasionaal erkende lewerdeskundige van die Groote Schuur-Hospitaal en die Universiteit van Kaapstad se mediese skool, vir 'n tweede mediese opinie ingeroep. Saunders se diagnose was egter grootliks dieselfde as dié van Brink. In sy ervaring was Opperman een van die heel ergste gevalle van lewerversaking wat hy ooit beleef het en daar was, wat hom betref, nie die geringste kans dat 'n pasiënt in so 'n verswakte toestand die siekte sou oorleef nie.

In dié stadium het Marié Opperman gevoel dat dit beter sou wees as haar man in die Stellenbosse Hospitaal verpleeg kon word, onder toesig van hulle huisarts, dr. Krüger, en met kontrole deur Saunders. Sy het derhalwe vir Brink om 'n oorplasing gevra. Brink se reaksie was: 'Mevrou Opperman, as u dink dat u en u dokters hom gesond kan maak, vat hom dan weg en kyk wat julle kan doen. Maar ék sê hy sal sterf.'[2]

Op Vrydag, 22 Maart 1976, is Opperman in die Stellenbosse Hospitaal opgeneem. Vir die meeste kollegas, vriende en kennisse was hierdie oorplasing 'n aanduiding dat hy na 'n kleiner hospitaal geneem word waar sy vrou en kinders binne bereikbaarder afstand van hom kon wees, maar dat daar geen hoop op herstel was nie en dat hy teruggekom het om te sterf. Schalk Pienaar is as jarelange vriend gevra om 'n doodsberig te skryf wat as hoofartikel vir *Die Burger* gebruik kon word, terwyl Ernst van Heerden op versoek van die SAUK 'n 'lykrede' vir die televisie en Meyer de Villiers vir die radio opgeneem het. Ook Merwe Scholtz het 'n stuk opgestel wat ná Opperman se dood gebruik kon word. Tog het Marié bly glo dat haar man sal leef.

II

Met Opperman se oorplasing na Stellenbosch was dit duidelik dat hy ook vir die tweede kwartaal en die res van die jaar nie sou kon doseer nie. Aangesien Bertie du Plessis op die punt gestaan het om na Duitsland te vertrek waar hy sy studies sou voortsit, is Helize van Vuuren vanaf begin April 1976 tot die einde van die jaar as plaasvervanger aangestel.

In die Stellenbosse Hospitaal het dr. Krüger onmiddellik begin om Opperman met massiewe dosisse vitamines in te spuit, hom middels teen die blaasinfeksie te gee, vir gereelde maagwerkings te sorg en om alles moontlik te doen om die liggaamlike ineenstorting teen te werk. Opperman se toestand was egter steeds wisselend. By tye het hy weer in komas of stupors weggeraak en is daar vir die ergste gevrees. By een geleentheid het hy 'n massale breinbloeding gehad en was daar tekens van 'n ligte verlamming aan die linkerkant van sy lyf, al het hy betreklik gou daarvan herstel. Hy was steeds gedisoriënteerd en het in 'n stadium die inbeelding gehad dat daar 'n komplot teen hom gesmee is en dat hy gevange gehou word. Ten spyte van sy swak liggaamlike toestand het hy probeer losruk en moes die verpleegsters hom met geweld na sy bed terugdwing. Reëlings is getref om hom vir behandeling na Stikland te neem, maar voor dit gedoen kon word, het hy weer in 'n koma weggesink.

Telkens as Opperman in 'n koma was, het Krüger hom op aarvoeding met vitamines en soute gesit. Hy het gemerk dat sy pasiënt dan weer ‘opkom’, al was hy steeds verward en het hy aan geheueverlies gely. In 'n stadium het Krüger mismoedig begin raak omdat daar nie 'n daadwerklike deurbraak was nie en hy bevrees begin word het dat hy sy pasiënt aan die lewe hou vir 'n bestaan waarin sy brein nie normaal sou kon funksioneer nie. In 'n gesprek met Marié Opperman, wat steeds elke dag gekom het om haar man te voed, te verpleeg en moed in te praat, het hulle saam besluit dat hy dié procédé nog een keer sou volg. Indien daar dan nie 'n wending ten goede kom nie, sou dit gerade wees om die behandeling te staak.

Met die volgende koma het Krüger hom weer op aarvoeding geplaas. Toe hy daarna by hom kom, merk hy dat Opperman helderder as voorheen was en dat hy 'n gesprek kon volg. Heel terloops sê Krüger vir hom dat daar 'n paar aande tevore 'n gedig van hom oor die radio voorgedra is. ‘Watter gedig?’ het Opperman gevra. ‘Ek kan nie die titel onthou nie, maar dit het gehandel oor die ewigheid en jy het daarin iets oor 'n Royalbakpoeierblik geskryf,’ was Krüger se antwoord. ‘O, net blik op blik op blik,’[3] het Opperman gesê, 'n antwoord waaruit Krüger kon aflei dat daar iets in sy pasiënt se brein begin gebeur, dat hy dinge kon verbind en dat daar iets van 'n deurbraak - hoe gering dan ook - aan die kom was.

Hoewel hy nog baie swak was, het dit vir Krüger en Marié begin duidelik

word dat Opperman tog aansterk. Hy het begin beter eet, by tye logies gepraat en kon selfs met hulp opstaan en in 'n stoel gaan sit. Ná die fase van opstandigheid en inbeeldings het Krüger en Marié gevoel dat Opperman nou geestelike ondersteuning nodig het en dat dit goed sal wees as van sy vriende kort besoekies by hom aflê. Marié het vir Duke Erlank, wat intussen terug was uit Nederland, gebel en gesê sy wil graag hê hy moet vir Opperman besoek, alhoewel haar man nog steeds ernstig siek was. Erlank is op 'n oggend om ongeveer elfuur na die hospitaal en by sy aankoms het hy een van die susters gevra waar Opperman lê. 'U staan hier voor die kamer,' het die suster geantwoord. Toe Erlank inkom, het Opperman onherkenbaar soos 'n ou verskrompelde vroutjie daar uitgesien. Opperman het egter dadelik gereageer: 'Dis Duke Erlank se stem.' Hy het sy oë gefikseer gehou op sy ou kollega. Vir Erlank was dit asof Opperman in sy agterkop wou lees: 'Wat dink Duke Erlank, sal ek weer hier opstaan?' Opperman het na hom gekyk en gesê: 'As ek net weer ...' en daarna die gebaar vir skryf gemaak. Erlank was diep geskok oor hoe Opperman daar uitsien en het nie een oomblik geglo dat sy vriend ooit weer daar sou opstaan nie.

Een na die ander het vriende en kollegas - Meyer de Villiers, Johan Smuts, John Kannemeyer, Schalk Pienaar en Fred le Roux - Opperman in die hospitaal besoek. Schalk Pienaar, self in daardie stadium ernstig siek aan keelkanker, het sy ou vriend een kyk gegee en gesê: 'Ou Dirk sal nie weer hier opstaan nie.' Fred le Roux was vergesel van Uys Krige toe hy die eerste keer weer vir Opperman gesien het. Hy het in die kamer gestap, iets - so het hy dit later gestel - soos ''n kadawer' sien lê en hom 'uit (sy) vel geskrik'. Op versoek van Marié het hy egter gereeld in oop lesure vir Opperman gaan besoek en by tye gemerk dat daar met 'n soort geroggel in die keel 'n reaksie van hom kom. Intussen het Opperman se toestand weer versleg. Hy is met long- en blaasontsteking en in 'n diep koma na die Groote Schuur-Hospitaal verskuif waar daar vir die soveelste keer om sy lewe geveg is. Le Roux het in daardie stadium vir die wintervakansie na die Laeveld vertrek, vir Opperman gaan groet en nie verwag dat hy hom weer lewend sou sien nie. Terug op Stellenbosch het hy sy gereelde besoeke aan die Stellenbosse Hospitaal hervat waar Opperman intussen na 'n verbetering in sy toestand na die periode in Groote Schuur weer opgeneem is. Hy was heelwat helderder, kon partykeer enkele frases oor die literatuur sê en selfs met 'n aanhaling uit Yeats kom. Le Roux het besef dat sy ou vriend verstandelik wel aktief was en kon reageer; na die vergiftiging van die brein moes al die kanale net weer oopgestel word.

In hierdie stadium het Krüger Stellenbosch tydelik vir 'n periode van agt maande verlaat en is die behandeling van Opperman deur een van die ander lede van sy praktyk onder die kontrole van Saunders oorgeneem. Opperman se toestand het gaandeweg verbeter, maar sy bewussynsvlak en spraak was nog steeds nie bevredigend nie en hy kon nog glad nie sonder hulp beweeg nie. Op

11 Augustus 1976 het die huisarts egter ingestem dat hy huis toe kon gaan waar Marié met die hulp van Diederi en die bediende hom verder kon verpleeg.

III

In die vertroude milieu van sy eie huis en met die gedurige aanwesigheid van sy gesin het Opperman se toestand verder verbeter, al het hy steeds insinkings beleef. Van 9 September af kon hy bedags kort tydjies opstaan, enkele treetjies stap en weer gaan sit. Op die derde dag het hy 'n hele sirkel gestap, al hoe meer in die omgewing rondom hom begin belangstel en toenemend allerlei tekens begin toon dat hy die oorhand oor die siekte kry. Tog was hy nog baie swak. Marié en Diederi moes hom herhaaldelik van sy siekte en die hele verloop daarvan vertel. Baie dinge, veral dinge wat hy kort voor sy siekte beleef het, kon hy glad nie onthou nie. Gerrit Olivier, in 1975 sy assistent en een van die knapste studente in sy Honneursklas, kon hy nie plaas nie, terwyl hy in 'n gesprek met Koos Human onbewus was van die bestaan van *Woord en wederwoord*, die huldigingsbundel onder redaksie van Merwe Scholtz wat op sy sestigste verjaardag in 1974 aan hom oorhandig is. Aanvanklik kon hy glad nie skryf nie. Diederi moes hom leer hoe om 'n pen vas te hou, hoe hy moes skryf en hoe hy sy naam moes teken. Aanvanklik was dit 'n stadige proses, maar algaande het dit vinniger gegaan. Telkens moes Marié en Diederi hom aanpor en aanspoor, hom begeester en dinge herhaal. As hy byvoorbeeld 'n paar tree geloop het, moes hy dit na 'n uur of so hervat en later alleen doen om selfvertroue te wen. Wat die skryf betref, het Diederi begin met sy handtekening en daarna die letters afsonderlik geleer. Sy het selfs 'n telraam gebruik om hom opnuut in die rekenkunde in te lei!

Met sy herstel het Opperman - na sewe maande in drie verskillende hospitale - die wêreld om hom feitlik soos 'n opnuut geborene in verwondering ervaar en van dag tot dag intens geleef. Elke oomblik was vir hom 'n vreugde en hy het dit as 'n gawe beskou om weer die aarde met nuwe oë te aanskou en opnuut geleenthede te kry. Om die son te sien opkom, was vir hom 'n wonder. Op 'n dag, terwyl hy buite in die tuin was, het Diederi gevra of hy nie 'n donkerbril wil opsit nie. ‘Nee,’ was sy antwoord, ‘ek wil elke ding noukeurig tot in die fynste besonderhede waarneem, want dit is vir my 'n vreugde om dit alles te sien.’ Een van die aandoenlikste oomblikke vir hom was toe die briewebesteller hom op 'n oggend kom groet terwyl hy in die tuin sit. ‘Ek is bly u is soveel beter dat u nou weer buite kan wees,’ het hy gesê. ‘Ek het in my voorbidding aan u gedink.’

Tog was die vraag of Opperman voldoende sou herstel om sy werk te hervat. Op sy verjaardag op 29 September het *Die Burger* 'n foto geplaas waarop hy nog baie swak en verouderd daar uitgesien het en wat vir baie van sy kennisse

en oud-studente 'n skokkende ervaring was. Dieselfde aand is *Joernaal van Jorik* deur onder andere Cobus Rossouw, Babs Laker en Johan van Jaarsveld oor die radio gelees. Kort daarna was sy eerste openbare funksie om 'n direksieen bestuursvergadering van die firma Human & Rousseau in Kaapstad by te woon, al kon hy nie baie aktief daartoe bydra nie. 'n Paar dae later het Pierre Marais 'n kort televisie-onderhoud met hom gevoer. Hierdie onderhoud is gebeeldsend op 14 Oktober, dieselfde dag waarop hy voorgesit het by 'n direksievergadering van *Standpunte*. In die onderhoud het Opperman nog aarselend en met moeite gepraat, maar gesê dat een van sy grootste probleme ná sy siekte die verlore tyd was wat hy moes inhaal. Hy waardeer nog die geestigheid, maar baie dinge wat vroeër vir hom belangrik was, het nou relatief geword.

Opperman se belangstelling in dinge rondom hom, sy toenemende herstel en sy eerste aarselende treë terug in die maatskappy was vir Marié die deurslaggewende bewys dat hy volkome sou genees en dat haar geloof in die donker maande van sy siekte nie tevergeefs was nie. Toe 'n administratiewe amptenaar van die Universiteit van Stellenbosch bel om te hoor of Opperman die volgende jaar sy lesings sal hervat, het sy dan ook nie 'n oomblik geaarsel nie en bevestigend geantwoord. Aan die begin van 1977 moes hy weer vir maagwerking in die Groote Schuur-Hospitaal behandel word, maar daarna het sy gesondheid steeds verbeter en het hy geleidelik sterker geword. Vir sy vriende en kollegas was hy sigbaar maerder met 'n ingevalle gesig, maar sy oë was helder en lewendig. Aan alkohol het hy nie weer sy mond gesit nie. Dit was nie meer vir hom 'n probleem nie, want hy het van die verslawing losgekom en nou ander belangstellings en waardes gehad.

Tydens sy ernstige siekte het sy kollegas die indruk gekry dat Opperman nie die einde van die jaar sou haal nie en het hulle besluit dat dit gepas sou wees as die Universiteit van Stellenbosch hom met die graad D. Litt. honoris causa vereer. Die versweë gedagte by almal was egter dat hy ten tyde van die gradeplegtigheid in Desember nie meer sou lewe nie en dat die graad postuum toegeken sou word. Op 8 November 1976 ontvang Opperman 'n brief van die registrateur waarin hy meegedeel word dat die Universiteit die graad op die gradeplegtigheid van 15 Desember aan hom sou verleen. Opperman was nog te swak om aan die akademiese prosessie deel te neem en het eers sy plek op die verhoog ingeneem kort voordat die graad aan hom toegeken sou word. By dié geleentheid het die rektor, prof. Jannie de Villiers, die motivering voorgelees wat deur W.E.G. Louw opgestel is. Na 'n oorsig oor sy lewe en akademiese prestasies het Louw gewys op die grondtrekke van Opperman se poësie: ‘'n sekere hoekigheid en konkreetheid waarin die sierlikheid van 'n vorige generasie plek gemaak het vir stoere saaklikheid’, iets waarmee hy 'n aksentverskuiwing in die Afrikaanse digkuns gebring het. Met sy drietal versdramas maak 'n mens ‘as 't ware in kort bestek die ontwikkeling van ons Westerse toneelkuns’ deur vanaf ‘die ewewigtig geboude klassieke treurspel...tot die eietydse

kroniekspel'. In sy kritiese opstelle en studies word 'n mens getref deur 'sy aandag vir die strukturering van die letterkundige kunswerk sowel as sy vermoë om verskynsels in 'n sintese te sien en saam te bind'. Louw het die motivering as volg afgesluit:

> Die invloed wat van Opperman op sy tydgenote en aankomende digters uitgegaan het en die vormende invloed van sy literatuurlesse op veral senior studente aan hierdie Universiteit het reeds daartoe gelei dat verskeie jonger digters en talle literatore hiervan oor die lengte en die breedte van ons land uitgegaan het. Opperman is digter, dramaturg, man van die wetenskap en pedagoog, maar ook intellektueel. Ná die Dertigers het hy die Afrikaanse poësie in 'n nuwe rigting gestuur. Hy is bowenal man van Afrika, want alles wat deur die jare deur sy gees gegaan het - of dit die geskiedenis van Griekeland of die lewe van 'n Middeleeuse kerkheilige was - alles, het hy uitgedruk met 'n woord wat beurtelings hard, koel en onversier, dan weer lig en speels was, maar altyd deur en deur Afrikaans. Opperman se werk dra onuitwisbaar die stempel van sy Afrikaanse gees.

Ná die motivering voorgelees is, het Opperman na vore gekom en - soos hy dit later in die gedig 'Seremonie van die naelstring' in *Komas uit 'n bamboesstok* sou stel - 'eersugtig uit die dood' teruggestap om deur die Vise-Kanselier, dr. J.S. Gericke, gekap te word - ''n anomalie', want hy was nou ''n dienende professor...met...('n) eregraad'!

By die noenmaal ná die verrigtinge het Opperman, nog swak maar reeds weer vol guitigheid, teenoor die rektor sy spyt uitgespreek oor sy voorbarigheid om die eregraad self te kom haal. 'Ag, toe maar,' was prof. Jannie de Villiers se antwoord, 'ek weet mos jy het dit nie opsetlik gedoen nie'! By dié geleentheid het Meyer de Villiers die heildronk op Opperman ingestel. Opperman het daarop met 'n kort voorbereide toespraak[4] geantwoord:

> Meneer die Vise-Kanselier, Meneer die Rektor, Geagte Raadslede en Senaatslede, Dames en Here -
> Ek wil my opregte dank uitspreek vir die buitengewone eer waarvoor die Universiteit van Stellenbosch my uitgesonder het as dosent, kritikus en skeppende kunstenaar, soos vermeld in die gul commendatio.
> Êrens beweer Ezra Pound: vir die kunstenaar staan álles oop, alle gebeurtenisse, alle beskawings, alle tale.
> Vir elke kunstenaar in hierdie land in vandag se wêreld staan die verkenningsveld wyd oop op my gebied: verkenning op Afrikaans, van Afrikaans en vir Afrikaans.
> Hierdie universiteit lok beslis talle studente van formaat. Elke jaar was dit vir my 'n vreugde om hulle met my saam te neem op sulke verkenningstogte in die letterkunde.
> Dankie, professor Meyer de Villiers, vir die heildronk op my. 'n Man wat so taalvaardig is soos u, sou 'n ekstra goeie student in die letterkunde gewees het,

veral by my. Heel moontlik had ons dan nog 'n digter in die departement.

Mense wil nogal dikwels van my weet hoe ontstaan 'n gedig. Jare gelede vra die teoloog dr. Peet Coetzee my: ‘Ou Dirkie, vertel my nou mooi: as jy 'n gedig wil skryf, gaan sit jy, en dan kom dit, of hoe?’ Ek antwoord hom: ‘Nee, man, om die waarheid te sê, as ek voel dit kom, dan gaan sit ek!’

Terwyl Opperman ernstig siek was, het twee van sy laboriete gedigte oor hom geskryf. In ‘aan julle: vermeende dokters, psigiaters’ (later opgeneem in *o.a. debora*) ‘betig’ Rika Cilliers die artse wat Opperman finaal probeer ‘opsom’ terwyl hy hulle - soos die vos in sy ‘Vloervelletjie’ - om die bos gelei het. En in ‘D.J. Opperman’, 'n gedig wat op 15 Februarie 1976 ontstaan en later in *Dagreis* opgeneem word, skryf Lina Spies met allerlei toespelings op Opperman se poësie oor die ernstige siekte van haar leermeester. Hierdie twee verse is die eerste van vele wat jonger digters na sy herstel oor Opperman en sy siekte skryf.

Maar ook op Franskraal, waarheen hy na afloop van die gradeplegtigheid op 15 Desember 1976 vertrek, sou hy uit 'n onverwagte oord 'n geestige gedig ontvang. As James Yeats hom besoek en merk hoe Opperman se glasie druiweof suurlemoensap daar uitsien, kan hy nie nalaat om goedig met sy ou vriend te spot nie:

Aan my drinkebroer

Eers het hy 'n Engel uit die Klip kon kap,
En somtyds dou-voor-dag die hardehout getap.
Helaas, dat lewensdrif so sterk,
Verflou tot Eiendoms Beperk.
In Dirk se huis, op Dirk se Erf,
Staan Dirk se dop - met doily op!

Eindnoten:

1 In die gedig ‘Tygerberg’ in *Komas uit 'n bamboesstok* keer hierdie uitspraak van Brink woordeliks terug.
2 Ook hierdie uitspraak keer terug in ‘Tygerberg’.
3 Uit ‘Aaispaai’ in *Edms. Bpk*.
4 Hierdie toespraak is met die nodige fraserings vir die voorlees deur Marié in drukskrif oorgeskryf sodat Opperman dit maklik by die noenmaal kon lewer.

Hoofstuk 12
Herstel en *Komas uit 'n bamboesstok*

I

Na sy ernstige siekte van 1976 het Opperman 'n nuwe leeftog gehad wat vir sy familie, vriende en kennisse 'n vreugde was om te aanskou. Terwyl hy in die jare onmiddellik vóór sy siekte 'n lusteloosheid, depressiwiteit en passiwiteit beleef het, was hy na die herstel baie meer gemotiveerd, energiek en geesdriftig oor alles wat in sy ervaringsveld gekom het. Die bewerigheid in sy hande was heeltemal weg en die aarselende en sukkelende spraak het plek gemaak vir 'n vlotter formulering, vol van die gemoedelikheid, speelsheid en kwinkslae van vroeër. Hy was veel meer toeganklik as voor die siekte en die verhouding met ou vriende soos Meyer de Villiers en Fred le Roux was weer soos in die ou dae, terwyl hy van lewensdrif, liefde vir mense om hom en opgewondenheid oor die geringste dingetjie oorgeborrel het. Hy het dit as 'n buitengewone voorreg beskou om weer te lewe, die natuur intens te geniet en lang wandelinge te onderneem. Op Franskraal kon hy nie genoeg kry van die huis met die melkhoutbome en die see nie en het hy gevoel soos Job aan wie alles teruggegee is. Die genesende krag van Franskraal het hy ook gevind in die kleure en reuke en - soos hy dit 'n keer in 'n onderhoud sou stel - die gesprek wat die liggaam met die aarde voer en die kleinheid van die mens teenoor die elemente. In sy boskamer was 'n kettingsaag, want handewerk was vir hom terapeuties en 'n vreugde. In vergelyking met sy terughoudendheid van vroeër was hy nou vol selfvertroue en het hy sy mening dikwels pront-uit en sonder aansien des persoons uitgespreek. ‘As jy deurgegaan het wat ek deurgegaan het, gaan daar remme in jou los,’ het hy by geleentheid aan Fred le Roux gesê.

Die gevolg hiervan was dat hy feitlik 'n nuwe kinderlikheid beleef het. Hy was nuuskierig en weetgierig en het in die boekwinkels in Kaapstad groot stapels boeke gekoop, want hy wou eenvoudig van alle ondermaanse dinge kennis neem en sy gees verryk. Die uitbundigheid het soms hand-uit geruk en Marié het by tye gekla dat sy eenvoudig nie kon byhou nie. Baie dinge in sy lewe het dan ook feitlik omgedop. Terwyl hy vroeër sy mond nie aan poedings

en soetgoed sou gesit het nie, was roomys en nageregte nou vir hom lekker en het sy smaak vir soutigheid afgeneem. Hy het 'n studie van die effekte van alkohol op die menslike liggaam en gees gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat die ontspannende en prikkelende funksies wat daaraan toegeskryf word, 'n illusie is en dat dit in alle opsigte 'n destruktiewe werking het. Waar hy vroeër van publisiteit weggeskram het, was hy nou toegankliker vir die pers en het hy meer geredelik onderhoude toegestaan en openliker oor sy eie werk en sy posisie as digter gepraat. In teenstelling tot sy vroeëre onwilligheid om dieperliggende sake te bespreek, was dit nou vir hom makliker om in gesprekke te sê wat hy oor godsdienstige en persoonlike sake dink. Teenoor sy dogter Heila het hy byvoorbeeld gesê dat dit vir die mens makliker is om op die vaste basis van 'n geloofsisteem te lewe indien hy dit kan doen.

En tog het hy nie, soos 'n mens dikwels by 'n persoon na 'n ernstige siekte kry, tot 'n religieuse inkeer in die tradisionele sin van die woord gekom nie. Vir hom was sy herstel toe te skryf aan die toediening van die regte middels en ‘Christus’ was ‘korrekte chemikalieë’, soos hy later in ‘Die ballade van spek en ham’ in *Komas uit 'n bamboesstok* sou skryf. Hy was trouens afkerig van mense wat sy ‘geval’ as ‘embleem’ of ‘preek’ wou gebruik en het met ongeduld gereageer op persone wat 'n ‘goedkoop’ les aan sy siekte wou vasknoop. Op 'n keer het hy aan Koos Human gesê dat die mens die trotsste en verwaandste wese denkbaar is. Terwyl alle ander dinge op aarde 'n absolute dood sterf, het die mens die waan dat hy onsterflik is en dat daar derhalwe 'n god moet bestaan om aan hom daardie onsterflikheid te gee. Dit was vir hom die toppunt van die mens se hubris: dat hy 'n god moet postuleer om aan hom sy besondere posisie in die skepping te gee. Maar terselfdertyd was hy iemand wat waarde geheg het aan uiterlike vorme. By openbare plegtighede waar hy bekronings ontvang het of sy werk bekend gestel is, het hy daarop aangedring dat een van die aanwesiges 'n tafelgebed doen. Soos die spanning tussen impuls en verantwoordelikheid het hierdie tweespalt tussen 'n afkeer van die metafisiese en 'n aandring op uiterlike vormgodsdiens ook ná die siekte deel van Opperman gebly.

Aan die begin van 1977 het hy met nuwe geesdrif en dryfkrag na sy werk teruggekeer. Op 4 Februarie 1977 woon hy die sewe en sestigste verjaardagviering van Uys Krige op Onrusrivier by waartydens die huldigingsbundel *Oggendlied* (met sy geleentheidskwatryn oor Krige se ‘periodieke maagpyn’) aan die jubilaris oorhandig word. Met die heropening van die Universiteit van Stellenbosch op 14 Februarie is Opperman terug in die tuig en gee hy sy eerste lesing vir die derdejaarstudente. Op 'n departementele vergadering bedank hy sy kollegas vir hulle belangstelling tydens sy siekte en vir die wekker wat hulle hom geskenk en wat hom ‘teruggewek het uit die dood’! In 'n onderhoud met *Die Matie*, wat op 25 Februarie gepubliseer is, spreek hy hom geesdriftig uit oor sy doseerwerk. Die groot klasse maak persoonlike kontak in die voorgraad-

se jare moeilik, maar in die Letterkundige Laboratorium het jong skrywers die geleentheid ‘om 'n selfontdekkingsproses te ondergaan, kritiek op hul werk aan te hoor, en hulle werk te verdedig.’ Vir die Honneursstudente gee hy sekere opdragte en probeer hy ‘eerder regulerend as leidend optree’, terwyl hy as studieleier vir M.A.- en D.Litt.-studente ‘'n mede-ontdekker op 'n avontuur in die letterkunde word’. Die hedendaagse jong mens met sy verset en rewolusie is vir hom deel van die mens se ‘permanente evolusieproses’, al bestaan die gevaar dat ‘'n idee 'n obsessie’ kan word wat tot ‘fanatiese propaganda...sonder...gebalanseerde perspektief’ lei. Die jong digter moet ‘oop bly vir sy wêreld en maatskappy, sodat hy kan verken en blootlê’, maar hy moet versigtig wees vir ‘'n oorbeheptheid wat kan oorgaan in obsessie’. In die Afrikaanse situasie is dit gevaarlik as 'n skrywer te sterk betrokke raak by politieke vraagstukke, aangesien dit tot ‘eensydigheid’ kan lei en die leser tot 'n ‘versadigingspunt’ kan bring.

Saam met hierdie hernieude belangstelling in doseerwerk en in studente het Opperman ook begin voel dat hy baie dinge kan weggee wat hy in die loop van sy lewe bymekaargemaak het. Terwyl hy voor sy siekte spaarsaam was en geld nie onnodig sou uitgegee het nie, het hy nou by herhaling groot geskenke vir sy vrou en kinders gekoop, veel meer mededeelsaam teenoor vriende geword en baie aan homself bestee. In hierdie fase, waarin hy 'n groter nederigheid en menslikheid ontwikkel en - soos hy dit in ‘Ou taai koen’ in *Komas uit 'n bamboesstok* stel - tot die besef kom dat hy geen ‘vaste eiendom’ besit en dat alles net ‘tydelik...aan hom...geleen’ is, skenk hy die waardevolle versameling van sy manuskripte en dokumente aan die Universiteit van Stellenbosch. Die onmiddellike aanleiding vir die skenking was 'n besoek aan die einde van 1976 van Alba Bouwer en Rykie van Reenen aan Opperman. Hulle was besig met die samestelling van *'n Kosbare erfenis*, 'n uitgawe van M.E.R. se briewe, en hulle wou ook graag van die skryfster se briewe aan Opperman in die bundel opneem. Terwyl hy en Marié aan die soek was daarna, het die besef by hom posgevat dat sy uitgebreide materiaal beter gesistematiseer moes word en dat die dokumente op 'n veilige plek toeganklik vir navorsers behoort te wees.

Die dokumente wat Opperman aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk het, bestaan uit die oorspronklike manuskripte van sy eie werk in al die stadiums van hulle ontstaan; manuskripte van ander skrywers en digters; korrespondensie met Nederlandse en Suid-Afrikaanse letterkundiges en skrywers; persoonlike briewe en dokumente; korrespondensie en manuskripte wat verband hou met *Die Huisgenoot* en *Standpunte*; dagboeke, koerantuitknipsels, programme, katalogusse en ander personalia; en verskeie geskrifte van sy vader en familiebriewe uit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog. Onder die dokumente is verder ongepubliseerde kritiese artikels en geleentheidstukke, keurdersverslae vir uitgewersfirmas, puntelyste van studente en getuigskrifte, en toonsettings en vertalings van Opperman se poësie. Volgens die skenkingsakte

word die materiaal aan die Universiteit gegee ‘op voorwaarde dat ek en my erfgename die draers sal wees van die kopiereg op ongepubliseerde geskrifte van my skepping, en dat, in die algemeen, stukke in die versameling met voortreflike oordeel en omsigtigheid vir studie en navorsing beskikbaar gestel sal word.’

Die skenking en die ondertekening van die skenkingsakte vind op 3 Junie 1977 in die Langenhoven-Studentesentrum plaas. By dié geleentheid sê die rektor, prof. Jannie de Villiers, onder meer dat dit 'n geskenk is wat nie in geld bereken kan word nie. Die Universiteit van Stellenbosch het reeds waardevolle versamelings van N.P. van Wyk en W.E.G. Louw ontvang, en die Universiteit is nou, na die skenking van Opperman, bevoorreg om die dokumente van drie van ons prominentste skrywers te besit. In sy kort toespraak by die oorhandiging sê Opperman dat sy solder te vol kissies geword het en dat sy studeerkamer tot oorlopens toe vol brieflêers en houers van eie en ander se manuskripte was. Ter wille van lewensruimte moes hy 'n plan maak met hierdie afvalprodukte van die skrywersbedryf, al bly die essensiële in die literatuurondersoek natuurlik die kunswerk. Die dokumente is bedreig, só het hy dit gestel, ‘deur swamme, stof en papiervarkies’. Hy het voortgegaan:

> Toe bly daar vir my die keuse tussen die swart plastieksakke van die Munisipaliteit van Stellenbosch of die kliniese bergkluise van die Universiteit van Stellenbosch. Ek het op laasgenoemde besluit. Dit sou die aansien van 'n gul gebaar kan hê - ‘gesture as language’. Vir die geskiedenis van ons beskawing is afvalhope van die uiterste belang. Uit hulle het ons gekrap 'n Steentydperk, 'n Babilon, 'n Troje, 'n Pompeji. Op veel minder en kleiner skaal en sonder enige pretensie hoop ek dat studente 'n stukkie literatuurgeskiedenis sal kan haal uit dié krabbelinge en inskripsies van hierdie potskerwe.[1]

Hoewel Opperman tydens hierdie kort toesprakie nog stadig en afgemete gepraat het, was dit vir die aanwesiges duidelik dat daar met sy verstand, sy insig en sy verrassende historiese verbandlegging niks geskort het nie. In teenstelling tot die kortsigtigheid van baie ander literatore wat by die ontsluiting van manuskripmateriaal in die ‘gevare’ van 'n genetiese benadering vasgekyk het, kon hy met die skenking bydra tot 'n nuwe impetus in die Afrikaanse literatuurnavorsing: om naas die teks die ontstaan en voorstadia van die kunswerk te ondersoek.

Ook uit sy eie ‘afvalprodukte’ ontvang hy in hierdie tyd 'n geskenk. Tydens die werk aan die eerste band van sy *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* het John Kannemeyer gevind dat heelparty kritiese stukke en geleentheidstoesprake van Opperman in verskillende koerante en tydskrifte verspreid lê en moeilik toeganklik was. Reeds vóór 1976 het hy die aanvoorwerk vir 'n bloemlesing uit dié stukke gedoen, maar van publikasie afgesien toe Opperman ernstig siek in die hospitaal gelê het. Na die merkwaardige herstel het hy die werk hervat en

Verspreide opstelle saamgestel. Die eerste afdeling van dié bundel bestaan uit resensies wat Opperman in die laat-dertiger- en veertigerjare in *Die Natalse Afrikaner*, *Die Huisgenoot*, *Ons Eie Boek* en *Critisch Bulletin* gepubliseer het, terwyl die tweede afdeling geleentheidswerk bevat wat op versoek geskryf is. Dit wissel van 'n radiorede by die dood van 'n vriend, 'n keurdersverslag oor 'n digbundel en 'n toespraak by die aftrede van 'n kollega tot motiewe-studies oor die letterkunde, 'n inleiding tot die Afrikaanse verhaalkuns en 'n motivering by 'n bekroning. Die derde afdeling bestaan uit Opperman se voordrag by die aanvaarding van die CNA-prys vir *Dolosse* en sy opstel oor 'Die uitdyende heelal' vir die Uniefeesbylae van *Die Burger* in 1960. Die bundel word in Junie 1977 deur Human & Rousseau gepubliseer en tydens 'n noenmaal in De Kelder op Stellenbosch aan Opperman oorhandig.

Later dieselfde jaar ontvang Opperman 'n toekenning uit 'n onverwagte oord. In September en Oktober 1977 is regter N.S. Guimares, 'n Brasiliaanse regter wat geïnteresseerd is in die Afrikaanse letterkunde, op besoek in Suid-Afrika en oorhandig hy aan Ernst van Heerden en Opperman diplomas namens 'n Brasiliaanse skrywersunie, die União Brasileira de Escritores do Amazonas, uit erkentlikheid vir hulle bydraes tot die Afrikaanse letterkunde. Die verering van Opperman vind op 4 Oktober 1977 op Stellenbosch plaas. Soos uit sy toespraak tydens die oorhandiging van sy dokumente blyk sy sterk historiese bewussyn weer uit die antwoord wat hy by dié geleentheid tot regter Guimares rig. Terselfdertyd betrek hy in sy kort rede implisiet eie gedigte soos 'Vigiti magna' uit *Negester oor Ninevé* en die Dias-gedeelte uit *Joernaal van Jorik:*

> Your Honour, As far back as the seventeenth century the boats of the Dutch East Indian Company used to edge along your Brazilian coasts, before heading for the breakers of the Cape, this Cape which the Portuguese initially called *Cabo Tormentoso*. Here, they believed, the wild, white-clouded spirit, Adamastor, jealously guarded the grandeur and splendour of its interior.
> Today foreign powers are again defying this spirit to defend itself against external interference.
> This seal, therefore, your Honour, which you have just handed me, I regard in terms of the history of my country as a cordial charter retrieved from under one of those cold postal stones, addressed to Cabo de Bõa Esparanza.

Twee verdere eerbewyse val Opperman in die volgende jaar te beurt. In 1978 word 'n gedenkteken ter ere van Gideon Scheepers op Graaff-Reinet onthul, naby die plek waar hy volgens oorlewering gefussileer is. Die woorde 'hy leef in hierdie land nou ewig en altyd!' uit 'Gebed om die gebeente' word met verlof van die digter as inskripsie op die gedenkteken gebruik. Op 9 Augustus 1978 ontvang Opperman die erelidmaatskap van die Afrikaanse Skrywerskring tydens 'n byeenkoms in die Jannasch-saal van die Konserwatorium vir Musiek op Stellenbosch. By dié geleentheid lewer hy 'n voordrag oor die 'Letterkun-

dige Laboratorium - 20 jaar' wat kort daarna in *Tydskrif vir Letterkunde*, XVI:3, Augustus 1978 gepubliseer word - 'n lesing waarin hy verslag doen van sy 'rentmeesterskap' as dosent in die digkunde.

Teen die einde van 1978 moes Opperman egter ook 'n goeie vriend en vertroueling aan die dood afstaan. Op 12 Oktober sterf Schalk Pienaar na 'n jarelange lyding aan keelkanker. Terwyl Pienaar in 1976 deur *Die Burger* gevra is om 'n hoofartikel oor Opperman se dood te skryf, verskyn daar nou van Opperman in *Rapport* die geleentheidsgedig 'By die dood van 'n joernalis' wat hy later in *Komas uit 'n bamboesstok* opneem. Kort voor sy dood het Pienaar gevra dat Opperman die inleiding moes skryf tot die uitgawe van sy politieke herinneringe waarmee hy tot kort voor sy dood besig was. Opperman wysig Pienaar se titel *Brokkies uit groot tye* na die meer effektiewe *Getuie van groot tye* en skryf 'n inleiding waarin hy Pienaar se bydrae as joernalis en politieke kommentator kernagtig saamvat en ook oor hulle persoonlike verhouding uitwei. In vergelyking met die meeste stukke kort voor sy siekte is sy prosa in hierdie inleiding veel beter versorg wat woordgebruik en opbou van die argument betref. As iemand nog getwyfel het aan Opperman se herstel, was hierdie stuk en die gedig oor Pienaar die sekerste bewys dat hy sy kragte volkome herwin het.

II

Kort ná sy siekte het Opperman reeds weer begin om manuskripte vir Human & Rousseau te keur en saam met Koos Human en Leon Rousseau oor beleidsake van die uitgewery te beraadslaag. As die Nasionale Boekhandel in 1977 met 'n gunstige finansiële aanbod vir oorname kom, besluit die direksie om die firma te verkoop en word Human & Rousseau deel van dié groep maatskappye. Voortaan sou dié uitgewery dus onder dieselfde direksie as dié van Tafelberg sake doen, al sou hulle steeds as firmas onafhanklik van mekaar funksioneer en in wedywering met mekaar verkeer.

Met die oorname het Koos Human en Leon Rousseau mede-hoofbestuurders van Human & Rousseau geword en het die bestaande direkteure van die firma hulle posisies verloor. Heini Jaekel, besturende direkteur van die Nasionale Boekhandel, het egter laat blyk dat hy in geen omstandighede die indruk wou wek dat Opperman nou as 't ware 'afgedank' word nie en dat Human & Rousseau moet voortgaan om hom as keurder te gebruik. Daarom word Opperman dan ook in 1977 benoem tot literêre adviseur van Human & Rousseau en verskyn sy naam in dié hoedanigheid op die briefhoofde van dié firma.

In 'n gesprek met Jaekel ongeveer twee jaar later het Opperman laat blyk dat hy binne die nuwe opset van die twee firmas as deel van die Nasionale Boekhandel-groep ook gewillig sou wees om manuskripte vir Tafelberg te keur. In

Augustus 1979 word hy dan ook aangestel as Tafelberg se letterkundige adviseur. In 'n brief van 20 Augustus 1979 aan Danie van Niekerk bedank Opperman hom vir die eer en sien hy die aanstelling as ‘die vervulling van 'n jeugideaal wat...(hy) amper nie durf droom het nie - 'n Afrikaanse Eliot, Day-Lewis.’ Vir sy gebruik is spesiale skryfblokke met die woorde ‘Verslag deur prof. D.J. Opperman’ bo-aan vir hom gedruk.

In die tydperk van sy herstel het Opperman baie manuskripte vir die twee uitgewerye gelees en oor baie sake rakende projekte en beleid advies gegee. As Etienne Leroux se roman *Magersfontein*, *o Magersfontein!* in 1977 verbied word, lewer Opperman in die daaropvolgende Hooggeregshofsaak getuienis namens Human & Rousseau en die skrywer. Leroux se roman bring volgens hom 'n nuwe dimensie tot die historiese roman in die Afrikaanse letterkunde deurdat die skrywer teenoor die heroïese in die verlede die skynheilige en dekadente van die hede hekel. Wanneer een van sy laboriete, E.W.S. Hammond, se digbundel *Hamburgers en hotdogs* in 1981 met 'n verbod bedreig word, is Opperman ook bereid om die bundel te verdedig en stel hy 'n verslag vir gebruik deur Tafelberg-uitgewers saam. Met die verbod op *Magersfontein*, *o Magersfontein!* is hy, soos in die geval van *Kennis van die aand*, baie ontsteld, omdat die ernstige literatuur in Afrikaans met so 'n optrede bedreig word. In gesprekke met Merwe Scholtz en andere wat met publikasiebeheer te make het, spreek hy hom dan ook sterk uit oor die aangeleentheid.

Met baie van die manuskripte wat Opperman ná sy lewersiekte keur, is hy nie besonder ingenome nie. Daniel Hugo se werk is vir hom struktureel en beeldend te ná aan dié van sy eie en die verse word vir hom ontsier deur ‘die dreun of die meganiese kreun wat die versbeweging en die versklank vasvang’. Vir die ontwikkeling van dié digter is dit vir Opperman noodsaaklik dat Hugo ‘die klankdreun moet verbreek, die versreël laat wissel en pols (en) dat hy ander losser vorms moet beproef’. Etienne van Heerden se verse is vir hom weinig meer as 'n ‘papierwêreld’ en die gedigte van F.W. de Jongh vind hy in 'n eerste manuskrip nog onryp. Henk Rall se *Proefskrif* keur hy af vir publikasie. Dit is 'n manuskrip wat getuig van 'n ‘gefnuikte digterskap’. Dit is vir hom ‘gevange in die bedryf van periodiek-nog-'n-ou-bundeltjie-soos-al-die-ander-ewig-belowende-ou-jong-mannetjies-se-bundels-om-te-bewys-dat-'n-mens-darem-nog-lewe-bundeltjies’. Teenoor so 'n ‘geploeter’ wat niks meer as ‘amateurpoësie’ oplewer nie, beveel hy aan dat die digter die ‘gevoelige jong verssel só laat ontwikkel volgens eie potensie dat die meganiese dit nie tot rympie laat verloop nie.’ Die digter moet dus sorg dat elke gedig 'n ‘eie struktuur en samehang’ het deur aandag te gee aan elke woord, woordposisie, rym, enjambement, versbeweging en dergelike meer.

Teenoor dié werk wat vir hom minder bevredigend is, keur hy bundels soos Ina Rousseau se *Kwiksilwersirkel* en *Heuningsteen*, Johan van Wyk se *Bome gaan dood om jou* en Stephan Bouwer se *Portrette*, *private dele en kanttekeninge*

goed vir publikasie. As André P. Brink *Klipkus* van Marlise Joubert vir Human & Rousseau afkeur, verskyn die roman by Tafelberg op 'n geesdriftige aanbeveling van Opperman. Twee bundels waarmee hy besonder ingenome was, maar waarin hy weens sy siekte nie voor publikasie insae gehad het nie, is *Die swart kombuis* van Sheila Cussons en Marlene van Niekerk se *Sprokkelster*. Op Marlene van Niekerk as briljante student van die Universiteit van Stellenbosch en as een van sy laboriete was hy besonder trots en hy het haar beskou as een van die sterkste talente wat uit sy digkunde-klasse voortgekom het. As hy uit Stuttgart - waarheen sy vir verdere studie vertrek het - 'n brief van haar ontvang, is hy só meegevoer dat hy vir haar al digtende advies gee. In 'n brief van 11 November 1979 skryf hy dat hy vir haar 'n spesiale Letterkundige Laboratorium stig. Hy sê: Dig oor jou probleme, byvoorbeeld.

Miskien is ek te pastoraal geskool

en daarom dat ek
in hierdie metropool twee swane
(reeds beloon met sewemaal versterkte koolhidrate)
smiddags op die parkdam voer,
en daarom dat ek
die enkele duiwe wat dié stad bewoon
(gekoring met hormoontablette teen die teel)
én na die suidelike skuif van trekvoëls kyk,

en daarom dat ek
gratis musiekkonserte op die straat
deur dwarsfluit en klein viool bywoon,
en daeliks na die katedrale stryk,

siek
by die sneller tik van daardie metronoom
waar ek nie vir die infraklanke
na sy neuriënde metropool
my eie bladmusiek kan toon.

En hy voeg by: ‘Ek stuur ook my probeerslae - as aanmoediging! Verbeter hieraan, en dis joune!’

Reeds voor sy siekte het Opperman teenoor Koos Human die gedagte uitgespreek dat daar 'n nuwe literatuurgeskiedenis van die Afrikaanse letterkunde behoort te kom en is John Kannemeyer gevra om die taak te onderneem. Opperman het dele van die manuskrip voor voltooiing gelees. As die eerste band van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* in 1978 verskyn, neem Opperman deel aan 'n televisie-uitsending waarin die boek bekend gestel word en op 2 Augustus 1979 lewer hy in die Here XVII in Kaapstad die commendatio by die

toekenning van die Recht Malanprys aan dié werk. In sy rede maak Opperman van boukundige beelde gebruik en illustreer hy die houding van die kunstenaar en die literêre geskiedskrywer in twee kwatryne teenoor mekaar. Vir die kunstenaar sal die ‘etikettering’ van die historikus in laaste instansie onbevredigend wees, al is die literatuurgeskiedenis vir hom ‘as hulpmiddel vir die student...'n noodsaaklike euwel wat geduld moet word’.[2]

Oor drie digbundels wat tydens sy herstelperiode deur sy hande gaan, is Opperman geesdriftig. In die loop van 1980 ontvang hy van Tafelberg 'n manuskrip gedigte onder die titel *Van heinde en ver* van die letterkundige kritikus T.T. Cloete. Hoewel hy in die loop van jare afwisselend waardering vir en bedenkinge oor Cloete se literêr-wetenskaplike aktiwiteit gehad het, is dié manuskrip vir hom 'n volkome verrassing, omdat hy - soos trouens die hele Afrikaanse literêre wêreld - salig onbewus daarvan was dat Cloete in die stilligheid besig was om gedigte te skryf. In 'n geesdriftige verslag skryf hy dan ook dat die publikasie van dié bundel - wat later in 1981 as *Angelliera* verskyn, 'n titel wat Opperman aan die hand doen - die letterkundige nuus van die jaar gaan wees. ‘'n Deursoute akademikus,’ skryf hy,

> openbaar hom onverwags op betreklik gevorderde leeftyd as volbloed digter. En dan is hy ook nie 'n stamelaar van los versies nie, maar 'n digter met 'n eie persoonlikheid wat een van die beste debuutbundels in Afrikaans lewer.
> Hy laat ou waardes, ligtelik maar beslis, kantel in 'n digterlike dialektiek verby Totius nader aan die paradoksale van John Donne. En by Dickinson, Wallace Stevens, e.a. waar hy oor 'n wye gebied gebruik maak van 'n klank- en ideëspel, onverwagte wendings, parallelismes, 'n enjambement met 'n kort oorstoot en opdammende slotbewegings. In elk geval, dis poësie van kosmiese krake!

As die Ingrid Jonker-prys vroeg in 1981 tydens die Afrikaanse Skrywersgilde se beraad in Gordonsbaai aan Cloete oorhandig word, lewer Opperman die commendatio. In gesprekke kom hy by herhaling terug op Cloete se verse en beskou hy die bundel as een van die merkwaardigste manuskripte wat hy in sy loopbaan gehanteer het.[3]

In die loop van 1980 stuur Annesu de Vos, in daardie stadium 'n Standerd VIII-leerling aan die Hoërskool Linden in Johannesburg - van haar verse na Tafelberg wat die gedagte gehad het om gedigte van 'n aantal jong skrywers in 'n derde *Stiebeuel* uit te gee. As Opperman haar manuskrip ter insae kry, is hy baie geïmponeer. Hy beveel aan dat die gedigte in 'n aparte bundel moet verskyn en dat Danie van Niekerk 'n persoonlike ontmoeting vir hom met die digteres op Stellenbosch moet reël. Die ontmoeting vind in Julie 1980 plaas en Annesu de Vos bly tydens haar besoek van twee dae by Opperman aan huis. Drie en twintig van die gedigte het Opperman sonder meer goedgekeur vir publikasie, maar gesê dat daar tien was waaraan sy kon verbeter en waaraan sy - hoofsaaklik in die nag! - op Stellenbosch moes werk. Van die gedigte wat

volgens hom gewysig moes word, het ‘die geletterde spinnekop’ die mees ingrypende veranderinge ondergaan en is die reël ‘met drade platinet’ regstreeks deur Opperman aan die hand gedoen. Die eerste twee strofes van ‘pligsbesoek aan die ouetehuis’ was aanvanklik 'n poging tot 'n liefdesvers, maar op aanbeveling van Opperman voeg sy die oorspronklik aparte ‘ek sien die oumense’ as derde strofe en korrektief by. Sommige van die gedigte het hy heeltemal verwerp, die indeling in vier afdelings voorgestel en die bundeltitel *Gebed van 'n groen perske* aan die hand gedoen. Tydens haar besoek het Opperman vir Annesu de Vos saamgeneem na die Letterkundige Laboratorium om van haar gedigte voor te lees en oor haar werkmetode te praat. Sy was baie beïndruk met die kreatiewe appèl wat hy op haar gedoen het en sy het gehou van sy humorsin en die wyse waarop hy persoonlik met haar kontak wou maak.

Ná die verskyning van *Gebed van 'n groen perske* herbevestig hy in 'n brief van 31 Januarie 1981 sy waardering vir die bundel. ‘Ewe avontuurlustig,’ skryf hy, ‘het ek saam met jou gereis: picketing and pocketing places and people.’ Hy sluit af: ‘In jou ontwikkelende digterskap (en so iets is nooit voltooi nie) sal jy vind dat jy jou eie Bybel aan die skryf is.’ As sy in 1981 die beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde bywoon, besoek sy vir Opperman op Franskraal. By haar aankoms was hy besig om saad te plant vir 'n heining en het hy haar aangemoedig om haar vingers diep in die grond te druk sodat sy die aarde in haar hande kan voel. Veel later in die dag het hy na nuwe gedigte van haar gekyk en gesê hy kan sien sy kan wel skryf; as dít nie die geval was nie, het hy met 'n guitige laggie bygevoeg, ‘then I would have dropped you’. Wanneer die Eugène Marais-prys aan haar toegeken word, ontvang sy 'n kaartjie van Opperman op 2 Mei 1981. Hy wens haar geluk met die bekroning en voeg by: ‘Mag jy in die toekoms nog groot vastelande van die gees aflê.’

Een van die laaste manuskripte wat Opperman beoordeel en 'n daadwerklike aandeel aan gehad het, was *Otters in bronslaai* van Antjie Krog, 'n digteres wie se bundels hy van die begin af onder oë gehad en wat ook in 1975 as gasstudent sy Letterkundige Laboratorium en sy Honneursklasse bygewoon het.[4] In die loop van 1979 het sy 'n drama oor die geskiedenis van die Voortrekkervrou Susanna Smit vir publikasie voorgelê, maar dit is deur Fred le Roux afgekeur op grond van 'n gebrek aan toneelmatigheid. As Opperman dit ter insae kry, is sy kommentaar dat dit eintlik geskikte boustof vir 'n dramatiese alleenspraak sou wees. Teen die einde van 1980 stuur Antjie Krog 'n bundel gedigte vir Human & Rousseau wat aanmerklik verskil van *Otters in bronslaai*; baie gedigte is later uit die finale bundel weggelaat, terwyl die oorspronklike manuskrip met ‘Kunsgalery’ open en die siklus ‘Die leeu en die roos’ in daardie stadium nog nie bestaan het nie. In 'n brief van 24 November 1980 lewer Opperman kommentaar op elke afsonderlike gedig en ken hy aan elkeen 'n punt toe uit tien. Gedigte waarvan hy baie hou, is ‘Kunsgalery’ wat vir hom ‘ontstellend en

aangrypend' is, 'Hoe en waarmee oorleef mens dit?' waarin die gegewe sterk georden is, 'Familieresep?' wat hy 'keurig' vind en 'Die dag gee hom oor aan sy droefheid' waarin die triestigheid treffend verwoord word. Baie van die gedigte is vir hom egter minder bevredigend en hy voel dat sy verder daaraan moet werk, 'n titel moet vind en 'n indeling vir die geheel moet kry. Verder beveel hy aan dat die Susanna Smit-gegewe by die bundel aansluit en dat sy 'n gebed daarvan moet maak. As Antjie Krog beswaar maak en sê: 'Nee, ek kan nie bid nie,' beveel Opperman die dagboekvorm aan.

Met Opperman se kommentaar en die 'opdrag' van 'n dagboek oor Susanna Smit het Krog aan die werk gespring en 'n rukkie later 'n gewysigde manuskrip ingestuur. Opperman laat weet haar daarop dat sy Kaapstad toe moet vlieg, 'n paar dae op Stellenbosch aan die bundel moet kom werk en haar tikmasjien moet saambring. By haar aankoms in April 1981 het hy enkele riglyne voorgestel, aan die hand gedoen dat sy die bundel op grond van reëls uit 'n dansliedjie in *Kleuterverseboek* moet rubriseer en die Susanna Smit-siklus hegter moet bind. Die geheel was vir hom te lank en hy wou hê dat sy aansienlik daaraan moes sny. Aan die begin van hulle gesprek oor die siklus het hy gevra: 'Wat is vir jou die belangrikste, wat is die primêre gegewe wat jy wil beklemtoon?' Krog het geantwoord: 'Die ouderdomsverskil tussen Erasmus Smit en Susanna.' Opperman se antwoord was: 'Goed, plaas dit dan eerste. Wat is verder vir jou van belang? Gaan nou so voort en sit alles wat jy wil sê, in die volgorde van belangrikheid.' Op dié wyse het Krog deur die nag tot die volgende oggend gewerk. As die dag begin breek, val alles vir haar meteens in 'n patroon. Tydens die ontbyt vra hy aan haar om alles hardop te lees. Met 'n opmerking oor die rymwoorde waarvan hy nie hou nie, gaan hy slaap. Na nog 'n ruk se werk raak ook Krog na 'n vermoeiende en uitputtende nag aan die slaap.

As sy wakker word, vind sy dat sy hoegenaamd nie kan konsentreer nie en dat Opperman se aanwesigheid en skeppende oormag haar geweldig hinder. As sy alleen wil gaan stap, dring hy aan om haar te vergesel en praat hy aanhoudend, iets wat haar nog verder in die war bring. Teen die aand se kant kom sy egter sover om verder te werk, uit te sny en te begin met die oortik. As hy na middagete die volgende dag die voltooide produk oorlees, is sy aanvanklike reaksie dat hy eers wil wag totdat Marié dit ook gelees het, weer eens 'n aanduiding watter hoë waarde hy aan haar oordeel geheg het. Albei se reaksie was uiteindelik dat die gedig nou aangrypend is, maar dat die slot nog nie heeltemal bevredig nie: in die slot moet sy die 'hele ding' saambind en elke woord 'n besondere gewig laat dra. Na haar terugkoms op Kroonstad kon sy die slotstrofe voltooi en met die sleutelwoorde 'kaalvoet', 'skryf', 'brons', 'geskubde' en 'Drakensberg' die essensie van die siklus kernagtig saamvat. Vir Antjie Krog was die hele ervaring in die digbedryf saam met Opperman 'n onvergeetlike ondervinding. Dit het haar, soos sy dit later sou stel, finaal bevry van die 'koninklike digterskap' en haar geleer om as digter sluwer te werk te gaan: om alles te lees

en te ervaar ter wille van die digterskap, om te verwring en te lieg ter wille van 'n beter en effektiewe segging.

In die periode van sy herstel en geesdrif vir werk hersien Opperman twee keer die reeks verseboeke en maak hy belangrike toevoegings tot sy bloemlesings. In 1978 verskyn *Junior*, *Senior* en *Groot verseboek* in aansienlik omvangryker uitgawes en tipografies aantrekliker gedaantes. In 1983 - as hy reeds weer ernstig siek is - verskyn die negende uitgawe van *Groot verseboek* waartoe André P. Brink oorwegend die keuse maak uit bundels wat ná 1980 verskyn het, maar waarin Opperman se finale keuse uit gepubliseerde bundels tot daardie datum nog opgeneem word. Hiervoor het hy weer feitlik die hele gebied van die Afrikaanse poësie deurgewerk. Uit Leipoldt neem hy nou - ná die publikasie van dié digter se *Versamelde gedigte* - aansienlik meer verse op, terwyl hy selfs 'n betreklik mindere digter soos Abraham Fouché se fraai ‘Wie ken die taal van die blindemol?’ insluit en ook op enkele verdere gedigte van I.D. du Plessis besluit. Ook uit *Tristia* en Uys Krige is die keuse ruimer, terwyl hy uit die latere bundels van W.E.G. Louw,[5] Elisabeth Eybers, Ernst van Heerden, S.J. Pretorius, S.V. Petersen, Olga Kirsch, Ina Rousseau, Breyten Breytenbach en uit sy eie *Komas uit 'n bamboesstok* 'n keuse doen. In dieselfde tyd werk hy aan nuwe uitgawes van *Kleuter*- en *Klein verseboek* wat - in vergelyking met dié van die vyftigerjare - met 'n veel ruimer keuse en illustrasies van Cora Coetzee einde 1981 verskyn.

III

Kort voor sy siekte het Opperman verskillende projekte in gedagte gehad. Hy het ontwerpe gemaak vir poppespele, historiese dramas oor Paul Kruger en J.B.M. Hertzog oorweeg, en geïnteresseerd geraak in Savanarola as hooffiguur vir 'n versdrama. In 'n stadium was hy ook van plan om aantekeninge te skryf oor die agtergrond van sommige van sy eie gedigte[6] en het hy dit gerade geag om bronne en manuskripte voorlopig agterweë te hou en nie aan Stoffel Nienaber te verskaf wat 'n fotoboek oor hom as mens en digter wou aanpak nie.

Na sy herstel het Opperman egter belangstelling verloor in hierdie projekte, aangesien die problematiek in die meeste van hulle ná sy persoonlike ervaring vir hom irrelevant geword het. Hy wou graag oor sy belewenisse tydens die siekte skryf, maar die vraag was hoe om dit sonder sentimentele uitweidings en selfgesentreerdheid aan te pak. Alhoewel sy poësie veel meer outobiografies was as wat die meeste kommentators op sy werk ooit kon vermoed, het hy altyd 'n pes gehad aan die belydenisse van Dertig wat vir hom reeds vroeg in sy loopbaan niks minder as 'n soort ‘digterlike Oxford-groepery, 'n skaamtelose geestesnaaklopery’[7] was nie. In 'n vroeë stadium het hy dit oorweeg om die hele ervaring in prosa weer te gee en selfs met die oog daarop opsommings

begin maak. Betreklik gou egter het hy gevoel dat die vorm en regstreekse weergawe van belewenisse hom nie bevredig nie.

Terwyl hy aan die soek was na 'n bevredigende oplossing vir hierdie spanning tussen mens en kunstenaar, belydenis en gestaltegewing en ‘reveal’ en ‘conceal’, het hy na baie jare weer teruggedink aan *Die reise van Marco Polo* waarmee hy reeds op laer skool deur middel van die voorgeskrewe Engelse leesboek in die reeks *High Road Readers* kennis gemaak het. Skielik, met 'n flitsende insig soos destyds met Jorik, het hy besef dat dié gegewe die perfekte ‘objective correlative’ bied om sy ervaring te verwoord. Marco Polo was, soos hy self, ook die vader van drie dogters en tydens sy lang afwesigheid, terwyl hy in die Ooste op reis was, het die mense van sy geboortestad Venesië gedink hy is dood. Ná sy terugkeer is sy verhale oor die wonderwêreld van die Ooste nie geglo nie en het die Venesiane hom uitgekryt as 'n leuenaar. Met hierdie gegewe, so het Opperman gemeen, kon hy die persoonlike belewenisse in 'n objektiewer gedaante plaas en sodoende die gevaar van belydenis en sentiment vermy.

Die gedagte om alles oor die boeg van Marco Polo te gooi, het in Mei 1978 ontstaan en betreklik gou het 'n digterlike ontploffing gevolg. Binne enkele maande het hy eenhonderd en dertig verse geskryf en moes hy dag en nag werk om - soos hy dit in 'n onderhoud gestel het - die ‘skerwe uit die puinsteen’ te haal. Terwyl hy vroeër nooit op Franskraal gewerk het nie, kon hy nou ook groot dele van die bundel in sy huis by die see skryf. Na die voorarbeid van lees, flitsende insig en die daaropvolgende ontploffing moes hy die verse slyp en rangskik, alles opnuut krities bekyk en uiteindelik vyf en tagtig verse vir die finale bundel uitkies. Die werk aan die bundel was terselfdertyd vir Opperman terapeuties, want dit was vir hom die sekerste bewys dat hy die jare van digterlike stagnasie ontgroei het en geestelik en liggaamlik volkome genees was. Die eintlike mirakel was nie vir hom die herstel van die lewersiekte nie, maar die ‘rehabilitasie’ wat finaal met die kunsskepping plaasvind: die heiligheid wat uit die suiwer vakmanskap voortkom.

Alhoewel vriende en kollegas vaagweg daarvan bewus was dat Opperman besig was om te skryf, het hy self niks regstreeks daaroor gerep nie, in ooreenstemming met sy ou stelreël dat 'n mens nie oor koek in die oond praat nie. Op 'n keer het hy skertsend gesê as 'n digter oor sy eie werk praat, kan die muse altyd kom en sy koringveld met 'n weerligstraal vernietig! In ernstiger trant het hy dit as sy oortuiging geformuleer dat 'n skrywer deur 'n gepraat oor werk waarmee hy besig is, die spanninge ontlaai en homself op dié wyse uitwoed. Hy moet eerder hierdie dinge vir homself hou en dit in sy kunswerk tot uiting bring.

Tog was daar vir mense ná aan Opperman tekens van 'n skeppende aktiwiteit. Die eerste aanduiding wat Koos Human van 'n nuwe bundel gekry het, was toe Opperman hom op Saterdag, 27 Mei 1978, by 'n noenmaal in die Here XVII, waartydens die bundel *Skanse teen die tyd* aan W.E.G. Louw oorhan-

dig is, skelmpies 'n stukkie papier met die woorde *Komas uit 'n bamboesstok* wys en te kenne gee dat dit die titel van 'n nuwe bundel sou wees. Op Donderdagaand, 14 September 1978, was Opperman en Marié saam met Fred en Ria le Roux die gaste van John en Althea Kannemeyer. Ná die ete het Opperman in die sitkamer 'n paar velletjies papier uitgehaal en tot almal se verbasing en vreugde die reeks ‘Grondstowwe by die siklus van seisoene’ voorgelees. Dit was vir Le Roux en Kannemeyer die eerste definitiewe getuienis van 'n nuwe bundel wat op koms was. Opperman het Le Roux sover gekry om ‘Herfs’, die eerste van die vier gedigte, na 'n vlugtige instudering vir die aanwesiges hardop te herhaal. Met sy fyn aanvoeling en diep sonore stem het Le Roux die gedig voortreflik voorgelees en die uitspraak gemaak dat dit die mooiste ‘herrysenisverse’ is wat hy ken.

In hierdie stadium was die bundel reeds in 'n gevorderde staat. Toe Human weer by geleentheid op Stellenbosch kom, het Opperman hom die volledig geskrewe titelblad gewys, onder meer met die woorde ‘uitgegee deur Human & Rousseau’ aan die einde. Human was bly dat hy die uitgewer van die nuwe bundel sou wees, maar Opperman - wat van guitigheid oorgeloop het en baie terglustig kon wees - het die vreugde gedemp en gesê dat dit maar 'n voorlopige titelbladsy was; aan Danie van Niekerk het hy dieselfde titelblad met 'n aanduiding van Tafelberg as die uitgewer getoon! Toe Human daarop aanbied om die bundel met die beste beskikbare tipografiese versorging te laat publiseer en van die eerste oplaag 250 eksemplare op handgeskepte papier te laat druk, was Opperman se lakonieke kommentaar: ‘Dit sal ek in elk geval eis’!

In die loop van November 1978 het Jetty Degenaar, sekretaresse in die Departement Afrikaans-Nederlands, die manuskrip oorgetik. Opperman het weer die bundel noukeurig nagegaan, enkele verdere gedigte geskryf en die finale afwerking voltooi. Op Vrydag, 2 Februarie 1979, het hy tydens 'n noenmaal in Kaapstad by, die twintigste verjaardag van Human & Rousseau die aanwesiges verras deur die manuskrip van *Komas uit 'n bamboesstok* aan Koos Human te oorhandig. By die afskeid het Heini Jaekel, besturende direkteur van Nasionale Boekhandel, Opperman van sy groep se beste dienste verseker. Hoewel dit sy voorneme was om die bundel eers later in die jaar te laat verskyn wanneer hy as professor aan die Universiteit van Stellenbosch uittree, het dié woorde vir Opperman op 'n nuwe idee gebring. Op 'n onheilige uur die volgende Saterdagoggend het hy Koos Human gebel met die mededeling dat die boek onmiddellik moet verskyn en dat Willem Jordaan by die vroegste moontlike geleentheid na Stellenbosch moet kom sodat hulle uitvoerig oor die tipografie en bandontwerp kon beraadslaag.

Human het besef dat Opperman in sy oorgeesdriftigheid en vreugde oor die nuwe bundel moeilik gekeer sou kon word en dat hy geen keuse het as om dadelik aandag aan die uitgawe te gee nie. *Komas uit 'n bamboesstok* was dan ook, soos hy dit later sou stel, die enigste digbundel wat na sy wete in 'n wedloop betrokke was! Reeds die volgende week is Human na Kiepersol waar

Jordaan later op 'n motorfiets en in 'n geel gewaad opgedaag het. Nog veel meer as vroeër was Opperman nou intens geïnteresseerd in die grafiese vormgewing van sy bundel. Hy het die papier en linne vir die luukse-uitgawe uitgesoek en selfs aangedui dat die grein vertikaal - en nie horisontaal soos op die monster nie - moes loop.[8] Daarna het Opperman, soos Human later kon onthou, 'die basiese grondliggende tema, die beelde wat voortdurend terugkeer, die simbole, die samehang tussen die verse, die samehang tussen vers en werklikheid en dies meer'[9] verduidelik, 'n 'begeesterde uiteensetting'[10] wat vir albei die aanwesiges 'n hele 'belewenis'[11] was. Aanvanklik het Opperman eindeloos uitgewei, maar in betreklik abstrakte terme, oor die spore wat telkens in die bundel voorkom: Marco Polo se spore na China, die eerste rit met 'My pa se eerste perdjie', die motief van die spoorweë, die vliegreise, die weg na die 'teruggekeerde Opperman' en dergelike meer. Die omslag moes vir hom iets van hierdie spore suggereer. Hy het dit vir Jordaan aan die hand gedoen, wat egter net op sy gebruiklike wyse doodstil gesit en sy 'swyg' geswyg het, soos Opperman dit in die gedig 'Ex libris + Ex libris' sou stel.

Die volgende dag kom Jordaan by Human op kantoor. 'Die ou praat so van spore en kraters, maar sy gesig lyk ná die siekte soos 'n maanlandskap. Ons moet 'n foto van sy gesig as basis vir die spoor-idee gebruik, want as outobiografiese bundel sal die gesig met plooie presies weerspieël wat hy in die gedigte sê.' Jordaan is weer na Stellenbosch waar hy letterlik 'n dag lank foto's geneem het van Opperman se gesig. Uit die foto's het hy die bevredigendste gekies en met vergroting en intensivering die stofomslag beplan. Van die ander het hy 'n tekening gemaak wat hy op die band van die boek self wou plaas. Vir Opperman sou die twee weergawes egter te oordadig wees en saam het hulle besluit om die tekening te verklein en met die Bontekoe-kwatryn op die titelplaat te laat verskyn.[12] Vir die bandontwerp het Opperman 'n vis aan die hand gedoen wat Jordaan - in aansluiting by 'Glaukus klim uit die water' - soos 'n jakopewer geteken het.[13] Vir die titelblad moes Jordaan saam met Opperman na die Departement Geografie aan die Universiteit van Stellenbosch om ou kaarte en titelblaaie te bekyk, al het Opperman versoek dat hy nie die sewentiende-eeuse titelblaaie moes naboots nie maar 'n moderne ekwivalent daarvoor moes vind.[14] Die mannetjie op die titelblad wat met sy vingers 'n obsene teken maak, was Jordaan se idee, maar Opperman was daar baie ingenome mee.

Intussen is die setwerk deur die Nasionale Boekdrukkery gedoen en het Opperman begin om die strookproewe na te sien. In die bladsyproefstadium is volledige stelle van die proewe aan die belangrikste koerante en tydskrifte gestuur om aan resensente met die oog op besprekings van die bundel voor te lê. Soos sy gebruik was, is Opperman reeds met die manuskrip na verskillende lesers om hulle oordeel oor sy nuutste werk te hoor. Van die drie het Merwe Scholtz geen kommentaar gelewer nie en net - tot Opperman se verbasing - die manuskrip sonder kommentaar teruggegee, terwyl Fred le Roux in besonder-

hede die woordkeuse in verskillende gedigte en die struktuur van die geheel met Opperman bespreek het. Meyer de Villiers was beïndruk met die manier waarop Opperman diepsinnige sake op 'n ligte trant aanraak. In die grappies en humor het hy 'n verwantskap met Rabelais bespeur, 'n verbandlegging wat Opperman as 'n besondere insig beskou het en vir hom 'n aanduiding was dat De Villiers die essensie van die bundel snap.

Ná die bekendstelling van die ‘Grondstowwe’-siklus voor 'n beperkte vriendekring het Opperman die gedigte ook op 20 Maart 1979 voorgelees by die verskyning van die Stellenbosse Fynproewersgilde se resepteboek *So eet ons op Stellenbosch*. By dié geleentheid hou hy 'n kort toespraak waarin hy die een en ander oor die gedig ‘Aankoms by Cabo de Boa Esperança’ en die ‘Grondstowwe’-siklus meedeel. Oor die eerste gedig sê hy:

> Hierdie gedig groei eintlik uit 'n siekte-ervaring. Ek was sewe maande lank in die hospitaal en het aan algehele aftakeling van die gestel gely. Dié ervaring beskryf ek in terme van 'n matroos wat op een van die ou skepe aan skeurbuik ly en verlang na die heerlikhede in die Kompanjiestuin aan die Kaap.

Oor die ‘Grondstowwe’-siklus verstrek hy die volgende geestige agtergrondinligting:

> Ek sou as 'n voortsetting van Jan de Marre, d.i. 'n Nederlandse digter van 1746, die ‘lusthof’ aan die Kaap beskryf het...maar ek het nie rekening gehou met die fyn proewende vroue van Stellenbosch nie.
> Hulle wou 'n mooi boek in hierdie feesjaar publiseer, en het gevolglik na die Tai Khoen van keurige uitgewers gegaan, nl. Taai Koos Human wat oor 'n kunsharem beskik, oor tekenaars, kunstenaars, tipograwe en digters. Hy het hulle onder meer verwys na 'n afgetakelde ou rymelaar wat aan 'n groot koshonger ly, oor doekpoedings van sy ouma droom en wie se hormone weer gestimuleer moes word, nl. Dirk Opperman. Eintlik was dit oorbodig ... maar so is die hoogmoed ... Soos die bure weet, Dirk woon al járe langs Annatjie Melck. Sý het hom genader. En Annatjie synde 'n vroulike vrou en Dirk 'n manlike man ... ag, hoe kon die arme man weier? Maar Annatjie is getroud en hy is getroud ... hy het dus 'n bedekte liefdesgeskiedenis geskryf, só sê die kritici.

Die verskyning van die bundel is vasgestel vir Vrydag, 8 Junie 1979. In die week voor die verskyning het Opperman onderhoude gevoer met Amanda Botha van *Die Transvaler* en Jan Breytenbach van *Rapport,* terwyl 'n aflewering van die ‘Van alle kante’-rubriek in *Die Burger* van 7 Junie 1979 volledig aan *Komas uit 'n bamboesstok* gewy word. Dieselfde aand lees Opperman in die *Klankpaljas*-program oor die Afrikaanse sender van die SAUK van die gedigte uit die bundel voor en vertel hy iets oor die siektegeskiedenis, sy mirakelagtige genesing en hoe hy letterlik soos 'n kind die wêreld moes leer ontdek en van

nuuts af aan leer loop, praat, lees en skryf. Vir baie van die luisteraars was die program 'n ontroerende ervaring, want Opperman het sy verse met oorgawe voorgedra en ‘Tweede huwelik’, die gedig aan die vrou ‘wat nie vergeet/ het’ nie, met groot eenvoud maar gevoelvol gelees.

Uiteindelik het Vrydag, 8 Junie 1979, aangebreek. Human & Rousseau het die Restaurant De Kelder volledig vir die groot aantal gaste van die aand bespreek en die verskillende gange van die spyskaart is aangedui met name uit die bundel: Sop Bamboesstok, Vis Venesië, Springbok Schietfontein en Djinn: 1001 Nagte. Piet Cillié, die seremoniemeester, het Duke Erlank aan die woord gestel om die tafelgebed te doen. In sy gebed het Erlank - wat as gelowige mens bewus was van Opperman se afwending van die metafisiese - onder meer die Opperwese gedank wat, selfs as ons onsself weerbarstig van Hom afwend, die mens nogtans met Sy liefde agtervolg sodat ons uiteindelik na Hom moet terugkeer - 'n formulering wat Opperman later aan sy oud-kollega laat sê het: ‘Dankie, Duke, dat jy dit nie só gesê het dat ek verleë gevoel het nie’! Piet Cillié het met allerlei kwinkslae begin en daarop gesê dat die aanwesiges getuies is van 'n groot literêre gebeurtenis: die verskyning van Opperman se eerste werk na *Edms. Bpk.* van 1970 en sy eerste digbundel ná sy siekte van 1976 waartydens hy by herhaling as sterwend verklaar is. Aan die einde van sy inleiding het hy vir Koos Human aan die woord gestel wat kortliks die produksiegeskiedenis van die bundel geskets en eksemplaar nommer 1 van die luukseuitgawe aan Opperman oorhandig het.

Daarop is Opperman aan die woord gestel. Hy het na Koos Human verwys as ‘die groot Kubla Khan van uitgewers in ons land’ en hom bedank vir 'n boek wat hy ‘*tegnies* (as) die mooiste en grootste digbundel in Afrikaans beskou’. Verder het hy sy waardering uitgespreek teenoor Heini Jaekel wat by hom die gedagte geplant het om die bundel dadelik te laat verskyn en nie tot sy verjaardag in September te wag nie. Daarna het hy Willem Jordaan bedank wat met hierdie bundel sy hoogtepunt as ontwerper en tipograaf bereik het. Ten slotte het hy sy gedig vir die rektor, ‘Seremonie van die naelstring’, voorgelees en 'n spesiaal vervaardigde koker met die strookproewe oorhandig vir bewaring in die Universiteitsbiblioteek. Jannie de Villiers kon egter weens sy opname in die hospitaal as gevolg van 'n ernstige hartaandoening nie self teenwoordig wees nie. Hy het egter 'n antwoord-gedig op ‘Seremonie van die naelstring’ geskryf wat by dié geleentheid deur sy vrou Geraldine voorgelees is. Opperman was bewus daarvan dat De Villiers nie aanwesig sou kon wees nie en het in 'n laat stadium op die masjienproef twee reëls bygevoeg:

> Naskrif: Dit spyt my om hierdie koker op te dra
> aan u, Meneer die Rektor, *in absentia*.

Die gedig van die rektor lui as volg:

Dankwoord van die Rektor 8-6-'79

Waar ons 'n volksboek kry
deur bloot naelstring te sny,
vereer U.S. die Oppermans
met glorie en met glans.

Dank vader Dirk's geen bees,
hul moet plasentas eet soos vlees,
hy kan die vrugte van sy oes
oprol in bamboes
en pynloos skenk aan Jannie.

Met eerbied sal ons Vlooi
die baba oppas, uitstal mooi:
en sorg dat nege rolle sy
ontrafel word en liefde kry.

Waar moet hul pronk?
Medisyne, Teologie, Dieetkunde, Hidroulika?
of Sielkunde, Handel, Geografie, Rhetorica?
Waters - manlik, - moederlik, - piskatoriaal
of Geeste Groot en Geniaal?
Hergebore? Wonderwerk?
Of Reisigers Joernaal?

Een doodlik feit word opgedis:
Met doktorsgraad het U.S. nie misgis,
al is ons Dirk 'n Lasarus.

En as antwoord op Opperman se late byvoeging het die rektor sy gedig ook afgesluit met 'n naskrif:

N.S. En nou
vir Dirk (en Marié)
die seremonie:
Ek sny met afstandsbeheer,
moderne tegnologie
wonderlike chirurgie
DANK SY DIE HEER[15]

Ná hierdie oorhandiging het Merwe Scholtz, wat aan die begin van 1979 as opvolger van W.E.G. Louw op Stellenbosch aangestel is, aan die woord gekom om 'n heildronk in te stel. Scholtz het verwys na 'n stuk wat hy in 1976

geskryf het toe Opperman ernstig siek was, maar wat hy sorgvuldig na die merkwaardige herstel van sy kollega se nuuskierige oë weggehou het. In die stuk, wat vir publikasie na Opperman se dood bedoel was, staan dit ‘op rekord’ dat Scholtz gesê het: ‘gelukkig was sy werk voltooi’! Alhoewel enkele dinge in *Edms Bpk*. uitwys na *Komas uit 'n bamboesstok,* is die nuwe bundel 'n nuwe inset en met die herlewingsproses 'n soort *Pilgrim's progress*. Hy weet, so het Scholtz voortgegaan, van geen digter in watter taal ook al wat die stilte ingegaan en weer teruggekom het nie. *Komas uit 'n bamboesstok* is die produk van 'n volkome toegeruste digter wat die lewe weer opnuut sien en waarin hy tegelyk kan ‘patterjot’ en ‘Renaissance’. Met so 'n bundel word, so het hy afgesluit, ‘vir ons jongmense veral in Afrikaans 'n lewe en leefwyse geskep wat dit vir hulle die moeite werd maak om in Afrikaans te leef en te sterf’.

Asof die aand nie al vreugdevol genoeg was nie, het D.P. de Villiers, besturende direkteur van die Nasionale Pers, ná die heildronk aangekondig dat Opperman, wat aan die einde van 1979 as professor sou uittree, sou voortgaan met sy onderrig vir die Letterkundige Laboratorium. Die Nasionale Boekhandel willig in om die bedrag van R8 000 jaarliks aan die Universiteit van Stellenbosch te skenk met die versoek dat Opperman in staat gestel word om sy belangrike taak ook ná sy aftrede voort te sit. Met 'n toespeling op ‘Ballade van die groot paartie’ antwoord Opperman daarop met 'n digterlike dankie:

> Adv. Villiers,
> ek voel hier die hand
> van generaal Cronjé.
>
> Hy dop my Groot Paarties
> met repartees graag om,
> hy wou nou seker
> vir klein Dirkie
> aan die Universiteit
> 'n los joppie gee.
>
> In elk geval, adv. Villiers,
> deur hierdie boodskap waarmee
> u uit die bamboesbosse kom,
> is ek deur die blydskap
> voorlopig stom,
> en uit die ruising van bamboesblare
> duisend duisend dankies
> van Dirkie.

Aan die einde van die aand is eksemplare van *Komas uit 'n bamboesstok* aan die aanwesiges oorhandig, 'n geskenk wat - in ooreenstemming met die ‘gul ge-

baar' en 'groot weggee' waaroor hy vroeër reeds gepraat het - afkomstig was van Opperman self, nie van die uitgewers nie.

Ná die opwinding en vreugde van die verskyning en amptelike oorhandiging was Opperman uiters nuuskierig oor hoe die resensente op sy bundel sou reageer. Aangesien die belangrikste koerante, weekblaaie en vaktydskrifte bladsyproewe van die bundel ontvang het wat aan van die leidende poësiekritici in die land vir breedvoerige besprekings uitgestuur is, het resensies taamlik gou gevolg. Reeds op 8 Junie 1979, die publikasiedatum van die bundel, verskyn Merwe Scholtz en A.P. Grové se besprekings in *Die Burger* en *Beeld* onderskeidelik. In sy resensie verken Scholtz die opeenvolgende rolle in die bundel en staan hy uitvoerig stil by 'Mirakelspel: Wie 't mossie doodgemaak?', terwyl Grové in dié vroeë stadium reeds 'n aantal lyne voortreflik deurtrek en telkens met verrassende insigte kom. In *Rapport* van 10 Junie 1979 gee André P. Brink 'n skerpsinnige en indringende ontleding van die bundel in sy volle rykdom van motiewe. Die bespreking van F.I.J. van Rensburg in *Die Transvaler* van 9 Junie 1979 met sy verkeerde inligting en foutiewe afleidings was vir Opperman 'n teleurstelling, terwyl die stelling dat ''n werklike oordeel oor die bundel as 'n geheel' as gevolg van die 'magdom weggesteekte dinge en dingetjies ... eers na 'n lang tyd moontlik sal wees', geloënstraf word deur die knap insigte, basiese 'greep' op die bundel en korrekte waardebepalings van die ander kritici in dié vroeë stadium. In *Standpunte,* XXXII: 4, Augustus 1979 skryf Ernst Lindenberg 'n deeglike en indringende analise van die bundel as geheel met oral fyn waarnemings van onderdele en 'n uitstekende ontleding van die gedig 'Egipties', terwyl T.T. Cloete in sy beskouing in *Tydskrif vir Letterkunde,* XVII: 4, November 1979 op die 'koggelstyl en bifokale struktuur' en die 'merkwaardige manier van sien' konsentreer. Met sy voortdurende gevoel van wedywering met Van Wyk Louw het Opperman baie gehou van Cloete se waardering vir 'Grondstowwe by die siklus van seisoene' wat 'in die plek kom staan van Van Wyk Louw se "Vier gebede by jaargetye in die Boland"' en wat, in vergelyking met die 'liriese loflied op die dood' by Louw, 'n besinging is van 'die grondige aarde, met al sy sintuie beleef'. Uit Stuttgart, waar sy besig was om Filosofie te bestudeer, ontvang Opperman op 29 Oktober 1979 'n brief van sy laboriet Marlene van Niekerk wat by hierdie waardering vir die 'Grondstowwe'-siklus aansluit. 'Veral baie,' skryf sy, 'het ek gehou van die 4 gedigte vir die resepteboek. Dit voel my al u maak met N.P. wat Marx met Hegel gedoen het! Die seisoene met die maag en nie met die gees verbind nie.'

In die jare wat kom, sou 'n hele aantal kritici soos Lina Spies, D.J. Hugo en Henning Snyman verdere studies aan bepaalde gedigte uit of aspekte van *Komas uit 'n bamboesstok* wy, terwyl verdere besprekings van die bundel deur Johann Johl, Fanie Olivier, Hilda Grobler en Hein Viljoen volg. Nog voor die einde van 1979 verskyn twee omvangryker beskouinge: J.C. Kannemeyer se *Kroniek van klip en ster* waarin 'n uitvoerige bespreking van die bundel opge-

neem word en A.P. Grové se Blokboek waarin hy sekere aspekte van sy resensie verder uitwerk, op die agtergrond van talle gedigte wys en orals met fyn insigte en analises kom.

Ook die reaksie van die publiek was oorweldigend. Naas die 250 luukseeksemplare het die eerste druk bestaan uit 1982 eksemplare wat binne tien dae uitverkoop was. In Julie 1979 het die tweede druk, hierdie keer in klein formaat, gevolg wat tot Junie 1981 drie keer herdruk is met 'n gesamentlike oplaag van 8580 - die mees fenomenale afset wat 'n Afrikaanse digbundel al ooit in so 'n kort tydjie beleef het.

Maar ook van indiwiduele persone ontvang hy geskenke. Van die Stellenbosse Fynproewersgilde kry hy doekpoedings, van 'n dokter in die Vrystaat 'n blanko tjek vir 'n hele paar eksemplare van die bundel, 'n aanbod van iemand wat sy jaggeweer wil koop en reaksies en advies van dominees, dokters en dieetkundiges. Na aanleiding van die gedig ‘Nuwe klere’ waarin daar 'n verwysing na hom is, gee die Stellenbosse skoenmaker Lubbe vir Opperman 'n paar koedoeleerskoene en die brosjure *The story of the velskoen* deur sy vader, Willem P. Lubbe. Van onbekendes ontvang hy biltong, beskuit en briewe, ‘vreemde mense’, soos hy dit later in 'n onderhoud sou stel, ‘wat op dié manier wil dankie sê omdat hy kon doen waarvoor hul eie hande te dom was’. En van sy ‘beminde suster’ Liz ontvang hy op 29 September 1979 - sy verjaardag - 'n brief waarin sy persoonlik op *Komas uit 'n bamboesstok* reageer. Die gesig op die stofomslag laat haar aan 'n Namib-landskap dink, 'n ‘ruwe, vanalles-aards-ontdane landskap - geen uiterlike vertoon - weggebeitel tot die essensie, die basiese...'n Landskap gekerf deur tyd en storms en waar net die kern behoue gebly het. Dit vertel 'n verhaal van lyding - nie net liggaamlik nie, maar ook 'n geestelike stryd en foltering, maar uiteindelike oorwinning - van vasberadenheid, stoere boeremoed - van “ou vegters...wat deur die eeue veg” - en van 'n reis in 'n vreemde, ver land.’ En sy sluit af: ‘Ek dank God wat jou gespaar het om terug te kom en hierdie grootse werk voort te bring - eers in 'n digterlike ontplowwing, waaruit jy die verse gelig en geslyp het tot 'n worp vol lewe en helderheid en tot Sy verheerliking.’

In hierdie ekstatiese vreugde wat Opperman beleef en die medemenslikheid wat hy na die verskyning van *Komas uit 'n bamboesstok* openbaar, kom die enkele verskille van vroeër met ander mense ook tot 'n einde. Reeds tydens die *Komas*-ete is Piet Cillié só ingenome dat hy vir Opperman vra om die gedig oor hom netjies oor te skryf, al is die gelykstelling tussen hom en generaal Cronjé, wat tydens die Anglo-Boereoorlog met al sy manskappe moes oorgee, vir hom 'n ‘lae hou’! Van Hannes van der Merwe, met wie daar ná die noenmaal tydens sy sestigste verjaardag 'n krapperigheid ontstaan het, ontvang Opperman na aanleiding van ‘Tafelberg op die tafel’ 'n pragfoto van die Kaapse wolkekrabbers met 'n eie gedig daarby:

Opperman, Superman
Dirk der Duisende
Hier is (ter herinnering)
aan my vriend
Kaapstad se neuse
nasinale reuse
'n m-o-n-u-m-e-n-t vir die vent
Terwyl nog orent!

Van die medikus, prof. Andries Brink, wat verontwaardig kon gevoel het oor sekere reëls in die gedig ‘Tygerberg’, ontvang Opperman op 18 Junie 1979 'n afskrif van die mediese verslag wat indertyd in 1976 aan die huisdokter gestuur is. ‘'n Mens wonder,’ voeg hy by, ‘of daar in u vele reise nie ook 'n rol is vir die woord “dankie” nie. Dusver het dit ontbreek.’ In die mildheid wat Opperman nou ervaar, kom dan ook die versoening met hierdie ‘hoë priester van aparte pyn’, soos hy dit in ‘Geneeshere van Egipte’ stel. Op 20 Augustus 1979 stuur Opperman aan Brink 'n eksemplaar van *Komas uit 'n bamboesstok* met die volgende inskripsie:

Ná ons albei se spontane wegbêre van lansette
én die wedersydse kliniese selfondersoek,
gee ek nou uit dankbaarheid én etikette
volgens Vader Hippokrates, aan u my bamboesboek.

En ewe koelant reageer Brink deur die gebied van sy kollega te betree. Op 27 Augustus 1979 stuur hy saam met sy dogter Annalise, wat in dié jaar Honneursstudent by Opperman is, die volgende versie:

'n Boodskap met my klein koerier:
‘Ek het u bamboesboek ontvang.
Vir my en Tygerberg 'n groot plesier.
Ons gee dus terug indien u verlang.’

Met hoogagting en waardering,
Andries Brink.

IV

Saam met die vreugde tydens sy ‘herrysenis’ het Opperman heelwat eerbewyse ontvang, geleentheidstoesprake gehou en veel openliker as vroeër oor homself en sy werk gepraat. Sommige van sy vriende het gevoel dat daar nou 'n element van selfgesentreerdheid in hom aanwesig was, dat hy openlik homself

adverteer en selfs dat daar 'n persoonlikheidsverandering by hom gekom het. Iemand soos Fred le Roux het dit egter anders gesien. Na die donker jare van stilte en depressie was Opperman vir hom soos iemand wat uit pure uitbundigheid voor 'n gehoor gespeel het. Hy was in verrukking om almal by die feestelike verskyning van *Komas uit 'n bamboesstok* met 'n eksemplaar te sien vertrek en het behae daarin geskep dat hy deur die finansiële bewilliging van Nasionale Boekhandel met sy werk aan die Letterkundige Laboratorium kon voortgaan. ‘Ek tree nooit af nie,’ het hy by geleentheid trots gesê. Hy het in baie opsigte die grootmensskap afgelê en 'n nuwe kinderlikheid in sy lewe bereik.

Die gevolg van hierdie uitbundigheid en vreugdevolle genieting van die lewe was dat 1979 en 1980 jubeljare in Opperman se lewe was. Ná die verskyning van *Komas uit 'n bamboesstok,* waarin hy met soveel krag in sy woord terugkom, was hy eenvoudig nie te keer nie en het hy ook sy geesdrif op ander mense oorgedra. Vir die SAUK se boekeveiling op 14 Augustus 1979 vlieg hy Johannesburg toe en dra hy tot die bibliofiele uitgawe *Veertien verse* ‘Leipoldt sterf’ by, die laaste gedig (afgesien van enkele geleentheidsverse) wat hy tydens sy lewe publiseer:

> Dus: onder 'n swart (beduiwelde!) suidoos
> laveer die leste skip vannag
> na hierdie hospitaal in Tamboerskloof.
>
> Vergeefs het ek by Soekaradja
> Boeddha na geheime varings
> agter die waaiervarings uitgevra.
>
> Vergeefs gesoek by Hyde Park na wondermedisyne
> om agter rododendrons fyner rododendrons
> te gewaar, konyne agter die konyne!
>
> Niks by Clanwilliam in die Pakhuispas
> verwag - met Vader se viool kasgepak
> deur manne van Calvyn - as 'n handvol as!
>
> Van my eerste tot hierdie trombotiese gesnik
> was die grootste wonder elke oomblik klip,
> elke kriekie, ramkie, varing wat nóú daar vir my knik!
>
> Bog, Boetie, met betoë! Vaak is vaak,
> ek raak bedwelm, ruik reeds uit die kombuis
> tifone vol speserye vir gaar maak![16]

In dieselfde tyd maak Philip Terblanche 'n bronsbeeld en 'n skildery van hom. Die werk aan die skildery word op 'n televisiefilm vasgelê en by dié geleentheid

voer Pierre Marais 'n onderhoud met Opperman. Op 5 Oktober 1979 word 'n voordragprogram uit sy werk in die H.B. Thom-teater gehou waartydens Fred le Roux 'n briljante vertolking van ‘Dennebol’ gee en op versoek van die digter die slotmonoloog van *Periandros van Korinthe* voordra. Nog 'n bronsbeeld van hom word gemaak deur Wynand Mulder en in Opperman se aanwesigheid op 6 Desember 1979 in die Sasol-Biblioteek op Sasolburg onthul.

'n Besondere belewenis vir Opperman in die loop van 1979 is sy vyf en sestigste verjaardag op 29 September. Die verjaardagviering vind dié keer plaas in die Spier-Restaurant, weer met Piet Cillié as seremoniemeester. By dié geleentheid oorhandig Heini Jaekel aan Opperman 'n spesiale nommer van *Standpunte* (XXXII: 5, September 1979) wat oorwegend uit dokumentasiemateriaal in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek saamgestel is, terwyl John Kannemeyer aan hom 'n spesiale leergebonde eksemplaar van *Kroniek van klip en ster* skenk, 'n studie oor Opperman se werk wat vir die tweede band van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* bedoel was maar by dié spesiale geleentheid in 'n eenmalige uitgawe verskyn. As hoofdis van die aand oorhandig dr. David de Villiers van Sasol, wat die boek geborg het, 'n uitgawe van *Die galeie van Jorik,* 'n faksimilee en transkripsie van die ontwerp en geskrewe manuskrip van *Joernaal van Jorik,* met redaksionele aantekeninge en 'n inleiding deur John Kannemeyer. Hierdie boek is ontwerp deur Jürgen Fomm, 'n tipograaf wat reeds met *Kort reis na Carrara* vir een van die mooiste Opperman-uitgawes gesorg het en met dié publikasie 'n hoogtepunt bereik wat beplanning, uitleg en versorging betref. Die transkripsiegedeeltes is geset deur Slobodanska Vasiljkovich, 'n tour de force wat groot inspanning geverg het. Terwyl sy met die setwerk besig was, het mej. Vasiljkovich die tandarts besoek en het hy gemerk dat sy blykbaar die gewoonte aangeleer het om op haar tande te kners. ‘You must be under very heavy strain,’ was sy opmerking! In sy toespraak op die aand van die oorhandiging bedank Opperman die groot aantal persone wat 'n aandeel in die drie publikasies gehad het. Wat die setwerk betref, sê hy, kom ‘alle eer mej. Slobodanska Vasiljkovich toe’, 'n Joego-Slawiese naam wat hom assosiatief aan die kinderrympie ‘Sê danke, mooi klanke, sê Janka Malanka’ herinner. ‘Die verdere versorging,’ gaan hy voort, ‘het groter tipografiese probleme as *The Waste Land*[17] gestel wat haarfyne beplanning geverg het, soos mnr. Jürgen Fomm sal kan getuig. Hy het maande lank slapelose nagte gehad en die afgelope drie weke letterlik langs die teks gewaak. Mnr. Fomm, u het in Afrikaans nuwe hoogtes bereik.’

Hierdie besondere verering was egter net die begin van die bekronings van die daaropvolgende jaar of wat. Op 2 Februarie 1980 ontvang Opperman op Groot Constantia die ere-lidmaatskap van die KWV. In sy toespraak sê hy dat daar iets ironies in dié verering skuil wat hom te beurt val, omdat hy ná sy lang wynreis by die ‘fonteine van die woestyn’ uitgekom het en nou weet ‘hoe eufories helder water skop’, al dink hy met vreugde aan ‘vroeër togte’ terug.

Sowel in die Oosterse as die Westerse literatuur is die fynste uitbeelding van die wyn ‘waar dit as verwysingsveld of basis vir die gelykenis, die vergelyking of die metafoor dien’ en hoofsaaklik aangewend word ‘om geestelike state van vervoering uit te beeld en om die vrou te verheerlik’. By die Persiese skrywers van ouds vind 'n mens reeds die wynkultus, terwyl van die vroegste en mooiste lofliedere op die vrou in *Hooglied* voorkom ‘waar haar prieel met trosse druiwe vergelyk word’, iets waarby Opperman in sy ‘Mohammed aan Ajesja’ aansluit. In die Westerse letterkunde met sy Dionusiese drif kry ons veral die aanprysing van die wyn self en die uitwerking daarvan op die mens, 'n rigting wat ook in die Afrikaanse literatuur voorkom. Opperman wys op voorbeelde in Leipoldt se ‘Vrede-aand’, Van Wyk Louw se *Germanicus* en sy eie wyngedigte waarin hy die Dionusiese drif, ‘sonder enige verdoeseling of opsmuk, probeer gee waar hy hom opbou of uitwoed by die enkeling en meermale by die skeppende kunstenaar’. En hy sluit af met 'n kwatryn waarin hy 'n bede rig dat die nuwe oes geseën mag wees:

Gode Loff

In ons stryd teen molduine en hakeabosse,
teen donsige skimmel en ander wingerdvosse,
seën, Heer, ook vanjaar se oes en breek
borrelend uit in hierdie eerste suidelike trosse.

Dat *Komas uit 'n bamboesstok* met al die belangrike literêre pryse van 1980 sou wegloop, was die algemene verwagting onder letterkundiges. Op 28 Maart 1980 ontvang Opperman die Louis Luyt-prys tydens 'n geselligheid in die Hotel Boulevard in Pretoria. Dr. G.F. Garbers praat namens die RGN, wat die funksie gereël het, terwyl Merwe Scholtz die motivering vir die toekenning lewer. In sy geestige bedankingstoespraak wys Opperman op die verwantskap tussen Louis Luyt en Marco Polo, tussen Louis Luyt en homself en hoe hy reeds vóór sy ontmoeting met Luyt geskryf het oor die groot ‘tycoon’ Periandros ‘wat in sy volkshuishouding 'n ewewig vir die handel, die kuns en die geesteslewe nagestreef het’. Dit is wat hy in Luyt waardeer en daarvoor bedank hy hom. Op 17 April 1980 ontvang hy in Johannesburg die CNA-toekenning en praat hy by dié geleentheid oor die besoek van ‘the man from Porlock’ wat Coleridge verhinder het om sy ‘Kubla Khan’ te voltooi, 'n soort situasie wat ook die Afrikaanse skrywer bedreig, soos reeds blyk uit die negentiendeeeuse ‘Moeilikheid om liedjies te maak op 'n boereplaas’.[18]

Op 25 Junie 1980 word *Komas uit 'n bamboesstok* in Bloemfontein tydens die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon met die Hertzogprys, die vierde keer dat Opperman met dié prys vereer word en die tweede keer dat hy dit vir poësie ontvang. In sy huldigingswoord, wat deur Merwe Scholtz voorgelees word, wys T.T. Cloete op die

stilistiese vernuwing wat met dié bundel in Opperman se werk kom en sy oeuvre na 'n hoogtepunt voer. ‘As 'n lesersgemeenskap so ver gevoer word,’ sê hy, ‘dat hy 'n stuk literêre fynproewerswerk as 'n volksboek beleef, dan het daar iets baie seldsaams gebeur, iets waarvoor die literatuur nie dankbaar genoeg kan wees nie.’ In sy antwoord wys Opperman - wat in hierdie stadium al so 'n aansien in die literêre wêreld gehad het dat hy feitlik met almal en alles die draak kon steek - op die bedenklike geskiedenis van die Hertzogprys en die betwisbare bekronings van die verlede. Dit laat hom dink aan 'n vriendin wat onderwyseres was by 'n verbeteringskool in Tokai. Op 'n keer het sy ‘hierdie stoute seuns’ 'n toneelstuk van Shakespeare laat opvoer en die spel van die seuns het by die publiek groot byval gevind. Tydens die pouse sê een van die seuns vir haar: ‘We're not doing too badly for a bunch of criminals, are we?’ Ten spyte van die polemieke en twiste was die Akademie in die verlede ‘meestal binne die kol’ met sy bekronings. Daar word, so sluit hy af, ‘so heftig oor die Hertzogprys gevoel omdat dit so 'n groot aansien geniet en omdat dit by ons die langste tradisie van 'n strewe na ernstige oordeelvelling is.’ En op Donderdag, 4 September 1980 ontvang Opperman die W.A. Hofmeyr-prys by 'n geselligheid in die Here XVII waartydens die Recht Malan-prys aan Andries Brink en sy medewerkers aan die *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme* oorhandig word. Dit was terselfdertyd die eerste keer dat die bekroondes naas bepaalde bedrae ook met ‘medaljes’ vereer is, iets wat Opperman die geleentheid gegee het om lekker te spot met Piet Cillié se medaljes wat kwansuis gesmelt moes word om die nuwes van te laat maak!

Naas die bekronings van *Komas uit 'n bamboesstok* val ook 'n ander besondere eer Opperman in die loop van 1980 te beurt. Op 27 Junie ontvang hy die D. Litt. honoris causa van die Universiteit van Kaapstad, die universiteit waaraan hy elf jaar as dosent verbonde was en waar hy ook die doktorsgraad in 1953 met *Digters van Dertig* behaal het. In sy rede verwys die ‘University Orator’, prof. John Juritz, na Opperman se luisterryke loopbaan en die geskiedenis van Marco Polo wat hy in sy jongste bundel verwerk en wie se lewe 'n merkwaardige parallel met dié van sy eie vorm. Hy sluit af:

> In addition to his own creative work, Opperman has played the leading role in producing a valuable series of anthologies of Afrikaans poetry suitable for all levels of school and university. As a literary critic, his sharp insight has been of permanent value. He has ever encouraged his students, by the inspiration and supervision of theses, and by the founding of a ‘literary laboratory’ at Stellenbosch. He has played an important part in building up the Jagger Library's fine collection of medieval Dutch texts and modern Dutch poetry, and was also instrumental in securing for the Jagger Library the H.A. Mulder papers.
> On the title page of his *Komas uit 'n bamboesstok*, Opperman facetiously parades the degree of D. Litt (honoris causa, posthumous). It is a pleasure to be able to award this degree, not posthumously, but pre-humously. Of course, it is also

> true that Dirk Opperman has already received the D. Litt. degree of the University of Cape Town. But on that occasion, it was not honoris causa - which is not to say that it was *dis*honoris causa. By conferring this degree, we shall at least confirm that no mistake was made upon the former occasion.[19]

Maar in hierdie tyd dra Opperman ook by tot die verering van ander digters, iets waaruit sy spontane waardering vir ander se werk en sy groot menslikheid duidelik blyk. Op 9 Februarie 1980 lewer hy 'n rede in die Birkenhead Hotel in Hermanus by 'n viering van Uys Krige se sewentigste verjaardag. Hierin praat hy in hoofsaak geestig oor die politiek en die godsdiens in Krige se werk. ‘Wat die gebruik van die gewone woord, gewone onderwerpe en voorwerpe betref,’ sê hy, ‘staan ek diep in die skuld by Uys Krige. Ek dink hier bv. aan my gedig “Ballade van die grysland”.’[20] Vir I.D. du Plessis se tagtigste verjaardag op 25 Junie 1980 skryf hy ‘Proklamasie’, ‘in gedupliseerde kwatryn’:

> Oerdododron uit die Karoo wat ‘kelkiewyn’
> oor Leipoldt, Ta'Miem en kwelspoke by Rietfontein;
> oor Springbokke, Olimpiades en vampiere,
> wat sing verby skermutseling en skote, die venyn
>
> van Dertigers en Veertigers en oorle Kees Konyn,
> word summier deur Laurikas van die luisterliere,
> deur Maleiers, Arnold en Hubert se klaviere
> as kroonwild van die volk afgeharp in kwarantyn.

Op 12 Desember 1980 besoek hy Breyten Breytenbach in die Pollsmoorgevangenis en voer hy 'n lang gesprek met hom oor sy aanhouding, die pogings wat aangewend word om die uitdiening van sy vonnis te verkort en die tydgenootlike literêre situasie in Afrikaans.[21] Op 20 Maart 1981 woon hy in Johannesburg Ernst van Heerden se vyf en sestigste verjaardag by. Tydens dié geleentheid besoek hy sy ou vriend die eerste keer sedert Van Heerden se eie ernstige siekte. In die studeerkamer kyk hy geïnteresseerd die versameling boeke deur en ‘bedel’ hy E.E. Cummings se *Collected poems* en Breytenbach se *And death white as words* as geskenke af! En op 19 Junie 1981 is hy aanwesig in die Libertassentrum buite Stellenbosch by die viering van Eitemal se tagtigste verjaardag en die verskyning van *Reinaard, die jakkals*, die laaste openbare funksie wat hy bywoon en waartydens 'n foto van hom saam met sy oud-kollega geneem word.[22]

Veel meer as vroeër onderneem Opperman in die periode van sy herstel reise na verskillende stede en geleenthede. In 'n onderhoud met Kerneels Breytenbach, wat op 29 September 1979 in *Die Burger* verskyn, stel hy 'n reis na Suid-Amerika - die nuwe wêreld wat reeds in sy *Joernaal van Jorik* ter sprake kom en waaroor hy meer wou weet - in die vooruitsig, terwyl hy ook met die gedagte gespeel het om saam met Koos Human na New York te gaan. Van hierdie reise het egter niks tereg gekom nie. Afgesien van die besoeke aan Bloemfontein,

Pretoria en Johannesburg om bekronings te ontvang of spesiale geleenthede by te woon, reis hy in hierdie jare ook na Suidwes-Afrika en Durban. Van 19 tot 27 Oktober 1979 besoek hy as gas die Windhoekse Onderwyskollege waar hy lesings en illustrasies van sy Letterkundige Laboratorium gee, onderhoude aan die pers en radio toestaan, 'n onthaal ter ere van hom in die Thüringer Hof bywoon en by sy suster Liz en swaer Jannie Theron tuisgaan. En in Augustus 1980 vlieg hy en Marié saam met Danie van Niekerk na Durban waar hulle by die Hotel Blue Waters tuisgaan en hy sy broer Chris weer na baie jare sien en lekker met hom oor die ou dae in Natal gesels.

Tydens die paar dae in Durban wou Opperman graag weer 'n besoek bring aan Philip Nel, Natalse Direkteur van Onderwys en sy ou vriend van skool- en universiteitsdae af. Die tyd was egter te kort om ook na Pietermaritzburg te gaan waar Nel woonagtig was. Daarom bel hy op 7 Augustus om te hoor of Nel nie kan oorry Durban toe nie. Toevallig moes Nel die volgende dag 'n modereervergadering van die eksamenkomitee in 'n gebou naby die Blue Waters bywoon en het hy met Opperman afgespreek dat hy die middag saam met hom en Marié sou eet. Ná die ete sit hulle en gesels en vra Nel hom om saam te gaan na die vergadering waar daar, afgesien van 'n paar jong mense, van Opperman se ou vriende aanwesig sou wees, onder andere Jan Stander, hoof van die Voortrekkerskool in Pietermaritzburg in die veertigerjare. Opperman willig in, op voorwaarde dat hy nie 'n toespraak hoef te hou nie.

Ná afhandeling van die kort agenda stel Nel Opperman aan die aanwesiges bekend en heet hy hom welkom. Terwyl hulle almal saam om die tafel sit, het Opperman spontaan begin praat. Hy het begin deur te sê dat hy self as jong man in die stryd van die Natalse Afrikaner gestaan en daaraan deelgeneem het. Hy kon hom nog te alle tye volkome daarmee vereenselwig, omdat dit gegaan het oor die taal en oortuigings wat vir die Afrikaner waardevol is. As hy nóú daaraan dink dat hy in 1945 hier weggetrek het, dan voel hy soos 'n droster, 'n mens wat hulle in die steek gelaat het. Want hier, het hy voortgegaan, is sy ou maats nog altyd besig met dieselfde sake en probleme van destyds. Nel het hom onderbreek: ‘Nee, jy het op jou gebied 'n baie groot bydrae gelewer vir ons taal.’ Opperman het voortgegaan en gesê hy het in 1945 gevoel dat die oorlogsbeklemmende situasie en die anti-Afrikaanse gesindheid in Natal hom as mens en kunstenaar gewurg het en dat hy wou wegkom om perspektief te kry. Daarom is hy na Johannesburg en later na die Boland waar hy hom kon blootstel aan die invloed en inwerking van 'n Afrikaanse gemeenskap. Ná *Heilige beeste* het hy geweet dat hy meer dinge wou sê wat eers in hom moes ryp word. Daarvoor was die Boland as die bakermat van ons taal vir hom die ideale omgewing. As sy ou vriende vandag nou so vriendelik wil wees om teenoor hom te sê dat sy bydrae óók as waardevol erken word terwyl hy tog nie in die onmiddellike stryd was soos hulle nie, dan, so het hy afgesluit, ‘het ons tog op die lang pad mekaar aanvullend in die stryd gedien’.

Opperman het hierdie woorde in diepe erns gesê. Dit was ook 'n oomblik van werklike ontroering vir alle aanwesiges, want daar het 'n volslae stilte op sy boodskap gevolg. Dit was vir hulle of hy in daardie minute homself vrye teuels gegee het om met sy eie mense in 'n intieme kringetjie te praat. Toe het hy gesê: 'Nou goed' en opgestaan.

Na afloop van die vergadering het Nel 'n bietjie met die Oppermans in Durban rondgery en sy ou vriend se lughartigheid en vrolikheid het hom besonder opgeval. Vir 'n Zoeloevrou het hy in haar taal gesê: 'Loop mooi; sê groete by die huis,' iets wat haar laat omkyk het. In 'n geskenkeksemplaar van *Komas uit 'n bamboesstok* het Opperman vir Nel 'n inskripsie geskryf 'as herinnering aan ons heerlike jeug saam op Vryheid'. By die afskeid het hy vir Nel gesê dat dit met al die pryse en die spesiale doseerpos uitstekend met hom gaan. 'n Vriend het 'n paar dae tevore vir hom gesê: 'Man, vandat dit nou so goed gaan met jou, kan ek nie meer botter eet nie.' Op Opperman se vraag: 'Hoekom nie?' was die antwoord: 'Want jy het met jou gat daarin geval!'[23]

V

Die vreugde van die herstel en die uitgelate uitbundigheid het egter ook 'n skadukant gehad, want nie alles het vir Opperman so vlot verloop en ewe suksesvol geëindig nie.

In die besonder was daar sekere verwikkelinge in die Departement wat hom ontstel en 'n lang nawerking by hom gehad het. Aanvanklik, na sy terugkeer in 1977, het dit goed gegaan. Na die lewersiekte het hy opnuut 'n geesdrif vir sy doseerwerk gehad en uitstekend met studente en kollegas oor die weg gekom. 'Ek het die werk gekry wat my die beste pas,' het hy by geleentheid gesê. Aan die einde van 1977 is hy tot voorsitter van die Departement benoem in die plek van Meyer de Villiers wat die pos sedert Kempen se aftrede aan die einde van 1974 beklee het. Dié werk het hy 'n jaar lank nougeset behartig, al was hy vroeër nooit veel geïnteresseerd in die administrasie nie.

Een van die eerste sake waaraan hy aan die begin van 1978 moes aandag gee, was die professoraat van W.E.G. Louw wat aan die einde van die jaar vakant sou word. Volgens die nuwe vaste gebruik van die Universiteit van Stellenbosch kon die pos nie, soos vroeër, aan iemand aangebied word nie, maar moes daar eers 'n advertensie in verskillende koerante verskyn. Van die kandidate, so het Opperman gemeen, het Andre P. Brink as skeppende kunstenaar en akademikus die sterkste gestaan. In 'n gesprek met die rektor, prof. Jannie de Villiers, het Opperman die standpunt ingeneem dat Brink aangestel behoort te word, iets wat, weens 'n persoonlike en literêre afkeer, groot ontsteltenis by W.E.G. Louw veroorsaak het. Op die hoogste bestuursvlak van die Universi-

teit is trouens gevoel dat Brink se benoeming weens sy politieke uitlatinge in die verlede volkome onaanvaarbaar vir Stellenbosch sou wees. Jannie de Villiers het dit aan Opperman oorgedra, wat die rektor daarop meegedeel het dat sy keuse in daardie geval op John Kannemeyer sou val.

By 'n byeenkoms van die aanstellingskomitee het die rektor egter aan die hand gedoen dat Merwe Scholtz uitgenooi moes word om die betrekking te aanvaar. Hoewel Opperman bedenkinge gehad het oor Scholtz se metodes as letterkundige en by herhaling in die verlede met hom geskerts het oor sy aandeel in die publikasiebeheer, het hy 'n eerbied gehad vir Scholtz se intelligensie en rats insigte. Saam met die dekaan, prof. Andries Nel, het hy oorgery na die Universiteit van Kaapstad om die pos persoonlik vir Scholtz aan te bied. Scholtz het dit na 'n paar dae se bedenktyd aanvaar.

Met die koms van Scholtz aan die begin van 1979 het Opperman aanvanklik moeite gedoen om met sy nuwe kollega oor sake te gesels, maar hy was teleurgesteld dat sy gereelde besoeke aan Scholtz se kantoor nie beantwoord is met besoeke aan hom nie. Aangesien hy self in 1979 sou aftree, gee hy op 22 Januarie 1979 aan die rektor kennis dat hy aan die einde van die jaar sy pos sal ontruim.[24] As uittredende professor kon Opperman geen aandeel hê in die keuse van sy opvolger nie, maar hy het geredelik verwag dat Scholtz die saak met hom sou bespreek. Tot sy verbasing en later woede het Scholtz egter die swye bewaar. Uit 'n ander bron moes Opperman verneem dat die professoraat afgeskaf is en dat slegs 'n senior lektor benoem sou word. Hy was ontsteld hieroor, omdat die taalkunde-professore nou 'n oorwig in die Departement gehad het en Scholtz buitendien met sy taalkundige belangstelling en simpatieë in die verlede vir hom nie 'n volbloed literator was nie.

Ten spyte van die teleurstelling en die gespanne verhoudinge wat in die Departement as gevolg van Scholtz se optrede en afsydigheid ontstaan het, was Opperman bereid om ook ná sy aftrede in 1979 met sy werk aan die Letterkundige Laboratorium voort te gaan. Hy het egter toenemend uitgeskuif gevoel en agtergekom dat die ander drie professore - naas Scholtz, Johan Combrink en F.A. Ponelis wat Kempen en Meyer de Villiers onderskeidelik opgevolg het - samesprekings sonder hom voer. Daarby was hy bekommerd oor die wyse waarop Scholtz optree teenoor ander lede van die Departement, van wie 'n hele paar as oud-studente besonder ná aan hom was. By meer as een geleentheid het Scholtz aan nagraadse studente gesê: ‘Onthou, die era van Opperman en Kannemeyer in die Departement is verby’, 'n uitspraak wat Opperman se ore bereik en sy woede ontketen het, alhoewel hy aanvanklik niks aan die saak gedoen het nie.

In Augustus 1980 het iets egter gebeur wat sy lewe dramaties sou beïnvloed. Marié is opgeneem in die Tygerberg-Hospitaal, 'n operasie is gedoen en 'n gedeelte van haar skildklier verwyder, iets waarvan sy toe reeds geruime tyd las gehad het. Aanvanklik was die uitslag van die operasie gerusstellend, maar

dieselfde middag kom die internis by haar met die mededeling dat die analise tog kwaadaardigheid aangedui het en dat hy die volgende dag weer sou moes opereer.

Op 22 Augustus 1980 is die tweede operasie gedoen. Opperman sou die middag saam met Meyer en Suna de Villiers by Dirk Hertzog eet. Voor die ete bel hy vir De Villiers en sê: ‘Man, ek is laat, ek kan nie my skoene vasmaak nie; my hand is so snaaks.’ De Villiers is oor om hom te help en saam het hulle oorgeloop na Hertzog se huis. Ná die ete het Opperman by herhaling na die hospitaal gebel om te hoor hoe dit met Marié gaan. Hy was ontsteld om te verneem dat sy reeds geruime tyd uit die teater is maar nog nie bygekom het nie. Toe hy die volgende oggend eers met haar kon praat, het hy gekla van 'n seer arm en been. Marié het onmiddellik 'n ligte beroerte vermoed, die huisarts gebel en binne 'n ommesientjie het Meyer de Villiers hom in die Tygerberg-Hospitaal besorg. Dáár het die geneeshere vasgestel dat hy wel 'n beroerte gehad het, al was dit nie 'n ernstige aanval nie en het die arm en been na 'n dag of wat weer normaal gefunksioneer.

Opperman het die ligte beroerte egter wel in 'n ernstige lig beskou. Terwyl hy vroeër onstuitbaar en bruisend was en op Gawie Nienaber se agt en sewentigste verjaardag nog kon sê dat hý op daardie ouderdom op sy beste sou wees, het hy nou 'n mate van depressiwiteit beleef. Terug van die hospitaal het hy onmiddellik ernstig aandag gegee aan sy testament en allerlei reëlings in verband met sy finansiële sake getref. ‘'n Groter waarskuwing kan 'n mens nie kry nie,’ het hy aan Fred le Roux gesê. Hy was bewus daarvan dat hy geleende tyd beleef en wou graag nog heelwat skeppende werk afhandel.

Daarom bel hy Koos Human en Danie van Niekerk en sê hy vir hulle dat hy in die toekoms nie meer bereid sal wees om hulle oor alle manuskripte te adviseer nie; slegs in besondere werke en grensgevalle sal hy nog graag insae wil hê. Omdat die situasie in die Departement vir hom al hoe onaangenamer geword het, dien hy ook sy bedanking in as buitengewone dosent vir die Letterkundige Laboratorium. Aangesien hy met die instelling van die digkunde-klasse vir die skeppende studente op die gebied van die literatuur 'n unieke geleentheid gebied het, spreek hy in 'n onderhoud oor die radio die hoop uit dat die Universiteit dit nie sal laat vaar nie maar dat die werk sal voortgaan.

Alhoewel Lina Spies as digteres in die Departement uitmuntend geskik was om die digkunde-klasse oor te neem en dit reeds tydens Opperman se siekte in 1976 behartig het, was dit Scholtz se aanvanklike plan om die Letterkundige Laboratorium af te skaf. Ná afloop van 'n afskeidsdinee op 28 November 1980 in die Volkskombuis het Johan Combrink as departementele voorsitter Opperman bedank vir die jare voortreflike diens en gemeen dat die aand se verrigtinge daarmee afgelope was. Opperman het egter opgestaan en in sy kort toespraak 'n ernstige beroep gedoen dat die Departement nie die werk in belang van skeppende talent moet laat vaar nie. Scholtz het dit tereg as 'n bedekte

skimp op homself geïnterpreteer en hom verplig gevoel om op te staan en te sê dat hy en sy kollegas - waarmee hy die twee taalkunde-professore bedoel het - nog besig was om die saak te ondersoek.[25] Skynbaar in vrede is die lede van die Departement die aand uiteen, al was die gespanne verhoudinge vir almal duidelik merkbaar.

VI

Met die finale beëindiging van sy doseerverpligtinge en die verminderde werk aan die beoordeling van manuskripte het Opperman hom met oorgawe gewy aan sy skeppende en redaksionele werk. Binne 'n betreklike kort tydjie het hy aanvullende keuses vir die voorgeskrewe bloemlesings gemaak en met 'n geweldige werkywer die hele gebied van die Afrikaanse kinderpoësie deurgewerk met die oog op nuwe uitgawes van die *Kleuter*- en *Klein verseboek*. Aan Chris Barnard en Katinka Heyns het hy heelwat hulp verleen met 'n televisiefilm oor sy lewe. Saam met hulle is hy na Franskraal waar baie opnames gemaak is en tuis in sy studeerkamer het hy inligting verstrek en van sy verse voorgelees.

Dit was egter sy skeppende werk wat hom veral besig gehou het. In 'n nuwe bundel, *Sonklong oor Afrika*, wou hy as 't ware die hele Afrika in sy skrywershand hê en die essensie van die vasteland in sy verskeidenheid mense, diere en plante en uiteenlopendheid van geologiese en geografiese samestelling vasvat. Aan die einde van 1980 was hy reeds aan die skryf, maar hy wou graag 'n Afrika-land besoek om regstreekse inligting te bekom. Soos destyds met die Europese reis van einde 1956 het Anton Rupert aangebied om besoeke aan verskillende Afrika-lande vir hom te reël en te finansier, maar Opperman was bang hy word dalk gegryp en in 'n tronk gegooi!

Juis in hierdie tyd was sy ou argiteksvriend Hannes van der Merwe besig met 'n projek in Lilongwe, die nuwe hoofstad van Malawi, en moes hy sesweekliks daar besoek gaan aflê om te kyk hoe die werk vorder. Op 'n Vrydagaand om halftwaalf was hy pas tuis van 'n laataandvlug van Malawi toe Opperman bel met die versoek of hy en Marié die Sondag by hulle in Bloubergstrand kan kom eet. Tydens die middagmaal vertel Opperman dat hy die Louis Luyt-toekenning gekry het en dat die reisgeld daaraan verbonde hom in staat stel om êrens heen te gaan. Van alle plekke wil hy die graagste 'n Afrika-land besoek en hy sal verkies om saam met Van der Merwe so 'n reis na Malawi te onderneem. Vaagweg het Van der Merwe vermoed dat Opperman iets in sy broeikas het en dat 'n besoek aan 'n Afrika-land noodsaaklik vir die finale vormgewing was. Hulle het ooreengekom dat die reis in Maart en April 1981 sou plaasvind. Van der Merwe sou dan vir sy gebruiklike inspeksiebesoek 'n paar weke afknyp: een week sou hulle saam rondreis, een week sou Opperman alleen op die meerboot *Ilala* tot by Tanzanië se grens vaar terwyl Van der Merwe werk, en as afsluiting

sou hulle dan weer 'n week lank saamreis deur ‘die warm hart van Afrika’. 'n Week of wat later het hulle op Franskraal die reis en datums gefinaliseer.

Om by die meerboot se tye aan te pas, moes Opperman en Van der Merwe die besoek 'n maand lank uitstel. Op Maandag, 27 April 1981, kom hulle egter op Blantyre se lughawe aan en moes Opperman gewoond raak aan die stadige afhandeling van roetinesake, die ‘horlosielose Afrika’ soos hy dit later aan Lina Spies sou beskryf. Die gehuurde motor wat vir hulle op die lughawe beskikbaar moes gewees het, is byvoorbeeld eers die volgende oggend afgelewer en Opperman het hom telkens in 'n vriendelike gesig met wit tande vol onbegrip vasgeloop as hy te vinnig in winkels praat en verwag dat sy aanhoorder se verstand net soos syne moes reageer.[26]

Met die gehuurde motor het hulle na die aanvanklike kennismaking met Blantyre deur die broeiende landskap van die tropiese Malawi gereis na die vroeëre hoofstad Zomba waar hulle die Universiteit besoek en Opperman in die biblioteek gretig na Malawiese digbundels gesnuffel het. Hy was ongeduldig om te sien en te ervaar en dit was vir Van der Merwe duidelik dat hy presies geweet het waarna hy soek. In boekwinkels het hy byvoorbeeld knaend gevra vir Jared Angira se *Silent voices*. Sy vermoede was dit is te rewolusionêr en daarom verbied, totdat 'n amptenaar in Kasungu hom kon sê dat dit net as gevolg van die groot aanvraag onder studente tydelik uit voorraad was. In geskenkwinkels het Opperman in die pragtig gekerfde Afrika-beeldjies 'n simboliek waargeneem wat hom snags min laat slaap het en Van der Merwe het geweet daar is dinge wat in hom woel. Hoe meer hy gelees en ervaar het, hoe meer begeesterd en gestimuleerd het hy geraak. Reeds vroeg tydens die besoek het Opperman vir Van der Merwe 'n swart aantekeningboekie gewys met notas wat hy die vorige nag gemaak het - 'n halwe boek vol ‘episodes’, het hy dit genoem. Van der Merwe was dus bewus daarvan dat sy vriend met iets groots aan die gang was, maar het geweet dat hy niks verder uit hom sou kry nie.

Na 'n week se rondry moes hulle verneem dat die bootreis op Meer Malawi gekanselleer is omdat die boot nog steeds nie reiswaardig was nie. Hulle het besluit om saam na Lilongwe te gaan waar Opperman in die Capitol Hotel sou bly en verder skryf, terwyl Van der Merwe sy inspeksiewerk afhandel. Agterna gesien was die kansellering 'n bedekte seën, want Van der Merwe kon aan Opperman se koorsagtige gejaag, die geroggel van sy asemhaling en die gang van sy bewegings sien dat hy met 'n man te make het wat kwalik alleen die bootreis sou kon aanpak.

Die waarneming van die Afrika-mense was vir Opperman 'n vreugdevolle ervaring. In die moderne hotel in Lilongwe was die geriewe na sy smaak en het hy sy kamer in 'n studeervertrek omskep, met boeke en papier mooi byderhand. Baie gou was ‘the old Professor’ 'n geliefde karakter by die groot personeel: by die ontvangsassistente waar hy elke dag na pos gaan verneem het en by die kamerpersoneel wat Appletizers en tee vir hom moes aandra. Van sy pa-

piere en boeke moes hulle egter wegbly. Op 'n middag kon Van der Merwe hoor hoe hy in 'n ernstige gesprek met die lang kamerbediende gewikkel was: ‘Remember, no more tip if you remove or sweep up any of the rubbish papers in my room, you understand, no more tip!’

Dit was vir Van der Merwe opvallend dat Opperman slegs geïnteresseerd was in waarneming en interpretasie en nie daarin belanggestel het om persoonlik of intellektueel met die mense te verkeer nie. Op 'n aand was hulle die gaste van 'n Suid-Afrikaanse amptenaar wat ook 'n Malawiese egpaar vir ete oorgenooi het, maar die gesprek wou nie vlot nie. Opperman wou alles van 'n afstand beskou en dan sy waarnemings met leeswerk aanvul. 'n Boek wat hy gekoop en met aandag gelees het, was Oliver Ransford se *David Livingstone: The dark interior*. Menige kere het hy tydens gesprekke iets in sy notaboekie aangeteken. In die aand wou hy graag na die groot eetkamer gaan waar hulle 'n plek langs die orkes kon kry en waar hy na die oerritmes op die tamboere kon luister.

Tydens die laaste deel van die verblyf het Opperman van die beeldjies uit hout en klip en kleurvolle rokmateriaal gekoop. Aan die einde was hulle 'n paar dae lank in die wildtuin Lifupa aan 'n meer naby Kasungu. Op die stoepie van Opperman se rondawel was daar altyd tee of koffie as Van der Merwe aankom, en snags het hy 'n paar kerse gehad vir die tyd wanneer die kragopwekker tot ruste kom. Hy het steeds baie aantekeninge gemaak. Op 'n oggend, asof verlig, het hy gesê: ‘Nou het ek die hele sleutelsin waarna ek so lank al soek.’

Op die Lughawe Jan Smuts, waar hulle moes wag vir 'n aansluiting na Kaapstad, het Ernst Lindenberg, John Kannemeyer en Marcus de Jong vir Opperman en Van der Merwe met hulle terugkeer op Donderdag, 14 Mei 1981, ingewag. Opperman was opgewonde en het in 'n uur se tyd land en sand gesels. Op die Lughawe D.F. Malan was Marié en Diederi om halfvyf die middag by om hulle terug te verwelkom.

Dat die hele ervaring in Malawi Opperman begeester het om ook ná sy reis verder voort te werk aan sy wordende nuwe bundel, was duidelik vir almal wat ná sy terugkeer met hom gesels het. Midde-Afrika het hom geboei soos weinig ander geografiese ervarings van vroeër. In 'n brief van 28 April 1981 uit Malawi skryf hy aan Lina Spies oor die ‘felste rooi poinsettia’ wat hy in ‘hierdie onwesenlike landskap’ gesien het en wat ‘die maanblomme en goue kelke vulgêr laat voorkom’. En soos die poinsettias assosiatief die subtropiese landskap van sy Natalse jeugwêreld by hom moet opgeroep het, wek die wisseling van ‘mis en sonlig’ ook 'n verband met sy vroeëre leeswerk, want die verskeidenheid van ‘afgeslotenheid en vergesig, warmte en koue’ in die landskap is vir hom ‘soos 'n magtige Hadewijch’, 'n opmerking waaruit 'n mens kan aflei dat Opperman se beeldingsvermoë, verrassende verbande en flitsende insigte kragtig aan die werk was. Hy het 'n nuwe kreatiewe fase met vreugde ervaar.

VII

Te midde van sy werk aan *Sonklong oor Afrika* was Opperman, naas sy redaksionele werk aan die bloemlesings, egter ook in minder aangename persoonlike botsings betrokke. Op Franskraal het hy 'n uitval gehad met sy broer Koos oor politieke verskille en voorvalle wat lank tevore in hulle jeug gebeur het. Op Stellenbosch was die gebeurtenisse by die Universiteit vir hom 'n skuddende ervaring. Vroeg in 1981 het hy 'n lang gesprek gehad met Merwe Scholtz. Hy het op aspekte van Scholtz se optrede in die Departement gewys wat na sy mening verkeerd was, pertinente gevalle genoem waar Scholtz volgens hom hulle vriendskap in die onlangse verlede ondergrawe het en aan die einde het hy hulle persoonlike verhouding beëindig. As die Afrikaanse Skrywersgilde by monde van Abraham H. de Vries en Leon Rousseau om beter vergoeding vir opgenome stukke in bloemlesings beding en Opperman se verseboeke daardeur in die gedrang kom, ontlok dit woede-aanvalle by hom. Oor die telefoon het hy vir De Vries daarop gewys dat hy die eerste persoon in die Afrikaanse literêre wêreld was wat hoegenaamd op tantièmes vir bloemlesingstukke aangedring het en dat dit nou vir hom 'n onaangename ondervinding is om deur die Gilde juis hieroor aangespreek te word. Toe Leon Rousseau die aangebode vergoeding vir sekere van sy kinderverse vir opname in *Kleuterverseboek* weier en as 'n daad van vriendskap die gedigte gratis aanbied, was Opperman erg ontstoke. ‘Hy kan dit in sy gat steek,’ was sy woorde aan Koos Human. Ook met Lina Spies het hy gebots oor godsdienstige aangeleenthede, haar liefde vir katte en wat hy as 'n slap feministiese houding by haar beskou het.

Daar was dus 'n sekere opgejaagdheid by Opperman aanwesig wat die intensiteit van die persoonlike botsinge kon vererger het en, retrospektief gesien, op 'n naderende katastrofe kon dui. Tog het hy ook ná sy terugkeer uit Malawi voortgewerk aan die bundel, ten spyte van 'n griepaanval wat hom 'n paar dae lank ongemaklik laat voel het. In hierdie tyd skryf hy ook 'n artikel vir die huldigingsbundel *'n Natsteen vir Koos Human* wat later die jaar by geleentheid van sy uitgewersvriend se vyftigste verjaardag sou verskyn, die laaste gepubliseerde stuk wat hy self versorg het.

So het Maandagoggend, 22 Junie 1981, aangebreek. Toe sy die oggend wakker word, het Marié vir haar man ontbyt gemaak. Terwyl hulle eet, lees hy vir haar twee gedigte voor wat in die nag ontstaan het. ‘Daar is geen einde aan hierdie nuwe bundel nie. Alles borrel uit,’ was sy woorde. ‘Ek gaan net gou om die blok stap. As ek terugkom, gaan ek begin om *Sonklong oor Afrika* mooi te rubriseer en oor 'n week begin jy en ek weer saam daaraan lees.’

Daar sou egter geen voortsetting van die werk wees nie.

Eindnoten:

1 Ná die skenking is die indeksering en sistematisering van die Opperman-dokumente behartig deur Doreen du Plessis, vrou van Flooi du Plessis, die Universiteitsbibliotekaris. Die katalogus is in 1982 voltooi, maar die dokumente was reeds kort na die oorhandiging toeganklik vir navorsers en nagraadse studente. Die Opperman-materiaal is geweldig uitgebreid, ongeveer

drie keer die omvang van die Van Wyk Louw-dokumente. Ná die oorspronklike skenking het Opperman en nog later Marié Opperman verdere materiaal tot die versameling toegevoeg. Dié dokumente word bewaar in die Manuskripte-afdeling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek.

2 Oor Opperman se aandeel aan *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I* skryf J.J. Human in *Standpunte*, XXXII:5, September 1979, p. 7. Opperman se rede by die toekenning van die Recht Malan-prys verskyn in *Standpunte*, XXXII:6, Desember 1979.

3 Met die oorspronklike manuskrip van Cloete se tweede bundel, *Jukstaposisie*, was Opperman veel minder ingenome. Hy keur dit af vir publikasie.

4 Uit haar periode as Opperman se gasstudent kon Antjie Krog later onder meer sy ‘blinding insights’ onthou en hoe hy op 'n oggend na aanleiding van Phil du Plessis se *Lyksang* heeltemal uit die vuis die hele geskiedenis van die lykdig vanaf die Grieke deur die Middeleeue tot die latere ontwikkelinge in Engels, Duits en Nederlands geskets het - 'n ‘ongelooflike ervaring’ om dit aan te hoor.

5 Uit die ‘Drieluik: Die tuin van aardse luste’ uit W.E.G. Louw se *Vensters op die vrees* neem Opperman slegs ‘Die hel’-gedeelte op en laat hy ‘Die aarde’ en ‘Die paradys’ weg. Louw was ongelukkig hieroor en het met Opperman oor die keuse gesels. Opperman se verweer was dat Louw se ‘paradys’-beeld reeds met ‘Adam’ in *Groot verseboek* uitvoerig verteenwoordig is; ‘wat nou by jou kortkom, Gladstone, is die hel.’ - 'n voorbeeld van hoe Opperman se historiese argumentasie soms historisties kon raak!

6 Voor die lewersiekte van 1976 het Morkel van Tonder die gedagte gehad dat Merwe Scholtz vir die radio 'n reeks onderhoude met Opperman oor sy eie werk moes voer. Opperman was egter glad nie daarin geïnteresseerd nie. Afgesien van die feit dat hy in daardie stadium te aarselend en stotterend vir 'n bevredigende radioreeks gepraat het, was 'n ander oorweging vir Opperman waarskynlik dat hy nie iets wou doen wat Van Wyk Louw reeds (in *Rondom eie werk*) gedoen het nie. Die verwysing na ‘Morkel en Merwe’ in ‘Odysseus ruik moer’ in *Komas uit 'n bamboesstok* is 'n toespeling op Van Tonder se versoek, terwyl ‘rondom eie nes’ in dié gedig regstreeks na Van Wyk Louw se radiopraatjies verwys.

7 *Wiggelstok,* Kaapstad, 1959, p. 147.

8 J.J. Human, ‘D.J. Opperman en die uitgewersbedryf’, *Standpunte,* XXXII: 5, September 1979, p. 4.

9 Ibid.

10 Ibid.

11 Ibid.

12 Ibid.

13 Ibid.

14 Ibid., pp. 4-5.

15 Die gedig word in sierskrif oorgeskryf en afgedruk in *Standpunte,* XXXII: 5, September 1979, p. 52.

16 Ook vir die SAUK se boekeveiling die vorige jaar het Opperman na Johannesburg gereis en 'n besondere eksemplaar van *Dias* met Van Wyk Louw se wysigings vir die tweede uitgawe geskenk. Hy het vooraf gereël dat Flooi du Plessis inbel en die boek vir die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek koop. Toe die rektor, prof. Jannie de Villiers, daarvan te hore kom, wou hy Opperman oorreed om daarvan af te sien en liewers een van die ryk boere in die omgewing te vra om 'n bod te maak; die publiek - so het hy gemeen - kon die indruk kry dat die Universiteit geld mors. Opperman was verontwaardig hieroor en het summier geweier. Hy het 'n stadium van sy lewe betree waarin hy hom deur niemand en niks sou laat hokslaan nie!

17 Die verwysing is na T.S. Eliot, *The waste land, a facsimile and transcript of the original drafts, including annotations of Ezra Pound, edited by Valerie Eliot,* Londen, 1971.

18 Die rede by die aanvaarding van die CNA-toekenning verskyn in *Standpunte,* XXXIII: 4, Augustus 1980.

19 By dieselfde geleentheid ontvang ook I.D. du Plessis 'n eredoktoraat van die Universiteit van Kaapstad. Du Plessis is gevra om namens al die eregraduandi te praat. Die toespraak wat Opperman vir dié geleentheid voorberei het, is dus nooit gelewer nie.

20 Op 'n keer het Opperman in 'n gesprek gesê dat Krige se ‘vier blou madeliefies/ wat speel op die wind’ in Krige se ‘Blomme van die Boland’ (*Versamelde gedigte,* Kaapstad, 1985, pp. 118-120) die ingewing was vir sy reël ‘vier vetplantjies in 'n bakkie sand’ in *Joernaal van Jorik*.

21 In 1977 woon hy ook die tweede verhoor van Breytenbach in die Pretoriase Hooggeregshof by.

22 Enkele ander geleentheidsverse van Opperman uit die herstelperiode word bewaar in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek. Onder hulle is:

Platrand by Ladysmith

Met vergesigte oor 'n ou slagveld
lig ons beskermend en diep ontsteld,
O Heer, bo hierdie Burgerbeendere:
betongebare uit die groot geweld.

Na alle waarskynlikheid het Opperman dié kwatryn geskryf na aanleiding van 'n artikel in die *S.A. Panorama* oor die Burgergedenkteken by Ladysmith waarvoor Ernst van Heerden 'n kwatryn geskryf het. Waarskynlik is Opperman deur die Natalse historiese verlede én Van Heerden se gedig (afgedruk in *Standpunte,* XXXIV: 2, Maart 1981, p. 39) uitgedaag om ook 'n kwatryn te skryf.

23 Aan die begin van 1982 was Nel saam met sy vrou met besoek aan die Kaap en het hy met Marié gereël dat hulle sy ou vriend, wat intussen ernstig siek was na 'n beroerte, sou besoek. Toe Opperman hoor dat daar ook van die kleinkinders in die motor is, het hy - sukkelend maar tog duidelik genoeg - gesê dat hulle moet inkom en dat sy 'n eksemplaar van die nuwe *Kleuterverseboek* vir Nel moes gee (met die bedoeling om dit vir die kleinkinders voor te lees). Op sy versoek het Marié voorin geskryf:

Na swoege en swerwe
Weer van normale formaat.

24 In sy bedankingsbrief sê hy: ‘Volgens my vak en my idioom sal ek later u bedank en afskeid neem in 'n Dokument wat ek op my verjaarsdag 29 September aan u vir voorlopige kennisname (as “Proloog”) sal oorhandig en formeel en finaal sal aanbied (as “Epiloog”) gedurende November op die gebruiklike funksie vir uittredende dosente.’ Deur die vroeër verskyning van *Komas uit 'n bamboesstok* het die ‘bedanking’ nie op dié wyse plaasgevind nie.

25 Ná Opperman se uittrede het Scholtz tog besluit om die Letterkundige Laboratorium voort te sit. Lina Spies het dit behartig tot haar vertrek na die Universiteit van Pretoria in 1983. Daarna is Sheila Cussons aangestel, maar in 1985 is die kursus finaal beëindig.

26 Die weergawe van die voorbereidings vir die besoek aan Malawi wat ek hier gee, steun grotendeels op 'n onderhoud met Hannes van der Merwe wat ook die verloop van die gebeure vir my op skrif gestel het.

Hoofstuk 13
Tweede beroerte en dood

Met sy terugkeer van die wandeling was Dirk Opperman se woorde aan sy vrou: ‘Marié, my onderklere sit te styf en my been is te swaar.’ Terwyl hy dit sê, het sy gesien sy mond val. Sy het dadelik besef dit is 'n beroerte, hom feitlik tot by sy bed gestoot en gesien dat hy beheer oor sy funksies verloor. Sy het die dokter gebel en binne 'n uur is hy per ambulans na die Tygerberg-Hospitaal geneem waar die beroerte drie dae aangehou het. Hy was feitlik onmiddellik in 'n koma en daar is opnuut, soos tydens die lewersiekte, vir sy lewe gevrees. Met behulp van aarvoeding en inspuitings is hy egter ‘met gemete sorg van arts en medisyne/ vir 'n ... (derde) dood ... stadig gesond (gemaak)’.[1]

Toe hy na 'n maand uit die koma herstel, was hy in sy linkerbeen en -arm verlam. Sy brein was sodanig aangetas dat hy alleen met moeite kon praat, al kon hy in dié stadium nog enkele woorde en frases en soms selfs 'n hele sin sê. As gevolg van die motoriese defekte kon hy nie lees of skryf nie. Hy is oorgeplaas na 'n nasorg-inrigting vir beroerte-pasiënte in Goodwood en daarna na die Stellenbosse Hospitaal. Dáár is pogings aangewend om hom met 'n beenstut weer aan die loop te kry en Fred le Roux het met spraakterapie probeer om hom makliker te laat praat. Daarna is hy terug huis toe waar Marié met die hulp van 'n verpleegster hom versorg het. Aanvanklik was sy oortuig daarvan dat hy ook dié keer sou herstel en het sy 'n verwarmde onderdakswembad laat bou waarin sy hom met die bystand van ander laat swem het.

Van die begin af het die geneeshere egter aan Marié gesê dat die breinskade massaal is en dat sy nie daaraan moes dink dat hy gesond sou word nie. Die hele verloop van die siekte het 'n golfbeweging vertoon: na kort fases van groter helderheid en beweging het hy weer teruggesak, waarskynlik as gevolg van kleiner beroertes. In September 1982 was hy as gevolg van herhaalde blaasontstekings só swak dat die huisarts opname in Geluksoord, 'n inrigting vir verswakte bejaardes net buite Stellenbosch, aanbeveel het. Alhoewel daar ná sy opname nog momente van samehang en groter helderheid was, het hy steeds

verder verswak en het sy herkenningsvermoë later só versleg dat hy nie altyd sy kinders kon eien nie.

Toe hy nog betreklik helder was, het hy sy waardering sukkelend uitgespreek vir wat Hannes van der Merwe vir hom tydens die reis gedoen het en na hom verwys as ‘my spoorsnyer in Malawi’. In 'n stadium het hy teenoor Marié, wat 'n baie godsdienstige persoon is, gesê: ‘Ek glo nou soos jy’ en wroegings gehad oor sy eie geloofslewe, in so 'n mate dat hy haar en sy dogter Heila gevra het om vir hom te bid. Aangesien hy nie kon terugpraat nie en kommunikasie met hom baie moeilik was, het Marié - wat hom daagliks besoek en gevoed het en alles gedoen het om dit vir hom gerieflik te maak - gereeld vir hom gedigte voorgelees en 'n eksemplaar van *Groot verseboek* langs sy bed neergesit indien die steeds talryke besoekers ook iets vir hom wou lees. Aan die begin kon hy nog sê watter digter hy wou hoor; later kon dit ook nie meer nie. Hy het baie gehou van die verse van Boerneef en Leipoldt en kon ‘Op my ou ramkietjie’ nie genoeg kere aanhoor nie. Ook die voorlees van sy eie gedigte was vir hom aangenaam, want dit was - soos Marié ná sy dood in 'n onderhoud in *Die Burger*[2] sou sê - ‘asof hy hom net wou vereenselwig met sy bekendste verse’. Dikwels kon hy gedigte soos ‘Sproeireën’ met 'n onhelder artikulasie nateem. Aan die einde was dit nog ál kommunikasie met hom wat oor was.

Ook ná die beroerte het die eerbewyse en bekronings nie opgehou nie, al kon hy dit nie meer persoonlik in ontvangs neem nie en was hy teen die einde waarskynlik selfs nie meer heeltemal bewus daarvan nie. In November 1981 ken die Universiteit van Pretoria 'n eredoktoraat aan hom toe, in Oktober 1983 ontvang hy die erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, in 1984 word hy bekroon met die Dekorasie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident, en in 1985 word hy vereer met die Gustav Prellerprys vir Literêre Kritiek.

Teen die middel van September 1985 het Opperman se gesondheid vinnig begin versleg as gevolg van blaasmoeilikheid, longontsteking, nierprobleme en die eerste tekens van geelsug, wat daarop gedui het dat ook die lewer besig was om in te gee. Op Sondagoggend, 22 September 1985, teen 4.45 vm. is hy in Geluksoord oorlede, vier jaar en drie maande ná die ernstige beroerteaanval.

By sy dood het die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, gesê dat die leemte wat Opperman se heengaan laat, gevul sal bly met die erflating waarmee hy die nageslag ryker gemaak het. ‘Met dié wete wil ek namens almal wat lief is vir Afrikaans - hierdie mooi, jong taal van Afrika - my meegevoel uitspreek teenoor sy groot familie en vriendekring.’ Letterkundiges soos Ernst van Heerden, A.P. Grové, T.T. Cloete, F.I.J. van Rensburg, Roy Pheiffer, Lina Spies en J.C. Kannemeyer het hulde aan Opperman gebring[3] en vir meer as een was sy eie woorde uit ‘Gebed om die gebeente’ op homself van toepassing:

> Hy moes drie dode sterf, maar hy wat drie maal sterf
> die sterf nie meer; ...
> hy leef in hierdie land nou ewig en altyd![4]

In 'n hoofartikel op 23 September 1985 huldig *Die Burger* hom as digter, dramaturg, kritikus, literêre teoretikus en opvoedkundige. ‘Hulle wat bevoorreg was om hom as mens te ken, kan vandag getuig van sy onwrikbare eerlikheid, sy fyn menslike humorsin, diepe mensekennis en sy drang om meer te weet van elke onderwerp wat onder sy aandag gekom het. Ons is dankbaar en trots daarop dat so 'n man onder ons geleef het.’

Onder blyke van groot belangstelling is Opperman op Donderdag, 26 September 1985 om 10.00 vm. uit die Stellenbosse Moederkerk begrawe.[5] In die Kerk het ds. Derick Conradie die skriflesing uit *Psalm* 8 en *Hebreërs* 2 gedoen en kort en sober oor die oorledene gepraat, terwyl *Gesange* 47:1-3 en 15:1-4 onderskeidelik voor en na die boodskap en gebed gesing is. As draers by die graf het opgetree sy broer Koos, sy skoonseuns Dirk Laurie en Dale Lippstreu, sy neef Gerard Loubser, Johan Spies as kollega van die Nasionale Pers en Meyer de Villiers as kollega van die Universiteit van Stellenbosch. Na die reën van die vorige paar dae was dit 'n stralende, skoon dag.

Eindnoten:

1 *Engel uit die klip,*[3] Kaapstad, 1956, p. 58.
2 Hierdie onderhoud verskyn in *Die Burger* van 24 September 1985.
3 Hierdie huldebetuigings verskyn in *Die Burger* en *Beeld* van 23 September 1985 en *Die Transvaler* van 3 Oktober 1985. Oor die radio praat Meyer de Villiers en Fanie Olivier.
4 *Engel uit die klip,* p. 60.
5 'n Berig oor die begrafnis verskyn in *Die Burger* van 27 September 1985.

Foto-erkennings

F.V. Engelenburg en G.S. Preller, *Onze krijgs-officieren,* Pretoria, 1904: 1.
Die Manuskripte-afdeling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek: 2-6, 8, 10, 12, 14 (foto deur Ann Ley), 15, 16-17 (deur C.J. Edwards), 18, 22, 24, 31, 33 (deur Terence J. McNally), 44, 45 (deur Cloete Breytenbach), 50, 57, 58, 59 (deur Johan Stander), 61, 63 (deur Maurice Crankshaw, *Rapport*), 65, 68.
Mev. Liz Theron: 7.
Mev Fie du Toit: 9, 11.
Mev. Marié Opperman: 13, 20 *(The Cape Argus)*, 34, 36, 40, 51.
Die Burger: 19, 21, 26, 39, 41 (deur Leslie Dektor), 42 (deur Leon Rousseau), 43, 46 (deur Tom Burgers), 49, 53 (deur Johan Stander), 54, 56 (deur Jéan du Plessis), 60 (deur Charl Best), 62, 64, 70.
Mev. Diederi Lippstreu: 23, 25, 35, 37, 38, 47, 48, 55, 66.
Mev. Ria le Roux: 27-28 (deur Anne Fischer), 29, 30.
Prof. J.C. Kannemeyer: 32 (deur Vivier-fotografie).
Die Trustees van die boedel van wyle Katrine Harries: 52 (tekening in besit van mnr. Leon Rousseau).
Mnr. Hannes van der Merwe: 67.
Mev. Hettie Erlank: 69 (deur *Eikestadnuus*).

Registers

Register van titels en eerste reëls van gedigte deur D.J. Opperman

Aaispaai, 54, 401
Aankoms by Cabo de Boa Esperança, 422
Adel, 77
Adv. Villiers,/ek voel hier die hand
Afskeid, 77
Alkoholiese digter, 148
Almanak, 122, 158
Aluin, 157
Anti-klagskrif, 381
Armblanke, 78
As herinnering aan die nagte, 158

Bacchanalieë, 67
Baken, 381
Ballade van die groot paartie, 353, 425
Ballade van die grysland, 95, 106, 107, 147, 158, 265
Ballade van spek en ham, Die, 408
Barende vrou, 147
Bede, 60, 77, 91, 95
Beskou my bundel, Wyk, 158
Beskuldigde, 106
Besoek, 95
Bewaker, 178
Bloedrivier, 1938, 77, 91, 95
Blom van die baaierd, 146, 147, 205, 237, 265, 268
Boer, 95
Boodskap van Vryheid - uit die gewese Nuwe Republiek, 36
Borrel, 22, 48
Bouquet, 95
Brandaan, 172, 181, 191, 193, 205, 241
Bulalalamp, 148, 370
By die dood van 'n joernalis, 412
By die dood van Roy Campbell, 279, 283, 370

Canis major, 176-177
Carrara, 188, 193, 370
Clatboek, 173, 267
CNOringkorrel, 315

Daeraad, 67
Dagboek, 77, 92
Dank, 76
Daphne en Apollo, 47
Dennebol, 25, 279, 283, 370, 430
Dertiende dissipel, 129

Diereriem, 129, 157
Digter, 148-157, 161
Digters se teeparty, 76
Dik reën-geswelde wolke, 46
Draaiboek, 176, 265
Draaikewers, 41, 181, 191, 205
Drie juwele, 32
Drif, 68, 95
Drinkliedjie van 'n volk, 148
Dromertjie, Die, 46
Dronk man en hond, 177
Droogte, 295
Druiwefees, 176
Dylan Thomas I en II, 394

Echo en Narcissus, 43, 60
Egipties, 26
Eilandgroep, 95
Ek sien hom nog met kierie in die hand, 19
Eros, 67
Ex libris + Ex libris, 421

Fabel, 370
Fonteine van Tivoli, 278, 283

Gebed om die gebeente, 173, 181, 191, 192, 193, 205, 269, 411, 443
Gebed vir die ongeborene, 148
Gedagtes by 'n sarkofaag, 278, 370
Gemis, 71
Geneeshere van Egipte, 428
Genesis, 116, 122, 147, 148, 152
Gesterk, 46
Gestorwene, 95
Gevange geeste, 76
Gevoelens nie, 46
Glaukus klim uit die water, 421
Gode Loff, 431
Graag verkeer ek met plantkundiges of bioloë, 381
Griepdorpie, 28 Grondstowwe by die siklus van seisoene, 89, 195, 420, 422, 426

Hael, 20
Heilige beeste, 96
Hier wissel stuk en spelers, hulle oord, 383
High Roads' robbery, 31
Hooft, 95
Horison, 67

In die landskap, 95
In die tuin, 68
Invocatio, 77, 92, 95

Jakaranda, Die, 46
Jeroen Bosch, 181, 183, 205

Kaapse draaie, 205, 264, 265, 266, 268
Kantelkompas, 364
Kelkies wyn, 77, 78
Kersliedjie, 205, 265, 266, 270
Kinders van vyande, 78
Kind van die aarde, 95
Kitaarspeler, 271, 394

Klara Majola, 181, 238, 265
Kleinboer, 33
Klossie, Die, 46
Konsertina-poskaart, 281, 283
Kontak, 147
Kronieke, 77, 92
Kroniek van Kristien, 43, 172, 267, 268, 357, 394
Kunstenaars, 77

Laaste heiden, 125, 147
Laaste reën, 77
Leda se klag, 147
Legende van die drenkelinge, 125-126, 147, 160-161
Legende van die drie versoekinge, 67, 122, 158
Leipoldt sterf, 429
Lente in ons prosa, 148

Maan oor die see, Die, 76
Mallemeul, 109
Man met flits, 147
Man met horries, 394
Massa, 77
Mériba, 157
Messias, 95, 96
Met apologie, 76, 122, 295, 376
Mev. H.S.M. Opperman, 251
Mimi Coer-tse, 245
Minerva aan Tiresias, 146, 157
Miskien is ek te pastoraal geskool, 414
Mohammed aan Ajesja, 431
My appelliefie van Inchanga, 29
My boeke, 67
My pa se eerste perdjie, 421
Mijn herte met luste ghevaen, 95
My Rose, 29

Na die myninstorting, 34

Na-doodse gebed, 76
Nagbloei, 95
Nagedagtenis aan my vader, 84, 109, 110
Nagfees van toneelspelers, 377
Nagskip langs Afrika, 95
Nagstorm oor die see, 109, 147
Nagvoël, 95
Nagwaak by die ou man, 16-17, 19, 116, 122, 147, 161
Nagwag, 267, 270
Na 'n besoek aan die dieretuin, 122
Ná ons albei se spontane wegbêre van lansette, 428
Naskrif, 265
Nat straat, 267
Negester en stedelig, 116, 122, 147, 148, 158
Niobe, 107
Nuwe Jerusalem, 157, 240
Nuwe klere, 427

Oggend, 147
O lente-son, ek het jou lief, 46
Ons kom van Bloukrans, Weenen, Bloedrivier, 83
Op die rivier, 71
Oud-digter, 240, 266, 268, 271, 381, 394
Ouderdom, 46
Ou kroonkandelaar, 370
Ou non, 32, 181, 191
Ou taai koen, 409
Ou vrouens van die markplein, 265
Ovidius praat mooi met Rooi-aas op Franskraal, 44

Paardeneiland, 157
Paddas, 267, 269
Pa se eerste perdjie, 24
Pasiënt, 147
Penwortel, 18
Phoenix, 43, 96
Plantasie-lied, 76
Proklamasie, 433

Rusies van my vader, Die, 27
Sarkofaag, 81, 95
Scriba van die Carbonari, 43, 124, 157, 193
Scriba van Egipte, 240
Seepbelle blaas, 47, 67
Seesoom, 84
Seevelde van bamboes, 364, 370
Sekonde, 95

Seremonie van die naelstring, 405, 423
Shaka, 92, 95, 190
Sinjale, 84, 95
Skoollied (vir Voortrekkerskool), 83
Soekend, 71
Somerreëns, 67, 77
Sondag van 'n kind, 370
Spatsels, 263
Spookure, 267
Springbokke, 370, 378
Sproeireën, 21, 191, 443
Sprokie van die spikkelkoei, 236, 330
Stad in die mis, 95
Stadsaand, 67
Stadsnag, 67, 95
Staking op die suikerplantasie, 247, 266, 267
Stam, 96
Stasie, 96
Suur druiwe, 266
Sweet des aanskyns, Die, 67

Tableau op my tafel, 382
Tafelberg op die tafel, 427
Ten spyte van sy periodieke maagpyn, 368
Toorklip, 157
Tweede huwelik, 423
Twee stede, 61
Tygerberg, 428

Uit die dagboek van 'n seun, 148

Vakansiebrief, 42, 306
Vakansieganger en haai, 267
Vallei, Die, 67
Valse afspraak, 95

Van Wyk Louw by sy vertrek na Europa, 266
Veldvure van die nag, 77, 78
Vele woninge, 23, 356
Verbond, 92, 129
Vigiti Magna, 148, 411
Vir 'n bundel knoetsige ou bene, 376
Vissersvrou, Stilbaai, 267
Visvangplekke op die plaat, 364
Vloervelletjie, 277, 372, 406
Voorjaar, 148
Voorwinter, 84
Vreters van die bossie, 322
Vrou, 109, 147
Vuurbees, 370
Vyfuur, 96

Water-engel, 95
Waterloot, 148
Weerlig, 77
Wensbeentjie, 370

Register van persoonsname

Achterberg, Catrien, 277
Achterberg, Gerrit, 143, 216, 237, 277, 295, 317
Albertyn, C.F., 94, 95, 96, 97, 119, 130, 131, 137, 163, 203, 356
Albertyn, C.J., 55
Andresen, Olaf, 182
Antonissen, Rob, 188, 192, 204, 205, 206, 208, 225, 226, 227, 248, 249, 253, 254, 255, 263, 264, 268, 269, 285, 292, 293, 315, 316, 323, 344, 345, 356, 362, 372, 376, 386, 387, 388, 389, 392
Ardell, Olga, 58-59, 85
Auden, W.H., 72, 216

Badenhorst, Attie, 83
Bakker, Gerrit, 133, 195
Balder, Tine, 277
Baldry, Harold, 242
Balkema, A.A., 255
Barnard, Chris, 341, 345, 438
Barnard, Henry, 399
Barnard, Minnie (Mien; gebore Van Reenen), 84, 399
Basson, Albertus, 258
Basson, Hein, 300, 346, 347, 364
Basson, M.A., 197
Baudelaire, Charles, 216, 270
Baur, F., 167
Bax, Diek, 181, 188
Bax (-Botha), Marie, 162, 165, 167, 235
Bekker, Fanie, 377
Bekker, Pirow, 333
Benfield, J.G., 164, 305
Besselaar, Gerrit, 62, 63, 74, 89
Beuken, W.H., 238
Beukes, Gerhard J., 128, 190, 205, 248, 250, 374
Beukes, Piet, 372, 373
Blake, William, 134, 159, 213
Blignault, Audrey, 246, 297, 372, 373
Bloem, J.C., 165, 213, 215, 216
Blom, J.J., 127
Blum, Peter, 97, 205, 214, 216-220, 248, 270, 287-289, 292, 295, 296, 302, 316, 317, 325, 334, 341
Boerneef, kyk Van der Merwe, I.W.
Bokhorst, Matthys, 206
Boonstra, Eelco, 260, 275
Boonstra, Gerard (Koos), 42, 71
Boonzaaier, Willem, 81
Boonzaier, F.W., 25

Booysen, Murray, 84
Bormans, J.H., 172
Boshoff, Amanda, 324
Boshoff, George, 330
Boshoff, J.J., 343
Boshoff, Johan, 51, 52, 53, 66
Boshoff, S.P.E., 167
Bosman, D.B., 162, 164, 166, 179, 198, 199, 223
Bosman, F.C.L., 70, 165, 249, 272
Botha, Amanda, 422
Botha, D.P., 359

Botha (-Lindes), Elize, 235, 236, 248, 346, 356, 373
Botha, Heila Susanna Magdalena, kyk Sannie Opperman
Botha, Hermanus Lambertus, 26
Botha, Johann, 321
Botha, Louis, 17, 21, 26
Botha, P.W., 346, 347, 443
Bothma, J., 81
Bouman, A.C., 311
Boutens, P.C., 75
Bouwer, Alba, 409
Bouwer, Stephan, 413
Brand, Hendrik (pseudoniem van S.H. Skaife), 41
Brand, Jan, 17
Bredenkamp, Pieter, 258
Bredero, G.A., 167
Bremer, Karl, 82
Bresler, Theo, 82
Breytenbach, Breyten, 171, 284, 316, 324, 342, 344, 347, 348, 349, 350, 384, 418, 433
Breytenbach, Jan, 52, 85, 98, 422
Breytenbach, Kerneels, 433
Breytenbach, P.P., 273
Breytenbach, Yolande, 348
Brink, André P., 283, 336, 338-339, 341, 350, 351, 356, 360, 369, 372, 373, 380, 384, 414, 418, 426, 435, 436
Brink, Andries, 398, 400, 428, 432
Brink, J.G., 107, 111
Brink, Melt, 40
Britz, Etienne, 329
Brooks, Cleanth, 169, 315
Browning, Robert, 159
Bryant, A.T., 92
Buning, J.W.F. Werumeus, 215
Buning, Tj., 196
Burgers, M.P.O. (Olivier), 100, 107, 109, 110, 133, 159, 246, 256
Butler, Guy, 208, 226, 382
Büttner, Hans, 336
Bijl, Piet, 130, 131, 209

Calitz, M.C., 170, 171
Calpin, C.H., 69
Campbell, Roy, 69, 216, 238, 239, 295
Camphuysen, D.R., 239
Carter, A.V.H., 164
Celliers, Jan F.E., 65, 74, 139, 183, 196, 266, 267, 315, 319, 367, 393
Cillié, P.J. (Piet), 245, 351, 352, 353, 399, 423, 427, 430, 432
Cilliers, Rika, 329, 406

Clarence, Des, 53
Claus, Hugo, 277
Cloete, T.T., 189, 225, 228, 248, 255, 256, 269, 343, 345, 350, 351, 372, 375, 380, 382, 415, 426, 432
Coertse, Mimi, 244
Coertze, Iris, 261
Coetzee, Ampie, 375
Coetzee, A.J. (Abel), 65, 88, 90, 107, 108, 109, 110, 190, 206, 342, 343
Coetzee, Cora, 418
Coetzee, Hubert, 395
Coetzee, J.C., 128
Coetzer, Brand, 209
Combrink, Johan, 436, 437
Combrink, Louise, 382
Conradie, Anna Louize, 91, 92
Conradie, Derick, 444
Conradie, Elizabeth, J.M., 73, 89
Conradie, P.J., 379
Coster, Dirk, 67, 68
Couzyn, Dawie, 128, 133, 281, 385
Cronjé, Anna Jacoba (gebore Davel), 17, 21
Cronjé, Chrisjan, 21
Cronjé, Christiaan Jacobus, 17-18
Cronjé, Louisa Petronella, 17, 19
Cussons, Sheila, 51, 85, 86, 88, 98, 128, 130, 132, 200, 201, 233, 414

Daiches, David, 169
Darwin, Charles, 182, 183
Davie, T.B., 164, 266
Day, Lewis, C., 71, 413
De Beer, Eddie, 52
De Bock, Eug., 294
Degenaar, Jetty, 420

Degenaar, J.J., 205
De Haan, B., 68
De Jong, Marcus, 440
De Jongh, F.W, 413
De Kiewiet, C.W., 370
Dekker, G., 54, 65, 74, 88, 89, 90, 94, 95, 96, 97, 99, 109, 128, 139, 159, 161, 167, 186, 191, 192, 228, 254, 255, 285, 286, 314, 315, 316, 343, 344, 362, 375
De Klerk, Jan, 342
De Klerk, W.A., 115, 120, 166, 205, 248, 249, 342
Delius, Anthony, 204, 205, 208, 335
De Marre, Jan, 89, 195, 422
De Raaf, K.H., 167
De Rot, L.A., 175
De Villiers, Anna, 286
De Villiers, C.G.S. (Con), 127, 297, 335
De Villiers, David, 245, 301, 430
De Villiers, D.P., 351, 425
De Villiers, Geraldine, 423
De Villiers, Jannie, 404, 405, 410, 423, 435, 436
De Villiers, Japie, 300, 364
De Villiers, Meyer, 120, 128, 221, 246, 247, 249, 253, 255, 259, 273, 301, 302, 303, 304, 312, 313, 324, 325, 354, 355, 362, 386, 394, 400, 402, 405, 407, 422, 435, 436, 437, 444
De Villiers, Stephen, 257, 377
De Villiers, Suna, 120, 246, 273, 301, 303, 354, 355, 437
De Vos, Annesu, 415, 416
De Vries, Abraham H., 213, 413, 353, 441
De Waal, J.H.H., 40, 74
De Waal, ‘Smiles’, 39
De Wet, Christiaan Rudolph, 16
Dietrich, Marlene, 376
Dinizulu, 34
Dommisse, Hermien, 206, 249, 257
Dönges, T.E., 199
Donkersloot, N.A. (pseudoniem van Anthonie Donker), 75, 188, 280, 369
Donne, John, 72, 216, 217
Dostojewski, Fyodor, 67, 68, 81, 144
Dubois, Pierre, 276
Duminy, J.P., 164
Du Plessis, Bertie, 331, 360, 399, 400
Du Plessis, Flip, 159
Du Plessis, Flooi, 354
Du Plessis, Hubert, 256
Du Plessis, I.D., 73, 75, 120, 128, 164, 165, 212, 213, 239, 350, 418, 433
Du Plessis, J.A., 82
Du Plessis, Jan, 82
Du Plessis, J.C.M.D., 323

Du Plessis, Otto, 125, 199
Du Plessis, S.I.M., 166
Du Toit, Bridget, 324
Du Toit, D.P., 70
Du Toit, J.D., kyk Totius
Du Toit, S., 100
Du Toit, S.J. (Taalbeweger), 239
Du Toit, S.J., 293
Dyment, Clifford, 144

Eitemal, kyk Erlank, W.J. du P.
Elffers, H.S., 237
Eliot, T.S., 69, 72, 131, 146, 193, 201, 238, 239, 328, 336, 337, 413
Eloff, Ernst, 379
Emants, Marcellus, 124, 239
Engelen, Fred, 264, 274, 294, 376, 378, 379
Erbe, Helmut, 359
Erlank, W.J. du P. (Duke; Eitemal), 99, 140, 141, 142, 143, 205, 210, 246, 257, 258, 263, 273, 286, 301, 302, 303, 306, 312, 313, 316, 323, 325, 335, 359, 362, 367, 372, 373, 375, 386, 387, 389, 390, 392, 402, 423, 433
Eybers, Elisabeth, 65, 76, 97, 107, 108, 128, 195, 205, 206, 208, 215, 221, 222, 248, 311, 315, 318, 336, 370, 373, 384, 396, 418

Fagan, H.A., 65, 129, 140
Ferreira, Denise, 81
Ferreira, Nerina, 258
Feyt, Coenraad, 15

Fichardt, E.W., 65
Field, Eugene, 290
Findlay, Arthur, 25
Flaubert, Gustave, 335
Fomm, Jürgen, 335, 430
Fouche, Abraham, 418
Fouché, Leo, 262
Fourie, Louis (Louis Lat), 298, 299
Fourie, Pieter, 329
Franz, G.H., 127
Freedman, Jack, 52
Fryer, Charles, 321, 329, 384

Garnett, Richard, 25
Gaum, F.M., 323
Geggus, Roswitha, kyk Schutte, Roswitha
Geldenhuys, Mollie, 300, 399
Geldenhuys, Pieter, 261
Geldenhuys, Roelou, 300
George, Stefan, 218
Gerdener, Theo, 127
Gericke, J.S., 405
Germishuys, Mike, 364
Gezelle, Guido, 41, 46, 181
Ghiselen, Brewster, 282, 327
Gildenhuys, Jannie, 261, 379
Gorter, Herman, 205, 216
Greshoff, Aty, 115, 121, 275
Greshoff, Jan, 91, 115, 120, 121, 123, 128, 131, 143, 200, 202, 203, 204, 205, 207, 221, 224, 237, 246, 252, 275, 292, 295, 389
Griss, J.J., 167
Grobbelaar, Pieter W., 333
Grobler, Hilda, 426
Grobler, P. du. P. (Philip), 52, 79, 85, 98, 99, 128, 205, 225, 248, 285, 356, 375
Grosskopf, E.B., 41
Grosskopf, J.F.W, 65, 171
Grové, A.P., 128, 161, 191, 192-194, 203, 205, 206, 208, 222, 228, 248, 253, 255, 259, 262, 264, 266, 269, 270, 285, 290, 292, 295, 296, 297, 315, 334, 340, 343, 344, 345, 346, 350, 351, 352, 353, 356, 360, 362, 369, 372, 373, 376, 380, 382, 426, 427, 443
Grové, Henriette, 127, 205
Gruber, Georg, 379
Guimares, N.S., 411
Gijsen, Marnix (pseudoniem van J.A. Goris), 57

Haarhoff, T.J., 108, 109, 110, 140
Hadewijch, 32, 181

Haen, Cocky, 85
Hambidge, Joan, 321
Hammond, E.W.S., 329, 413
Hanekom, Jeanette, 85
Hanekom, Jurie, 377
Harding, Dientjie, 55
Harries, Katrine, 360, 365
Harris, M.J. (Michael), 51, 75, 85, 127, 128
Harteveld, Pieter, 321, 322, 323, 329, 330, 331, 376, 384
Hartman, Anton, 206
Harvey, C.J.D., 343, 354, 359
Hattersley, Alan, 52, 62
Hattingh, S.C., 109, 110
Hauptmann, Gerhart, 356
Hawkins, Robin, 329
Hayter, C., 82
Heiberg, Anna-Louize, 339
Heiberg, L.R., 165
Hellinga, Wytze, 280, 285
Hemingway, Ernest, 275
Herbert, George, 239
Hertzog, Dirk, 355, 437
Hesse, Hermann, 356
Hesseling, D.C., 164
Hessels, W., kyk Mulder, H.A.
Heyl, J.A., 197
Heyns, Katinka, 438
Hiemstra, L.W., 258
Hiemstra, V.G., 375
Hitler, Adolf, 35
Hobson, S.B. en G.C., 90
Hooft, P.C., 167, 171
Hoornik, Ed., 275, 276
Hopkins, G.M., 72, 239, 328

Horn, Gideon, 246, 258
Hudson, C.W., 108, 289
Hugo, D.J. (Daniel), 241, 329, 413, 426
Huguenet, André (pseudoniem van Gerhardus P. Borstlap), 257, 261
Huizinga, J., 168
Human, J.J. (Koos), 130, 211, 212, 262, 287, 292, 312, 334, 335, 336, 337, 338, 340, 347, 348, 349, 351, 353, 376, 383, 396, 398, 403, 408, 412, 414, 419, 420, 421, 422, 423, 433, 437, 441

Inskip, Donald, 257
Ionesco, Eugene, 281
Izaacs, Nathaniel, 92

Jaekel, Heini, 274, 282, 375, 412, 420, 423, 430
Jansen, E.G., 36, 38
Jensen, Norman, 39
Johanssen, Holmer (pseudoniem van J.F. Holleman), 75, 127

Johl, Johann, 426
Jonckheere, Karel, 277
Jonker, Abr. H., 65, 120, 342, 343
Jonker, Ingrid, 289, 333, 342
Jooste, Sokrates, 52
Jordaan, Anlen (later Marais), 321
Jordaan, Helena, 166, 170
Jordaan, Willem, 166, 209, 210, 212, 334, 370, 420, 421, 423
Joubert, Elsa, 127, 162
Joubert, Marlise, 340, 414
Joubert, Niel, 312
Jung, C.G., 182, 183
Juritz, John, 432

Kalff, G., 167
Kamp, J., 74, 88, 139, 140
Kannemeyer, J.C., (John), 321, 323, 329, 336, 380, 382, 384, 402, 410, 414, 420, 426, 430, 436, 440, 443
Keats, John, 124, 145, 189, 239
Keet, A.D., 139, 140, 196
Keet, Rosa, 337
Kemp, Pierre, 277
Kemp, Stephanie, 53
Kempen, W., 218, 274, 303, 312, 313, 320, 324, 325, 354, 386, 394, 396, 435, 436
Keppel-Jones, A.M., 62
Kielblock, Karl, 70, 339
Kirsch, Olga, 90, 108, 128, 140, 141, 215, 337, 418
Kloos, Willem, 75

Knobel, Wilhelm, 214, 302, 340
Koekemoer, Diederik, 16
Koekemoer, Diederik Johannes, 16
Koekemoer, Maria Christina, 16
Konyn, Kees (pseudoniem van Jan Greshoff en F.J. le Roux), 91, 108, 109, 115, 312
Koster, Maria, 15
Kotzé, D.J., 323
Krenz, Alfred, 360
Krige, Uys, 75, 205, 216, 218, 225, 236, 239, 242, 254, 255, 304, 324, 333, 337, 368, 385, 402, 408, 418, 433
Kritzinger, M.S.B., 74, 88, 137, 315
Krog, Antjie, 331, 332, 337, 340, 416, 417
Krüger, H.E.C. (Boet), 398, 400, 401, 402
Kruger, Jannie, 100, 189, 353
Krüger, Louis, 329
Kruidenier, Jacob, 277
Kruse, W.J., 92, 93

Labuschagne, Dorothea (later Van Zyl), 321
Laker, Babs, 256, 257, 404
Langbaum, Robert, 366
Langenhoven, C.J., 40, 140, 243, 367, 368
Langenhoven, P.H., 236
Lategan, F.V., 384
Laurie, Dirk, 444
Leipoldt, C. Louis, 26, 41, 70, 86, 127, 128, 139, 140, 183, 192, 196, 205, 216, 319, 366, 369, 382, 418, 443
Leopold, J.H., 75, 159
Le Roux, André, 329, 337

Leroux, Etienne, 41, 205, 336, 338, 339, 341, 356, 362, 364, 391, 413
Le Roux, F.J. (Fred), 69, 77, 78, 90, 91, 92, 93, 94, 112, 114, 119, 120-121, 122, 127, 128, 131, 134, 138, 158, 159, 162, 163, 176, 177, 184, 191, 195, 202, 203, 204, 208, 215, 246, 247, 253, 256, 257, 258, 259, 260, 262, 274, 278, 279, 280, 281, 282, 290, 292, 301, 302, 356, 365, 377, 379, 394, 395, 402, 407, 416, 420, 421, 429, 430, 437, 442
Le Roux, Izak, 52, 54, 55, 66, 98
Le Roux, J.J., 63, 64, 65, 66, 72, 74, 84, 85, 89, 98, 99, 172
Le Roux, Mien, 64
Le Roux, P.K., 82
Le Roux, Ria (Olivier), 246, 253, 256, 257, 258, 260, 262, 278, 279, 280, 281, 377, 379, 384, 420
Le Roux, T.H., 378
Levine, Alec, 42-45
Linde, Marié, 41, 90, 92
Lindenberg, Ernst, 188, 205, 248, 254, 255, 267, 269, 289, 336, 346, 350, 356, 371, 372, 375, 380, 382, 386, 395, 426, 440
Lindeque, Lydia, 257
Linder, C.B. 197
Lindes, Elize (Elizabeth), kyk Botha, Elize
Lindsay, Vachel, 334
Lippstreu, Dale, 344
Lochner, Helena, 258, 290
Lodge, sir Oliver, 25
Lombard, P.J., 387
Loubser, Gerard, 444
Louw, George, 213, 337
Louw, Nakkie, 199, 235
Louw, N.P. van Wyk, 41, 45, 46, 66, 68, 70, 74, 75, 77, 78, 80, 85, 93, 100, 108, 109, 119, 120, 121-126, 128, 131, 137, 138, 139, 143, 144, 145, 158, 159, 163, 164, 165, 166, 171, 175, 176, 177, 181, 183, 184, 186, 188, 189, 192, 195, 196, 197, 198, 199, 200, 201, 202, 203, 204, 205, 206, 207, 210, 212, 217, 218, 219, 220, 221, 222, 223, 224, 227, 228, 229, 230, 231, 232, 233, 234, 235, 236, 237, 239, 252, 253, 255, 259, 263, 266, 270, 275, 276, 280, 281, 285, 286, 291, 293, 294, 295, 296, 297, 305, 311, 315, 316, 319, 328, 329, 331, 334, 336, 341, 342, 343, 344, 345, 346, 347, 350, 356, 357, 358, 360, 366, 369, 370, 371, 373, 374, 375, 378, 382, 383, 389, 392, 393, 410, 426
Louw, Peter, 199, 201
Louw, Reinet, 201
Louw, Ria, 199
Louw, Truida, 111, 112, 113, 199, 200, 201, 220, 357
Louw, W.E.G., 45, 46, 65, 66, 75, 77, 78, 107, 108, 109, 123, 126, 137, 138, 139, 140, 145, 157, 159, 160, 164, 194, 196, 197, 198, 202, 203, 204, 207, 208, 210, 212, 213, 215, 221, 222, 228, 229, 230, 232, 233, 249, 259, 282, 283, 284, 285, 291, 292, 293, 294, 295, 296, 324, 331, 335, 377, 383, 389, 390, 404, 405, 410, 418, 419, 424, 435
Lulofs, F., 165

Macnab, Roy, 29
Mak, J.J. 294
Malan, D.F., 35, 215
Malan, Nico, 383
Malan, Stefanie, 81
Malherbe, D.F., 65, 66, 75, 136, 137, 139, 140, 141, 143, 166, 196, 219, 247, 269, 289, 319, 362, 384
Malherbe, F.E.J., 75, 90, 99, 125, 128, 141, 143, 187, 191, 210, 228, 229, 255, 256, 285, 302, 303, 304, 306, 311, 312, 338, 344, 390
Malherbe, Johan, 379
Malherbe, Paul, 256, 258, 377
Mann, Thomas, 356, 357
Marais, Anlen, 329
Marais, Danie, 258
Marais, Eugène N., 46, 74, 139, 195, 196, 319, 324, 367
Marais, G.F., 384

Marais, Jacoba Frederika Beatrix, 16
Marais, Kowie 346
Marais, Pierre, 404, 430
Maré, Leon, 65
Maritz, Dawie, 377
Marsman, H., 316
Martin, Johnny, 314
Marvell, Andrew, 216
Marx, Franz, 329
Matthiessen, F.O., 72
Meintjes, Retha (Brecher), 55-56
Melck, Ronnie, 354, 355
Mesk, Eddie, 300
Meyer, Lucas, 34
Mikro (pseudoniem van C.H. Kühn), 65, 90
Miller, Arthur, 171, 276
Mills, Gretel, 257
Minnaar, George, 130, 136, 137, 185, 194, 210, 334
Mocke, S. Ign., 75, 108, 109, 110, 139, 140, 219, 228, 261
Mohr, Robert, 256, 264, 376
Morriën, Adriaan, 276
Mostert, Dirk, 70
Mulder, Connie, 352
Mulder, H.A., 70, 90, 93, 100, 107, 108, 123, 126, 128, 139, 160, 161, 173, 175, 192, 194, 202, 204, 225, 232, 237, 295, 365
Mulder, Lien, 225
Mulder, Wynand, 430
Muller, Elise, 127, 128, 166, 210, 290-291, 335
Murray, A.H., 166, 174, 343
Myburgh, Nico, 358, 377, 381
Mynhardt, Siegfried, 261

Naudé, J.H., 140
Neethling-Pohl, Anna, 133, 219, 261
Nel, Gert, 54
Nel, Philip (P.R.T.), 39, 42, 51, 53, 82, 396, 434-435
Neser, Regina, 211
Nienaber, C.J.M. (Stoffel), 52, 64, 68, 85, 86, 88, 98, 130, 132, 181, 200, 205, 248, 260, 269, 315, 356, 360, 365, 376, 382, 396, 418
Nienaber, G.S. (Gawie), 46, 57, 63, 64, 65, 66, 67, 69, 70, 71, 72, 73, 74, 79, 85, 88, 89, 91, 98, 99, 129, 172, 186, 238, 315, 367, 437
Nienaber, P.J., 91, 108, 109, 110, 139, 296, 315, 316, 374, 375
Nienaber-Luitingh, M., 192, 248, 269, 315, 356
Nooteboom, Cees, 276
Nuis, A., 369
Nijhoff, Marthinus, 146, 201, 239, 328
Nijland, Aleida, 41

Olivier, Ben, 210, 334
Olivier, Fanie, 329, 337, 340, 341, 426
Olivier, Gerrit, 321, 329, 403
O'Neill, Eugene, 277
Oosterhof, Finus M.P., 219, 303
Opperman, Catherina Elizabeth (Trienke; later Laurie), 116, 238, 242, 243, 278, 282, 301, 357, 399
Opperman, Charl, 21
Opperman, Christiaan Christoffel (Chris), 33, 37, 88, 105, 277, 434
Opperman, Christiaan Rudolph, 16
Opperman, Daniel Jacobus, 16
Opperman, Diederi Joanne (later Lippstreu), 244, 278, 281, 322, 357, 358, 361, 367, 395, 403, 440
Opperman, Diederik Johannes (gebore 1783), 16
Opperman, Diederik Johannes (gebore 1809), 16
Opperman, Diederik Johannes (1834-1910), 16
Opperman, Diederik Johannes (1862-1942), 16, 18-23
Opperman, Diederik Johannes (1891-1943), 18, 23-25, 28, 30, 31, 32, 33, 35, 36, 37, 49, 80, 87-88
Opperman, Diederik Johannes (1914-1985)
LEWE: Geboorte en vroeë kinderjare

15, 21-23, 28-33; vader 18, 23-25, 26, 27, 37, 87-88; moeder 25-28, 87-88, 251; laerskoolloopbaan 29-33; hoërskoolloopbaan en verhouding met onderwysers 38-45, 48; studiejare in Pietermaritzburg 50, 55, 61-75, 88-90; liefdeslewe tydens studiejare en verhouding met Marié van Reenen 55-61; verhouding met G.S. Nienaber 64-66, 69, 73-74; hoofredakteur van die *Natal University College Magazine* 68-71, 75; rubriek in *Die Natalse Afrikaner* 75-76; onderwyser 80-83, 107; verhouding met noordelike skrywers 107-110; werk by *Die Huisgenoot* 111, 126-130; werk by die Universiteit van Kaapstad 162-163, 164-176, 294; werk by die Universiteit van Stellenbosch (kyk ook Letterkundige Laboratorium) 302-307, 311-324, 386-391, 408-409, 435-438; Letterkundige Laboratorium 81, 324-333; verhouding met Natalse vriende 51, 54, 63, 64-66, 69, 73-74; verhouding met Kaapstadse vriende 120-121, 121-126, 165-166, 176-179, 197-198, 198-202, 211-212, 229-236, 244-247, 275-276, 278-279, 280, 304-306, 356-357, 374-375; Stellenbosse vriende 354-356; gesinsverhoudings en leefwyse 115-119, 193, 241-244, 250, 357-358; Franskraal 297-302, 362-365; verhouding met Nasionale Pers (Boekhandel) en keurwerk 130-136; 209-220; 287-291, 333-335, 412-413, 415-417; *Standpunte* 202-209, 291-293; verhouding met Human & Rousseau en keurwerk 335-341, 412-415, 417-418; reaksie op publikasiebeheer 341-353; 413; reise 272-283, 433-435, 438-440; gesondheid, siekte en drankgebruik 170-180, 385, 391, 392-405, 436-437, 442-443; dood en begrafnis 443-444

BEKRONINGS EN EERBEWYSE: 141-143, 286, 359-360, 375, 376, 382-383, 404-406, 410-412, 428-433

KARAKTER EN BELANGSTELLINGS: Aanmoediging van skrywers 81-82, 86, 118-119, 128-130, 132-136, 206-207, 212-213, 214-217, 289-291, 338-339, 340, 413-418; Afrikanerskap en volksgebondenheid 82-83, 123-125, 245-246, 270, 385; daaglikse roetine 38-39, 85, 354-355, 358-359; doseermetodes 80-81, 171-172, 317-319, 326-333; drinkpatroon 179-180, 271, 385, 393, 394-397; gesindheid teenoor Engelstaliges 50-51, 174-175, 284; godsdienstige ingesteldheid 44-45, 53-54, 82, 244, 245, 408, 443; historiese bewussyn 28, 34-36; naspeursin, wye belangstellingsveld en oopgesteldheid 27, 53, 72-74, 80-81, 120, 221-222, 247, 300; politieke opvattinge en botsings met politici 35, 245-246, 270, 345-350, 358-359, 362, 385; praktiese ingesteldheid en handvaardigheid 23, 27, 33, 297-299, 362-363; taak van die digter en opvattinge oor die kunstenaarskap 53-54, 77, 124, 144-147, 238-241, 246, 247-248, 283; voorkoms 27, 53, 407-408; vrees vir armoede en hantering van geldsake 27, 198, 202, 210, 250, 359, 409; vrees vir 'n vroeë poëtiese dood 271, 393, 396

WERKE: (Afsonderlike gedigte is opgeneem in ‘Register van titels en eerste reëls van gedigte deur D.J. Opperman’.) Skoolgedigte 46-48; gedigte tydens Pietermaritzburgse studiejare 56, 57, 60-61, 67-71, 76-78; prosageskrifte 47-48, 76-77, 111; kritiese stukke in dertigerjare 75, 90-91; *Opwaartse drif* 57, 70; *Grensgeveg* 92-96; *Heilige beeste* 20, 22, 33, 34, 42, 60, 61, 67, 68, 77, 78, 81, 84, 92, 96-101, 108, 110, 119, 130, 131, 132, 133, 134, 136, 137, 141, 142, 148, 158, 159, 160, 161, 190, 251, 286, 304, 434; *Negester oor Ninevé* 15, 16, 19, 67, 89, 97, 106, 116, 117, 121, 125, 126, 130, 134, 147-161,

182, 190, 241, 243, 248, 286, 411; *Joernaal van Jorik* 19, 58-59, 68, 89, 134, 144, 147, 148, 162, 173, 176, 181-194, 210, 241, 242, 247, 267, 280, 286, 306, 315, 326, 346, 369, 404, 411, 430, 433; *Engel uit die klip* 21, 32, 41, 43, 124, 147, 157, 172, 173, 176, 181, 190-194, 207, 210, 240, 244, 264, 286, 295; *Verseboeke* 89, 136-140, 194-297, 293-294, 340, 341, 362, 365, 384-385, 418, 438; *Digters van Dertig* 66, 76, 173, 176, 190, 209, 220-236, 237, 241, 263, 294, 315, 432; ander kritiese werk (waaronder opstelle opgeneem in *Wiggelstok*, *Naaldekoker* en *Verspreide opstelle*) 73, 109, 123, 124, 127, 143-147, 236-241, 248-250, 294-296, 351, 365-366, 368, 384, 410-411; *Periandros van Korinthe* 27, 164, 168, 173, 207, 209, 210, 211, 238, 240, 241, 243, 246, 251-262, 263, 264, 272, 278, 279, 280, 354, 367-368, 375, 377, 378, 379, 380, 381, 384, 430; *Vergelegen* 89, 168, 173, 212, 240, 246, 262-264, 270, 273, 364, 376-378, 379, 393; *Blom en baaierd* 43, 172, 173, 176, 212, 240, 241, 264-270, 271, 280, 286, 357, 370, 381; *Astrak* en *Keur* 334, 369-370; *Dolosse* 25, 148, 177, 187, 193, 306, 334, 364, 370-376, 378, 380, 381, 411; *Kuns-mis* 54, 76, 146, 148, 157, 266, 281, 283, 315, 323, 337, 360, 376, 380; *Gees van die wingerd* 337, 383, 394; *Voëlvry* 173, 306, 313, 362, 378-380; gedigte in sestigerjare 381-383; *Edms. Bpk.* 23, 43, 251, 337, 364, 377, 380-381, 383, 423, 425; *Komas uit 'n bamboesstok* 15, 18, 23, 26, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 44, 45, 85, 86, 89, 195, 222, 283, 358, 405, 408, 409, 412, 418-428, 429, 431, 432, 435; *Die galeie van Jorik* 306, 390; *Sonklong oor Afrika* 438, 441
Opperman, Elizabeth Margaretha (Liz; later Theron) 26, 28, 29, 30, 35, 37, 38, 39, 44, 48, 56, 57, 105, 117, 135, 251, 274, 279, 362, 381, 395, 427, 434
Opperman(n), Godlieb Christia(a)n, 15, 16
Opperman, Godlieb Rudolphus, 16
Opperman Heila Marié (later Gonin), 117, 238, 243, 244, 246, 274, 278, 282, 299, 357, 363, 395, 399, 408, 443
Opperman, Hermanus Lambertus (Maans), 23, 28, 29, 30, 31, 33, 35, 37, 38, 44, 88, 105, 106, 128, 251
Opperman, Jacobus Abraham (Koos), 19, 33, 37, 80, 88, 105, 117-119, 251, 265, 362, 397, 441, 444
Opperman, Jacobus Daniel, 17, 18, 37
Opperman, Louisa Petronella, 29
Opperman, Louis Petrus, 30, 33, 37, 88, 105, 106, 107, 117
Opperman, Marié (Van Reenen), 32, 39, 59-61, 71, 75, 82, 84, 85, 87, 88, 98, 101, 105, 106, 107, 115, 116, 117, 118, 119, 121, 133, 134, 179, 180, 183, 184, 185, 191, 195, 220, 223, 238, 242, 243, 244, 250, 252, 272, 273, 274, 275, 278, 280, 281, 282, 297, 299, 301, 313, 332, 357, 358, 361, 363, 394, 395, 396, 398, 399, 400, 401, 402, 403, 404, 407, 409, 417, 435, 436, 437, 438, 440, 441, 442, 443
Opperman, 'Rooi' Daniel, 16
Opperman, Sannie (Heila Susanna Magdalena Botha), 15, 25-28, 32, 33, 35, 37, 49, 87, 88, 105, 117
Opperman, Violetta Susanna (Vi; later Rautenbach), 19, 30, 37, 38, 105, 251
Ovidius, Naso (Publius), 43, 44, 53, 146, 356, 380
Ovink, G.W., 391

Paton, Alan, 361
Pepper, S.C., 318
Perk, Jacques, 65
Petersen, S.V., 139, 140, 141, 205, 333, 418
Pheiffer, Roy, 443
Philander, P.J., 214, 215, 216
Pienaar, Ben, 39, 51, 244
Pienaar, E.C., 41, 64, 65, 74, 101, 137, 138, 209, 303, 304, 311, 312
Pienaar, P. de V., 108, 109, 110

Pienaar, Piet, 39, 51
Pienaar, Schalk, 298, 300, 362, 364, 400, 402, 412
Pieterse, Thys, 363, 364
Poe, Edgar Allan, 193
Potgieter, André, 329
Potgieter, D.J., 130, 137, 138, 139
Pratt Yule, Ella, 62
Preller, Gustav S., 40, 59, 74, 88, 173, 181, 237, 365, 378
Pretorius, Billy, 261
Pretorius, J.D., 351
Pretorius, S.J., 94, 128, 133, 140, 141, 188, 191, 205, 212, 277, 337, 418
Prinsen, J., 167
Prozesky, Hermann, 52
Pulvermacher (pseudoniem van A.G. de Smidt), 176

Rabie, Jan (J.S.), 127, 132, 215, 291, 339, 341, 385
Raidt, Edith, 171, 284, 306
Rall, Henk, 413
Rautenbach, Leo (Chappie), 105
Reade, Winwood, 44-45
Reid, J.V.O., 361
Reid, W.N., 82
Renault, Mary, 342
Richard, Dirk, 261
Richards, I.A., 72
Ries, Hartman, 42
Rilke, R.M., 146, 159
Robertson, John, M., 45
Roks, M., 86
Roland Holst, A., 127, 143, 159, 160, 165, 215, 237, 276, 295, 316, 370, 382
Roland Holst-Van der Schalk, Henriëtte, 316
Rollo, W., 43
Rompel, Hans, 109
Roos, Rosie, 51
Rossouw, André, 377
Rossouw, Cobus, 261, 404
Rosteutscher, J.H.W., 166
Rothmann, M.E. (M.E.R.), 128, 166, 188, 191, 291, 361, 409
Rousseau, Ina, 127, 128, 132, 143, 205, 207, 214, 215, 255, 256, 302, 325, 337, 340, 413, 418
Rousseau, Leon, 171, 335, 336, 337, 340, 349, 412, 441
Roux, A.J.A., 374
Rückert, Friedrich, 67
Rudolph, C.F., 128
Rupert, Anton, 244, 245, 272, 273, 278, 282, 283, 302, 304, 348, 354, 355, 365, 438
Rupert, Hubert, 272, 273, 282

Saintsbury, George, 169
Satchel, Oscar J.S., 43
Saunders, S.J., 400, 402
Scannell, Jan, 51, 53, 66, 98, 127, 297, 334, 335
Schmidt, Casper, 394
Schoeman, P.J., 127, 129-130
Scholtz, H. van der Merwe (sr.), 74, 286
Scholtz, J. du P. (Canis), 70, 119, 120, 122, 123, 124, 125, 158, 159, 162, 163, 164, 165, 170, 172, 173, 175, 176-179, 181, 185, 188, 195, 198, 220, 221, 222, 223, 224, 233, 234, 245, 249, 252, 253, 255, 258, 261, 263, 270, 272, 273, 274, 277, 282, 283, 285, 287, 289, 291, 297, 304, 305, 306, 336, 375, 386, 389
Scholtz, Merwe, 205, 208, 225, 227, 269, 285, 324, 343, 344, 345, 351, 352, 353, 369, 375, 382, 400, 403, 412, 421, 424, 425, 426, 431, 436, 437, 441
Schoonees, Fie, 39
Schoonees, P.C., 39-42, 46, 47, 48, 65, 69, 74, 88, 128, 224, 365
Schröder, Otto, 379
Schutte, Jan, 133, 261
Schutte (Geggus), Roswitha, 171, 273, 284, 382
Segal, Philip, 121
Shakespeare, William, 42-43, 68, 276, 277
Sheldon, Lionel, 333
Sidney, Philip, 72
Sikobobo, 34

Sitwell, Edith, 73
Slabbert, George, 363
Small, Adam, 171, 284, 333, 341, 371, 384
Smit, Bartho, 128, 133, 205, 281, 368
Smit, Hettie, 75, 221
Smit, W.A.P., 168, 223, 226, 235, 277
Smith, J.J., 74, 311
Smuts, Frans, 354
Smuts, J.C., 21, 35
Smuts, Johan, 323, 324, 329, 332, 336, 391, 402
Smuts, Ria, 324
Snyman, Henning, 426
Snyman, J.H., 353
Spangenberg, Dawid, 323
Spies, Dassie, 29
Spies, Gerrie, 29
Spies, Johan, 120, 130, 139, 247, 274, 278, 282, 298, 348, 396, 444
Spies, Lina, 321, 323, 328, 329, 330, 331, 337, 340, 384, 391, 406, 426, 437, 439, 440, 441, 443
Stander, Jan, 79, 80, 82, 83, 98, 434
Staring, A.C.W., 327
Steenberg, D.H., 382
Stevens, Roy E., 290
Steyn, Fritz, 107, 169, 265
Steyn, J.L. 290
Steytler, Herman, 377
Stockenström, Wilma, 337
Storm, Theodor, 57
Strassheim, J.J., 303, 304
Strumpf, E., 197
Strijdom, Estelle, 274
Strijdom, J.G., 245
Strydom, Leon, 329, 330, 337, 384, 391
Strydom, S., 375, 382
Stuiveling, Garmt, 285
Swanevelder, Magdalena, 377
Swart, Ken, 120, 246, 256

Tagore, R., 327
Taljaard, Matthie (M.S.), 306, 354, 355, 381
Tazelaar, C., 70
Terblanche, Philip, 429
Te Winkel, J., 167
Theron, Annette (Snyman), 323, 329, 394
Theron, Jack, 119, 120, 242, 262, 274, 298, 301, 377
Theron, Jannie, 39, 56, 67, 105, 117, 135-136, 251, 434
Theron, Marie, 56-57, 61

Theron, Retha, 119, 169, 262, 301
Thom, H.B., 366, 387, 388, 389
Tinbergen, D.C, 168
Toerien, Barend J., 205, 214, 340
Totius (pseudoniem van J.D. du Toit), 41, 83, 100, 127, 128, 131, 140, 143, 144, 145, 183, 184, 196, 237, 295, 315, 319, 366, 369
Treurnicht, A.P., 352
Trümpelmann, G.P.J., 62, 66
Truter, H.W., 92, 128, 132, 205, 302, 337

Uys, Anna, 273
Uys, Piet, 34
Uys, Sannie, 128

Van Biljon, John, 260
Van Bruggen, Jochem, 42, 65, 90
Van Bruggen, J.R.L., 40, 140
Van de Hulst, W.G. 41
Van den Heever, C.M., 65, 66, 73, 74, 75, 88, 107, 108, 109, 110, 122, 123, 126, 127, 139, 143, 144, 145, 146, 166, 190, 196, 204, 211, 219, 221, 225, 230, 232, 237, 248, 295, 316
Van den Heever, Kootjie, 90, 92, 109
Van den Heever, Toon, 109, 139, 195, 196
Van der Colff, Kobus, 258
Van der Hoven, Eghard, 261
Van der Merwe, Bertie, 377
Van der Merwe, Chris, 321, 368
Van der Merwe, Fannie (vroeër Jordaan), 166, 210, 371
Van der Merwe, F.P., 206
Van der Merwe, Hannes, 242, 243, 244,

258, 274, 278, 282, 298, 300, 301, 303, 304, 352, 353, 363, 382, 393, 427, 438, 439, 440, 443
Van der Merwe, I.W. (Izak; Boerneef), 70, 75, 119, 120, 123, 124, 127, 163, 164, 165-166, 167, 170, 171, 174, 176, 177, 178, 179, 180, 181, 184, 188, 195, 205, 210, 220, 249, 258, 282, 291, 295, 304, 334, 371, 386, 443
Van der Merwe, Jaco, 314
Van der Merwe, Jannie, 39
Van der Merwe, J. Nel, 94, 219
Van der Merwe, Laurie, 377
Van der Merwe, Margaretha, 329
Van der Merwe, Piet, 354
Van der Merwe, S.A.J., 36
Van der Walt, P.D., 375, 379, 382
Van der Westhuizen, Izak, 128
Van der Westhuizen, Vincent, 213
Van Duinkerken, Anton (pseudoniem van W.J.M.A. Asselbergs), 277, 294
Van Eeden, Frederik, 41, 65, 71
Van Heerden, Ernst, 94, 96, 99, 101, 109, 120, 128, 133-134, 137, 141, 143, 159, 160, 187, 205, 210, 212, 213, 267, 268, 269, 302, 303, 325, 350, 356, 369, 373, 374, 389, 400, 411, 418, 433, 443
Van Heerden, Etienne, 329, 413
Van Heerden, J.E., 53
Van Hessen, Mein, 236
Van Hoeck, Jozef, 277
Van Jaarsveld, F.A., 205, 345, 360
Van Jaarsveld, Johan, 404
Van Melle, J., 127, 166, 291
Van Niekerk, Danie, 384, 413, 415, 420, 434, 437
Van Niekerk, Dolf, 339
Van Niekerk, Izak, 256
Van Niekerk, Lydia, 74, 311
Van Niekerk, Marlene, 329, 337, 414, 426
Van Niekerk, Wessel, 52, 53, 63, 68
Van Oostrum, Omius, 19, 20
Van Reenen, Dirk Gysbert (Van Reenen-broers), 15
Van Reenen, Frik, 36, 39
Van Reenen, Rykie, 259, 409
Van Reenen, Tina, 36, 116, 117
Van Rensburg, D.W., 324
Van Rensburg, F.I.J., 160, 205, 341, 345, 368, 369, 375, 380, 382, 426, 443
Van Rensburg, Hans, 181
Van Rensburg, J.P.J., 163, 354
Van Rooyen, G., 84
Van Rooyen, Gertjie, 39, 51, 55, 82
Van Rijssele, Colijn, 294
Van Schagen, J.C., 57
Van Staden, Kobus, 261

Van Tonder, Morkel, 384
Van Tonder, Niel, 329, 337
Van Vuuren, Helize, 321, 329, 401
Van Wyk, Arnold, 354
Van Wyk, Johan, 413
Van Wyk, Johannes, 52
Van Wyk, Suzanne, 256, 257, 379
Van Zyl, Flippie, 274
Van Zyl, Francie, 395
Van Zyl, Frikkie, 300
Van Zyl, Kosie, 300
Van Zyl, Wium, 321, 329
Vasiljkovich, Slobodanska, 430
Venter, E.A., 100
Venter, S.J., 88, 89
Verhage, J.A., 165
Verhagen, Balthazar, 168
Vermeulen, Jan, 186
Vermeulen, Piet, 363
Versfeld, Marthinus, 163, 166
Versfeld, W., 293
Verwey, Albert, 65, 72, 182, 183, 369
Verwoerd, H.F., 245, 345, 346, 359
Viljoen, Hein, 426
Viljoen, Louise, 209, 321
Viljoen, Markus (J.M.H.), 48, 77, 93, 94, 111, 119, 126, 127, 130, 162, 163, 237
Villon, François, 216
Vinkenoog, Simon, 276
Visser, A.G., 195, 196, 294
Visser, A.J.J., 205, 213, 214, 288, 289
Visser, Rud. P., 109, 110, 261
Vogel, Rialette, kyk Wiehahn, Rialette

Vondel, Joost van den, 44, 63, 65, 72, 167, 168, 172, 175, 252, 276, 286, 329
Von Wielligh, G.R., 40, 339
Vorster, John, 348, 349, 350, 352, 381
Vosloo, A.F., 82

Walch, J., 167
Walters, M.M., 384
Warner, Sunny B., 337
Wassenaar, Theo, 75, 257
Waterhouse, Bobby, 62
Watermeyer, G.A., 128-129, 132-133, 140, 143, 144, 146, 147, 172, 190, 212, 237, 240, 250, 274, 295, 325
Weiss, P.F.D., 303
Welch, C.H., 54
Wellek, René, 169, 318
Wessels, Albert, 107
Wicht, Hein, 127
Wickland, Carl A., 25
Wiehahn, Rialette, 170, 171, 175, 284
Wilder, Thornton, 171
Wimsatt, W.K., 169
Witlinger, Karl, 277

Yeats, James, 354, 362, 406
Yeats, William Butler, 69, 239

Zwiegers, Frans, 82

Register van titels

Aanslag, 336
Aardse vlam, 75, 225
Adamastor, 216
Adam en ander gedigte, 108, 222
Adam in ballingschap, 65
Adriaan Hugo, 41
Afrikaanse ballades, 9
Afrikaanse Beweging, Die, 63
Afrikaanse letterkunde: 'n Bloemlesing, 136
Afrikaanse letterkundige kritiek, 91
Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede, Die, 315
Afrikaanse literatuurgeskiedenis, 65, 96, 314
Afrikaanse poësiekritiek, Die, 171
Afrikaanse verse, 384
Afrikaanse woordelys en spelreëls, 315
Afrikaner en sy taal, Die, 164 18-44, 338
Alice Nahoon en haar Gedichten, 70
Alleenspraak, 229, 329, 358
Ambassadeur, Die, 373
Ampie, 42, 65
Anatomy of South African misery, 370
Angelliera, 415
Atlantis or The crying of the waters, 274

Balans, 336, 373
Ballade van die eensame seeman, 212
Beminde antarktika, 331
Bestendige onbestendigheid: My Suid-Afrikaanse ervaringe, 20
Bewerende en beeldende vers by Elisabeth Eybers, Die, 323
Barchester towers, 42
Bekende onrus, 341
Belydenis in die skemering, 65, 215
Berigte te velde, 68
Bevryding, Die, 212, 213
Bloemen in het Kaapland geplukt, 237
Bloemlesing uit Guido Gezelle's Gedichten, 41
Blokboeke oor die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde, 337
Boek van die drie B's, Die, 261
Bome gaan dood om jou, 413
Boplaas, 178
Brakgrond, 92
Brolloks en Bittergal, 243
‘Brandaan’ van D.J. Opperman as verwerking van 'n Middelnederlandse teks, 241
Bruisende waters, 75

Con sordino, 237
Creative process, The, 282, 327

Dagboek van Adam Tas, Het, 262
Dagboek (van Gideon Scheepers), 173, 181
Dagboek van Louis Trigardt, 173
Dagreis, 406
Dambord, 339

Deining, 65, 230
Derde oog, Die, 338
Dias, 171, 183-184, 200, 205, 207, 235, 286, 375
Digby vergenoeg, 340
Digters uit Suid-Afrika, 64, 65, 138
Dispensational truth, The, 54
Dolosgooier van die woord, 351, 384
Dood van 'n by, 339
Dramatiese spreker in 'n vers, Die, 323
Dramaturgie, 168
Droogte, 65
Dubbelloop, 365
Duister digter, Die, 161
Dwaal, 341

Een-en-twintig, 291
Een nieuwe bundel, 167
Een vir Azazel, 338, 364
Eercroon voor de Caab de Goede Hoop, 89, 195
Eerste herinneringe, 18, 23
Eerste lewe van Colet, Die, 291
Eerstelinge, 365
Ega en Eggo, 378
Enklaves van die lig, 287-289
Eurydice, 216

Fyn net van die woord, 270

Gebed van 'n groen perske, 416
Gebroeders Karamazov, Die, 67
Gedichten (van Jacques Perk), 65
Gedigte (van Barend J. Toerien), 214
Gedigte (van Theo Wassenaar), 75
Germanicus, 121-122, 198, 205, 207, 431
Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, 410, 414, 430
Gestaltes en diere, 145
Getuie, 333
Getuie van groot tye, 412
Gety, 75
Gewilde literêre werk, Die, 211
Gom uit die sipres, 341
Groot geheim, Die, 65
Groot verlange, Die, 340
Grou mure, 212

Halwe kring, Die, 138, 192, 311
Hamburgers en hotdogs, 413

Hamlet, 119
Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) 315
Hans-die-skipper, 65
Hart sonder hawe, 236
Helder halfjaar, Die, 97, 248
Herfsttij der Middeleeuwen, 168
Heuningsteen, 413
Hilaria, 291
History teaching in schools, 62
Hollandse skrywers uit Suid-Afrika, 73
Honderd jaar Hollands in Natal, 63
Honderd sonnette, 248
Hope for poetry, A, 72
Huis van die dowe, Die, 347, 348, 349
Huis verdeeld, 'n, 92

Illusies, elegieë, oorveë, transfusies, 340
Immensee, 57
Inferno, 109
Inleiding tot de nieuwe Nederlandse dichtkunst, 65
Inleiding tot die studie van die letterkunde, 40, 42
In my eensame hof, 236
International library of famous literature, The, 25
Invloed van die Nederlandse letterkunde op die Afrikaanse letterkunde, Die, 89
Invloed van Gorter op Leopold, Die, 389

Jaar van die vuuros, 249
Jaffie, 210, 313, 335
Januarie-suite, 340
Jeptha, 168
Jesus en ander verse, 330
J.F.W. Grosskopf, 'n Afrikaanse ‘Padbreker’, 170
Johannes van Wyk, 40

Kaneel, 256

Karakterisering in die Afrikaanse roman, 324
Katastrofes, 341
Kennis van die aand, 350-351, 413
Kern en tooi, 345
Keur uit die Nederlandse poësie, 290
Keerweer(gestig), 86, 132
Kinderkeur uit A.G. Visser, 365
Kitaar my kruis, 334
Klankies vir die kleintjies, 197
Klankies vir kleuters, 197
Kleine Johannes I, De, 41, 65
Klein verseboek, 243
Klipkus, 414
Klipwieg, 339
Koningin fan Skeba, Di, 239
Koning Oidipus, 257
Koraal van die dood, 134, 212
Kort reis na Carrara, 334, 430
Kosbare erfenis, 'n, 409
Kranskop I - Oupa, 90
Kromburg, 75
Kroniek van klip en ster, 426, 430
Kruis en kraai, 288
Kruispad, 75
Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 139, 140
Kwiksilwersirkel, 413

Laaste opstelle, 365
Last division, The, 335
Laura, 91
Leeuwendalers, 65
Legende van die heilige Julianus die herbergsame, Die, 335
Leisel van die tyd, Die, 213
Leven van Sinte Christina de Wonderbare, 172
Liberale nasionalisme, 123
Lobola vir die lewe, 336, 338, 342, 350
Lojale verset, 200, 235
Lucifer, 65, 168, 286

Macbeth, 313
Magersfontein, o Magersfontein!, 413
Mannin, 331
Mariken van Nieumeghen, 366
Martjie, 189, 315, 367
Martyrdom of man, The, 44-45
Mei, 216
Mein Kampf, 35

M.E.R. as skryfster, 170
Metamorfoses, 43, 44, 146, 356
Midsummer night's dream, A, 42, 316
Miskien nooit, 338
Moeder, Die, 339
Moeder Hanna, 205
Mugu, Die, 291, 338
Mus vir Marjolein, 'n, 340
My Afrikaanse verseboek, 197
Mymeringe in die water, 216

Na die somer, 289
Natsteen vir Koos Human, 'n, 441
Nederlandse literatuur in de Middeleeuwen, De, 168
Nie-metriese vers in Afrikaans, Die, 324
Nieuwere Afrikaanse poëzie, De, 187
Nuwe gebooie, 91, 92
Nuwejaarsfees, Die, 65
Nuwe verse, 207, 217, 253, 316

O.a. debora, 406
Oggendlied, 408
Older times in Zululand and Natal, 92
Old man and the sea, The, 275
Om alleen te reis, 340
Onder bevoorregte mense, 41
Onder die olyfboom, 65
Ondersoek na die hoofbeginsels in die vroeëre Afrikaanse poësiekritiek, met die bespreking van N.P. van Wyk Louw se poësie as uitgangspunt, 'n, 170
Onhistorisiteit in Bybeldramas en -romans, 323
Ontvlugting, 290, 333
Ontwikkeling van die natuurgevoel in die Afrikaanse letterkunde, Die, 89
Oomblik in die wind, 'n, 339
Oordeel en vooroordeel, 193, 228, 269, 290

Oor die Afrikaanse sintaksis, 63
Oor die Afrikaanse taal, 63
Oor die ontstaan van Afrikaans, 164
Oor skilders en skrywers, 173, 185
Op die woord af, 345
Opkoms van ons derde stand, Die, 359
Opstelle oor poësie, 108
Orgie, 350
Otters in bronslaai, 416-418
Our town, 171
Ou wyn van vreugde, 292

Patrys-hulle, 41
Pen op papier, De, 146
Perspektief en profiel, 296, 315
Plaasverdeling, Die, 65
Pluimsaad waai ver, Die, 345, 346, 378
Poësie van D.J. Opperman met verwysing na verwantskappe met T.S. Eliot, Die, 248
Poetry of experience, The, 366
Poet's notebook, A, 73
Portrette, private dele en kanttekeninge, 413
Proefbuis tot proefbuis, 135
Proefskrif, 413
Proegoed, 213
Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging, Die, 40

Ragel, 41, 184, 189
Raka, 81, 122, 126, 160, 161, 184, 232, 315
Raymond revised, 25
Rebelle, Die, 339
Reisiger, 134, 212-213
Reis van Sente Brandane, De, 172, 181
Rekenschap, 90
Rekenskap, 99, 159, 187
Richard III, 368
Rivier en veld, 65
Rock of truth, The, 25
Roode vlek, De, 41
Rooiwielwa, 384
Rook en oker, 341
Rook op die horison, 129
Ruusbroec en de Middeleeuwse mystiek, 238
Ryke dwaas, Die, 66, 75, 77, 230

Sanger van die Suikerbosrand, 236
Schets van den ontwikkelingsgang der Zuidafrikaansche letterkunde, 204

Sekel en simbaal, 132-133, 144
Sempre diritto, 283
Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur, 63
Sewe dae by die Silbersteins, 41, 336, 338, 342
Sewentiger G.S. Nienaber, 367
Sewe vrese, Die, 134
Short history of Western civilisation, 62
Siel van Suid-Afrika, Die, 75
Sintakties-stilistiese studie van die Daghregister van Jan van Riebeeck, 'n, 165
Sintels, 216
Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: Eugène Marais: Die towenares, 227
Skanse teen die tyd, 419
Skatkis, Die, 173, 290
Skrywers en rigtings, 190
Slampamperliedjies, 70
Smal swaard en blink, 356
Snel dan jare, 335
So eet ons op Stellenbosch, 422
Soeklig, Die, 90, 108, 215
Somerdae, 65
So ver en verder, 340
Spel van blank en swart, 270
Spiegel der minnen, 294
Spook van Verlatenfontein, Die, 25
Springbok rympies, 293
Sprokkelster, 414
Steenbok tot poolsee, 97, 214, 216, 217, 218, 219, 220, 287, 288, 289, 316
Stem in die literêre kunswerk, Die, 323
Stiebeuel, 69, 128, 131, 132, 138, 139, 140, 215
Stiebeuel 2, 329, 365
Stroomingen en gestalten, 167

Struktuur en waardeoordeel, 248
Suid-Afrikaanse volkspoësie, 293
Suiderkruis, 333
Swart kombuis, Die, 414
Sy kom met die sekelmaan, 75, 221

Taalhistoriese opstelle, 306
Taxa, 340
Teen die helling, 181
Ter wille van die edel spel, 396
Thirty years among the dead, 25
Timmerman, Die, 65, 189
Tobias en sy groot rooi tas, 337
Toiings, 65
Tradisie en vernuwing in die Afrikaanse verhalende prosa, 323
Travels and adventures, 92
Trekkerswee, 131, 144, 184, 189, 315, 366
Trekkerswee en Joernaal van Jorik, 189, 248
Tristia, 233, 316, 336, 356, 357, 373, 374, 375, 393, 418
Tristia-sketsboek, 346
Tweede verdieping, Die, 40, 365
Tweetalige woordeboek, 166

Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans, 164, 165
Uitgesoekte gedigte vir jong Suid-Afrika, 41, 46
Ukelele, 341
Use of poetry and the use of criticism, The, 72
Uurglas, 214, 216

Vaandels en voetangels, 292
Van eensame mense, 290
Van Maerlant tot Boutens, 65, 167
Van mens tot mens, 94
Van my kontrei, 75, 178
Van Pascha tot Noah, 168
Veelheid en binding, 248
Veertien verse, 429
Verhoor, Die, 339
Verkenning door varianten, 165
Verklaarde nag, 134, 141, 143
Verklarende Afrikaanse woordeboek, 315
Verlate tuin, Die, 214
Vernuwing in die prosa, 41, 291, 315
Verseboek vir Standerd 6, 197
Verseboek vir Standerd 7 en 8, 197
Verse van die liefde, 284

Verse van twintig jaar, meesal in sangstyl, 214
Verse vir Opperman, 384
Verzamelde gedichten (van Jan Greshoff), 200
View from the bridge, A, 171, 276
Vir die bysiende leser, 337
Visier, 329
Vlakte, Die, 65
Vlam van die Bantamberge, 90
Volledige dichtwerken en oorspronkelijke proza (van Vondel), 72
Vonke, 94
Voorlopige rapport, 380
Vrou op die skuit, Die, 166, 210, 290-291, 335

Waarheen, Vader?, 90
Weerlose uur, 94, 96, 99
Werda, 209, 311
Wêreldletterkunde, 173, 290, 294
Wie in wondere glo, 365
Wildsboudjie, Die, 169

Wit in die poësie, Die, 284
Woord en wederwoord, 300, 351, 384, 403
Woord en wonder, 193, 315, 340
Woordkuns, 248, 315
Woordwêreld, 336

Ysterkoei moet sweet, Die, 316, 341, 347
Yerma, 205

Zuid-Afrika in de letterkunde, 62

Register van koerante en tydskrifte, verenigings, organisasies en uitgewers

Afrikaanse Pers-Boekhandel, 194, 334, 335, 368
Afrikaanse Skrywersgilde, 415, 416, 441
Afrikaanse Skrywerskring, 108, 109, 204, 219, 411
Afrikaanse Studiekring, 325, 336, 359
Afrikaanse Taal- en Kultuurklub, 66, 69
Afrikaner-Broederbond, 82, 123-125
Argus, The, 258

Balkema, A.A., 210, 212, 218, 287, 335
Beeld, 426
Boervrou, Die, 221
Brandwag, Die, 100, 108, 128, 142, 219, 221
Burger, Die, 40, 80, 99, 119, 134, 143, 159, 181, 185, 186, 205, 219, 229, 245, 248, 249, 253, 258, 263, 265, 267, 274, 282, 284, 290, 294, 295, 296, 300, 303, 327, 343, 351, 352, 353, 359, 370, 371, 377, 379, 380, 384, 387, 389, 400, 403, 411, 412, 422, 426, 433, 443, 444

Cape Times, The, 80, 226, 254, 282
Critisch Bulletin, 124, 133, 178, 192, 411

Eikestadnuus, 258

FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge), 206, 366
Goede Hoop, De, 221

HAUM, 138, 139, 195, 205, 212, 248, 333
Helikon, 190, 219, 228, 261, 296
Huisgenoot, Die, 46, 48, 54, 58, 67, 68, 69, 73, 76, 77, 78, 80, 90, 91, 92, 93, 98, 99, 108, 111, 115, 117, 119, 120, 125, 126-128, 130, 131, 132, 134, 136, 138, 143, 147, 160, 161, 162, 163, 170, 173, 176, 183, 187, 191, 192, 200, 205, 209, 221, 227, 228, 230, 233, 234, 235, 236, 237, 247, 252, 253, 264, 265, 266, 267, 270, 290, 295, 311, 369, 372, 409, 411
Human & Rousseau, 326, 335, 336, 337, 338, 341, 342, 346, 347, 349, 351, 356, 357, 359, 361, 366, 376, 383, 404, 411, 412, 413, 414, 416, 420, 423

Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring, 92, 98, 108, 109, 110, 147, 181, 190
Juta & Kie, 43

Kaapstadse Afrikaanse Toneel (KAT), 119, 257
Kerkblad, Die, 100
Kerkbode, Die, 100
Klasgids, 256

Kol, 380
Kriterium, 372

KRUIK, 119, 377, 378
Kwartaalblad van die Uniwersiteit van Kaapstad, 221

Landstem, Die, 372

Nasionale Boekhandel, 52, 193, 209, 210, 211, 212, 215, 219, 220, 224, 253, 262, 287, 290, 293, 297, 325, 333, 334, 335, 336, 337, 375, 376, 412, 420, 425, 429
Nasionale Pers, 77, 92, 93, 94, 96, 97, 111, 119, 120, 130, 131, 136, 137, 138, 139, 140, 157, 162, 174, 185, 194, 195, 197, 202, 203, 206, 209, 210, 218, 219, 229, 235, 236, 243, 246, 260, 304, 306, 337, 351, 359, 384, 395, 425, 444
Natalse Afrikaner, Die, 67, 73, 75, 76, 77, 146, 221, 411
Natal University College Magazine, 47, 63, 66, 67, 68, 69, 71, 75, 77
Natal Witness, The, 51, 69
New Era, 99
Nieuwe Taalgids, De, 226
Nuwe Brandwag, Die, 221

Ons Eie Boek, 90, 143, 147, 159, 187, 191, 229, 255, 311, 411
Oosterlig, Die, 387, 388
Ossewa-Brandwag, 35, 42

Patriotvereniging, 88
Penseel, 331
Perskor, 333
Prisma, 302
Psychic News, 25

Rapport, 384, 412, 422, 426
Ruiter, Die, 97, 159
Saamwerk, Die, 36, 64, 70, 71, 81
S.A. Beeld, Die, 337, 349
Sarie Marais, 162, 290
Sestiger, 372
Standpunte, 76, 107, 116, 119, 120, 122, 124, 127, 128, 129, 131, 132, 134, 136, 143, 146, 147, 157, 170, 172, 173, 178, 181, 188, 192, 198, 202-209, 212, 213, 214, 215, 216, 217, 218, 226, 229, 233, 235, 237, 246, 248, 254, 255, 264, 265, 268, 270, 282, 285, 291, 292, 293, 295, 296, 325, 330, 333, 342, 344, 345, 351, 366, 370, 372, 379, 386, 390, 404, 409, 426, 430
Star, The, 190
Suid-Afrika, 108
Suidwester, Die, 327
Swaarte- en ligpunte, 230

Taalgenoot, Die, 99
Tafelberg-Uitgewers, 326, 351, 384, 412, 413, 414, 420
Theoria, 192

Transvaler, Die, 100, 159, 189, 249, 261, 270, 422, 426
Trek, 91, 108, 119, 188
Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 372
Tydskrif vir Letterkunde, 204, 206, 219, 254, 269, 329, 380, 412, 426

Umpa, 221

Vaderland, Die, 109, 261, 345, 376
Van Oorschot, F.A., 359, 369
Van Riebeeckvereniging, 90
Van Schaik, J.L., 70, 93, 94, 335
Volksblad, Die, 100, 160
Volksblad, Het, 176
Vrij Nederland, 349, 369